

**BETHULIE 1896-1907,
MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE
ANGLO-BOEREOORLOG**

JAN JOHANNES RUDOLPH VAN ZYL

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR
met spesialisering in Geskiedenis

in die

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE
(DEPARTEMENT GESKIEDENIS)

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

Promotor: Dr. M.M. Oelofse

Medepromotor: Prof. A. Wessels

Bloemfontein

November 2019

Ek, Johan van Zyl, verklaar hiermee dat die proefskrif wat ek hiermee vir die doktorsgraad Doctor Philosophiae aan die Universiteit van die Vrystaat indien, my selfstandige werk is en dat ek dit nie voorheen vir 'n kwalifikasie aan 'n ander hoër onderwysinstelling ingedien het nie.

.....
J.J.R. van Zyl

.....
Datum

OPSOMMING

Hierdie studie, getiteld *Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog*, het ten doel om die impak en gevolge van die Anglo-Boereoorlog op 'n Vrystaatse dorp en distrik, in hierdie geval Bethulie, te ondersoek, te rekonstrueer en te evalueer. Omrede die studie op 'n bepaalde geografiese gebied en sy gemeenskap fokus, bevat dit derhalwe 'n baie sterk genealogiese en sosiale geskiedenis-onderbou.

Navorsing oor Bethulie tydens die Anglo-Boereoorlog word dikwels oorheers deur inligting oor die Bethulie-konsentrasiekamp, juis vanweë die onmenslike omstandighede wat in die kamp geheers het en die uitsonderlike groot aantal sterftes. Vir doeleindes van hierdie studie word egter meer gefokus op Bethulie as strategiese dorp en die impak wat die Anglo-Boereoorlog op die inwoners, hul gesinne en lewensomstandighede asook op die Bethulie-distrik gehad het. Bethulie is as 'n strategiese dorp beskou, in dié sin dat die hoofspoorlyn vanaf Oos-Londen na Bloemfontein oor 'n spoorbrug oor die Oranjerivier digby die dorp geloop het.

Om die impak van die oorlog op die gemeenskap te verstaan, is op 1896 (die Jameson-inval) as vertrekdatum besluit. In die eerste hoofstuk word 'n oorsig van die Bethulie-distrik verskaf, wat die topografie, geologie, klimaat, infrastruktuur, inwoners en ekonomiese welvaart insluit. Die studie behels verder die krygsverloop, met spesifieke verwysing na die rol van die Bethulie-kommando, asook die Britse inval in die Suid-Vrystaat, die verskroeideaardebeleid en die uiteindelijke ontstaan van die Bethulie-konsentrasiekamp. Genoemde aspekte word soos volg in meer besonderhede weergegee:

Die Bethulie-kommando: Klem word gelê op die sterkte van hierdie kommando; voorbereidings en oproep tot krygsdiens; die inval in die Noordoos-Kaapkolonie; die onderskeie gevegte waaraan hierdie krygsmag deelgeneem het; die krygsgevangeneming van die grootste gedeelte van hierdie kommando in die Brandwaterkom in Julie 1900; guerrilla-optrede in die distrik; en die vrede op 31 Mei 1902.

Britse betrokkenheid: Britse betrokkenheid by Bethulie begin met 'n verkenning van die Bethulie-omgewing voor die oorlog deur majoor E.A. Altham, wat in 'n latere Britse intelligensieverslag gepubliseer is; generaal-majoor William Gatacre en sy mag se geveg te Stormberg in Desember 1899 met onder meer die Bethulie-kommando; die Britse opmars na

Bethulie en die geveg in Maart 1900 by die Bethulie-brûe; skermutselings in die Bethulie-distrik; die oprig van die Bethulie–Springfontein blokhuislyn; die werksaamhede van die Bethulie Town Guard; en die Britse administrasie in die distrik.

Die Bethulie-konsentrasiekamp: Die ontstaan; behuising; rantsoene; mediese versorging; Britse amptenare; mediese personeel; siektes; sterftes; die geestelike versorging van die kampbewoners deur die kerk; onderwys; die kampweeshuis; asook hensoppers en joiners, geniet aandag.

Die voorlaaste hoofstuk fokus op die heropbou van die dorp en sy gemeenskap ná die verwoestende oorlog en bevat aspekte soos die hervestiging van die inwoners op hul plase; naoorlogse kompensاسie; die Kransdraai-arbeidskolonie; verskeie ander maatskaplike uitdagings; asook die prominente rol van die kerk in die opbou van ’n naoorlogse Bethulie-gemeenskap. Die hoofstuk sluit af met die eerste verkiesing in 1907, ná die toekenning van selfbestuur aan die Orange River Colony in 1906. Die slothoofstuk is ’n oorhoofse evaluering.

Sleuteltermes: Bethulie; Bethulie-distrik; burgerlike bevolking; Suid-Vrystaat; Anglo-Boereoorlog; Bethulie-kommando; Britse strategie; Britse bestuur en administrasie; verskroeideaardebeleid; Bethulie-konsentrasiekamp; naoorlogse kompensاسie; Orange River Colony (ORC).

ABSTRACT

This study, entitled *Bethulie 1896-1907, with specific reference to the Anglo-Boer War*, aims to investigate, reconstruct, and evaluate the impact and consequences of the Anglo-Boer War on a Free State town and district, in this case Bethulie. Due to the fact that the study focuses on a particular geographical area and community, the study contains a very strong genealogical and social history foundation.

Research on Bethulie during the Anglo-Boer War is often dominated by information about the Bethulie concentration camp, specifically because of the inhumane conditions that prevailed in the camp and the resulting high death rate. For the purposes of this study, however, the focus is more on Bethulie as a strategic town and the impact that the Anglo-Boer War had on the inhabitants, their families and their living conditions, as well as on the Bethulie district. Bethulie was considered a strategic town in the sense that the main railway line from East London to Bloemfontein crossed the railway bridge over the Orange River near the town.

In order to understand the impact of the war on the community, the date of departure was decided on as 1896 (the Jameson Raid). The first chapter provides an overview of the Bethulie district, which includes topography, geology, climate, infrastructure, residents and economic prosperity. The study further focuses on the process of the war, with specific reference to the role of the Bethulie commando, as well as the British invasion of the Southern Free State, the scorched-earth policy and the eventual origin of the Bethulie concentration camp. These aspects are presented in more detail as follows:

The Bethulie commando: Emphasis is placed on the strength of this commando; preparations and call-up for military service; invasion of the Northeast Cape Colony; the various battles that this military unit took part in; with most of this commando being taken prisoner of war in the Brandwater Basin in July 1900; guerrilla actions in the district; and the peace agreement on 31 May 1902.

British involvement: British involvement at Bethulie begins with an exploration by Major E.A. Altham of the Bethulie environment before the war, which was published in a later British intelligence report; Major-General William Gatacre and the battle at Stormberg in December 1899 with, inter alia, the Bethulie commando; the British advance to Bethulie and

the battle in March 1900 at the Bethulie bridges; skirmishes in the Bethulie district; the erection of the Bethulie–Springfontein blockhouse line; the operations of the Bethulie Town Guard; and the British administration in the district.

The Bethulie concentration camp: The origins; housing; rations; medical care; British officials; medical staff; illnesses; deaths; spiritual care of those who lived in the camp by the church; education; the camp orphanage; as well as hands-uppers and joiners, receive attention.

The penultimate chapter focuses on the rebuilding of the town and its community after the devastating war and includes aspects such as resettlement of the inhabitants on their farms; post-war compensation; the Kransdraai labour colony; various other social challenges; as well as the prominent role of the church in building a post-war Bethulie community. The chapter concludes with the first election in 1907, after self-government was granted to the Orange River Colony in 1906. The final chapter is an overall evaluation.

Key terms: Bethulie; Bethulie district; civilian population; Southern Free State; Anglo-Boer War; Bethulie commando; British strategy; British management and administration; scorched-earth policy; Bethulie concentration camp; post-war compensation; Orange River Colony (ORC).

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING.....	iii
ABSTRACT.....	v
INHOUDSOPGAWE.....	vii
LYS VAN GRAFIEKE.....	xiv
LYS VAN KAARTE	xv
LYS VAN TABELLE EN FIGURE	xvi
AFKORTINGS EN AKRONIEME.....	xvii
VOORWOORD.....	xix
Hoofstuk 1	
BETHULIE EN DISTRIK VOOR DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1896-1899	
1.1 INLEIDING.....	1
1.2 BETHULIE EN OMGEWING.....	1
1.2.1 Topografie en geologie	1
1.2.2 Klimaat, fauna en flora	3
1.2.3 Riviere en spruite	5
1.3 BETHULIE EN DISTRIK: 'N OORSIG	7
1.3.1 Ontstaan en agtergrond	7
1.3.2 Infrastruktuur: Strate, erwe, kerke en algemene argitektuur	11
1.3.3 Bekende families en inwoners	13
1.3.4 Volksraadslede.....	16
1.3.5 Amptenary en munisipale beamptes	17
1.3.6 Sakesektor en professionele dienste	19
1.3.7 Landbou	20
1.3.8 Bethulie-kommando	22
1.4 BETHULIE OP DIE VOORAAND VAN OORLOG.....	24
1.4.1 Jameson-inval: Agtergrond en die spanning van 'n naderende konflik	24
1.4.2 Bethulie en die Vrystaatse Uitvoerende Raad ná die Jameson-inval	25
1.4.3 Bethulie: 'n Strategiese dorp	27
1.5 WET 36 VAN 1896 EN DIE BETHULIE-KOMMANDO	32
1.5.1 Wetgewing ter voorbereiding van oorlog	32
1.5.2 Vuurwapens vir die Vrystaatse kommando's	33

1.5.3	Bethulie en Wet 36 van 1896	34
1.5.4	Eerste groepe vlugteling	38
1.6	SLOTPERSPEKTIEWE.....	40
Hoofstuk 2		
DIE BETHULIE-KOMMANDO TE VELDE, 1899-1900		
2.1	INLEIDING.....	41
2.2	OPKOMMANDERING IN DIE BETHULIE-DISTRIK.....	42
2.2.1	Oproepinstruksies	42
2.2.2	Opkommandering in Bethulie en -distrik	44
2.2.3	Oranje Vrijstaat Artillerie Corps en reserwelys	48
2.2.4	Dislojales	49
2.2.5	Verskonings	50
2.3	DIE OORLOG BREEK UIT, 11 OKTOBER 1899	51
2.3.1	Bethulie-kommando: Laer, krygswet en strategie	51
2.3.2	Republikeinse reaksie op die Britse krygsplan	57
2.4	INVAL IN DIE KAAPKOLONIE	59
2.4.1	Vorbereidings en mobilisasie aan die Suidgrens	59
2.4.2	Oorsteek van die Oranjerivier.....	61
2.5	DIE BESETTING VAN OMLIGGENDE DORPE	65
2.5.1	Knapdaar tot Burgersdorp	65
2.5.2	Besetting van Venterstad	69
2.6	DIE SLAG VAN STORMBERG	72
2.6.1	Vorbereidings tot die slag.....	72
2.6.2	Rol van die Bethulie-kommando tydens die veldslag	76
2.6.3	Gebeure ná afloop van die slag.....	82
2.6.4	Verdere geveg te Dordrecht, Penhoek, Cyphergat en Schoemanskop	86
2.7	DIE TERUGTOG NA DIE VRYSTAAT	93
2.7.1	Stormberg word ontruim	93
2.7.2	Bethulie-spoorbrug word vernietig.....	96
2.7.3	Geveg by die Bethulie-wabrug	99
2.7.4	Veg of vlug: Proklamasies, oorgawe en die Eed van Neutraliteit	104
2.8	DIE GEVEGTE TOT BY DIE BRANDWATERKOM	108
2.8.1	Bethulie-kommando word 'n "Gideonsbende"	108
2.8.2	Bethulie-kommando ná 13 Maart 1900 in die historiografie	111
2.8.3	Vanaf Sannaspos tot by Bethlehem	111
2.8.4	Gebeure in die Brandwaterkom	126

2.8.5	Bethulie-burgers se weergawe van die oorgawe	132
2.9	ENKELE LOTGEVALLE NÁ 31 JULIE 1900	135
2.9.1	Agtergrond.....	135
2.9.2	McDonald-broers van Jakhalsfontein	137
2.9.3	Burger Piet Robinson.....	138
2.9.4	Dagboek van 'n onbekende artilleris	138
2.10	BURGERSTERFTES.....	141
2.11	BITTEREINDERS, HENSOPPERS EN JOINERS.....	142
2.12	SLOTPERSPEKTIEWE.....	145

Hoofstuk 3

DIE BRITSE INVAL IN DIE VRYSTAAT, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA BETHULIE, 1900-1902

3.1	INLEIDING.....	147
3.2	BRITSE VOORBEREIDING VIR DIE OORLOG	148
3.2.1	Aanloop tot die Anglo-Boereoorlog	148
3.2.2	Militêre inligtingsdiens	149
3.2.3	Majoor Edward A. Altham se verkenning en aanbevelings	151
3.2.4	Britse Leër op die vooraand van die oorlog	158
3.3	BRITSE LEËR VERGROOT SY SLAANKRAG	159
3.3.1	Britse garnisoene en krygsplan	159
3.3.2	Britse troepebewegings in die Noordoos-Kaapkolonie	162
3.3.3	Aankoms van William Gatacre en die Slag van Stormberg	163
3.4	OPMARS NA EN OORGAWA VAN BETHULIE	165
3.4.1	Bethulie-brûe	165
3.4.2	Besetting van Bethulie	169
3.4.3	Aansluiting by die res van die Britse mag	171
3.5	SPOORVERVOER WORD HERSTEL.....	173
3.5.1	Rolspelers	173
3.5.2	Bethulie-wabrug as spoorbrug gebruik.....	175
3.5.3	Tydlike laagwaterspoorbrug	177
3.5.4	Bethulie-spoorbrug word herstel	179
3.5.5	Spoorverkeer en ongelukke	179
3.6	MILITÊRE EENHEDE BY DIE BETHULIE-BRÛE	181
3.6.1	4 th Cheshire Regiment	182
3.6.2	Durham Light Infantry.....	183
3.6.3	Ander regimente	184
3.7	BRITSE ONGEVALLE IN DIE BETHULIE-DISTRIK, 1900-1902	186

3.7.1	Maart tot Desember 1900	188
3.7.2	Januarie 1901 tot Mei 1902	195
3.8	VERDEDIGINGSTRUKTURE	197
3.8.1	Ontstaan van die blokhuisstelsel.....	197
3.8.2	Verdedigingstrukture by die Bethulie-brûe	198
3.8.3	Eerste blokhuislyne in die omgewing van Bethulie	200
3.8.4	Bethulie–Stormberg-blokhuislyn.....	201
3.8.5	Bethulie–Springfontein-blokhuislyn	202
3.9	BRITSE MILITÊRE BESTUUR	203
3.9.1	Caledonrivier-distrik.....	203
3.9.2	Magistrate	206
3.9.3	Provisional Mounted Police.....	209
3.9.4	Town Guards	212
3.9.5	Fortifikasies	217
3.10	BRITSE BURGERLIKE BESTUUR.....	218
3.10.1	Krygswet en die hervatting van burgerlike bestuur	218
3.10.2	Tekort aan rantsoene.....	220
3.10.3	Magistraat Charles Grant, roubetoon en ongerymdhede	221
3.10.4	Misdadigers en weerbarstiges.....	225
3.10.5	Sosiale bedrywigheide	228
3.11	SLOTPERSPEKTIEWE.....	230

Hoofstuk 4

VERSKROEIDE AARDE EN DIE BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP, 1900-1902

4.1	INLEIDING.....	233
4.2	VAN KRYGSWET TOT VERSKROEIDE AARDE.....	235
4.2.1	Tekort aan lewensmiddele en sporadiese vernietiging van eiendom	235
4.2.2	Verskroeide aarde word gemagtig.....	236
4.2.3	Toepassing van verskroeide aarde in die Bethulie-distrik.....	238
4.2.4	Impak van verskroeide aarde op die gemeenskap	242
4.2.5	Berekening van skade aan die hand van kompensasië-eise.....	244
4.2.6	Verraad in eie geledere, swart hulptroepe en vlug te velde.....	246
4.3	AANLOOP TOT DIE BETHULIE-KAMP	248
4.3.1	Ontstaan en bestuur van burgerkampe in die Orange River Colony	248
4.3.2	Ondersoek en goedkeuring van 'n kamp te Bethulie.....	249
4.3.3	Dewetsdorp en Reddersburg word ontruim	253
4.4	DORINGBOOMKAMP, 22 APRIL TOT 5 JUNIE 1901.....	255

4.4.1	Vorbereiding, ligging en eerste inwoners	255
4.4.2	Ongunstige omstandighede in die kamp	258
4.5	MOERASKAMP, 6 JUNIE TOT 9 DESEMBER 1901	262
4.5.1	Verskuiwing van die Bethulie-kamp	262
4.5.2	Oorsake van siektes	263
4.5.3	Uitbreek van epidemies met gevolglike sterftes	273
4.5.4	Weglopery uit die kamp	281
4.5.5	Fawcett-kommissie en die rol van Henry Russel Deare	283
4.6	STATISTIEK EN WAARNEMINGS	288
4.6.1	Aantal inwoners	289
4.6.2	Aantal sterftes en oorsake	291
4.6.3	Impak op kinders en gesinne	294
4.6.4	Vergelyking met ander kampe	296
4.7	MOERASKAMP, 9 DESEMBER 1901 TOT 31 DESEMBER 1902	297
4.7.1	Luitenant St John Cole-Bowen	297
4.7.2	Hervormings en die impak daarvan	300
4.8	KAMPE BY UITENHAGE EN KABUSI	305
4.8.1	Redes vir die stigting van verdere kampe	305
4.8.2	Uitenhage-kamp	306
4.8.3	Kabusi-kamp	308
4.9	VREDE WORD AANGEKONDIG	309
4.10	SLOTPERSPEKTIEWE	313

Hoofstuk 5

BETHULIE, 1902-1907: REPATRIASIE EN HEROPBOU

5.1	INLEIDING	314
5.2	PROSES VAN REPATRIASIE	315
5.2.1	Government Relief Department	315
5.2.2	Eed van Getrouheid	316
5.2.3	Vorbereidings om die Bethulie-kamp te verlaat	319
5.2.4	Inwonerstatistiek en gesinne wat die Bethulie-kamp verlaat	321
5.2.5	Heenkome elders gevind	322
5.3	EINDE VAN DIE BETHULIE-KAMP	323
5.3.1	Voortgesette benutting van die Bethulie-kamp	323
5.3.2	Bethulie-kamp word opgeveil	324
5.4	NUWE ERA ONDER BRITSE BESTUUR	325
5.4.1	Britse administrasie en munisipale bestuur	325

5.4.2	Handhawing van wet en orde	330
5.5	VOORTBESTAAN EN BETROKKENHEID VAN DIE KERK.....	335
5.6	EKONOMIESE HEROPBOU.....	338
5.6.1	Grondonteining en die vestiging van Britse setlaars	338
5.6.2	Droogte van 1902-1903 en die tekort aan arbeid	340
5.6.3	Hervatting van landbouaktiwiteite.....	343
5.6.4	Kompensasie vir oorlogskade.....	346
5.6.5	Sakesektor, handel, infrastruktuur en kommunikasiestelsels	353
5.7	MAATSKAPLIKE EN SOSIOKULTURELE HEROPBOU	356
5.7.1	Kransdraai-arbeidskolonie	357
5.7.2	Bethulie-weeshuis.....	360
5.7.3	Skole en onderwys.....	364
5.7.4	Skenkings, fondse, toelaes en pensioene	367
5.7.5	Oorlogsgrafte en monumente	372
5.8	POLITIEKE ONTWAKING.....	373
5.8.1	Afrikanernasionalisme	373
5.8.2	Swart nasionalisme	375
5.8.3	African Methodist Episcopal Church	377
5.9	SLOTPERSPEKTIEWE.....	380
Hoofstuk 6		
	EVALUERING.....	382
BYLAES – HOOFSTUK 1.....		404
1.1	Bethulie en distrik: Ontstaan en agtergrond	404
1.2	Bethulie-distrik en spoorroete, 1899	405
1.3	Bethulie-infrastruktuur: Geboue.....	406
1.4	Bethulie-infrastruktuur: Strate, erwe, kerke en algemene argitektuur	407
1.5	Bethulie-distrik, 1899.....	408
1.6	Bethulie-dorp, 1899.....	409
1.7	Bethulie-infrastruktuur – Brûe	410
1.8	Vuurwapens uitgereik aan die Bethulie-kommando	411
1.9	Uittreksel: Databasis – Bethulie-burgerlys.....	412
1.10	Uittreksel: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp (Inwoners afkomstig van Bethulie).....	413
BYLAES – HOOFSTUK 2.....		414
2.1	Opkommandering en bevel.....	414

2.2	Kaart van Boere se invalsoete, Kaapkolonie, November 1899.....	416
2.3	Kaart van die Slag van Stormberg, 10 Desember 1899.....	417
2.4	Bethulie-spoorbrug word vernietig.....	418
2.5	Kaart van ander gevegte – Bethulie-kommando	420
2.6	Kaart van Brandwaterkom, Julie 1900	421
2.7	Sterftes: Bethulie-burgers.....	422
	BYLAES – HOOFSTUK 3	423
3.1	Besetting van Bethulie.....	423
3.2	Spoorvervoer word herstel	424
3.3	Britse ongevalle, Bethulie en distrik: Maart tot Desember 1900	425
3.4	Britse ongevalle, Bethulie en distrik: Januarie 1901 tot Mei 1902	426
3.5	Verdedigingsstrukture by die Bethulie-brûe en dorp.....	428
	BYLAES – HOOFSTUK 4.....	429
4.1	Skets van die voorgestelde terrein van die Bethulie-konsentrasiekamp	429
4.2	Bethulie-konsentrasiekamp: Inwonerstatistiek.....	430
4.3	Bethulie-konsentrasiekamp: Sterftestatistiek	431
4.4	Bethulie-konsentrasiekamp in vergelyking met ander omliggende kampe: Sterftestatistiek	433
4.5	Bethulie-konsentrasiekamp terrein.....	435
	BYLAES – HOOFSTUK 5.....	436
5.1	Bethulie-konsentrasiekamp: Inwonerstatistiek ná die Vrede van Vereeniging.....	436
5.2	Bethulie-dorp en munispale gebou ná die oorlog, 1903.....	437
5.3	Weeskinders en versorgers: Bethulie-skool	438
	BRONNELYS.....	439

LYS VAN GRAFIEKE

4.2 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: INWONERSTATISTIEK

Grafiek 4.2.1: Getal inwoners soos op 31 Mei 1901.....	430
Grafiek 4.2.2: Getal inwoners soos op 31 Mei en 30 Junie 1901.....	430
Grafiek 4.2.3: Getal mans, vroue en kinders – 30 April tot 31 Desember 1901.....	430

4.3 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: STERFTESTATISTIEK

Grafiek 4.3.1: Totale sterftes volgens bronne aangedui	431
Grafiek 4.3.2: Vergelyking van hoofbronne: Sterftes – 1 Junie tot 31 Desember 1901	431
Grafiek 4.3.3: Hoofdoorsaak van sterftes – 1 Augustus tot 31 Desember 1901.....	431
Grafiek 4.3.4: Oorsaak van alle sterftes as 'n persentasie	431
Grafiek 4.3.5: Alle sterftes per lewensfase van inwoners	432
Grafiek 4.3.6: Alle sterftes per lewensfase van inwoners as 'n persentasie	432
Grafiek 4.3.7: Alle kindersterftes per ouderdomsgroep	432
Grafiek 4.3.8: Vergelyking van tydperk voor en ná hervormings: Sterftes – 1 Junie 1901 tot 31 Mei 1902	432

4.4 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP IN VERGELYKING MET ANDER OMLIGGENDE KAMPE: STERFTESTATISTIEK

Grafiek 4.4.1: Alle sterftes in Bethulie-kamp: Inwoners per top ses distrikte as 'n persentasie	433
Grafiek 4.4.2: Sterftes in ander omliggende kampe: Alle inwoners	433
Grafiek 4.4.3: Sterftes in ander omliggende kampe: Bethulie-inwoners en -sterftes	434

5.1 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: INWONERSTATISTIEK NÁ DIE VREDE VAN VEREENIGING

Grafiek 5.1: Getal inwoners – 7 Junie tot 14 Julie 1902	436

LYS VAN KAARTE

Bethulie-distrik en spoorroete, 1899 (Bylae 1.2)	405
Bethulie-distrik, 1899 (Bylae 1.5)	408
Bethulie-dorp, 1899 (Bylae 1.6)	409
Boere se invalstroete, Kaapkolonie, November 1899 (Bylae 2.2)	416
Die Slag van Stormberg, 10 Desember 1899 (Bylae 2.3)	417
Ander gevegte – Bethulie-kommando (Bylae 2.5)	420
Brandwaterkom, Julie 1900 (Bylae 2.6)	421

LYS VAN TABELLE EN FIGURE

Tabel 2.1:	Bethulie-burgers as krygsgevangenes en oorlede in kampe	135
Tabel 2.2:	Bethulie-hensoppers en -joiners in die onderskeie konsentrasiekampe	143
Tabel 3.1:	Voorraad vanaf Maart 1900 tot Junie 1901 vanaf Oos-Londen na Bethulie vervoer	180
Tabel 3.2:	Aard en getal ongevalle: 1900-1902.....	187
Tabel 3.3:	Oorsake van sterfgevalle: 1900-1902	187
Tabel 3.4:	Ongevalle per rang: 1900-1902	187
Tabel 3.5:	Besonderhede van gevangenes in die Bethulie-tronk.....	228
Tabel 4.1:	Basisse van Britse magte	240
Tabel 4.2:	Sterftes volgens die Bethulie-databasis, 31 Mei 1901.....	261
Tabel 4.3:	Inwoners van die Bethulie-kamp, 22 April 1901 tot 31 Mei 1902.....	290
Tabel 4.4:	Inwoners afkomstig van omliggende distrikte.....	291
Tabel 4.5:	Vergelyking van sterftesyfers	292
Tabel 4.6:	Oorsake van sterftes, Augustus tot Desember 1901	294
Tabel 4.7:	Besonderhede van die Grobbelaar-gesin	295
Tabel 4.8:	Besonderhede van die De Jager-gesin	296
Tabel 4.9:	Sterftes in die Bethulie-kamp: Inwoners van Bethulie en ander distrikte	296
Tabel 4.10:	Sterftes in die Bethulie- en ander kampe.....	297
Tabel 4.11:	Vergelyking met ander kampe.....	297
Figuur 4.1:	Bevelstruktuur van die hoofkwartiere	238

AFKORTINGS EN AKRONIEME

AKT	Registrateur van Aktes
AMEC	African Methodist Episcopal Church
CJC	Central Judicial Commission
CNO	Christelik-Nasionale Onderwys
CO	Colonial Secretary
COC	Centrale Onderwys Commissie
CRB	Central Repatriation Board
CSS	Cold Storage Syndicate
CT	Colonial Treasurer
GRD	Government Relief Department
GS	Goewermentsekretaris van die Oranje-Vrystaat
KAB	Kaapse Argiefbewaarplek
MG	Military Governor
NASA	Nasionale Argief van Suid-Afrika
NG	Nederduitse Gereformeerde (Kerk)
NZASM	Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij
OFS	Orange Free State
OM	Oorlogsmuseum van die Boererepublieke
OR	Oranje-Boeke
ORC	Orange River Colony
ORCCSS	Orange River Colony Cold Storage Syndicate
OVS	Oranje-Vrystaat
PMP	Provisional Mounted Police
PWD	Publieke Werken Departement / Public Works Department
RC	Refugee Camp
SAC	South African Constabulary

SANWA	Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief
SAS&H	Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens
SRB	Springfontein Repatriation Board
SRC	Superintendent Refugee Camps
TAB	Transvaalse Argiefbewaarplek
TG-AB	Treasurer General, Administrator of Relief – Bethulie
TNA	The National Archives
UR	Uitvoerende Raad
VAB	Vrystaatse Argiefbewaarplek
VR	Vrystaatse Volksraad
VS NGKAI	Vrystaatse Nederduitse-Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

Metrieke afkortings

ha	hektaar
kg	kilogram
km	kilometer
ℓ	liter
m	meter
mℓ	milliliter
mm	millimeter

VOORWOORD

Bethulie is een van die oudste dorpe in die Vrystaat en ongeveer 180 km suid van Bloemfontein, aan die oewers van die Oranjerivier, geleë.¹ Die dorp het sy oorsprong as sendingnedersetting onder leiding van eerw. Jean Pierre Pellissier van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap gehad.² Na vele naamsveranderinge is dit in 1863 deur die Vrystaatse Volksraad as dorp, met die naam Heidelberg, geproklameer, maar die naam is in Junie 1872 amptelik na Bethulie³ verander. Bethulie het oor die volgende dekades as dorp ontwikkel en uitgebrei en die gemeenskap het vooruitgang op vele terreine beleef.⁴

Bethulie is met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en deurentyd daarna, deur beide oorlogvoerende partye as 'n strategiese dorp beskou en is juis om hierdie rede nie soos ander kleiner Vrystaatse dorpe (Rouxville, Dewetsdorp en Reddersburg) gedurende die oorlog deur die Britte verwoes en/of ontruim nie. Die twee brûe asook die spoorlyn oor die Oranjerivier en naby die dorp, het Bethulie se status tot sleutelpunt verhef en die Britse owerheid het nie net die distrik deeglik laat verken en sy krygsplan diensooreenkomstig aangepas nie, maar baie geld en mannekrag bestee om die spoorlyn te herstel, blokhuisse te bou en die distrik voortdurend te bewaak. Tydens die oorlog het hierdie gemeenskap egter groot verliese gely, hetsy materieel of deur die dood van geliefdes, en sou die impak daarvan op die inwoners en omgewing vir etlike jare nog sigbaar en tasbaar wees.

Die navorser se verbintenis met Bethulie en sy inwoners het op die ouderdom van tien jaar begin nadat sy pa as speurhoof van die Veediefstaleenheid in 1975 na Bethulie verplaas is. Uit die aard van sy pa se werksaamhede het die navorser die geleentheid gekry om die dorp, sy distrik en mense besonder goed te leer ken. As jong seun het die navorser groot belangstelling getoon in die fauna, flora en geologie van die distrik en het spoedig ontdekkings gemaak wat met die Anglo-Boereoorlog verband gehou het. Die oorblyfsels van die Bethulie-Springfontein blokhuislyn is besoek en skanse, geroeste blikkies, stukkies glas en Lee-Enfield patroondoppies in die omgewing van die dorp het stilswyend die verhaal van die Anglo-Boereoorlog vertel. Inwoners het graag hul verhale oor Bethulie en die oorlog

¹ Sien Hoofstuk 1, Bylae 1.2 vir 'n kaart van die Vrystaat.

² S.H. Pellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, pp. 222-223.

³ Die naam Bethulie is afgelei van die woord Bethulia (ander variasies is Betulia en Betulua) wat beteken "huis van God" of "plek van aanbidding".

⁴ S.H. Pellissier, *Eeufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, pp. 26-51.

gedeel en die destydse bibliotekaresse, Hannie Botha, het die navorser bekend gestel aan oom Petrus Fourie en tannie Jeanetta (Nettie) Botha (née Van Vrede), twee van die oudste inwoners, wat die oorlog eerstehands ervaar het. Jaarliks op 31 Mei het die leerlinge, koor en kadetorkes van die Pellissier Hoërskool na die terrein van die Bethulie-konsentrasiekamp gestap waar 'n predikant 'n diens gelei het en kranse by die monument gelê is. Vandag het die navorser steeds bande met die dorp en sy mense. Die hegtheid van hierdie gemeenskap, wat op sterk Christelike beginsels geskoei is, die inwoners se trots op hul dorp en betrokkenheid by hul erfenis, wat vir hul kosbaar is, was derhalwe die inspirasie vir hierdie studie.

In hierdie proefskrif, getiteld *Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog*, word die geskiedenis van hierdie Suid-Vrystaatse dorp aan die hand van onder andere argivale materiaal, geskrifte, foto's, kaarte, vertellings en selfs items, ondersoek, gerekonstrueer en geëvalueer ten einde die impak van die Anglo-Boereoorlog op die dorp, sy gemeenskap en omgewing te verstaan. Hierdie studie behels dus 'n mikro-uitkyk op 'n bepaalde geografiese gebied in die Suid-Vrystaat binne 'n spesifieke tydperk. Die proefskrif handel nie *per se* alleenlik oor die Anglo-Boereoorlog self nie, maar die fokus is op Bethulie en die inwoners van die dorp en distrik, in die tydperk net voor, tydens en net na die Anglo-Boereoorlog. Dit verskaf 'n omvattende en holistiese beeld van die Bethulie-gemeenskap vanaf 1896 tot 1907 en plaas historiese gebeure in konteks sodat 'n geheelbeeld verkry kan word.

Wanneer navorsing oor die Anglo-Boereoorlog gedoen word staan Bethulie uit as een van die Vrystaatse dorpe waar die oorlog en die gevolge daarvan op veral die burgerlike bevolking, baie fel was. Die bestaande bronne handel egter hoofsaaklik oor die Bethulie-konsentrasiekamp⁵ en met goeie reg, vanweë die traumatiese gebeure wat in hierdie kamp afgespeel het en die lyding van vroue en kinders daar. Vanweë persoonlike verbintenisse het die navorser deur die jare oor verskeie aspekte van Bethulie navorsing gedoen, maar gevind dat die inligting meestal opgesluit is in bronne wat hoofsaaklik die klem laat val op die gebeure in die Bethulie-konsentrasiekamp. Hierdeur word ander belangrike aspekte van die oorlog en die impak daarvan op Bethulie egter gering geskat.

Daar is derhalwe 'n leemte in die bestaande navorsing aangesien die geskiedenis van Bethulie vanaf 1896 tot 1907 nog nie as 'n geheel aangebied is nie. Alhoewel sekere aspekte van

⁵ Sien byvoorbeeld *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog* en *Bethulie... onvoltooid* van T. Venter; *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter* deur K. Hamman, en *Die konsentrasiekamp-gedenkreëks 1: Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* deur A.W.G. Raath.

hierdie studie in verskeie boeke, artikels en ander publikasies bespreek word, is daar nog nie 'n omvattende, wetenskaplike studie net oor Bethulie voor, tydens en net na die Anglo-Boereoorlog gedoen nie. Aspekte rondom die oorlog en die rol van Bethulie wat in die vergetelheid geraak het en/of nooit in die historiografie weergegee is nie, sluit in: die strategiese ligging van Bethulie; die impak van Bethulie se topografie, klimaat en omgewing op die krygsverloop; die rol van die Bethulie-kommando; Britse betrokkenheid in en om Bethulie; swart betrokkenheid; die betrokkenheid van die gemeenskap; leiersfigure uit die Bethulie-distrik; die rol van bepaalde individue en instansies; asook die impak van die oorlog op die inwoners. Voorts is daar weinig bekend oor Bethulie en sy mense vanaf 1 Junie 1902 tot en met die eerste verkiesing in 1907 nadat selfbestuur in 1906 aan die Oranjerivierkolonie (Orange River Colony) toegestaan is. Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat die navorsingstema nog nie in detail binne hierdie spesifieke historiese konteks hanteer is nie. Waardevolle inligting oor Bethulie en aspekte van die oorlog, soos vervat in argivale dokumente, koerante, herinneringskrifte, versamelings en/of uitstallings in museums, asook privaat versamelings, staan los van mekaar en 'n volledige, wetenskaplike studie was derhalwe nodig om dit in historiese konteks te plaas en die los drade met mekaar te verbind sodat die geheelbeeld verkry kon word.

Om dié rede is die doel van die studie om wyer te kyk as bloot die onmenslike omstandighede en groot aantal sterftes in die Bethulie-konsentrasiekamp. Die studie gaan uit van die veronderstelling (hipotese) dat die Anglo-Boereoorlog 'n veel meer omvattende, komplekse en selfs langdurige invloed op Bethulie en die distrik met sy inwoners uitgeoefen het, as wat tot dusver deur die historiografie weergegee word. Die klem val deurentyd op Bethulie, die gemeenskap en omgewing, met die fokus op hul bestaan en voortbestaan te midde en ten spyte van die oorlog en die verwoestende gevolge daarvan.

Gevolglik is die fundamentele navorsingsprobleem om 'n meer indringende en volledige holistiese beeld te vorm van Bethulie voor, tydens en na die oorlog, en dit binne historiese samehang te benader, te bestudeer en te verstaan hoe Bethulie van 'n vooruitstrewende, ekonomies selfstandige dorp voor die oorlog sou verander na 'n verarmde gemeenskap na afloop van die oorlog. Die studie bied om dié rede 'n historiese blik op, en perspektief ten opsigte van, die rol van die oorlog, veral binne die grense van 'n spesifieke geografiese gebied (Bethulie-dorp en -distrik), 'n gemeenskap (die Bethulie-gemeenskap) en 'n tydspan (die tydperk 1896 tot 1907).

Aangesien 'n volledige beeld van gebeure en rolspelers slegs verkry kan word deur te bepaal wie hierdie persone was en wat hul aandeel in die verloop van die oorlog behels het, word daar vir dié doel verdere aspekte soos byvoorbeeld groepe en individue van buite die omgewing wat gedurende die genoemde tydperk by Bethulie en sy distrik betrokke was, ingesluit. Hier word ondermeer verwys na die Britse magte wat by militêre operasies in die distrik betrokke was; inwoners van omliggende dorpe wat na die Bethulie-kamp weggevoer is; en persone wat as staatsamptenare, dokters, verpleegsters en onderwyseresse in die dorp, distrik en/of kamp werksaam was. Hierbenewens word die betrokkenheid van Bethulie-inwoners, soos in die geval van die Bethulie-kommando en kampinwoners wat na ander konsentrasiekampe oorgeplaas is en dus buite die geografiese gebied van hierdie distrik val, wel kortliks by hierdie studie ingesluit. Bethulie-inwoners wat in die Springfontein-konsentrasiekamp, asook in ander konsentrasiekampe soos dié te Aliwal-Noord, Bloemfontein en Norvalspont opgeneem is, word ook kortliks by die studie ingesluit.

Die uitdaging was om die historiese gebeure wat oor 'n tydperk van 11 jaar strek en een van die belangrikste gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis insluit, naamlik die Anglo-Boereoorlog, in die beperkte ruimte (finale aantal bladsye), maar steeds op 'n wetenskaplike wyse, aan te bied. Alhoewel verskeie aspekte van die oorlog in veel meer besonderhede nagevors is en heelwat daaroor geskryf kon word, is dit weens 'n beperking op ruimte en ook omrede dit nie 'n bydrae lewer ten opsigte van 'n beter begrip van die spesifieke navorsingstema nie, nie volledig by hierdie studie ingesluit nie, maar slegs oorsigtelik behandel. Dit sluit in byvoorbeeld inligting oor die Bethulie-krygsgevangenes, aspekte van die Bethulie-konsentrasiekamp waaronder die kamphandelaars, kampindustrieë, ongehoorsaamheid en strafmaatreëls in die kamp, asook detail rakende die nuwe kampe te Uitenhage en Kabusi. Dit is belangrik om kennis te neem dat die Bethulie-distrik oor twee konsentrasiekampe (Bethulie en Springfontein) binne sy distriksgrense beskik het. Omrede die Springfontein-konsentrasiekamp streng gesproke op die grenslyn van die Bethulie-distrik opgerig is, word hierdie kamp en Britse optredes daar, vir die doeleindes van hierdie studie, nie hierby ingesluit nie.

In antwoord op die navorsingsprobleem word in die studie tussen drie periodes onderskei, naamlik:

Die eerste periode (1 Januarie 1896 tot 10 Oktober 1899) verskaf 'n beeld van die Bethulie-omgewing voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Dit het die Jameson-inval,⁶ spesifiek Januarie 1896, as vertrekpunt aangesien die Bethulie-inwoners hierna veel meer bewus geword het van die realiteit van 'n potensiële konflik met Groot-Brittanje, asook van die strategiese ligging van hul dorp. Dié periode eindig met die uitreiking van die twee Boererepublieke se ultimatum aan Groot-Brittanje op 9 Oktober 1899.⁷ Hierdie gedeelte is belangrik ten einde die latere militêre optredes en die krygsverloop beter te verstaan, asook om lig te werp op Bethulie as 'n gesonde, ekonomies-voorstrewende gemeenskap.

Die tweede periode (11 Oktober 1899 tot 31 Mei 1902) fokus op die verloop van die Anglo-Boereoorlog en laat die klem val op die rol van die Bethulie-kommando, die Britse inval in die Suid-Vrystaat en die Britse besetting van Bethulie, die toepassing van die verskroeiende-aardebeleid in die distrik en die aanloop tot en gebeure in die Bethulie-konsentrasiekamp. Hierdeur word die onderskeie rolspelers uit die Bethulie-distrik uitgesonder en die ware impak op Bethulie, sy gemeenskap en omgewing bepaal.

Die derde periode (1 Junie 1902 tot 30 November 1907) fokus op die heropbou van 'n dorp en gemeenskap wat bykans heeltemal vernietig is en sluit af met die eerste verkiesing nadat selfbestuur aan die Orange River Colony (ORC) in 1906 toegeken is. Dit fokus op die naweë van die Anglo-Boereoorlog en ondersoek die oplossings vir ekonomiese en maatskaplike vraagstukke in die heropbou van Bethulie, met inagneming van die rol van die Government Relief Department (GRD), die onderskeie kerke en verskeie leiersfigure.

Ten einde die navorsingsprobleem aan te spreek, is die volgende kern navorsingsvrae ondersoek:

- Hoe het Bethulie-dorp en -distrik voor die oorlog daar uitgesien?
- Aan watter militêre optredes het die Bethulie-kommando deelgeneem en wat was hul rol in die guerrillastryd?
- Was Bethulie van strategiese belang vir die Britse oorlogspoging, en indien wel, waarom?
- Watter invloed het die Britse bestuur in Bethulie vanaf 15 Maart 1900 tot 31 Mei 1902 op die dorp en sy inwoners gehad?

⁶ Hierdie gebeure het vanaf 29 Desember 1895 tot 2 Januarie 1896 plaasgevind.

⁷ J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1, p. 137.

- Hoe het die Britte hul verskroeideaardebeleid in die distrik toegepas en wat was die gevolge daarvan vir die inwoners?
- Welke militêre optrede het vanaf 15 Maart 1900 tot 31 Mei 1902 in die dorp en distrik plaasgevind en hoe is die Britse oorlogspoging deur Bethulie-inwoners ondersteun, met verwysing na joiners, Town Guards en swart mense se betrokkenheid?
- Wat was die werklike stand van sake in die Bethulie-konsentrasiekamp en wat was die Britse kampowerheid se rol hierin?
- Hoe is Bethulie-inwoners deur die konsentrasiekampstelsel geraak?
- Watter ekonomiese en maatskaplike uitdagings was daar na die oorlog vir Bethulie se inwoners?
- Hoe het die burgerlike administrasie van die dorp na die oorlog daar uitgesien?
- Hoe is kompensasie deur die Government Relief Department (GRD) in Bethulie toegepas?
- Watter pogings is aangewend om die gemeenskap van Bethulie na die oorlog weer by te staan en op te bou?

Die proefskrif word tematies-kronologies op 'n historiese narratiewe wyse ooreenkomstig die beginsels van die historiese kritiek en Stese benader. Verder geskied die navorsing volgens die tradisionele metodes van historiese navorsing. Dit behels terselfdertyd 'n kwalitatief-georiënteerde benadering van onder meer bronnevalidasie, asook interne verifikasie van gegewens/uitsprake/oordele en Steseskepping, en wel deur gebruik te maak van historiese seleksie- en konseptualiseringsbeginsels. Terselfdertyd sal daar van die interpretatiewe paradigma gebruik gemaak word.

Die primêre bronne wat vir hierdie doel gebruik is, sluit onder meer staatskoerante soos die Vrystaat se *Gouvernements Courant*, asook die Britse *Government Gazette* in, wat waardevolle inligting oor republikeinse en Britse bestuur in Bethulie, voor en na die sluiting van vrede verskaf. Hierbenewens is kommandeerlyste, briewe, verslae, kennisgewings, telegramme en registers uit hoofsaaklik die Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), asook Kaapse Argiefbewaarplek (KAB) gebruik. Verder is medaljerolle uit The National Archives (TNA); dagboeke, herinneringskrifte, kaarte, sketse, foto's en items uit die versameling van die Oorlogsmuseum (OM); briewe, notules en dokumente uit die Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum (VS NGKAI); registers uit die Anglikaanse Kerkargief; medalje-aansoeke uit die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief (SANWA); asook dokumente uit verskeie privaat

versamelings en ander argiewe, gebruik. Vervolgens sluit die studie privaat versamelings soos dié van A. Hocking, J. Looock, A. van Dyk en J.J.R. van Zyl in, asook versamelings in museums, waaronder die Pellissierhuismuseum in Bethulie, Aliwal-Noord Museum, Burgersdorp Museum, Nasionale Museum in Bloemfontein en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein; enkele regimentsmuseums in Brittanje; en biblioteke (Bloemfontein Openbare Biblioteek/Adelaide Tambo Public Library en die Universiteit van die Vrystaat UV-Sasol Biblioteek, Bloemfontein).

Genoemde bronne word aangevul met sekondêre bronne waarin direk of indirek na Bethulie en sy gemeenskap verwys word, en sluit onder meer bronpublikasies, koerante, joernale, tydskrifte, nuusbriewe en ander geskrifte oor hierdie gemeenskap en die oorlog in. Tydgenootlike koerante soos onder meer die *Cape Times*, *De Express*, asook *The Friend* en die latere *Volksblad*, is geraadpleeg omrede hierdie bronne die daaglikse lewe en verloop van die oorlog beskryf. Engelse koerante (uit privaat versamelings) soos byvoorbeeld die *Cape Times*, *The Cardiff Times*, *Derby Daily Telegraph*, *Evening Express*, *Evening Telegraph*, *Press Associated War Special*, *South Wales Daily News* en *Sheffield Evening Telegraph* verskaf 'n unieke blik op die Britse siening van die Anglo-Boereoorlog. Nuusbriewe van die jare 1970 en 1980 vertel van 'n gemeenskap wat steeds onthou en die gebeure kan weergee. So het Petrus Jacobus Fourie van die plaas Mooifontein, Bethulie, wat as nege-jarige seun die kamp oorleef het, se ervarings in die *Bethulie Nuusbrief* en *Marble Koerier* verskyn.

As uitvloeisel van hierdie navorsingsproses, is bepaalde leemtes geïdentifiseer. Om hierdie leemtes aan te vul, is datalyste saamgestel deur soveel moontlik inligting saam te voeg (die datalys van die Bethulie-konsentrasiekamp is byvoorbeeld uit 70 verskillende bronne saamgestel) en met kaarte, tabelle en statistieke uitgebrei, sodat feite gestaaf en afleidings gemaak kon word. Datalyste is saamgestel oor die Bethulie-burgerlys; Bethulie-kommando; Britse-ongevalle by Bethulie; joiners; krygsgevangenes; South African Constabulary; Town Guards; Bethulie-, Bloemfontein-, Aliwal-Noord-, Norvalspont- en Springfontein-konsentrasiekampe. Met inagneming van die beperking op ruimte en ten einde die data te analiseer, is dit in tabelvorm opgesom sodat statistieke maklik onttrek en nuwe afleidings gemaak kon word. Nuwe kaarte is met behulp van moderne tegnologie geteken om belangrike aspekte van die oorlog uit te beeld, waaronder die Bethulie-distrik, Bethulie-dorp, spoorroetes, invalstroetes, die Slag van Stormberg, die gebeure in die Brandwaterkom, en ander kleiner gevegte. Die datalyste, kaarte en statistiek vorm 'n belangrike onderdeel van die studie aangesien inligting saamgevoeg word en insigte oor die verloop van die oorlog en sy

rolspelers hierdeur verkry word. Hierdie navorsingsmetode toets bestaande hipoteses (soos byvoorbeeld die aantal sterftes in die Bethulie-kamp⁸) en bied verklarings vir gebeure wat in die dorp en omgewing afgespeel het, terwyl die data verder gebruik word om inligting, soos vervat in argivale materiaal, dagboeke, herinneringe en publikasies, te korreleer en aan te vul. Danksy hierdie datalyste is statistieke verkry waaruit bepaalde tendense en nuwe insigte rondom spesifiek die Bethulie-konsentrasiekamp en die Bethulie-kommando, bekom is.

Die diversiteit van bronne vorm die hoekstene van die studie. So byvoorbeeld verleen die herinneringskrifte en dagboeke van vertellers van verskillende ouderdomme, geslagte, afkoms, beroepe en selfs ekonomiese stand, 'n goeie oorsig van gesinne en individue se ervaringe tydens die oorlog. Vroue en kinders deel hul wedervaringe oor verskroeiende aarde, die wegvoer na konsentrasiekampe en die lewe in die konsentrasiekamp. Anna Catherina Elizabeth Simkin van die plaas Roodepoort, Dewetsdorp, het as 12-jarige in die Bethulie-kamp, self haar herinneringe aangeteken. Voorts het twee 17-jarige tienermeisies, Elizabeth M. Grobbelaar, van die plaas Meyerskraal, noordwes van Bethulie, asook Dorethea Magdalena de Wet van die plaas Middelfontein, noordoos van die dorp, dagboeke nagelaat. Die herinneringe van die vermoënde, 45-jarige Susanna Venter, van die plaas Driefontein, wat noord van die dorp geleë is, is ook geraadpleeg. Hierdie persone se wedervaringe en sienings vanaf 1899 tot 1902 en selfs later, spreek van 'n donker tyd in Bethulie se geskiedenis en verskaf 'n unieke blik op die impak wat die Britse owerheid se oorlogsoptrede op hul gesinne en lewens gehad het. Dit word aangevul met die dagboeke van twee geestelikes, ds. Herman Becker en prop. A.D. Lückhoff, die herinneringskrifte van Susara (Sarie) Roos van Dewetsdorp, wat as verpleegster in die kamphospitaal werksaam was, asook die dagboeke van Rensche van der Walt van Reddersburg en twee Skotse onderwyseresse.

Wat die krygsverloop betref, is dit hoofsaaklik danksy geskrifte soos dagboeke, herinneringe en latere publikasies van persone wat almal saam met hierdie kommando's beweeg het, wat daartoe bydra dat daar 'n redelike beeld van die krygsbewegings van hierdie kommando verkry kon word. Dié persone sluit in burgers Simon du Plooy,⁹ Sydney Holm,¹⁰ Gert de

⁸ Bronne bevat verskillende statistiek insake die aantal sterftes in die Bethulie-kamp. Volgens C. Reynolds was dit 1 745 sterftes, volgens A.W.G. Raath 1 737 sterftes en volgens E. van Heyningen 1 709 sterftes. Aan die hand van 'n verskeidenheid beskikbare bronne, is hierdie statistieke, sover moontlik, opnuut gekontroleer.

⁹ Seun van kommandant Floris du Plooy van die Bethulie-kommando.

¹⁰ 'n Kaapse rebel.

Jager,¹¹ Dennis McDonald,¹² Abraham Griesel¹³ en Piet Robinson¹⁴ van die Bethulie-kommando, asook prop. R.D. McDonald¹⁵ en 'n Kaapse rebel, Casparus Bosman.¹⁶ Die uitdaging was egter deurentyd dat hierdie dagboeke en herinneringskrifte, wat 'n baie sterk emosionele ondertoon bevat, objektief benader moes word. Weens die beperking op ruimte kon baie van die staaltjies van inwoners nie in die proefskrif ingesluit word nie, maar dit het as agtergrond vir die studie gedien en die essensie daarvan is in ag geneem, veral wanneer afleidings gemaak is. Die navorsingswaarde van hierdie geskrifte en publikasies lê daarin dat dit as vertrekpunt en verwysingraamwerk dien van gebeure wat in die Bethulie-distrik plaasgevind het. Deur kruisverwysings tussen sodanige dokumentasie en argiefmateriaal te doen, kon 'n meer volledige beeld en ware toedrag van die verloop van die oorlog in hierdie distrik, verkry word.

Aan die hand van verskeie bronne oor die Anglo-Boereoorlog, spesifiek ná 13 Maart 1900 met die besetting van Bloemfontein, wil dit voorkom of guerrilla-oorlogvoering grootliks 'n einde gebring het aan die streng afgebakende kommando-grense. Burgergetalle het afgeneem vanweë krygsgevangeneming, dood, asook wapenneerlegging en daarom was kommando's al meer genoop om nie meer te rigied hieraan vas te klou nie. Selfs die Bethulie-kommando het as afsonderlike en afgebakende kommando hierna stelselmatig begin vervaag, meer spesifiek ná die Brandwaterkom-gebeure. Voorts het die uitgedunde Bethulie-kommando se rol in gevegte en skermutselinge geleidelik in 'n groter militêre opset begin verdwyn. Hierdie kommando se betrokkenheid in die oorlog het hierna begin oorgaan na slegs terloopse vermeldinge en individue se wedervaringe, hetsy te velde of as krygsgevangenes, soms as deel van 'n ander militêre opset of onder 'n ander bevelvoerder. Danksy burger (later korporaal) Abraham J. Griesel, wat na die ontstaan van die Unieverdedigingsmagte (1912) Bethulie se eerste kommandant was, en die beweging van die Bethulie-kommando gedurende die oorlog as deel van hierdie kommando se geskiedenis, saam met J.A. Grobbelaar, saaklik opgeteken het, kan 'n beeld van hierdie mag se bewegings tot ongeveer Julie 1900 verkry word.¹⁷ Die omvang van hierdie kommando se betrokkenheid by verdere gevegte is aangevul

¹¹ Burger Gert Johannes de Jager van Wyk Grootrivier, distrik Bethulie wat in Februarie 1902 krygsgevangene geneem en na Bermuda gestuur is.

¹² Broer van prop. R.D. McDonald (veldprediker saam met generaal P.H. Kritzinger).

¹³ Eerste kommandant van Bethulie na die Anglo-Boereoorlog in die Unieverdedigingsmagte.

¹⁴ Neef van mynmagnaat J.B. Robinson.

¹⁵ Outeur van *In die skaduwee van die dood*.

¹⁶ 'n Kaapse rebel afkomstig van Burgersdorp.

¹⁷ Uit die Preller-versameling in die Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB).

deur die raadpleging van rekords soos die onderskeie medalje-aansoeke¹⁸ wat sedert 1921 deur Bethulie-burgers ingedien is, asook die rekords van die Bond van Oudstryders.¹⁹

’n Verdere uitdaging van die studie was die omsigtige gebruik van media-bronne, meer spesifiek berigte rondom gebeure net voor die oorlogsverklaring en die inval in die Noordoos-Kaapkolonie, tot ongeveer Maart 1900. Die feit word erken dat heelwat koerante vanuit ’n Britse propaganda-oogpunt geskryf is, maar vanweë die studie se sterk onderbou van sosiale geskiedenis, is dit veral van waarde insake persone, plekke en gebeure. Die koerantberigte is vergelyk met gegewens in ander publikasies en argiefmateriaal ten einde dit te verifieer en/of kommentaar te lewer op die beriggewing. In die gees en agtergrond waarteen gebeure in hierdie streek tydens die oorlog afgespeel het, kan hierdie bronne, wat as waardevolle riglyne dien om die daaglikse spanning en verloop van die oorlog in die Noordoos-Kaapkolonie en Suid-Vrystaat beter te verstaan, derhalwe nie verontagsaam word nie.

In hierdie studie word die sosiale geskiedenis van Bethulie en die militêre geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, asook aspekte soos geografie en omgewingskunde, saamgevoeg om ’n gebalanseerde geheelbeeld te verkry. Omrede hier na ’n klein en hegte gemeenskap verwys word, is dit belangrik om te benadruk dat hierdie studie derhalwe ’n baie sterk sosiale en genealogiese onderbou insluit, wat nie in die verloop van die oorlog geïgnoreer kan word nie. In die proses word ’n beter begrip vir bepaalde besluite soos wapenmeerlegging deur sekere burgers en die ondertekening van die Eed van Neutraliteit verkry. Die sterk sosiale en genealogiese inslag van hierdie studie, asook aspekte oor die omgewing, verleen aan hierdie studie ’n unieke aanslag wat betref die verloop en uitkoms van gebeure tussen 1896 tot 1907.

Dit is belangrik om in ag te neem dat daar vir doeleindes van die studie slegs op ’n mikro-aspek van die gebeure voor, tydens en na die oorlog, naamlik Bethulie en distrik met sy inwoners, gefokus word. Dit is nie ’n makro-uitbeelding en weergawe van die verloop, asook invloed van die oorlog op alle dorpe en hul inwoners in die Suid-Vrystaat, of selfs in die breër Suid-Afrika, nie. Die doel is dat die studie verdere debat sal stimuleer en historiese ondersoek meebring. Toekomstige navorsers kan Bethulie ook as voorbeeld van ’n gevallestudie vir ander Vrystaatse dorpe tydens hierdie periode gebruik, omrede hierdie dorp

¹⁸ Aansoeke vir die Lint voor Wonden-medalje en Dekoratie voor Trouwe Dienst in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief (SANWA).

¹⁹ Rekords in besit van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OM).

die volle impak van die oorlog weerspieël en as sodanig as vingerafdruk van die Anglo-Boereoorlog beskou kan word.

Die proefskrif is tematies-kronologies benader en in ses hoofstukke verdeel:

Hoofstuk 1 dien as inleiding en beskryf Bethulie-dorp voor die Anglo-Boereoorlog, 1896-1899. Aspekte soos die omgewing, ligging, geografie, klimaat, fauna en flora, distrik, inwoners, politiek, ekonomie, landbou, kommunikasie, munisipale bestuur, geestelike bediening en amptenary verskaf 'n beeld van hierdie Vrystaatse dorp en die welvaart en vooruitgang wat die meeste van die inwoners beleef het. Daar word afgesluit met die inwoners se besef dat Bethulie 'n strategiese dorp was, juis vanweë die ligging daarvan, en die kommando se voorbereiding en bewapening kort voor die oorlog.

Hoofstuk 2 handel hoofsaaklik oor die Bethulie-kommando se sterkte, opkommandering, optrede te velde, hul betrokkenheid by spesifieke gevegte, leiersfigure en die uiteindelijke gevangeneneming van die kommando in Julie 1900. Die feit dat enkele burgers van die kommando ná die gebeure by die Brandwaterkom ontvlug het en die stryd in die Bethulie-distrik voortgesit het, word uitgewys as inligting wat tot nou nie goed bekend was nie. Benewens die kommando se krygsoptrede, geniet aspekte soos die aantal sterftes, krygsgevangenes, hensoppers, verraiers, bittereinders, die uiteindelijke oorgawe, lede van die Oudstrydersbond en selfs diegene aan wie medaljes in die 1920's toegeken is, aandag. Statistieke en inligting verkort in tabelvorm, vorm deel van hierdie hoofstuk.

Hoofstuk 3 fokus op Bethulie as strategiese dorp vanuit Britse oogpunt, 1900-1902. Die hoofstuk het die Britse voorbereiding vir die oorlog as vertrekpunt en handel met aspekte soos die besetting van Bethulie ná die geveg by die Bethulie-wabrug, die dorp onder Britse bestuur, die rol van die onderskeie Britse eenhede, voortgesette gevegte/skermutselings in die distrik en die oprig van verdedigingstrukture. Datalyste oor Britse sterftes in die distrik, die South African Constabulary wat daar ontplooi is, asook joiners en Town Guards van Bethulie, verskaf gekonsolideerde inligting oor Britse betrokkenheid in die dorp en omgewing.

Hoofstuk 4 handel oor die toepassing van die verskroeideaardebeleid, 1900-1902, terwyl nuwe insigte oor die werklike skade in die Bethulie-distrik verkry word uit die eise om kompensasie en inwoners se vertellings. 'n Groot gedeelte van die hoofstuk word afgestaan aan die alombekende Bethulie-konsentrasiekamp, waarsonder hierdie studie nie volledig sou wees nie. Nuwe statistieke oor die aantal inwoners van die kamp, aantal sterfgevalle, oorsake

van sterftes, ouderdomme van oorledenes en vergelykings met soortgelyke data van ander kampe, word verskaf.

Hoofstuk 5 fokus op die repatriasie van krygsgevangenes en Bethulie-inwoners na die sluiting van vrede en die heropbou van Bethulie na die oorlog, 1902-1907. Die gevolge van die oorlog op die omgewing en gemeenskap word krities bestudeer en ekonomiese, asook maatskaplike kwessies geniet aandag. Die rol van die Government Relief Department en veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Bethulie in die proses van heropbou word uitgesonder. Daar word afgesluit met die verkiesing in 1907, nadat selfbestuur in 1906 aan die Orange River Colony toegestaan is, met 'n tydperk van politieke ontwaking wat gevolg het vir beide wit en swart inwoners.

Hoofstuk 6 verskaf 'n oorkoepelende kritiese evaluering van die rol van Bethulie voor, tydens en na die Anglo-Boereoorlog en die gevolge van die oorlog op die Bethulie-omgewing en gemeenskap.

Met hierdie studie word spesifiek binne die konteks van die Anglo-Boereoorlog dieper insigte in die verhouding tussen 'n land se geskiedenis en die invloed daarvan op sy burgers (in hierdie geval die gemeenskap van Bethulie en omliggende distrik) verkry. Daar is redes waarom die verloop van die Anglo-Boereoorlog in die Suid-Vrystaatse dorp Bethulie steeds as belangrik geag word. Die waarde van die studie is daarin geleë dat die verloop van die oorlog in hierdie distrik as 'n geheel aangebied word om nie alleen 'n historiese blik te verskaf nie, maar veral deeglike perspektiewe ten opsigte van verskeie rolspelers en gebeure voor, tydens en na die oorlog verskaf.

Die studie se waarde lê verder daarin dat dit sal dien as 'n voorbeeld van die impak van die Anglo-Boereoorlog op 'n belangrike Suid-Vrystaatse dorp en wat die bydrae was van die onderskeie rolspelers tydens sodanige gebeure. Die impak van die oorlog op hierdie gemeenskap word beter begryp wanneer daar aandag gegee word aan die periode van heropbou nadat die distrik grootliks verwoes en sy gemeenskap ontwortel is. Hierdie stryd en opbou was na die toestaan van selfbestuur en die eerste verkiesing, steeds 'n realiteit in die Bethulie-distrik. Terselfdertyd word die groter gevolge van die oorlog (politiek, onderwys, kerk en selfs die ontstaan van swart nasionalisme in hierdie distrik) beter verstaan.

Deur die versameling van beskikbare materiaal en data oorkruis te toets deur middel van verskillende nuwe databasisse, word verskuilde feitemateriaal hieruit onttrek, elk daarvan met 'n sterk onderbou van genealogie en sosiale geskiedenis, en verskaf dit omvattende nuwe data

om sodoende die bestaande inligting oor Bethulie en die Anglo-Boereoorlog te herevalueer. Dit behels die herbesinning oor bestaande feite en konklusies, sodat die ware impak en gevolge van die oorlog op hierdie dorp en sy gemeenskap, vertolk kan word.

Die inligting in hierdie proefskrif kan deur die dorp se toerismevereniging gebruik word vir die bevordering van toerisme, vir bepaalde bewaringsaksies in die dorp en omgewing, die bewusmaking van alle gemeenskappe van hulle voorgeslagte se betrokkenheid by die oorlog, die uitbrei van bestaande historiese gegewens wat met die dorp verband hou, asook die saamstel van datalyste vir die nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog oor hierdie dorp en omgewing.

Met hierdie studie word derhalwe nie net gepoog om 'n dorp en sy gemeenskap se ervaringe voor, tydens en na die oorlog te rekonstrueer, te beskryf, en te evalueer nie, maar om Bethulie en sy mense se ontberings en opofferings van meer as 100 jaar gelede, in herinnering te roep.

* * *

Dankie aan my vrou, Annelize, en ons drie kinders, Christiaan, Lieschen en Margitte, wat die afgelope vyf jaar deel was van die Bethulie-sage. Annelize, sonder jou sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Mag hierdie spanwerk en ondersteuning vir die Van Zyl's 'n bewys wees dat alles deur geloof, liefde en harde werk moontlik is. Ook aan my ouers, Frederick en Christina, wat soveel vir hul kinders opgeoffer het.

Hiermee ook my dank en waardering aan die volgende persone en instansies:

- My promotor, dr. Marietjie Oelofse, vir vyf jaar se leiding, advies en inspirasie op hierdie pad, maar veral ook geduld en motivering wat altyd onthou sal word.
- Prof. André Wessels, medepromotor en kundige op die gebied van die Anglo-Boereoorlog, vir sy leiding, bystand en insette ten opsigte van hierdie studie.
- Aan vriende, kollegas en instansies wat die afgelope vyf jaar hulp en advies verleen het, op pad na die Bethulie eindbestemming.
- Aan Dora du Plessis, wat hart en siel betrokke was met die taalversorging, en in die proses ook haar ouma, Dorethea Magdalena de Wet van Bethulie, geïdentifiseer het.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook die Universiteit van die Vrystaat, vir finansiële bystand.

Sonder die hulp van die Almagtige Vader sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie,
want deur Hom is ons tot alle dinge in staat.

Johan J.R. van Zyl

Bloemfontein

29 November 2019

Hoofstuk 1

BETHULIE EN DISTRIK VOOR DIE ANGLO- BOEREOORLOG, 1896-1899

1.1 INLEIDING

Tydens oorloë word die krygsverloop in 'n groot mate deur die omgewingsfaktore van 'n bepaalde gebied beïnvloed. Gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 het die ligging, topografie, omgewingsfaktore, infrastruktuur en inwoners van Bethulie 'n beduidende invloed op die verloop en uitkoms van die oorlog gehad en is dit derhalwe belangrik om die agtergrond van Bethulie, sy distrik en onmiddellike omgewing, voor en gedurende die oorlog, te skets. Die klimaatomstandighede van hierdie streek het onder meer 'n rol in die groot aantal sterftes van inwoners in die latere Bethulie-konsentrasiekamp gespeel, terwyl militêre ondernemings in hierdie distrik, deur beide Boer en Brit, beïnvloed is deur die topografie van die streek en omgewingsfaktore soos die beskikbaarheid van water en weiding. Swaar donderstorms het militêre operasies beïnvloed, soos hoofkommandant C.R. de Wet se eerste inval in die Kaapkolonie, terwyl periodieke droogtes in die streek daartoe gelei het dat weidinggras skaars was en dit 'n invloed op die kondisie van die burgers se perde gehad het. Die oop Vrystaatse vlaktes het dikwels die soldate weerloos gelaat en die krygsplan moes daarvolgens aangepas word. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan Bethulie en sy omgewing asook infrastruktuur, met spesifieke verwysing na sy strategiese ligging langs 'n spoorroete, wat daartoe aanleiding gegee het dat hierdie dorp 'n fokuspunt in die Britse krygsplan geword het en nie, soos sommige van sy buurdorpe, ontruim of deels vernietig is nie.

1.2 BETHULIE EN OMGEWING

1.2.1 Topografie en geologie

Die gebied wat in 1899 as die Oranje-Vrystaat (OVS) bekend gestaan het, is ongeveer 1 220 m bo seespieël geleë en vorm dus een groot binnelandse plato in die hart van Suid-Afrika. Die gebied word omgrens deur die Oranjerivier in die suide, die Vaalrivier in die noorde en die Drakensberge in die ooste. 'n Groot gedeelte van die westelike grens word

gevorm deur 'n grenslyn wat digby die diamant-ryke Kimberley loop.¹ In die gebied wat die Suid-Vrystaat vorm, is die vernaamste distrikte Fauresmith, Philippolis, Bethulie en Smithfield, en meer suidoos, Rouxville en Wepener. Die Suid-Vrystaat is bekend vir sy vlaktes met kleinerige koppies wat die eentonige gelyktes afwissel. Deur hierdie koppies vloei die Oranje- en Caledonrivier vanaf die Lesotho-hooglande asook nie-standhoudende spruite wat op hierdie vlaktes byeenkom, tot waar dit in die Oranjerivier (Gariep) vloei, wat destyds onder Bethulie-inwoners bekend was as die Grootrivier.²

Ten einde die onmiddellike omgewing in die Suid-Vrystaat, spesifiek Bethulie en distrik, beter te verstaan, is 'n bondige samevatting van die verskillende geologiese kenmerke nodig. Bethulie is geleë in die Beaufort-groep³ van die Karoo Supergroep.⁴ Die Beaufort-groep word weer verdeel in twee subgroepe, te wete Abrahamskraal (wat die oudste is) en Tarkastad. Beide groepe bestaan hoofsaaklik uit modder-, sand- en sliksteen. Die Tarkastad-subgroep, waarvan die samestelling 'n groter hoeveelheid sandsteen bevat, kom noordwes van Bethulie voor. Die doleriet of ysterklip wat die bolaag van die Bethulie-omgewing vorm en wat die meeste vir mensgemaakte strukture gebruik is, is die jongste geologiese formasie in hierdie distrik. Die voorkoms van 'n kalklaag suidoos van die dorp, waar die latere konsentrasiekampkerkhof ontstaan het, dui op kalkreet wat geologies gesproke 'n redelike onlangse formasie is. Dit het ontstaan gedurende 'n baie droë tydperk wat veral gedurende die Steentydperk in hierdie omgewing voorgekom het. Gespikkelde basalt ("amandels") en agaat wat langs die Oranjerivier voorkom, het hul oorsprong in die Drakensberge vanwaar dit oor eeue deur die Oranjerivier afgespoel is en op die oewers van die rivier by onder meer Bethulie versamel het. Die Suid-Vrystaat is verder bekend vir sy verspreide ysterklipkoppies, veral rondom die onmiddellike omgewing van die Oranjerivier. Wisselvallige vlaktes kom egter tussen hierdie koppies voor. Bethulie en die omgewing rondom die dorp word omring met koppies, waarna die topografie in die rigting van Bloemfontein, wat ongeveer 180 km noord geleë is, verander in grasvlaktes, wat gewoonlik tydens somermaande reën kry.⁵

¹ D.J.J. Jacobs, "Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat 1864-1888", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1(32), 1969, p. 156; J.F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 1, pp. 62-65; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 2, p. 49.

² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: A.O. Odendaal – J.J.R. van Zyl, 10.9.2015 (e-pos); Maurice (red.), 1, pp. 60-61.

³ Die Beaufort Groep vorm saam met die Adelaide en Tarkastad Groepe, die drie onderafdelings van die Karoo Supergroep.

⁴ Die Karoo Supergroep wat ongeveer 120 miljoen jaar gelede gevorm is, is die grootste geologiese formasie in suidelike Afrika en beslaan bykans die hele Vrystaat en Lesotho.

⁵ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: A.O. Odendaal – J.J.R. van Zyl, 10.9.2015 (e-pos); Maurice (red.), 1, pp. 63-64.

Uit die topografie van hierdie streek met sy oop vlaktes en verspreide koppies, is dit duidelik dat die Britse magte, wat die Suid-Vrystaat teen middel Maart 1900 binnegeval het en in groot kolonnes oor die vlaktes opgeruk het, nie veel weerstand van die burgers verwag het nie. Selfs tydens die guerrillafase van die oorlog het hierdie omgewing weinig skuiling aan die burgers gebied. Vervolgens is dit, vanuit 'n inwoner se beskrywing, duidelik dat, weens die afwesigheid van berge, klowe en valleie in die Bethulie- en naburige omgewings, dit vir vroue moeilik was om te veld te ontvlug, met die gevolg dat daar teen einde 1901 bykans geen vrouelaers in die Bethulie-distrik was nie. Dit het verder meegebring dat kos skaars was, aangesien die burgers selfs nie klein veekuddes kon versteek nie.⁶ J. Barkly-Lloyd, 'n Britse soldaat van die City Imperial Volunteers, het die omgewing tussen Bethulie en Springfontein, soos volg beskryf: "Around Springfontein the roads are perfect and the veld has a level hard surface covered with short grass. It is a lofty plain and the air is fresh and bright, healthy and life-giving ... Here and there, isolated kopjes, rather different in character to those of the Colony [Kaapkolonie]. The dongas ... were dry and sandy gullies filled only by torrential rain-storms."⁷

Erkenning aan bepaalde topografiese bakens in die fossiel-ryke Bethulie-distrik met sy bekende *Lystrosaurus*, 'n prehistoriese reptielsoort, het reeds voor 1899 voorgekom. Plaasnaamgewing waarin heuwels, klipbanke, plate, poorte, kranse, randjies, hoeke, draaie, koppe en selfs 'n berg of twee verskyn, weerspieël oor die algemeen die aard en karakter van die onmiddellike geologiese omgewing asook die topografie wat in Bethulie en omgewing voorkom. Name soos Spitskop, Rooderantjies, Kalkbank, Ventershoek, Bluegumspoort, Mooi-draai, Roodeplaat, Kransdraai en Tafelberg beskryf bepaalde geologiese bakens en sodanige eienskappe van die omgewing het dus dikwels die naam van 'n spesifieke plaas bepaal.⁸

1.2.2 Klimaat, fauna en flora

Omrede die Bethulie-distrik op die rand van die Groot-Karoo geleë is, het dit 'n relatiewe droë klimaat met die grootste reënneerslae wat vanaf September tot Maart voorkom. Die Bethulie-omgewing het 'n gemiddelde reënval van 315 mm per jaar, baie hiervan in die vorm van swaar donderstorms wat in die gebied voorkom. Periodieke droogtes of 'n jaarlikse

⁶ *Bethulie Nuusbrief*, 4.5.1979, p. 12.

⁷ B. de Swardt, *963 Days at the junction: A documented history of Springfontein during the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 72.

⁸ S.H. Pellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, p. 647.

ondergemiddelde reënval is kenmerkend van hierdie omgewing. Temperature wissel tot so warm as 38 °C in Januarie en Februarie en tot so koud as –8 °C gedurende Junie en Julie.⁹

Die klimaat en skaarste aan water het 'n groot impak op die plante- en dierelewe van die distrik. Bome wat in die Bethulie-omgewing voorkom, sluit in doringbome (*Akasia karoo*) wat groot plate vorm, spesifiek langs die Oranje- en Caledonrivier asook in die omgewings van spruite en lope. Olienhout- (*Olea cuspidata*) en witolienhoutbome (*Buddleia saligna*) kom weer veral op die koppies voor. Ander bome sluit in karees (*Rhus lancea*) en rivierwilgers (*Salix capensis*). Vanaf die boomryke oewers van die Oranjerivier noordwaarts word die bossieveld met sy *Barteria rigida*, *Chrysocoma tenuifolia* en *Felicia muricata* karoobossies waarop veral skape floreer, geleidelik met grasvlaktes vervang.¹⁰

Struik wat in die omgewing voorkom, is blinkblaar (*Rhamnus prinoides*), taaibos (*Rhus pyroides*), kleinbergkiepersol (*Cussonia paniculata* var. *paniculata*), karoobloubos (*Diospyros lycioides* subsp. *lycioides*), wildekanferbos (*Tarchonanthus camphoratus*), blinkblaar-wag-'n-bietjie (*Ziziphus mucronata*), karoogwarriebos (*Euclea crispa* var. *ovata*), besemkaree (*Rhus erosa*), wildesalie (*Buddleja salviifolia*), pendoring (*Maytenus heterophylla*), deurmekaarbos (*Ehretia rigida*), kuniebos (*Rhus burchelli*) en besembos (*Rhus ciliata*).¹¹ Rooigras (*Themeda triandra*), wat weens die smaaklikheid daarvan as een van die beste weigrasse vir grasvreters (herbivore) beskou word, kom veral in hierdie streek voor, maar het 'n beperkte voedingswaarde in die winter.¹² Langs waterryke omgewings kom dekgras (*Hyperhenia hirta*) voor wat baie geskik is vir die dek van dakke.¹³

Die wisselvallige reënval en gevolglike droë seisoene het ook tydens die Anglo-Boereoorlog 'n impak op die plantegroei gehad, sodat daar byvoorbeeld 'n skaarste aan voldoende weigrasse was en die Britte sedert Maart 1900 hul perde en trekdier, soos muile en esels, waarvan laasgenoemde by die Bethulie-eseldam aangehou is, moes voer. Die burgers se perde het swaar gekry weens 'n gebrek aan voldoende voeding en dit het noodwendig 'n invloed tydens oorlogvoering gehad. Die gebrek aan hout, hetsy vir vuurmaak of ander gebruike, het daartoe

⁹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: SA Weather Service – J.J.R. van Zyl, 17.2.2016 (e-pos); Maurice (red.), 1, pp. 61-62, 66-67.

¹⁰ *Bethulie Nuusbrief*, 12.8.1988, p. 4; Maurice (red.), 1, pp. 62-63.

¹¹ *Bethulie Nuusbrief*, 14.10.1988, p. 5.

¹² F.P. van Oudshoorn, *Gids tot grasse van Suid-Afrika*, pp. 274, 278.

¹³ *Marble Koerier*, 8.10.1981, p. 5.

gelei dat hierdie noodsaaklikheid vir konsentrasiekampinwoners, selfs later per trein vanaf ander gebiede aangery moes word.¹⁴

Dier-, reptiel- en inseksoorte van die omgewing waarna in geskrifte verwys word, sluit in springbokke, ribbokke, seekoeie, eende, pofadders, sprinkane en bye. Voorts beeld rots-tekeninge van San-jagters wat in die Bethulie-distrik voorkom, elande en leeus uit. (Sien Bylae 1.1: Bethulie en distrik – Ontstaan en agtergrond.) Seekoeie moes volop in die spruite gewees het, maar is reeds kort ná die koms van die eerste Trekboere¹⁵ uitgewis.¹⁶ Samuel Pellissier, seun van die sendeling, eerw. J.P. Pellissier,¹⁷ het verwys na sy eerste ribbok wat hy as seun, saam met sy vader, tussen plate doringbome naby die Oranjerivier geskiet het. Hy het ook verwys na die gereelde sprinkaanplae wat voorgekom het, soos sy vader se groentetuin by die Bethulie-sendingstasie¹⁸ wat, soos die res van die omgewing, in 1835 deur treksprinkane vernietig is, maar dat hierdie insekte egter uitkoms gebied het vir die Batlhaping¹⁹ wat aan hierdie insekte gesmul het.²⁰ Verder was byeneste volop in die heuwels om die sendingstasie. Langs die spruite en riviere waar slange, soos pofadders, voorgekom het, is patryse en watervoëls, soos eende, gejag.²¹

Plaasname soos Kareefontein, Hartebeesfontein, Daspoort, Slangfontein, Springbokfontein, Spreeuwfontein en Jakhalsfontein, het erkenning gegee aan die plant- en dierelewe, terwyl name soos Wintershoek die klimaat van die Bethulie-omgewing beskryf het.²²

1.2.3 Riviere en spruite

Ten spyte van die Oranje- en Caledonrivier wat deel vorm van die Suid-Vrystaat, is hierdie streek, weens sy wisselvallige somerreënval en droë klimaat, nie bekend as 'n waterryke gebied nie. Menslike bedrywighede of nedersettings in hierdie streek het gewoonlik rondom of naby 'n waterbron van een of ander aard ontstaan en voortspruitend uit sodanige hulpbron kon daar gereken word op ander hulpbronne soos weiding, bome en wild wat saam met hierdie hulpbron in die omgewing sou voorkom. Ten spyte van die droë klimaat van die Suid-

¹⁴ Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), SRC, 52, 5340: Wood for refugee camps, 21.10.1901.

¹⁵ Wit veeboere wat met hul kuddes rondgetrek het op soek na voldoende weiding en water.

¹⁶ Pellissier, p. 179.

¹⁷ Franse sendeling van die Paryse Sendinggenootskap te Bethulie.

¹⁸ Sendingstasie van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap onder eerw. J.P. Pellissier wat in 1833 by Bethulie begin is om die Batlhaping te bearbei.

¹⁹ Batlhaping (Tlhaping), 'n Tswana-stam wat weens die Difaqane uit die omgewing van Kuruman na Philippolis gevlug het en hulle later by Bethulie gevestig het.

²⁰ Pellissier, pp. 179, 230, 404.

²¹ *Ibid.*, p. 464; S.H. Pellissier, *Eeufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, p. 9.

²² Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, pp. 326-330.

Vrystaat met sy Karoobosagtige plantegroei en verspreide grasvelde, kom verskeie droë lope en spruite wat ná swaar donderstorms in bruisende strome verander, in hierdie geweste voor, soos die Bosjespruit, Marokspruit en Slikspruit.²³ In aansluiting hierby verwys C.J. Vels, 'n Vrystaatse amptenaar, na Bethulie met sy verskeie nie-standhoudende droë lope en spruite waar boere met betreklik geringe koste, in 'n goeie reënseisoen miljoene liters water vir besproeiing kon versamel.²⁴

Water en die belangrikheid daarvan het derhalwe ook neerslag gevind in hierdie distrik se plaasnaamgewing, aldus die *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, 'n publikasie wat sedert 1896 jaarliks verskyn het en gegewens oor die OVS bevat het.²⁵ Die erkenning van natuurlike hulpbronne soos kuile, putte, fonteine, spruite, damme en watervalle, ongeag hoe gering of standhoudend ook al, kom voor in hierdie name. Vleie en kuile se waarde in die betreklik droë Suid-Vrystaat is nie geringgeskat nie en plaasname soos Langvlei, Cypherkuil, Marsfontein, Middelspruit, Waterval, Vaaldam, DePut, Middelwater en Kleinvischgat in die distrik weerspieël die kosbaarheid van water. Selfs die twee wyke van die Bethulie-kommando het erkenning aan waterbronne verleen. So het Wyk Grootrivier, wat verwys het na die Oranjerivier, en Wyk Bosjespruit, wat na die nie-standhoudende Bosjespruit vernoem is, erkenning verleen aan twee waterbronne wat deel vorm van die distrik.²⁶

Volgens dagboeke en herinneringe van Bethulie-inwoners blyk dit dat voldoende en skoon water, veral vir die Britse krygsmagte in hierdie distrik, 'n belangrike oorweging was. 'n Inwoner onthou dat die Britte, tydens operasies in die distrik, graag hul hoofkwartier langs die Slikspruit ingerig het omrede dit 'n bron van skoon en voldoende water was en die weiding op die spruit se walle boonop volop was.²⁷ Dit was juis die gebrek aan skoon water by die Modderrivier, na die Slag van Paardeberg, wat die Britte ernstig siek gemaak het en tot so baie sterftes gelei het. Voorts is die groot aantal sterftes in die Bethulie-konsentrasiekamp ook deels aan die besoedeling van hierdie eens skoon waterbron toegeskryf.²⁸

²³ Jacobs, p. 157; Maurice (red.), 1, p. 61; Amery (red.), 2, p. 50.

²⁴ Jacobs, p. 178.

²⁵ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, pp. 326-330.

²⁶ *Ibid.*

²⁷ Leopold Scholtz verwys self na die Britse soldate se voorliefde om Slikspruit as basis te gebruik. Tydens De Wet se eerste poging om die Kaapkolonie binne te val, het kolonel Herbert, met sy mag van 650 manskappe, op 1 Desember 1900 sy basis daar ingerig. Sien in dié verband: L. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, pp. 202-203.

²⁸ *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, p. 12.

1.3 BETHULIE EN DISTRIK: 'N OORSIG

1.3.1 Ontstaan en agtergrond

Die vroegste verwysing na die omgewing waar Bethulie later ontstaan het, was toe majoor Robert J. Gordon, bevelvoerder van die Kasteel-garnisoen in die Kaap, 'n ekspedisie na die binneland onderneem het en in 1777 by die Oranjerivier aangekom het. In sketse wat deur een van sy ekspedisielede van die rivier en die gebied ten noorde (aan die oorkant) daarvan saamgestel is, verskyn die plek waar die latere Bethulie ontstaan het.²⁹ Een van hierdie sketse wys 'n groep koppies wat 'n kloof vorm waardeur 'n stroom water vloei wat uit 'n fontein hoër op ontspring het. By hierdie oase het 'n groep San hulle van tyd tot tyd gevestig. (Sien Bylae 1.1: Bethulie en distrik – Ontstaan en agtergrond.) Trekboere op soek na weiding, veral tydens periodieke droogtes in die Kaapkolonie, het die Oranjerivier met hul veetroppe begin oorsteek en na gelang van die klimaatsomstandighede in die Kaapkolonie, onbepaald hier begin vertoef.³⁰ Wat hierna gevolg het, is die klassieke verhaal van konflik tussen die Trekboere en San³¹ weens veediefstal, en 'n uiteindelijke strafekspedisie waartydens verskeie van die San in die kloof doodgeskiet is. Die kloof het hierna as Moordenaarspoort bekend gestaan.³²

Ander betrokkenheid deur wit mense³³ ten noorde van die Oranjerivier blyk uit sendingwerk wat deur die Londense Sendinggenootskap onder leiding van dr. John Philip onderneem is.³⁴ Dr. Philip het sedert 1826, Adam Kok³⁵ se Griekwas in die Suid-Vrystaat bearbei.³⁶ Vanaf hierdie sendingstasie, wat as Philippolis bekend gestaan het en ten weste van die latere Bethulie geleë is, het twee sendelinge, by name James Clark en John Melville, die oorblywende San by Moordenaarskloof versamel en gepoog om hulle te bearbei deur in 1828 'n sendingstasie daar te begin, bekend as Buschman School.³⁷ Trekboere het begin om meer

²⁹ L. Panhuysen, *Ontdekkingsreisiger of soldaat? Die verkenningstogte van Robert Jacob Gordon (1743-1795) in Suider-Afrika*, pp. 96-98.

³⁰ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., pp. 9-10.

³¹ Inheemse jagter-versamelaars wat as die eerste inwoners van suidelike Afrika beskou word.

³² Pellissier, *Eufoesalbum* ..., pp.10-11.

³³ In hierdie studie word die terme "wit mense" en "swart mense" binne die historiese konteks gebruik van die tydperk waarin die proefskrif afspeel. Geen negatiewe konnotasie word met dié terme geïmpliseer nie.

³⁴ Sendeling van die Londense Sendinggenootskap na wie die dorp Philippolis vernoem is.

³⁵ Adam Kok III, 16.10.1811-30.12.1875, Griekwa-leier van die Griekwastaat met Philippolis as setel tot 1861, waarna die Griekwas na Griekwaland-Oos verhuis het.

³⁶ T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history* (4de uitgawe), pp. 130-131.

³⁷ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., p. 11.

dikwels en vir langer periodes die gebied te besoek, wat later as die Transoranje³⁸ bekend gestaan het.

Intussen het verwikkelinge verder ooswaarts in die latere Natal 'n rimpelingeffek op die omgewing van Bethulie gehad. Die opkoms van die magtige Zulu-koninkryk onder Shaka³⁹ en 'n gevolglike uitdelgingsproses, bekend as die Mfecane/Difaqane⁴⁰ wat hierna plaasgevind het, het so ver as die huidige Botswana gestrek. 'n Splintergroep onder Mzilikazi⁴¹ het uit Natal gevlug en tydens hul vlugtog dood en verwoesting onder ander kleiner stamme gesaai.⁴² Ten einde die aanslag te ontvlug, het vele Betsjoeanastamme uit die omgewing van die huidige Botswana en Noord-Kaap gevlug en so het bykans 3 000 Batlhaping⁴³ onder hoofman Lepui, in 1832 in Philippolis skuiling gesoek. Onder hulle was drie Franse sendelinge van die Paryse Evangeliese Sendinggenootskap, insluitend eerw. Jean Pierre Pellissier. (Sien Bylae 1.1: Bethulie en distrik – Ontstaan en agtergrond.) Die tekort aan weiding het spoedig tot wrywing tussen die Griekwas en Batlhaping gelei en dr. Philip het wyslik besluit om Buschman School aan die Paryse Sendinggenootskap oor te dra sodat Pellissier en sy Batlhaping hulself daar kon vestig.⁴⁴

Met die aankoms van Pellissier en die Batlhaping op Moordenaarspoort in 1833, wat intussen tot Caledon-sendingstasie herdoop is, het Pellissier sy sendingwerk met ywer onder Lepui en sy mense begin. Teen 1839 was daar al 'n hele aantal geboue wat deel was van die sendingkompleks. James Backhouse, 'n sendeling, verwys soos volg na sy besoek aan “Bethulia” in Junie 1839: “the mission house was a humble thatched dwelling of brick. There are also a few adjacent buildings chiefly of clay, comprising a chapel, school house and wagon shed.”⁴⁵

³⁸ Die gebied noord van die Oranjerivier, later bekend as die Oranje-Vrystaat (en tans slegs Vrystaat).

³⁹ Shaka, koning van die Amazulu, wat verantwoordelik was vir die uitdelging van kleiner stamme tydens die proses wat as die Mfecane bekend staan.

⁴⁰ Die periode 1815-1840 toe grootskaalse uitdelging, skrikbewind en gevolglike volksverhuising plaasgevind het weens die uitdelging van ander inheemse groepe deur hoofsaaklik Shaka Zulu en Mzilikazi.

⁴¹ Mzilikazi (word ook geskryf as Moselekatse of Silkaats), een van Shaka se generaals wat by hom in onguns verval het. Hy het met van sy volgelinge gevlug en in die proses verdere aanvalle op inheemse stamme in die binneland van Suid-Afrika geloods.

⁴² G.E. Cory, *The rise of South Africa 1838-1846* 4, pp. 8-9.

⁴³ Volgens T. Keegan eerder ongeveer 1 200 Batlhaping, maar Pellissier se getal, verkry uit argiefbronne, word as korrek aanvaar.

⁴⁴ Pellissier, *Eeupeesalbum ...*, p. 13; T. Keegan, “Dispossession and accumulation in the South African interior: The Boers and the Tlhaping of Bethulie, 1833-1861”, *The Journal of African History* 28(2), 1987, p. 192.

⁴⁵ K. Schoeman, *Early white travellers in the Transgariep 1819-1840*, p. 112.

Nie net is 'n sendinghuis en kerk deur die sendingboumeester C. Gosselin vir Pellissier opgerig nie, maar tuine en selfs landerye is onder Pellissier se leiding aangelê.⁴⁶ Vanuit die sendinghuis het Pellissier kennis geneem van 'n grootskaalse volksverhuising vanaf veral die Oos-Kaap, wat as die Groot Trek bekend gestaan het, en hoe hierdie groep wit mense hulle ten noorde van die Oranje- en Vaalrivier begin vestig het. Konflik tussen verskeie van die nuwe, asook bestaande groeperinge, wat hulself nou in die sentrale gedeelte van Suid-Afrika bevind het, het daartoe aanleiding gegee dat die Transoranje in 1848 as Britse grondgebied geannekseer is, waarna Pellissier se sendingstasie deel gevorm het van die Oranjerivier-Soewereiniteit met majoor Henry Douglas Warden as Britse resident.

Die sendingbedrywighede in die Suid-Vrystaat het intussen verder uitgebrei toe sommige van Pellissier se medesendingbroers ten ooste van Caledon nog 'n sendingstasie gevestig het, dié te Carmel wat meer in die omgewing van die latere Smithfield geleë was. Pellissier en sy gade, Martha, het die sendingtaak onder moeilike omstandighede aangepak. Weerbarstigheid, dronkenskap, diefstal en gereelde vetes met Lepui was oor die volgende paar dekades deel van die sendelinge se uitdagings.⁴⁷ 'n Reisiger verwys in 1839 na die aantal Batlhaping wat hulself by die sendingstasie gevestig het: “[A]long the winding foot of a ridge of tumbled basalt, lay the habitations of the natives, who were of different Bechuana tribes, but chiefly Barolongs. Their establishments generally consisted of a low, circular thatched hut, and of two or three mat huts for their servants ... cattle kraals of sticks and stones interspersed, formed this little city of 2 000 inhabitants.”⁴⁸

'n Veel groter probleem het ontstaan toe wit boere hulle permanent in die omgewing van die sendingstasie begin vestig het en van die grond, waarop die sendingstasie aanspraak gemaak het, van Lepui begin koop het.⁴⁹ Volgens Lepui het die grond aan die Batlhaping behoort terwyl Pellissier dit as sendinggrond beskou het, aldus 'n brief in hierdie verband wat uit 1834 dateer en waarin dr. Philip die grond aan die sendinggenootskap oorgedra het.⁵⁰ Met die ontstaan van die Vrystaat as 'n onafhanklike Boererepubliek in 1854, het druk op die sendingstasie verder toegeneem toe die Vrystaatse Volksraad 'n finale besluit oor die eiendomsreg van die sendinggrond geneem het deur slegs 8 567 ha aan die sendingstasie, en die res van die grond aan Lepui toe te sê. Spoedig is die laaste van hierdie grond deur Lepui

⁴⁶ Pellissier, *Eeufeesalbum* ..., p. 17.

⁴⁷ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier* ..., p. 533.

⁴⁸ Schoeman, pp. 112-113.

⁴⁹ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier* ..., pp. 499-502.

⁵⁰ *Ibid.*, p. 204.

verkoop en was hy en die meeste van sy volgelinge verplig om die sendingstasie te verlaat, waarna hy en meeste van die Batlhaping in 1861 na Khoro-Khoro in Basotholand (die hedendaagse Lesotho) verhuis het.⁵¹ 'n Sindikaat van vier persone wat intussen deur van die boere gevorm is, het besluit om 'n dorp te stig, waarna erwe deur 'n landmeter uitgemeet is en tydens 'n veiling in Junie 1862 verkoop is. Die dorp, wat in sy bestaan agt naamsveranderinge sou ondergaan, het uiteindelik Bethulie geheet en op 4 Maart 1863 het die Volksraad amptelike erkenning aan Bethulie as dorp verleen.⁵²

Bethulie se geskiedenis was hierna sinoniem met dié van die Vrystaatse Republiek. Oor die volgende dekades het die geleidelike ontwikkeling van infrastruktuur op die dorp en distrik, kleurrike persone (soos die latere mynmagnaat, Joseph Benjamin Robinson, kommandant Louw Wepener, Jacobus Johannes Venter wat as staatspresident waargeneem het, en ander presidente wat die dorp besoek het), 'n paar oorloë teen die Basotho,⁵³ 'n grensgeskil oor Kimberley, asook die mineralewelvaart in die binneland, deel van hierdie dorp se geskiedenis uitgemaak.⁵⁴ Bethulie se ekonomiese groei het 'n groot hupstoot gekry danksy die bekwame Herman Klynveld,⁵⁵ volksraadslid van Bethulie vanaf 1871 tot 1902. Hy het toegesien dat die dorp voordeel trek uit die beplande spoorroete in die Vrystaat wat daartoe gelei het dat die Oos-Londen spoorroete digby die dorp verbyloop waar dit op die plaas Springfontein van Leonardus Bohmer, wat deel was van die distrik, by die Vrystaatse hooflyn aansluit.⁵⁶ Hierdie gebeure het 'n groot impak op die dorp se vooruitgang gehad, veral weens landbouprodukte wat makliker na afsetgebiede in die mineraalryke dorpe soos Kimberley en Johannesburg vervoer kon word.⁵⁷ Voorts het selfs die sendinggeskiedenis van die distrik met die bou van die spoorlyn herlewe toe die Berlynse Sendinggenootskap in Junie 1893 vir eerw. Christoph Sandrock opdrag gegee het om 'n sendingstasie by die aansluiting van die Oos-Londen na Witwatersrand-spoorlyn op die plaas Springfontein te open ten einde sendingwerk te doen onder die groot aantal swart arbeiders wat betrokke was by die bou en instandhouding van die spoorlyn en daar 'n kamp gehad het. Die sendinggenootskap het in November 1896

⁵¹ W.W. Collins, *Free Statia: Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State*, p. 162; Pellissier, *Jean Pierre Pellissier ...*, pp. 521-524, 530; Keegan, p. 202.

⁵² Pellissier, *Jean Pierre Pellissier ...*, pp. 503-504, 523, 530-531, 553-554.

⁵³ Volgens die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 1, p. 586, ook bekend as Basoeto. Volgens die jongste publikasie *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* onder redaksie van Fransjohan Pretorius, genoem Basotho.

⁵⁴ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1881-1899* 4, pp. 350-355, 403, 505.

⁵⁵ Ook gespel Klijnveld, maar Herman Klynveld het dokumentasie onderteken as "Klynveld".

⁵⁶ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier...*, p. 558.

⁵⁷ Davenport, pp. 184-185.

die plaas Springfontein aangekoop en in twee plase, te wete Gerlachsthal en Berlin, verdeel. Sendinggeboue is langs die nuwe stasie, wat as Springfontein-stasie bekend gestaan het, opgerig.⁵⁸

1.3.2 Infrastruktuur: Strate, erwe, kerke en algemene argitektuur

Bethulie was met die aanvang van die Anglo-Boereoorlog in 1899 een van die grootste distrikte in die Suid-Vrystaat, met Smithfield aan die oostekant, Fauresmith en Philippolis aan die westekant en Bloemfontein ten noorde as buurdistrikte. Die Bosjespruit vloei aan die westekant deur hierdie distrik, terwyl die suidelike grens deur die Oranjerivier gevorm word. Twee spoorlyne loop deur hierdie distrik wat tot by Springfontein strek, met 'n halte by Priors en 'n klein stasie op die hooflyn by Springfontein, asook 'n stasie by Bethulie op die Oos-Londen-trajek. (Sien Bylae 1.2: Bethulie-distrik en spoorroete, 1899.) Twee groot brûe oor die Oranjerivier, naamlik 'n wabrug en spoorbrug, het hierdie distrik reeds voor 1899 met die Kaapkolonie verbind.⁵⁹

Sedert die dorp se amptelike stigting in 1863 was Joubertstraat⁶⁰ die hoofstraat van Bethulie. (Sien Bylae 1.6: Bethulie-dorp, 1899.) Die ander belangrike straat was Kerkstraat⁶¹ wat na die Bethulie-wabrug gelei het.⁶² Volgens die Bethulie-erfregister van 1864-1931 het die dorp in 1899 oor 585 erwe beskik. In 1899 het daar 23 eiendomstransaksies plaasgevind, waarvan die laaste transaksie kort voor die uitbreek van die oorlog op 22 September 1899 geregistreer is met die aankoop van twee erwe deur Johannes Petrus Roux, een in Louwstraat en een in Burnetstraat. Die Vrystaatse regering het op 12 en 13 Junie 1899 agt erwe teen £40 elk in onderskeidelik Robertson-, Martin- en Wesstraat aangeskaf.⁶³

Volgens foto's van 1898 het hierdie boomryke dorp oor groot erwe beskik waarvan etlike met 'n netjiese klipomheining gespog het. (Sien Bylae 1.3: Bethulie-infrastruktuur – Geboue.) 'n Dorpsdam is in 1892 in die Moordenaarskloof gebou, waarvandaan water met 'n leivoor na

⁵⁸ D. Britz, "The life and times of the Rev. Christoph Sandrock during the Anglo-Boer War at Springfontein, (1899-1903)". Referaat aangebied by die konferensie oor Christelike Sendings in die 19de en 20ste eeu Suider-Afrika en in vergelykende perspektief, Rhodes Universiteit in samewerking met die Berliner Gesellschaft für Missionsgeschichte 5, Grahamstad, 9-11 Julie 2007, pp. 1-2; D. Britz "The life and times of Christoph Sandrock, missionary of the Berlin Mission Society during the Anglo-Boer War (1899-1902) at Springfontein, South-Africa", *Studia Historiae Ecclesiasticae* 38(2), Desember 2012, pp. 1-13.

⁵⁹ R.C. de Jong, "Vondsten uit het NZAV-archief – spoorbrug half vijf gesprongen", *Zuid-Afrika*, November-Desember 1983, pp. 154-155; Pellissier, *Jean Pierre Pellissier* ..., pp. 559, 561.

⁶⁰ Joubertstraat is vernoem na Henning Joubert, een van die lede van 'n groep van vier wat 'n dorp (Bethulie) wou aanlê.

⁶¹ Sedert 1938 Voortrekkerstraat na die besoek van die Louis Trichardt-wa aan die dorp.

⁶² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Bethulie munisipale kaart, 1971.

⁶³ NASA, VAB, CO, AKT, 50, 2/3/2/5: Standregister – Bethulie magistrates erven register, 1864-1931.

die onderskeie erwe gelei is. Dit het meegebring dat watererwe hoër pryse as droë erwe behaal het. 'n Park is in die poort aangelê en is beplant met bome wat vanaf kwekerye te Tokai, Kluitjieskraal en Uitenhage in die Kaapkolonie bestel is.⁶⁴ Die dorp het in 1899 oor drie kerke beskik waarvan ds. H.J.C. Becker se Nederduits Gereformeerde (NG) gemeente en kerkgebou die grootste was. Die hoeksteen van die kerk is in 1886 deur president J.H. Brand⁶⁵ gelê en is deur boumeesters Laing & Royce van Queenstown opgerig en in 1887 ingewy.⁶⁶ Selfs besoekers uit die Kaapkolonie en Brittanje het na die mooi en indrukwekkende kerkgebou in die Gotiese-herlewingsstyl verwys wat tegelyk ook die ekonomiese welvaart van hierdie gemeente weerspieël het. Hierdie gebou in Greystraat was in 1899 die mees suidelike baken van die dorp en het die eerste kerkgebou (Ou Kerk) van 1864, wat onder leiding van Louw Wepener⁶⁷ opgerig is en later as kerksaal gebruik is, vervang. Die kerk se pastorie wat in 1871 in Markstraat (die latere Pellissierstraat) opgerig is, was een van die min geboue op die dorp met 'n staandak.⁶⁸

Die Bethulie Gereformeerde gemeente was die tweede oudste in die Vrystaat. Die kerkgebou, wat in 1878 ingewy is, is aan die noordekant van die dorp geleë. Eredienste is onder leiding van ds. Willem Postma gehou.⁶⁹ Ander kerkgeboue op die dorp was die ou Sendingkerk met 'n strooidak wat deur eerw. Jean Pierre Pellissier opgerig is, maar wat in 1862 in 'n woonhuis met siergewels omskep is, asook die Anglikaanse Kerk met eerw. (Reverend) James Glover wat eredienste vir die Engelssprekendes op die dorp gelei het. (Sien Bylae 1.4: Bethulie-infrastruktuur – Strate, erwe, kerke en algemene argitektuur.) Die Anglikaanse kerkgebou, wat uit ongeveer 1871/1872 dateer het, was 'n nederige struktuur met 'n vloer van miershoop en 'n staandak van sink, maar sonder 'n plafon.⁷⁰

Die dorp se oostelike grens (Oosstraat) het in 1899 tot net duskant Adams Well⁷¹ ('n dorps-waterput) in Joubertstraat gestrek, met slegs enkele huise in hierdie rigting. Foto's van die dorp kort voor die oorlog toon dat die meeste woonhuise platdakstrukture was, opgerig volgens die Karoostyl,⁷² 'n argitektuurstyl wat veral in die Noordoos-Kaapkolonie en Suid-

⁶⁴ Pellissier, *Eufoesalbum* p. 49.

⁶⁵ Johannes Henricus Brand (6.12.1823-4.7.1888), vierde staatspresident van die OVS, 1864-1888.

⁶⁶ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., p. 94.

⁶⁷ Lourens Jacobus Wepener, 21.7.1812-15.8.1865, kommandant en plaasboer by Bethulie wat in 1865 tydens die Tweede Basotho-Vrystaatoorlog gesneue het.

⁶⁸ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., pp. 81, 96.

⁶⁹ *Ibid.*, pp. 44, 122-123.

⁷⁰ *Ibid.*, p. 129.

⁷¹ Vernoem na James Adams, 'n Engelssprekende, wat die erf besit het.

⁷² 'n Inheemse pioniersboustyl wat veral in die Karoo voorkom en gewoonlik die vorm aangeneem het van 'n vierkantige of langwerpige platdakstruktuur.

Vrystaat gewild was. Die meeste huise het oor 'n klipstoep beskik terwyl enkeles selfs oor 'n gegolfdde stoepdak (veranda) en siertraliewerk van hout beskik het. Huise is afgewit en op die straatfront opgerig ten einde die erf maksimaal vir vrugtebome en groentetuine te benut. 'n Aanbouing of twee aan die agterkant van vele van hierdie wonings het Bethulie meer na 'n dorp in die Kaapkolonie as na 'n Vrystaatse dorp laat lyk. Heelwat van hierdie geboue is deur mnre. Peter Waugh, W.M. Coombs, J. Viljoen, of J. Wiesner opgerig, omrede hulle vir talle jare voor en na 1899 die plaaslike bouaannemers op die dorp was. 'n Paar van hierdie wonings het aan welvarende boere in die distrik behoort en is vermoedelik as tuishuises of kerkhuises⁷³ opgerig. Volksraadslid J.C. de Waal⁷⁴ het byvoorbeeld na hul “kerkhuisie” op die dorp verwys.⁷⁵ Enkele geboue wat in 1899 in die meer kontemporêre Victoriaanse styl⁷⁶ opgerig is, het oor staandakke beskik. So was die landdroskantoor, kerke, Royal Hotel, pastorie, Pellissier-sendinghuis en sommige besighede van die min geboue op die dorp wat oor staandakke beskik het. (Sien Bylae 1.3: Bethulie-infrastruktuur – Geboue.) Die strate van die dorp was volgens foto's breë grondbane waarvan sommige baie klipperig voorkom.

1.3.3 Bekende families en inwoners

Teen 1899 is die wit inwonertal van die Vrystaat op ongeveer 93 000 persone bereken, waarvan ongeveer 15 000 Engelssprekendes was.⁷⁷ Dit is nie bekend hoeveel van hierdie persone in Bethulie-distrik woonagtig was nie, asook wat die presiese getal Engelssprekendes op die dorp was nie. Wat wel bekend is, is dat die nasate van die Pellissier-familie in 1899 van die mees vooraanstaande families op Bethulie was, juis vanweë hul historiese verbintenisse met die dorp. Martha Pellissier, eerw. Pellissier se eggenote wat op 17 Oktober 1887 oorlede is, was die laaste direkte skakel met die dorp se sendinggeskiedenis. Van dié sendeling se kinders en kleinkinders is later met bekende families en rolspelers in die Suid-Vrystaat en selfs Suid-Afrika getroud. So is Samuel Pellissier, seun van die sendeling, met Elise Roux, dogter van ds. Pieter Roux na wie die dorp Rouxville vernoem is, getroud.⁷⁸ Van die Pellissier-nageslag was selfs deur huweliksbande met die Holm-familie verbind wie se

⁷³ Sommige boere het huise op die dorp besit, waar hulle met Nagmaal tuisgegaan het. Daar is in die verkleiningsvorm na hierdie huise verwys omrede dit heelwat kleiner as hul plaaswoning was.

⁷⁴ Jan Christoffel de Waal, volksraadslid vir Bethulie en later vir Wyk Slikspruit, Smithfield, in 1899.

⁷⁵ K. Schoeman (red.), *Die herinneringe van J.C. de Waal*, p. 78.

⁷⁶ 'n Boustyl wat tydens die regering van koningin Victoria van Brittanje baie gewild was en bekend is vir sy oordadige argitektoniese versierings.

⁷⁷ NASA, VAB, OR, 51, 21a: Statistiek van inwoners geregistreerd in dezen Staat 1896-1899; G. Tylden, *The armed forces of South Africa: With an appendix on the commandos*, p. 19.

⁷⁸ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier...*, pp. 496-497.

voorvader, Adolph Holm, die pont oor die Oranjerivier by Bethulie bedryf het.⁷⁹ Die laaste twee bekende Pellissier-nasate was Mabel Jansen, née Pellissier, dogter van Samuel Pellissier en eggenote van dr. E.G. Jansen, die latere goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, asook haar broer, dr. Samuel Henri Pellissier, vader van die Afrikaanse Volksang- en Volkspalebeweging.⁸⁰

Ander bekendes sluit in die Kolbe's van die plaas Sterkfontein wie se oupa een van die eerste sendelinge in die omgewing was, asook die Norval-familie van Norvalspont. Voorts was daar nog bekende families soos die Grobbelaars van die plaas Cyferfontein en die Engelbrecht-familie van die plaas Strydpoort, wat almal welvarende boere in die distrik was, asook die Du Plooy's van die plaas Diepfontein en die McDonald's van die plaas Jakhalsfontein wat 'n leidende rol in die dorp se ontwikkeling op kerklike en militêre gebied gespeel het. Verskeie Engelssprekendes soos die Gunn's, Harveys, Yelling's en Prior's wat afstammelingen van 1820 Britse Setlaars is, was in die dorp of distrik woonagtig.⁸¹ Verder het Duitse handelaars soos die Dittmar's, Rampf's en Bilse's sake op die dorp bedryf, terwyl dr. W.H. Wohlers, wat van Duitse oorsprong was, een van die dorp se mediese praktisyn was. Ander vanne soos Klynveld het herinner aan die sterk band van die Vrystaat met Nederland. Nog inwoners van ander nasionaliteite op die dorp was R.D. Nicolaissen, 'n ingenieur van Deense herkoms, dr. V.W.T. Werdmuller van Switserse afkoms en H. Levin, die plaaslike Joodse kleremaker.⁸²

Bethulie se informele dorpsgebied het uit die swart woonbuurt, bekend as "Frankfort se lokasie",⁸³ bestaan. Hierdie woonbuurt is in Oktober 1892 vanaf die noordooste na die suidoostekant van Bethulie verskuif, waarna dit ter ere van die Batlhaping-hoofman, tot Lepui-woonbuurt herdoop is.⁸⁴ Hier het die Batlhaping gewoon wat verkies het om nie saam met hul hoofman na Basotholand te trek nie. Soos genoem, was dit nadat Lepui sy laaste grond aan wit boere verkoop het en hy en sy volgelinge derhalwe haweloos was. Ten spyte daarvan dat die meeste van Lepui se volgelinge saam met hom getrek het, het die

⁷⁹ *Ibid.*, pp. 560-561.

⁸⁰ *Ibid.*, pp. 669-670.

⁸¹ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

⁸² Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, pp. 326-330.

⁸³ Uit geraadpleegde bronne is dit nie duidelik waarom Bethulie se swart dorpsgebied as "Frankfort" bekend was nie.

⁸⁴ Pellissier, *Eeufeesalbum ...*, p. 49. Uit geraadpleegde bronne was dit nie duidelik hoekom die dorp Bethulie se swart woongebied oorspronklike as Frankfort bekend gestaan het nie.

sensusopname van 1890 getoon dat daar in daardie stadium meer swart inwoners in “Frankfort se lokasie” was, as wit inwoners in Bethulie-dorp.⁸⁵

Na die Batlhaping se vertrek vanaf Bethulie het die dorp se sendinggeskiedenis grootliks tot ’n einde gekom. Eerw. Pellissier het egter na 1863 steeds die oorblywende lede van sy eens groot kudde geestelik versorg, spesifiek nadat ’n groep van hulle verkies het om hulself as arbeiders op omliggende plase en selfs in die dorp te verhuur.⁸⁶ Dit was nadat OVS-wetgewing in 1854, 1856 en 1860 teen landlopery en plakkerie wat ten doel gehad het om die probleem van veediefstal en rondlopery te bekamp, dit ’n oplossing gebied het vir die arbeids-tekort op veral plase, ook in die Bethulie-distrik, aangesien dit swart mense verplig het om arbeidsaam te wees. Die Vrystaatse regering se siening was dus dat swart mense se grootste ekonomiese bydrae hul arbeid was, maar dat hulle deur wetgewing daartoe gedwing moes word.⁸⁷

Kort nadat Bethulie dorpstatus ontvang het, is Ordinansie Nr. 7 van 1866 aanvaar wat bepaal het dat jaarlikse hutbelasting van £0.0.10 per hut vir swart mense, wat nie by wit mense in diens was nie, gehef moes word. Dit is in 1878 uitgebrei toe ’n verdere belasting, bekend as kopbelasting, van £0.0.10 per jaar gehef is op alle swart manlike persone tussen 18 en 70 jaar wat nie werksaam was nie. Alhoewel swart mense dus as inwoners van die Vrystaat gesien is, het hulle egter oor geen burgerregte beskik nie en was daarom polities en ekonomies aan wit mense onderhorig.⁸⁸ Hierdie situasie het in 1893 nog voortgeduur, spesifiek nadat die Vrystaatse *De Express*-koerant hierdie situasie opgesom het met die woorde: “De positie van blanken en swarten in het algemeen is en blijft eens voor altoos die van bazen tegenover dienstknechten. De hoogste belangen van de kleurlingen worden bevorderd wanneer zij in ons goede heeren vinden en hunne eer er in te stellen om goede diensboden uit te maken.”⁸⁹

Volgens Pellissier het 300 swart mense, na Lepui se vertrek in 1861, hulself hierna nog op die dorp bevind en het sy gemeente toe uit “’n gemengde een van Betsjoeanas, vrygemaakte slawe en Hottentotte” bestaan.⁹⁰ Pellissier beskryf hoe sy kerkdienste deur sowat 150 mense

⁸⁵ H.J. van Aswegen, “Die verstedeliking van die nie-blanke in die Oranje-Vrystaat 1854-1902”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970, p. 21.

⁸⁶ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier* ..., pp. 461, 471.

⁸⁷ H.J. van Aswegen, “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat, 1854-1899”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 5, November 1973, p. 59.

⁸⁸ *Ibid.*, pp. 52, 59.

⁸⁹ *De Express en Oranjevrijstaatsch Advertentieblad* (hierna *De Express*), 10.2.1893, p. 3.

⁹⁰ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier* ..., p. 474. Wanneer tydgenootlike historiese terme soos “Hottentotte” aangehaal word, word geen negatiewe konnotasie geïmpliseer nie.

bygewoon is, waarvan slegs 'n dertigtal aangenome lidmate was.⁹¹ Sy gemeente is aangevul met enkele ontwortelde Griekwa-families soos die Sakman- en Rouls-families wat hulself later in die Frankfort-lokasie by Bethulie gevestig het nadat Adam Kok en sy Griekwas Philippolis in 1861 verlaat het toe hierdie dorp deel van die Vrystaatse grondgebied geword het. Omrede sy eerste sendingkerk in die wit dorpsgebied geleë was, was Pellissier na 1863 verplig om 'n nuwe kerkgebou buite die dorpsgrens op te rig van waar hy, tot en met sy dood op 11 Junie 1867, met sy sendingwerk voortgegaan het. Die Franse sendingtyd in hierdie dorp se geskiedenis het met sy afsterwe finaal tot 'n einde gekom.⁹² Teen 1899 was Nederlands- en Engelssprekendes dit eens dat die verhouding tussen wit en swart in die Vrystaat steeds dié van wit opperheerskappy en toesig oor swart mense moes wees. Die Vrystaatse grondwet van 1854 het per slot van sake, in Artikel 1, dit duidelik gemaak dat burgers van hierdie nuwe staat slegs uit wit inwoners sou bestaan, 'n besluit wat uiteraard ook in Bethulie toegepas is.⁹³

1.3.4 Volksraadslede

H.A.L. Hamelberg,⁹⁴ skrywer van die Vrystaatse volkslied, is in 1871 as volksraadslid vir Bethulie-dorp deur Herman Klynveld opgevolg.⁹⁵ Klynveld, wat in 1832 in Amsterdam gebore is, was as wetsgeleerde nie net 'n uitstekende redenaar nie, maar was ook Frans, Duits en Engels magtig. In April 1863 het hy in die huwelik getree met Charlotte Caroline Pellissier, die dogter van eerw. Pellissier, en uit hierdie verbintenis is agt kinders gebore.⁹⁶ Hy is kort na sy verkiesing as volksraadslid, die pos van assistent-regter van die Vrystaatse Hof van Appèl aangebied, maar het dit weens sy uitgebreide sakebelange van die hand gewys. Klynveld, wat 'n uitmuntende politikus was, was lid van verskeie kommissies van die Volksraad. Sy aansien as gesoute politikus blyk uit die uitnodiging om teenwoordig te wees toe president F.W. Reitz⁹⁷ van die Vrystaat op 9 Maart 1889 te Potchefstroom die Handels- en Vriendskapsooreenkoms, asook die Spoorwagooreenkoms (Potchefstroom Verdrag), met die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gesluit het, wat in Julie 1897 uitgebrei is om selfs

⁹¹ *Ibid.*, p. 470.

⁹² *Ibid.*, pp. 472, 479.

⁹³ Van Aswegen, "Die posisie van ...", p. 42.

⁹⁴ Henrik Antonie Lodewijk Hamelberg (2.5.1826-29.9.1896), regsgeleerde en Vrystaatse volksraadslid vir Bethulie vanaf 1864 tot 1871 en later konsul-generaal van die Vrystaat in Nederland.

⁹⁵ Pellissier, *Eeufeesalbum ...*, p. 28.

⁹⁶ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier ...*, p. 494.

⁹⁷ Francis William Reitz (5.10.1844-27.3.1934), vyfde staatspresident van die Vrystaat en later staatsekretaris van die ZAR tydens die Anglo-Boereoorlog.

wedersydse militêre bystand te verleen.⁹⁸ Dat die skrande Klynveld aansien in die Vrystaatse Volksraad geniet het, blyk uit die feit dat hy en Abraham Fischer,⁹⁹ ná die Jameson-inval (29 Desember 1895 tot 2 Januarie 1896), deur die Volksraad afgevaardig is om met die Kruger-regering te konsulteer oor die pad vorentoe. Sy aansien in die Volksraad was tot groot voordeel vir Bethulie, spesifiek rakende sake wat hy in belang van die dorp bepleit het, soos die toekenning van munisipale bestuur aan Bethulie in 1875. Danksy Klynveld se bemiddeling en as voorstander van spoorwegontwikkeling, is die dorp hierdeur verder bevoordeel met die Oos-Londen-spoorlyn wat verby Bethulie geloop het. As een van die senior lede van die Volksraad en vertroueling van president M.T. Steyn¹⁰⁰ van die Vrystaat, is hy in 1897, na 25 jaar se diens in die Volksraad, met 'n spesiale goue snuifdoos beloon.¹⁰¹ Benewens Klynveld, was Bethulie in 1899 deur nog twee volksraadslede verteenwoordig, naamlik F.C. van Wyk vir Wyk Bosjespruit (1895-1899) en N.J.J.J. van Rensburg vir Wyk Grootrivier (1897-1902). Van Wyk is middel 1899 deur Johan Casimir Kolbe opgevolg.¹⁰²

1.3.5 Amptenary en munisipale beamptes

Die staat se mees senior amptenaar in Bethulie was landdros Andrew James Wolhüter¹⁰³ wat nie alleen die wetlike gesag op die dorp was nie, maar verder as plaaslike regerings-vertegenwoordiger gedien het. Hy is hierin bygestaan deur landdrosklerk, J.J. Ellinckhuysen, en die plaaslike balju, C.E.J. Bilse, terwyl A.J. Venter die hoofkonstabel en B.M. de Klerk die konstabel was.¹⁰⁴ Kommunikasie het geskied deur die plaaslike poskantoor wat in 1881 opgerig is en waar W. van Hirschberg die posmeester was, met J. Pretorius as assistent en S. Holm as telegrafis. In 1899 het William Glass die kontrak gehad om drie keer per week die pos tussen Bethulie en Smithfield per perdekar te vervoer.¹⁰⁵ Die stasiemeester was C.J. Engelbrecht, met J.A. Kruger as kruier. Op Bethulie was daar verskeie kommissies en

⁹⁸ S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, pp. 166-167.

⁹⁹ Abraham Fischer (9.4.1850-13.11.1913), Vrystaatse volksraadslid en voorsitter tydens die Bloemfontein-konferensie in 1899.

¹⁰⁰ Marthinus Theunis Steyn (2.10.1857-28.11.1916), die sesde en laaste staatspresident van die Vrystaat.

¹⁰¹ D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* 3, p. 485.

¹⁰² NASA, VAB, VR, 1898: Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad in zijne gewone jaarlijksche zitting, 4.3.1898, p. 3; *Gouvernements Courant*, 29.4.1898, p. 391.

¹⁰³ Andrew James Wolhüter, gebore in Pietermaritzburg; sedert 9 Junie 1897 die landdros op Bethulie en in 1899 reeds 18 jaar in diens van die Vrystaatse regering.

¹⁰⁴ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, p. 327.

¹⁰⁵ NASA, VAB, OR, 62: Opgaaft van postvervoer, 1.1.1899, p. 23; NASA, VAB, Publieke Werken Departement (hierna PWD), 1/230, 5/22/3: Plan – Telegraafkantoor te Bethulie, 1881.

rade, soos die Lisensieraad, Boukommissie, Weeskamer en Heemraad, met verskeie wit manlike inwoners uit die distrik wat van tyd tot tyd as vrederegters benoem is.¹⁰⁶

Wat onderwyssake betref, was meester J.J. van Heerden, wat oor 'n matriekkwalifikasie beskik het, in 1899 die skoolhoof op Bethulie-dorp. Hy is deur drie onderwysassistent, mejj. D. Flink, I. Lindenberg en E. Waugh, bygestaan. Die skool op die hoek van Roux- en Joubertstraat het in 1898 oor 109 leerlinge beskik. Van die klasse wat aangebied is, het onder meer skryf, spel, “rekenne” [sic] en sang ingesluit. Mej. Lindenberg, wat sedert 1897 aan die skool verbonde was, het “teekenen en vrouwelike handewerk” aangebied, asook “een tonic solfa klasse”, en was verder verantwoordelik vir die kindertuin.¹⁰⁷ Mejj. Waugh en Flink was verantwoordelik vir die opvoeding van die groter kinders. Volgens 'n verslag van 6 Mei 1898 was die skoolgebou in 'n treurige toestand en is daar in antwoord hierop in Maart 1899 planne ingedien vir 'n nuwe skoolgebou, maar dit is met die uitbreek van die oorlog laat vaar.¹⁰⁸ Die verslag het voorts melding gemaak van die gebrek aan orde in sommige van die klasse, terwyl lees, skryf en spelling maar as swak beskryf was. Op Springfontein was 'n Spoorwegskool wat veral deur kinders van spoorwegwerkers en die omliggende plase bygewoon is.¹⁰⁹

In die distrik was daar in 1899 verskeie plaasskole wat elk onder beheer van 'n verkose skoolkommissie was. Een van hierdie skole, met 30 ingeskrewe leerlinge, was op die plaas Vlakfontein in Wyk Grootrivier geleë waar G. Kotze die skoolmeester was. Die skool het oor 'n swartbord en nege geografiekaarte beskik. Op die plaas Kroonpost in Wyk Grootrivier was 'n skool met 32 leerlinge waar meester D.B. Malan sedert 1897 die skoolhoof was. Hierdie skool wat oor 'n swartbord en 13 geografiekaarte beskik het, en beskryf is as 'n stewige struktuur wat selfs oor 'n plankvloer beskik het, is tydens die Anglo-Boereoorlog vernietig.¹¹⁰ Die afleiding is dat daar in 1898 ook 'n skool op die plaas Kransfontein was, omrede die voorsitter van die skoolkommissie, A.J. Wilken, 'n advertensie vir 'n rondgaande onderwyser geplaas het. Die persoon moes 'n enkellopende, manlike persoon en lid van 'n Gereformeerde Kerk wees en sou 'n vergoeding van £120 per jaar ontvang. Selfs hierdie skoolgebou is gedurende die Anglo-Boereoorlog vernietig.¹¹¹ Nog 'n plaasskool het gefunksioneer op die

¹⁰⁶ NASA, VAB, GS, 2192: Lyst van amptenaren, 1881-1899; NASA, VAB, GS, 2191: Schutmeesters, Districts Raad, Bouwkommissies, Taxateurs, 1881-1899.

¹⁰⁷ NASA, VAB, GS, 379.685: Verslag van den Superintendent Onderwijs, 1898, pp. 8-9.

¹⁰⁸ NASA, VAB, PWD, 2/368, 5/20/15: Plan – Schoolgebouw te Bethulie, 1899.

¹⁰⁹ NASA, VAB, GS, 379.685: Verslag van den Superintendent Onderwijs, 1898, pp. 8-9.

¹¹⁰ *Ibid.*

¹¹¹ *Gouvernements Courant*, 19.8.1898, p. 321.

plaas Vogelfontein waar meester Gerhardus Stephanus Coetzee die hoof was. Ook hierdie skool het nie die verwoesting van die oorlog vrygespring nie, aldus Coetzee se eis in 1903 aan die Central Judicial Commission (CJC).¹¹² In Wyk Bosjespruit was A.J. Louw in 1897 die skoolmeester van die plaasskool Kareeboomfontein, wat oor 14 leerlinge beskik het.¹¹³

Wat munisipale sake en bestuur betref, was die dorpsbestuur in die hande van Herman Klynveld, H.J. de Villiers, E.P.L. Kruger, V.W.T. Werdmuller en J.H.W. Dittmar, met laasgenoemde wat as sekretaris opgetree het. Johannes Jacobus Snyman was verantwoordelik om die strate van Bethulie in 'n goeie toestand te hou.¹¹⁴ Bethulie het in 1899 oor vier sportverenigings beskik. Die tennisklub was onder die voorsitterskap van S.H. Warne met J.P. Pellissier as sekretaris. Hierdie tennisbaan is agter die sendinghuis van die Pellissier-familie aangelê. Ander verenigings het 'n gholfklub onder voorsitterskap van dr. Werdmuller, 'n krieketklub onder S.H. Warne en 'n skietvereniging met F. Gunn as sekretaris, ingesluit.¹¹⁵

1.3.6 Sakesektor en professionele dienste

Te oordeel aan die aantal algemene handelaars in 1899 op die dorp, het Bethulie oor 'n gesonde ekonomie beskik, spesifiek as dit met omliggende dorpe vergelyk word wat op daardie tydstip oor slegs twee tot drie handelaars per dorp beskik het.¹¹⁶ So het mnre. George Beamish, J.H.W. Dittmar, F.P. Gunn, H.A. Rampf en J.C. Venter elk 'n winkel op die dorp bedryf, terwyl mnre. John Edward Wright, asook die firma Reitz & Schröder, elk 'n winkel op Springfontein gehad het. Elk van hierdie handelaars het voorts oor 'n winkelassistent beskik. Sake op die dorp was so voorspoedig dat daar selfs plek was vir 'n horlosie- en juwelierszaak met E.H. Bilse as eienaar. Omrede Bethulie op 'n belangrike spoorroete geleë was, het die dorp oor twee hotelle beskik met W.R. Dobbin wat die eienaar van die Royal Hotel was en W. Gunn die eienaar van die Bethulie Hotel. Hierbenewens was daar vier losieshuise wat onderskeidelik aan mnre. D.J.E. Bothma en mev. H.T. de Villiers, F. Naser en H. Schaefer behoort het. Dit is duidelik dat daar genoeg akkommodasie vir reisigers op hierdie besige spoorroete was. Die hoeveelheid koring wat in die distrik verbou is, is by die meulenaar, J. Coetzee, gemaal en die gemeenskap se daaglikse brood is deur drie bakkers, mnre. W. Grounow, J.C. Kruger en T.J. van Rensburg voorsien, wat hierbenewens elk ook 'n eie

¹¹² NASA, Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), CJC, 1308, 161: Gerhardus Stephanus Coetzee, 14.9.1903.

¹¹³ NASA, VAB, GS, 379.685: Verslag van den Superintendent Onderwijs, 1898, pp. 8-9.

¹¹⁴ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, pp. 326-330.

¹¹⁵ *Ibid.*

¹¹⁶ *Ibid.*, pp. 298-305.

slaghuis bedryf het. Die meer welvarende plaaseienaars het huise op die dorp deur die bouaannemers, W.M. Coombs, J. Viljoen, J. Wiesner en P. Waugh laat oprig waarin hulle tydens Nagmaalvieringe tuisgegaan het, of terwyl hulle in die week met veespekulante soos J. Connor, A.J. Francis en J.W.L. de Villiers sake gedoen het. Daar was twee grofsmede, mnre. M. Schaefer en W. Lotter, wat die inwoners in die distrik se perde beslaan het en ysterwerk behartig het. Ander dienste op die dorp is gelewer deur W. Griffin wat sy beroep as verwer opgegee het, 'n eiendomsagent by name van Johannes Wynand Louw de Villiers, en R.D. Nicolaissen wat die plaaslike ingenieur op Bethulie was. Ander beroepe sluit in afslaers, aptekers, veeinspekteurs, skutmeesters, taksateurs en 'n tolgaarder by die Bethulie-wabrug.¹¹⁷

Die dorp was in so 'n mate vooruitstrewend dat dit in 1899 oor die dienste van twee mediese praktisyns, drs. Valentine W.T. Werdmuller en Herman W. Wohlers, beskik het. In 1897 was daar selfs gesondheidsregulasies vir die Wyke Grootrivier en Bosjespruit in plek, wat onder meer bepalings bevat het oor persone met aansteeklike siektes wat die wyke sou binnekom.¹¹⁸ Die afleiding is dat die gesonde klimaat van die Suid-Vrystaat die rede was waarom Bethulie in 1896 een van drie dorpe met die kleinste aantal sterftes in die Vrystaat was. In 1897 was daar slegs ses sterftes (een van vyf dorpe daardie jaar met die minste sterftes) en in 1898 'n totaal van 13 sterftes (een van twee dorpe met die minste sterftes in die Vrystaat).¹¹⁹ Boedels, testamente, eiendomstransaksies en kleiner regsdinge is deur die dorp se twee prokureurs, Herman Klynveld en P.J. Olivier, behartig.¹²⁰

1.3.7 Landbou

Landbou in die Bethulie-distrik het, soos in die res van die Vrystaat, heelwat gebaat by die minerale rykdom in Kimberley en die ZAR, veral omrede een van die belangrikste spoorroetes vanaf die kusgebied verby Bethulie geloop het. Danksy spoorvervoer was die vervoer van plaasprodukte na markte dus maklik. In 1899 was daar 86 grondeienaars in Wyk Bosjespruit en 218 in Wyk Grootrivier, dus 304 plaaseienaars wat landbouprodukte in hierdie distrik geproduseer het. Dit is benewens die aantal bywoners wat ook bygedra het tot landbou in die distrik. Uit die Vrystaatse Aktes- en Landregister waarin die eerste plase in dié distrik opgeteken is, is dit duidelik dat hierdie plase aanvanklik baie groot was.¹²¹ Bykans al hierdie plase is oor die daaropvolgende dekades in kleiner eenhede onderverdeel, maar met behoud

¹¹⁷ *Ibid.*, pp. 326-330.

¹¹⁸ *Gouvernements Courant*, 23.9.1897, p. 235.

¹¹⁹ NASA, VAB, OR, 51, 21b: Statistiek van sterfgevallen geregistreerd in dezen Staat 1896-1899.

¹²⁰ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, p. 326.

¹²¹ NASA, VAB, AKT, CO, 50, 2/1/2/2: Landregister – Bethulie, 1858-1899.

van die oorspronklike plaasnaam. Hoewel daar op hierdie plase baie staatgemaak is op 'n swart arbeidsmag, was daar heelwat wit families op die plase woonagtig wat nie grond besit het nie en as bywoners bekend gestaan het. Hulle was gewoonlik in diens van die grondeienaar en het in die meeste gevalle, met die toestemming van die plaaseienaar, self 'n klein bestaansboerdery vir eie gebruik bedryf.¹²²

Weens die klimaat en aard van die plantegroei is hierdie streek uitstekend geskik vir skaap- en selfs Angorabok-boerdery. So het Emile Klynveld, seun van prokureur Klynveld, in 1899 oor 396 Angora-bokkooie en ses stoetramme beskik.¹²³ Hoewel nie die ideale omgewing vir beeste nie, het elke plaas in die distrik tog oor 'n aantal beeste beskik wat hoofsaaklik vir eie gebruik aangehou is.¹²⁴ Hoewel die runderpes van 1897 hierdie distrik se beeskuddes¹²⁵ erg geknou het, was die impak daarvan nie naastenby so groot as by ander distrikte waar uitsluitlik met beeste geboer is nie.¹²⁶ Die gereelde landboutoonstallings wat sedert 1894 gehou is, was 'n verdere teken dat Bethulie 'n welvarende landbougemeenskap was. Die laaste hiervan is in 1899 deur president M.T. Steyn geopen.¹²⁷ Uit landboustatistieke van 1890 is dit duidelik dat landboubedrywighede in hierdie distrik primêr om skaapboerdery gewentel het. Veral Merino- en Rambouillet-skaaprase was gewild en Bethulie het derhalwe baie bygedra tot die groeiende wolproduksie van die Vrystaat. Dat die distrik 'n groot wolprodusent was, blyk uit vele aansoeke om skadevergoeding ná 1902, waarin daar in 81 persent van die aansoeke verwys is na die hoeveelheid wol wat vernietig is. Verder opvallend is die groot aantal perde wat in 1899 in die distrik voorgekom het, maar tydens die oorlog weggevoer en/of doodgemaak is, aldus hierdie eise.¹²⁸

Wat saaiboerdery betref, is die streek nie juis hiervoor geskik nie. Enkele gewasse soos koring, waarvan daar in 1896 slegs 4 873 mud in die distrik geoes is, teenoor die naburige Smithfield met 11 083 mud, is hoofsaaklik vir eie gebruik verbou. Ten spyte van hierdie klein opbrengs het Bethulie tog oor 'n eie meulenaar beskik waar koring gemaal kon word.¹²⁹ Ten einde die grond effektief te benut, is gebruik gemaak van onder meer drieskaarploeë. Naoorlogse eise om kompensasie het veral melding gemaak van die aantal sakke koring en

¹²² *Ibid.*

¹²³ NASA, TAB, CJC, 1321, 315: Emile Klynveld, 14.9.1903.

¹²⁴ Jacobs, p. 158.

¹²⁵ Weens die feit dat daar in die Bethulie-distrik hoofsaaklik met skape geboer is, het hierdie distrik in 1899 reeds van die impak van die runderpes op sy klein beeskuddes herstel.

¹²⁶ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., p. 51.

¹²⁷ *Ibid.*

¹²⁸ NASA, TAB, CJC, 535-540: Protected Burgers – Bethulie, 1903.

¹²⁹ Jacobs, pp. 162-164.

plaasimplimente wat vernietig is.¹³⁰ Selfs mielies is verbou, hoewel nie op groot skaal nie, en het al in 1896 op 526 mud te staan gekom, maar is slegs vir eie gebruik en veevoer verbou.¹³¹ Verder het boere in die distrik, benewens periodieke droogtes en veesiektes, soms te kampe gehad met sprinkane wat weiding en oeste in hierdie en omliggende distrikte vernietig het.¹³²

In die soeke na meer water, het die diamantboor van die Departement Openbare Werke van die OVS (Openbaren Werken Departement) gereeld in die distrik vir water geboor. Hierdie boormasjiene is in 1893, op aanbeveling van volksraadslid Klynveld, aangekoop sodat daar in elk van die distrikte van die Vrystaat vir water geboor kon word.¹³³ Hierdie boormasjiene (Gouvernements Bore), wat sedert 1894 in Bloemfontein gestoor is, moes deur die plaaslike landdros van elke distrik bespreek word. Die boorproses in die Bethulie-distrik het onder die wakende oog van Nicolaissen geskied. Hierdie bore was elk onder die toesig van 'n booropsigter, wat met sy span werkers direk verantwoordbaar was aan Openbare Werke in Bloemfontein. In 1897 is daar op nege plase in die Bethulie-distrik gate gesink en in 1898 het booropsigters S.J. Otto, M. Page, J. Blignaut en C. van Blommenstein op vyf plase in die distrik vir water geboor. Hulle sukses hiermee, al dan nie, is egter onbekend.¹³⁴

1.3.8 Bethulie-kommando

Die verdediging van die Vrystaat was op die kommandostelsel geskoei. Volgens Breytenbach het alle wit stemgeregtigde manlike inwoners van hierdie staat in die ouderdomsgroep 16 tot 60 jaar, deel gevorm van die gewapende burgermilisie wat in 1899 ongeveer 22 905 man sterk was.¹³⁵ Verder is swart mans ingevolge die Krijgs- en Kommandowet van die Vrystaat, onder Artikel 30, Nr. 10 van 1899, ingesluit by die staat se militêre weerbaarheid en moes hulle onder meer as wadrywers en touleiers diens verrig. Talle burgers, sommige uit die Bethulie-omgewing, het hul swart agterryers saam op kommando geneem ten einde om te sien na logistieke take soos onder meer die voorbereiding van kos en die versorging van

¹³⁰ NASA, TAB, CJC, 535-540: Protected Burgers – Bethulie, 1903.

¹³¹ Jacobs, p. 158.

¹³² *Ibid.*, pp. 173-179.

¹³³ *Ibid.*

¹³⁴ NASA, VAB, PWD, 10: Lyst voor applikanten voor gouvernements boor Bethulie, 10.8.1898.

¹³⁵ J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 1, p. 36; Amery (red.), 2, p. 87.

perde.¹³⁶ Selfs die res van die staat se inwoners moes ingevolge die Kommandowet bystand verleen by wyse van goedere, lewendehawe en dienste.¹³⁷

Die Vrystaatse burgermag was in 1899 in 19 distrikte ingedeel, elk met 'n verkose kommandant aan die hoof van die onderskeie distrikte se krygsmag. 'n Verkose hoofkommandant het gedurende oorlog oor die gesamentlike Vrystaatse krygsmag bevel gevoer en het saam met die offisiere 'n krygsraad gevorm.¹³⁸ In 1899 was Floris Jacobus du Plooy,¹³⁹ in daardie stadium 60 jaar oud, van die plaas Diepfontein, Wyk Grootrivier, Bethulie se kommandant. Sy verantwoordelikhede het onder meer behels dat hy gereelde wapenskoue moes reël ten einde die burgers in sy distrik se militêre vermoë en weerbaarheid te bepaal.¹⁴⁰ Die Vrystaatse Kommandowet het verder voorsiening gemaak vir 'n provisionele kommandant wat eintlik 'n assistent-kommandant was. Dieselfde reël het vir veldkornette gegeld deurdat assistent-veldkornette aangestel is. Die militêre organisasie het verder behels dat elke distrik in wyke onderverdeel moes word met 'n verkose wyksveldkornet en soms 'n assistent-veldkornet aan die hoof van sodanige wyk. Benewens hul krygspligte moes veldkornette verskeie burgerlike en administratiewe take verrig.¹⁴¹

Die Bethulie-distrik se veldkornetskappe was Wyk Grootrivier, noordoos van die dorp, en Wyk Bosjespruit wat noordwes van die dorp geleë was. (Sien Bylae 1.5: Bethulie-distrik, 1899.) Bethulie-dorp het, as hoofdorp in die distrik, streng gesproke 'n nie-amptelike derde wyk gevorm.¹⁴² Die skeidslyn tussen hierdie wyke is reeds ingevolge 'n Volksraadsbesluit van 26 Februarie 1861 vasgestel. Die wyksgrense het teen die Oranjerivier begin en het oor die plase Damfontein, Kleinmoordenaarspoort, Spitskop, Vlakfontein, Vogelstruisfontein tot by Paljasfontein gestrek.¹⁴³ Du Plooy is in 1899 bygestaan deur veldkornet Valentine William Tell Werdmuller van Bethulie-dorp, veldkornet Willem Joseph Robinson vir Wyk Grootrivier, en veldkornet Roelof Daniël McDonald vir Wyk Bosjespruit. Die jaarlikse

¹³⁶ Breytenbach, 1, pp. 36-37; Amery (red.), 2, p. 87; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 301.

¹³⁷ Breytenbach, 1, pp. 31-32.

¹³⁸ *Ibid.*, pp. 34, 41, 47.

¹³⁹ Floris du Plooy (22.1.1840-12.11.1924) het as veldkornet van Bethulie, saam met kommandant Louw Wepener in die onderskeie Vrystaat-Basotho-oorloë geveg. Hy is in Julie 1900 in die Brandwaterkom gevang en na Ceylon verban.

¹⁴⁰ Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (hierna OM), 214/8: Ontvangsten en uitgaven van de Oranje Vrijstaat voor het jaar 1899, p. 14; Maurice (red.), 1, pp. 76, 80.

¹⁴¹ NASA, VAB, GS, 2194: Naamlyst der veldkornetten in der Oranje Vrijstaat, 1.3.1888, pp. 30, 33, 55; Breytenbach, 1, p. 35; Maurice (red.), 1, pp. 75-76; Amery (red.), 1, p. 73-74.

¹⁴² Breytenbach, 1, p. 35.

¹⁴³ NASA, VAB, OR, 41-42: *OVS Wetboek 1854-1884*, p. 227; NASA, VAB, GS, 15: *Ordonnantie-boek*, 26.2.1861, p. 289.

besoldiging van hierdie veldkornette en die assistent-veldkornette is in 1899 as £90.0.0 aangegee. Omrede Werdmuller, wat sedert 24 November 1893 die dorpsveldkornet van Bethulie was, se wyk baie klein was en hy weens sy professie as medikus geen addisionele take soos wat van veldkornette verwag is, kon verrig nie, het hy £10 per jaar ontvang wat heelwat minder was as dié van die ander Bethulie-veldkornette.¹⁴⁴ Net voor die uitbreek van die oorlog was een van die belangrikste verantwoordelikhede van hierdie veldkornette die saamstel van 'n lys van behoeftige burgers wat aan landdros Wolhüter voorsien moes word ten einde te bepaal aan welke burgers 'n “goewernmentswapen” uitgereik moes word.¹⁴⁵ Verder moes veldkornette toesien dat alle krygspligtige burgers, wat op ongeveer 358 man gereken is, in hul wyk opgekommandeer word, asook goedere soos onder meer kos, tente, trekdier en rytuie wat vir 'n krygsoperasie nodig was.¹⁴⁶

Aan die hand van bogenoemde is dit duidelik dat Bethulie, wat as sendingdorp ontstaan het en oor etlike dekades sy beslag gekry het, teen 1899 'n goed gevestigde gemeenskap was wat, danksy sy ligging en infrastruktuur, 'n strategiese dorp midde in 'n dreigende konflik met Groot-Brittanje was. Belangrike en goed ontwikkelde kommunikasieroetes soos 'n padstelsel, spoorroete en telegraafstelsel wat die Kaapkolonie met die twee republieke verbind het, het verby hierdie dorp gestrek en sou vir hierdie rede 'n belangrike rol speel in beide partye (Republieke en Groot-Brittanje) se krygsplanne. Die afleiding is dat die inwoners, weens die dorp en distrik se kosmopolitiese samestelling van verskillende nasionaliteite, derhalwe verskillende opinies sou hê oor die Vrystaat se betrokkenheid by 'n naderende konflik, spesifiek rondom die probleme met die Uitlanders in die ZAR. Die spanning is vererger met 'n aanslag in 1896 op die ZAR se onafhanklikheid, 'n insident waarvan die gevolge so ver as Bethulie uitgekring het.

1.4 BETHULIE OP DIE VOORAAND VAN OORLOG

1.4.1 Jameson-inval: Agtergrond en die spanning van 'n naderende konflik

Op 2 Januarie 1896 vind 'n geveg op die plaas Doornkop in die ZAR plaas, met die inval onder leiding van dr. Leander Star Jameson wat gepoog het om die Kruger-regering van die

¹⁴⁴ NASA, VAB, GS, 2194: Naamlyst der veldkornetten in der Oranje Vrijstaat, 1.3.1888, pp. 30, 55; OM, 214/8: Ontvangsten en uitgaven van de Oranje Vrijstaat voor het jaar 1899, p. 14; Breytenbach, 1, pp. 37-38.

¹⁴⁵ NASA, VAB, GS, 2194: Naamlyst der veldkornetten in der Oranje Vrijstaat, 1.3.1888, pp. 30, 55; Breytenbach, 1, p. 38.

¹⁴⁶ Breytenbach, 1, p. 38.

ZAR uit die kussings te lig. Die geveg, met generaal Piet Cronjé aan die hoof van die ZAR se militêre mag, het in die guns van die ZAR verloop toe Jameson en sy invalsmag van ongeveer 500 man verslaan is.¹⁴⁷ Die nadraai van hierdie gebeure, wat beskou kan word as die aanloop tot een van die grootste historiese gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, naamlik die Anglo-Boereoorlog, het hierna verreikende gevolge vir die politieke situasie in Suid-Afrika ingehou.

Die verhouding tussen die twee Boererepublieke en die Britse regering het ná hierdie insident drasties versleg. Die gebeure, wat 'n rimpelingeffect tot in die Kaapkolonie gehad het, is deur Afrikaners gesien as 'n aanslag op Afrikanerdom in suidelike Afrika. Ná die Jameson-inval het daar 'n ongemaklikheid onder inwoners in dorpe soos Bethulie en sy koloniale buurdorp, Burgersdorp, wat uit Afrikaans- en Engelssprekende gemeenskappe bestaan het, geheers.¹⁴⁸ Die Bloemfonteinse koerant, *De Express*, wat ook in Bethulie versprei is, skryf op 17 Januarie 1896 in 'n berig: “Onze kanonnen stonden als leeuw-mannetje recht gerukt met den neus naar den noorden gekeerd en men hoord ook niet anders dan net met ons moet voorwaarts, Transvaal toe.”¹⁴⁹ Inwoners van die Suid-Vrystaat kon nog meer identifiseer met *De Express* se verwysing van 6 Maart 1896 dat Jameson “Geboomplaats” is. Hierdie opmerking was na aanleiding van die Slag van Boomplaats tussen Boer en Brit wat in 1848 naby Trompsburg plaasgevind het en waar die Boere onder Andries Pretorius¹⁵⁰ die aftog teen sir Harry Smith¹⁵¹ moes blaas.¹⁵²

1.4.2 Bethulie en die Vrystaatse Uitvoerende Raad ná die Jameson-inval

Die Jameson-bebeure het plaasgevind midde 'n verkiesing wat vir 19 Februarie 1896 geskeduleer was om 'n nuwe staatspresident vir die Vrystaat aan te wys, nadat president F.W. Reitz in November 1895 die tuig neergelê het.¹⁵³ Ingevolge die Vrystaatse grondwet het die goewermentsekretaris, Pieter Jeremias Blignaut, in die tussentyd as staatspresident waargeneem tot 'n verkiesing tussen die twee kandidate, M.T. Steyn en J.G. Fraser,¹⁵⁴ kon

¹⁴⁷ H.M. Hole, *The Jameson Raid*, p. 187-191.

¹⁴⁸ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Brief van J. Venter aan sy ouers insake Bethulie-bekendes tydens die Afrikanerbond se kongres op Burgersdorp, 5.4.1896.

¹⁴⁹ *De Express*, 17.1.1896, p. 3.

¹⁵⁰ Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius (27.11.1798-3.7.1853), Voortrekkerleier tydens die Slag van Bloedrivier (16.12.1838) en later politieke leier in die Transvaal.

¹⁵¹ Henry (Harry) George Wakeyn Smith (28.6.1787-2.10.1860), Britse offisier en sedert 1847 Britse goewerneur van die Kaapkolonie.

¹⁵² *De Express*, 6.3.1896, p. 2.

¹⁵³ Malan, p. 215.

¹⁵⁴ John George Fraser (17.12.1840-22.6.1927), die pro-Britse lid in die Vrystaatse Volksraad en oom van mev. R.I. (Tibbie) Steyn, gade van president M.T. Steyn.

plaasvind. Gedagtig aan die Potchefstroom-ooreenkoms van Handel, Vriendskap en Spoorweë tussen die OVS en ZAR, het die Uitvoerende Raad van die Vrystaatse Volksraad spoedig vergader om die situasie te bespreek en sekere besluite rakende die Jameson-gebeure geneem.¹⁵⁵ Die belangrikste besluit was dat 'n deputasie uit die Vrystaatse Volksraad na die ZAR gestuur moes word om die Uitvoerende Raad eerstehands op hoogte te hou van verwikkelinge in die susterrepubliek, asook tot welke mate die OVS die ZAR kon bystaan. Hierdie deputasie, wat op 1 Januarie 1896 na Pretoria vertrek het, het bestaan uit die volksraadslid vir Smithfield, Abraham Fischer, en Herman Klynveld van Bethulie. Klynveld was bekend daarvoor dat hy 'n voorstander van nouer samewerking met die ZAR was en het soveel vertroue in die Kruger-regering gehad dat hy selfs oor eiendom (plase) in die Soutpansberg-distrik beskik het. Hierdie twee gesoute volksraadslede het groot aansien onder die Transvalers geniet en hul samewerking het die band van vriendskap tussen die twee republieke verder verstewig. Hul bevindinge en aanbevelings is aan die Vrystaatse Volksraad voorgelê en is daar onder meer verwys hoe die aanslag op die ZAR 'n aanslag op beide republieke se onafhanklikheid was.¹⁵⁶

Klynveld en Fischer het die Uitvoerende Raad hierna aangeraai om wetgewing rondom die Potchefstroom-ooreenkoms te finaliseer ten einde 'n mandaat vanaf die Volksraad te verkry om die Uitvoerende Raad te bemaatig om onmiddellik te kan optree as sodanige bedreiging weer in die ZAR sou kop uitsteek.¹⁵⁷ Weens gerugte van besendings krygsmateriaal wat voor die inval aan Jameson en sy mag in Rhodesië gestuur is, het die Raad besluit dat alle treine uit die Kaapkolonie wat verby Bethulie en Springfontein loop, by Edenburg vir kontraband¹⁵⁸ deursoek moes word. Kort hierna het die OVS streng maatreëls by wyse van permitte vir die invoer van vuurwapens en ammunisie neergelê.¹⁵⁹ Die Uitvoerende Raad het verder verneem dat perde vanuit die Vrystaat gestuur is aan oproermakers in Johannesburg wat deel van Jameson se komplot uitgemaak het. 'n Proklamasie is spoedig uitgevaardig waarin inwoners in die republiek, waaronder inwoners van Bethulie, verbied is om enige hulp aan sodanige opstandiges te verleen.¹⁶⁰ Die inval het terselfdertyd 'n groot invloed op die staatspresidents-verkieping gehad, waar Steyn 'n voorstander van nouer samewerking met die ZAR was, terwyl Fraser nouer samewerking met die Kaapkolonie en die Britse regering voorgestaan

¹⁵⁵ Malan, pp. 215-216.

¹⁵⁶ NASA, TAB, A787, R, 9713/94: H. Klynveld – Re oorlogsbelasting op zyn 6 plaatsen, 1894.

¹⁵⁷ Malan, pp. 217, 220-221.

¹⁵⁸ Items wat volgens wetgewing verbied is, byvoorbeeld ploffstof.

¹⁵⁹ NASA, VAB, GS, 1501: Telegram deur P.J. Blignaut (Vrystaatse goewermentsekretaris) aan magistrate in die OVS, 25.1.1896.

¹⁶⁰ Malan, p. 217.

het. Hierdie gebeure het 'n bepalende rol gespeel in hul keuse van 'n kandidaat, toe Vrystaatse burgers, wat Bethulie-kiesers ingesluit het, M.T. Steyn in 1896 tot staatspresident van die OVS verkies het.¹⁶¹

1.4.3 Bethulie: 'n Strategiese dorp

Inwoners van Bethulie was baie bewus van hul dorp se strategiese ligging en wou ten alle koste enige konflik met Brittanje voorkom. Alhoewel geen amptelike gegewens bekend is oor die impak van die Jameson-inval op Bethulie en sy gemeenskap nie, kan afgelei word dat spanning onder hierdie gemeenskap, soos in die res van die Vrystaat, toegeneem het. In Bethulie was daar stoere republikeine, asook Britse lojaliste en 'n klein groep gematigdes. Laasgenoemde groep, wat onder andere dr. Werdmuller ingesluit het, het namens hierdie groep 'n petisie aan die ZAR gerig ter begenadiging van lede van die Reform Committee¹⁶² wat deel was van Jameson se komplot om president S.J.P. Kruger¹⁶³ se regering omver te werp.¹⁶⁴

Van die vroegste verwysings rondom Bethulie as 'n strategiese dorp het in 1866 verskyn toe 'n inwoner in 'n brief aan *The Friend* verwys het na Bethulie se “political importance, for being so close to the Colonial frontier it may be considered as one of, if not the principal, key to the Orange Free State”.¹⁶⁵ Die afleiding is dat ná die komplot en feite wat tydens die verhoor van lede van die Reform Committee aan die lig gekom het, Afrikaners en Afrikaner politieke groepe soos die Afrikanerbond,¹⁶⁶ simpatiek was teenoor die ZAR.

Kort na die mislukte inval het daar in Maart 1896 'n kongres op Burgersdorp¹⁶⁷ in die Kaapkolonie, nie ver van Bethulie af nie, plaasgevind waartydens Jameson se inval as 'n verraderlike daad teenoor alle Afrikaners bestempel is. Heelwat Bethulie-inwoners, soos ds. Postma en dr. Werdmuller, wie se families op Burgersdorp woonagtig was, asook

¹⁶¹ *Ibid.*, p. 231.

¹⁶² Britse ondersteuners in Johannesburg, wat met Jameson saamgespan het om die regering van die ZAR omver te werp.

¹⁶³ Stephanus Johannes Paulus Kruger (10.10.1825-14.7.1904), staatspresident van die ZAR tydens die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899.

¹⁶⁴ NASA, TAB, A787, R, 7783/96: Werdmuller, Bethulie – Petitie ten faveur der leden van het Reform Comitee, 1896.

¹⁶⁵ *The Friend*, 17.5.1866, p. 4.

¹⁶⁶ Die Afrikanerbond, 'n politieke beweging in die Kaapkolonie wat in 1882 gestig is om Afrikaners se belange te bevorder, met Jan Hendrik Hofmeyer (“Onze Jan”) as leier.

¹⁶⁷ Burgersdorp, in 1846 gestig, is in die Noordoos-Kaapkolonie geleë. Die dorp was op die vooraand van die oorlog onder die Britse owerheid as 'n Afrikaner-brandpunt bekend vanweë die talle simpatiseerders met die republikeinse saak.

studente afkomstig vanaf Bethulie wat aan die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool¹⁶⁸ op Burgersdorp studeer het, het hierdie geleentheid, wat in die skadu van die Taalmonument¹⁶⁹ plaasgevind het, bygewoon.¹⁷⁰ Die kloof tussen Afrikaner-nasionalisme en Britse imperialisme het tydens hierdie geleentheid sterk na die oppervlak gekom omrede toesprake tydens dié geleentheid sterk op die onderdrukking van Afrikaners in Suid-Afrika gesinspeel het. Die Venter-familie van die plaas Driefontein, Bethulie, wie se seun Johannes Venter aan die Teologiese Skool studeer het, het soos die res van die inwoners in die distrik, met reg rede gehad om bekommerd te wees oor die naderende onheil wat op die horison begin saampak het.¹⁷¹ As grensdorp aan die oewers van die Oranjerivier, wat die grens tussen die Kaapkolonie en die Vrystaat gevorm het, was inwoners terdeë bewus daarvan dat hul dorp in die spervuur kon beland indien oorlog sou uitbreek.¹⁷²

Bepaalde vrese en angstigheid oor 'n moontlike Britse inval uit hierdie geweste het gereeld onder inwoners in die republiek begin posvat. So het Klynveld ná afloop van die Jameson-gebeure, self die Uitvoerende Raad aangeraai om 'n wakende oog oor Kimberley in die Kaapkolonie te hou.¹⁷³ Inwoners van Bethulie het geen illusies gehad oor die Britse krygsplan rakende die strategiese Oos-Londen-spoorlyn wat verby Bethulie loop en by die hooflyn te Springfontein aansluit nie. Gedagtig hieraan het Klynveld tydens 'n debat in die Volksraad insake die oorname van die Vrystaatse spoorweë vanaf die Cape Government Railways, verklaar dat hy “het geen lust en vrijheid om het land op te offeren voor de Regering der Kaap Kolonie en wil niet nog meer Spoorweg beampten in den Staat krijgen die zich hier als Britsche onderdanen willen beschouw”.¹⁷⁴ Klynveld het hom nie misgis met sy opsomming van twyfelagtige loyaliteite deur spoorwegbeamptes van die Kaapkolonie nie. Sy vermoedens is bevestig deurdat hierdie gesekondeerde beamptes, kort voor die besetting van die Vrystaatse hoofstad in Maart 1900, lokomotiewe en treinwaens van die OVS Spoorweë gesaboteer het. Dit het verhoed dat treine die Bloemfontein-stasie kon verlaat, waarna dit

¹⁶⁸ 'n Opleidingskool, wat in 1869 deur ds. Dirk Postma vir voornemende teologiese studente van die Gereformeerde Kerk op Burgersdorp begin is.

¹⁶⁹ Die Taalmonument is in 1893 op Burgersdorp onthul na jare se stryd om Nederlands, naas Engels, as amptelike voertaal in die Kaapkolonie erken te kry.

¹⁷⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Brief van J. Venter aan sy ouers insake Bethulie-bekendes tydens die Afrikanerbond se kongres op Burgersdorp, 5.4.1896.

¹⁷¹ Die teologiese student, Johannes Venter, was een van drie Bethulie-burgers wat by die Bethulie-brug gesneuwel het tydens die verdediging daarvan in Maart 1900.

¹⁷² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Brief van J. Venter aan sy ouers insake Bethulie-bekendes tydens die Afrikanerbond se kongres op Burgersdorp, 5.4.1896.

¹⁷³ NASA, VAB, UR, 39: Notulen – Klynveld insake Kimberley aan de Uitvoerende Raad, 9.1.1896, pp. 199-201.

¹⁷⁴ NASA, VAB, VR, 560: Notulen – Klynveld insake die spoorweë in die Vrystaat, 18.5.1896.

uiteindelik in Britse hande beland het. Ander kommunikasie-middele in die Bethulie-distrik wat van strategiese belang was, was die telegraafstelsel, asook 'n padroete wat saam met die spoorlyn uit die Noordoos-Kaapkolonie tot by die Bethulie-wabrug oor die Oranjerivier geloop het. Weens vele valse gerugte het die spanning in die Suid-Vrystaat toegeneem en het Bethulie-inwoners teen die einde van 1896 met verligting verneem dat gerugte van 'n Britse troepemag by Aliwal-Noord onwaar was.¹⁷⁵

Die gemeenskap was verder bewus van die feit dat twee van die sewe brûe wat die Oranjerivier oorspan het, by Bethulie geleë was. Hierdie twee staalstrukture – 'n wabrug en 'n treinbrug – wat net meer as 'n kilometer van mekaar geleë was, was veral van strategiese belang vir die Britte. (Sien Bylae 1.7: Bethulie-infrastruktuur – brûe.) Die wabrug is ontwerp deur George Berkley en is aanvanklik opgerig deur die firma Crumlin Viaduct Works Co. Ltd van Crumlin, Wallis; die treinbrug is later deur Joseph Westwood & Co. Ltd Engineers van Brittanje opgerig.¹⁷⁶ Hierdie brûe is op onderskeidelik 13 Maart 1879 en 9 Februarie 1894 geopen. Die wabrug van £30 000.0.0 is deur die Bethulie Bridge Company gefinansier nadat hulle 1 500 aandele teen £20.0.0 elk beskikbaar gestel het.¹⁷⁷ Die inisiatief om 'n wabrug by Bethulie op te rig, was grootliks vanuit Burgersdorp gedryf, maar het met die goedkeuring van die Kaapse Parlement geskied omrede die Kaapse Departement Openbare Werke die oprigting daarvan oorsien het.¹⁷⁸ Omrede die Crumlin Viaduct Works Co. Ltd bankrot gespeel het, is die laaste afhandelingsfase van hierdie brug deur die Kaapse Departement Openbare Werke (DOW) oorsien.¹⁷⁹ Die spoorbrug is in 1894 in gebruik geneem, en daarmee saam het president Reitz 'n noenmaal in die Presidensie in Bloemfontein aangebied, wat deur verskeie vooraanstaande persone uit die Kaapkolonie bygewoon is. Tydens hierdie geleentheid is heildronke op die president van die Vrystaat en koningin Victoria van Groot-Brittanje ingestel. 'n Berig uit 'n Barbertonse koerant het melding gemaak van “The hospitality of the Free Staters towards the visitors”.¹⁸⁰ 'n Jaar ná die opening van die genoemde brug, het die spanning tussen Brittanje en die twee republieke, spesifiek die ZAR, sodanig verhoog dat

¹⁷⁵ Malan, p. 219.

¹⁷⁶ D.E. Walters, *Wagon bridges of the Eastern Cape, c. 1840-1900: The contribution of engineering to infrastructural development* (D.Phil.), p. 172.

¹⁷⁷ Pellissier, *Jean Pierre Pellissier ...*, p. 561.

¹⁷⁸ NASA, Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KAB), CCP, 1/2/2/28: Viaduct Works Company, 1875; NASA, KAB, M, 4/1746: Plan and section of Bethulie bridge, 1878; Pellissier, *Jean Pierre Pellissier ...*, pp. 660-661.

¹⁷⁹ NASA, KAB, CCP, 1/2/2/28: Viaduct Works Company, 1875.

¹⁸⁰ N. Moolman Privaat Versameling, ongeïdentifiseerde koerantuitknipsel. Hierdie spesifieke berig is in die vorm van 'n uitknipsel in die Moolman-Privaat Versameling. Geen bladsynommer of koerantnaam verskyn op die uitknipsel nie: Opening of Bethulie Bridge, 9.2.1894.

selfs inwoners van die Vrystaat, spesifiek Bethulie-inwoners, al meer bewus geraak het van die brûe oor die Oranjerivier as strategiese kommunikasieroetes in geval van oorlog.

Ander brûe van belang was die Frere-wabrug, oos van Bethulie by Aliwal-Noord, wat in 1880 voltooi is en wat die Suidoos-Vrystaat met die Noordoos-Kaapkolonie verbind het.¹⁸¹ Die Norvalspont-spoorbrug, wes van Bethulie, was strategies vanweë die spoorroete wat Port Elizabeth en Kaapstad met Johannesburg verbind het. Die Colesberg-wabrug was nog verder weswaarts in die distrik van Philippolis, terwyl die wabrug by Hopetown en die spoorbrug by Oranjerivier-stasie, hoewel buite die Suid-Vrystaat geleë, ook belangrik was.¹⁸² Hoewel al die brûe oor die Oranjerivier vir beide oorlogvoerende partye belangrik was, het veral die Britte groot waarde aan die spoorbrûe by onderskeidelik Bethulie, Norvalspont en Oranjerivier-stasie geheg, omrede troepe en krygsvoorraad per spoor na die Vrystaat vervoer kon word.¹⁸³ Selfs president Steyn het geen twyfel hieroor gehad nie en hy was van oordeel dat sabotasie van hierdie strukture enige Britse krygsplan vir 'n wyle tot stilstand kon bring. Dit sou tyd koop vir die Vrystaatse krygsmag ten einde voor te berei vir sodanige aanslag vanuit die Noordoos-Kaapkolonie.¹⁸⁴

Die feit dat daar in die Britse krygsplan geensins oorweging daaraan geskenk is om die brûe in die Suid-Vrystaat te vernietig nie, bevestig die belangrikheid van hierdie brûe in hul aanvalsplan. Selfs met 'n inval deur die Vrystaatse kommando's in die Noordoos-Kaapkolonie in 1899 'n voldonge feit, was die brûe veilig en het die Britse garnisoene by Stormberg en Noupoot eerder teruggeval na Queenstown en De Aar.¹⁸⁵ Die Britte het in daardie stadium slegs 'n paar spoorduikers en kleiner bruggies in die omgewing van Burgersdorp en Colesberg gesaboteer in 'n poging om die Vrystaatse aanslag te vertraag.¹⁸⁶ Leo Amery verduidelik: "It may be argued on behalf of General Forestier-Walker and Sir Redvers Buller that these bridges were intended to play so important a part in the advance of the Army Corps, that it was worthwhile running the risk of letting the Boers use them in the meanwhile."¹⁸⁷

¹⁸¹ A. Oosthuizen, *'n Republiek vir die Stormberge 1899-1902*, p. 7.

¹⁸² Breytenbach, 1, pp. 101-103; A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase* (D.Phil.), p. 263.

¹⁸³ Maurice (red.), 1, p. 210.

¹⁸⁴ R.C. de Jong, "Vondsten uit het NZAV-archief – spoorbrug half vijf gesprongen", *Zuid-Afrika*, November-Desember 1983, p. 154.

¹⁸⁵ Amery (red.), 2, pp. 280-281.

¹⁸⁶ Breytenbach, 1, p. 443.

¹⁸⁷ Amery (red.), 2, p. 281.

President Steyn en die Vrystaatse krygsraad het egter 'n ander siening oor die brûe gehad. Die Vrystaatse kommando's het hoofsaaklik van padroetes gebruik gemaak om hul inval in die Kaapkolonie te loods en dus is treinvervoer in die Vrystaatse krygsplan nie so hoog geag as in die Britse plan nie. Verder is die mening gehuldig dat die Oranjerivier as tydelike buffer teen enige vyandelike mag kon dien, maar dat die brûe eers vernietig moes word wanneer die Britte op hierdie grens verskyn het. Dat dit egter vir die Vrystaat van militêre belang was om hierdie brûe reeds voor die uitbreek van die oorlog te beset, het geblyk uit regter J.B.M. Hertzog se voorstel aan president Steyn, net ná die mislukte Bloemfontein-konferensie van 31 Mei tot 5 Junie 1899,¹⁸⁸ dat hierdie sleutelpunte voortydig deur die Vrystaat beset, beskerm en beheer moes word en dat “the younger and middle aged burghers of the Southern districts should receive instructions to stable their horses and hold themselves in readiness to take the field at any moment”.¹⁸⁹ 'n Versigtige Steyn was van mening dat enige grootskaalse en voortydige konsentrasie van burgers die indruk kon skep dat sy regering reeds die gedagte laat vaar het aan 'n vreedsame skikking om oorlog te verhoed en dat dit die Kaapse regering van W.P. Schreiner¹⁹⁰ onder druk van die Britse regering sou plaas om die Kaapkolonie as aanvalsbasis te gebruik. Steyn het verder gevrees dat dit die landbou in die Suid-Vrystaat kon benadeel, omrede dit sou meebring dat talle burgers wat wagdiens by hierdie brûe moes doen, vir 'n geruime tyd van hul plase afwesig sou wees.¹⁹¹

Hertzog het wel in antwoord op sy voorstel, toestemming vanaf Steyn ontvang om 'n eenheid wat uit vrywilligers sou bestaan, in die lewe te roep om die brûe te beskerm. Dit blyk dat Hertzog vroeg in September 1899 begin het om vrywilligers vir die Colesberg-wabrug en die spoorbrug by Oranjerivier-stasie te werf aangesien hierdie strategiese brûe redelik naby sy tuisdorp, Fauresmith, was. Die gevolgtrekking is dat sy planne voorts ook die belangrike brûe by Norvalspont en Bethulie ingesluit het. Op 22 September 1899 is daar gerapporteer dat die werwing van die vrywilligers fluks gevorder het en dat daar selfs reëlins in plek was vir die vervoer van plofstof na die onderskeie brûe.¹⁹² Daar is dus reeds in hierdie stadium voorsiening gemaak vir die vernietiging van hierdie strukture. Die Vrystaat se planne met die

¹⁸⁸ 'n Konferensie wat president Steyn in Bloemfontein tussen sir Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika en president Kruger belê het, ten einde te poog om 'n naderende oorlog te verhoed.

¹⁸⁹ M.C.E. van Schoor, “Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences”, *Christiaan de Wet-annale* 10, pp. 23-25. Sien ook in die verband L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, p. 39.

¹⁹⁰ Die Schreiner-regering van die Kaapkolonie ten tye van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was redelik simpatiek teenoor die twee Boererepublieke. W.P. Schreiner, eerste minister van die Kaapkolonie, was met president F.W. Reitz se suster getroud.

¹⁹¹ Van Schoor, pp. 23-25.

¹⁹² *Ibid.*, p. 25.

brûe was nie 'n geheim nie en 'n week voor die uitbreek van oorlog is daar, ietwat oordrewe, in 'n Kaapse koerant berig dat die Vrystaat vier treinvragte vol plofstof aangestuur het om die staalbrûe te Bethulie en Norvalspont op te blaas.¹⁹³ Aan die hand van bogenoemde blyk dit dat die vernietiging van die brûe by Bethulie en Norvalspont reeds voor die uitbreek van die oorlog, deel van die Vrystaters se strategie was. Die strategie het daarbenewens behels dat burgers beter toegerus moes word om die staat en infrastruktuur te beskerm. Vir hierdie rede het die Vrystaatse Volksraad besluit om die staat en sy burgers se militêre weerbaarheid te verhoog en die eerste stap hiertoe was om sy krygspligtige burgers beter te bewapen.

1.5 WET 36 VAN 1896 EN DIE BETHULIE-KOMMANDO

1.5.1 Wetgewing ter voorbereiding van oorlog

Die Jameson-inval, en die gevolglike aanslag op die ZAR se onafhanklikheid, het nie slegs die Transvalers nie, maar selfs die Vrystaters, die werklikheid van 'n naderende konflik met Groot-Brittanje laat besef. Ná hierdie insident het die twee republieke nog nader aan mekaar beweeg, nie net polities nie, maar veral op militêre gebied. Dat die spanning na 1896 in die Vrystaat hoog geloop het, word afgelei uit die feit dat die Vrystaatse Volksraad op 22 en 23 November 1898 'n stap verder gegaan het om die staat se verdediging op te skerp. Dit is gedoen by wyse van die hersiening van die Kommandowet waartydens “[r]egulasies opgetrokken bij eene Vergadering van Commandanten, onder Voorzitterschap van ZHEd. den Staatpresident”, ten opsigte van die Vrystaatse Kommandowet aangeneem is.¹⁹⁴

Die Bethulie-kommando is vanselfsprekend deur die wysigings aan die Kommandowet geraak. Een aspek hiervan het behels dat 'n meer volledige kommandeerbrief opgestel moes word waarin 'n Bethulie-kommandolid opgeroep kon word met die opdrag om self sekere krygsbehoeftes soos 'n diensbare vuurwapen, perd en proviand, vir die eerste paar dae op kommando te voorsien. Verder moes veldkornette 'n lys byhou waarop 'n burger se naam en van, adres, asook enige ander belangrike opmerkings, aangeteken word.¹⁹⁵ Die afleiding is dat daar onder “opmerkings” aangedui moes word of 'n kommandolid oor 'n diensbare vuurwapen beskik het, al dan nie. In dorpe soos Bethulie, wat begrens is deur die Kaapkolonie met die strategiese Oos-Londen-spoorlyn, telegraafstelsel en wa- en spoorbrûe digby die dorp, was

¹⁹³ *Cape Times*, 3.10.1899, p. 5.

¹⁹⁴ NASA, VAB, OR, 45: *OVS Wetboek 1854-1899*, pp. 19-22.

¹⁹⁵ *Ibid.*

dit duidelik van groot belang vir die Vrystaatse Volksraad dat veral kommando's van grensdorpe voldoende bewapen moes wees.

1.5.2 Vuurwapens vir die Vrystaatse kommando's

Die Volksraad was daarvan bewus dat sy burgers voor 1896 hoofsaaklik nog bewapen was met die uitgediende Brits-vervaardigde Martini-Henry-gewere waarmee hulle gereeld by wapenskoue hul militêre paraatheid moes demonstreer. Die Jameson-inval het die Vrystaatse Volksraad attent gemaak op sy gebrekkige militêre weerbaarheid, waarna 'n kommissie aangestel is om die staat se militêre gereedheid te ondersoek. Die kommissie se aanbevelings van April 1896 het daartoe gelei dat die republiek sy bewapening begin uitbrei het, en benewens vuurwapens, verskeie Krupp-artilleriestukke aangeskaf het.¹⁹⁶ Die staat moes dus intree om alle burgers met beter vuurwapens toe te rus. Ten spyte van die feit dat die Martini-Henry 'n verouderde wapen was, was daar 'n meningsverskil in die Volksraad oor welke fabrikaat geweer deur die Vrystaat bestel moes word. Die lede het egter op 27 April 1896 'n kompromie bereik om ewe veel Mausers en Martini-Henry's aan te skaf, waarvolgens die Vrystaat uiteindelik teen Oktober 1899 oor ongeveer 12 160 Martini-Henry-vuurwapens beskik het. Daar is voorts in 1896 begin om artilleriestukke en kartetse vanaf Krupp in Essen, Duitsland, te bestel, Mauser-vuurwapens, ook vanaf Duitsland, en Martini-Henry's, ironies genoeg steeds vanaf Brittanje, asook ammunisie vir hierdie kaliber vuurwapens. Op 10 Junie 1896 het die OVS sy eerste bestelling van die nuwe rewolusionêre Duitse Mausers geplaas, waarvoor daar uiteindelik tot en met 1899 tien verskillende bestellings geplaas is. Die meeste lede van die Volksraad was aan die einde van 1897 dit eens dat daar nie meer Martini-Henry's bestel moes word nie, omrede dit teenoor die rooklose Mauser verouderd begin vertoon het en aangesien burgers teen hierdie tyd vertrouwd was met die trefafstand (deutes) van die Mauser.¹⁹⁷

Die standaard Mauser, soos bestel deur die twee republieke en wat gou die naam "Boere-Mauser" gekry het, is ontwerp deur die Duitse geweersmid, Peter Paul Mauser. Die wapen was 'n variasie van die 1893 Spaanse model, maar met 'n 7×57 mm patroon, en is beskou as een van die beste grendelslotgewere wat in daardie stadium in die wêreld se militêre arsenale beskikbaar was. Die wapen se voortreflikheid was danksy 'n laaiplaatjie wat vyf rondtes met

¹⁹⁶ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 28.

¹⁹⁷ R. Bester, *Small arms of the Anglo-Boer War 1899-1902: A comprehensive study of all rifles, carbines, handguns and edged weapons used by the opposing forces during the conflict*, pp. 225-226; Breytenbach, 1, pp. 80, 85; Maurice (red.), 1, pp. 79-80.

een aksie kon laai en dit het dus daarvan, wat vuurtempo betref, 'n rewolusionêre wapen gemaak. Soortgelyke vuurwapens in die Britse arsenaal, soos die Lee-Enfields en Lee-Metfords, se rondtes moes een op 'n slag gelaai word, wat meegebring het dat hierdie wapens 'n baie laer vuurtempo as die meer akkurate Mauser gehad het. Ingevolge 'n ooreenkoms tussen die OVS en die ZAR is daar steeds 'n groot besending Martini-Henry's kort voor en net ná die uitbreek van die oorlog aan die Vrystaat oorgedra. Die ZAR het egter sy arsenaal Martini-Henry's geleidelik met Mausers begin vervang en Martini's met die stempel daarop "Made specially for the ZAR", is aan die Vrystaat oorgedra en het op hierdie manier ook in Bethulie beland. In September 1899 is 1 500 Martini-Henry's deur die ZAR aan die OVS gelewer, in Oktober 1899 is nog 2 835 wapens voorsien en in November 1899 is 'n verdere besending van 1 200 wapens aan die Vrystaat oorgedra.¹⁹⁸

1.5.3 Bethulie en Wet 36 van 1896

Op 29 Oktober 1896 is Wet 36 van 1896¹⁹⁹ deur die Vrystaatse Volksraad aanvaar.²⁰⁰ Hierdie wet het daarvoor voorsiening gemaak dat vuurwapens deur vermoënde kommandoede, waaronder lede van die Bethulie-kommando, vanaf die staat aangekoop kon word. Die wapens is amptelik deur die Vrystaatse regering aangekoop en is daarna teen 'n bekostigbare prys aan kommandoede beskikbaar gestel.²⁰¹ As gevolg van finansiële beperkings kon slegs 'n handjievol burgers egter hiervan gebruik maak. Voorts is konsepwetgewing ingedien wat burgers ingevolge Artikel 3a belet het om hierdie vuurwapens aan enige persoon wat nie lid van 'n Vrystaatse kommando was nie, te gee, te verkoop of te ruil en transaksies rondom sodanige wapens kon slegs met die toestemming van die plaaslike landdros geskied.²⁰² Weens die politieke spanning wat toegeneem het, spesifiek ná die mislukte Bloemfontein-konferensie, en die Volksraad wat tot die besef gekom het dat vele burgers weens hul swak finansiële vermoëns nie bewapen was nie, is besluit om hierdie wet in 1899 uit te brei om voorsiening te maak om hierdie burgers te bewapen. Onder leiding van C.W.H. van der Post, die volksraadslid vir Fauresmith wat in daardie stadium die voorsitter van die Raad was, is verdere uitbreidings aan Wet 36 van 1896 gedoen met die goedkeuring van wetgewing waarvolgens "geweren en ammunisie van Goewermentswene aan behoeftige burgers verskaf

¹⁹⁸ Bester, pp. 225-226.

¹⁹⁹ Verskaffen van geweren en ammunisie van Gouvernementswege aan behoeftige burgers.

²⁰⁰ NASA, VAB, OR, 45: Wetten 1896, p. 19.

²⁰¹ *Ibid.*, pp. 40-41.

²⁰² NASA, VAB, OR, 45: Concep wetten 1899, pp. 20, 26.

is”.²⁰³ Die wetgewing was dus gepromulgeer met die doel om behoeftige burgers by te staan om aan die Kommandowet te voldoen. Die wet het verder voorsiening gemaak om ou en ondiensbare vuurwapens te vervang.²⁰⁴

Soos in die geval van ander distrikte in die Vrystaat moes amptenary van Bethulie toesien dat daar met die uitreiking van sodanige vuurwapens aan die relevante wetgewing voldoen word.²⁰⁵ Die veldkornette van wyke Grootrivier, Bosjespruit en Bethulie-dorp moes jaarliks ’n opname in hul onderskeie wyke maak van behoeftige burgers wat bewapen moes word. Sodanige lyste moes by landdros Wolhüter ingehandig word, wat dit weer op sy beurt aan die “Gouwernementskantoor” in Bloemfontein gestuur het. Dat Wolhüter dit wel gedoen het, blyk uit ’n skrywe van 10 Februarie 1897 aan die regeringsadministrasie in Bloemfontein waarin hy die eerste van sodanige lyste deurgestuur het.²⁰⁶ Dit wil voorkom of die besluit om dit een keer per jaar in te dien, gewysig is nadat daar begin is om lyste met ingang van Februarie 1898 op ’n meer gereelde basis in te dien. So is daar sedert Februarie 1898 tot einde Desember 1898 in totaal vyf opgawes vanaf Bethulie ingedien.²⁰⁷ Dit dien as bewys dat daar vir ’n dreigende oorlog voorberei is. Die wet het uitdruklik bepaal dat vuurwapens slegs uitgereik sou word aan burgers wat kommandodiens moes verrig. Die landdros van Bethulie moes dus toesien dat ’n vuurwapen tesame met 30 rondtes ammunisie, slegs aan behoeftige burgers van hierdie kommando uitgereik word, saam met ’n kwitansie by ontvangs hiervan.²⁰⁸ Ten einde die gereelde gebrek aan dissipline aan te spreek, moes elke landdros, waaronder ook Wolhüter, ’n afskrif van “Gouwernements Kennisgeving”, Nr. 273-1898 insake verlof en afwesigheid van kommando, aan elke ontvanger van ’n vuurwapen oorhandig.²⁰⁹ Die onderskeie Vrystaatse offisiere het gereeld probleme met burgers ondervind wat afwesig was tydens wapenskoue en die doel van dié kennisgewing was om afwesigheid te beperk wanneer daar tot militêre aksie oorgegaan sou word. Tereg verwys Pretorius dat die republieke se verdediging op die beginsel van ’n volksleër (hoofsaaklik landbouers) geskoei was, wat bedoel was om die Boererepublieke te verdedig, vandaar die probleem met dissipline.²¹⁰

²⁰³ *Ibid.*

²⁰⁴ Bester, pp. 225-226.

²⁰⁵ NASA, VAB, OR, 45: Wetten 1896, pp. 40-41.

²⁰⁶ NASA, VAB, GS, 1428, 67: Bosjespruit en Grootrivier – geweren en patronen, 27.2.1898.

²⁰⁷ NASA, VAB, GS, 1243: Governments kennisgeving No 289 – 1898, 18.6.1898.

²⁰⁸ NASA, VAB, OR, 45: Wetten 1896, pp. 40-41.

²⁰⁹ NASA, VAB, GS, 1423: Governments kennisgeving No 273 – 1898, 4.5.1898.

²¹⁰ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 206.

Ingevolge Artikel 4 is verder bepaal dat elk van hierdie wapens met die letters “OVS” gestempel word. Landdros Wolhüter moes toesien dat ’n lys met die datum van uitreiking, asook die naam en adres van die burger aan wie dit uitgereik is, bygehou word. Vir hierdie doel is ’n “D 32-vorm” ontwerp waarop die “Namen der burgers, soort en no. van geweer, soort en getal van patronen en aanmerkings”²¹¹ voltooi moes word. Hierdie administratiewe proses is deur die landdrosklerk, J.J. Ellinckhuyzen, van die Bethulie-landdroskantoor behartig. Daar was egter, in teenstelling met die wetlike vereistes, geen plek op hierdie vorm vir ’n adres nie en om hierdie rede kon die adresse van die ontvangers van sodanige wapens nie tydens navorsing bevestig word nie.²¹² Die wet het voorts bepaal dat hierdie wapens die eiendom van die Vrystaatse regering sou bly en dat die wapen slegs in geval van oorlog die grense van die republiek mag verlaat, en ingehandig moes word as ’n kommandolid verhuis.²¹³

In Junie 1897 is begin met die uitreik van Mauser-vuurwapens aan Bethulie-burgers. Die eerste ontvanger uit hierdie distrik van ’n Mauser met 30 “patronen” per wapen was burger Abel Jacobus Pienaar, wat op sy vader se plaas Stinkhoutboom, Wyk Grootrivier, woonagtig was en ’n Mauser (nr. 2378) ontvang het.²¹⁴ Kort hierna is ’n Mauser (nr. 2050) aan Daniël Johannes Pienaar van Kleinvischgat, Wyk Grootrivier, ’n artilleris op die reserwelys van die Vrystaatse Artillerie, uitgereik.²¹⁵ In Februarie 1898 het slegs burger Sarel J. Brits van Wyk Grootrivier, ’n Mauser (nr. 2498), asook 30 rondtes ontvang.²¹⁶ Martini-Henry’s is vervolgens aan burgers uitgereik. In Augustus 1898 het burger Willem Jacobus Snyman van Klein Donkerpoort, Wyk Grootrivier, ’n Martini-Henry-geweer (nr. 29) ontvang.²¹⁷ In September 1898 is ’n verdere vyf Martini-Henry’s (nrs. 163, 310, 349, 361 en 400) aan Bethulie-burgers uitgereik. In Oktober en November 1898 is slegs drie Martini-Henry’s aan burgers uitgereik, terwyl geen uitreikings in Desember 1898 plaasgevind het nie.²¹⁸ (Sien Bylae 1.8: Vuurwapens uitgereik aan die Bethulie-kommando.) Uit bogenoemde is dit duidelik dat behoeftige Bethulie-burgers oor ’n tydperk van 18 maande hoofsaaklik met Martini-Henry-gewere bewapen is, maar dat dit ’n stadige proses was, wat later deur die dreigende konflik versnel sou word.

²¹¹ NASA, VAB, OR, 45: Wetten 1896, pp. 40-41.

²¹² NASA, VAB, GS, 1423: Governments kennisgeving No 262 – 1898, 22.4.1898.

²¹³ NASA, VAB, OR, 45: Wetten 1896, pp. 40-41.

²¹⁴ NASA, VAB, GS, 1428: A.J. Pienaar – Mauser 2378, 15.6.1897.

²¹⁵ OM, 5000/500: Lyst van artilleristen, 13.10.1899.

²¹⁶ NASA, VAB, GS, 1428: S.J. Brits – Mauser 2498, 8.2.1898.

²¹⁷ NASA, VAB, GS, 1428: W.J. Snyman – Martini-Henry, 29.8.1898.

²¹⁸ NASA, VAB, GS, 1428: J.P. van der Walt – Martini-Henry 91, 21.11.1898.

Dat die bewapening van sodanige behoeftige burgers in 1899 prioriteit geniet het, blyk uit die feit dat die opgawes gedurende 1899 maandeliks, in plaas van jaarliks, ingedien is. In Januarie 1899 was Philippus Jacobus van Rensburg van Kransdraai, Wyk Bosjespruit, die eerste ontvanger van 'n Mauser (nr. 5819).²¹⁹ In Februarie 1899 is geen wapen uitgereik nie, soos bevestig in die lys vir daardie maand.²²⁰ In Maart 1899 het Albertus Gerhardus du Plooy van Hartenas, Wyk Grootrivier, 'n Mauser (nr. 5845) ontvang.²²¹ Geen aansoeke om 'n vuurwapen is deur Wolhüter vir die tydperk April tot Mei 1899 vanaf lede van die Bethulie-kommando ontvang nie.²²² Die aantal Bethulie-burgers wat ná afloop van die mislukte Bloemfontein-konferensie in Junie 1899, om 'n vuurwapen aansoek gedoen het, is egter opvallend. In hierdie maand is drie Mausers en ses Martini-Henry's aan Bethulie-burgers uitgereik.²²³ Die eerste van die aantal Martini-Henry's wat in 1899 aan Bethulie-burgers uitgereik is, het op 17 Junie 1899 plaasgevind, toe burger S.R. Coetzee van Stinkfontein 'n wapen (nr. 361) ontvang het.²²⁴

Gedurende September en Oktober 1899 het die ZAR 1 650 Mausers aan die OVS oorgedra.²²⁵ 'n Gedeelte van 'n lys van September 1899 insake Bethulie is gevind wat daarop dui dat 41 Mausers en een Martini-Henry aan Bethulie-burgers uitgereik is. Slegs die laaste bladsy met die name van 11 ontvangers het behoue gebly.²²⁶ Die opgawe vir Oktober 1899, ten tye van die oorlogsverklaring, het getoon dat 48 Martini-Henry-gewere met 1 440 rondtes aan burgers uit hierdie distrik uitgereik is, terwyl slegs twee burgers met Mausers uitgereik is. Hierdie lywige dokument is op 31 Oktober 1899 deur landdros Wolhüter onderteken.²²⁷

Volgens die beskikbare opgawes is dit duidelik dat daar 'n redelike aantal behoeftige burgers in die Bethulie-distrik was, wat nie oor die finansiële vermoëns beskik het om hulself te bewapen nie. Hierdie opgawes toon dat daar vanaf Junie 1897 tot Desember 1899 'n totaal van 68 Martini-Henry-gewere en 52 Mausers aan behoeftige burgers van die Bethulie-kommando uitgereik was. Hiermee saam is 3 600 rondtes ammunisie uitgereik. 'n Totaal van 120 vuurwapens is volgens rekords aan Bethulie-burgers uitgereik. Met die uitbreek van die

²¹⁹ NASA, VAB, GS, 1428: P.J. van Rensburg – Mauser 5819, 15.1.1899.

²²⁰ NASA, VAB, GS, 1428: Certificat van geweeren en patrones vir Februarie 1899.

²²¹ NASA, VAB, GS, 1428: A.G. du Plooy – Mauser 5845, 3.6.1899.

²²² NASA, VAB, GS, 1428: Certificat van geweeren en patrones vir April 1899 en Mei 1899.

²²³ NASA, VAB, GS, 1428: Certificat van geweeren en patrones vir Junie 1899.

²²⁴ NASA, VAB, GS, 1428: S.R. Coetzee – Martini-Henry 361, 17.6.1899.

²²⁵ Bester, p. 226.

²²⁶ NASA, VAB, GS, 1428: Certificat van geweeren en patrones vir September 1899.

²²⁷ NASA, VAB, GS, 1428: Certificat van geweeren en patrones vir Oktober 1899.

oorlog is die getal Vrystaatse burgers wat met Mausers bewapen was, op 12 710 bereken.²²⁸ Met dié kennis van die maandelikse opgawes kan bevestig word dat ten minste 52 lede wat met Mausers bewapen was, aan die Bethulie-kommando behoort het.²²⁹ (Sien Bylae 1.9 vir 'n uittreksel uit die Databasis – Bethulie-burgerlys.)²³⁰

Benewens die uitreiking van wapens aan behoeftige burgers, wou die Vrystaatse Volksraad verder seker maak dat daar genoeg vuurwapens in reserwe was in die onderskeie arsenele in die republiek. So is landdros Wolhüter deur die regering in Bloemfontein gelas om 'n opgawe in te dien van die getal Martini Henry-gewere en rondtes wat in 1898 en 1899 in die magasyn by Bethulie was. Die verslag het getoon dat die Bethulie-kommando in daardie stadium oor 330 wapens en 1 560 rondtes ammunisie beskik het wat aan burgers uitgereik is en dat hierdie dorp, van al die dorpe in die Vrystaat, die minste wapens in reserwe gehad het.²³¹ Teen 29 Junie 1899 het die OVS 'n bedrag van £3 9950 vir die aankoop van krygsbehoefte bestee. Slegs die begroting van die Departement Openbare Werke, asook 'n lening wat betaal moes word, het hierdie uitgawe op die begrotingsprogram in 1899 oorskry.²³² Die gevolgtrekking is dat die voorbereiding vir oorlog duidelik prioriteit begin geniet het.

1.5.4 Eerste groepe vlugteling

Ten spyte van president M.T. Steyn en die Volksraad se volgehoue pogings om oorlog te verhoed, het die Bethulie-inwoners, soos genoem, ná die mislukte Bloemfontein-konferensie, net soos die res van hul landgenote, besef dat oorlog onvermydelik was. Hulle was daarvan bewus dat die Vrystaat se lot, weens die politieke verbond met die ZAR, hul staat by die oorlog sou betrek.²³³ Nog voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het talle Britse lojaliste en ander buitelanders in die laaste paar weke voor die oorlog die Witwatersrand-gebied van die ZAR per trein begin verlaat.²³⁴ Die spoorroete vanaf die Witwatersrand-gebied het deur die Vrystaat, verby Springfontein wat terselfdertyd deel van die Bethulie-distrik was, gestrek. Na beraming het 53 000 wit mense tussen 1 September en 19 Oktober 1899 die twee republieke verlaat en meestal in die Kaapkolonie gaan vestig. Die aantal swart

²²⁸ NASA, VAB, GS, 1428: Krijgsbehoefte in de magazijnen in de OVS, 1898-1899.

²²⁹ *Ibid.*; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

²³⁰ Uittreksels uit databasisse is nie volledig nie, aangesien al die kolomme weens 'n beperking op spasie nie ingesluit kon word nie en dien dus slegs ter illustrasie.

²³¹ NASA, VAB, GS, 1428: Krijgsbehoefte in de magazijnen in de OVS, 1898-1899.

²³² J. Looock Privaat Versameling: Begroting van ontvangsten en uitgaven van den Oranje-Vrijstaat voor 1899, p. 48.

²³³ Breytenbach, 1, pp. 118, 137.

²³⁴ M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 74.

vlugtelinge is onbekend.²³⁵ Die Springfontein-stasie was in hierdie tyd baie bedrywig en volgens eerw. Sandrock van die Berlynse Sendinggenootskap te Springfontein, het hy en sy familie die aankoms en vertrek van menige vlugtelinge in goederetrokke en “kohlenwagens” (oop treintrokke) gade geslaan. Met die vlugtelinge se aankoms op die Springfontein-stasie het die Sandrock-gesin hulle van verversings voorsien, terwyl sommige by Reitz & Schröder se stasiekafee iets te ete gekoop het voordat die treine weer die reis hervat het. Die treine het hierna die Vrystaatse grens, 48 km verder by Norvalspont, na die Kaapkolonie oorgesteek.²³⁶

Sandrock se plase Gerlachsthal en Berlin by Springfontein, het teen die stasie gegrens en het dus binne die distriksgrens van Bethulie geval. Op Berlin, met sy witgepleisterde kerk, sendingskool en woonhuis, het hy weekliks dienste vir sy kosmopolitiese gemeente van wit en bruin gemeentelede gelei. Hy moes toekyk hoe sy “gemeentekudde” kleiner word toe van die Engelssprekendes soos die Harveys en Wrights wat in die omgewing van Gerlachsthal geboer het, die Vrystaat begin verlaat het. Selfs van die hoofsaaklik Engelssprekende spoorwegamptenare by Springfontein, wat deur die Cape Government Railways na die Vrystaatse Spoorweë gesekondeer is het vertrek, waarna daar van die stasie se 100 inwonertal min oorgebly het. Dit was nadat die Vrystaatse regering op 12 Oktober 1899 alle Britse onderdane, wat nie deur hulle gemagtig was om in die republiek aan te bly nie, gelas het om teen 18 Oktober 1899 die Vrystaat te verlaat.²³⁷ Die ontvolking het meegebring dat die 13 swart gesinne wat onder Sandrock se sorg op Gerlachsthal was, hul inkomste verloor het. Arbeiders soos Willem Pieterse (’n bouer) en Jan Jacobs (’n ystersmid), wat staatgemaak het op werk wat deur die inwoners verskaf is, was nou werkloos. Kiewiet Veldman, die sendingstasie se koster, asook Cornelius Mordegai en sy familie was by regeringsprojekte op Springfontein betrokke, wat onder meer die skrop van damme behels het, maar is ontslaan omrede die regering van mening was dat alle nie-noodsaaklike dienste vir eers gestaak moes word. Moses Gaputhluila, Frans Nelkring en van hul gesinne was werkzaam op die spoorweë, wat grootliks na 11 Oktober 1899 tot stilstand gekom het.²³⁸ Oorlog was vir die Sandrocks ’n nog groter realiteit toe assistent-veldkornet P.W.C. Combrink, van Wyk Bosjespruit, op 2 Oktober 1899 hul seuns, Theodor, Christoph en Heinrich, opgekommandeer het in afwagting op die oorlogsverklaring wat kort hierna sou volg.²³⁹

²³⁵ Breytenbach, 1, p. 130.

²³⁶ Britz, p. 5.

²³⁷ *Ibid.*; Breytenbach, 1, pp. 130-131.

²³⁸ Britz, pp. 4-5.

²³⁹ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

In die aanloop tot opkommandering het gemoedere in Bethulie, soos in die res van die republiek, hoog geloop en orals het lojale Bethulie-inwoners hul patriotisme by wyse van oranje kokardes en hoedbande in die Vrystaatse vlagkleure vertoon. So sterk was hierdie vorm van patriotisme en gevoel teen sir Alfred Milner²⁴⁰ en mnr. Joseph Chamberlain,²⁴¹ dat vele inwoners van Bethulie selfs, volgens dr. Werdmuller, verseg het om voortaan enige “Chamberlain’s Cough Remedy”, wat vanselfsprekend na ’n van-genoot vernoem is, te gebruik.²⁴²

1.6 SLOTPERSPEKTIEWE

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat Bethulie wat as sendingdorp in ’n geharde streek van die Vrystaat ontstaan het, ontwikkel het tot ’n goed gevestigde en welvarende gemeenskap. Met die oog op ’n naderende konflik was die inwoners, waarvan sommige Engelssprekend was, bewus van die dorp se strategiese ligging. Teen begin Oktober 1899 was Bethulie en sy kommando redelik goed bewapen en so voorbereid as moontlik vir die stryd wat sou volg. Die Bethulie-veldkornette het teen die einde van September 1899 deur hul wyke begin gaan om burgers en goedere op te kommandeer nadat dit vir die inwoners en die res van die republiek al duideliker geword het dat ’n oorlog onvermydelik was. In afwagting op die oorlog, het die inwoners om verskillende redes hulself aan ’n bepaalde kant begin skaar. Geen inwoner sou egter in daardie stadium die groot rol wat die dorp, die gemeenskap en onmiddellike omgewing tydens die oorlog sou speel kon voorsien nie. Die deelname hierna van die Bethulie-kommando aan die inval in die Kaapkolonie, die Slag van Stormberg, die terugval na die Vrystaat, die krygsgevangeneming in die Brandwaterkom en ’n handvol burgers wat gepoog het om die guerrillastryd in die Bethulie-distrik en omgewing voort te sit, ontvou in Bethulie-burgers se dagboeke, herinneringe, briewe, argiefmateriaal, koerantberigte asook sekondêre publikasies waarin unieke insigte verkry is rakende Bethulie en sy burgers se aandeel in die krygsverloop gedurende die Anglo-Boereoorlog.

²⁴⁰ Sir Alfred Milner (23.3.1854-13.5.1925), Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog. Vanaf 1901 bekend as Lord Milner.

²⁴¹ Joseph Chamberlain (8.7.1836-2.7.1914), Britse koloniale sekretaris gedurende die Anglo-Boereoorlog.

²⁴² OM, 3730/5(b): Herinnering van dr. Werdmuller, 27.9.1920.

Hoofstuk 2

DIE BETHULIE-KOMMANDO TE VELDE, 1899-1900

2.1 INLEIDING

Teen die einde van 1899 was die Bethulie-kommando redelik goed bewapen en voorbereid vir die stryd wat sou volg. Soos reeds genoem, was die inwoners bewus van die dorp se strategiese ligging, terwyl die Vrystaatse krygsraad besef het dat die Stormberg-aansluiting 'n strategiese sleutelpunt was wat die Britse krygsplan ernstig kon ontwig sou dit beset word. Die Bethulie-veldkornette het teen die einde van September 1899 deur hul wyke begin gaan om burgers en goedere op te kommandeer, nadat dit vir die Bethulie-inwoners en die res van die Vrystaat duidelik geword het dat 'n oorlog onvermydelik was. Die Bethulie-kommando sou in die maande wat volg, deel wees van ander kommando's wat as "wagters" op die suidgrens van die Vrystaat gedien het aangesien die twee Boererepublieke van oordeel was dat die Britse hoofaanslag uit Natal sou geskied en dat die W.P. Schreiner-regering nie sou toelaat dat die Britte die Kaapkolonie as invalstroete gebruik nie.¹

'n Vollediger beeld van hierdie kommando se groter rol en die impak wat dit op die krygsverloop van die Anglo-Boereoorlog gehad het, kan verkry word deur die Bethulie-kommando en sy lede se wedervaringe, hetsy amptelik of persoonlik, op te teken. Daar sal derhalwe in hierdie hoofstuk gekyk word na die opkommandering in die Bethulie-distrik, die uitbreek van die oorlog, die kommando se inval in die Noordoos-Kaapkolonie en besetting van omliggende dorpe, sy aandeel tydens die Slag van Stormberg, die terugval na die Vrystaat en die geveg by die Bethulie-wabrug. Wapenneerlegging, asook die terugval na die noordoos-Vrystaat geniet aandag, waarna die kommando se betrokkenheid by verskeie gevegte hierna en die uiteindelijke oorgawe in die Brandwaterkom bespreek word. Die hoofstuk sluit af deur saaklik aandag te gee aan guerrilla-optrede, asook lotgevalle van enkele burgers van hierdie kommando.

¹ A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase* (D.Phil.), pp. 418, 473; C.J.F. Botha, *Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (M.A.), pp. 21-22.

2.2 OPKOMMANDERING IN DIE BETHULIE-DISTRIK

2.2.1 Oproepinstruksies

In die spanningsvolle dae voor die ultimatum, het landdros A.J. Wolhüter van Bethulie op 1 Oktober 1899 – soos die res van sy ampsgenote in die Vrystaat – ingevolge die Vrystaatse kommandowet instruksies uitgereik vir die opkommandering van die Bethulie-kommando aan kommandant F.J. du Plooy van Diepfontein, Wyk Grootrivier, en sy veldkornette in die Wyke Bosjespruit en Grootrivier, asook die nie-amptelike Wyk van Bethulie-dorp.² Alhoewel die Vrystaatse Tesourie in die “Ontvangstes en Uitgaven van 1899” voorsiening gemaak het vir ’n veldkornet vir elk van Bethulie se twee wyke, Grootrivier en Bosjespruit, is Bethulie-dorp as ’n nie-amptelike derde wyk beskou. Kort voor die uitbreek van die oorlog is ’n assistent-veldkornet vir elk van die twee wyke, asook vir Bethulie-dorp, verkies om die veldkornette in die uitvoer van hul pligte tydens moontlike vyandelikhede behulpsaam te wees.³ Dit blyk dat daar kort voor die oorlog ’n tweede assistent-veldkornet vir Wyk Grootrivier verkies is, omrede hierdie die grootste wyk was. Dit word bevestig deur die name en range van twee assistent-veldkornette wat teenoor Wyk Grootrivier in die Vrystaat se Tesouriebegroting van 1899 verskyn.⁴ Die ampte is soos volg gevul: vir Wyk Grootrivier: veldkornet Willem Joseph Robinson van die plaas Eensgevonden (wat vanaf 27 November 1883 veldkornet was), assistent-veldkornet Nicolaas Jacobus C. Kruger van die plaas Vogelfontein, en assistent-veldkornet Nicolaas Phillipus de Wet van die plaas Middelfontein; vir Wyk Bosjespruit: veldkornet Roelof Daniël McDonald van die plaas Jakhalsfontein en assistent-veldkornet Philippus Wilhelmus C. Combrink van die plaas Klipkraal; vir Bethulie-dorp: veldkornet Valentine William Tell Werdmuller (wat vanaf 1881 die dorpsveldkornet was) en assistent-veldkornet John H. Coetzee, wat die plaaslike meulenaar op die dorp was.⁵

Volgens die Bethulie-kommandeerlys is die eerste Vrystaatse burgers, waaronder die Bethulie-kommando, op 2 en 3 Oktober 1899 ingevolge die Krygs- en Kommandowet, Nr. 10 van 1899, in opdrag van president M.T. Steyn, opperbevelhebber van die Vrystaatse krygsmag, opgeroep.⁶ Steyn het hierdie besluit tot mobilisasie aan sir Alfred Milner

² Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; N. Gomm, “The Commando Act of the Orange Free State Republic”, *Krygshistoriese Tydskrif* 1(5), Desember 1969, p. 30; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 1, pp. 34-36.

³ NASA, VAB, GS, 42: Ontvangsten en uitgaven, 1899.

⁴ *Ibid.*

⁵ NASA, VAB, GS, 2192-5a: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

⁶ *Ibid.*; Gomm, p. 30.

gekommunikeer, met Milner wat gemeld het dat hy steeds hoopvol was op 'n vreedsame skikking.⁷ Die veldkornette van Bethulie was in daardie stadium reeds besig om die burgers in hul wyke op te kommandeer. Alhoewel generaal-majoor sir Frederick Maurice na die sterkte van die Bethulie-kommando as 385 burgers verwys het, bevat die lys van Bethulie-stemgeregtigdes van 1899 die name van 358 krygspligtige burgers, waarvan 55 op die dorp, 86 in Wyk Bosjespruit en 217 in Wyk Grootrivier woonagtig was. Laasgenoemde getalle word as meer korrek aanvaar aangesien dit korreleer met die kommandeerlyste met die name van 361 burgers daarop.⁸ Soos blyk uit die herinneringe van burger Abraham Jacobus Griesel van die plaas Springbokfontein, Wyk Grootrivier, het die oproepinstruksies aan Bethulie-burgers soos volg gelui: “U word opgeroep met paard, saal en toom, geweer met 30 patrone en mond provisie vir acht dagen.”⁹ Elizabeth Margaretha Smith (née Grobbelaar) van die plaas Meyerskraal, Bethulie, onthou dat die opkommandering op Sondag, 1 Oktober 1899, plaasgevind het en dat die nuus ná 'n Nagmaaldiens, gelei deur ds. H.C.J. Becker in die NG Kerk Bethulie, aan die gemeente meegedeel is. Volgens haar is perdekarre en waens kort hierna ingespan en families is inderhaas terug na hul plase om finale voorbereidings te tref voor die burgers se vertrek na bepaalde versamelpunte. Op die volgende dag, 2 Oktober 1899, was daar burgers op hul plaas om haar vader op te kommandeer.¹⁰

Vorbereidings vir die vertrek van burgers van hierdie kommando, wat reeds weke voor die tyd op die dorp en meeste plase in die Bethulie-distrik aan die gang was, en waar vroue proviand soos biltong, beskuit en brood begin gereed kry het, asook klere versien het, het ná hierdie nuus met nog meer erns geskied. Dorethea Magdalena Kotze (née De Wet), in daardie stadium 'n jong meisie woonagtig op die plaas Middelfontein, Wyk Grootrivier, en suster van assistent-veldkornet De Wet, beskryf hoe haar moeder tussen al die voorbereidings deur vir oulaas instruksies vanaf haar eggenoot oor werksaamhede en take op die plaas ontvang het, waarna mev. Catharina Maria Cornelia de Wet, haar jonger kinders en die swart plaaswerkers, kort hierna self die boerderyaktiwiteite, soos onder meer saai en oes, behartig het.¹¹ Wessels verwys hierna soos volg: “The Boer women and children who remained on the

⁷ A.C. Doyle, *The great Boer War*, p. 77.

⁸ NASA, VAB, OR, 82-83: Lijst van stemgerechtigde burgers voor het district Bethulie voor het jaar 1899, pp. 34-36; NASA, VAB, GS, 2192-5a: Commandeerlyst Bethulie, 1899; NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; J.F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 1, p. 458.

⁹ A.J. Griesel, *‘n Oudstryder kyk terug*, p. 17.

¹⁰ NASA, VAB, 119.124: Renier-versameling – herinneringe van Bettie Smith, 11.11.1949.

¹¹ Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (hierna OM), 5375/1: Gegewens uit die Boereoorlog van mev. D. Kotze, pp. 1-3.

farms while their men went to war, were assisted by farm workers to continue with farming activities.”¹² Ná afskeid van families geneem is, het die burgers by versamelpunte soos die Bethulie-landdroskantoor en wabrug, byeengekom. Hier het die burgers, nadat daar eers met Skriflesing en gebed voorgegaan is, geluister na offisiere se toesprake insake die regverdiging van die republikeinse saak.¹³

Landdros Wolhüter het in opdrag van die goewermentsekretaris in Bloemfontein lyste met die besonderhede van die opgekommandeerde burgers van Wyke Grootrivier, Bosjespruit en Bethulie-dorp aan Bloemfontein gestuur. Alhoewel groot gedeeltes van die kommandeerlyste van die Bethulie-kommando nie behoue gebly het nie en/of ontbreek, kon die leemtes in die lyste aangevul word met behulp van die publikasie, *Donaldson and Hill's OFS directory*, wat sy ontstaan 'n paar jaar voor die oorlog gehad het. Volgens die kommandeerlyste wat wel behoue gebly het, is daar vanaf so vroeg as 2 Oktober 1899 begin om rekord te hou van Bethulie-burgers wat opgekommandeer is. Dit is egter die *Donaldson and Hill's OFS directory* wat die volledige gegewens in die kommandeerlyste, spesifiek die plaasname en name van die bewoners bevat. In hierdie publikasie is inligting oor elke dorp en distrik in die Vrystaat, in hierdie geval Bethulie, vanaf 1899 tot en met 1900 vervat. As 'n verdere verifiëring is die gegewens soos vervat in die Vrystaatse kieserslyste van die Bethulie-distrik, aangewend om 'n vollediger beeld te verkry van die burgers van die Bethulie-kommando ten tye van die opkommandering aan die begin van Oktober 1899.¹⁴ Daar word uit die onderskeie staatskoerante van die Vrystaat (*Gouvernements Courant*) afgelei dat die opkommandering in Bethulie nie sonder probleme geskied het nie, veral aangesien die Bethulie-distrik oor 'n redelike groot Engelssprekende gemeenskap beskik het; die meeste met twyfelagtige lojaliteite.

2.2.2 Opkommandering in Bethulie en -distrik

Die kommandeerlys van burgers uit Bethulie-dorp, gedateer 2 Oktober 1899, en wat twee folio's beslaan, verwys na 40 burgers wat deur veldkornet Werdmuller opgekommandeer is. Die eerste folio bevat die name van 30 burgers in die ouderdomsgroep 18 tot 34 jaar, terwyl die tweede folio die name van tien burgers in die ouderdomsgroep 35 tot 60 jaar bevat, wat

¹² A. Wessels, *The Anglo-Boer War 1899-1902: White man's war, black man's war, traumatic war*, p. 107.

¹³ NASA, VAB, 119.124: Renier-versameling – herinneringe van Bettie Smith, 11.11.1949.

¹⁴ NASA, VAB, OR, 82-83: Lijst van stemgerechtigde burgers voor het district Bethulie voor het jaar 1899, pp. 1-14; Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, p. 165.

die naam van John Pellissier,¹⁵ kleinseun van eerw. J.P. Pellissier, insluit.¹⁶ 'n Verdere lys, gedateer 4 Oktober 1899, toon dat Werdmuller agt swart mans in die dorp as wadrywers en touleiers, ingevolge die Vrystaatse Krijgs- en Kommandowet, Nr. 10 van 1899, opgekommandeer het. Die woord “gehuurd” verskyn agter elkeen se naam, wat aandui dat hulle teen betaling opgekommandeer is. Dié mans word gelys as Augustus, David, Izaak Lesack, Jafel Plaatjies, Kefas Moroleng, Louwies, Lukas Mohola en Sibi Fakhilha.¹⁷ Alhoewel daar geen spesifieke verwysing na agterryers gevind kon word wat by Bethulie opgekommandeer is nie, kan daar aanvaar word dat daar wel ook van agterryers in hierdie kommando gebruik gemaak is; 'n algemene praktyk waarna selfs Amery verwys. Abraham Griesel het vertel van Hendrik, sy agterryer, wat op 21 Mei 1900 bykans saam met hom by Heilbron gevang is, en Dennis McDonald het verwys na Andries, sy agterryer, wat hom versorg het en veral goed kon kook, iets wat volgens Pretorius, heel dikwels deel was van agterryers se take.¹⁸ Na beraming was tussen 10 000 en 14 000 swart mans deel van die Boererepublieke se logistieke krygsmag.¹⁹

Benewens die oproep van burgers, kon goedere voorts van inwoners opgekommandeer word, aangesien die Vrystaatse Kommandowet bepaal het dat burgers self “mondprovisie voor acht dagen” moes voorsien, waarna die staat verder sou voorsien.²⁰ Artikel 7 van die Vrystaatse Kommandowet het bepaal dat 'n veldkornet die reg gehad het om goedere vir militêre gebruik vanaf die publiek op te kommandeer.²¹ Gomm verwys na Artikel 7 van die Vrystaatse Kommandowet waarin bepaal is dat lewensmiddele en goedere, wat in tye van oorlog vir krygsdiens benodig is, deur veldkornette vanaf die publiek, aldus ook Breytenbach en Pretorius, opgekommandeer kon word.²² Die kommandering van goedere in die Suid-Vrystaat het ingevolge 'n proklamasie deur president Steyn, veral plaasgevind ná die inval in

¹⁵ John Pellissier het later as joiner die Britse oorlogspoging aktief gesteun.

¹⁶ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

¹⁷ *Ibid.*; Pretorius, *Kommandolewe...*, p. 301; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, pp. 106-107.

¹⁸ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 2, pp. 83, 87; Griesel, pp. 25, 29; F. Pretorius, “Die daaglikse verpligtinge in die laer op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(2), April 1990, p. 52; OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 9. Wanneer daar in hierdie proefskrif na die Oorlogsmuseum se Kopie-argief verwys word, word bedoel die argiefgroep wat in 1940 begin is, en waarin afskrifte van dokumentasie uit onbekende argiewe, asook afskrifte van briewe, dagboeke, verslae, kaarte, ongeïdentifiseerde koerantknipsels en ander afskrifte van navorsingsmateriaal oor die oorlog bewaar word.

¹⁹ Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 107.

²⁰ Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 46.

²¹ Gomm, p. 30; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 104.

²² Breytenbach, 1, p. 38; Gomm, p. 30; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 58.

die Noordoos-Kaapkolonie.²³ Volgens die Vrystaatse Kommandowet kon sodanige goedere tydens 'n oorlog selfs van swart en bruin mense opgekommandeer word. In veldkornet Werdmuller se opname van Oktober 1899 verskyn die name van ses bruin mans (Jan Atties, Jan Bam, Jan Goeieman, Jan Louw, Julie Fourie, Schuil Goeieman) en vier swart mans (Andries Lechub, Elias Isaacs, Marthinus Lefereka en Piet Mahahowa) van wie elk 'n perd opgekommandeer is.²⁴

Landdros Wolhüter het voorts 'n register bygehou van goedere wat vanaf 2 Oktober 1899 uit die onderskeie wyke opgekommandeer is. Die lyste met vier kolomme elk, bevat gegewens van aspekte soos die “Naam, Plaats en Aanmerkinge” van elke persoon, asook 'n kolom wat die aard van die goedere aandui.²⁵ Die opkommandering van goedere op 2 Oktober 1899 is baie volledig deur landdros Wolhüter aangeteken, met 55 burgers van Bethulie-dorp wat die volgende goedere ingelewer het: 107 skape, agt trekosse, een bokwa, 23 perde, 14 saals met tooms, twee vuurwapens, twee bokseile, 40 huide, ses sakke suiker, ses sakke rys, vier sakke boermeel, ses sakke aartappels, 12 blikkies soutvleis, 13 stelle klere, ses grawe en een sekel. Twee burgers het nie gehoor gegee aan die versoek om items in te lewer nie. Daniël Long, 'n winkelassistent by J.H.W. Dittmar, het nie die geweer wat van hom opgekommandeer is, ingelewer nie volgens 'n inskrywing dat hy “weggeloop” het, terwyl burger A. Miller van Klaresfontein ook nie aan die opkommandering van goedere gehoor gegee het nie. Selfs staatsamptenare soos landdros Wolhüter en sy klerk, Van Ellinckhuyzen, asook volksraadslid Klynveld en dr. Wölhers, was nie van die opkommandering van goedere vrygestel nie. Die eienaar van die Royal Hotel, W.R. Dobbin, moes perde met saals en tooms lewer, terwyl daar van winkeliers verwag is om klerasie, koffie, suiker en rys by te dra.²⁶ Aan die hand van bogenoemde kan 'n idee gekry word van die soort items en voedselsoorte wat aan die beginfase van die oorlog opgekommandeer is om deur die Bethulie-kommando gebruik te word. Veral skaapvleis, rys en aartappels was belangrike stapelvoedsel in hierdie fase van die oorlog vir die Bethulie-kommando.

Op 4 Oktober 1899 het assistent-veldkornet Combrink, van Wyk Bosjespruit, 'n lys saamgestel met die name van 84 burgers van hierdie wyk wat op 1 Oktober 1899 opgekommandeer is. (Sien Bylae 2.1: Opkommandering van Wyk Bosjespruit.) Hy het voorts 'n lys van goedere wat uit Wyk Bosjespruit opgekommandeer is, saamgestel. Items het gewissel

²³ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 58.

²⁴ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

²⁵ *Ibid.*; Breytenbach, 1, pp. 36-38.

²⁶ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

van lewende hawe, soos spanne osse (sommige selfs met 'n wa), skape en perde, asook kruideniersware soos koffie, suiker en meel en items soos saals, tooms en gereedskap, byvoorbeeld grawe. Benewens Bosjespruit-inwoners moes Klaas Visagie, 'n bruin man van Strydpoort, 'n ryperd en saal met toom lewer en J. Hirshen, 'n reisende handelaar, moes kleiner items inhandig. Voorts is dit uit hierdie kommandeerlys duidelik dat selfs weduwees wat plase besit het, nie vrygestel was van die opkommandering van goedere nie. Dat heelwat boere vermoënd was en soms selfs tot drie spanne osse en waens besit het, skyn uit die feit dat daar in sekere gevalle selfs 'n tweede span osse met 'n wa van hulle opgekommandeer is. 'n Ongedateerde lys van goedere wat vanaf ander burgers uit die Bethulie-distrik opgekommandeer en op 11 Oktober 1899 ingehandig is, vorm deel van die kommandeer-dokumente van Bethulie.²⁷ Die afleiding is dat hierdie lys aan Wyk Bosjespruit behoort, aangesien die name van Springfontein-inwoners wat deel gevorm het van die wyk, daarop verskyn. Die afleiding is verder dat daar nog lyste bestaan het, omrede daar baie meer inwoners in hierdie wyk woonagtig was.

'n Ongedateerde kommandeerlys, wat deur veldkornet W.J. Robinson onderteken is, bevat die name van 187 Bethulie-burgers. Die afleiding is dat dit die eerste kommandeerlys van Wyk Grootrivier was, en, soos in die geval van Bosjespruit, op 4 Oktober 1899 saamgestel is nadat die grootste groep burgers uit hierdie wyk op 2 Oktober 1899 opgekommandeer is. 'n Verdere kommandeerlys van goedere, soos opgestel deur assistent-veldkornet Kruger van die Wyk Grootrivier, vereis dat goedere op 13 Oktober 1899 ingelewer moes word.

Op 3 en 4 Oktober 1899 het veldkornet Robinson verskeie items persoonlik van burgers in Wyk Grootrivier opgekommandeer.²⁸ Op 3 Oktober 1899 het Robinson ses spanne osse, elk met 'n ossewa, 34 ander trekgoed, agt perde, 141 hamels en 'n saal met toom opgekommandeer. Kruideniersware het ses sakke koffie, sewe sakke suiker, drie sakke rys, twee sakke sout en 11 sakke boermeel ingesluit, asook 'n vleisbyl, twee grawe, 'n saag, 'n koffiemeul en drie wolsakke. In 'n ongedateerde brief, vermoedelik aan landdros Wolhüter, dien Robinson nog 'n lys in van goedere wat in Wyk Grootrivier opgekommandeer is. Dit het 13 waens, elk met 'n bokseil, asook 13 spanne geleerde osse, 19 ryperde, 142 hamels, een sak sout, twee sakke koring, twee sakke rys, vier sakke koffie, agt sakke suiker en 22 sakke meel, ingesluit. Robinson verwys voorts na goedere wat op 4 Oktober 1899 in Wyk Grootrivier van agt "Kleurlingen gecommandeerd" is. Witbooi moes 'n bokwa, twee osse en trekgoed vir 12

²⁷ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

²⁸ *Ibid.*

osse voorsien, asook 12 stroppe en agt rieme, terwyl Jesaja en Abraham van die plaas Driefontein elk 'n ryperd moes lewer. Charl en Jacob van die plaas Kleinfontein moes elk vyf hamels lewer, terwyl ryperde van David van die plaas Goedehoop,²⁹ asook twee bruin mans van die plase Kareefontein en Tafelberg, opgekommandeer is.³⁰

Bethulie-dorp was vanaf einde September 1899 tot begin November 1899 'n bedrywige plek met burgers, rytuie, trekdiere en goedere wat in die dorp versamel het. Ten spyte van die onvolledigheid van die kommandeerlyste, gee dit wel 'n goeie aanduiding van die datums, aard en hoeveelhede goedere wat in Bethulie en distrik opgekommandeer is, asook die aantal trekdiere en grootte van die Bethulie-walaer. Daar word afgelei dat die Bethulie en Smithfield-kommando's geheg was aan hulle walaers aangesien hulle nog in Mei 1900 hieraan vasgeklou het, ten spyte van die krygsraadsbesluit te Kroonstad, aldus Leopold Scholtz wat verwys na 'n insident op 22 Mei 1900 waarby hierdie twee kommando's nog hul walaer by hulle gehad het.³¹ Aan die hand van verdere kommandeerlyste is dit egter duidelik dat verdere opkommandering van burgers en goedere later sou volg.³²

2.2.3 Oranje Vrijstaat Artillerie Corps en reserwelys

'n Minder bekende feit is die aantal burgers uit Bethulie wat op die Vrystaat Artillerie, amptelik bekend as die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps, se reserwelys verskyn het. Hierdie eenheid het, benewens 'n staande mag, ook oor 'n reserwemag beskik en is saamgestel uit manskappe uit die Vrystaat wat hul driejaaroopleiding as artilleriste voltooi het en daarna weer na die burgerlike samelewing teruggekeer het.³³ Op 13 Oktober 1899 verskyn 'n advertensie waarin hierdie reserwemag opgeroep is en opdrag ontvang het om by sersant C.J. Muller, die waarnemende magasynwagmeester in Bloemfontein, aan te meld. Die lys vir die Bethulie-distrik bevat die name van 32 reserwe-artilleriste waarvan twee later gesneuwel het, 17 krygsgevangene geneem is, vier as bittereinders op 31 Mei 1902 die wapen neergelê het, terwyl nege se besonderhede onbekend is.³⁴

²⁹ Volgens die Bethulie-plaasregister Goedehoop, maar in bronne ook na verwys as Good Hope.

³⁰ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

³¹ L. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, p. 168.

³² NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

³³ Breytenbach, 1, p. 58.

³⁴ OM, 5000/500: Lyst van artilleristen, 13.10.1899; NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; *Gouvernements Courant*, 13.10.1899, p. 334.

2.2.4 Dislojales

Soos in ander distrikte, was daar in die Bethulie-omgewing inwoners wat hulself in die aanloop tot die oorlog, aan Britse kant geskaar het. Die grootste aantal hiervan was Engelssprekendes (van 1820 Setlaar-herkoms) wat hulle oor etlike dekades in die Suid-Vrystaat gevestig het. Hierdie groep Britse lojaliste het Vrystaatse burgerskap geniet en was daarom onderhewig aan kommandodiens en dus ook krygspligtig. Ten spyte van die feit dat hulle stemgeregtigdes in die republiek was, het enkeles ná herhaaldelike oproepinstruksies in die *Gouvernements Courant*, hul rug op die Vrystaat gekeer. Sekere van hierdie families, soos die McDonald's, was egter, met die uitsondering van enkele familielede, lojale Vrystaatse burgers wat aan Boerekant tot die oorlog toegetree het.³⁵

Burgerlike ongehoorsaamheid is getoon deur oproepinstruksies en opkommandering van goedere te verontagsaam. Hierdie Britse lojaliste, soos die Blackbeard's, Butler's, Cyrus's, Harveys, Hockleys, Kirkham's, Prior's, Stuart's, Webber's, Wilmot's, Wrights en Yelling's, was hoofsaaklik in Wyk Bosjespruit woonagtig, spesifiek in die omgewing van Springfontein en derhalwe deel van die Bethulie-distrik.³⁶ Notas deur veldkornette op die kommandeerlyste, toon dat daar twyfel was oor hul lojaliteit teenoor die Vrystaat. So is Walter Blackbeard van die plaas Diepfontein op 2 Oktober 1899 opgekommandeer om “een bokwa met trekgoed en bokseil, 12 geleerde osse en 30 hamels, 5 mud gesifte meel, 100 lbs. suiker, 133 lbs. koffie, 80 lbs. rijst en een rypaard”³⁷ te lewer, 'n opdrag waaraan hy nie gehoor gegee het nie.³⁸ In Oktober 1899 verwys assistent-veldkornet Combrink na William Yelling (plaas Stockport), Walter Harvey (plaas Jantjiesfontein), R. Butler (plaas Kuilfontein), William Webber (Springfontein) en J.B. Hockley (plaas Ploegfontein), wat hul oproepinstruksies verontagsaam het.³⁹

Selfs op Bethulie-dorp was daar Engelssprekendes, soos die Gunn-, Adams- en Waugh-families, wie se lojaliteit onder verdenking was. Die naam van Robert Waugh, die dorp se bouer en skrynwerker, het byvoorbeeld in 'n staatskoerant verskyn waarin hy gelas is om in die landdroshof op Bethulie te verskyn omrede hy nie aan die oproepinstruksies gehoor gegee het nie. Waugh, van Skotse afkoms, het tydens die latere Britse besetting geblyk 'n vurige

³⁵ *Gouvernements Courant*, 13.10.1899, p. 334; R.D. McDonald, *'n Terugblik op my oorlogsjare*, pp. 7, 11-12.

³⁶ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; De Swardt, p. 17.

³⁷ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

³⁸ *Ibid.*

³⁹ *Ibid.*; *Gouvernements Courant*, 13.10.1899, p. 334.

Britse lojalis te wees wat gereeld in die geselskap van Britse offisiere gesien is. Daar is bewyse gevind dat daar pogings was om teen hierdie persone op te tree, aangesien Frank Towers en George William Parr gedagvaar is om voor landdros Wolhüter te verskyn weens versuim om aan oproepinstruksies gehoor te gee.⁴⁰ Later het burgers Walter Blackbeard, Robert James Butler, James Brownlee, Herbert Charles Cyrus, Walter Harvey en William Webber van die Bethulie-distrik, se name onder “crimineele” in die staatskoerant verskyn aangesien hulle steeds versuim het om voor die landdros⁴¹ op Bethulie te verskyn.⁴² Alhoewel die meeste Engelssprekendes later by die Britse Leër aangesluit het, het enkeles, soos die McDonald’s en Robinson’s, wel ná 11 Oktober 1899 saam met die kommando’s vertrek.⁴³

Onder die Afrikaanssprekendes was daar ook dislojale burgers, soos blyk uit Andries de Klerk en Marthinus van Niekerk se versuim om vir kommandodiens aan te meld, ten spyte van die feit dat hulle by drie geleenthede in verskeie goewermentskennisgewings deur veldkornet Werdmuller daartoe gelas is.⁴⁴ Benewens geldboetes vir die nie-nakoming van opkommandeer-instruksies,⁴⁵ hetsy in persoon of deur die lewering van goedere, het die Vrystaatse Kommandowet van 1899 selfs vir gevangenisstraf voorsiening gemaak.⁴⁶

2.2.5 Verskonings

’n Verdere probleem waarmee die Bethulie-veldkornette te kampe gehad het, was diegene wat verskonings aangevoer het waarom hulle nie opgekommandeer kon word nie en volgens die veldkornette se notas het hulle bedenkinge oor sommige van hierdie verskonings gehad. Met die opkommandering van burgers uit Bethulie-dorp op 2 Oktober 1899, is aangedui dat agt burgers siekte as verskoning aangevoer het en derhalwe nie opgekommandeer kon word nie, terwyl “is nie by huis” teenoor ’n Engelssprekende burger, William Adams, se naam verskyn. So het Jan Greef aangevoer dat sy “oogen zwak” is en hy daarom nie op kommando kan gaan nie, terwyl Edwin Marais aangevoer het dat hy ernstige probleme met sy rug ondervind het en dus nie kon perdry nie. Voorts het volksraadslid Herman Klynveld se seun, Emile Klynveld, se naam op die kommandeerlys verskyn, maar hy is vir redes onbekend van

⁴⁰ *Gouvernements Courant*, 19.1.1900, p. 32; 24.11.1899, p. 401; 2.11.1899, p. 375; 17.11.1899, p. 394.

⁴¹ Ná die Britse besetting van dorpe soos Bethulie, is die benaming van landdros na magistraat verander.

⁴² NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; *Gouvernements Courant*, 19.1.1900, p. 32; 24.11.1899, p. 401; 2.11.1899, p. 375; 17.11.1899, p. 394.

⁴³ McDonald, pp. 11-12; P.H.S. van Zyl, *Waar en trou*, p. 57.

⁴⁴ *Gouvernements Courant*, 19.1.1900, p. 32; 27.10.1899, p. 354; 10.11.1899, p. 383; 17.11.1899, p. 394; 24.11.1899, p. 401.

⁴⁵ Breytenbach verwys na boetes van R10.00 tot R75.00, of selfs tronkstraf van tussen drie dae tot drie maande.

⁴⁶ Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 203.

kommandodiens verskoon en Stoffel van Rensburg is in sy plek opgekommandeer.⁴⁷ Jacobus Johannes Tromp van die plaas Winterspoort, Wyk Grootrivier, en skoonseun van veldkornet McDonald is opgeroep, maar het homself weens siekte verskoon.⁴⁸

Alhoewel sommige van Bethulie se kommandeerlyste ontbreek, is dit volgens geraadpleegde lyste duidelik dat daar wel burgers was wat hulself nie vir kommandodiens wou beskikbaar stel nie. Hierdie burgers het duidelik nie in dieselfde mate lojaal gestaan teenoor die stryd nie en/of wou nie as kommandolid by die oorlog betrokke raak nie. In so 'n klein gemeenskap waar almal aan mekaar bekend sou wees, spreek dit boekdele dat die veldkornette bepaalde verskonings bevraagteken het. Dit is voorts duidelik dat alle inwoners van hierdie distrik op een of ander manier deur die oorlogsverklaring geraak is, hetsy deur geliefdes wat opgekommandeer is, vroue en kinders wat voortaan die take op plase moes oorneem, besighede en burgerlikes wat goedere moes voorsien en selfs swart inwoners wat opgekommandeer is en/of goedere moes lewer. Hierdie was die realiteit van oorlog vir Bethulie en omliggende distrik se inwoners ná 11 Oktober 1899.

2.3 DIE OORLOG BREEK UIT, 11 OKTOBER 1899

2.3.1 Bethulie-kommando: Laer, krygswet en strategie

Op 2 Oktober 1899 het die Bethulie-kommando noordoos van Bethulie, bokant die kloof by Moordenaarspoort waar voldoende water en weiding was, kamp opgeslaan. 'n Groep burgers is selfs by die Bethulie-brûe geplaas, soos deur ds. H. Becker gemeld: “In die begin was die burgers van Bethulie tesame met die van sommige ander distrikte van die Vrystaat deels op die dorp en deels agter die koppies noordoos van die dorp gekampeer, terwyl daar ook een vry sterke wag van burgers by die brûe aan die Oranjerivier wag gehou het.”⁴⁹ Burger Abraham Griesel vertel voorts dat “die laer vertrek en staan 'n paar dae agter Bethulie-hoogte, daarna weer op Moordenaarspoort”.⁵⁰ Volgens die items wat opgekommandeer is en by Moordenaarspoort saamgetrek is, wil dit voorkom of die Bethulie-laer, soos al die ander Boerelaers, 'n mengelmoes van waens, huishoudelike goedere, diere en krygsmateriaal was; 'n soortgelyke prentjie wat deur Frans Oerder geskets is en ook deur Pretorius bevestig is.⁵¹ 'n Korrespondent van die Vrystaatse koerant, *De Express*, het oor die kommando's wat by

⁴⁷ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

⁴⁸ Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief (hierna SANWA), 525/11/8723: Medalje-aansoek van Jacobus Johannes Tromp, 25.2.1924.

⁴⁹ T. Venter, *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog*, p. 6.

⁵⁰ Griesel, p. 17.

⁵¹ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 107.

Moordenaarspoort laer opgeslaan het, berig en verwys na “alle klassen van burgers wat slachten, kost koken, stormjaers bakken, kleeren waschen en alles zonder morren en klagtens”.⁵² Hy verwys verder na die netheid van die laer en dat daar onder leiding van die kommandant en offisiere orde geheers het en geen “vloeken en liederlijke taal is gehoorde”.⁵³ Godsdienst is elke aand in die Bethulie-laer beoefen, waarna dit afgesluit is met die sing van Psalms en Gesange wat oor die hele omgewing gehoor kon word. Die korrespondent sluit af deur te verwys na ds. H. Becker, asook ds. A.A.L. Albertyn van Rouxville, wat gereeld dienste in die laer gelei het.⁵⁴ Dit was in hierdie laer waar Bethulie-burgers verneem het dat die twee Boererepublieke en Groot-Brittanje vanaf 17:00 op 11 Oktober 1899 in ’n staat van oorlog verkeer.⁵⁵

Sekere persone sou nog meer waarde heg aan hierdie datum. Die negejarige Petrus Jacobus Fourie van die plaas Mooifontein, Bethulie, het op dié dag sy verjaardag gevier. Hy was een van sewe kinders van Louis (Lewis) Fourie en sy vrou, Sophia Jacoba.⁵⁶ (Sien Bylae 1.10 vir ’n uittreksel uit die Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.) Sophia Fourie het haar kinders op hierdie dag ernstig gemaan om nie té baldadig met die verjaardagvieringe te wees nie, omrede hul vader moontlik reeds saam met die Bethulie-kommando op pad was na die oorlogsfront. Hierdie sorglose seun verklaar: “As kinders sal ons oor ’n tyd alles moes doen wat voorheen deur bediendes gedoen is naamlik tuinbou, saaiery, vee oppas en versorg.”⁵⁷ Na die opkommandering van burgers het die werksaamhede op plase in die Bethulie-distrik steeds goed verloop, soveel so dat *De Express* berig het dat “vele plaatsen onder toezig van vrouwen gelaten zijn en de haver meest overal rijp op de landen staat”.⁵⁸ Volgens ’n berekening deur *De Express* was daar op 12 Oktober 1899 reeds ongeveer 15 000 Vrystaatse burgers in die veld, wat die burgers van Bethulie-distrik ingesluit het.⁵⁹

Die aankondiging van oorlog was nie vir die Bethulie-inwoners ’n verrassing nie, aangesien die landdroste in die onderskeie Vrystaatse distrikte daaglik, danksy ’n baie doeltreffende telegraafnetwerk met 68 kantore, deur die regering vanuit Bloemfontein op die hoogte van

⁵² OM, 1738/1: *De Express* plakboek – De Vrijstater te velde, p. 3.

⁵³ *Ibid.*

⁵⁴ *Ibid.*; Breytenbach, 1, pp. 74-75.

⁵⁵ Breytenbach, 1, p. 139.

⁵⁶ *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁵⁷ *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12.

⁵⁸ OM, 1738/1: *De Express* plakboek – De Vrijstater te velde, p. 5.

⁵⁹ *Ibid.*, p. 5.

sake gehou is.⁶⁰ Op 12 Oktober 1899, 'n dag ná die oorlogsverklaring, is 'n openbare vergadering in Bethulie gereël om 'n veiligheidskomitee saam te stel wat behulpsaam moes wees met die handhawing van wet en orde op die dorp en die groter distrik.⁶¹ Krygswet was oor die hele Vrystaat van krag en die Bethulie-inwoners het, weens bepaalde regulasies wat in werking getree het, bewus geword van die vroeë impak wat die oorlog op hulle as gemeenskap sou hê. Een van hierdie regulasies het behels dat alle briewe na die buiteland⁶² “oop gepos” moes word sodat dit gesensor kon word. Dit was van toepassing op alle pos aan kommando's wat hulself kort hierna, weens aktiewe diens, buite die grense van die twee Boererepublieke bevind het. Daar is verder bepaal dat die woord “Commandodienst” op briewe wat na die fronte gepos is, aangebring moes word en “Velddienst” op briewe huiswaarts.⁶³ Nog 'n regulasie het behels dat die salarisse van alle Vrystaatse amptenary, insluitende Bethulie, asook vergoedings aan die veldkornette van Bosjespruit en Grootrivier, met tussen twee persent en selfs 20 persent verminder word en slegs die heel nodigste staatsadministrasie met die minimum amptenary voortgesit word. Bethulie se winkeliers is verder geraak deurdat die prysvasstelling van sekere goedere wat in die staatskoerant afgekondig is.⁶⁴ Selfs die eienaars van Bethulie se twee hotelle met kroë is negatief geraak, aangesien alle drankwinkels in die Vrystaat gesluit is.⁶⁵

In Bloemfontein het majoor F.W.R. Albrecht, bevelvoerder van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps, begin om sy eenheid met hul hoofsaaklik 14 Krupp-kanonne van 75 mm en 13 kanonne van ander kalibers na die onderskeie fronte in Natal, Kimberley en die Suid-Vrystaat te stuur.⁶⁶ 'n Koerant het op 14 Oktober 1899 hierna verwys as “[t]wo batteries of artillery have started for Bethulie and Donkerpoort, on the border of the Cape Colony”.⁶⁷ Sersant Willem Hendrik Muller van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps vertel dat hy en luitenant Johannes Smith op 10 Oktober 1899 met vier kanonne per trein na Springfontein vertrek het. Hier is twee kanonne na die Colesberg-front gestuur, waarna die ander twee per trein na Bethulie gestuur is. Van hier is een kanon onder bevel van korporaal Frikkie Jacobs by die

⁶⁰ Breytenbach, 1, p. 105.

⁶¹ S.H. Pellissier, *Eeufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, p. 53.

⁶² Alle posstukke wat vanaf die Vrystaat na die Kaapkolonie, Natal, kolonies in Afrika asook oorsee gepos is.

⁶³ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 133.

⁶⁴ *Gouvernements Courant*, 3.11.1899, pp. 203, 213, 221.

⁶⁵ *Ibid.*, 20.10.1899, p. 189; Breytenbach, 1, p. 132.

⁶⁶ Breytenbach, 1, p. 89.

⁶⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 14.10.1899. Hierdie tipe berigte is in die vorm van knipsels in die Hocking-Privaat Versameling. Geen bladsynommer verskyn op die knipsels nie. Wanneer daar in hierdie proefskrif geen bladsy aangedui word nie, impliseer dit dat dit in genoemde Privaat Versameling geraadpleeg is.

Smithfield-kommando ingedeel en 'n vierde is na Rouxville geneem waar onder meer Muller en artilleris William Godwin O'Reilly hierdie kanon bedien het.⁶⁸

Met die oorlog 'n voldonge feit, het 'n verdere opkommandering van burgers en goedere in die Bethulie-distrik plaasgevind. Uit Wyk Grootrivier is 'n lys op 12 Oktober 1899 deur assistent-veldkornet Kruger aan landdros Wolhüter voorsien met die name van burgers van wie items opgekommandeer moes word en dit op 13 Oktober 1899 by die Bethulie-laer moes aflewer. Sy kommandeerbrief het soos volg gelui: "In termene van art 45 van Hoofstuk XI word op last van ZH Ed. Den Staatspresident van den Oranje Vrijstaat van de onderstaande meerderjarige in gezetene door my, Assistent Veldkornet van de wijk Grootrivier, Distrik Bethulie de hieronder genoemde goederen voor den publieken dienst gecommandeerd. De onderstaande goederen te worden geleverd in het Bethulie Lager ten 10 ure op den 13 den October 1899."⁶⁹ Uit Wyk Bosjespruit is 16 burgers op 13 Oktober 1899 deur veldkornet McDonald opgekommandeer om op Vrydag, 29 Oktober 1899 om 12:00, by Bethulie-wabrug aan te meld. Onder hulle was meester G.F. Malan, 'n onderwyser van die plaasskool op Boschduivenkop.⁷⁰

Op 16 Oktober 1899 het die naburige Smithfield-kommando, wat die wyke Slikspruit en Wilgeboomspruit ingesluit het, in opdrag van die Vrystaatse krygsraad, by kommandant Floris du Plooy se kommando by Bethulie aangesluit.⁷¹ Met die oog op bogenoemde is daar reeds voor die uitbreek van oorlog bepaal dat die Philippolis-, Bethulie-, Smithfield- en Rouxville-kommando's die Suid-Vrystaatse grens vanaf Philippolis tot Rouxville sou bewaak.⁷² Die Bethulie-kommando het dus deel gevorm van 'n groter groep kommando's in die Suid-Vrystaat wat die Oranjeriviergrens (suidgrens) bewaak het.⁷³ Die verenigde kommando's van Bethulie en Smithfield was in daardie stadium een van drie kommandogroepe wat die Suid-Vrystaatse grens bewaak het, saam met hoofkommandant Jan Hendrik Olivier⁷⁴ se mag naby die Aliwal-Noord-wabrug, asook hoofkommandant Esias Renier Grobler se mag by die Norvalspont-brug.⁷⁵

⁶⁸ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van W.H. Muller van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902.

⁶⁹ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

⁷⁰ *Ibid.*

⁷¹ Breytenbach, 1, p. 437.

⁷² Botha, p. 13; M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p. 226.

⁷³ Amery (red.), 2, p. 124.

⁷⁴ Jan Hendrik Olivier (1856-30.5.1930) Vrystaatse volksraadslid en hoofkommandant tydens die Slag van Stormberg. Hy is in Augustus 1900 krygsgevangene geneem en na Ceylon verban.

⁷⁵ Breytenbach, 1, pp. 149-150, 437; A. Prinsloo, *Die geskiedenis van Smithfield en Caledonrivierdistrik 1819-1952*, p. 428.

Verskeie koerante het berig oor die spanning wat in daardie stadium in die Suid-Vrystaat en Noordoos-Kaapkolonie geheers het met die saamtrek van genoemde kommando's op die grens. In een van die berigte beskryf 'n Britsgesinde dame haar ervaring met die Smithfield-kommando wat op pad was na Bethulie, soos volg: "I passed the Boer Commando at Strangers Rest near the border. My letters were opened while my horses and cart were detained. The Smithfield Commando received orders to pursuance of which they left for Bethulie Bridge, about 35 miles north-west of Burghersdorp. They numbered about 700, and had a number of carts and 54 wagons. They were led by Commandant Swanepoel."⁷⁶ Die Britse dame se skatting van die Smithfield-kommando was redelik akkuraat, omrede Maurice die sterkte van die Smithfield-kommando as 797 burgers opgee.⁷⁷ Die *Cape Times* van die Kaapkolonie het sy lesers op hoogte gehou van verwickelinge in die Noordoos-Kaapkolonie en het op Vrydag, 27 Oktober 1899, berig oor die saamtrek van die kommando's by Bethulie, wat op ongeveer 1 200 burgers geskat is. Voorts is genoem dat die spoorlyn aan beide kante van die Bethulie-spoorbrug nog onbeskadig was, en dat die pont by Odendaalstroom, naby Bethulie, nog in gebruik was.⁷⁸

Met die Smithfield-kommando se aankoms te Bethulie het die twee kommando's 'n eie krygsraad gevorm. Dit was nadat 'n nuwe proklamasie in Oktober 1899 in werking getree het en Artikel 57 van Wet 10 van 1899 uitgebrei het, sodat "Krijgsraden bij de commandos", 'n eie krygsraad kon vorm. So 'n krygsraad het bestaan uit 'n kommandant, veldkornette en assistent-veldkornette en kon selfs, indien nodig, gewone burgers insluit.⁷⁹ Aan die hand van verwysings deur Breytenbach asook Botha, word tot die gevolgtrekking gekom dat kommandant Johannes (Hans) J. Swanepoel tydens 'n krygsraadsitting op Bethulie as die oorhoofse bevelvoerder van die twee kommando's aangewys is, wat beteken dat die Bethulie-kommando dus onder sy bevel was.⁸⁰

'n Britse verslag het die mobilisasie by Bethulie soos volg beskryf: "About a week or ten days after the expiration of the period mentioned in the Ultimatum addressed by the Transvaal and Orange Free State Republics to the British Government, part of the Republican Forces was on the northern border of the Albert Division, at or stationed near Bethulie Bridge."⁸¹ Volgens burger Dennis McDonald is die burgers vir bykans 'n maand lank doelloos in 'n laer digby

⁷⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 21.10.1899.

⁷⁷ Maurice (red.), 1, p. 458.

⁷⁸ *Cape Times*, 27.10.1899, p. 3.

⁷⁹ *Gouvernements Courant*, 3.11.1899, p. 219; Botha, p. 46.

⁸⁰ Breytenbach, 1, pp. 47, 443; Botha, p. 69.

⁸¹ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 277.

Bethulie-dorp saamgetrek, terwyl die regerings onseker was oor hul strategie ten opsigte van die Kaapkolonie.⁸² Hierdie situasie het inderdaad vir 'n volle maand ná die uitbreek van oorlog voortgeduur, waartydens geen noemenswaardige krygsoperasies in Noordoos-Kaapland geloods is nie en waardevolle geleenthede vir krygsoptrede teen die klein Britse garnisoene verspeel is.⁸³ Aan die hand van bogenoemde is dit duidelik dat indien die Boere-krygsleiding aan die suidfront meer waagmoed en durf aan die dag sou gelê het, die redelik onbeskermd Noordoos-Kaapkolonie met sy strategiese punte, in hierdie tyd diep binne-gedring kon word en die Britse krygsplan sodoende nadelig beïnvloed kon word. Selfs ná 11 Oktober 1899 is daar nie eens daadwerklik gepoog om die enkele lede van die Cape Police (Kaapse polisie) wat die brûe by Aliwal-Noord, Bethulie, Norvalspont en Colesberg aan die Kaapkolonie-kant bewaak het, te verjaag nie. Dit wil voorkom of hierdie defensiewe optrede van die kommando's aan die suidfront 'n direkte opdrag van die republikeinse regerings was sodat die Britse regering nie druk op die Schreiner-regering sou plaas om troepeversterkings deur die Kaapkolonie toe te laat nie.⁸⁴ Tereg verwys Davitt na die Kaapse regering wat “attempted to sit on a British and Boer stoel”.⁸⁵

Ten spyte van die gebrek aan daadwerklike militêre aksie op die Suid-Vrystaatse grens, het die spanning ná 11 Oktober 1899 hoog geloop en is dit verder deur die Britse media aangewakker met gereelde berigte oor verskeie bedreigings uit hierdie streek. So is spoorwegwerkers van die Cape Government Railways, wat op die spoorlyn tussen Bethulie en dorpe in die Noordoos-Kaapkolonie werksaam was, teen middel Oktober 1899 gewaarsku om hul families uit die gevaarsone te neem.⁸⁶ Daarbenewens het die Cape Police wat by die Bethulie-brûe diens verrig het, volgens die *Evening Express* verwys na spoorstawe aan die Vrystaat-kant van die Bethulie-spoorlyn wat as 'n voorkomende maatreël teen inval deur die kommando verwyder is.⁸⁷ Oor die gereelde spanning tussen die Cape Police en kommando's by die Bethulie-brûe berig die *Cardiff Times* op 28 Oktober 1899: “The Boers at Bethulie Bridge are assuming a threatening attitude towards the police patrol on this side of the Orange River. They constantly point their rifles at them. Sixty Boers are stationed across the bridge and there is a large camp at Bethulie itself.”⁸⁸ Dit strook met latere beskrywings uit

⁸² OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 1.

⁸³ Amery (red.), 2, p. 291; Davitt, p. 227; L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, pp. 59, 63.

⁸⁴ Breytenbach, 1, p. 442; Amery (red.), 2, p. 277; Botha, pp. 23; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 327-328, 418.

⁸⁵ Davitt, p. 227.

⁸⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 20.10.1899.

⁸⁷ *Ibid.*: *Evening Express*, 16.10.1899.

⁸⁸ *Ibid.*: *The Cardiff Times*, 28.10.1899, p. 3.

herinneringe dat die burgers wagposte by die twee Bethulie-brûe geplaas het, maar dat die hooflaer noord van die dorp geleë was.⁸⁹ 'n Verslag het voorts melding gemaak van wagposte by die belangrikste driewwe naby Bethulie: "Small detachments of the Cape Police were stationed at Odendaalstroom watching the movements of the enemy."⁹⁰

2.3.2 Republikeinse reaksie op die Britse krygsplan

Met die uitbreek van die oorlog was die twee Boererepublieke se krygsplan, wat grootliks rondom die Britse strategie uitgewerk is, reeds in plek. Die Boererepublieke was bewus van die onderskeie Britse krygsmagte wat in bepaalde posisies in spesifiek die Noordoos-Kaapkolonie gestasioneer was.⁹¹ Hierbenewens was die grootste Britse troepesametrekkings van ongeveer 16 000 soldate met ses batterye van die Royal Artillery, in die omgewing van Dundee, Natal, onder generaal-majoor W.P. Symons, saamgetrek. Met die aanvang van vyandelikhede was die Britse mag in Natal, wat as die Natal Field Force bekend gestaan het, weens sy beperkte getalle, deur die Britse Oorlogsministerie⁹² as defensief van aard gesien tot versterkings vanaf Brittanje sou arriveer. Die Boererepublieke was van oordeel dat die Britse aanslag uit Natal sou geskied en het daarom 17 500 burgers uit hul totale krygsmag van tussen 54 000 en 57 000 burgers, daarheen gestuur.⁹³

In die Noordoos-Kaapkolonie het die Britte 'n garnisoen van ongeveer 2 500 man, onder bevel van luitenant-kolonel R.G. Kekewich, by Kimberley geplaas, waar hulle 'n aanval deur Vrystaat-kommando's voorsien het. By Mafeking⁹⁴ is 'n kleinerige mag van ongeveer 1 000 soldate onder bevel van kolonel R.S.S. Baden-Powell geplaas, sodat 'n verdere gedeelte van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) se krygsmag hier besig gehou kon word. In die res van die Kaapkolonie het die Britse opperbevelvoerder, in daardie stadium, luitenant-generaal F.W. Forestier-Walker, slegs klein garnisoene by bepaalde strategiese spoorwegaansluitings naby aan die Vrystaatse suidgrens geplaas.⁹⁵ Wessels verwys daarna dat die grensgebied van die Noordoos-Kaapkolonie, wat vanaf die Oranjerivier-stasie tot teen die grens van Basotho-land gestrek het, die Britte se kwesbaarste grensgebied was. Deur hierdie streek van die

⁸⁹ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 2.

⁹⁰ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 278.

⁹¹ Botha, pp. 24-25; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 418-420.

⁹² In 1899-1902 in Groot-Brittanje as die War Office bekend.

⁹³ Breytenbach, 1, p. 153; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 25.

⁹⁴ Vandag bekend as Mahikeng.

⁹⁵ Davitt, pp. 225-226; Breytenbach, 1, pp. 146-150, 153.

Kaapkolonie het die belangrike spoorlyn vanaf De Aar, wat tot by Stormberg gestrek het, geloop.⁹⁶

Die Britse Oorlogsministerie (War Office) het aanvanklik beplan om sy aanval vanuit die Kaapkolonie na Pretoria deur die Suid-Vrystaat te loods vanweë die spoorroete verby Bloemfontein na die ZAR se hoofstad. Hierdie strategie is egter verander nadat generaal Redvers Henry Buller, as opperbevelhebber van Haar Majesteit se magte in Suid-Afrika, op 31 Oktober 1899 in Suid-Afrika aangekom het en hy besluit het om eerder die aanslag op die twee Boererepublieke vanuit Natal te loods deur middel van 'n groot troepekonsentrasie in daardie kolonie.⁹⁷ Die Boererepublieke was daarvan oortuig dat die Bondsministerie van W.P. Schreiner⁹⁸ in 1899 geen groot Britse magsopbou en gevolglike inval vanuit die Kaapkolonie sou toelaat nie en was derhalwe met die uitbreek van oorlog nie uitermate bekommerd oor die Vrystaatse suidgrens as 'n moontlike invalstroete nie, en het daarom slegs 'n klein krygsmag van 2 500 burgers op hierdie grens versamel.⁹⁹

Hierdie siening is versterk omrede Britse militêre bedrywighede in die Noordoos-Kaapkolonie in 1899 beperk gebly het tot die besetting van strategiese spoorwegpunte by onder meer Stormberg, waar 'n troepemag van ten minste 600 man die spoorwegaansluiting vanaf Oos-Londen beset het.¹⁰⁰ Die mag by Stormberg het uit vier kompanies en 'n berede eenheid van die Royal Berkshire Regiment, asook 'n kompanie van die Royal Engineers en 'n afdeling van die Royal Garrison Artillery bestaan. By De Aar was bykans 1 450 troepe van die 1st Northumberland Fusiliers, vier kompanies van die 2nd King's Own Yorkshire Light Infantry, asook twee afdelings van die Royal Engineers saamgetrek. By Noupoot, waar die Port Elizabeth-spoorlyn by die Kaapse spoorlyn aansluit, is tussen 600 en 700 manskappe van die 2nd Royal Berkshires, asook 'n berede afdeling van die 2nd King's Own Yorkshire Light Infantry en 'n afdeling elk van die Royal Engineers en Royal Garrison Artillery geplaas om hierdie sleutelpunt te beskerm.¹⁰¹

Weens die Britse Leër se aanvanklike tekort aan voldoende mannekrag in Suid-Afrika en 'n gevolglike beperkte slaankrag, het die Britse garnisoene in die Noordoos-Kaapkolonie dus tydens die eerste vier maande hoofsaaklik 'n defensiewe rol vervul waarvan die belangrikste

⁹⁶ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 352.

⁹⁷ *Ibid.*, pp. 466-468; Breytenbach, 1, p. 143; Botha, pp. 28-29.

⁹⁸ William Philip Schreiner (30.8.1857-28.6.1919), eerste-minister van die Kaapkolonie 1898-1900.

⁹⁹ Amery (red.), 2, p. 278; Breytenbach, 1, pp.149, 153, 437; Botha, p. 30; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 328, 418; Davitt, p. 226; Scholtz, *Waarom die Boere ...*, p. 58.

¹⁰⁰ Breytenbach, 1, p. 149.

¹⁰¹ *Ibid.*, pp. 148-149.

die beskerming van die strategiese spooraansluitings was.¹⁰² Wessels beklemtoon die feit dat spoorlyne dikwels van deurslaggewende belang in militêre konflikte is en dat die Anglo-Boereoorlog geen uitsondering was nie. Dus aan die begin van die oorlog het slegs 'n klein aantal Britse soldate hulself in die Kaapkolonie bevind en was die militêre bevel in daardie stadium, soos na verwys, verplig om slegs die plekke van uiterste strategiese belang, soos spooraansluitings en brûe, te beskerm.¹⁰³ Amery het na hierdie klein garnisoene wat die aansluitings moes beskerm, verwys as: “Little British garrisons dumped down at some desolate Railway Junctions.”¹⁰⁴ Hul sekondêre doel was om enige rebelle-optrede te ontmoedig aangesien die Noordoos-Kaapkolonie wat teen die Suid-Vrystaat gegrens het, bekend was as 'n rebellebrandpunt of “Dutch Conspiracy” waar moeilikheid voorsien is en daar selfs 'n proklamasie deur Milner onder inwoners versprei is wat hulle op die gevolge van 'n rebelle-opstand gewys het.¹⁰⁵ Tereg het Maurice na Britse militêre teenwoordigheid in die Noordoos-Kaapkolonie verwys as “encouraging the loyal while checking lawless spirits and of retaining possession of those lines of railways”.¹⁰⁶

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die twee Boererepublieke sedert die aanvang van die oorlog en spesifiek op die suidfront, nie die voorsprong van hul militêre slaankrag teen 'n klein en versigtige Britse garnisoen benut het nie. Vinnige en daadwerklike militêre optrede deur die twee Boererepublieke kon die militêre verloop in Suid-Afrika, spesifiek in die Kaapkolonie, heel anders daar laat uitsien het. Hierdeur kon die Britte van onder meer die belangrike spoorroete oor Bethulie ontsê word en selfs nog meer rebelle uit die Noordoos-Kaapkolonie sou moontlik bereid gewees het om die wapen op te neem.

2.4 INVAL IN DIE KAAPKOLONIE

2.4.1 Voorbereidings en mobilisasie aan die Suidgrens

Die werklike Britse strategie, wat wel 'n aanval vanuit die Noordoos-Kaapkolonie teen die suidgrens van die Vrystaat behels het, het duidelik geword met die aankoms van troepeversterkings vanaf Brittanje waartydens 'n groot troepemag na De Aar gestuur is. Dit is bevestig nadat president M.T. Steyn 'n Britse koerant bekom het waarin die Britse krygsplan uiteengesit is. Kleiner Britse eenhede was reeds by Noupoot, De Aar en Stormberg

¹⁰² *Ibid.*, pp. 142-143, 145, 148.

¹⁰³ A. Wessels, “Die Britse militêre strategie vir oorlog in Suid-Afrika, 1899”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(2), September 2011, pp. 4-5.

¹⁰⁴ Amery (red.), 2, p. 276.

¹⁰⁵ *Ibid.*, pp. 277-278.

¹⁰⁶ Maurice (red.), 1, p. 41.

saamgetrek en president Steyn het dus 'n telegram aan president S.J.P. Kruger gestuur om te berig oor die Vrystaters se ontnugtering oor die nuwe wending in die Britse krygsplan.¹⁰⁷

Ná konsultasie met mekaar het die presidente besluit om, benewens die wesfront (Kimberley) en die Natalfront, ook 'n suidfront te open deur 'n inval in die Noordoos-Kaapkolonie van stapel te stuur. Die doel was om die Britse krygsmag daar van sekere strategiese punte te ontsê, maar “the mission of the invaders was therefore also to incite the discontented in the Colony to open rebellion”.¹⁰⁸ Nadat die Boere onder Joubert verskeie oorwinnings in Natal behaal het, het die presidente besef dat die tyd ryp was om te kapitaliseer op die morele en militêre ondersteuning van republikeinse ondersteuners in die Noordoos-Kaapkolonie, iets wat Kruger, Maurice, Amery en Botha self na verwys het.¹⁰⁹ Steyn se besluit om die Kaapkolonie vanuit drie rigtings binne te val, juis vanweë die veranderende militêre situasie, was in stryd met die Vrystaatse krygsraad se aanvanklike besluit wat vroeër by Bethulie geneem is om nie die Kaapkolonie binne te val nie. Steyn het Kruger vir versterkings genader omrede “de magt was te swak om alleen aan sterke troepenmacht via Bethulie en Colesberg komende tegenstanden te bieden”,¹¹⁰ waarna 865 burgers onder 'n generaal van die Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881), H.J. Schoeman,¹¹¹ na die nuwe front te Colesberg gestuur is.¹¹² Intussen het die Bethulie- en Smithfield-kommando's op 1 November 1899, onder bevel van kommandant Johannes (Hans) J. Swanepoel met kommandant Floris du Plooy, wie se kommando's volgens Prinsloo 'n gesamentlike sterkte van ongeveer 1 200 burgers uitgemaak het, die Bethulie-wabrug na die Kaapkolonie oorgesteek.¹¹³ Amery verwys egter na 900 burgers met twee kanonne, maar die moontlikheid bestaan dat van die burgers, soos Piet van Vrede, agtergebly het om die wa- en spoorbrûe te bewaak.¹¹⁴ Hierdie verenigde kommando was onder die oorhoofse bevel van hoofkommandant Jan Hendrik Olivier van Rouxville, wat bevel gevoer het oor 'n derde van die 2 500 burgers op die Vrystaatse

¹⁰⁷ Breytenbach, 1, pp. 438-439; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 420-421; A. Oosthuizen, *'n Republiek vir die Stormberge 1899-1902*, p. 23.

¹⁰⁸ Maurice (red.), 1, p. 285.

¹⁰⁹ R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray: The story of the Boer War*, p. 99; Amery (red.), 2, p. 278; Maurice (red.), 1, p. 198; Botha, p. 29.

¹¹⁰ Breytenbach, 1, p. 440.

¹¹¹ Hendrik Jacobus Schoeman (11.7.1840-26.5.1901), wat vanaf 29.10.1899 bevelvoerder te Colesberg was, is in Februarie 1900 weens sy gebrekkige krygsvernuf deur generaal H.R. Lemmer vervang.

¹¹² Breytenbach, 1, p. 438.

¹¹³ Prinsloo, p. 428.

¹¹⁴ Amery (red.), 2, p. 280.

suidgrens. Die republikeinse krygsraad se opdrag aan Olivier was om enige moontlike aanval deur Britse troepe vanaf Stormberg die hoof te bied.¹¹⁵

Die onderskeie invalle is dus soos volg beplan: Olivier sou die Kaapkolonie by Aliwal-Noord inval; hoofkommandant E.R. Grobler sou vanaf Norvalspont na Colesberg opruk met die strategiese spoorwegaansluiting by De Aar as doelwit; en dat die verenigde kommando vanaf Bethulie, oor die wabrug na Burgersdorp sou opruk met Stormberg as oogmerk.¹¹⁶ Steyn het 'n proklamasie saamgestel waarin die redes vir die inval van die Noordoos-Kaapkolonie aan die Kolonialers verduidelik is en een van die redes het behels dat die Kaapkolonie nie deur die Britse magte as basis gebruik sou word nie en dat die inval dus uit selfverdediging geneem is.¹¹⁷ Hierdie proklamasie was dus 'n besettingsproklamasie, maar sommige van die bevelvoerders het dit as 'n anneksasieproklamasie gesien, soos dit later sou blyk met dorpe soos Aliwal-Noord wat deur Olivier as Vrystaatse grondgebied geproklameer is, 'n stap wat deur Milner verwerp is.¹¹⁸

2.4.2 Oorsteek van die Oranjerivier

Lees saam met Bylae 2.2: Kaart van Boere se invalstroete, Kaapkolonie, November 1899.

Met die oog op die beplande inval het die verenigde Bethulie- en Smithfield-kommando's kort voor 28 Oktober 1899 hul hooflaer by Moordenaarspoort ten noorde van die dorp, na die omgewing van die Bethulie-brûe verskuif waar daar gewag is vir die aankoms van generaal H.J. Schoeman se mag by Norvalspont, alvorens tot die inval van die Kaapkolonie oorgegaan sou word. Laataand, op 1 November 1899, is die Cape Police se wagposte by die Bethulie-brûe deur die kommando's aangeval en van die polisie is selfs, volgens magistraat Johan Coenraad Gie van Burgersdorp, krygsgevangene geneem terwyl die res van die polisiemag na Burgersdorp uitgewyk het.¹¹⁹ Alhoewel Breytenbach verwys na die inval as sou dit op 2 November 1899 plaasgevind het, terwyl Amery die datum as 1 November 1899 opgee, is die verklaring dat die inval om middernag (1 November 1899) geskied het en dat die burgers hulle dus op 2 November 1899 in die Kaapkolonie bevind het.¹²⁰ Volgens 'n nagwag van die Cape Government Railways het dit die twee kommando's drie ure geneem om met hul

¹¹⁵ Botha, p. 13.

¹¹⁶ Amery (red.), 2, p. 291; Breytenbach, 1, p. 437.

¹¹⁷ Botha, pp. 30-31.

¹¹⁸ Maurice (red.), 1, p. 285; C.J.S. Strydom, *Kaapland en die Tweede-Vryheidsoorlog*, p. 66; L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* 2, p. 155.

¹¹⁹ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 11.

¹²⁰ Breytenbach, 1, pp. 441, 443; Amery (red.), 2, p. 280.

kanonne en rytuie die Bethulie-wabrug, met die rivier wat in vloed was, oor te steek. Kamp is opgeslaan by Klipbanksfontein, die Holm-familie se plaas wat naby Olive Siding geleë is, sowat ses kilometer suid van die Bethulie-wabrug, waarna die Vrystaatse vlag gehys is. Die kommando's het hier vertoef totdat Aliwal-Noord op 14 November 1899 deur hoofkommandant Olivier beset is.¹²¹

Die verenigde kommando het hierna na Burgersdorp, wat deel van die Woodhouse-distrik was, opgeruk. Magistraat Gie van Burgersdorp het soos volg na hierdie gebeure verwys: “this state of things continued until the 14th of November when a part of the Free State Forces stationed at Bethulie Bridge, having on 1st November crossed over into the Colonial territory and pitched their camp on this side of the Orange River, suddenly marched on to Burghersdorp.”¹²² Amery het die gebeure bevestig deur te verwys na Swanepoel en Du Plooy wat op 1 November 1899, dieselfde dag as wat die brûe by Norvalspont en Colesberg deur die Boere beset is, met ongeveer 900 man en twee kanonne die wabrug by Bethulie oorgesteek het en net oorkant die wabrug, aan die Kaapkolonie se kant, kamp opgeslaan het.¹²³

Volgens Amery het hierdie stap 'n volgende fase van optrede deur die Boererepublieke ingelui, wat 'n nuwe wending aan die Britse krygsoptrede gegee het deurdat: “The safety of the garrisons at Naauwpoort and Stormberg at once became a question of earnest consideration. They could not be reinforced for the only battalion which had arrived during the last few days, the 1st Border Regiment, had been brought down to East London again and sent to Natal.”¹²⁴ Kommandante Swanepoel en Du Plooy was bekommerd oor 'n moontlike hinderlaag en het, nadat hulle die wabrug oorgesteek het, 'n verkenningsgroep uitgestuur wat by Myburgh-spoorhalte 'n verdere nege lede van die Cape Police gevange geneem het en agt perde en agt gewere met ammunisie gebuit het.¹²⁵ Magistraat Gie verwys na ses lede van die Cape Police wat deur 'n groep van 70 tot 80 burgers by Myburgh-stasie gevange geneem is, maar dat hulle goed behandel is.¹²⁶ Die patrollie het vervolgens die spoor- en telegraafverbinding in die suidoostelike omgewing van die Kaapkolonie beskadig ten einde

¹²¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 3.11.1899; Breytenbach, 1, pp. 444-445.

¹²² OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, pp. 9, 11.

¹²³ Amery (red.), 2, p. 280.

¹²⁴ *Ibid.*

¹²⁵ Botha, p. 32.

¹²⁶ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 11.

kommunikasie te ontwig.¹²⁷ Gie noem verder dat: “The telegraph wire was damaged at Myburgh Siding and communication between Burghersdorp and Aliwal was cut off.”¹²⁸

Ten einde die invallende kommando vanaf Bethulie die gebruik van die spoorlyn te ontsê, het Britse eenhede op 5 en 6 November 1899 begin om enkele spoorwegduikers by onder meer Arundel-spoorweghalte, ’n klein spoorbruggie naby Burgersdorp, asook gedeeltes van die spoorlyn naby die Albert-spoorwegaansluiting (Albert Junction)¹²⁹ digby die plaas Dreunberg, te beskadig. Die Britte, wat ná hierdie optrede ’n grootskaalse inval gevrees het, het as verdere maatreël hul garnisoene by Noupoot en Stormberg na Queenstown en De Aar laat terugval. Du Plooy en Swanepoel het hierna steeds nie tot enige daadwerklike aksie oorgegaan nie, ten spyte van hul kommando’s se sterkte en die Britte se terugval. Hulle het wel patrollies vanaf Klipbanksfontein uitgestuur om verdere sabotasie te pleeg en “contented themselves in skirmishing round the countryside in the direction of Venterstad and Knapdaar”.¹³⁰ Aangesien Du Plooy en Swanepoel verrassingsaanvalle uit die suide gevrees het, het hulle, as deel van die Boerekrygsmag, “doodstil bly sit by die verowerde brûe en gewonder oor wat hulle verder moes doen”.¹³¹ Gie verwys wel na Boerepatrollies wat na die onderskeie plase in die noordelike gedeeltes van die Albert-distrik op verkenning uitgestuur is en dat geen klagtes van enige opkommandering van vee of slegte behandeling van Britse onderdane ontvang is nie.¹³²

Dit kom voor dat die Bethulie-krygsmag baie seker wou maak dat daar geen noemenswaardige Britse mag in die omgewing was nie en dat die twee kommandante se versigtige optrede die gevolg was van hoofkommandant Olivier wat eers teen 13 November 1899 die Frere-brug by Aliwal-Noord na die Kaapkolonie oorgesteek en die dorp beset het.¹³³ Dit is verder gestaaf na aanleiding van ’n berig hieroor: “their plan of campaign was that the Rouxville commando should cross the Orange River at Aliwal North, but feared that the North Bridge [Frere-brug], had been mined then come round to Aliwal-North, seize the railway and wires, procure stores while the Bethulie commando should simultaneously cross,

¹²⁷ Breytenbach, 1, p. 443.

¹²⁸ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 8.

¹²⁹ Die stasie wat naby Burgersdorp geleë is, ook bekend as Dreunberg.

¹³⁰ Amery (red.), 2, p. 291.

¹³¹ Breytenbach, 1, pp. 442-443.

¹³² OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 11.

¹³³ Amery (red.), 2, p. 292.

seize the railways and proceed to Albert Junction and there effecting a junction with the Rouxville command.”¹³⁴

Intussen het Du Plooy en Swanepoel, in afwagting op hoofkommandant Olivier se inval, nog meer patrollies vanaf Klipbanksfontein uitgestuur om, benewens die Myburg-spoorhalte, voorts die spoor- en telegraafverbindinge in die suidelike omgewing te ontwig. Selfs in die rigting van Colesberg is spoorwegduikers op 5 November 1899 by onder meer Vanzyls-spoorhalte en Achtertang deur patrollies Boere met dinamiet beskadig.¹³⁵ Die skade wat die groep Boere aan die spoorlyn na Oos-Londen aangerig het, was gering, soos blyk uit ’n latere koerantberig: “Gangers on the Bethulie line, who have returned from Burghersdorp, reported that little damage was done to the permanent way.”¹³⁶ Gie bevestig dat stasies en haltes te Watertenk Siding en Olive Siding deur Du Plooy en Swanepoel se kommando’s beset is, maar dat geen ernstige skade aangerig is nie, behalwe “railway lines, culverts and bridges that have been rendered temporarily useless for traffic by removing some rails and sleepers, and as to culverts and small bridges the destruction of pillars”.¹³⁷

Hierdie weifelende situasie op die Vrystaatse suidgrens het voortgeduur totdat president Steyn op 12 November 1899 besluit het om die Kaapkolonie met erns dieper binne te val. Die mag by Bethulie is aangesê om die brê te behou, maar nie verder as ’n paar kilometer vanaf die oewers van die Oranjerivier kamp op te slaan nie, in afwagting op verdere opdragte. Op 13 November 1899 is berig dat Swanepoel en Du Plooy se kommando’s op 8 November 1899 nog steeds by Klipbanksfontein op versterkings uit die ZAR gewag het, maar gereeld patrollies uitgestuur het.¹³⁸

Die grootste gedeelte van die Bethulie-invalsmag was dus ná 2 November 1899 ledig, soveel so dat daar gevrees is dat die ledige ure, wat met geselsies (slim stories verkoop, volgens Pretorius), rokery en koffie-drink verwyd is, die koffievoorraad op die suidfront sou uitput nog voordat die gevegte begin het.¹³⁹ Dit blyk dat die bestuur van voorraad vir die suidfront-kommando’s oneffektief was, hoofsaaklik omrede die hoofkrygskommissariaat (wat onder beheer was van W.J.C. Brebner en T.C.L. Bergstedt) sy basis by Donkerpoort-stasie in die Suid-Vrystaat gehad het en voorrade van hier versprei is na die kleiner depots te Bethulie,

¹³⁴ *Evening Express*, 21.11.1899, p. 6.

¹³⁵ Breytenbach, 1, p. 443; Amery (red.), 2, p. 291.

¹³⁶ *Evening Express*, 20.11.1899, p. 5.

¹³⁷ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 11.

¹³⁸ *Cape Times*, 8.11.1899, p. 8; *Cape Times*, 13.11.1899, p. 2; Breytenbach, 1, p. 443.

¹³⁹ OM, 3730/128: Herinneringe van ’n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940; Pretorius, *Kommandolewe* ..., pp. 126-127.

Norvalspont, Colesberg en tot so ver as Aliwal-Noord wat 130 km daarvandaan geleë is. Veral kommando's wat ver van die spoorlyn geleë was, het die stelsel as lomp en totaal onvoldoende ervaar aangesien dit lank geneem het vir voorrade om die bestemmings te bereik.¹⁴⁰ Volgens Breytenbach het die oneffektiwiteit van die Vrystaatse krygs-kommissariaatafdeling grootliks bygedra tot drostery onder die Vrystaatse kommando's.¹⁴¹ As daar egter in ag geneem word hoeveel vee uit die Bethulie-distrik opgekommandeer is, moes daar volgens Pretorius, met die uitsondering van enkele luukshede soos koffie en suiker, genoegsame kos, spesifiek skaapvleis, vir die Bethulie-kommando beskikbaar gewees het.¹⁴²

Dit is duidelik dat die Oranjerivier 'n mate van sekuriteit vir die onderskeie kommando's, soos die Bethulie- en Smithfield-kommando's, op die suidgrens gebied het aangesien hierdie magte aanvanklik huiwerig was om hulself in vyandelike gebied te begewe. Hul traagheid om die spoorstelsel op groot skaal te ontwig, verdien veral kritiek. Tereg verwys Wessels na die Boere op die suidfront se stellings naby die Oranjerivier en hul huiwerige optrede en dat 'n kragdadige inval in die Noordoos-Kaapkolonie die Britse strategie kon verongeluk het.¹⁴³ Met die inval in die Kaapkolonie was dit twee goed toegeruste en vasberade kommando's wat die Bethulie-wabrug oorgesteek het, maar tog is waardevolle tyd steeds ná 1 November 1899 verspeel met hierdie mag wat hulself hierna digby die wabrug ingerig het. Hierdie huiwerige optrede deur die twee Boererepublieke se krygsmagte in die Kaapkolonie was nie bevorderlik vir die grootskaalse werwing van rebelle nie. Aan die Noordoos-Kaapkolonie se grens het die Boere dus hul kanse verspeel.

2.5 DIE BESETTING VAN OMLIGGENDE DORPE

2.5.1 Knapdaar tot Burgersdorp

Lees saam met Bylae 2.2: Kaart van Boere se invalstroete, Kaapkolonie, November 1899.

Na die besetting van Aliwal-Noord op 13 November 1899, het die oorlog in die Noordoos-Kaapkolonie momentum begin kry. Groot afwagting en spanning het onder Britse lojaliste en republikeinse simpatiseerders geheers, nadat die twee kommando's van Du Plooy en Swanepoel hul kamp op 13 November 1899 by Klipbanksfontein opgebreek het en in die

¹⁴⁰ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 50; Breytenbach, 1, p. 99.

¹⁴¹ Breytenbach, 5, p. 15.

¹⁴² Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 61.

¹⁴³ Wessels, *Die Britse militêre strategie* ..., p. 434.

rigting van Knapdaar-stasie, op pad na Burgersdorp, begin beweeg het. Knapdaar is dieselfde dag bereik waarna daar kamp opgeslaan is en die tog die volgende dag hervat is.¹⁴⁴ Met die aankoms van die kommando's by Knapdaar, het groot angstigheid onder die Engelsprekendes in Burgersdorp begin posvat, veral nadat beriggewing in die *Cape Times*, verskyn het van “will the Free State Boers overrun the Albert district, will they sack Burgersdorp and Molteno, will the Colonial Boers join them?”¹⁴⁵ In Burgersdorp het magistraat Gie en sy drie klerke, A. Wither, H.W. Shaw en P. Keller, asook die posmeester, J. Little, opdrag vanaf die Kaapse regering ontvang om in hul poste aan te bly totdat kommandant Swanepoel en sy kommando's opdaag. Die meerderheid van die Cape Police in Burgersdorp het intussen na Molteno uitgewyk en Gie het met behulp van hoofkonstabel C. Berry probeer om wet en orde in die dorp te handhaaf.¹⁴⁶

Reeds voor die koms van Swanepoel het Gie met die onderskeie veldkornette in sy distrik vergader ten einde hul lojaliteit te bepaal en het hy voorts aan die veldkornette opdrag gegee om die inwoners in hul onderskeie wyke op die implikasies van rebellie te wys. Gie was daarvan bewus dat, ten spyte van oorlog en veral ná die onttrekking van die Cape Police by die onderskeie brugwagposte, verskeie Kolonialers met Vrystaatse familiebetrekkinge steeds besoeke aan Bethulie en ander Vrystaatse dorpe gebring het en in die proses heelwat inligting oor gebeure in die Kaapkolonie versprei het.¹⁴⁷ So het Jan Frederik Coetzee, 'n plaasboer van die Albert-distrik, wat naby die Bethulie-wabrug gewoon het, kort na die inval van die Vrystaters, hul laer by Klipbanksfontein besoek en met kommandant Du Plooy en kommandant Swanepoel asook regter Henri George Stuart beraadslaag oor die moontlikheid van rebellie onder inwoners.¹⁴⁸ Gie het voorts verwys na 'n propagandapamflet, *The Gold War*, wat rebellie aangemoedig het en deur anonieme persone onder die deure van Burgersdorp-inwoners geplaas is. Nieteenstaande die feit dat gerugte die rondte begin doen het soos 'n groot dinamietontploffing by die Albert-spoorwegaansluiting, asook van burgers van die Bethulie-kommando wat Burgersdorp in die geheim besoek het om 'n Nagmaaldiens by te woon, iets waarna selfs in 'n koerant na verwys is, kon so iets nie bewys word nie. Al hierdie praatjies het egter veroorsaak dat Engelssprekendes begin het om Burgersdorp te

¹⁴⁴ Prinsloo, p. 428; *Cape Times*, 8.11.1899, p. 8; *Cape Times*, 15.11.1899, p. 2.

¹⁴⁵ *Cape Times*, 15.11.1899, p. 19.

¹⁴⁶ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, pp. 9, 12.

¹⁴⁷ Amery (red.), 2, p. 278.

¹⁴⁸ *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, p. 18.

verlaat.¹⁴⁹ In die Britse rekords is hierna na Burgersdorp verwys as “a town without any great reputation for loyalty”.¹⁵⁰

Op 14 November 1899 het Swanepoel en Du Plooy se kommando's die buitewyke van Burgersdorp bereik en het Swanepoel 'n boodskap aan Gie gestuur waarin hy 'n ontmoeting versoek het.¹⁵¹ Gie het saam met burgemeester J. Shorten, prof. J. Lion-Cachet van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, en ds. H.W. Geyer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die twee kommandante en hul kommando's buite die dorp by die Albert-spoorwegaansluiting waar hulle kamp opgeslaan het, ontmoet.¹⁵² Volgens Swanepoel sou die dorp die volgende oggend, op 15 November 1899, beset word, maar op Gie se vraag wat die volgende stap ná die besetting van Burgersdorp sou wees, kon die twee kommandante nie antwoord nie.¹⁵³ Burger Sydney Holm vertel dat hy en Carel Jacobus van Heerden, beide van die Bethulie-kommando, die aand van 14 November 1899 Burgersdorp binnegery het, die telegraafkantoor oorgeneem het en die sleutels van die magistraatskantoor by Gie geëis het. Hulle is hierna voor 'n krygsraad gedaag en berispe en moes die volgende oggend vroeg die sleutels aan Gie terugbesorg.¹⁵⁴ Op 15 November 1899 het die Bethulie-invalsmag Burgersdorp genader en aan die buitewyke, op die hoogtes om die dorp, stelling ingeneem terwyl Swanepoel en Du Plooy met ongeveer 80 burgers Burgersdorp binnegery het.¹⁵⁵ Volgens Amery was dit slegs kommandant Du Plooy wat “Rebel Burgersdorp, the very centre and headquarters of upright Afrikanerdom”¹⁵⁶ met sy Taalmonument uit 1893, asook die Teologiese Skool, binnegery het. Die Informatie Kommissie meld egter dat dit beide kommandant Swanepoel en kommandant Du Plooy was.¹⁵⁷ Swanepoel het hierna 'n groot groep Afrikaanssprekendes vanaf die Jubileefontein, wat in 1897 ter ere van koningin Victoria se Diamantjubileum op die dorpsplein opgerig is, toegesprek.¹⁵⁸

In die Informatie Kommissie se opgawe aan Bloemfontein waarin die daaglikse gebeure op die gevegsfront wat per telegram ontvang is, aangeteken is, gee kommandant Floris du Plooy

¹⁴⁹ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, pp. 11-12; *Cape Times*, 15.11.1899, p. 7.

¹⁵⁰ Maurice (red.), 1, p. 285.

¹⁵¹ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, pp. 13; Botha, p. 45.

¹⁵² J. Meintjes, *Stormberg: A lost opportunity*, p. 50.

¹⁵³ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 14.

¹⁵⁴ T. Thurngood, *A fist of steel: The life and times of Sydney Edward Holm in the Orange Free State 1878-1944*, p. 6.

¹⁵⁵ OM, 3153/5: Informatie Kommissie, 1899.

¹⁵⁶ Amery (red.), 2, p. 293.

¹⁵⁷ OM, 3153/5: Informatie Kommissie, 1899.

¹⁵⁸ *Ibid.*; OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 14.

’n beskrywing van die intog in Burgersdorp. Op 17 November 1899 rapporteer Du Plooy dat Burgersdorp en die Albert-spoorwegaansluiting sonder enige teenstand en onder luide gejuig van Afrikaners beset is. Hy noem verder dat Swanepoel diegene wat hulself nie met die besetting kon versoen nie, 14 dae gegun het om die dorp te verlaat en dat manlike inwoners voorts vir kommandodiens opgekommandeer sou word.¹⁵⁹ Swanepoel se sekretaris, D. Hugo, het ’n proklamasie, gebaseer op president Steyn se besettingsproklamasie, voorgelees, waarna Psalm 134 en die Vrystaatse volkslied gesing is.¹⁶⁰ Op dieselfde dag het ’n proklamasie deur sir Alfred Milner verskyn waarin hy alle anneksasies en besettings van Britse gebied deur Vrystaatse magte as ongeldig verklaar het, en gevolglik het Gie, in die naam van Haar Majesteit koningin Victoria, protes teenoor kommandant Hans Swanepoel aangeteken.¹⁶¹

Du Plooy verwys na verskeie vals gerugte wat in omloop was oor dinamiet wat begrawe is, maar meld dat die besettingsmag hierna begin het om die spoorlyn verder suid op te breek. Daar is voorts begin om ’n kommissie aan te wys wat die dorp se bestuur sou oorneem.¹⁶² Kommunikasie met Bloemfontein is hierna per telegraaf bewerkstellig en Holm is, vanweë sy agtergrond as telegrafis op Bethulie, aangesê om die telegraafkantoor tydelik te beman en het verder gehelp om die beskadigde telegraaflyne na onder meer Aliwal-Noord te herstel.¹⁶³ Ten spyte van Gie se pogings, het ongeveer 500 rebelle van Burgersdorp, wat deur burgers van die Bethulie- en Smithfield-kommando’s opgekommandeer is, gedwonge of vrywillig by die Vrystaters aangesluit. Selfs die Teologiese Opleidingsentrum wat deurentyd deur die Britte met agterdog bejeën is, het gesluit nadat die meeste van sy studente by Swanepoel aangesluit het en Piet Steenkamp van Burgersdorp as kommandant van hierdie groep rebelle verkies is.¹⁶⁴ Amery verwys na “[t]he comandeering of the Dutch farmers to fight as Free State burghers was begun at once, and everywhere the younger men flocked freely to the commando’s”.¹⁶⁵ Davitt verwys na ongeveer 480 rebelle van Burgersdorp wat by die Bethulie- en Smithfield-kommando’s aangesluit het.¹⁶⁶ Volgens Casparus Bosman, ’n onderwyser en Kaapse rebel van die plaas Kapokkraal, Burgersdorp, was hulle deur die wet

¹⁵⁹ OM, 3153/5: Informatie Commissie, 1899; Amery (red.), 2, p. 293.

¹⁶⁰ OM, 3153/5: Informatie Commissie, 1899; OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 14.

¹⁶¹ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, pp. 14-15; Creswicke, 2, p. 155.

¹⁶² OM, 4488/1: Oorlogsdagboek, 17.11.1899.

¹⁶³ Thurngood, pp. 6-7.

¹⁶⁴ Amery (red.), 2, p. 293; Meintjes, *Stormberg* ..., p. 28; Davitt, p. 228.

¹⁶⁵ Amery (red.), 2, p. 293.

¹⁶⁶ Davitt, p. 238.

onderhorig aan die Britse monarg, koningin Victoria, maar deur bloed en tradisie gebonde aan die twee Boererepublieke.¹⁶⁷

Na die besetting van Aliwal-Noord en Burgersdorp het die republikeinse bevelstruktuur in die Noordoos-Kaapkolonie klein eenhede na die omliggende dorpe soos Venterstad, Lady Grey, Barkly-Oos, Rhodes en Jamestown gestuur met die doel om dit te beset.¹⁶⁸ Oosthuizen verwys na hierdie besetting as “’n lustelose affêre en het beperk gebly tot die afkondiging van krygswet in besette dorpe, die aanstel van republikeinsgesinde owerhede om die plaaslike bestuur te handhaaf en die opkommandering van republikeinsgesinde inwoners”.¹⁶⁹ Leo Amery bevestig dit en verklaar: “The burghers seem to have been much more eager to annex ‘splendid country’ with an eye to the future acquisition of loyalist farmers and to create administrative posts in the newly-annexed districts, than to take advantage of their military opportunities.”¹⁷⁰

2.5.2 Besetting van Venterstad

Venterstad het saam met die Burgersdorp- en Molteno-distrik die Albert-streeksdistrik gevorm. Hierdie distrik het tot teen Bethulie gegrens, met die Oranjerivier as grenslyn. Assistent-magistraat Johan Arnaud Smellekamp van Venterstad vertel dat hierdie dorp vroeg die oggend van 20 November 1899 beset is deur ’n kommando van ongeveer 32 burgers en rebelle, onder assistent-veldkornet P.W.C. Combrink van Bethulie. J.C. Kolbe, ’n Vrystaatse volksraadslid vir Wyk Bosjespruit, was een van 25 Bethulie-burgers wat saam met Combrink Venterstad beset het.¹⁷¹ Tydens Combrink se intog het vroulike inwoners van Venterstad hom ingewag met ’n Vrystaatse vlag waarop die woorde “De Heer zal voorzien”¹⁷² geborduur is. Hierna het ’n patrollie van 20 gewapende burgers saam met inwoners van Venterstad, Smellekamp by sy huis gaan haal om die magistraatskantoor en kluis se sleutels te oorhandig. Smellekamp het eers al die boeke gebalanseer, waarna hy aan Combrink verduidelik het dat die inwoners tot die oorhandiging van die sleutel moes instem. Smellekamp het die inwoners en die nuut aangestelde bestuur van die dorp in ’n kort toespraak voor die magistraatskantoor teen rebellie gewaarsku, maar ten spyte hiervan was daar groot steun vir die besettingsmag wat die Vrystaat-vlag onder die sing van die Vrystaatse volkslied gehys het. Drie hoera’s vir

¹⁶⁷ C. Bosman, *Slaan en vlug*, p. 6.

¹⁶⁸ Breytenbach, 1, p. 449; Amery (red.), 2, p. 294; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 423.

¹⁶⁹ Oosthuizen, p. 23.

¹⁷⁰ Amery (red.), 2, p. 294.

¹⁷¹ *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, pp. 2, 5, 18.

¹⁷² Hierdie vlag vorm deel van die versameling van die Pellissierhuismuseum op Bethulie.

president M.T. Steyn het opgeklank, waarna Smellekamp die sleutels aan Combrink oorhandig het en laasgenoemde 'n besettingsproklamasie van president Steyn voorgelees het.¹⁷³

'n Inwoner van Venterstad, John Cooke, verklaar dat Combrink en sy "Free Staters were received with open arms by the residents. The whole district rose practically to a man. All the most influential farmers offered their services and constituted themselves a Comandeering Committee while loyalists were given seven days to leave hearth and home."¹⁷⁴ Hy maak melding van M.L.C. (Daantjie) van den Heever, die plaaslike lid in die Kaapse Parlement, asook van P. Kotzé, wat egter lojaal gebly het aan die Britse regering. Volgens Cooke het Combrink, nadat Smellekamp ontslaan is, vir P.J. Viljoen van Venterstad as landdros aangestel. Behalwe vir hoofkonstabel J. Redding en twee swart konstabels, het die meeste van die Cape Police reeds vóór die besetting na Steynsburg uitgewyk. Die drie oorblywende geregsdienaars is hierna deur veldkornet Combrink gelas om die dorp te verlaat.¹⁷⁵ Diegene wat hulself nie met die nuwe owerheid kon versoen nie, is sewe dae gegun om die distrik te verlaat. Afrikaanssprekende wit mans van Venterstad en goedere is hierna opgekommandeer. 'n Vergadering is deur Combrink in die magistraatskantoor belê. Tydens die vergadering wat deur meer as 100 inwoners uit die dorp en distrik bygewoon is, is 'n krygsraad van ses lede gekies en 'n sekretaris en resident vrederegter, by name Dirk Geldenhuis van Venterstad, aangestel. Geldenhuis het die ongelukkigheid met die koloniale owerheid aan diegene wat teenwoordig was, uitgewys en hulle aangemoedig om by die Vrystaatse magte aan te sluit.¹⁷⁶

Onder druk van die Britse regering, het die Kaapse regering van Schreiner begin om die swart inwoners in reservate in die Transkei, by onder meer Herschel, te bewapen. Dit is gedoen ten einde die Xhosasprekendes (Fingo's) te beskerm as die Boere hierdie gebied ook sou binneval. Die Kolonialers was veral ongelukkig hieroor omrede hulle hierdeur bedreig gevoel het. Hierdie besluit deur die Britte was om onder meer koloniale eenhede beskikbaar te stel vir aktiewe diens te veld elders.¹⁷⁷ Inwoners het hul vrese geopper en wou weet watter beskerming die Vrystaat sou bied indien die Britse magte weer in beheer van die distrik sou kom. Ná die vergadering het 'n winkelklerk aan Combrink genoem dat twee vuurwapens met

¹⁷³ OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 18; *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, pp. 2, 5, 18.

¹⁷⁴ *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, pp. 2, 5.

¹⁷⁵ *Ibid.*; OM, Kopie-argief, Groep M: Magisterial reports III, Albert Division, p. 18.

¹⁷⁶ *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, p. 26.

¹⁷⁷ Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 288; Strydom, p. 38; Amery (red.), 2, p. 139, 294; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, pp. 109, 111.

ammunisie in 'n erf op die dorp begrawe is, waarna Combrink dit laat opgrawe het. Volgens Smellekamp het Combrink en sy mag, met slegs enkele rebelle wat aangesluit het, Venterstad op 23 November 1899 verlaat en die dorp in die hande van Viljoen, Geldenhuis en die verkose krygsraad oorgelaat. Die afgesette magistraat het verwys na 'n ernstige gesprek met Geldenhuis, waarin laasgenoemde gemeld het dat die Boererepublieke se saak 'n regverdige een was en dat talle inwoners familiebande in die Vrystaat, spesifiek in Bethulie, gehad het en daarom die wapen teen Brittanje opgeneem het. 'n Dorpswag is vervolgens gevorm om na die dorp se veiligheid om te sien. Smellekamp het op 23 November 1899 na Steynsburg vertrek.¹⁷⁸

Dit blyk uit 'n latere opgawe deur kaptein A.M. Huges, 'n Britse intelligensie-offisier, dat daar kort na die besetting van Venterstad oorgegaan is tot die stigting van 'n kommandeerkomitee met die doel om burgers uit die distrik te werf. Volgens die opgawe het slegs 20 inwoners van Venterstad en agt persone uit die distrik in die tydperk vanaf November 1899 tot Desember 1899 by die Boeremagte aangesluit.¹⁷⁹ Grootse opkommandering in hierdie distrik was nie baie suksesvol nie. Dit is later deur hoofkommandant Esias Grobler tydens 'n rebelle-verhoor op 26 Junie 1901 bevestig, aangesien hy getuig het dat daar ná die Slag van Stormberg weer gepoog is om die klein aantal rebelle vanaf Venterstad aan te vul.¹⁸⁰ Volgens Davitt is die uiteindelijke aantal rebelle uit Venterstad op 'n skrale 120 man bereken nadat nog mans later geworf is.¹⁸¹ Wessels meld dat, alhoewel die Kaapse Afrikaners die republikeinse saak simpatiek gesind was, hulle oor die algemeen hul Britse onderdaanskap oor dekades aanvaar het en dit as 'n verdere rede gesien kan word waarom daar nie 'n volkskaalse opstand van Afrikaners in die Kaapkolonie plaasgevind het nie.¹⁸² Venterstad, wat Combrink en sy Bethulie-kommando so gul ontvang het, is later in die Britse media as "A Rebel Village" bestempel.¹⁸³

Alhoewel die besetting van die omliggende dorpe in die Noordoos-Kaapkolonie, naby Bethulie, aanvanklik met baie emosie en sentiment gepaardgegaan het, was die uitdaging hierna om die republikeinse mag en gesag teen die Britse magte wat in die Kaapkolonie begin aankom het, te behou. Verder was republikeinse optrede in daardie stadium nie drasties

¹⁷⁸ *Cape Times Weekly Edition*, 21.11.1900, pp. 17, 26.

¹⁷⁹ OM, Kopie-argief, Groep H: List of Farmers and others in the Colony of the Cape of Good Hope who had been absent from their farms during a portion, or the whole of the war and who are suspected of having joined the enemy – Intelligence Department, 1901, pp. 7-9.

¹⁸⁰ *Cape Times Weekly Edition*, 26.6.1901, p. 18.

¹⁸¹ Davitt, p. 238.

¹⁸² Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 424.

¹⁸³ *Cape Times Weekly Edition*, 21.11.1900, p. 26.

genoeg om tot grootskaalse rebellie te lei nie en was vele Kolonialers steeds nie van republikeinse permanensie of beskerming in die Noordoos-Kaapkolonie oortuig nie. Die Boererepublieke het wel met hul inval in die Kaapkolonie die voordeel van 'n bergagtige terrein in die Noordoos-Kaapkolonie gehad, waar onkonvensionele oorlogvoering deur kommando's soos die Bethulie-kommando aangewend kon word, terwyl die oop vlaktes van veral die Suid-Vrystaat, soos by Bethulie, weer die Britte sou bevoordeel. Deur te versuim om ná 11 Oktober 1899 kragdadig op te tree, het die Boererepublieke hierdie voordeel (keuse van gevegsterrein) verbeur.¹⁸⁴

2.6 DIE SLAG VAN STORMBERG

Lees saam met Bylae 2.3: Kaart van die Slag van Stormberg, 10 Desember 1899.

2.6.1 Voorbereidings tot die slag

Berigte van die aankoms van groot Britse troepemagte in die Kaapkolonie het Bloemfontein op 13 November 1899 en weer op 26 November 1899 bereik, wat president M.T. Steyn se vermoede bevestig het dat 'n grootskaalse Britse aanslag op die suidgrens van die Vrystaat beplan is.¹⁸⁵ Steyn was korrek in sy afleiding nadat die voorhoede van 'n Britse troepemag met 898 soldate, bekend as die Derde Divisie (Third Division), op 16 November 1899 in die hawe van Oos-Londen aan land gegaan het, waarna hulle onder leiding van die 55-jarige generaal-majoor William Forbes Gatacre, op 18 November 1899 by Queenstown aangekom het “to develop a force on the eastern railway line from the original Stormberg garrison”.¹⁸⁶ Sy opdrag was om rebellie te verhoed, lojale Britse onderdane te beskerm en die republikeinse inval te stuit.¹⁸⁷ Ná die inval van die Vrystaatse kommando's in die Kaapkolonie en die Britse magte se gevolglike ontruiming van Stormberg, het hierdie mag van Gatacre, ná sy aankoms tot 4 300 man aangegroei. Dit het die 74th en 77th Royal Field Artillery batterye met 672 artilleriste, 18 Armstrong-kanonne en vier Maxim-masjiengewere ingesluit. Gatacre se mag, wat hy op 29 November 1899 na Putterskraal, 50 km vanaf Stormberg verskuif het, het uit die volgende bestaan: 3 246 infanteriste van die 2nd Berkshire Regiment; die 2nd Northumberland Fusiliers; die 1st Royal Irish Rifles; die 1st Royal Scots; enkele troepe van die 12th Royal Engineers; 'n veldhospitaal van die 16th Field Hospital, asook

¹⁸⁴ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 704.

¹⁸⁵ Breytenbach, 1, p. 456.

¹⁸⁶ Maurice (red.), 1, p. 203.

¹⁸⁷ *Ibid.*, p. 286.

enkele plaaslike vrywilligers.¹⁸⁸ Teen 6 Desember 1899 het sy mag aangegroei tot ongeveer 4 500 soldate met 22 kanonne en nege Maxim-masjiengewere.¹⁸⁹ Hierbenewens het Gatacre 'n buitepos by Boesmanshoek opgestel, wat hy op 27 November 1899 met vier Kompanies van die Irish Rifles beman het, asook Penhoekpas waar die Montmorency Scouts en Cape Police was.¹⁹⁰

Hoofkommandant Esias Grobler, wat hom ná die besetting van Burgersdorp by die Bethulie-invalsmag bevind het, het op 19 November 1899 vanaf Bloemfontein opdrag ontvang om aansluiting met generaal Schoeman se mag by Colesberg te bewerkstellig ten einde 'n verenigde front teen die Britse aanslag vanaf Stormberg tot Colesberg te vorm. Grobler is vervolgens beveel om Stormberg as 'n saak van dringendheid te beset, 'n opdrag wat eers op 26 November 1899 uitgevoer is.¹⁹¹ Die tog na Stormberg is deur Casparus Bosman beskryf en hy vertel dat hy en drie ander rebelle, te wete Arnoldus van Biljon, Tjaart Venter en Hendrik Coetzee, by die spoorhalte te Dreunberg (Albert Junction) by kommandant Du Plooy aangesluit het waarna hulle die tog van bykans 60 km na Stormberg aangepak het. Bosman se wedervaringe saam met hierdie kommando tot en met 13 Maart 1900, kan grootliks as dié van die Bethulie-kommando beskou word.¹⁹²

Die Bethulie-kommando, 'n gedeelte van die Smithfield-kommando en 'n aantal rebelle het op 24 November 1899 vanaf Burgersdorp in die rigting van Steynsburg vertrek. Bosman onthou die konvooi van waens met trekosse, 'n kanon, 'n skaaptrop en perderuiters, wat baie stof in die proses opgeskop het. Vanaf die plaas Hartbeesfontein, suidwes van Burgersdorp, het hulle met 'n pad na die plaas Rietfontein weggedraai, waar daar oornag is. Die volgende oggend is daar oor die plase Plankfontein en Wonderboomspruit beweeg tot by die omgewing van Rooisand, waar die waens en kanon in die sand vasgeval het en hulle verplig was om daar te oornag.¹⁹³ Volgens die Oorlogsdagboek van die Informatie Commissie het hierdie mag, met Du Plooy en sy Bethulie-kommando ingesluit, die stellings by Stormberg beset wat voorheen deur die Berkshire Regiment beset is en wat ná hul terugval na Queenstown ontruim is.¹⁹⁴ Volgens Meintjes is Du Plooy en sy kommando, asook 'n groep rebelle uit die Noordoos-

¹⁸⁸ *Ibid.*, 2, p. 196.

¹⁸⁹ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 548.

¹⁹⁰ Amery (red.), 2, p. 296; Maurice (red.), 1, p. 287.

¹⁹¹ OM, 3153/5: Informatie Commissie, 1899; Amery (red.), 2, pp. 294, 362; Breytenbach, 1, p. 455; Creswicke, 2, p. 161.

¹⁹² Bosman, p. 6.

¹⁹³ *Ibid.*, p. 12.

¹⁹⁴ OM, 3153/5: Informatie Commissie, 1899; D. Laufs, *Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, K.P. en die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902* (M.A.), p. 46.

Kaapkolonie, as 'n soort voorhoede vanaf Burgersdorp na Stormberg gestuur en het kommandant Swanepoel en hoofkommandant Grobler eers ná 26 November 1899 by Stormberg aangesluit.¹⁹⁵ Volgens Breytenbach blyk dit egter dat daar geen voorhoede was nie en dat die gesamentlike mag op 26 November 1899 by Stormberg aangekom het, iets wat deur die Informatie Kommissie se dagboek gestaaf word.¹⁹⁶

Ten einde Britse troepekonsentrasies vanuit die Oos-Kaap na die Vrystaatse suidgrens te verhinder, het Grobler met sy aankoms by Stormberg-stasie, in opdrag van Steyn en die Vrystaatse krygsraad, die spoorverbindings, brûe en spoorwegduikers suid van Stormberg beskadig. Dit het die spoorverbindings tussen Stormberg en Noupoot, asook Stormberg en Molteno verbreek.¹⁹⁷ Lede van die Bethulie-kommando was by hierdie sabotasie betrokke. Bosman beskryf hoe hy, as deel van 'n mag van 20 lede wat bestaan het uit rebelle en burgers van Bethulie, die volgende oggend met hul aankoms naby Stormberg aangesê is om die spoor- en telegraafverbindings naby die Stormberg-spooraansluiting op te breek; 'n insident wat deur Maurice bevestig is. By Stormberg-stasie is 'n groep spoorwegwerkers en Cape Police gewaar, maar die werkers het dadelik op vlug geslaan.¹⁹⁸ Volgens die *Cape Times* het hierdie sabotasie plaasgevind tot digby S.J. Schoeman se plaas, Onverwacht.¹⁹⁹

Intussen het luitenant-generaal John Denton Pinkstone French met sy Vierde Divisie van bykans 5 000 man en 18 kanonne, op 20 November 1899 by Noupoot aangekom, wat daartoe gelei het dat president Steyn besluit het om generaal Schoeman se mag op die Colesberg-front te versterk. Nadat Olivier uit Aliwal-Noord na Stormberg vertrek het, het hy eers by verskeie dorpieë in die Noordoos-Kaapkolonie aangedoen en dit beset. Op 23 November 1899 het president Steyn opdrag gegee dat Olivier hom na Stormberg haas en om vandaar 'n kommando as versterkings aan Schoeman te stuur. Intussen het Olivier 400 burgers, hoofsaaklik rebelle wat onder bevel van kommandant P. de Wet was, vooruit na Stormberg gestuur, waarna Olivier self eers op 4 Desember 1899 met die res van sy ongeveer 500 burgers daarheen vertrek het, omrede hy eers die anneksasieproses van die Noordoos-Kaapkolonie wou afhandel.²⁰⁰ Met Olivier se aankoms op 6 Desember 1899 by Stormberg, het sy mag met 'n geskatte sterkte van bykans 2 000 burgers (bestaande uit die Bethulie-,

¹⁹⁵ Meintjes, *Stormberg ...*, pp. 51-53.

¹⁹⁶ Breytenbach, 1, p. 455; 2, pp. 211-212; OM, 3153/5: Informatie Kommissie, 1899; Meintjes, *Stormberg ...*, p. 47.

¹⁹⁷ Breytenbach, 1, p. 455; Maurice (red.), 1, p. 287.

¹⁹⁸ Bosman, p. 15; Maurice (red.), 1, p. 287.

¹⁹⁹ *Cape Times*, 13.12.1899, p. 8.

²⁰⁰ Breytenbach, 1, pp. 456-457.

Smithfield- en Rouxville-kommando's, asook 'n groep van ongeveer 500 rebelle) hulle in die omgewing van die Stormberg-spoorwegaansluiting begin ingrawe, waarna Olivier aan Steyn se opdrag begin uitvoering gee het. Volgens inligting wat aan Gatacre bekend was, is die aantal burgers by Stormberg in daardie stadium op 1 700 geskat.²⁰¹ Teen Vrydag 8 Desember 1899 was Olivier se mag reeds op verskeie strategiese plekke opgestel en brandwagte kon die omgewing vanaf die hoogtes om die Stormberg-stasie, 15 km noord van Molteno, van ver af bespied.²⁰²

Die topografie om die Stormberg-spoorwegaansluiting word deur Amery en Maurice, asook 'n burger van Bethulie, beskryf as 'n laagte wat omring is met heuwels en 'n groot bergagtige rif, bekend as Kissieberg, wat aan die suidwestelike kant bo alles uittoon. Tussen hierdie heuwels het die spoorlyn deur die laagte gekronkel tot by die aansluiting wat weswaarts na Steynsburg en Rosmead vertak het; noordoos na Burgersdorp, Bethulie en Aliwal-Noord en suidoos na Molteno en Queenstown. Aan die suidoostekant is die aansluiting oorskadu deur 'n kop, bekend as Rooikop, wat saam met die nabygeleë Kissieberg militêre sleutelpunte gevorm het.²⁰³ Olivier het besef dat dié twee stellings, vanweë die ligging en topografie, van groot belang sou wees ten einde enige poging deur die Britte wat vanaf Queenstown se rigting sou opruk, af te weer. Die aansluiting self het bestaan uit 'n klein stasie met enkele huisies van spoorwegwerkers, asook 'n paar verskansings wat deur die Berkshires opgerig is.²⁰⁴ Sydney Holm van Bethulie vertel dat hy in een van hierdie huisies oornag het. Die tafel was reeds vir ete gedek maar die inwoners het met die nuus van hul aantog, op die vlug geslaan.²⁰⁵ Weens die tregter wat die koppies gevorm het, was die omgewing bekend vir wind wat veral saans tot erge koue gelei het. Prop. R.D. McDonald, die nie-amptelike Bethulieveldprediker, verwys na die impak wat die klimaat van hierdie omgewing op die burgers gehad het en vertel dat sy eerste nag in die Stormberge 'n "bittere koue, winderige nag was, maar in teenstelling hiermee was die hitte bedags ondraaglik".²⁰⁶

Die Bethulie-kommando, asook die rebelle onder kommandant P. Steenkamp, was met Olivier se aankoms reeds deur Grobler aan die voet van Rooikop naby die stasie opgestel en het volgens Amery 'n totale sterkte van ongeveer 800 man uitgemaak. Vanuit loopgrawe en

²⁰¹ Maurice (red.), 1, p. 291; Breytenbach, 2, p. 212.

²⁰² Botha, p. 122.

²⁰³ OM, Kopie-argief, Groep S: Brief deur burger Willem Jacobus Snyman vanaf Stormberg, 8.12.1899; Amery (red.), 2, pp. 364-365; Maurice (red.), 1, pp. 289-290.

²⁰⁴ Maurice (red.), 1, p. 289.

²⁰⁵ Thurngood, p. 6.

²⁰⁶ McDonald, *'n Terugblik ...*, pp. 16-17.

agter doringdraad het die Bethulie-kommando oor die gebied gewaak.²⁰⁷ Suidwes van die Bethulie-kommando is die Smithfield-kommando met twee kanonne opgestel.²⁰⁸ Beide kommando's het die noordoostelike en suidoostelike toegange na die spoorwegaansluiting bewaak, terwyl hoofkommandant Olivier met sy mag, wat hoofsaaklik uit die Rouxville-kommando bestaan het, stelling teen Kissieberg ingeneem het vanwaar hulle die westelike kant van die stellings by Stormberg, asook die koppies aan die noordelike kant van die berg bewaak het.²⁰⁹ Patrollies is 'n aantal kere uitgestuur om die kommunikasiestelsels te ontwig en Bosman vertel dat hy en nog burgers een oggend onder assistent-veldkornet N.J.C. Kruger, van Wyk Grootrivier, aangesê is om die spoor- en telegraaflyne na Steynsburg te beskadig. Hulle het die spoor- en telegraaflyne asook 'n aantal spoorwegduikers en 'n groot spoorbrug tot by Teebus beskadig, waarna hulle, vol bravade, Steynsburg besoek het om rookgoed en eetware te koop en nog boonop, tydens 'n piekniek aan die buitewyke van die dorp, jolig verkeer het met die plaaslike jongmense van Steynsburg.²¹⁰

2.6.2 Rol van die Bethulie-kommando tydens die veldslag

Bosman en sy mederebelle, wat hulself vanaf hul aankoms by Stormberg in die Bethulie-laer bevind het, vertel dat hulle die oggend van Saterdag 9 Desember 1899 'n "geheime bevel" ontvang het om 'n konvooi gereed te kry om nog dieselfde dag te vertrek. Die rebelle, tesame met die Bethulie-kommando, het laatmiddag met 'n kleinerige konvooi in 'n westelike rigting na Steynsburg vertrek.²¹¹ Kommandant Du Plooy en hoofkommandant Olivier was voor Du Plooy se vertrek na Steynsburg, in 'n argument betrokke oor 'n kanon wat Du Plooy wou saamneem, maar wat Olivier nie wou afstaan nie; 'n besluit waarin Du Plooy uiteindelik moes berus. Die mag van ten minste 400 burgers²¹² van die Bethulie-, Burgersdorp- en Venterstad-kommando's onder kommandante Du Plooy, L.P. Steenekamp en P. Steenkamp was onder die oorhoofse bevel van hoofkommandant Grobler, maar omstandighede het veroorsaak dat sake 'n ander wending geneem het sodat Grobler en sy mag nie by Schoeman sou uitkom nie.²¹³ Dit was nadat die burgers sowat 15 km vanaf Stormberg halt geroep het omrede die wiel van hul ambulanswa gebreek het. Hierdie voorval is later deur die Boere as 'n ingryping van die Allerhoogste gesien, aangesien Grobler in daardie stadium verplig was om by die

²⁰⁷ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 549; Amery (red.), 2, p. 365; Maurice (red.), 1, p. 295.

²⁰⁸ Amery (red.), 2, p. 365.

²⁰⁹ Breytenbach, 2, p. 210.

²¹⁰ Bosman, pp. 14-15, 17.

²¹¹ *Ibid.*, p. 19.

²¹² Breytenbach verwys na 400 tot 500 burgers, terwyl Amery en Maurice beide na 500 tot 600 burgers verwys. McDonald se verwysing na 900 burgers kan nie gestaaf word nie.

²¹³ Breytenbach, 2, pp. 210-211; Amery (red.), 2, p. 371.

plaas Kalkoenkrans kamp op te slaan en daar te oornag. Die Bethulie-kommando het op hul beurt, soos wat die gewoonte vir kommando's was om afsonderlik te groepeer, op die buurplaas, Wonderboom, by 'n hoogte genaamd De Kop kamp opgeslaan.²¹⁴ Penning som die gebeure op as “dat God de gebroken achterwiel wilde gebruiken, en de dreigende nederlaag in een schitterende overwinning te veranderen”.²¹⁵ Wessels verwys na die burgers se diep godsdienstige uitkyk op die krygsverloop, spesifiek wat betref gebeure soos by Stormberg.²¹⁶ Burger Dennis McDonald van Bethulie teken soos volg in sy herinneringe aan: “Bethulie kry opdrag om na Steynsburg te vertrek, maar vir my word gesê om by Smithfield-kommando agter te bly om die pos vanaf Stormberg-stasie na die Bethulie-kommando op Steynsburg te neem.”²¹⁷ Dit is danksy hierdie besluit dat McDonald 'n lewendige beskrywing van die slag wat sou volg en die Bethulie-kommando se rol hierin, kon nalaat.

Dit is duidelik dat die vertrek van Grobler se kommando deur swart spioene in Britse diens aan Gatacre gerapporteer is, waarna hy besluit het om tot die aanval oor te gaan.²¹⁸ Olivier het ná Grobler se vertrek van sy Rouxville- en Smithfield-burgers gebruik om die stellings te beset wat deur die Bethulie-kommando en rebelle ontruim is.²¹⁹ Hoofkommandant Olivier was nie gerus na die vertrek van so 'n groot gedeelte van sy mag nie en het volgens sersant Willem Hendrik Muller²²⁰ van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps, die burgers beveel om die aand van 9 Desember 1899 nie hul perde af te saal nie. Dit blyk uit dagboeke en herinneringe van burgers dat nie almal hieraan gehoor gegee het nie en dat sommige van hulle onverhoeds betrap is.²²¹ Weens gebrekkige kaarte en verkenningswerk het Gatacre se mag wat reeds lank voor ligdag opgeruk het, verdwaal en in die proses op L.J. van Zyl se plaas Klipfontein naby Stormberg-stasie in die Boere vasgeloop. Van Zyl het op 'n groep Britse soldate wat hy vir skaapdiere aangesien het, gevuur en gevolglik is die Rouxville-brandwagte, asook kommandant Swanepoel se brandwagte, reeds om ongeveer 04:15 deur die geweervuur gewek. Vir die Britte was die verrassingselement daarmee heen en in die

²¹⁴ Botha, pp. 123, 137; Griesel, p. 19; Davitt, p. 233; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 106.

²¹⁵ L. Penning, *De oorlog in Zuid-Afrika: De strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschets* 1, pp. 418-419.

²¹⁶ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 573.

²¹⁷ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 1.

²¹⁸ J. Meintjes, *Molteno, dorp van drome: Molteno 1874-1974*, p. 95; Bosman, p. 21; Maurice (red.), 1, p. 295.

²¹⁹ Botha, p. 123.

²²⁰ Sersant W.H. Muller is gedurende die oorlog tot luitenant en later tot kaptein bevorder en is in Februarie 1902 krygsgevangene geneem. Sy herinneringe is in die versameling van die Oorlogsmuseum.

²²¹ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van W.H. Muller van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902; Breytenbach, 2, p. 213.

verwarring wat hierna gevolg het, was dit die Boere wat eerste tot verhaal gekom het en hulself gereed gemaak het vir die geveg wat in felheid losgebars het.²²²

Volgens Dennis McDonald het hy vroeg die oggend van Sondag 10 Desember 1899 reeds sy perd opgesaal, waarna hy 'n gewerskoot in die rigting van die Rouxville-laer gehoor het. Een van die brandwagte daar was weens 'n maagongesteldheid vroegdag wakker en het die Britse soldate gewaar en alarm gemaak, waarna die eerste skote van die Slag van Stormberg gevuur is. McDonald, wat hom in daardie tydstip by die Rouxville-kommando bevind het, skryf in sy dagboek dat kartetse op hul stellings afgevuur is en dat die Britte onder hierdie bombardement gepoog het om die Boere se stellings te bekruip. Te midde van hewige vuur het die burgers, in opdrag van Olivier, nie hul stellings verlaat nie. Hoofkommandant Olivier het “geroep vir 'n voluntee om 'n rapport na Bethulie-kommando te neem, wat nou aan die westekant van die vyand moet wees. Dit het my geluk om in 'n uur se tyd Bethulie-laer te bereik.”²²³ Grobler en Du Plooy is ongeveer 05:20 van die geveg verwittig, aangesien dié twee laers tot in daardie stadium geensins van die geveg bewus was nie, wat toegeskryf kon word aan 'n warm, bedompige en stowwerige noordwestewind wat vroegdag gewaai het en in sterkte toegeneem het, sodat dit die gevegsumoer se klanke gedemp het. Tereg het die Kaapse rebel, Casparus Bosman, verwys na “die noordwestewind het ons die kennis hiervan ontnem.”²²⁴ Kommandant Du Plooy is selfs later daarvan beskuldig dat, weens sy twis met Olivier oor die kanon, hy met opset nie aan die geveg wou deelneem nie, ten spyte daarvan dat selfs Grobler en die res van die burgers nie van die geveg bewus was nie.²²⁵ Sydney Holm, wat reeds vroegdag besig was met die herstel van telegraafdrade 'n hele distansie vanaf Olivier se laer, skryf: “We saw the puffs of smoke over Stormberg. The sound of the field-guns could not be heard.”²²⁶ Die afleiding is dat dit die Vrystaat Krupp-kanonne was wat die rook veroorsaak het.

Grobler en Du Plooy, laasgenoemde met die saaklike opdrag “opklim” aan sy burgers, het kort hierna hulle opwagting op die gevegsumoer gemaak en die Britte, wat ná hul chaotiese terugval naby die rante wes van Kissieberg versamel het, van agter begin aanval.²²⁷ Volgens Holm, wat met sy telegraafbeamptes na Stormberg gejaag het, het hy gesien hoe kommandant

²²² OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van W.H. Muller van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902; Breytenbach, 2, pp. 212-213; Botha, p. 135; Amery (red.), 2, p. 374; R.D. McDonald, *In die skaduwee van die dood*, pp. 8-9.

²²³ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, pp. 1, 3.

²²⁴ Bosman, p. 23.

²²⁵ Botha, p. 138.

²²⁶ Thurngood, p. 6; Bosman, p. 23.

²²⁷ Breytenbach, 2, pp. 217-218; Bosman, pp. 23-24.

Du Plooy met 50 vrywilligers van die Bethulie-kommando en 'n paar rebelle, op 'n groep soldate afgestorm het wat in die proses was om die Rouxville-kommando te omsingel.²²⁸ McDonald vertel dat Du Plooy sy skimmelperd bestyg het en dadelik in die rigting van die geveg afgesit het en oor 'n laagte wat die Britse soldate reeds verlaat het, gejaag het met 'n streep Bethulie-burgers wat hom gevolg het.²²⁹

Simon du Plooy²³⁰ het 'n samevatting van die dag se gebeure en die Bethulie-kommando se optrede in sy herinneringe nagelaat. Hy beskryf hoe sy vader vanaf 'n hoogte die geveg dopgehou het en gesien het dat 'n groep soldate met 'n ompad vanaf Steynsburg se rigting, in die proses was om Olivier en sy Rouxville-kommando te omsingel deur hulle van agter aan te val.²³¹ Ten spyte van die Britse artillerievuur²³² kon kommandant Du Plooy met sy burgers daarin slaag om 'n strategiese hoogte te bereik vanwaar hulle hierdie omsingeling kon stuit. Griesel en sy neef Jan Adriaan (Attie) du Toit van Bethulie, wat deel was van Du Plooy se kommando, beskryf die gebeure verder deur te vertel dat die Bethulie-burgers se geweervuur vanaf Bamboesspruit deur die Britte beantwoord is met vyf van die 11 kanonne van die 77ste Royal Field Artillerie, onder bevel van majoor Edward Maxwell Perceval.²³³ Griesel verwys na Du Plooy en die Bethulie-kommando wat deel was van die groep en wat op 'n hoogte stelling ingeneem het, en maak melding van die Britse kanonvuur wat aanvanklik onskadelik agter die hoogte ontplof het. Die afleiding is dat die kanonne later hul teiken gevind het, omrede 'n rebel vertel van granaatpitte en klipsplinters wat orals om hulle gespat het.²³⁴ Die Bethulie-burgers en rebelle het dapper geveg en het na 'n ruk tot op die rand van 'n nabygeleë hoogte gevorder, vanwaar hulle die bediening van die kanonne onder skoot gehad het.²³⁵ Weens die hewige geweervuur en die feit dat hulle nie vertrouwd was met die sterkte van die aantal burgers wat op hulle gevuur het nie, het die groep Britse soldate 'n wit vlag opgesteek. Die Bethulie-kommando het verskeie Britse offisiere en manskappe krygsgevangene geneem,

²²⁸ Thurngood, p. 6; Bosman, p. 24.

²²⁹ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 3.

²³⁰ Simon Johannes du Plooy (30.11.1876-19.9.1969), seun van kommandant Floris du Plooy. Simon het twee geskrifte oor sy ervarings tydens die oorlog nagelaat. Die eerste hiervan is 'n dagboek: "Banneling Du Plooy – dagboek van 'n Boeresoldaat 1899-1902" in die Privaat Versameling van J. Kotze. Dit is deur Du Plooy as krygsgevangene op Ceylon bygehou. Die tweede geskrif "Herinneringe en ondervindinge in die jare 1899-1903 deur Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie" is in 1955 deur hom opgeteken en word in die museum te Aliwal-Noord bewaar.

²³¹ Aliwal-Noord Museum (hierna ANM), 6980: Herinneringe en ondervindinge in die jare 1899-1903 deur Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie, 1955.

²³² Volgens Amery was hierdie battery wat op die Bethulie-burgers gevuur het, onder bevel van majoor Perceval (verkeerdelyk Percival volgens Breytenbach).

²³³ Griesel, pp. 19-20; McDonald, *In die skaduwee* ..., p. 9; Breytenbach, 2, p. 218; Amery (red.), 2, p. 378.

²³⁴ Bosman, p. 126.

²³⁵ Breytenbach, 2, p. 218; McDonald, *In die skaduwee* ..., pp. 9-10.

en 'n groep burgers onder Jan Schlebusch van die plaas Mooidraai, Bethulie, het selfs 'n groep infanteriste in 'n kraal vasgekeer en tot oorgawe gedwing.²³⁶

Hoofkommandant Grobler verskaf in 'n telegram 'n verdere weergawe van hoe Du Plooy sy kommando in twee verdeel het en 50 burgers met hom saamgeneem het om die Britte uit 'n westelike rigting aan te val, terwyl die res onder assistent-veldkornet Barend Kruger die Britse soldate uit 'n suidelike rigting aangeval het.²³⁷ Du Plooy en Kruger is verder versterk met burgers van kommandant Swanepoel wat by hulle aangesluit het. Du Plooy se kragdadige aanval met 'n handvol Bethulie-burgers is beskryf as “50 of the Bethulie men with Du Plooy at their head, galloping in advance, and arriving at the bend of the road west of the Junction just as the Northhumberlands had reached the same point. These Tommies were thrown in utter confusion by this unexpected encounter and by the fierceness of the Bethulie men’s assault.”²³⁸ Gedurende die aanval is Griesel aangesê om die omgewing vanwaar die Britse aanval plaasgevind het, te bespied en daarom het hy sy stelling langs sy neef J.A. (Attie) du Toit verlaat waarna veldkornet Harm Olivier van Burgersdorp²³⁹ sy plek ingeneem het. Griesel het met sy terugkeer die volgende gevind: “Olivier was mordsdood met 'n koeël deur die kop en Attie was swaar gewond met 'n skrapnel-koeël in die maag en been. Hy is nog dieselfde nag oorlede. Hy was die eerste gesneuwelde held van die Bethulie-kommando.”²⁴⁰ Die Britte het later 'n foto van hierdie twee gesneuweldes se grafte in 'n publikasie geplaas en het hierna verwys as “Graves of two Boer Commandants at the foot of Stormberg”.²⁴¹

Die Boere se verliese op hierdie dag was vyf gesneuweldes²⁴² en 16 gewondes.²⁴³ Verskille bestaan egter oor die aantal ongevallen aan die Britte se kant, meer spesifiek die gewondes en veral die aantal krygsgevangenes. Volgens Gatacre se inskrywing in sy stafdagboek op 15 Desember 1899, was daar ongeveer 696 ongevallen, waarvan 25 gesneuweldes was en ongeveer 110 gewond is. Agt van die ongevallen was offisiere, waaronder luitenant-kolonel H.A. Eagar wat later aan sy wonde beswyk het. Ongeveer 561 manskappe, waarvan 13 offisiere was, is krygsgevangene geneem. Hierbenewens het twee Britse Armstrong-kanonne,

²³⁶ McDonald, *In die skaduwee* ..., p. 10; Breytenbach, 2, p. 218.

²³⁷ Bosman, p. 24.

²³⁸ Davitt, p. 236.

²³⁹ Veldkornet Harm Olivier, 'n rebel van Ruigterfontein, Burgersdorp en vader van 20 kinders.

²⁴⁰ Griesel, p. 20.

²⁴¹ H.W. Wilson, *After Pretoria: The guerilla war* 1, p. 730.

²⁴² Die gesneuweldes was Veldkornet J. Olivier (Aliwal-Noord), burgers J. Goerke (Aliwal-Noord), P. van Staden (Rouxville), H. Slabbert (Rouxville) en A. du Toit (Bethulie).

²⁴³ Breytenbach, 2, p. 221; 4, p. 2; Wessels, *The Anglo-Boer War* ..., p. 47.

nommers 189 en 380 van die 74th en 77th Royal Field Artillery²⁴⁴ onder bevel van luitenant-kolonel H.B. Jeffreys, in die Boere se hande beland, waarvan een veldstuk, danksy kommandant Du Plooy en sy burgers se optrede gebuit is.²⁴⁵ Breytenbach wys op die verskille rondom die ongevalle, maar meld dat hoofkommandant Olivier 672 krygsgevangenes na Burgersdorp gestuur het.²⁴⁶ Wessels verwys na 25 Britse gesneuweldes, maar bereken die gewondes op ongeveer 100 manskappe, meer as 600 soldate²⁴⁷ wat krygsgevangene geneem is, en drie of vier kanonne wat gebuit is.²⁴⁸ Aan die hand van navorsing kan afgelei word dat die aantal krygsgevangenes wel, soos deur Wessels bereken, meer as 600 soldate was en die aantal gewondes minstens 100 soldate was, maar dat slegs twee Britse veldstukke tydens hierdie slag deur die Boere gebuit is.²⁴⁹ Hierdie veldslag het die sogenaamde “Black Week” vir die Britte ingelui met nog terugslae wat sou volg.²⁵⁰

Gatacre, wat gevrees het dat sy gedemoraliseerde mag van hul basis afgesny kon word, het na afloop van die slag beveel dat sy uitgeputte soldate na Molteno moes terugval, wat om ongeveer 12:30 bereik is, waarna hy, ten aanskoue van sy verslane leër, in trane uitgebars het en verklaar het: “O, my poor boys!”²⁵¹ Die Britse terugtog is gekenmerk deur uitgeputte en gedemoraliseerde manskappe en Du Plooy wou hieruit voordeel trek deur die Britse agterhoede te agtervolg.²⁵² Sy plan was om met die hulp van kommandant Steenkamp, Gatacre se troepemag op die plaas Sandfontein wat aan ’n rebel, Frederik Johannes van Zyl behoort het en net buite Molteno geleë is, te omsingel en tot oorgawe te dwing.²⁵³ McDonald onthou dat Du Plooy met sy skimmelperd na Olivier en Swanepoel gejaag het en hulle probeer oortuig het om die vluggende Britte agterna te sit.²⁵⁴ Olivier was aanvanklik ten gunste hiervan, maar het van besluit verander en so is die kans verbeur om ’n klinkende oorwinning oor Gatacre te behaal. Kommandant Swanepoel en hoofkommandant Grobler was self nie hiervoor te vinde nie en het met Olivier saamgestem dat die groot oorwinning wat behaal is, reeds voldoende was. Amery verwys na die Boere se gebrek aan “enterprise”

²⁴⁴ Die eerste van hierdie twee artilleriesukke was, volgens Amery, ’n kanon van die 74th Battery wat in die sand vasgeval het en deur die Britte agtergelaat is.

²⁴⁵ A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 15.12.1899, p. 9; Amery (red.), 2, p. 380; Maurice (red.), 1, p. 297; Breytenbach, 2, pp. 214-218; McDonald, *In die skaduwee* ..., p. 10.

²⁴⁶ Breytenbach, 2, pp. 221-222.

²⁴⁷ Hoofsaaklik van die Royal Irish Rifles en Northumberland Fusiliers.

²⁴⁸ Wessels, *The Anglo-Boer War* ..., p. 47.

²⁴⁹ *Ibid.*; Breytenbach, 2, p. 221.

²⁵⁰ Maurice (red.), 1, p. 380.

²⁵¹ *Black and White Budget* 2(15), 10.2.1900, p. 4.

²⁵² Amery (red.), 2, pp. 379-380.

²⁵³ Botha, p. 142; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Akte van die plaas Sandfontein, 1893.

²⁵⁴ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 4.

om hierdie oorwinning op te volg.²⁵⁵ Hierdie besluit het tot 'n tweede argument tussen Du Plooy en Olivier gelei en in die woorde van 'n rebel wat saam met die Bethulie-kommando geveg het, kon Du Plooy daardie oggend “doringdraad gorrel”.²⁵⁶ Volgens Meintjes was die burgers, wat intussen verstrik geraak het in die groot buit en belangstelling in die geveg verloor het, teen die einde van die dag nie meer ywerig om voordeel uit die situasie te trek nie, iets wat Maurice bevestig.²⁵⁷

Prop. McDonald het hierdie gebrek aan dissipline, volgens Pretorius, toegeskryf aan die feit dat die burgers nie gewoond was dat beperking op hul individualiteit geplaas word nie en dat hulle lank sou neem om die belangrikheid van sodanige dissipline te verstaan.²⁵⁸ Desnieteenstaande het Du Plooy met 'n handvol Bethulie-burgers die agterhoede van die Britte agternagesit en in die proses 'n mulwa gebuit en 'n aantal soldate gevange geneem.²⁵⁹ Amery en Maurice verwys na die sluitstuk van 'n Armstrong-kanon wat verwyder is nadat die kanon vasgeval het en dat hierdie sluitstuk op 'n vluggende wa gegooi is. Die afleiding is dat dit dieselfde wa was wat deur Du Plooy se burgers onderskep is en waarop na bewering dum-dum-rondtes²⁶⁰ gevind is.²⁶¹ Alhoewel Du Plooy beskryf word as 'n dapper man maar met beperkte militêre vermoëns, was dit immers danksy sy optrede dat Olivier en sy kommando nie omsingel is nie, en die vraag ontstaan dus hoe anders die krygsverloop daaruit sou sien indien dit nie vir hierdie besluit van Olivier was nie. Daarbenewens is 'n verdere vraag in welke mate dit tot voordeel van die republikeinse magte en die stryd in die Noordoos-Kaapkolonie sou wees indien die oorwinning oor Gatacre en sy magte opgevolg was soos deur Du Plooy voorgestel is, iets waarna beide Breytenbach en Amery verwys.²⁶²

2.6.3 Gebeure ná afloop van die slag

Ná 10 Desember 1899 het generaal Gatacre sy verslane leer by drie punte opgestel, te wete Cyphergat, Sterkstroom en Boesmanshoek, vanwaar hy en sy leer vanaf 'n veilige distansie hul situasie in oënskou kon neem alvorens enige verdere militêre ondernemings aangepak sou

²⁵⁵ Amery (red.), 2, pp. 379-380; McDonald, *In die skaduwee...*, pp. 10-11; Botha, p. 142.

²⁵⁶ Bosman, p. 29.

²⁵⁷ Meintjes, *Stormberg* ..., p. 99; Maurice (red.), 1, p. 301.

²⁵⁸ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 206.

²⁵⁹ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 3.

²⁶⁰ Dr. Stephen Miller verwys na een van die Britse afgevaardigdes, generaal-majoor John Ardagh van die Britse Militêre Inligtingsdiens, wat tydens die Haagse Konferensie daarop gewys het dat dit geregverdig was om hierdie soort rondte wat 'n baie groot wond veroorsaak, in oorlogvoering teen barbare te gebruik.

²⁶¹ Amery (red.), 2, pp. 376, 380; Maurice (red.), 1, p. 397; McDonald, *In die skaduwee* ..., p. 9.

²⁶² Breytenbach, 2, pp. 224-225; Amery (red.), 2, pp. 380-381.

word.²⁶³ Gewondes is hier verpleeg en gesneuweldes is in Molteno se begraafplaas ter ruste gelê. Ná die Slag van Stormberg is Britse krygsgevangenes na Bethulie gestuur om vandaar per trein na Bloemfontein en dan na Pretoria gestuur te word waar 'n krygsgevangenekamp ingerig is. Holm vertel dat sy moeder, wie se plaas Holmsgrove by die Bethulie-wabrug geleë was, vooraf van die koms van hierdie soldate ingelig is en dat sy 200 brode gebak en twee seeppotte, een met koffie en een met tee, vir hierdie soldate gereed gemaak het. Hierna is die soldate onder geleide van 'n sterk wag en ten aanskoue van wit en swart inwoners, deur Bethulie na die stasie gemarsjeer waartydens 'n soldaat verklaar het: "They are taking us on view through the town."²⁶⁴

Daar is 'n verdere belangrike verbintenis tussen Bethulie en Stormberg in dié sin dat dr. V.W.T. Werdmuller, Bethulie-dorp se veldkornet, in beheer was van die republikeinse mediese sorg by Stormberg en hy briewe in hierdie verband nagelaat het.²⁶⁵ Werdmuller vertel van 84 Britse gewondes, waaronder 'n kolonel, twee majore en een kaptein, wat hy ná afloop van die slag versorg het. Hy beskryf die kolonel as 'n dapper man wat, ten spyte van nege wonde en 'n gebreekte been wat op Kersdag 1899 geamputeer is, nooit 'n kreun geuiter het nie.²⁶⁶ Hierdie offisier was luitenant-kolonel Henry Averell Eagar, bevelvoerder van die 2nd Irish Rifles, wat op 13 Februarie 1900 by Burgersdorp²⁶⁷ oorlede is.²⁶⁸

Die Boere het gepoog om bystand aan die gewondes op die slagveld te verleen. So beskryf die gewonde sersant (Colour-Sergeant) G.W. Edwards van die Royal Irish Rifles in 'n brief dat die Boere goed na die soldate omgesien het.²⁶⁹ Volgens Werdmuller is hy bygestaan deur 15 studente en professore van die Teologiese Skool wat behulpsaam was met mediese sorg; dit nadat inwoners van Burgersdorp 'n ambulans uitgerus het. Benewens die groot aantal gewonde soldate, onthou hy verder van 16 gewonde burgers wat hulle behandel het. Hy noem dat hy die enigste dokter aan Boerekant was en dat hy hoofkommandant Olivier versoek het om die ernstig gewonde soldate na Molteno te stuur, asook dat Britse dokters toegelaat moes word om die gewondes te help versorg en dat hulle voorts mediese voorrade vanaf die Britte

²⁶³ Amery (red.), 2, pp. 381-382; Maurice (red.), 1, p. 301; Breytenbach, 2, p. 221; Botha, p. 144.

²⁶⁴ Pellissier, p. 52.

²⁶⁵ OM, 3730/5(a): Aanstellingsbrief van dr. Werdmuller, 1899.

²⁶⁶ OM, 3730/128: Herinneringe van 'n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940.

²⁶⁷ Burgersdorp se twee hotelle (Jubilee en Crown) is deur die Boere as hospitale opgekommandeer en Britse gewondes is ná die Slag van Stormberg daarheen gestuur vir behandeling.

²⁶⁸ OM, Databasis: Gesneuwelde Britse offisiere; OM, 3730/128: Herinneringe van 'n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940.

²⁶⁹ *Black and White Budget* 3(27), 14.4.1900, p. 39.

moes aanvra. Dit blyk dat luitenant William Henry Snyder Nickerson²⁷⁰ van die Royal Army Medical Corps na Werdmuller se ambulans gestuur is om bystand te verleen.²⁷¹ Griesel bevestig hierdie stelling met verwysing na George August Kolbe van Sterkfontein, Bethulie, wat met dié versoek onder 'n wit vlag na die Britse kamp gestuur is en dat Kolbe daar onthaal is en mediese voorraad met hom saamgestuur is.²⁷² Gatacre verwys op 18 Desember na 'n brief van hoofkommandant Grobler waarin hy ingelig is dat al die swaargewonde soldate, soos Eagar, na Burgersdorp verskuif sou word waar hulle beter versorg kon word. Grobler het verder voorgestel dat luitenant Nickerson hierdie gewondes daar versorg en dat Gatacre die nodige toestemming hiervoor verleen.²⁷³

Werdmuller verwys verder na mediese wonderwerke: “[O]mrede die Britte niks te ete gehad het voor hulle vertrek uit Molteno na Stormberg nie, diegene wat in die buik deur Mausers gewond is, dit klein wonde veroorsaak het. Hierdie wonde het dadelik toegetrek wat meegebring het dat geen operasies deur my nodig was nie en dit later self herstel het.”²⁷⁴ Werdmuller sluit sy vertelling af deur te vermeld dat hy in 1901 deur die Britse owerheid vir sewe maande op parool na Malmesbury verban is en dat hy daarna 'n versoek gerig het om vir 16 maande op Riebeeck-Wes te praktiseer, maar dat hy daagliks by die magistraat moes aanmeld. Ná die oorlog het hy op Malmesbury aangebly en daar gepraktiseer.²⁷⁵

Volgens Bosman het die slagting onder die soldate die burgers bygebly. Een beeld wat hy oproep is dié van 'n Britse soldaat wat sy swaar gewonde boesemvriend die doodskoot gegee het om hom van sy lyding te verlos. Voorts verwys hy na die hulp wat burgers aan die gewonde soldate verleen het en dat hulle die gesneuwelde soldate in een lang, vlak loopgraaf begrawe het. Gatacre verwys na “the Reverend Armitage and Father Ryan went under the Red Cross to bury the dead”.²⁷⁶ Weens die vlak massagraf en 'n gevolglike doodstreuk, het die Bethulie-laer vier dae later na 'n ander terrein in die stasie se rigting verskuif. Bosman vertel dat die gewondes uit die Bethulie-kommando en rebellegeledere na Burgersdorp gestuur is, terwyl die gesneuwelde burgers na Kalkoenkrans geneem is, waar onder meer Jan Adriaan du

²⁷⁰ Ontvanger van 'n Victoria Cross op 12 Februarie 1901 na 'n geveg by Dewetsdorp.

²⁷¹ OM, 3730/128: Herinneringe van 'n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940.

²⁷² Griesel, p. 21.

²⁷³ A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 18.12.1899, p. 10.

²⁷⁴ OM, 3730/128: Herinneringe van 'n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940.

²⁷⁵ *Ibid.*

²⁷⁶ Bosman, pp. 30-31; A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 11.12.1899, p. 8.

Toit van Bethulie ter aarde bestel is. Op 12 Desember 1899 het diegene van die Bethulie-kommando wat die gewondes vergesel het, vanaf Burgersdorp teruggekeer.²⁷⁷

Olivier se kommando's het hul oorwinning die oggend van Saterdag 16 Desember 1899 – Dingaansdag²⁷⁸ – tydens 'n spesiale diens aan God die Almagtige Vader opgedra. Ds. Becker van Bethulie het die diens gelei, en Bosman verwys daarna dat “tydens hierdie diens, ds. Becker onderbreek is met 'n waarskuwing deur 'n brandwag dat die Britte op pad is. Hierdie stofwolk was egter 'n trop skape wat hy vir soldate aangesien het.”²⁷⁹ Troppe skape en selfs beeste was meer as een keer die oorsaak van sodanige vals alarms aan die suidfront.²⁸⁰ Nadat kalmte en orde teruggekeer het, is die diens hervat en het die burgers elk 'n klip tot 'n klipstapel bygedra, wat hulle op 'n nabygeleë “rooi rantjie” opgerig het. Deel van die klipstapel was 'n tablet van sandsteen met die woorde “Met God voor Vrijheid” daarop uitgekerf.²⁸¹ 'n Foto van hierdie tablet en sy inskripsie het in die publikasie *The Graphic* verskyn.²⁸² Die Britte het later hierdie klipstapel vernietig. Die Bethulie- en Burgersdorp-kommando's het hierna hul eie gedenksteen by hul kampterrein opgerig, maar selfs dit is later deur die Britte verwyder. 'n Berig hieroor het in 'n koerant verskyn wat gemeld het: “There is at present reposing in the guard room at Stormberg Junction Station an interesting relic of the war, which was picked up in the Boer Laager after its desertion, and which consists of a rough tablet of soft sandstone, on which the following inscription had been rudely engraven – Gedenkteken op gericht door *Bethulie* en *Burghersdorp* *Burghers* op 16 de Dec. De Heer is onze banier – (Memorial stone erected by *Bethulie* and *Burghersdorp* burghers on 16 December 1899 – The Lord is our banner).”²⁸³

Die spanning en ledigheid ná 10 Desember 1899 in die Bethulie-laer het 'n impak op die burgers se gemoed gehad. Bosman vertel dat die artilleriste van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps een namiddag waartydens die meeste Bethulie-burgers en rebelle 'n uiltjie geknip het, 'n gebruik waarna Pretorius self verwys, 'n paar oefenskote met die twee gebuete Armstrong-kanonne wat in hierdie laer opgestel was, gevuur het.²⁸⁴ Dit het gelei tot skok, chaos en

²⁷⁷ Bosman, pp. 30-31.

²⁷⁸ Later Geloftedag en tans Versoeningsdag. Volgens Fransjohan Pretorius is hierdie dag eers in 1898 deur die Vrystaatse Volksraad as 'n openbare vakansiedag erken.

²⁷⁹ Bosman, p. 33.

²⁸⁰ Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 117; Creswicke, 3, p. 52.

²⁸¹ Bosman, p. 33.

²⁸² OM, Kopie-argief, Groep S: Ongedateerde berig uit *The Graphic* insake 'n gedenksteen by Stormberg.

²⁸³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *County Observer and Monmouthshire Central Advertiser*, 7.7.1900.

²⁸⁴ Bosman, p. 33; Pretorius, *Kommandolewe* ..., p. 127.

verwarring en was van so 'n aard dat baie burgers hierna “onderstebo mae” gehad het.²⁸⁵ Ander komiese insidente was byvoorbeeld Gert Engelbrecht van Bethulie wat die burgers gereeld vermaak het met berigte wat hy klaarblyklik self in die koerante gelees het, terwyl die burgers geweet het dat Oom Gert ongeletterd was.²⁸⁶

Ná die gebeure by Stormberg het die republikeinse mag in die Noordoos-Kaapkolonie intussen vir 'n volgende Britse aanslag voorberei en daarom nog 'n opkommandering van burgers en goedere in Bethulie gelas. So het assistent-veldkornet N. de Wet, van Wyk Grootrivier, op 28 Desember 1899, net meer as twee weke ná die Slag van Stormberg, 'n tweede kommandeerlys saamgestel met die name van 34 burgers wat op 2 Januarie 1900 om 10:00 by die landdroskantoor op Bethulie moes aanmeld, met 'n geweer, ammunisie, perd, saal, toom en proviand. Onder hierdie groep burgers was Piet van Vrede van Meyerskraal wat wagdiens by die Bethulie-brûe verrig het.²⁸⁷ Assistent-veldkornet N.J.C. Kruger het 'n verdere 27 burgers op hierdie datum in Wyk Grootrivier opgeroep wat om 10:00 by die landdroskantoor moes aanmeld. Voorts het assistent-veldkornet J.H. Coetzee van Bethuliedorp 'n volledige lys saamgestel van die soort goedere wat op 28 Desember 1899 van 11 Bethulie-inwoners opgekommandeer is. Hierdie goedere moes op 2 Januarie 1900 om 10:00 by die landdroskantoor inhandig word.²⁸⁸ Alhoewel dit die laaste opkommandering van burgers en goedere in die distrik was, blyk dit dat die opkommandering van goedere veral swaar op Bethulie-handelaars was: “The merchants here have been commandeered on three distinct occasions for foodstuffs, which are scarce.”²⁸⁹ Coetzee se lys van twee folio's bevat die name van Bethulie-handelaars, die burgers en die soort goedere wat opgekommandeer is. Dit wil voorkom of Bethulie hierna nie oor veel meer reserwes beskik het nie, soos blyk uit 'n telegram op 9 Januarie 1900 van landdros Wolhüter aan die goewermentsekretaris in Bloemfontein dat die laaste groep burgers en proviand uit Bethulie opgekommandeer is.²⁹⁰

2.6.4 Verdere gevegte te Dordrecht, Penhoek, Cyphergat en Schoemanskop

Ná die Slag van Stormberg, terwyl Gatacre nog besig was om 'n nuwe strategie te beplan, het Olivier die kans verspeel om die spoorlyn vanaf Oos-Londen verder suidwaarts na Queenstown te beskadig sodat Britse optrede verhinder kon word. Amery verwys na 'n gulde

²⁸⁵ Bosman, p. 33.

²⁸⁶ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 5.

²⁸⁷ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

²⁸⁸ *Ibid.*

²⁸⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily Post (Special football edition)*, 4.11.1899.

²⁹⁰ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

geleentheid waar die Boere nie van die kans gebruik gemaak het om hul sukses op te volg nie.²⁹¹ Tereg verwys Wessels na die feit dat die Britte na “Black Week” slegs taktiese terugslae beleef het, maar weens die Boererepublieke se gebrek aan inisiatief om hulle suksesse ná die oorwinnings by Stormberg, Magersfontein en Colenso op te volg, kon die Boere nie daarop roem dat hulle die Britse strategies verslaan het nie.²⁹²

Hoofkommandant Olivier het ná die oorwinning by Stormberg eerder in Januarie en Februarie 1900 sy tyd bestee deur nog meer Kolonialers in die Noordoos-Kaapkolonie op te kommandeer sodat die rebellemag in Februarie 1900 tot 1 700 rebelle toegeneem het. Deur hierdie geleentheid te benut en die Kaapkolonie dieper binne te val, kon die Britse krygsplan ontwrig word.²⁹³ Burger McDonald verwys na die demoraliserende uitwerking wat die “stil lê en op die vyand wag” op Bethulie- en medeburgers gehad het en dat dit een van die grootste flaters van die oorlog was.²⁹⁴ Pretorius skryf hierdie versigtigheid toe aan die feit dat die Boere, weens hul klein getalle, tradisioneel eerder hul vyand beleër het in plaas daarvan om hulle openlik tot ’n veldslag op ’n oop ruimte uit te daag, omrede hulle groot ongevallen van hul klein leërmag wou verhoed. Hy meld voorts dat die Boere ná hul oorwinnings van “Black Week” nie enige inisiatief geneem het om die Britse terugslag tot hul eie militêre voordeel te benut nie, soos byvoorbeeld die vernietiging van die spoorstelsel in die Noordoos-Kaapkolonie.²⁹⁵ Breytenbach meld dat die kans om Gatacre se mag te verslaan, die spoorlyn na die kus te verniel en hierna op luitenant-generaal J.D.P. French se regterflank ’n aanval te loods, finaal daarmee heen was.²⁹⁶

In afwagting op ’n hernude grootskaalse Britse aanslag, is besluit om nie die Bethulie-kommando na Colesberg te stuur nie, maar eerder saam met die rebelle by Rooikop stelling in te neem.²⁹⁷ Voorts is die twee gebuite Armstrong-kanonne by die Bethulie-laer opgestel en die twee Krupp-kanonne by die Rouxville-kommando, terwyl die Smithfield-kommando wat Rooikop, die belangrikste sleutel suidwes van Bethulie-kommando beset het, sonder enige grofgeskut was.²⁹⁸ Hoofkommandant Olivier het net ná sy inval in die Noordoos-Kaapkolonie

²⁹¹ Amery (red.), 2, p. 382.

²⁹² A. Wessels, “An assessment of the British military strategy during the Anglo-Boer War up to ‘Black Week’, December 1899”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, p. 11.

²⁹³ Breytenbach, 4, p. 452; Amery (red.), 2, pp. 78.

²⁹⁴ McDonald, *n Terugblik* ..., p. 20.

²⁹⁵ F. Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: An overview”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 30(2), 2000, pp. 112, 114.

²⁹⁶ Breytenbach, 4, p. 2.

²⁹⁷ NASA, Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), A787, 81: Preller-versameling – Kommando-geskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 2.

²⁹⁸ Breytenbach, 4, pp. 452, 454.

en in weerwil van president Steyn se besettingsproklamasie, verskeie dorpe soos Aliwal-Noord en Dordrecht (2 Desember 1899), as Vrystaatse grondgebied geannekseer, wat dit weens Britse bewegings in die omgewing 'n uitdaging gemaak het om republikeinse gesag in hierdie nuut-geproklameerde gebiede te handhaaf.²⁹⁹

Vanaf Britse kant het generaal Gatacre besef dat swak verkenning en gebrekkige kaarte die grootste redes vir sy nederlaag by Stormberg was en het hy vanaf 10 Desember 1899 omsigtig met enige militêre optredes te werk gegaan.³⁰⁰ Gatacre het egter meer dikwels verkenningspatrollies uitgestuur en het vir hierdie doel veral staatgemaak op die 21st Lancers se Montmorency Scouts, onder bevel van kaptein Raymond Harvey Lodge Joseph de Montmorency, oudste seun van burggraaf Frankfort de Montmorency.³⁰¹ Hierdie eenheid wat De Montmorency uit die Noordoos-Kaapkolonie op die been gebring het, het uit ongeveer 100 manskappe bestaan.³⁰² As ontvanger van 'n Victoria Cross,³⁰³ die British Egypt Medal³⁰⁴ en die Khedive's Star³⁰⁵ wat hy vir dapperheid by Omdoerman³⁰⁶ in die Soedan ontvang het, was De Montmorency 'n nasionale held in die oë van die Britse publiek en was hy onder die burgers as 'n waaghals en gedugte teenstander bekend.³⁰⁷

Met Gatacre se toestemming het De Montmorency op 23 Desember 1899 'n aanval op Dordrecht geloods en kommandant Danie Schoeman en sy rebellemag wat hulle in daardie stadium daar bevind het, na die buitewyke van die dorp verjaag. Met die hulp van kolonel E.H. Dalgety se 240 soldate wat by De Montmorency se mag aangesluit het, het hy Dordrecht beset en die Union Jack gehys. G.D. de Wet, Vrystaatse landdros van Dordrecht, het hulp vanaf Olivier aangevra, waarna 300 rebelle onder bevel van 'n Vrystaatse kommandant, Frans van Aardt, op 26 Desember 1899 met 'n Krupp-kanon na Dordrecht gestuur is.³⁰⁸ 'n Verdere mag van 120 burgers is volgens Griesel onder waarnemende kommandant Pieter Grobler van Kroonpost, Bethulie, na Dordrecht gestuur. Die Vrystaatse kommandowet het, volgens Breytenbach, vir die amp van provisionele kommandant of veldkornet voorsiening gemaak in

²⁹⁹ Breytenbach, 1, pp. 450, 452, 457; Botha, p. 161.

³⁰⁰ Creswicke, 2, p. 167; Breytenbach, 2, p. 202; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 549.

³⁰¹ Amery (red.), 3, p. 119; Meintjes, *Molteno ...*, p. 55.

³⁰² G. Tylden, *The armed forces of South Africa: With an appendix on the commandos*, p. 115.

³⁰³ Die hoogste Britse militêre orde wat toegeken word vir dapperheid tydens vyandelikhede.

³⁰⁴ 'n Medalje toegeken deur die Britse militêre owerheid aan sy soldate en matrose wat in 1884-1889 betrokke was by die Anglo-Egiptiese konflik asook die oorlog in die Soedan.

³⁰⁵ 'n Militêre medalje wat deur Khedive Tewfik Pasha, heerser van Egipte, ingestel is vir Britse soldate wat in 1882-1891 by vyandelikhede in Egipte en die Soedan betrokke was.

³⁰⁶ 'n Veldslag wat op 2.9.1898 plaasgevind het waartydens die Mahdiste van die Soedan deur 'n Britse mag onder bevel van generaal-majoor H.H. Kitchener verslaan is.

³⁰⁷ *Black and White Budget* 2(22), 10.3.1900, p. 3.

³⁰⁸ Breytenbach, 4, p. 452; Botha, pp. 169-171.

geval waar 'n kommandant of veldkornet nie beskikbaar was nie of buite aksie gestel is. Dit is nie duidelik presies wanneer Grobler in hierdie posisie aangestel is of wanneer hierdie mag na Dordrecht vertrek het nie.³⁰⁹

Volgens Griesel het Grobler se mag van 100 burgers uit 'n aantal burgers van die Bethulie-kommando bestaan, aangesien hy na lede soos veldkornet P.J.V. Vilonel en burger J.J. Tromp verwys.³¹⁰ Voorts het Bethulie-burgers, Jacobus Hermanus Grobbelaar, Barend Jacobus Engelbrecht en G.A. Schoombie, asook waarnemende kommandant P. Grobbelaar, in hul latere medalje-aansoeke verwys na hul betrokkenheid by Dordrecht.³¹¹ Kommandant Du Plooy en die res van die Bethulie-kommando het by Stormberg vertoef. Op pad na Dordrecht het Grobler te hore gekom van 'n klein Britse mag wat hulself by Penhoek bevind het, waarna hy besluit het om hierdie mag van een van die nabygeleë hoogtes aan te val. Hierdie eenheid, die Brabant's Horse, wat uit 'n groep berede soldate bestaan het, het 'n teenaanval geloods en verwarring onder Grobler se kommando veroorsaak en die kommando paniekerig laat terugval, veral nadat verkeerdelik berig is dat Grobler in die been gewond is. Griesel meld: "ons het nie gegaan om weg te veg nie, maar om Dordrecht hulp te verleen en ons reis voortgesit".³¹² Met hul aankoms by Dordrecht is hulle onder die bevel van kommandant Van Aardt en kommandant Schoeman van Dordrecht geplaas.³¹³

Op 3 Januarie 1900 is Dordrecht weer deur die Boere, waaronder heelwat Bethulie-burgers, beset. Griesel is vaag oor hul verdere betrokkenheid by Dordrecht, maar noem wel dat die dorp bewaak is en dat lede van die Bethulie-kommando hiermee gemoeid was. Voorts verwys hy na 'n groot reënstorm en gepaardgaande koue en dat hulle vir bykans drie weke op Dordrecht vertoef het alvorens hulle na Stormberg teruggeroep is ter voorbereiding van 'n verwagte aanval. Dit was nadat die Boeremag by Dordrecht verneem het van Gatacre se mag wat met vars troepe versterk is en van 'n beplande aanslag op al die Boereposisies, waaronder Dordrecht.³¹⁴

³⁰⁹ Griesel, p. 21; Breytenbach, 1, p. 40; Sien in die verband ook P.M. Grobbelaar, *Die vroeë geslagte Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie in die Suidoos-Vrystaat 1861-1939* (Ph.D.), p. 174.

³¹⁰ Griesel, p. 22.

³¹¹ SANWA, 170/11/8753: Medalje-aansoek van Pieter Grobbelaar, 12.4.1921; SANWA, 186/11/5723: Medalje-aansoek van Jacobus Hermanus Grobbelaar, 12.9.1921; SANWA, 431/1/1706: Medalje-aansoek van Gileam A. Schoombie, 26.11.1941; SANWA, 207/1/4960: Medalje-aansoek van Barend Jacobus Engelbrecht, 10.9.1953.

³¹² Griesel, p. 22.

³¹³ *Ibid.*

³¹⁴ *Ibid.*, pp. 21-22.

Na aanleiding van 'n dringende versoek om verdere versterkings na Dordrecht te stuur, wou Olivier homself eerstehands vergewis van die Britse stellings suidooswaarts vanaf Stormberg en die beweerde magsopbou na die aankoms van ongeveer 6 500 Britse manskappe, en het hy dus 'n verkenningstog onderneem.³¹⁵ Kommandante Floris du Plooy, Lucas P. Steenekamp, Pienaar en waarnemende kommandant Davel en 1 000 burgers met twee kanonne het deel gevorm van Olivier se mag. Op Dinsdag 2 Januarie 1900 is 'n verkenningstog suidooswaarts na Boesmanshoek onderneem, waarna hierdie mag hulle mettertyd naby Molteno op Loperberg duskant Cyphergat-stasie, bevind het.³¹⁶ Met die aankoms van 'n Britse pantsertrein by Cyphergat, het 'n geveg uitgebreek sodat wedersydse kanon- en geweervuur gevolg het deur onder meer lede van die Bethulie-kommando, waarna die Cape Police onder majoor J.N. Neylan, die Cape Mounted Rifles en die Kaffrarian Rifles opgedaag het. Die Britte het vanuit die omgewing van 'n nabygeleë steenkoolmyn op die burgers gevuur. Alhoewel een perd van die kommando's gekwes is, kon die burgers daarin slaag om vyf perde met saals en tooms te buit.³¹⁷ 'n Burger van Bethulie beskryf hoe hy en ongeveer 100 burgers tydens hierdie skermutseling die Britte by Cyphergat bestorm het en van agter die hutte van swart mense op die Britte gevuur het, sodat die Britte na 'n paar nabygeleë koppies moes terugval waar hulle verbete deur die burgers bestook is. Uiteindelik het die burgers die aftog geblaas en met die wegjaag het Griesel vir Abraham du Plessis van die plaas Wintershoek, Bethulie, gewaar wat nie sy perd kon bestyg nie en het hy omgedraai om hom te help.³¹⁸ Ten spyte van 'n hewige skermutseling was daar aan beide kante geen ongevalle nie.³¹⁹ Holm som Olivier se ekspedisie op met: "without achieving anything, we headed back to the laager."³²⁰

Olivier het die element van verrassing in die Noordoos-Kaapkolonie verloor en dus besluit om sy mag te konsolideer deur die res van die Vrystaters vanaf Dordrecht te onttrek en gereed te maak vir die volgende Britse aanslag. Ongelukkigheid met die republikeinse krygsleiding het intussen geleidelik onder die rebelle begin posvat. So is die verdediging van Dordrecht aan kommandant Danie Schoeman en sy 840 rebelle oorgelaat, 'n stap wat die rebelle tot die besef laat kom het dat die Vrystaters meer begaan was oor hul eie staat duskant die Oranjerivier, as die nuut geproklameerde distrikte.³²¹ Die rebelle was verder ongelukkig oor die weiering deur waarnemende hoofkommandant Floris du Plooy³²² om Steynsburg teen

³¹⁵ Breytenbach, 4, p. 452.

³¹⁶ *Ibid.*, p. 4; Creswicke, 3, p. 49.

³¹⁷ Amery (red.), 2, p. 120; Botha, pp. 174-175; Creswicke, 3, p. 49.

³¹⁸ Griesel, pp. 18-19.

³¹⁹ OM, 3153/5: Informatie Kommissie, 1899; Breytenbach, 4, p. 4.

³²⁰ Thurngood, p. 7.

³²¹ Breytenbach, 4, p. 452.

³²² Du Plooy het vir 'n wyle as hoofkommandant waargeneem toe Olivier die omliggende distrikte besoek het.

einde Januarie 1900 te beset. Die rebelle het gehoop dat sodanige stap beskerming aan die Steynsburg-rebelle in die Stormberg-laer sou verleen, aangesien hulle ingevolge die besettingsproklamasie hiertoe gedwing sou wees en hulself hierop kon beroep as hulle deur die Britte gevang sou word. Ander aspekte wat tot ontevredenheid gelei het, was die uitreiking van verouderde Martini Henry-gewere aan rebelle, asook die feit dat Vrystaters in tente gehuisves was terwyl rebelle buite moes slaap. Verder is geen suiker en koffie by die rebelle se rantsoene ingesluit nie en ná 'n groot gekibbel met die hoofproviandbeampte wat sy rantsoenstore by Bethulie gehad het, is 'n sak koffie aan die rebelle geleen. Teen hierdie agtergrond en met die kennis van die aankoms op 10 Januarie 1900 van Britse versterkings en 'n nuwe Britse bevelvoerder, te wete veldmaarskalk lord Roberts, was die rebelle nie meer met dieselfde ywer as die Vrystaters besiel nie.³²³

Gatacre het intussen op 23 Februarie 1900 'n mag van 4 000 soldate met agt kanonne opgestel om die Boere tot 'n geveg uit te lok en met die doel om die sterkte en posisies van Olivier se mag te bepaal. Danksy 'n swart spioen wat in hul hande geval het, was Olivier en sy krygsraad bewus van Gatacre se beplande aanval en kon dus daarop voorberei. Deel van Olivier se strategie was om op S.J. Schoeman se plaas Onverwacht naby Molteno, met 800 burgers en drie kanonne stelling in te neem, waar die Bethulie-kommando, saam met die res van die burgers, Gatacre se aanval afgewag het.³²⁴ Volgens 'n Bethulie-burger het hulle om 09:00 die oggend kennis gekry van die Britse opmars, waarna kommandant Du Plooy met ongeveer 120 burgers na 'n uitkykpunt gejaag het en die Britte wat in die rigting van 'n ander koppie beweeg het, bespied het. Die geveg het begin met 'n stormloop op die Boere se linker- en regterflanke. Die Britte se aanval op die linkerflank het volgens plan verloop, maar sake op die regterflank het skeef geloop. Beide Boer en Brit het besef dat 'n nabygeleë kop, bekend as Schoemanskop, 'n belangrike stelling was, waarna kaptein De Montmorency en sy verkenner gepoog het om dit te beset. Bosman onthou dat kommandant Du Plooy die Britte se taktiek in 'n oogwink gesnap het, na 'n klein koppie gewys het en geskree het “storm burgers” en met 'n groep Bethulie-burgers en enkele rebelle, gelyktydig met die Britte op Schoemanskop afgestorm het, waarna 'n geveg tussen die Montmorency Scouts en Du Plooy se mag uitgebreek het.³²⁵

Dennis McDonald onthou dat hy, voor hierdie aanval, deur Du Plooy gestuur is om die Krupp-kanon te laat haal en nadat die kanon uiteindelik opgedaag het, gesien het dat Du

³²³ Breytenbach, 4, pp. 452-453, 457.

³²⁴ Botha, pp. 206-208; Breytenbach, 4, p. 457; Amery (red.), 3, p. 490.

³²⁵ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 4; Bosman, p. 42.

Plooy en sy burgers die koppie beset het en in 'n geveg gewikkel was. Onder Du Plooy se burgers was Thomas en Dennis McDonald, broers van prop. R.D. McDonald, asook burgers Jan Lessing en P. Combrink, wat beide met Martini Henry-gewere bewapen was en as dodelike skuts agt Britte kopskote toegedien het.³²⁶ Die dapper, maar roekelose De Montmorency was een van die eerste ongevallen wat weens die Bethulie-burgers se akkurate geweervuur gesneuwel het. Die res van die Montmorency Scouts is deur die Bethulie-kommando vasgepen, maar hulle kon danksy 'n swaar donderstorm daarin slaag om na die voet van die kop terug te val waar hulle hergroepeer het en 'n flankaanval op Du Plooy se burgers geloods het. Danksy kommandant Swanepoel en sy kommando wat Du Plooy te hulp gesnel het, was die Britse mag verplig om terug te val.³²⁷

Tydens die aanval, wat McDonald as hewig beskryf, is kommandant Du Plooy in die skouer gewond (Breytenbach verwys verkeerdelik na kommandant Swanepoel) en burger H.J.B. Smit is lig gewond.³²⁸ Die dood van die 31-jarige Jan Hendrik Viljoen van Uitkomst, Wyk Bosjespruit, het menige Bethulie-burger persoonlik geraak. Ds. Becker verwys soos volg na sy dood: “Die dood van Hendrik Viljoen was vir sy ouers natuurlik een sware slag. Sy lyk is na Bethulie vervoer en daar ter aarde bestel onder een algemene vloed van tranes want hy was nog jonk, in die bloei van sy lewe en algemeen bekend en uit diep medelye met sy bedroefde ouers.”³²⁹ Dit is ironies dat Viljoen aangesê is om ds. Becker op Stormberg-stasie te gaan ontmoet, maar dat hy 'n ander burger versoek het om in sy plek te gaan en gekies het om eerder aan die geveg deel te neem.³³⁰ Nadat Du Plooy vir herstelverlof na Bethulie vertrek het, is veldkornet Frans Vilonel as kommandant van die Bethulie-kommando aangewys.³³¹ Die medalje-aansoeke van lede van die Bethulie-kommando bevestig die kommando se betrokkenheid by die geveg te Schoemanskop.³³² Drie Boere het tydens die geveg gesneuwel en sewe Boere is gewond, insluitend Du Plooy. Olivier verwys na ongeveer 88 Britse ongevallen, meestal verwondings, en die dood van offisiere soos luitenant-kolonel F.L. Hoskier van die Brabant's Horse, en kaptein De Montmorency; en minstens vyf krygsgevangenes, almal

³²⁶ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 18.

³²⁷ Grobbelaar, p. 132; Bosman, p. 43; OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 1.

³²⁸ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 18; Breytenbach, 4, p. 457; ANM, 6980: Herinneringe en ondervindinge in die jare 1899-1903 deur Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie, 1955.

³²⁹ Venter, p. 170.

³³⁰ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 18.

³³¹ Bosman, pp. 43, 45.

³³² SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers.

van die Montmorency Scouts.³³³ Hierna het sake vir die Bethulie-kommando en die res van die burgers en rebelle by Stormberg 'n nuwe wending geneem vanweë verwickelinge aan die Vrystaatse wesfront wat 'n nuwe verloop aan die oorlog gegee het.

In die geskiedenisannale van die Bethulie-kommando was die Slag van Stormberg hierdie kommando se roemrykste oorwinning tydens die Anglo-Boereoorlog. Die huiwerige optrede deur die republikeinse krygsleiding by Stormberg het daartoe gelei dat 'n gulde geleentheid verspeel is, wat die uitkoms van die krygsverloop in die Noordoos-Kaapkolonie kon beïnvloed het aangesien die Britse strategie slegs tydelik gestuit maar nie verydel was nie. Stormberg was die laaste geleentheid wat die Bethulie-kommando onder leiding van Olivier gehad het om die Britse krygsplan omver te werp. Voorts het die versaking van die rebelle swaar op burgers se gemoedere gedruk, aangesien hierdie rebelle, wat alles vir die republikeinse saak opgeoffer het, weerloos gelaat is teen Britse vergelding. Uit Britse nederlae soos Stormberg as deel van "Black Week", is 'n nuwe Britse strategie gebore wat 'n nuwe en gunstige wending in die krygsverloop vir die Britte verseker het, terwyl die Boererepublieke hierna die militêre inisiatief verloor het.³³⁴

2.7 DIE TERUGTOG NA DIE VRYSTAAT

2.7.1 Stormberg word ontruim

Nadat generaal Piet Cronjé en sy mag van bykans 4 000 burgers op 27 Februarie 1900 by Paardeberg aan lord Roberts oorgegee het, het die republikeinse krygsmagte in die Noordoos-Kaapkolonie haastig begin gereed maak vir die terugtog na eie bodem. Dit is gevolg deur 'n opdrag van president M.T. Steyn op 1 Maart 1900 dat alle Vrystaatse magte in die Noordoos-Kaapkolonie (suidfront) na die Vrystaat moes terugval, aangesien die Britse opmars onder lord Roberts na Bloemfontein in aanvang geneem het en die vrees bestaan het dat die kommando's op die suidfront van die res van die Boere-krygsmag afgesny kon word. Die opdrag is voorafgegaan deur verskeie skermutselings in die Noordoos-Kaapkolonie tussen eenhede van Gatacre se magte en die rebelle by Dordrecht, waarna kommandant Schoeman en sy Kaapse rebelle die taak opgelê is om die agterhoede van hoofkommandant Olivier se terugvallende kommando's te dek.³³⁵ Vir die gewapende rebelle wat nog in die Kaapkolonie was, het dit duidelik geword dat hulle aan hul eie lot oorgelaat was en hul enigste doel was

³³³ Breytenbach, 4, p. 457; Amery (red.), 3, p. 490; Maurice (red.), 2, p. 247.

³³⁴ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 587.

³³⁵ Breytenbach, 4, p. 458.

om die Britse oormag terug te hou ten einde Olivier die geleentheid te bied om terug te trek. Dat die terugval van die Vrystaters 'n skok en ontnugtering vir die rebelle was, blyk uit McDonald se woorde dat die rebelle so iets nooit verwag het nie en dat “die posisie waarin die Kolonialer homself bevind het, was onbenydenswaardig”.³³⁶ In totaal is ongeveer 12 800 Kaapse rebelle gedurende en ná die oorlog op aanklag van hoogverraad voor die hof gedaag, waarvan ongeveer 9 700 skuldig bevind is.³³⁷ Die ontruiming van Stormberg en die terugtog van Olivier se kommando's is hierna deur paniek en oorhaastigheid gekenmerk. Die Bethulie-kommando, wat by geen verdere noemenswaardige gevegte in die Noordoos-Kaapkolonie betrokke was nie, se enigste doelwit hierna was om die veiligheid van die Oranjerivier te bereik en die Britte daar te probeer keer deur die twee brûe te vernietig.³³⁸

Die voorbereidings vir die terugtog van Olivier se mag het op 3 Maart 1900 in groot haas en erns begin en teen laatmiddag op 5 Maart 1900 was die stellings by Stormberg reeds ontruim.³³⁹ 'n Versigtige Gatacre, wat deur verkenners en spioene van Olivier se bewegings op hoogte gehou is, het op 5 Maart 1900 sy eenhede opdrag gegee om hierdie belangrike sleutelpunt te beset.³⁴⁰ Olivier se konvooi, wat die Bethulie-kommando ingesluit het, het haastig in die rigting van Burgersdorp beweeg, veral nadat daar berig is dat Gatacre op hul hakke was, maar wat later geblyk het slegs 'n verkenningmag te wees wat uit die Montmorency Scouts en Cape Police bestaan het. Volgens Breytenbach het Olivier Burgersdorp nog op dieselfde dag (5 Maart 1900) bereik, maar hierdie datum strook nie met Griesel of Amery se datums nie.³⁴¹ Gegewe die vertrekdatum vanaf Stormberg (5 Maart 1900) en die distansie na Burgersdorp, blyk dit eerder 6 Maart 1900 te wees. Griesel beskryf hoe hulle op 7 Maart 1900 teen ongeveer 02:00 die oggend onder dreunsang deur die donker strate van Burgersdorp gevlug het: “O Engeland roem gerus al op jou grootte mag, ons is vir jou nie bang, ook nie 'n enkele dag. By jou is broodsgebrek en somtyds hongersnood, by ons is geld genoeg, en al wat werk, het brood.”³⁴² Sydney Holm vertel dat hy, as sekretaris van die krygsraad, saam met kommandant J.F. Potgieter en veldkornet Wessels, deur president

³³⁶ McDonald, *in Terugblik ...*, p. 21.

³³⁷ Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: ...”, p. 122.

³³⁸ McDonald, *in Terugblik ...*, pp. 21-22.

³³⁹ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 2.

³⁴⁰ Amery (red.), 3, p. 491.

³⁴¹ Breytenbach, 5, p. 132; Griesel, p. 23; Amery (red.), 3, p. 491.

³⁴² Griesel, p. 23.

Steyn na Bloemfontein ontbied is. Met hul terugkeer het hulle op Olivier se kommando's afgekom wat in groot haas in Burgersdorp se rigting beweeg het.³⁴³

Die Bethulie- en Smithfield-kommando's wat saam met Olivier langs die spoorlyn teruggeval het, het naby Burgersdorp van die hoofmag weggebreek en verder met die spoorlyn beweeg. Op 8 Maart 1900 was die kommando's weer terug op Vrystaatse bodem en het hulle ten noorde van Bethulie-dorp kamp opgeslaan.³⁴⁴ Dít word deur Breytenbach bevestig, wat verklaar dat die Bethulie- en Smithfield-kommando's van die hoofmag geskei het en met die spoorlyn na Bethulie beweeg het, maar hy beweer verkeerdelik dat die kommando's eers op 10 Maart 1900 by Bethulie aangekom het, dus dieselfde dag as wat die Bethulie-spoorbrug opgeblaas is. Gegewe die relatiewe kort distansie vanaf Burgersdorp na Bethulie (85 km), is dit onwaarskynlik dat dit die Bethulie- en Smithfield-kommando's vyf dae sou neem om Bethulie te bereik, veral nie met Britse eenhede kort op hul hakke nie.³⁴⁵ Sydney Holm vertel dat die kommando's by Burgersdorp bewus geword het van 'n groot Britse leërmag wat vanaf Colesberg in aantog was, en dat daar inderhaas besluit is om 300 Bethulie-burgers vooruit te stuur om die Bethulie-brûe te beset om te verhoed dat hulle afgesny word.³⁴⁶ Met die aankoms op Bethulie is daar dadelik oorgegaan om 'n wag van 16 man sterk by die wa- en spoorbrug te plaas.³⁴⁷

Simon du Plooy beskryf voorts dat die terugtog uit die Noordoos-Kaapkolonie, op bevel van die krygsraad, onverwags was en dat hierdie besluit die rebelle en simpatiseerders hierna aan talle gevare blootgestel het. 'n Aantal rebelle wat saam met die Bethulie- en Smithfield-kommando's na die Vrystaat teruggeval het, was daarvan bewus dat hulle op aanklag van hoogverraad teenoor Haar Majesteit, koningin Victoria, tereggestel kon word. Sommige rebelle en selfs hul families het uit vrees vir Britse vergelding, besluit om saam met die kommando's na die Vrystaat en van daar na die ZAR uit te wyk waar hierdie groep van ongeveer 2 000 mense uit die Kaapkolonie, op 5 April 1900 in Pretoria aangekom het. Met die besetting van Pretoria deur lord Roberts op 5 Junie 1900, het hierdie groep verder in die rigting van die Portugese Mosambiek-grens beweeg, waar hulle op 1 September 1900

³⁴³ Thurngood, p. 7.

³⁴⁴ McDonald, *in Terugblik ...*, p. 21; Griesel, p. 23.

³⁴⁵ Breytenbach, 5, pp. 133-134.

³⁴⁶ Thurngood, p. 6.

³⁴⁷ Griesel, p. 23.

amptelik toestemming gekry het om die grens oor te steek, en het hierna as geïnterneerdes in Portugal opgeëindig.³⁴⁸

In 'n poging om nie van hoogverraad aangekla te word nie, het enkele rebelle wat hulself aan die Britte oorgegee het, probeer om die Britse owerhede te mislei deur die Bethulie-distrik as adres op te gee.³⁴⁹ Bosman vertel dat hy en ander rebelle kort ná hul aankoms by Bethulie deur veldkornet Frans Vilonel ontbied is, waarna Vilonel die rebelle vir oulaas herinner het aan die gevolge van hul keuse om die stryd aan Boerekant voort te sit. Sy woorde aan hulle was: “Onthou, julle is gedoemdes – daar wag vir julle net een straf, die dood voor 'n vuurpeleton.”³⁵⁰ Dit blyk dat 'n groot aantal rebelle hulle onder kommandant Steenkamp in die laer by Bethulie bevind het, aangesien Bosman na hulself verwys as die “strydmag van gedoemdes” en meld dat hulle deel van die kommando geword het. Bosman se weergawe word bevestig omrede 19 rebelle met familiebetrekkinge in die Bethulie-distrik, by die Bethulie-kommando ingelyf is.³⁵¹ Dit blyk dat, te midde van die geskarrel, die burgers in die Bethulie-laer deeglik bewus was van 'n Britse mag wat na die brûe in aantog was, maar in afwagting hiervan, tog geen daadwerklike poging aangewend het om 'n sterker wag by die brûe te plaas nie. Geen grootskaalse verdedigingstrukture is aangebring nie, maar daar is wel begin om die twee brûe vir vernietiging gereed te kry.³⁵²

2.7.2 Bethulie-spoorbrug word vernietig

Met al die Suid-Vrystaatse kommando's teen 9 Maart 1900 terug op eie bodem, is daar op instruksie van president Steyn begin om die twee Bethulie-brûe, asook die Norvalspont- en Colesberg-brug, vir inploffing voor te berei. Die Boererepublieke was van oordeel dat sodanige stap 'n Britse inval op Suid-Vrystaatse bodem sou vertraag. Ten einde aan hierdie besluit uitvoering te gee, het Steyn hom op kundiges in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM) verlaat, wat reeds verskeie brûe in Natal vernietig het.³⁵³ Hierdie projekte is vanuit Johannesburg bedryf deur A.G.A. van Eelde, 'n Nederlandse ingenieur wat vanaf 1888 tot 1892 in diens van die NZASM was, en hierna as siviele ingenieur 'n eie praktyk geopen het. Hy het ook die amp van Nederlandse visekonsul

³⁴⁸ ANM, 6980: Herinneringe en ondervindinge in de jaren 1899-1903 door Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie, 1955; O.J.O. Ferreira, *Viva os Boers*, p. 24; Breytenbach, 5, p. 139.

³⁴⁹ ANM, 6980: Herinneringe en ondervindinge in de jaren 1899-1903 door Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie, 1955.

³⁵⁰ Bosman, p. 48.

³⁵¹ *Ibid.*, pp. 47-48.

³⁵² Griesel, p. 23.

³⁵³ Thurngood, p. 8; Amery (red.), 2, p. 83.

beklee.³⁵⁴ Amery verleen erkenning aan die NZASM se waardevolle diens aan die Boererepublieke deur te meld dat die Nederlandse ingenieurs en kundiges “was to the Boer army what Woolwich and the Royal Engineers are to the British”.³⁵⁵ In sy soeke na bekwame persone vir hierdie taak, het Van Eelde gebruik gemaak van ’n aantal NZASM-werknemers wat voorheen in diens was van die Nederlandse leër se geniekorps en dus met plofstof vertrouwd was. Hy het uit hierdie groep persone ’n paar klein demolisie-eenhede saamgestel wat op die onderskeie fronte ontplooi is.³⁵⁶ Van Eelde het reeds so vroeg as Januarie 1900, in opdrag van die twee Boererepublieke begin om as voorkomende maatreël, maar op beperkte skaal, kleiner spoor- en brug-installasies in verowerde gebiede in Natal en die Kaapkolonie te vernietig. Die werk het veral toegeneem met die Britse opmars en die gevolglike grootskaalse vernietiging van “bruggen, duikers, locomotieven en baanvakken”.³⁵⁷

Die opdrag vir die voorbereiding van die inploffing van die brûe te Colesberg, Norvalspont en Bethulie is gegee nadat Olivier sy opdrag ontvang het om na die Vrystaat terug te val. Gatacre het op 11 Maart 1900 aan Roberts getelegrafeer dat die brûe by Norvalspont en Donkerpoort op 8 Maart 1900 deur die Boere opgeblaas is. Sy inligting was egter nie korrek nie, omrede die Norvalspont-brug van 584 m reeds op Dinsdag 6 Maart 1900 om 02:30 deur ingenieur J. Lutger van die NZASM opgeblaas is (’n datum wat deur Amery bevestig is) en die Colesberg-wabrug op Donderdag, 8 Maart 1900 om 07:50.³⁵⁸ Die ingenieurs het deeglike werk verrig, aangesien selfs die Royal Engineers wat deel was van generaal-majoor R.A.P. Clements se troepemag wat in die rigting van Norvalspont opgeruk het, erken het dat die brug by Norvalspont baie lank sou neem om te herstel. Volgens Holm het Steyn hierna opdrag gegee dat die Bethulie-spoorbrug vernietig moes word, maar dat daar eers met die inploffing van die wabrug gewag moes word.³⁵⁹

Die inploffings van die Norvalspont- en Bethulie-brûe is goed gedokumenteer. Van Eelde verwys soos volg na die opdrag om die brûe te vernietig: “[D]e Boerenleiding gaf dus onder andere opdracht tot het opblazen van de grote spoorbruggen over de Oranjerivier bij

³⁵⁴ R.C. de Jong, “Vondsten uit het NZAV-archief – spoorbrug half vijf gesprongen”, *Zuid-Afrika*, November-Desember 1983, pp. 154-155; R.C. de Jong *et al.*, *The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*, pp. 231-233.

³⁵⁵ Amery (red.), 2, p. 83.

³⁵⁶ De Jong, *The buildings ...*, p. 231.

³⁵⁷ De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155.

³⁵⁸ Amery (red.), 3, p. 592; De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155; C.J.F. Botha, *Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (M.A.), p. 213

³⁵⁹ Thurngood, p. 8.

Norvalspont en Bethulie.”³⁶⁰ Die voorbereiding vir die inploffing van die Norvalspont- en Bethulie-brûe het onder toesig van die NZASM se hoofopsigter, J.A. Smerk, plaasgevind, maar die uitvoering hiervan is deur J. Lugter, met die hulp van die twee here, M. Erlee en K. Mompers, behartig. Gedurende hierdie tyd het hulle in ’n salonwa by die Bethulie-stasie tuisgegaan en die opdrag is vanuit twee salonwaens wat naby die Bethulie-spoorbrug geparkeer was, uitgevoer.³⁶¹ Breytenbach beweer verkeerdelik dat Van Eelde self tydens die vernietiging teenwoordig was aangesien laasgenoemde slegs die proses vanuit sy kantoor in Johannesburg bestuur het, maar hy is wel by wyse van telegramme vanaf sy demolisiespanne, op hoogte van sake gehou.³⁶²

Die konstruksie van die Norvalspont- en Bethulie-spoorbrûe was van so ’n aard dat ladinge op voorafbepaalde plekke by elke brug aangebring kon word. Beide hierdie brûe was saamgestel uit verskillende seksies, bekend as spanne (spannings), wat elk 41 m lank was en 100 ton geweeg het. Elke spanning se sypaneel is aan die bokant, met behulp van vier koepelvormige staalboë, aanmekaar geheg, terwyl horisontale staalstutte die basis gevorm het waarop die sypaneel en raamwerk van elke spanning gerus het.³⁶³ Die ploffstof van vyf kilogram dinamiet per spanning, is hoofsaaklik op vier van hierdie spannings aan die Kaapkolonie se kant, asook op hul onderskeie staalboë aangebring. In totaal is bykans vier kiste met ongeveer 90 kg ploffstof hiervoor gebruik.³⁶⁴ (Sien Bylae 2.4: Bethulie-spoorbrug word vernietig.)

Op Saterdag 10 Maart 1900 om ongeveer 05:00 die oggend, is Bethulie deur ’n dowwe ontploffing geskud, nadat Smerk die ploffstof met behulp van ’n Siemens-Halske elektriese ontstekingstoestel geaktiveer het, wat vier spanne van die spoorbrug met ’n groot slag in die Oranjerivier laat tuimel het.³⁶⁵ Breytenbach beweer verkeerdelik dat die brug eers die aand van 10 Maart 1900 vernietig is.³⁶⁶ Holm beskryf baie oordrewe dat hy vroegoggend op 10 Maart 1900, uit nuuskierigheid, die inploffing wou gadeslaan en dat duisende stukke yster naby hom deur die lug gevlieg het.³⁶⁷ In ’n telegram later die dag aan Van Eelde verduidelik Smerk dat elk van die vier spannings in twee geknak het en dat die spanning by die landhoof aan die Kaapkolonie-kant van sy klipstut afgeruk is, wat beteken het dat vyf spannings

³⁶⁰ De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155.

³⁶¹ *Ibid.*

³⁶² Breytenbach, 5, p. 134; De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155.

³⁶³ Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (hierna SAS&H), Kantoor van die Hoofingenieur, lêer 19/4/75: Die Bethulie-brug oor die Oranjerivier, 1.4.1960.

³⁶⁴ De Jong, “Vondsten ...”, p. 154.

³⁶⁵ OM, Kopie-argief, Groep I: “Militair Tijdschrift no 4”, *De Ingenieur*, 14-21 Julie 1900, p. 89.

³⁶⁶ Breytenbach, 5, p. 134.

³⁶⁷ Thurngood, p. 8.

inderwaarheid in die proses vernietig is. In teenstelling met die Norvalspont-brug, is die staalpilare van hierdie brug nie beskadig nie.³⁶⁸ Hierdie ontploffing is ook deur 'n Britse eenheid beskryf wat deur Gatacre as voorhoede vooruit gestuur is om juis te voorkom dat die twee brûe by Bethulie deur die burgers vernietig word.³⁶⁹

Die ZAR se oorlogskunstenaar, Frans Oerder, het 'n skets gemaak van 'n spoorbrug oor die Oranjerivier wat in Maart 1900 vernietig is. Onsekerheid het bestaan of dit die Bethulie- of Norvalspont-brug was. Die Norvalspont-spoorbrug se spannings is egter in die middel van die brug vernietig teenoor die Bethulie-spoorbrug wat aan die kant van die Kaapkolonie vernietig is. Aan die hand van foto's van die skade is dit dus duidelik dat Oerder se skets die beeld van die Bethulie-spoorbrug weergee.³⁷⁰ Verdere inligting oor die skade aan die Bethulie-spoorbrug is bekom uit die latere beskrywing van 'n Nederlandse amptenaar, wat eens deel was van president Kruger se amptenary, maar in Julie 1900 deur die Britte uit die ZAR gedeporteer is. Hy verwys na hul treinrit oor die Britte se tydelike spoorbrug by Bethulie en dat daar, benewens die skade aan die vyf spanne, selfs ligte skade aan die pylers (pilare) was, wat bestaan het uit staalpyppilare wat met 'n betonmengsel van gruissteen en kalk opgevol is. Volgens die amptenaar was die Bethulie-spoorbrug die mooiste van al die brûe op die roete na Oos-Londen.³⁷¹ Beskrywings en foto's toon dat die spoorbrug by Bethulie deur kundiges met dieselfde deeglikheid, soos in die geval van die Norvalspont-spoorbrug, vernietig is.³⁷²

Met die vernietiging van die Bethulie-brug is die spoorvervoerstelsel tussen die Suid-Vrystaat en die Kaapkolonie na etlike jare verbreek. Bethulie-inwoners het van 'n naderende stryd bewus geword nadat berigte ontvang is van 'n Britse mag wat vanaf Burgersdorp opgeruk het met die doel om die brûe by Bethulie te beset.³⁷³

2.7.3 Geveg by die Bethulie-wabrug

Benewens die Bethulie-spoorbrug is die Bethulie-wabrug vir vernietiging voorberei. Die struktuur van die wabrug het anders gelyk as dié van die spoorbrug en Sminck en sy span het derhalwe besluit om eerder gate in die staalpyppylers (pilare) te boor, waarna dit met

³⁶⁸ De Jong, "Vondsten ...", p. 154.

³⁶⁹ Maurice (red.), 1, p. 248.

³⁷⁰ Africana Museum (hierna AM), Johannesburg, Catalogue of pictures, 5: *Frans Oerder – bridge destroyed by the Boers 1900*, p. 40; OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 16-19.

³⁷¹ Penning, 1, p. 821.

³⁷² R. Danes, *Cassell's (illustrated) history of the Boer War 1899-1901* 1, p. 815.

³⁷³ Breytenbach, 5, p. 134.

dinamietladings gevul is; iets wat 'n tydsame proses was. Sminck en sy kollegas het opdrag ontvang om die voorbereiding vir die vernietiging van die brug te bespoedig, nadat waarnemende kommandant J.F. Potgieter van die Smithfield-kommando 'n telegram van president Steyn met hierdie instruksie aan hulle getoon het.³⁷⁴ Die afleiding is dat Steyn berig ontvang het dat Gatacre se voorhoede naby Bethulie gewaar is. Volgens Sminck was twee brugspannings, met hul pylers, gereed om vernietig te word en slegs die ontstekers moes gekoppel word, maar hoofkommandant E.R. Grobler wou, ten spyte van Steyn se opdrag, eers met kommandant Potgieter konsulteer alvorens daar toestemming verleen sou word om die ladings af te sit. Breytenbach meld die moontlikheid dat “die aanvoerder sy opdrag aangaande die vernietigingswerk wat uitgevoer moes word, glo nie reg begryp het nie”.³⁷⁵ Sminck, Erlee en Mampers was verplig om eers na die Bethulie-stasie terug te keer en hierdeur is waardevolle tyd verspeel.³⁷⁶

Griesel beskryf dat die burgers van die Bethulie-kommando op 10 Maart 1900 kennis geneem het van 'n Britse mag by die Bethulie-wabrug aan die Kaapkolonie se kant en dat die mag goeie stellings ingeneem het agter die plaashuis, kerkhof en kraalmure op die plaas Holmsgrove, wat aan weduwee Hulde Antonia Holm behoort het. Haar seuns, Sydney, Gustav en Henry, het hulle in daardie stadium as rebelle saam met die Bethulie-kommando ten noorde van die dorp bevind.³⁷⁷ Met die terugkeer vanaf Stormberg was die dissipline onder die Bethulie-burgers egter nie goed nie, soos blyk uit Griesel se verwysing na hul laksheid en die feit dat die meeste van die 16 burgers wat aangesê is om die wabrug te bewaak, reeds voor die aankoms van die Britse huiswaarts gekeer het. Slegs vyf of ses burgers het uiteindelik die brug vanuit 'n tydelike skans wat van 'n paar wolbale gebou is, bewaak.³⁷⁸ Die gevolgtrekking is dat die bevelstruktuur by die Bethulie-laer ten noorde van die dorp, nie oor die swak dissipline bekommerd was nie omrede geen stappe geneem is om die wag by die wabrug te versterk of te beheer nie.

Volgens Sminck het die Britse se voorhoede net ná die vernietiging van die spoorbrug op 10 Maart 1900 om ongeveer 06:00 opgedaag, maar hulle is deur die handvol burgers wat by die wabrug oorgebly het, teruggedryf nadat hulle dit té na aan die brug gewaag het. Op Sondag 11 Maart 1900 het die NZASM-amptenare vroegoggend na die brug teruggekeer waar hulle

³⁷⁴ J. Malan, *Die Boereoffisiere 1899-1902*, p. 116.

³⁷⁵ Breytenbach, 5, p. 134.

³⁷⁶ De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155.

³⁷⁷ Griesel, p. 23.

³⁷⁸ *Ibid.*

om ongeveer 07:00 'n brief van Grobler ontvang het wat hulle steeds belet het om die brug sonder sy skriftelike toestemming te vernietig. Grobler en die res van die offisiere het nog tot ongeveer 08:00 getalm, waarna die Bethulie-burgers en die NZASM-amptenare deur 'n verdere Britse mag, maar hierdie keer met artillerie, by die brug verras is. Vanweë die eerste kartetse se granaatsplinters wat naby hulle gebars het, was die burgers en amptenare verplig om in 'n loopgraaf asook 'n skans van wolbale te skuil. Die NZASM-amptenare kon eers teen ongeveer 14:00 daarin slaag om weg te kom, waarna hulle na die stasie terug gekeer het. Hier het die amptenare opdrag van kommandant Swanepoel en kommandant Potgieter ontvang om die brug die aand te vernietig, maar omrede dit volmaan was en die Britte 'n dodelike geweervuur op hulle gerig het, was hul weer eens verplig om onverrigtersake na die stasie terug te keer.³⁷⁹

Die handvol burgers wat die brug bewaak het, waaronder Piet van Vrede, het dit onder moeilike omstandighede gedoen en geen verdere versterkings kon gestuur word nie omrede die vlakte aan die Vrystaat-kant van die brug 'n oop terrein was wat enige sodanige pogings bemoeilik het. Die Britte was deeglik by die plaas Holmsgrove verskans en kon daarin slaag om met behulp van hul artillerie vanaf 'n strategiese koppie naby die brug, enige aanslag deur die burgers met min moeite terug te slaan. Die geveg wat uitgebreek het, was só hewig dat selfs die Bethulie-gemeente tydens 'n erediens in die NG Kerk op Sondag 11 Maart 1900 die bombardement en geweervuur kon hoor. Dit was nadat Britse versterkings in die vorm van 'n mag onder luitenant-kolonel W.H. Sitwell by die brug opgedaag het.³⁸⁰ Petrus Fourie, 'n Bethulie-seun, onthou: “Met die geveg by Bethulie-brug kon ons die kanongebulder en geweervuur met die weergalmings van die rivier en berge duidelik tot op ons plaas, Mooifontein, hoor.”³⁸¹ Op Maandag 12 Maart 1900 kon die burgers daarin slaag om 'n kanon naby die NZASM-salonwawerkswinkel op te stel in 'n poging om die ladings te ontsteek. Hulle kon egter nie voortgaan nie aangesien die artilleriste van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps op die vlakte noord van die Oranjerivier nie behoorlik beskut was nie. Die kanon is hierna op 'n koppie naby die plaas Damplaats opgestel, maar die vyandelike stellings was buite trefafstand.³⁸² Hierdie magtelose situasie is deur die res van die Bethulie-kommando gade geslaan en hierdie beeld is deur 'n jong seun van Bethulie, J.H. Venter, wat later

³⁷⁹ De Jong, “Vondsten ...”, pp. 154-155.

³⁸⁰ NASA, VAB, 119.124: Renier-versameling – herinneringe van Bettie Smith, 11.11.1949; Maurice (red.), 2, p. 248.

³⁸¹ *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12.

³⁸² *Ibid.*

krygsgevangene geneem is en na Bermuda verban is, gedurende sy reis met die SS *Armenian*, in 'n amateur waterverfskets vasgevang.³⁸³

Pogings om hulp aan die enkele verdedigers by die brug te verleen, is wel deur die Bethulie-kommando gemaak. Waarnemende kommandant Pieter Grobbelaar van Bethulie, met sy perd Jokkie, asook verskeie ander burgers, het die brug bestorm, maar het die aanval laat vaar weens die groot oop vlakte wat geen beskerming teen die Britte se hewige geweervuur gebied het nie. Slegs A. Griesel, B.J. Kruger, S.G. Pienaar, Piet Roux, Johnny Venter en 'n onbekende burger kon daarin slaag om die brug te bereik en die verdedigers by te staan.³⁸⁴ In 'n brief in die Renier-versameling beweer Tien Toerien van die Smithfield-kommando dat hy deel van hierdie groep was.³⁸⁵ Skuiling vir hierdie groep burgers was beperk en hulle het hulself in die riviersand ingegrawe vanwaar hulle op die Britte gevuur het terwyl die son die hele dag versengend gebrand het.³⁸⁶

Volgens Holm het die Britte hul kanonne wat agter 'n damwal op hul plaas Holmsgrove opgestel was, met skrapnel gelaai en op die burgers wat agter die wolbale geskuil het, gevuur. Hy vertel dat “a friend we called Waterbuffalo (Piet van Vrede) and Johannes Venter, my old school pal, were blown up by it”.³⁸⁷ Volgens 'n aantekening deur burger Gideon Kotze in die Van Schoor-versameling meld hy dat Van Vrede se dood deur skrapnelwonde veroorsaak is. Hy verwys voorts na Van Vrede se laaste woorde: “Burgers vandag gaan ek veg. Hierdie brug gaan ek verdedig en geen Engelsman se voet oor hierdie brug nie, of hulle moet oor my lyk stap. Ek gaan op die platte van my voete staan en nie skuil of sit nie, maar manlik staan.”³⁸⁸ Kotze beskryf Van Vrede se laaste oomblik met: “oom Piet het eers op sy knie geval en toe agteroor geval in 'n sittende posisie en het sy hande bekyk waarna hy sywaarts omgeval en gesterf het. Sy liggaam was verpletter met tot agt koeëls. Sy Mauser (Waterbees) het saam met hom gesterf want dit is in sy hand stukkend geskiet, die versier [sic] stukkend geslaan en sy meester se wang oopgesny. Piet van Vrede se wapen kon nooit weer gebruik word nie. Sy geweer is deur sy swaer, veldkornet Frans Vilonel, geneem en sy bandelier wat 210 rondtes geneem het, was leeg geskiet. Hy was op Bethulie as die beste skut bekend.”³⁸⁹ Van Vrede se dapper daad is verkeerd deur die Britte vertolk en soos volg in 'n bekende

³⁸³ Robin Woodruff *Privaat Versameling: Sketch by J.H. Venter of the action at the Bethulie bridge, 1900.*

³⁸⁴ Griesel, p. 23; Grobbelaar, p. 134.

³⁸⁵ NASA, VAB, A119, 2877: Renier-versameling – Tien Toerien, 18.6.1953.

³⁸⁶ Griesel, p. 23.

³⁸⁷ Thurngood, p. 8.

³⁸⁸ OM, 5890/70: Van Schoor-versameling – Hendrik Petrus Hermanus van Vrede, die held van Vrede, 1978.

³⁸⁹ *Ibid.*

publikasie beskryf: “A brave Boer [Van Vrede] crept down to its stone abutments to light the fuse of the charge of dynamite. His gallant attempt was unsuccessful and cost him his life.”³⁹⁰

Nog ’n Bethulie-burger, die 32-jarige Adriaan (Attie) Jacobus Roux van die plaas Kleinmarsfontein, is deur skrapnel gedood, asook die 20-jarige Johannes (Johnny) Abraham Venter van Driefontein, Wyk Grootrivier, wat ’n student was aan die Teologiese Skool te Burgersdorp.³⁹¹ Volgens Griesel en J.A. Grobbelaar³⁹² was Venter met ’n Martini Henry-geweer bewapen wat baie rook gemaak het en die burgers se posisie verrai het en hy en Roux het daarom gepoog om agter die brug se pilare by die ander verdedigers se skans, skuiling te soek.³⁹³ Volgens Toerien is ses kartetse op hulle skans afgevuur, waarvan een na die brug se kant gebars het en Attie Roux in die kop en Venter in die bors gewond het. Venter was swaar gewond en het later aan sy wonde beswyk. Toerien vertel: “ek het met die gewonde Venter op my skoot gesit tot die ambulans, met sy vader, Diederik Johannes Venter, opgedaag het. Venter het kort daarna beswyk.”³⁹⁴

Breytenbach verwys voorts na enkele gewondes onder die verdedigers, maar geen vermelding word hiervan gemaak deur diegene wat teenwoordig was nie.³⁹⁵ Daar is tot skemer by die brug gebly nadat ’n tydelike wapenstilstand bereik is en die verdedigers van die brug moes toekyk hoe die ambulanswa die lyke van die drie gesneuwelde burgers wegneem. McDonald noem dat die drie Bethulie-ongevalle die eerste bloed was wat op Suid-Vrystaatse bodem gevloei het.³⁹⁶ Volgens Sminck van die NZASM is die telegraaflyn vanaf Bethulie na Bloemfontein nog dieselfde middag buite werking gestel en is gevrees dat hulle van die ZAR afgesny sou word indien hulle langer sou vertoef. Die NZASM-amptenare het Bethulie dus met een van die laaste treine verlaat, waarna hulle Edenburg eers drie ure later bereik het en

³⁹⁰ Maurice (red.), 2, p. 248.

³⁹¹ NASA, VAB, GS, 2113: Bethulie, 1900; Laufs, p. 27.

³⁹² Burger (later korporaal) Abraham J. Griesel is ná 1912 in die Unieverdedigingsmagte as kommandant van die Bethulie-kommando aangewys. Griesel en J.A. Grobbelaar was daarvoor verantwoordelik dat die Bethulie-kommando se geskiedenis in 1939 saaklik opgeteken is. In daardie stadium was Griesel die erekolonel van die Bethulie-kommando, terwyl Grobbelaar die rang van luitenant-kolonel beklee het. Hul dokument van ses folio’s gee ’n oorsigtelike beeld van hierdie kommando se bewegings tot ongeveer Julie 1900 en vorm deel van die Preller-versameling.

³⁹³ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 4.

³⁹⁴ NASA, VAB, A119, 2877: Renier-versameling – Tien Toerien, 18.6.1953.

³⁹⁵ Breytenbach, 5, p. 134.

³⁹⁶ McDonald, *’n Terugblik ...*, p. 22.

met 'n ompad verby Dewetsdorp en Senekal tot in Kroonstad ontvlug het. Hulle het op 27 Maart 1900 in Johannesburg aangekom.³⁹⁷

2.7.4 Veg of vlug: Proklamasies, oorgawe en die Eed van Neutraliteit

Lees saam met Bylae 2.5: Kaart van ander gevegte – Bethulie-kommando.

Ná die geveg by die Bethulie-wabrug het hoofkommandant Grobler verneem van die besetting van Bloemfontein op Dinsdag 13 Maart 1900. Voorts is verneem van die Brabant's Horse, wat die brug by Aliwal-Noord oorgesteek het in agtervolging van hoofkommandant Olivier se vlugtende laer, en daarna weer teruggekeer het na Aliwal-Noord. Paniek het onder die burgers by Bethulie toegeneem nadat daar verder verneem is van die Transvaalse hoofkommandant, F.A. Grobler, wat reeds met sy konvooi vanaf Colesberg begin terugval het en op pad was na Norvalspont. Generaal H.R. Lemmer se konvooi uit die Noordoos-Kaapkolonie het intussen by hom aangesluit, waarna hierdie mag die aand van 13 Maart 1900 Springfontein bereik het.³⁹⁸ Die latere digter Jan F.E. Celliers, wat deel was van Lemmer se konvooi wat verby Bethulie beweeg het, het hierdie rit as 'n moordende tog beskryf.³⁹⁹

Met die aankoms van die onderskeie konvooie by Bethulie op Woensdag 14 Maart 1900 is die Bethulie-walaer, volgens burger Simon du Plooy, tot niet gemaak⁴⁰⁰ toe dit in gereedheid gebring is om saam met F.A. Grobler se konvooi te vertrek.⁴⁰¹ Die Bethulie-kommando het die agterhoede gedek ten einde die verenigde konvooie kans te gee om weg te kom. Intussen het paniek en wanorde onder die burgers geheers omrede hulle gevrees het dat hulle van die res van die Vrystaatse hoofmag (Noord-Vrystaat) afgesny kon word en volgens Dennis McDonald, “het ons orders gekry om in die rigting van Dewetsdorp te trek”.⁴⁰² McDonald, wat homself in daardie stadium in die Bethulie-laer bevind het, vertel verder: “burgers het kwaad geword as hulle gevra is hoekom hulle die republikeinse saak so kon versaak deur na hul plase terug te keer. Hulle het kwansuis almal uit ware Afrikaners bestaan wat aanvanklik die Engelse die see wou injaag.”⁴⁰³ Heelwat burgers was verward en het volgens Griesel sonder toestemming huiswaarts begin keer, terug na hul plase, om daar oor te gee.⁴⁰⁴

³⁹⁷ De Jong, “Vondsten ...”, p. 155.

³⁹⁸ Amery (red.), 2, p. 593; Breytenbach, 5, p. 139.

³⁹⁹ A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902*, p. 5.

⁴⁰⁰ Amery meld foutiewelik dat die Bethulie-laer eers op 17 Maart 1900 met Grobler se mag vertrek het, ten spyte daarvan dat die dorp reeds op 15 Maart 1900 deur Gatacre beset is. Tereg verwys Maurice dat die Boere se krygsmag Bethulie reeds op 14 Maart 1900 verlaat het.

⁴⁰¹ J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van 'n Boeresoldaat 1899-1902, 19.3.1900.

⁴⁰² OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 5.

⁴⁰³ *Ibid.*

⁴⁰⁴ Griesel, p. 25.

Diegene wat egter die stryd wou voortsit, het by Grobler se konvooi aangesluit met die doel om met die kommando's noord van Bloemfontein, in die omgewing van Kroonstad te verenig.⁴⁰⁵ Grobler, wat in daardie tydstop die bevel oor hierdie verenigde kommando gevoer het, het hierna met sy konvooi noordoos van Bethulie in die rigting van Smithfield beweeg. Griesel vertel: “Die Bethulie-kommando trek hierna met 'n verminderde getal burgers in die rigting van Jammerbergdrif, Modderpoort (Ladybrand) en Clocolan.”⁴⁰⁶ Simon du Plooy teken op 19 Maart 1900 in sy dagboek aan dat 15 Maart 1900 vir die Du Plooy's van Bethulie 'n beproewing was nadat hulle hul geliefdes gegroet het terwyl die konvooi verby hul plaas Diepfontein beweeg het. Die onderskeie kommando's het op hul afgematte en maer perde aangesukkel en 'n aantal perde het selfs op pad na Smithfield gevrek. Sy vader, kommandant Floris du Plooy, het toe weer, ná sy afwesigheid met siekverlof, sy bevel oor die Bethulie-kommando gevoer.⁴⁰⁷ Volgens Griesel het die konvooi hierna oor hul plaas Springbokfontein beweeg waar hy en sy agterryer, Hendrik, aangesluit het. Die laer het hierna oor die plaas Cypherfontein van Kotie Grobbelaar beweeg, waar Kotie en burger Jan Scholtz aangesluit het. Vanaf die Bethulie-distrik is daar verby Smithfield in die rigting van Kommissiedrif aan die Caledonrivier aangekruie, waarna daar, uit vrees dat hulle deur Roberts afgesny kon word, in 'n noordoostelike rigting beweeg is.⁴⁰⁸ In die chaos wat daar geheers het, is daar versuim om burgers soos prop. R.D. McDonald, wat die vorige nag in Bethulie-dorp oornag het, van die laer se vertrek te verwittig, en met die Britte wat in aantog was, het McDonald inderhaas die oggend van Donderdag 15 Maart 1900 met 'n fiets uit die dorp gevlug.⁴⁰⁹

'n Versigtige Gatacre wat Bethulie op 15 Maart 1900 beset het, het 'n gulde geleentheid deur sy vingers laat glip om die vluggende laer agterna te sit en kon hierdeur 'n Paardeberg-sege herhaal het en selfs verlore aansien herwin het. Die Montmorency Scouts het op 15 en 16 Maart 1900 'n poging aangewend om agtergeblewenes van die laer te vang. Drie Bethulie-burgers en vyf rebelle is op die plaas Groot Zuurfontein krygsgevangene geneem, volgens 'n illustrasie in die tydskrif *The Graphic*, met 'n onderskrif wat hierna verwys: “The night after the occupation of Bethulie and the crossing of the Orange River, Montmorency's Scouts lay in ambush.”⁴¹⁰ Burgers H.B. du Plessis en H.J.M. Pelser, beide van die plaas Cypherkuil,

⁴⁰⁵ Breytenbach, 5, p. 142.

⁴⁰⁶ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 4.

⁴⁰⁷ J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van 'n Boeresoldaat 1899-1902, 19.3.1900.

⁴⁰⁸ Griesel, p. 25.

⁴⁰⁹ McDonald, *'n Terugblik ...*, p. 22.

⁴¹⁰ *Supplement to The Graphic*, 19.5.1900, p. 170.

Wyk Grootrivier, en J.H. Venter van die plaas Vlakplaats, Wyk Bosjespruit, was die eerste burgers van die Bethulie-kommando wat krygsgevangene geneem is.⁴¹¹

In Bloemfontein het die Britse bevelvoerder, lord Roberts, munt uit hierdie moedelse en wanordelike situasie geslaan en in 'n proklamasie van 15 Maart 1900 die burgers onder die wapen, soos dié by Bethulie, die geleentheid gebied om hul wapens neer te lê en na hul plase terug te keer. Ná die besetting van Bethulie het die Britse patrollies in die distrik uitgestuur om hierdie proklamasie onder inwoners se aandag te bring, waarna heelwat burgers in verowerde distrikte soos Bethulie, van Roberts se aanbod gebruik gemaak het.⁴¹² Vanaf 15 Maart 1900 tot 5 Junie 1900 is 'n totaal van 596 wapens by Bethulie neergelê, waarvan 250 wapens in die distrik en 346 wapens in die dorp. Volgens Ploeger is die meeste wapens in die Suid- en Wes-Vrystaat in daardie stadium in die Bethulie-distrik ingehandig.⁴¹³ Uit navorsing blyk dit egter dat verskeie van hierdie burgers oor die volgende paar maande ontnugter geraak het met die Britse militêre bestuur en sommige selfs weer in Junie 1900, in opdrag van hoofkommandant C.R. de Wet, die wapen teen Groot-Brittanje opgeneem het, ten spyte van die Eed van Neutraliteit wat hulle teenoor die Britse monarg afgelê het.⁴¹⁴

Volgens Grundlingh, het sir Alfred Milner die groot aantal oorgawes in die Suid-Vrystaat gedurende die eerste paar maande ná die besetting van hierdie streek, toegeskryf aan die feit dat distrikte soos Bethulie wat aan die Kaapkolonie gegrens het, “has always been less anti-British”.⁴¹⁵ Die demoraliserende effek onder die kommando's in die Suidwes-Vrystaat was van so 'n aard dat selfs die Transvaalse generaal, Jan Smuts,⁴¹⁶ later hieroor kommentaar gelewer het en die situasie opgesom het met: “The burghers of those districts surrendered at leisure and were living quietly on their farms as if no war existed”.⁴¹⁷ De Wet wys ná Maart 1900 daarop dat daar uit die Bethulie-, Boshof-, Bloemfontein-, Fauresmith- en Jacobsdal-distrikte, 'n skrale 439 burgers te velde was. Hierdie groot oorgawe is toegeskryf aan die feit dat burgers soos die Bethulie-kommando afgesny was van die Boere se hoofmag noord van Bloemfontein, waarna die situasie vir hulle hopeloos gevoel het.⁴¹⁸ De Wet se bewering word

⁴¹¹ NASA, VAB, GS, R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlyst.

⁴¹² A.M. Grundlingh, *Die hendsoppers en joiners: Die rasionaal van verraad*, p. 20.

⁴¹³ J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* 2, p. 14.

⁴¹⁴ OM, 3428/8: Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

⁴¹⁵ Grundlingh, p. 22.

⁴¹⁶ Jan Christiaan Smuts (24.5.1870-11.9.1950), staatsprokureur van die ZAR, later bevelvoerder van 'n kommando wat die Kaapkolonie binnegeval het en bekende staatsman ná die oorlog.

⁴¹⁷ Grundlingh, p. 21.

⁴¹⁸ C.R. de Wet, *Die stryd tussen Boer en Brit*, pp. 84-85.

gesteun deur die groot aantal burgers van die Bethulie-kommando⁴¹⁹ wat vanaf 15 Maart 1900 tot 30 April 1900 die Eed van Neutraliteit onderteken het.⁴²⁰ Hierdie burgers is volgens De Wet vanaf Maart 1900 tot Mei 1900 deur die Britte met rus gelaat.⁴²¹ Volgens 'n Britse opgawe het die aantal wapenneerlêers later al minder geraak en dui die opgawe vir einde Mei 1900 daarop dat slegs een burger van Bethulie, naamlik Daniel Johannes Lombaard van Damfontein, Wyk Grootrivier, in Mei 1900 'n Lee-Metford te Kroonstad ingehandig het.⁴²²

'n Berekening van die aantal Bethulie-burgers wat die wapen neergelê het, bevestig dat die Bethulie-kommando wat ná 15 Maart 1900 met die hoofmag noordoos teruggeval het, uit ongeveer 150 burgers bestaan het en dat die Bethulie-kommando tussen 15 Maart 1900 en Junie 1900, grootliks 'n kommando van wapenneerlêers was. Volksraadslid N.J.J.J. van Rensburg, vanaf 1897 tot 1902 die lid vir Wyk Grootrivier, het ná April 1900 verklaar dat die meeste wapenneerlêers in Bethulie die voortsetting van die oorlog as hopeloos gesien het en dat baie burgers, ten spyte van hoofkommandant De Wet se opdrag om weer die wapen op te neem, steeds geweier het om dit te doen. Die Britse militêre goewerneur in Bloemfontein, generaal-majoor G.T. Pretymann, het egter die groot aantal oorgawes deur die Boere verduidelik deur dit aan die navolging van eie belang (self-interest), eerder as innerlike oortuiging van die Britse saak, toe te skryf.⁴²³ Breytenbach skryf hierdie grootskaalse oorgawe in die Suid-Vrystaat toe aan 'n paar faktore soos die afwesigheid van 'n krygsmag om die Britte teë te hou, en ook omrede burgers van mening was dat hulle in die steek gelaat is en sommige bloot weens hul siening dat die stryd verlore was.⁴²⁴

So het De Wet dan ten tyde van sy latere tweede inval in die Kaapkolonie melding gemaak van die groot aantal joiners in die Suid-Vrystaat, spesifiek in die Bethulie- en Smithfield-omgewings wat die Britte op hoogte gehou het van sy bewegings. In De Wet se woorde oor generaal-majoor Charles E. Knox se agtervolging van hom, verklaar hy dat “he had plenty of friends in the neighbourhood of the Caledon and Orange Rivers”.⁴²⁵ Ná die besetting van Bethulie het ongeveer 213 burgers die Eed van Neutraliteit onderteken, maar daar was onder hulle diegene wat dit nie ernstig opgeneem het nie en later weer die wapen opgeneem het.⁴²⁶

⁴¹⁹ Ongeveer 213 burgers van die Bethulie-kommando, volgens die Bethulie-burgerlys.

⁴²⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

⁴²¹ De Wet, p. 72.

⁴²² OM, 3414: List of Burghers who have surrendered their arms, Bethulie, 6.1900, p. 60.

⁴²³ Grundlingh, pp. 24-25.

⁴²⁴ Breytenbach, 5, p. 155.

⁴²⁵ C.R. de Wet, *Three years war*, p. 203.

⁴²⁶ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys; OM, 3428/8: Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

Hierdie hensoppers is in Junie 1900, in 'n opdrag van C.R. de Wet aan assistent-hoofkommandant Piet Fourie, wat in daardie stadium die aanvoerder van die Suid-Vrystaatse krygsmag was, beveel om weer die wapen op te neem.⁴²⁷ Hiervan het 153 burgers uit die Bethulie-distrik weer die wapen opgeneem, heelwat hiervan penkoppe.⁴²⁸ Die Britse owerheid het besef dat sommige van die Bethulie-burgers nie die Eed van Neutraliteit as bindend geag het nie en het daarom in September 1901 'n lys met name van diegene wat hul steeds aan die Eed gebonde beskou het, gepubliseer.⁴²⁹ Uit hierdie groep inwoners, waarvan sommige deel van die vroeëre Bethulie-kommando was, was daar diegene wat later die Britte se oorlogspoging aktief as joiners en Town Guards⁴³⁰ gesteun het.⁴³¹

Ter samevatting is die gevolgtrekking dat die burgers van die Bethulie-kommando – gedemoraliseerd, oorlogsmoeg, kwaad en teleurgesteld, met 'n verlange na huis en haard – hulle ná 8 Maart 1900 weer ten noorde van Bethulie-dorp bevind het. Die realiteit van die oorlog het 'n negatiewe invloed op Bethulie-burgers se gemoed gehad en bygedra tot die gebrek aan dissipline. So het 14 van die 20 burgers wat aangewys is om die wabrug te bewaak, gedros, terwyl ten minste die helfte van die Bethulie-kommando sonder toestemming na hul plase begin teruggekeer het of die Eed van Neutraliteit onderteken het. In aansluiting hierby meld Wessels dat die Boererepublieke se ekonomie nie gerat was vir die lang afwesigheid van boerdery en/of ander belange nie, en dat oorlogsmoegheid, met gevolglike swak dissipline as uitvloeisel, ingetree het. Ná vier maande op kommando was die burgers nie meer fisies of geestelik só slaggereed soos in Oktober 1899 nie.⁴³² Die res van die Bethulie-kommando wat nog die stryd wou voortsit, het met hul terugkeer op Vrystaatse bodem begin gereed maak om ooswaarts terug te val. Die wete dat Bethulie, sy distrik en hul geliefdes hierna aan die Britte se genade oorgelewer sou wees, kon nie 'n aangename gedagte gewees het nie.

2.8 DIE GEVEGTE TOT BY DIE BRANDWATERKOM

2.8.1 Bethulie-kommando word 'n “Gideonsbende”

Teen hierdie spanningsvolle agtergrond het daar kort na die besetting van Bethulie, 'n krygsraadsvergadering op 17 Maart 1900 tussen die regerings van die OVS en ZAR en hul

⁴²⁷ De Wet, *Die stryd tussen ...*, pp. 115-116; OM, 3428/8: Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

⁴²⁸ OM, 3428/8, Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

⁴²⁹ *Government Gazette*, 27.9.1901, p. 18.

⁴³⁰ In totaal 21 persone uit die Bethulie-distrik wat volgens bronne as joiners en Town Guards opgetree het.

⁴³¹ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys*.

⁴³² Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 676-677.

onderskeie krygsrade te Kroonstad plaasgevind, waartydens besluite geneem is wat 'n nuwe wending aan die krygsverloop sou verleen.⁴³³ Die republikeinse krygsleiding wat uit verskeie nuwe dinamiese leiers soos Louis Botha, Christiaan de Wet en Koos de la Rey bestaan het, was dit eens dat 'n nuwe soort oorlogvoering wat vinnig en meer beweeglik was, nodig was om die groot Britse oormag te beveg. Die belangrikste besluit, volgens Pretorius, het behels dat die stryd voortaan deur middel van guerrillaoorlog gevoer sou word, wat onder meer beteken het dat daar met walaers weggedoen moes word. In 'n poging om hulself te laat geld, is verder besluit om onder meer die spoorstelsel, wat die ruggraat van die Britse krygsoptrede was, te beskadig soos die gebeure op 7 Junie 1900 by Roodewal-stasie later van getuig het.⁴³⁴ Ander besluite het behels dat 'n korporaasie oor elke 25 burgers aangestel moes word, wat verantwoordelik sou wees vir logistieke en administratiewe pligte.⁴³⁵ Die feit dat slegs ses korporaals, te wete F.P. Coetzee, C.P.W. Fourie, A.J. Griesel, J.J. Koen, M.C. Roux en D.G. Snyman, vir die Bethulie-kommando aangewys is, is 'n aanduiding dat die Bethulie-kommando in daardie stadium uit nie meer as ongeveer 150 burgers bestaan het nie.⁴³⁶ Alhoewel die bevelvoerders van die suidelike magte, waaronder kommandant Du Plooy, nie hierdie vergadering kon bywoon nie, is die gevolgtrekking dat die besluite wat daar geneem is, op alle kommando's, insluitend die Bethulie-kommando, van toepassing was.

Intussen het president Steyn opdrag gegee dat hoofkommandant Olivier se konvooi, wat in daardie stadium agt ure te perd agter die laaste wa van Grobler se groep rytuie gevolg het, die agterhoede van Grobler se walaer moes vorm. Hierdie gesamentlike konvooi van ongeveer 750 rytuie, 'n groot aantal trekdiere en 'n paar kanonne, insluitend die Bethulie-kommando se rytuie, het oor 40 km gestrek en het vanaf Kommissiedrif, oor Jammerbergdrif, in die Wepener-omgewing beweeg. Op 17 Maart 1900 het Grobler aan die krygsleiding op Kroonstad laat weet dat sy voorhoede suid van Wepener was. Kommunikasie was steeds moontlik, alhoewel beperk, ten spyte van die feit dat die telegraafstelsel in Britse hande was ná die Britse besetting van Bloemfontein. Die konvooi met sy bykans 1 000 swart drywers en touleiers het verby Wepener beweeg en daar kon op 19 Maart 1900 berig word dat die groot laer teen laatmiddag tot ongeveer twee uur noord van Wepener beweeg het, met Olivier wat nog in aantog was.⁴³⁷ 'n Koerantberig meld soos volg: "The Boers to the number of several thousand with a huge convoy of wagons, have been passing from Smithfield to Wepener

⁴³³ Breytenbach, 5, pp. 158-160; T. Pakenham, *The Boer War*, p. 386; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 216.

⁴³⁴ Pretorius, "The Second Anglo-Boer War: ...", pp. 115-116.

⁴³⁵ Breytenbach, 5, p. 164.

⁴³⁶ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys*.

⁴³⁷ Breytenbach, 5, pp. 139-141.

towards Ladybrand the last two days. The force which retired from Norvalspont, Bethulie and Stormberg is visible from the Basotholand hills.”⁴³⁸

Ten spyte van ’n dreigende aanval deur die Britte, het die konvooi steeds teen ’n slakkepas beweeg, iets wat ná die Paardeberg gebeure vir generaals C.R. de Wet en J.H. de la Rey, en selfs president M.T. Steyn, ’n bewys was dat groot konvooie weens hul kwesbaarheid ’n uitgediende stelsel was. Gereelde riemtelegramme van Britse bewegings in die omgewing is ontvang, maar die laer het steeds vanaf Wepener noordwaarts aangekruie. Halfhartige pogings deur lord Roberts om op 21 Maart 1900 die konvooi in te haal, was onsuksesvol nadat kolonel T.D. Pilcher gehoop het om die konvooi se agterhoede in die omgewing van Newberry, naby Clocolan, voor te lê, maar Olivier was in daardie stadium reeds ’n hele ent verby Ladybrand.⁴³⁹

Kommandante Swanepoel en Du Plooy wat hulself in daardie stadium by hoofkommandant Grobler se laer bevind het, het met ’n gedeelte van hul Smithfield- en Bethulie-perdekommando teruggedraai om Olivier se mag te versterk, omrede daar gevrees is dat ’n Britse mag vanaf Thaba ’Nchu vir Olivier kon afsny. Griesel vertel dat die Bethulie-kommando, ná hul vertrek op 14 Maart 1900, deel van hoofkommandant Grobler se konvooi gevorm het en verby Jammerbergdrif, Modderpoort en Clocolan beweeg het tot by die plaas Trommel te Winburg, waar die res van die Vrystaatse krygsmag was. Hier is die burgers deur De Wet toegesprek en het hy minagtend na Roberts se proklamasies as “papierbomme” verwys.⁴⁴⁰ Daar is onthou hoe daar “naby Trommel [plaas] distrik Winburg ’n wa laêr [sic] met ’n aantal burgers van Bethulie agter gebly het. Toe is ’n perdekommando gevorm wat opgetrek het in die rigting van Modderpoort en Tha-Banchu [sic].”⁴⁴¹

Grobler se mag het hierna in ’n noordoostelike rigting tot by Sandrivier beweeg. Nadat die konvooi buite die bereik van die Britse magte was en met die kommando’s noord van Bloemfontein verenig het, het Christiaan de Wet⁴⁴² die meeste van sy burgers met verlof gestuur met die opdrag om op 25 Maart 1900 weer by die Sandrivier-brug aan te meld.⁴⁴³ Hierna sou die volgende fase van die oorlog ’n aanvang neem.

⁴³⁸ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 24.3.1900.

⁴³⁹ Breytenbach, 5, pp. 140, 142-143, 149.

⁴⁴⁰ Griesel, pp. 25-26; Breytenbach, 5, p. 153.

⁴⁴¹ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 4.

⁴⁴² De Wet is op 18 April 1900 deur Steyn as Vrystaatse hoofkommandant benoem.

⁴⁴³ De Wet, *Three years ...*, pp. 57, 59; Breytenbach, 5, pp. 153, 316; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 226.

2.8.2 Bethulie-kommando ná 13 Maart 1900 in die historiografie

Aan die hand van verskeie bronne oor die Anglo-Boereoorlog, spesifiek ná die besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900, blyk dit dat guerrilla-oorlogvoering grootliks 'n einde gebring het aan die streng, afgebakende kommandostelsel. Burgergetalle het vanweë dood, gevangeneneming en wapenmeerlegging afgeneem en daarom was kommando's al meer genoop om hierdie rigiede stelsel nie meer streng te volg nie. Selfs die Bethulie-kommando het as 'n afsonderlike en afgebakende kommando stelselmatig begin vervaag, spesifiek ná die latere Brandwaterkom-gebeure. Voorts het die uitgedunde Bethulie-kommando se rol in gevegte en skermutselinge geleidelik in 'n groter militêre opset in die geraadpleegde bronne begin verdwyn. Hierdie kommando se betrokkenheid in die Anglo-Boereoorlog is hierna verder gereduseer tot terloopse vermeldings en individue se wedervaringe, hetsy te velde of as krygsgevangenes, soms as deel van 'n ander militêre opset en/of onder verskillende bevelvoerders.

Die Slag van Sannaspos was, naas die Slag van Stormberg, die eerste grootskaalse geveg waaraan hierdie kommando deelgeneem het. Die terloopse vermelding van die aard, skaal en omvang van hierdie kommando se betrokkenheid by verdere gevegte is aangevul deur die raadpleging van rekords, soos die onderskeie medalje-aansoeke wat sedert 1921 deur Bethulie-burgers vir die Oorlogsmedalje, Lint voor Wonden en Dekoratie voor Trouwe Dienst ingedien is, asook die krygsgevangerekords van hierdie kommando en enkele publikasies, dagboeke en herinneringe van ander lede van hierdie kommando.

2.8.3 Vanaf Sannaspos tot by Bethlehem

Nadat Grobler en Olivier se magte uiteindelik met die kommando's noord van Bloemfontein verenig is, het hoofkommandant De Wet besluit om 'n wig tussen die onderskeie Britse leërmagte by Thaba 'Nchu en Bloemfontein in te dryf deur middel van die nuwe guerrilla-krygstaktiek waarvan die geveg by Sannaspos op 31 Maart 1900 getuig. Pretorius wys daarop dat De Wet hierna veral geïsoleerde Britse kolonnes aangeval het.⁴⁴⁴ De Wet was van mening dat die Britte in die Suidoos-Vrystaat sou onttrek sodat dorpe soos Bethulie en sy buurdistrik weer deur die Boere beset kon word en hensoppers weer opgekommandeer kon word.⁴⁴⁵ Hierdie besluit deur De Wet was in direkte teenstelling met die krygsraadbesluit van 17 Maart 1900 te Kroonstad wat behels het dat daar eerder gefokus moes word op die

⁴⁴⁴ Pretorius, "The Second Anglo-Boer War: ...", p. 115.

⁴⁴⁵ Maurice (red.), 2, p. 274; Breytenbach, 5, p. 181.

ontwrigting van die Britse kommunikasieroetes, meer spesifiek die spoorverkeer ten suide van Bloemfontein.⁴⁴⁶

As daar by die aanvanklike besluit gehou is, kon dit verreikende gevolge vir onder meer Bethulie inhou wat betref Britse troepekonsentrasies en bewegings. Die Britse garnisoen by Bethulie en die twee brûe was, volgens dagboeke en briewe deur soldate wat daar diens verrig het, nietemin op hul hoede nadat hulle verneem het van De Wet se bewegings in die Bethulie-distrik. De Wet het verskeie generaals en kommando's, waaronder Du Plooy en sommige van sy Bethulie-burgers met perde, wat ná die lang tog uit die Noordoos-Kaapkolonie nog in 'n goeie toestand was, asook die Rouxville- en Smithfield-kommando's, vir die doel van hierdie operasie onder bevel van generaal C.C. Froneman geplaas. Froneman met sy ongeveer 800 burgers moes 'n aanval vanuit die ooste op Thaba 'Nchu loods, waar die Britse bevelvoerder in die Suidoos-Vrystaat, brigadier-generaal R.G. Broadwood,⁴⁴⁷ hom in daardie stadium bevind het aangesien hy "took over command at Thabanchu [sic]".⁴⁴⁸

Broadwood se teenwoordigheid in die Suidoos-Vrystaat was hoofsaaklik om, ná die besetting van Bloemfontein, lord Roberts se proklamasies van wapenneerlegging te versprei en vuurwapens van hensoppers in te samel. Voorts moes die waterwerke by Sannaspos langs die Modderivier wat water aan Bloemfontein voorsien het, beskerm word. Ten einde te verhoed dat hierdie strategiese installasie in die Boere se hande beland, is majoor C.G. Amphlett en drie kompanies Mounted Infantry na Sannaspos gestuur om dit te bewaak.⁴⁴⁹ Die afleiding is dat Roberts die belangrikheid van voldoende en skoon water besef het, veral nadat maagkoors onder sy soldate posgevat het weens die besoedelde water van Paardeberg en hy, met die oog op sy opmars na Pretoria, bekommerd was oor die gereedheid van sy leër.

Christiaan de Wet het intussen begin voorberei vir sy aanval op Sannaspos deur, benewens generaals C.C. Froneman, Piet de Wet, broer van generaal Christiaan de Wet, J.B. Wessels, A.P. Cronje, ook 'n verdere kommando onder generaals Tobias Smuts en Philip Botha saam te stel, wat moes verhoed dat Britse versterkings vanuit Bloemfontein aan Broadwood gestuur word. De Wet het bewus geraak van die klein Britse garnisoen wat die waterwerke, 'n strategiese installasie vir die Britte, bewaak het en het sy aanvalsplan aangepas om hierdie

⁴⁴⁶ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 55.

⁴⁴⁷ Robert George Broadwood, 1862-1917.

⁴⁴⁸ Maurice (red.), 2, pp. 269, 275.

⁴⁴⁹ *Ibid.*, 2, pp. 259, 275-276; Amery (red.), 4, p. 33; Van Zyl, *Die helde-album ...*, pp. 129-131.

strategiese punt te verower.⁴⁵⁰ Hy het voorts gehoop dat sodanige oorwinning baie vir sy burgers se krygsmoreel sou beteken en selfs die wapenneerlêers van onder andere die Bethulie-distrik sou aanmoedig om weer die wapen op te neem.⁴⁵¹

Volgens Griesel is 'n lokval in die Koringspruit digby die waterwerke opgestel en Du Plooy en sy Bethulie-burgers was onder generaal Froneman se bevel.⁴⁵² Broadwood het in die rigting van die waterwerke beweeg. Die Britse soldate het hulle op 31 Maart 1900 langs die Koringspruit in 'n Boereverkenningsspatroillie vasgeloop en was onder die indruk dat Olivier se mag hulle ingehaal het. Grootse verwarring en chaos het hierna onder die Britte uitgebreek sodat hulle in Christiaan de Wet se lokval beland het, waarna die geveg, wat later as die Slag van Sannaspos⁴⁵³ bekend geword het, losgebars het. Ten spyte van die benarde situasie kon Broadwood egter daarin slaag om met 'n groot gedeelte van sy mag te ontvlug, maar volgens Griesel en Grobbelaar, asook McDonald, is vele goedere gebuit, terwyl Maurice van mening is dat die eintlike waarde van hierdie oorwinning vir die Boere, moreel van aard was.⁴⁵⁴ Hierdie buit het ongeveer 426 krygsgevangenes, meer as 100 rytuie, waens en sewe kanonne ingesluit.⁴⁵⁵ Uit die rekords van medalje-aansoeke blyk dit dat ten minste 12 Bethulie-burgers by die Slag van Sannaspos betrokke was.⁴⁵⁶ Alhoewel geen Bethulie-burger tydens die geveg by Sannaspos gesneuwel het nie, het drie burgers⁴⁵⁷ van ander kommando's op hierdie dag gesneuwel, terwyl vyf burgers gewond is, waarvan een die volgende dag aan sy wonde beswyk het.⁴⁵⁸ Volgens Wessels het daar aan Britse kant ten minste 18 Britse soldate gesneuwel, ten minste 134 is gewond en ten minste 426 soldate is krygsgevangene geneem, dus 'n verlies van ten minste 578 soldate, terwyl Maurice verwys na ten minste 571 soldate.⁴⁵⁹

Volgens Griesel is die onderskeie kommando's, ná afloop van die Slag van Sannaspos, in twee verdeel en is 'n gedeelte van die Bethulie-kommando onder bevel van generaal Piet de

⁴⁵⁰ Amery (red.), 4, p. 30.

⁴⁵¹ Breytenbach, 5, p. 182.

⁴⁵² NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 2.

⁴⁵³ Ook in sommige van die Britse annales as die geveg van "Korn Spruit / Koornspruit" bekend.

⁴⁵⁴ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 3; McDonald, *In die skaduwee ...*, p. 15; Maurice (red.), 2, p. 298.

⁴⁵⁵ Maurice (red.), 2, p. 298; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 53.

⁴⁵⁶ SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers.

⁴⁵⁷ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Belsazar Johannes Bester – 31.3.1900; Burger Gerhardus Hubertus Goosen – 31.3.1900; Burger Thomas Heyns – 31.3.1900; Burger Johannes J. van den Berg – 1.4.1900.

⁴⁵⁸ Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 53.

⁴⁵⁹ *Ibid.*; Maurice (red.), 2, p. 299.

Wet geplaas, met die opdrag om die waterwerke te bewaak terwyl die res na Mostertshoek vertrek het.⁴⁶⁰ Dit was nadat Christiaan de Wet verneem het van 'n Britse mag onder kaptein William John McWinnie, met onder meer sy Royal Irish Rifles van ten minste 591 man⁴⁶¹ wat Dewetsdorp op 1 April 1900 beset het. Hierdie besetting was in opdrag van lord Roberts aan generaal-majoor William Gatacre, wat moes toesien dat proklamasies onder inwoners versprei word, vuurwapens onder hensoppers ingesamel word en dat Britse gesag in die gebied gevestig word. Roberts was van mening dat die Suid-Vrystaat, ná die Britse inval, geen verdere weerstand sou bied nie en dat slegs 'n klein garnisoen nodig sou wees om Britse gesag daar te handhaaf.⁴⁶²

Kaptein W.J. McWinnie het kort ná die besetting van Dewetsdorp kennis geneem van 'n kommando onder hoofkommandant De Wet wat na die dorp onderweg was waarna hy, in opdrag van Roberts, na Reddersburg moes terugval. De Wet het intussen opdrag gegee dat generaals C.C. Froneman, A.I. de Villiers en J.B. Wessels by sy mag aansluit. Froneman en sy ongeveer 700 burgers met onder meer 'n gedeelte van die Bethulie-kommando, het op 2 April 1900 vanaf Sannaspos vertrek en vroegdag op 3 April 1900 by Christiaan de Wet aangesluit.⁴⁶³ Met die Britte wat hulself op die rante by Muishondfontein en Mostertshoek verskans het, het die geveg kort hierna met De Wet se burgers losgebars. Die uiteinde was dat die Britte op 4 April 1900 oorgegee het.⁴⁶⁴ Alhoewel De Wet, volgens Breytenbach, na bykans 100 gesneuweldes verwys, klop dit nie met Wessels en die Oorlogsmuseum se databasis van Britse ongevallen nie. Die getal was eerder 10 gesneuweldes, ongeveer 35 gewondes, ten minste 581 krygsgevangenes (wat die gewondes ingesluit het), asook 'n paar waens met voorrade wat gebuit is.⁴⁶⁵ Hierbenewens is Gatacre, die veroweraar van Bethulie, vir hierdie flater 'n paar dae later deur lord Roberts as bevelhebber van die 3rd Division, ontslaan.⁴⁶⁶ Hoewel die Bethulie-burgers ongeskonde uit die geveg getree het, was

⁴⁶⁰ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 4.

⁴⁶¹ Amery verwys na 400 soldate, maar gegewe die aantal ongevallen soos deur Wessels en Maurice weergegee, eerder ten minste 591 soldate.

⁴⁶² Amery (red.), 4, p. 51; Breytenbach, 5, pp. 230-231, 233, 256-257; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 53.

⁴⁶³ De Wet, *Die stryd tussen ...*, pp. 56-57; NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 4.

⁴⁶⁴ SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers; Breytenbach, 5, p. 263; Maurice (red.), 2, pp. 306-309; Amery (red.), 4, p. 51; Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, pp. 67-74.

⁴⁶⁵ Breytenbach, 5, p. 255; Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 53; OM, Lys van Britse sterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog.

⁴⁶⁶ Amery (red.), 4, p. 54; Breytenbach, 5, p. 260.

hoofdkommandant De Wet se ongevalle drie gesneuweldes⁴⁶⁷ en drie gewondes.⁴⁶⁸ Uit notas van Gert Johannes de Jager van Bethulie word afgelei dat 'n aansienlike aantal burgers van die Bethulie-kommando aan hierdie geveg deelgeneem het. Dit is egter nie duidelik of kommandant Du Plooy sy kommando tydens hierdie geveg gelei het nie.⁴⁶⁹

Uit navorsing, en spesifiek die medalje-aansoeke van 14 burgers van die Bethulie-kommando, blyk dit dat die kommando hierna steeds in die omgewing van Dewetsdorp bedrywig was. Ná die geveg by Mostertshoek was Christiaan de Wet nog meer oortuig daarvan dat die Britse eenhede in die Suid-Vrystaat maklik verdryf kon word en het hy afgewyk van sy aanvanklike plan om die spoorlyn in die Suid-Vrystaat te saboteer.⁴⁷⁰ Hy het besluit om nog 'n Britse mag van ongeveer 1 900 soldate, meestal Kolonialers onder bevel van luitenant-kolonel E.H. Dalgety van die Cape Mounted Rifles, by Jammerbergdrif sowat 5 km noordwes van Wepener, aan te durf.⁴⁷¹ Die Britse mag daar was egter goed verskans en die burgers se pogings om die Britse stellings te beset, is met sukses deur Dalgety se mag afgeweier.⁴⁷²

Die aanval deur ongeveer 6 000 burgers het in 'n uitgerekte beleg ontaard, wat vanaf 9 April 1900 tot 25 April 1900 geduur het. Christiaan de Wet het besef dat die goed verskanste Britse garnisoen, wat hoofsaaklik uit berede troepe bestaan het, nie maklike oorwin kon word nie en het gevrees dat Roberts versterkings sou stuur. Ten einde hierdie versterkings onder generaal-majoor R. Pole-Carew, met sy Elfde Divisie, en luitenant-generaal H.M.L. Rundle, met sy Agste Divisie van 12 000 man, wat vanaf Bloemfontein oor Reddersburg opgeruk het, te keer, het De Wet sy broer, generaal Piet de Wet, met ongeveer 1 200 burgers en 'n paar kanonne, opdrag gegee om hierdie magte terug te hou. 'n Groot gedeelte van die Bethulie-kommando was deel van hierdie groep wat Britse versterkings na Jammerbergdrif moes teëhou, ten einde hoofkommandant De Wet die geleentheid te bied om sy beleg af te handel. Rundle het opdrag vanaf lord Roberts gehad om nie net te poog om die beleg op te hef nie, maar om hoofkommandant De Wet weswaarts af te sny, ten einde vereniging met die ZAR kommando's noord van Bloemfontein te verhoed.⁴⁷³ Roberts het met kommer verneem van sy kommunikasiestelsel wat in gevaar verkeer het nadat daar gerapporteer is dat Christiaan de

⁴⁶⁷ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Jozephus Johannes du Plessis – 4.4.1900; Burger A. Michiel Heyns – 4.4.1900; Burger C.T. Nezar – 4.4.1900.

⁴⁶⁸ Wessels, *The Anglo-Boer War* ..., p. 53.

⁴⁶⁹ OM, Kopie-argief, Groep D: Herinneringe van Gert Johannes de Jager van Glassford, Bethulie, 1921.

⁴⁷⁰ Breytenbach, 5, p. 259; De Wet, *Die stryd tussen* ..., pp. 60-61.

⁴⁷¹ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet* ..., p. 77.

⁴⁷² Maurice (red.), 2, pp. 317-319.

⁴⁷³ Breytenbach, 5, pp. 297, 300-303.

Wet se mag wat as ongeveer 9 000 burgers opgegee is, in die omgewing van Bethulie bedrywig was.⁴⁷⁴

Intussen het generaal Piet de Wet se mag wat onder meer Froneman en die Bethulie-kommando ingesluit het, op 20 April 1900 met luitenant-generaal Rundle se troepe op die plaas Wakkerstroom naby Dewetsdorp, slaags geraak. Griesel verwys na die Britte se kanonne wat 'n moordende vuur op hul stellings by Dewetsdorp gerig het. Die burgers was in loopgrawe verskuil, aangesien Griesel daarna verwys dat hulle loopgrawe nader aan die vyand moes grawe en, in 'n komiese oomblik, hoe hy 'n medeburger van Bethulie met 'n kluit uit 'n loopgraaf op die rug gegooi het “en Oom Jan 'n vreeslike gil gegee het en slaan reg agteroor menende dat hy die bom weg het”.⁴⁷⁵ Griesel verduidelik dat verdere Britse versterkings vanaf Bloemfontein gestuur is en dat hul flanke op 24 April 1900 bedreig is, waarna hulle moes terugval.⁴⁷⁶ Onder die tien gesneuwelde burgers en ongeveer 25 gewondes van hierdie beleg, is daar geen ongevalle deur die Bethulie-kommando in hierdie uitgerekte beleëring aangeteken nie. Aan Britse kant is ten minste 34 gesneuweldes en ten minste 146 gewondes aangeteken.⁴⁷⁷ Hierna het die Bethulie-kommando as deel van hoofkommandant De Wet se groter mag, in die rigting van Winburg beweeg.⁴⁷⁸

Alhoewel Griesel slegs terloops melding maak van die Bethulie-kommando se terugtog vanaf Jammerbergdrif, noordwaarts saam met Christaain de Wet se mag, kan daar afgelei word dat hierdie kommando deel was van die groep wat vanaf 27 tot 29 April 1900, in opdrag van Roberts, byna deur luitenant-generaal sir John French met sy Derde en Vierde Brigades van 5 000 berede soldate en 34 veldkanonne by Thaba 'Nchu omsingel is. Breytenbach verwys na French wat bygestaan is deur nog Britse bevelvoerders soos generaal-majoor sir Ian Hamilton en luitenant-generaal sir Leslie Rundle wat die kommando's by Swartlapberg naby Thaba 'Nchu aangeval het.⁴⁷⁹ Daar was enkele gevalle waar burgers begin terugval het, maar danksy die kragdadige aanvalle deur hoofkommandant De Wet se burgers, ten spyte van die feit dat die burgers en hul perde baie uitgeput was, is verhoed dat die mag deur die gesamentlike Britse bevelvoerders omsingel is.⁴⁸⁰ Scholtz verwys na die burgers se effektiewe vuur op die

⁴⁷⁴ Amery (red.), 4, p. 55.

⁴⁷⁵ Griesel, pp. 26-27.

⁴⁷⁶ *Ibid.*

⁴⁷⁷ Wessels, *The Anglo-Boer War ...*, p. 54.

⁴⁷⁸ Griesel, p. 27.

⁴⁷⁹ Breytenbach, 5, pp. 397, 399.

⁴⁸⁰ Maurice (red.), 2, pp. 326-331; Breytenbach, 5, pp. 398-400; E. Wessels, *Veldslae: Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 82-85.

Britse soldate.⁴⁸¹ Alhoewel geen rekord gevind kon word van die spesifieke rol wat die Bethulie-kommando tydens hierdie geveg gespeel het nie, is die gevolgtrekking dat hulle wel hierby betrokke was, volgens verklarings hieroor deur vier burgers⁴⁸² in hul medalje-aansoeke.⁴⁸³ Volgens die burgersterftelys van die Oorlogsmuseum het twee burgers tydens hierdie geveg gesneuwel⁴⁸⁴ terwyl die aantal gewonde burgers onbekend is. Aan Britse kant verwys Breytenbach na minstens 49 gevalle van gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes.⁴⁸⁵

Kort na hierdie geveg het lord Roberts op 3 Mei 1900 met sy opmars van ongeveer 25 000 troepe en bykans 80 kanonne vanaf Bloemfontein na Pretoria begin. Dit was nadat hy, vol selfvertroue, aan die Britse minister van oorlog berig het dat hy al die strategiese punte in die suid-oostelike Vrystaat onder effektiewe beheer gehad het, wat ook die spoorlyn ingesluit het. Met 'n uitgeruste leërmag en voldoende logistieke ondersteuning te Bloemfontein, het hy sy opmars na Pretoria begin.⁴⁸⁶ In 'n poging om die Britse tog te stuit, het generaal J.H. de la Rey op 3 Mei 1900 by Brandfort met Roberts slaags geraak, waarna De la Rey na Winburg moes terugval. Weer het De la Rey op 5 Mei 1900 met 'n mag van ongeveer 1 200 Transvalers gepoog om die Britse kolonnes aan die Vetrivier naby Winburg te stuit, maar moes hy uiteindelik na Smaldeel terugval.⁴⁸⁷ In nog 'n poging om die Britse opmars te stuit, is daar op 7 Mei 1900 tussen die Vet- en Sandrivier stelling ingeneem deur 'n verdedigingslyn van 30 km saam te stel, wat gestrek het vanaf Doringberg tot by Koppie Alleen. By Doringberg, die Boererepublieke se linkerflank, het Christiaan de Wet op 8 Mei 1900 met 6 000 burgers vanaf die Suid-Vrystaat by kommandant-generaal Louis Botha van die ZAR se magte aangesluit, wat voorts Piet de Wet se kommando's met Bethulie-burgers onder Froneman ingesluit het.⁴⁸⁸ Die afleiding is dat hulle in daardie stadium steeds onder generaal Froneman se bevel was. Amery verwys self soos volg daarna: "Except for the Ficksburg, Ladybrand,

⁴⁸¹ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 86.

⁴⁸² Burgers Willem Jacobus Snyman, Willem Jacobus Botha, Gileam Andies Schoombie en Tjaart Johannes van der Walt.

⁴⁸³ SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers.

⁴⁸⁴ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Andries B.J. Kruger – 28.4.1900; Burger Albertus Jacobus Badenhorst – 29.4.1900.

⁴⁸⁵ Breytenbach, 5, pp. 398-399.

⁴⁸⁶ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 93.

⁴⁸⁷ Breytenbach, 5, pp. 437-440; Amery (red.), 4, pp. 102-104.

⁴⁸⁸ Breytenbach, 5, p. 458; Amery (red.), 4, pp. 104, 110, 113-114; Maurice (red.), 3, p. 40; OM, Kopie-argief, Groep D: Herinneringe van Gert Johannes de Jager van Glassford, Bethulie, 1921.

Wepener, and Smithfield commandos, all the Free Staters in arms were now assembled on the Zand River.”⁴⁸⁹

Op 10 Mei 1900 het die Britte die Boere se stellings bereik, gebombardeer en verskeie flankaanvalle uitgevoer in ’n poging om die Boere te omsingel. In die proses is Ventersburg verower, waarna Roberts in die rigting van Kroonstad opgeruk het.⁴⁹⁰ Griesel beskryf hoe hy en ses Bethulie-burgers die Sandrivier op 10 Mei 1900 bestorm het met die doel om ’n goeie posisie te bekom, maar dat hulle dit weens digte doringbosse nie kon regkry nie en gedwing was om ’n voetpad te volg. Daar is vanuit ’n kerkhof op ’n Britse berede eenheid wat gepoog het om die rivier oor te steek, gevuur, maar hulle was egter verplig om die middag na hul laer terug te keer. Op pad na die laer het hulle 12 burgers van Bethulie en Rouxville teëgekom, waarna die groep burgers deur Britse lansiers verras is. Nog burgers het by hulle aangesluit, maar in die jaagtog wat hierna gevolg het, is ses Bethulie-burgers en vyf Rouxville-burgers gevange geneem. Selfs die perde het in hierdie stryd flou geword en hul swak toestand kan toegeskryf word aan die lang tog wat hulle vanaf Dewetsdorp moes aflê. Griesel was een van diegene wat daarin kon slaag om ’n mielieland te bereik, vanwaar hulle met swaar en vinnige geweervuur die Britte teruggedryf het.⁴⁹¹ Breytenbach verwys na hierdie insident waartydens die burgers die Britte vanuit ’n oop veld suid van die mielieland onder vuur geneem het en die burgers hierna skuiling in die mielieland moes soek.⁴⁹² Griesel en sy medeburgers het hul laer bereik waar daar gereed gemaak is om te vlug, veral nadat daar, volgens hom, verneem is van die gevaarlike lansier-laers wat ten weste van hulle aangekom het. Die paniek was só groot dat sommige van die Bethulie-burgers oor die Vaalrivier gevlug het en tydelik by ’n Transvaalse kommando aangesluit het, maar na 14 dae het hulle weer met die res van die Bethulie-kommando verenig.⁴⁹³

Die republikeinse magte was verplig om hul stellings prys te gee en die Vrystaatse regering moes Kroonstad op 11 Mei 1900 ontruim, waarna hierdie dorp op 12 Mei 1900 deur Roberts beset is. Voor die besetting het die Boere die goedereloods by Kroonstad en die spoorbrug oor die Valschrivier vernietig en die treinspoor beskadig. Die Bethulie-kommando, as deel van hoofkommandant De Wet se mag, het nou oor die Vals- en Rhenosterrivier na Heilbron

⁴⁸⁹ Amery (red.), 4, p. 114.

⁴⁹⁰ Breytenbach, 5, pp. 463, 465-466, 469; Amery (red.), 4, p. 122.

⁴⁹¹ Griesel, pp. 28-29.

⁴⁹² Breytenbach, 5, pp. 470-471.

⁴⁹³ Griesel, pp. 27-29.

wat as die nuwe setel van die Vrystaatse-regering geproklameer is, beweeg.⁴⁹⁴ Alhoewel dit nie duidelik is wat die ongevalle aan Boerekant was nie, meld Breytenbach dat, volgens Britse rekords, ongeveer tien burgers gesneuwel het, terwyl ten minste 69 burgers krygsgevangene geneem is, wat ses Bethulie-burgers⁴⁹⁵ ingesluit het, terwyl Britse ongevalle geskat word op ongeveer 250 soldate.⁴⁹⁶ Een van die gesneuweldes aan Boerekant was kommandant Floris du Plooy se broerskind, Floris Jacobus du Plooy, van die Rouxville-kommando.⁴⁹⁷

Vanaf 13 Mei 1900 het die twee Boererepublieke se strydmagte hulself langs die Rhenosterrivier, halfpad tussen die Vals- en Vaalrivier, ingegrawe in 'n poging om Roberts vir die laaste keer op Vrystaatse bodem terug te hou.⁴⁹⁸ Volgens Griesel het die Bethulie-kommando hulle op 21 Mei 1900 net buite Heilbron bevind.⁴⁹⁹ Die afleiding is dat hulle in daardie stadium steeds deel van Froneman se mag was, wat onder bevel van generaal Piet de Wet was. Na die geveg by Sandrivier het drostery algemeen voorgekom en nou het selfs verraad plaasgevind, met Piet de Wet wat, sonder sukses, gepoog het om voelers by Ian Hamilton uit te steek vir hom en die Bethlehem-kommando's se oorgawe, alhoewel onder bepaalde voorwaardes. Hierdie was Piet de Wet se eerste stap om die Britse oorlogspoging aktief te ondersteun toe hy die republikeinse vryheidstryd versaak het om later by die Britse magte aan te sluit.⁵⁰⁰

Teen hierdie agtergrond het die geveg by die Rhenosterrivier plaasgevind, waartydens die Britse mag onder Ian Hamilton met onder meer die 5th Mounted Infantry, Bainbridge's Mounted Infantry asook die 82th Field Artillery, op 20 Mei 1900 onder sy bevel deurgebreek het en nie slegs die burgers nie, maar selfs die Vrystaatse regering verras het. Dit was nadat Hamilton twee dae ná die besetting van Kroonstad opdrag vanaf Roberts ontvang het om Lindley en Heilbron te beset, alles in 'n poging om die Vrystaatse regering te velde te vang en die burgers te ontwapen. Generaal-majoor sir Bruce Hamilton, asook brigadier-generaal R.G. Broadwood het as deel van hierdie operasie by Ian Hamilton se kolonne aangesluit.⁵⁰¹

⁴⁹⁴ Breytenbach, 5, pp. 479-480, 499.

⁴⁹⁵ Burgers A.D.G. du Plessis, B.M. du Plessis, J.J.H. Kruger, N. Swart, H.C. Venter en J.H. Venter.

⁴⁹⁶ Breytenbach, 5, p. 474.

⁴⁹⁷ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger F.J. du Plooy – 10.5.1900.

⁴⁹⁸ Maurice (red.), 3, p. 66; Breytenbach, 5, p. 499.

⁴⁹⁹ Griesel, pp. 29-31.

⁵⁰⁰ A. Blake, *Boereverraaier: Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 60-61; Amery (red.), 4, pp. 128, 303-304; Breytenbach, 5, pp. 506; J.H. de Bruin, *'n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaatse konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* (LL.D.), pp. 93-94.

⁵⁰¹ Amery (red.), 4, p. 127.

Griesel beskryf hoe die Bethulie-burgers, wat hulself in daardie stadium saam met Christiaan de Wet se mag by Heilbron bevind het, 'n paar kilometer suid van Heilbron op 'n vlakte uitgespan het en deur 'n eenheid berede soldate met artillerie verras is. Verskeie swart wadrywers en agterryers moes deel van die groep gewees het, omrede Griesel verwys na Hendrik, sy agterryer, wat saam met hom ontsnap het en hoe die Britse artillerie op hulle gevuur het.⁵⁰² Ten minste 12 waens met hul swart drywers is deur die vyand gebuit en uit Bethulie-geledere is vyf burgers krygsgevangene geneem.⁵⁰³ Amery verwys na Broadwood wat 15 van Christiaan de Wet se konvooi van 200 waens tydens hierdie gebeure gebuit het. Hy maak melding van 17 burgers wat krygsgevangene geneem is en noem voorts dat die Vrystaatse mag baie bedrywig in die omgewing van Heilbron was.⁵⁰⁴ Die Oorlogsmuseum se Burgersterftelys maak voorts melding van twee burgers van ander kommando's wat tydens hierdie gebeure gesneuwel het.⁵⁰⁵ Volgens Christiaan de Wet se berekening van die sterkte van die Bethulie-kommando onder kommandant Du Plooy, het hierdie kommando teen einde Mei 1900 uit ongeveer 100 burgers bestaan, wat minder is as die groep wat aanvanklik ná 15 Maart 1900 met Du Plooy saamgetrek het. Die vermindering in getalle word onder meer toegeskryf aan burgers van hierdie kommando wat krygsgevangene geneem is.⁵⁰⁶

Ten spyte van die Bethulie-kommando se noue ontkoming by Heilbron, verwys Griesel voorts na 'n groep burgers van Bethulie se aandeel in die gebeure op 4 Junie 1900 toe hulle onder bevel van hoofkommandant De Wet was. Hierdie insident het op die plaas Swavelkranz, 22 km vanaf Heilbron plaasgevind, met De Wet wat 'n Britse voorraadkonvooi van 56 waens voorgelê het.⁵⁰⁷ Volgens Griesel was burgers van hul kommando deel van 'n groter groep van 300 vrywilligers wat die konvooi met voorraad wat vir generaal-majoor H. Colvile se Highland Brigade by Heilbron bestem was, omsingel het. De Wet het 'n burger onder 'n wit vlag gestuur om oorgawe te eis, maar dit is deur die Britte, onder bevel van luitenant J.H. Corballis van die Army Service Corps, afgewys, waarna De Wet 'n tweede burger gestuur het en op oorgawe binne tien minute aangedring het. Hierna het 150 Britte van die 1st Battalion Highland Light Infantry, die 2nd Battalion Black Watch, die 1st Battalion Seaforth Highlanders en die 1st Battalion Argyll and Sutherland Highlanders ingestem om oor te gee en daar was dus geen ongevalle aan beide kante nie. Volgens De Wet was die aantal

⁵⁰² Griesel, pp. 28-31.

⁵⁰³ Burgers J.L. Combrinck, W.J. Combrinck, P.J. Joubert, J.J. van der Walt en J.L. van der Walt.

⁵⁰⁴ Amery (red.), 4, pp. 129, 260.

⁵⁰⁵ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Jan Jacobus Brooks – 20.5.1900; OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Christiaan P. Naude – 20.5.1900.

⁵⁰⁶ De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 72.

⁵⁰⁷ Griesel, p. 31; Amery (red.), 4, p. 262.

“Hooglanders” wat gevang is sonder dat ’n skoot afgevuur is, ongeveer 200 soldate terwyl Pretorius verwys na 160 soldate.⁵⁰⁸ Items soos koffie, konfyt, hawerpitte vir die perde en heelwat vuurwapens met ammunisie is gebuit. Griesel het die wapens en ammunisie van die soldate ingeneem, waartydens ’n offisier by hom wou weet wie hul bevelvoerder was. Die offisier kon nie glo dat die man met die veldhoed waarvan die rand al deurgeskuur was, hoofkommandant De Wet was nie.⁵⁰⁹

Die Bethulie-kommando wat hulself hierna steeds in die Noordoos-Vrystaat bevind het, se volgende geveg het by Roodewal-stasie plaasgevind. Generaal J.H. de la Rey het tydens die Boere se terugtog, voor Roberts se opmars na die ZAR, die spoorlyn tussen Rhenosterrivier-brug en Roodewal-stasie, asook die brug self, beskadig. Pretorius verwys na die skade aan hierdie kwesbare en uitgestrekte verbindingslyn wat meegebring het dat ’n groot hoeveelheid voedsel en krygsmateriaal wat vir Roberts se mag in Pretoria bedoel was, by hierdie stasie opgehoop het. Soos in die geval van die beskadigde Bethulie-spoorbrug, is daar begin met die bou van ’n tydelike spoorbrug oor die Rhenosterrivier ten einde hierdie goedere na Pretoria te vervoer.⁵¹⁰

Met die aanbreek van Junie 1900 het Christiaan de Wet ’n rapport vanaf generaal Louis Botha ontvang waarin laasgenoemde op die Britte se uitgestrekte, maar weerlose, verbindingslinies gewys het en dit as die “Achilleshiel” van die Britse Leër beskryf het. Vanweë die verskeie beskadigde spoorwegbrûe en duikers, meer as 80 tussen Roodewal-stasie en die Rhenosterrivier-brug – die mees ongekende en omvangryke skade tot in daardie stadium nog – het hierdie onderbrekings en gevolglike gebrekkige voorsiening van voorraad, die Britte begin kniehalter. De Wet het Botha verseker dat die Vrystaters die verbindingslyn noord van Kroonstad, wat so belangrik was vir die Britse oorlogspoging, sou verbreek.⁵¹¹ Met Roberts en sy groot leërmag in Pretoria, waar ’n groot kommissariaat nog opgebou moes word, was elke treinwag voorraad vir die Britte van groot belang en het hulle veral ’n behoefte aan kos, wintersdrag en ammunisie gehad. As gevolg van die beskadigde spoorvervoerstelsels het noodsaaklike krygsvoorrade by enkele stasies opgehoop en die bottelneksituasie het hierdie punte dus kwesbaar gemaak. Hoofkommandant De Wet het danksy kaptein Gideon Jacobus Scheepers kennis geneem van die groot kommissariaat langs die Rhenosterrivier, en het ’n

⁵⁰⁸ De Wet, *Die stryd tussen ...*, pp. 73-74; F. Pretorius, *Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet* (M.A.), p. 7.

⁵⁰⁹ Griesel, pp. 31-32.

⁵¹⁰ Pretorius, *Die eerste dryfjag ...*, pp. 5, 7.

⁵¹¹ Breytenbach, 5, p. 484.

aanval beplan, wat kommandant Du Plooy en sy kommando ingesluit het. Die uitkoms van 'n suksesvolle aanval sou meebring dat daar in die noodsaaklike krygs- en voorraadbehoefes van kommando's voorsien kon word, soos wat inderdaad die geval was toe ongeveer 500 tot 600 kiste Lee-Metford-ammunisie ná die geveg te Roodewal, op De Wet se plaas begrawe is.⁵¹²

Die gebeure by Swavelkranz het Roberts bedag gemaak op 'n moontlike aanval op Roodewal-stasie en die tydelike brug wat deur die Royal Engineers langs die beskadigde Rhenosterrivier-brug opgerig is. Nadat Roberts al meer berigte van Boerebewegings in die omgewing van hierdie strategiese punte ontvang het, het hy versterkings daarheen gestuur. Op 5 Junie 1900 het die 4th Derbyshire Regiment wat onderweg was na die Rhenosterrivier-brug, in afwagting op 'n moontlike aanval die aand, by Roodewal oornag waar hulle skanse uit onder meer opgehoopte possakke gebou het. Dit was dieselfde regiment wat in Maart 1900 by die geveg van die Bethulie-brug betrokke was, waarna hierdie eenheid, asook die Royal Engineers en die Railway Pioneers, na die Rhenosterrivier-brug verplaas is. Die volgende dag het die grootste gedeelte van die Derbyshire Regiment na die Rhenosterrivier-brug vertrek en 'n aantal soldate by die stasie gelaat, wat later deur 'n klein eenheid van die Railway Pioneer Regiment versterk is. Sodoende het die verdedigers se getal na ongeveer 200 gegroei.⁵¹³

Ter voorbereiding vir die aanval op Roodewal-stasie het Christiaan de Wet begin deur sy burgers in drie groepe te verdeel. Die eerste groep van nagenoeg 300 burgers, met 'n kanon, was onder bevel van kommandant Lucas Steenekamp en moes die nabygeleë Vredefortweg-stasie aanval. 'n Tweede groep van ongeveer 300 burgers, waaronder kommandant Coen Nel en kommandant F. du Plooy en sy Bethulie-burgers, met 'n Krupp-kanon en een Maxim, was onder bevel van generaal Froneman en moes die Britse garnisoen, die 4th Derbyshire Regiment wat die Bethulie-kommando se ou vyande was, by die Rhenosterrivier-brug aanval en die tydelike spoorbrug-oorgang daar vernietig.⁵¹⁴ Hoofkommandant De Wet self was verantwoordelik vir die derde groep van ongeveer 100 burgers, met een kanon, wat Roodewal-stasie sou aanval.⁵¹⁵ Terwyl Christiaan de Wet sy aanval op die stasie van stapel gestuur het, het Froneman vroegdag die strategiese koppies naby die Rhenosterrivier-brug met behulp van onder meer Bethulie-burgers verower en die aanval op die Derbyshire

⁵¹² Maurice (red.), 4, p. 128; De Wet, *Die stryd tussen ...*, pp. 74, 78.

⁵¹³ Maurice (red.), 3, p. 130; Amery (red.), 4, p. 264; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 74.

⁵¹⁴ Pretorius, *Die eerste dryfjag ...*, p. 8.

⁵¹⁵ Amery (red.), 4, p. 265; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 74.

Regiment se kamp, wat onder bevel van majoor G.E. Wilkinson was, begin.⁵¹⁶ Griesel verwys na hierdie brug as “by die Koppies Siding” en vertel dat die aanval gelei is deur veldkornet Frans Vilonel van Bethulie.⁵¹⁷ Maurice beskryf hoe die Boere “then gained complete command of the camp”,⁵¹⁸ waarna die afdeling van die Derbyshire Regiment verplig was om teen 10:00 oor te gee en dat die tydelike spoorbrug daarna deur Froneman vernietig is.⁵¹⁹

Met die samevoeging van hoofkommandant De Wet, Froneman en Steenekamp se magte, wat Vredefortweg intussen reeds verower het, en uit vrees dat die Boere se artillerie hul swaarkaliber-ammunisie kon laat ontplof, was die Roodewal-garnisoen verplig om oor te gee.⁵²⁰ Hoofkommandant De Wet maak melding van een gesneuwelde⁵²¹ en twee gewondes.⁵²² Aan Britse kant gee Maurice die ongevalle op as 38 gesneuweldes, 104 gewondes en ten minste 486 krygsgevangenes.⁵²³ Ook Amery verwys na ongeveer dieselfde getalle met 36 gesneuweldes en 104 gewondes.⁵²⁴

Griesel vertel dat hy ná afloop van die geveg na sy perd gesoek het en dat ’n skoot op hom afgevuur is. By nadere ondersoek het hy op twee Britse offisiere afgekom wat onder harpui-bosse geskuil het, waarna hy hulle “gehensop” het en hul wapens en verkykers afgeneem het.⁵²⁵ Griesel verwys na voedsel, klere en ammunisie van groot waarde wat by Roodewal gebuit is en onder meer Bethulie-burgers wat hulself hierna aan die oorfloed gehelp het, waarna burgers van die kiste met die gebuite ammunisie op sy plaas, Roodepoort, begrawe het, aldus Christiaan de Wet self.⁵²⁶ Die res van die voorraad is aan die brand gestee, waarna die ammunisie die aand in ’n kleurvolle skouspel van vuurwerke ontplof het. Volgens burger Simon Du Plooy “was de grootste en gevaarlikste vuurwerk dat ik nog gezien het”.⁵²⁷ Volgens ’n berig wat De Wet gelees het, het die Britte skade van ’n “driekwart miljoen pond sterling” gely.⁵²⁸ Amery en Pretorius verwys na £100 000 se goedere wat vernietig is, asook dat kommunikasie met Pretoria verbreek is en die treinspoor oor ’n paar kilometer beskadig

⁵¹⁶ Maurice (red.), 3, p. 130.

⁵¹⁷ Griesel, p. 32.

⁵¹⁸ Maurice (red.), 3, p. 130.

⁵¹⁹ *Ibid.*

⁵²⁰ *Ibid.*, p. 131; De Wet, *Three years ...*, pp. 133-134.

⁵²¹ Die 35-jarige Pieter Michiel Myburg van die Heilbron-kommando.

⁵²² De Wet, *Three years ...*, p. 137.

⁵²³ Maurice (red.), 3, p. 131.

⁵²⁴ Amery (red.), 4, p. 265.

⁵²⁵ OM, 3301/1: Verkyker, 4.5.1946; Griesel, pp. 32-33.

⁵²⁶ Griesel, pp. 32-33; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 80.

⁵²⁷ J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van ’n Boeresoldaat 1899-1902, 6.8.1900.

⁵²⁸ De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 76.

is.⁵²⁹ Uit vergelding vir hierdie gebeure het Roberts sy proklamasies van 31 Mei 1900 en 1 Junie 1900 opgevolg met nog 'n proklamasie op 16 Junie 1900 waarin hy onderneem het om stappe te neem deur eiendom binne 'n bepaalde omgewing waar sabotasie plaasgevind het, te vernietig, 'n besluit wat gesien kan word as die begin van verskroeide aarde.⁵³⁰ De Wet se plaasopstal naby Roodewal is gevolglik net hierna vernietig.⁵³¹ Dertien Bethulie-burgers verwys in hul medalje-aansoeke na hul betrokkenheid by Roodewal.⁵³²

Die Bethulie-kommando was ná Roodewal steeds onder bevel van generaal Froneman, en op 13 Junie 1900 was dié kommando betrokke by 'n aanval op 'n Britse wagpos by Leeuspruitstasie, waar 'n aantal soldate krygsgevangene geneem is en die herstelde tydelike spoorbrug weer vernietig is. Griesel bevestig hierdie geveg, maar onthou die datum foutiewelik as 14 Junie 1900.⁵³³ Hierdie soort optrede was nie die soort uitkoms waarop Roberts gehoop het nadat hy Pretoria, die laaste republikeinse hoofstad, op 5 Junie 1900 beset het nie.⁵³⁴ Dit word aanvaar dat De Wet nog 'n wyle in die omgewing vertoef het, aangesien Griesel verwys na 'n insident waartydens Froneman weer 'n aanval op 'n Britse eenheid geloods het, maar deur 150 berede soldate met twee kanonne verdryf is.⁵³⁵ Volgens Pretorius was dit die mislukte aanval op 'n konvooi van luitenant-generaal P.S. Methuen wat op 19 Junie 1900 onderweg was na Colvile te Heilbron.⁵³⁶

Ná Roodewal het Roberts besef dat die republikeinse krygsmagte nie van plan was om oor te gee nie en dat sy spoorroete in groot gevaar verkeer het, veral met De Wet en onder meer die Bethulie-kommando wat in die Noordoos-Vrystaat bedrywig was. Amery verwys na hierdie gebeure wat Roberts oortuig het van “his insecurity as long as the Free State commando's in the north-east of the new colony were still uncrushed”.⁵³⁷ Ten einde 'n herhaling van die gebeure by onder meer Swavelkranz en Roodewal te voorkom, het Roberts op 17 Junie 1900 bevele aan agt van sy senior offisiere uitgereik met die opdrag om eerstens die belangrike spoorroete te beveilig en tweedens kommando-aktiwiteite in die Noordoos-Vrystaat tot 'n einde te bring. Deel van die plan was om die afgeleë distrikte wat ver vanaf die spoorlyn geleë was, onder Britse beheer te bring deur garnisoene daar te stasioneer. Verder is die

⁵²⁹ Amery (red.), 4, p. 265; F. Pretorius (red.), *Scorched earth*, p. 22.

⁵³⁰ Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: ...”, p. 116.

⁵³¹ Pretorius (red.), *Scorched ...*, p. 22.

⁵³² SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers.

⁵³³ Griesel, p. 33.

⁵³⁴ Pretorius, *Die eerste dryfjag ...*, pp. 10-11.

⁵³⁵ NASA, TAB, A787, 81: Preller-versameling – Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939, p. 2.

⁵³⁶ Pretorius, *Die eerste dryfjag ...*, p. 11.

⁵³⁷ Amery (red.), 4, p. 298.

spoorroete beter bewaak deur meer troepe daar te plaas en kolonnes is gevorm wat deur die distrikte in die Noordoos-Vrystaat waar De Wet bedrywig was, moes beweeg. Roberts het opdrag gegee dat Bethlehem, wat in daardie stadium nog in Vrystaatse hande was, deur brigadier-generaal Arthur H.F. Paget en generaal-majoor Ralph A.P. Clements beset word. Deur nog Britse kolonnes in die veld te stoot, het Roberts gehoop om De Wet te omsingel en tot oorgawe te dwing, iets wat volgens die Britte weer tot die Transvalers se kapitulasie sou lei.⁵³⁸

Met die onderskeie kolonnes wat De Wet en sy krygsmag van 5 300 burgers⁵³⁹ begin Julie 1900 in die rigting van Bethlehem gevolg het, en 'n geveg wat op 3 Julie 1900 by Elandsfontein naby Lindley plaasgevind het, het De Wet besluit om Bethlehem te verdedig deur sy stelling suid van Wolhutterskop tot noordwes van die dorp in te rig.⁵⁴⁰ Op 6 en 7 Julie 1900 het die Slag van Bethlehem plaasgevind, nadat die Vrystaters met Clements se mag van tussen 9 000 en 10 000 soldate van die Imperial Yeomanry, Imperial Bushmen en 'n afdeling van Prince Alfred's Guards, tesame met Paget se mag, slaags geraak het.⁵⁴¹ Griesel verwys na die Bethulie-burgers se aandeel in die geveg by Wolhutterskop, suidwes van die dorp, wat 'n sleutelstelling van die Boere was, en waar die vyand, volgens hom, met groot magte opgeruk het en hulle met swaar grofgeskut en lidietbomme gebombardeer het.⁵⁴² Dit blyk dat die Bethulie-burgers onder generaal Froneman se bevel was, wat die linkervleuel van die Boere se stelling by Wolhutterskop en Stafford Hill gevorm het. Tydens die Britte se aanval op hierdie posisie wat deur onder meer die Bethulie-kommando verdedig is, is een van die 15-ponder Armstrong-kanonne wat by Stormberg gebuit is en op 'n stadium in die Bethulie-laer by Stormberg opgestel was, deur die Royal Irish gebuit. Dit wil voorkom of De Wet nie veel moeite gedoen het om hierdie kanon, wat tegniese probleme begin ondervind het, te red nie.⁵⁴³ Die Britse aanslag (onder Paget) op die burgers se linkervleuel, het op 7 Julie 1900 in felheid losgebars. De Wet verwys na die burgers se dapper weerstand by Wolhutterskop, wat die Bethulie-kommando ingesluit het, en hoe hulle amper van die Britte se kanonne gebuit het.⁵⁴⁴

⁵³⁸ Pretorius, *Die eerste dryfjag* ..., pp. 15-17.

⁵³⁹ Volgens De Wet 5 300 burgers, maar eerder ongeveer 7 000 burgers volgens F. Pretorius en Britse opgawes.

⁵⁴⁰ De Wet, *Die stryd tussen* ..., pp. 88-90.

⁵⁴¹ Amery (red.), 4, pp. 307-308; Maurice (red.), 3, p. 287; Pretorius, *Die eerste dryfjag* ..., p. 19.

⁵⁴² Griesel, pp. 37-38.

⁵⁴³ Maurice (red.), 3, p. 291-292; Amery (red.), 3, p. 308; De Wet, *Die stryd tussen* ..., pp. 88-89; E. Wessels, p. 129.

⁵⁴⁴ De Wet, *Die stryd tussen* ..., p. 88.

Weens Britse versterkings onder generaal-majoor Hector McDonald en luitenant-generaal sir Archiba Hunter wat opgedaag het, was Froneman se burgers ná vele aanvalle verplig om vanaf Wolhuterskop na 'n stelling naby Bethlehem, bekend as Loskop, terug te val. Met Bethlehem in Britse hande en die burgers wat weer voor die Britse oormag moes swig, het die Bethulie-kommando, as deel van De Wet se mag, hierna suidwaarts vanaf Bethlehem begin terugval in die rigting van die Brandwaterkom.⁵⁴⁵ Bronne verskil ietwat oor die aantal Britse ongevallen tydens die geveg by Bethlehem. Amery verwys na 106 Britse ongevallen, Clements na 59 en Paget na 47, terwyl De Bruin meld dat assistent-hoofkommandant Paul Roux na 102 Britse ongevallen verwys.⁵⁴⁶ Twee gesneuweldes aan die Boere se kant is opgeteken, maar die aantal gewondes en krygsgevangenes is onbekend.⁵⁴⁷

2.8.4 Gebeure in die Brandwaterkom

Lees saam met Bylae 2.6: Kaart van Brandwaterkom, Julie 1900.

Teen Julie 1900 was die Fouriesburg-omgewing een van die min distrikte in die Vrystaat wat nie deur die Britte beset is nie. Deel van die landskap van hierdie bergagtige streek is die Brandwaterkom⁵⁴⁸ wat weswaarts verskans word deur die Witteberge, aan die oostekant deur die Roodeberge en suidekant die Basotholand-grens. Die bergreekse in die vorm van 'n perdeskoen, waarin die dorp Fouriesburg geleë is, vorm dus 'n natuurlike vesting. Sekere sleutelstellings soos Retiefsnek en Slabbertsnek het die toegangsroetes vanaf Bethlehem beheer, terwyl Generaalsnek en Kommandonek die hooftoegangsroetes vanaf Ficksburg beheer het. Aan die Golden Gate kant van Fouriesburg het die roete oor Slaapkrans na Naauwpoort, wat naby die huidige Clarens-omgewing geleë is, gestrek.⁵⁴⁹

Die Vrystaatse krygsmag het hulle in die Brandwaterkom bevind nadat die Britte Bethlehem op 7 Julie 1900 beset het en die Vrystaters in die rigting van Slabbertsnek en Retiefsnek teruggeval het. Kommandant Du Plooy en sy kommando was deel van hierdie groep.⁵⁵⁰ Hierdie bergagtige gebied met sy besondere natuurskoon was in skrilte kontras met die Suid-

⁵⁴⁵ Griesel, pp. 37-38; Pretorius, *Die eerste dryfjag* ..., p. 19.

⁵⁴⁶ Amery (red.), 4, pp. 308; J. de Bruin en A. Wessels, "Die oorlogsherinneringe van P.H. Roux: Verontskuldiging of 'n juiste verklaring van die oorgawe in Julie 1900?", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(1), April 2015, p. 5.

⁵⁴⁷ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger Hamilton M. Wessels – 7.7.1900; Burger F. Brits – 8.7.1900.

⁵⁴⁸ Vernoem na die Brandwaterrivier wat deur hierdie bergreeks vloei.

⁵⁴⁹ Amery (red.), 4, pp. 309-310, 315; Maurice (red.), 3, p. 293; J. de Bruin *et al.*, "The Orange Free State's strategy to continue the Anglo-Boer War in July 1900: A lost opportunity?", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(2), September 2011, p.114; De Wet, *Die stryd tussen* ..., p. 91.

⁵⁵⁰ Amery (red.), 4, p. 309; Maurice (red.), 3, p. 293; De Wet, *Die stryd tussen* ..., p. 91.

Vrystaat se vlaktes en koppies, vanwaar die Bethulie-kommando afkomstig was. Volgens generaal Paul Roux het die Vrystaatse krygsmag wat hier saamgetrek was, uit 'n totaal van ongeveer 7 800 persone bestaan, wat sowat 6 740 burgers met drie generaals en nege kommandante, asook vroue en kinders ingesluit het.⁵⁵¹ Verder was daar 'n groep Britse krygsgevangenes, veewagters, drywers en enkele agterryers, asook trekdiere, vee, rytuie, 16 artilleriesukke van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps, en die Vrystaatse krygsmag se laaste groot ammunisiereserwes hier saamgetrek, wat tot groot logistieke uitdagings aanleiding gegee het.⁵⁵² Reeds tydens die Slag van Bethlehem het De Wet verwys na “waens en karre wat byna ongemerk om my saamgepak het”.⁵⁵³ Daarbenewens was die Vrystaatse regering, wat vanaf Maart 1900 'n regering te velde was, deel van hierdie saamtrek.⁵⁵⁴ Alhoewel die Brandwaterkom 'n natuurlike vesting gevorm het vir die Boeremag wat teen einde Julie 1900 hier verskans was, het dit spoedig in 'n tronk verander waaruit hulle moeilik kon ontsnap, juis indien al die ontsnaproetes deur die Britte beset sou word. Hoofkommandant Christiaan de Wet het die risiko besef en die gevolge gevrees indien die Britte wat hulself in daardie stadium in Bethlehem bevind het en besig was om hul eie logistieke probleme uit te sorteer, in die rigting van Brandwaterkom sou opruk.⁵⁵⁵ Kort voor lank het luitenant-generaal sir Archibal Hunter op 27 Junie 1900 in die rigting van die Brandwaterkom opgeruk, gevolg deur luitenant-generaal sir Ian Hamilton, brigadier-generaal R.G. Broadwood, generaal-majoor Bruce M. Hamilton en generaal-majoor Hector McDonald. Hunter was in bevel van al hierdie Britse magte in die Noordoos-Vrystaat.⁵⁵⁶

Teen hierdie agtergrond is De Wet gedwing om haastig 'n krygsraadsvergadering op 11 Julie 1900 te belê, waartydens verskeie militêre opsies oorweeg en bespreek is. Die afleiding is dat die vergadering gekenmerk is deur paniek, verwarring en 'n gebrek aan konsensus, aangesien sommige offisiere hul in die Brandwaterkom wou ingrawe, terwyl ander, soos De Wet, omsingeling en 'n beleg gevrees het.⁵⁵⁷ De Wet se strategie was om die Vrystaatse krygsmag in drie groepe te verdeel en so gou as moontlik uit die gebied te laat beweeg, elk in 'n vooraf-beplande rigting.⁵⁵⁸ Die hoofmag van ongeveer 2 600 burgers met De Wet en Steyn sou na

⁵⁵¹ NASA, VAB, A305a: Notaboek – generaal Paul Roux, 3.11.1900.

⁵⁵² De Bruin *et al.*, “The Orange Free State’s ...”, pp. 112-113, 117.

⁵⁵³ De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 88.

⁵⁵⁴ W.H. de la Harp, *Fouriesburg en die Brandwaterkom gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 14.

⁵⁵⁵ *Ibid.*, pp. 28-29; De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, p. 211.

⁵⁵⁶ Amery (red.), 4, p. 311; Maurice (red.), 3, pp. 292-293.

⁵⁵⁷ P.J. Delpont, *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog* (M.A.), p. 150; De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, pp. 116-117.

⁵⁵⁸ Amery (red.), 4, p. 316; De Wet, *Three years ...*, pp. 124-125.

Kroonstad en Heilbron uitwyk, terwyl 'n tweede mag van agt kommando's, insluitend die Bethulie-kommando, met 'n totaal van ongeveer 2 000 burgers, onder die bevel van generaal Roux⁵⁵⁹ sou wees. De Wet se opdrag aan Roux was om ná sy uittog, suidwaarts van Bloemfontein, wat dus die Bethulie-distrik sou insluit, te opereer. Die derde mag van ongeveer 500 burgers onder bevel van generaal J. Crowther, is opgemaak uit kommando's van die Noordoostelike Vrystaat. 'n Agterhoede deur generaal Marthinus Prinsloo sou die passe bewaak ten einde die ander magte die geleentheid te bied om te onttrek.⁵⁶⁰

Groot ongelukkigheid het geheers omrede generaal Roux as assistent-hoofkommandant aangestel is en dit is tot die spits gedryf nadat hoofkommandant De Wet op 15 Julie 1900 met sy mag en konvooi van 460 waens en karre vertrek het.⁵⁶¹ Die wetlikheid van Roux se aanstelling wat beteken het dat hy die oorhoofse bevelvoerder ná De Wet se vertrek was, is deur sommige offisiere, spesifiek die faksie onder leiding van generaal Marthinus Prinsloo, bevraagteken. Dit blyk dat 'n vraagteken oor Prinsloo se krygsvernuif gehang het aangesien De Bruin meld dat hierdie veteraan se waarde eerder in sy hoë aansien geleë was.⁵⁶² Die afleiding is derhalwe dat hy dus nie juis oor enige uitstaande militêre vermoë beskik het nie. Dit word bevestig na aanleiding van 'n geveg in Januarie 1900 by Waggon Hill op die Natal-front, waartydens Breytenbach prontuit verklaar het dat Prinsloo 'n man met min krygsvernuif of inisiatief was deurdat die Vrystaters daar, onder sy bevel, "bedroewend min leiding, indien enige, ontvang het".⁵⁶³ Amery swyg self oor sy militêre vermoë en verwys slegs na hom as "a man of much importance in his district of Winburg, an elder of the church and rich".⁵⁶⁴

Met Prinsloo nou aan die stuur van sake, en dit wat hierna in die Brandwaterkom afgespeel het, asook Hunter se mag wat al nader aan die republikeinse stellings beweeg het, was dit 'n epiese verhaal van ondermyning, dwarstrekkerie, tweespalt, jaloesie, wantroue, verwarring en totale besluiteloosheid deur die republikeinse krygsleiding, te midde van die gewone burgers soos die Bethulie-kommando, wat die Britte onder groot druk moes terughou.⁵⁶⁵ Hierdie besluiteloosheid en struweling met gevolglike nalatigheid om die krygsstrategie uit te voer, soos ooreengekom voor De Wet se vertrek, het tot gevolg gehad dat Prinsloo en sy mag van

⁵⁵⁹ Paul Hendrik Roux (28.9.1862-8.6.1911), predikant en Vrystaatse generaal wat in die Brandwaterkom oorgegee het en na Ceylon gestuur is.

⁵⁶⁰ Amery (red.), 4, p. 316; De Wet, *Die stryd tussen ...*, pp. 92-93; Delpont, pp. 150-151; De Bruin *et al.*, "The Orange Free State's ...", pp. 125, 128; De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, pp. 122-128.

⁵⁶¹ De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 93; Pretorius, *Kommandolewe ...*, p. 217; Delpont, p. 160; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 91.

⁵⁶² De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, p. 169.

⁵⁶³ Breytenbach, 3, p. 59.

⁵⁶⁴ Amery (red.), 4, p. 337.

⁵⁶⁵ De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, pp. 194, 207, 252; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 91.

ongeveer 6 000 burgers teen 20 Julie 1900 deur ongeveer 19 000 soldate met 72 kanonne omring was en dat sleutelstellings hierna een vir een verower is. So is Slabbertsnek op 24 Julie 1900 om ongeveer 11:00 verower, Retiefsnek om ongeveer 15:00 en Witnek (Witkop) laatmiddag, terwyl Naauwpoortsnek op 25 Julie 1900 reeds in Britse hande was.⁵⁶⁶

In die wanorde wat in die Brandwaterkom afgespeel het, is dit moeilik om die presiese rol en plasing van die Bethulie-kommando, as deel van Roux se groep, te bepaal. Korporaal Abraham Griesel vertel dat die Bethulie-kommando vanaf Retiefsnek na Slabbertsnek beweeg het, waar daar op 22 Julie 1900 geveg is en die kommando daarna na Naauwpoort is.⁵⁶⁷ Die korrekte datum is egter 23 Julie 1900, met generaal-majoor R.A.P. Clements en generaal-majoor A.H.F. Paget, wat 'n aanslag op Slabbertsnek en Retiefsnek geloods het, maar suksesvol deur burgers onder bevel van generaals Roux en Prinsloo afgeweer is. Die strategiese stellings is egter kort hierna, weens hernude Britse aanvalle, prysgegee.⁵⁶⁸ Die Bethulie-, Smithfield-, Wepener-, Ladybrand- en Ficksburg-kommando's moes egter die agterhoede teen Hunter en Rundle se magte dek, terwyl die res van die burgers na Naauwpoort beweeg het.⁵⁶⁹ Benewens aanvalle deur die Britte moes die Bethulie-kommando voorts stormweer van kapok, reën en wind trotseer.⁵⁷⁰ Burger S. du Plooy beskryf hoe die Bethulie-kommando, te midde van swaar reën en sneeu, later hierdie twee sleutelstellings (Retiefsnek en Slabbertsnek) moes ontruim uit vrees dat hulle van die passe afgesny kon word. Die laaste kommando's het inderhaas na Naauwpoort beweeg en gepoog om daardeur te ontsnap, aangesien die Britte op 25 Julie 1900 bykans al die uitgangstroetes beset het.⁵⁷¹ Daar is voorts besluit om kommandant S.F. Haasbroek se burgers, asook die Bethulie- en Fauresmith-kommando's, vooruit te stuur om die burgers by Naauwpoort te versterk en die poort as ontsnaproete “oop” te hou.⁵⁷²

Nadat lede van die Bethulie-kommando Naauwpoort met hul swaar waens en uitgeputte diere bereik het, was die stelling reeds ontruim en is besluit om na Witzieshoek, volgens Du Plooy die “laaste oop hek”, te beweeg. Hy noem dat daar eers in die omgewing van Naauwpoort 'n krygsraadsvergadering gehou is, wat die ongestelde kommandant Du Plooy probeer bywoon het, maar dat hy moes terugdraai aangesien sy perd wat intussen “de Nieuweziekte”

⁵⁶⁶ De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, p. 210; Delpont, pp. 170, 173, 177.

⁵⁶⁷ Griesel, p. 38.

⁵⁶⁸ Amery (red.), 4, pp. 327, 330-331.

⁵⁶⁹ Delpont, p. 177.

⁵⁷⁰ Amery (red.), 4, p. 327.

⁵⁷¹ De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, p. 234.

⁵⁷² *Ibid.*, pp. 234, 246.

opgedoen het, nie verder kon gaan nie. Sy vertelling stem ooreen met die krygsraadsvergadering wat van 27 tot 28 Julie 1900 op die plaas Bethel plaasgevind het en waartydens generaal Prinsloo as bevelvoerder aangewys is, ten spyte daarvan dat nie al die offisiere soos Du Plooy, teenwoordig was nie. Op 29 Julie 1900 het kommandant Du Plooy berig ontvang van Marthinus Prinsloo se oorgawe, nadat al die poorte en sleutelstellings deur die Britte met kanonne bewaak is en dit ontsnapping onmoontlik gemaak het. In Prinsloo se woorde was die Brandwaterkom “so toe as ’n pot”.⁵⁷³

’n Britse offisier van die Royal Sussex, majoor L.E. du Moulin,⁵⁷⁴ het opdrag van generaal-majoor Bruce M. Hamilton ontvang om al die burgers by Klerksvlei te ontwapen. Du Moulin se weergawe van die gebeure bevestig dat die Bethulie-kommando hulself tydens die oorgawe in die omgewing van Naauwpoort bevind het en meld voorts dat hy vyf kommando’s by Klerksvlei se oorgawe ontvang het. Naby Golden Gate het Du Moulin op 31 Julie 1900, so ver as die oog kon sien, ’n warboel van rytuie en vee aangetref, met die Klerkspruit wat deur alles kronkel. Hy is deur luitenant Robert Bellamy en lede van die berede polisie bygestaan en 1 200 perde, alhoewel in ’n swak toestand, is getel. Kommandant Du Plooy was een van vyf kommandante wat op Salomon Raath se plaas, deur Du Moulin beskryf as “Caledon Valley”, oorgegee het.⁵⁷⁵ Met Du Moulin se aankoms op 30 Julie 1900 by Klerksvlei het hy die vyf kommandante, wat elk met ’n klein gevolg opgedaag het, te woord gestaan. Du Moulin verwys na Du Plooy in sy herinneringe as ’n persoon wat groot respek afgedwing het en baie betroubaar was.⁵⁷⁶ Amery verwys self na hierdie groep burgers wat op 31 Julie 1900 by Klerksvlei op Raath se plaas aan Bruce Hamilton oorgegee het en meld die name van kommandant F.J. du Plooy, kommandant P.J. Joubert en kommandant J.F. Potgieter met ongeveer 1 500 burgers.⁵⁷⁷

Du Moulin se opdrag aan die kommandante was dat elkeen sy kommando moes versamel met die oog op die inhandiging van al die gewere en bandeliere, asook om die perde te tel. ’n Offisier moes toesig hou oor elke kommando se wapenneerlegging, wat uit Mausers, enkele Martini's en selfs Lee Metfords en Webley-rewolwers bestaan het, waarna dit op waens gepak is. Waens en ammunisie van die Harrismith-kommando is hierna, vyf kilometer vanaf

⁵⁷³ J. Kotze *Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van ’n Boeresoldaat 1899-1902*, 6.8.1900.

⁵⁷⁴ Majoor Louis Eugène du Moulin is gedurende die oorlog tot luitenant-kolonel bevorder.

⁵⁷⁵ L.E. du Moulin, *Two years on trek: Being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*, pp. 151-152, 159.

⁵⁷⁶ *Ibid.*, p. 159.

⁵⁷⁷ Amery (red.), 4, p. 342.

Klerksvlei, deur luitenant A.F. Evans van die Royal Engineers vernietig.⁵⁷⁸ Die afleiding is dat dit dieselfde ammunisiekonvooi was waarna Sydney Holm van die Bethulie-kommando in sy herinneringe verwys.⁵⁷⁹ Daar is melding gemaak van die Krupp-kanonne se swart kruit wat die Britte oor die waens wat dig op mekaar getrek was, gestrooi het, waarna lampolie oor alles gegooi is en dit aan die brand gestee is. Daar is voorts verwys na ammunisie wat in waterpoele gegooi is en ander wat begrawe is. Volgens Holm is al die vuurwapens hierna op 'n hoop gegooi en verbrand, terwyl die tweede Armstrong-kanon wat by Sannaspos gebuit is, weer in Britse hande beland het.⁵⁸⁰

Bruce Hamilton en sy offisiere het by die byeenkoms opgedaag en die voorwaardes van oorgawe aan die kommandante verduidelik. Die kommandante het die Britte daarop gewys dat daar nog burgers in die berge was wat nog nie van die oorgawe bewus was nie, maar dat hulle sodanig ingelig sou word.⁵⁸¹ Volgens generaal Roux het die aantal weerbare burgers afkomstig vanaf Bethulie, in daardie stadium op ongeveer 150 burgers te staan gekom.⁵⁸² Die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke se lys van krygsgevangenes bevat die name van 155 Bethulie-burgers wat daar oorgegee het.⁵⁸³ Du Moulin het, kort ná die oorgawe, verwys na 227 Bethulie-mans en seuns ten tye van “roll call” deur sy offisiere.⁵⁸⁴ Hy verwys verder na die groot aantal bejaardes, vroue en kinders en baie “trek Boers” asook die swart werkers en groot hoeveelheid vee wat saam met die kommando's op Klerksvlei was. Hierdie “trek Boers” het onder meer bestaan uit families wat voor die optrekkende Britte gevlug het. Kort hierna is 105 bejaardes en jong seuns wat uit verskeie distrikte afkomstig was, by Winburg van reispasse voorsien sodat hulle na hul huise kon terugkeer. Du Moulin bevestig dat bejaardes en seuns uit Bethulie “were provided with railway passes”.⁵⁸⁵

Du Moulin het hierna die onderskeie burgers beveel om volgens kommando te groepeer en hulle laat inspan, waarna hulle buite die poort by Korfshoek kamp opgeslaan het. Verskeie junior Britse offisiere is aangewys om hieroor toesig te hou en luitenant Charles Barbery Bond was vir die Bethulie-kommando verantwoordelik. Daar is volgens 'n Britse offisier streng instruksies aan die kommandante uitgereik dat hulle tydens hul gevangeneskap verantwoordelik was vir dissipline en orde onder die burgers, iets wat die meeste van die burgers uit

⁵⁷⁸ Du Moulin, p. 155.

⁵⁷⁹ Thurngood, p. 8.

⁵⁸⁰ *Ibid.*, p. 9.

⁵⁸¹ De la Harp, pp. 152, 154, 156-157.

⁵⁸² NASA, VAB, A305a: Notaboek – generaal Paul Roux, 3.11.1900.

⁵⁸³ OM, Databasis: Krygsgevangenes.

⁵⁸⁴ Du Moulin, pp. 165, 172.

⁵⁸⁵ *Ibid.*

respek vir hul bevelvoerders gehoorsaam het.⁵⁸⁶ Die aand is 'n kordon wagte om die krygsgevangenes gevorm,⁵⁸⁷ maar alhoewel 'n deeglike kordon gevorm is, het burger Piet Robinson van Bethulie tog daarin geslaag om te ontsnap.⁵⁸⁸ Die volgende oggend het artillerie-offisiere die beste perde van onder meer die Bethulie-burgers met hul eie verswakte perde uitgeruil. Du Moulin noem dat die hele administratiewe proses rondom die oorgawe 14 dae geneem het. Die Britte is daarna oorval deur burgers wat verskeie versoeke gehad het, veral ten opsigte van die verkryging van beter perde.⁵⁸⁹ Dit wil hieruit blyk dat die burgers onder die indruk was dat hulle in 'n stadium toegelaat sou word om huiswaarts te keer en hiervoor goeie rydiere sou benodig, maar hulle het mettertyd besef dat niemand toegelaat sou word om huiswaarts te keer nie. Die oorgawe in die Brandwaterkom is deur De Wet bestempel as “'n gruwelike moord wat teen die Regering en Volk gepleeg is”.⁵⁹⁰ Pretorius verwys daarna dat die helfte van die Vrystaatse krygsmag wat in daardie stadium nog te velde was, ná die Brandwaterkom-gebeure uitgeskakel is.⁵⁹¹

2.8.5 Bethulie-burgers se weergawe van die oorgawe

Die Brandwaterkom-gebeure is voorafgegaan deur bewerings van onderlinge struwelinge deur die onderskeie Vrystaatse bevelvoerende offisiere in 'n poging om mag te bekom en/of te behou en selfs bewerings van verraad. In verskeie briewe, dagboeke en herinneringe van Bethulie-burgers oor hierdie gebeure kom emosies voor wat wissel van ontnugtering, verslaentheid, skande, woede en selfs blatante verwysings na die uitverkoop aan die Britse bevelvoerder, luitenant-generaal Hunter, deur “ons voormanne” in die Brandwaterkom ná De Wet en president Steyn se vertrek. Afguns en jaloesie het, volgens generaal Roux, die Vrystaatse krygsmag in die Brandwaterkom lamgelê.⁵⁹²

Die aanloop tot en gevolglike oorgawe in die Brandwaterkom vanuit verskillende Bethulie-burgers se beskrywings, stem ooreen met dié van Britse bronne soos *Two years on trek* deur kolonel L. du Moulin. So maak burger Simon du Plooy op 29 Julie 1900 melding dat die hele Bethulie-kommando tyding ontvang het van Prinsloo se oorgawe aan Hunter. Op die oggend van 30 Julie 1900 het Du Plooy en enkele Bethulie-burgers nog planne beraam om te probeer

⁵⁸⁶ *Ibid.*, pp. 157, 163.

⁵⁸⁷ *Ibid.*, p. 153.

⁵⁸⁸ Van Zyl, *Waar en ...*, p. 60.

⁵⁸⁹ Du Moulin, p. 159.

⁵⁹⁰ De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 94.

⁵⁹¹ Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: ...”, p. 117; De Bruin, *'n Regshistoriese studie ...*, pp. 337, 407.

⁵⁹² J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van 'n Boeresoldaat 1899-1902, 68.1900; Thurngood, pp. 8-9; Griesel, p. 41.

ontsnap, maar het verneem dat al die poorte met Britse kanonne bewaak is. Du Plooy gee 1 Augustus 1900 op as die datum waarop die Bethulie-kommando amptelik krygsgevangene is, aangesien hulle op hierdie datum na die Britse kamp vertrek het.⁵⁹³

Volgens korporaal Griesel se dagboek het hy op 29 Julie 1900 voorgestel dat die Boere moet veg en probeer uitkom, waarop hy met die woorde “jy is ’n kind en praat soos ’n kind” deur die ouer garde stilgemaak is. Griesel en Barend de Klerk van Bethulie het ontsnapping oorweeg, maar is deur burger Raath van Klerksvlei afgeraai, aangesien al die voetpaaie uit die Brandwaterkom in daardie stadium reeds deur die Britte beset was.⁵⁹⁴

Holm noem dat die Bethulie-burgers wat hulself nog in loopgrawe by Naauwpoortsenek bevind het, op 30 Julie 1900 in Fouriesburg se rigting moes vertrek, aangesien Britse soldate uit ’n nabygeleë kop op hulle begin vuur het. Op pad na Fouriesburg het hy generaal Paul Roux ontmoet, wat te perd onderweg was om teen Prinsloo se oorgawe te protesteer. By Klerksvlei het die ammunisiekonvooi die agterhoede van die groep Bethulie-burgers wat te perd vooruit beweeg het, ingehaal en is die gerug van oorgawe bevestig. Die Britse soldate het nog dieselfde aand begin om die burgers krygsgevangene te neem en het die meeste van die rytuie en waens, nadat dit teen mekaar geparkeer en met lampolie besprinkel is, saam met die burgers se vuurwapens aan die brand gestee. Holm het verkies om sy pragtige Mauser self te vernietig deur dit teen ’n boom stukkend te slaan en noem dat hy die skouspel van ammunisie, wat heelnaag ten aanskoue van medeburgers en die Britse wagte ontplof het, nie kon vergeet nie. Volgens Holm was dit die begin van die “great betrayal”, aangesien verslaentheid orals op die burgers se gesigte te bespeur was. Die status van die Bethulie-burgers het eensklaps verander van kommando-lede wat vir hul Boererepubliek se vryheid gegee het, tot dié van krygsgevangenes sonder enige persoonlike vryheid, aldus Holm.⁵⁹⁵ Die burgers het opdrag ontvang om kiste met persoonlike items oop te maak en die inhoud op ’n hoop te gooi. Alle buitgemaakte Britse militêre items, soos verkykers, komberse en klerasie, is op ’n ander hoop geplaas. Bethulie-burgers het talle van hierdie items by Stormberg en Roodewal gebuit en selfs ’n Britse bron verwys na items wat aan die Vrystaatse regering behoort het en oorhandig moes word.⁵⁹⁶

⁵⁹³ J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van ’n Boeresoldaat 1899-1902, 29-30.7.1900.

⁵⁹⁴ Griesel, p. 41.

⁵⁹⁵ Thurngood, pp. 8-9.

⁵⁹⁶ J. Kotze Privaat Versameling: Banneling Du Plooy – dagboek van ’n Boeresoldaat 1899-1902, 6.8.1900; Du Moulin, p. 165.

Wat die gesneuweldes aan republikeinse kant betref, is die Oorlogsmuseum se burgersterftelys geraadpleeg. Hierdie lys verskaf die name van sewe gesneuweldes, maar volgens ds. J. Mostert, voormalige predikant op Fouriesburg en kundige op die Brandwaterkomgebeure, moes meer burgers gesneuwel het.⁵⁹⁷ ’n Britse bron bereken die aantal vegtendes wat in die Brandwaterkom oorgegee het, op tussen 4 140 en 4 314 persone.⁵⁹⁸ De Bruin verwys self daarna dat ongeveer 4 100 burgers krygsgevangene geneem is, terwyl Amery die vee wat gebuit is, skat op ongeveer 2 800 beeste, 4 000 skape en 5 000 tot soveel as 6 000 perde, asook verskeie rytuie wat gebuit is.⁵⁹⁹ Verder is drie kanonne gebuit, asook ongeveer 2 000 000 rondtes ammunisie wat hierna vernietig is.⁶⁰⁰ Hierbenewens is drie generaals en nege kommandante krygsgevangene geneem.⁶⁰¹ Naas Paardeberg, was die gebeure in die Brandwaterkom die grootste militêre terugslag wat die Boere getref het en dit het daartoe bygedra dat baie Vrystaatse burgers die voortsetting van die stryd as sinloos beskou het en hul rug op die stryd gekeer het. Die oorgawe is beskou as ’n nekslag, nie net vir die Bethuliekommando nie, maar selfs vir die ander Vrystaatse kommando’s, spesifiek die Suid-Vrystaatse kommando’s. Die Bethuliekommando was hierna hoofsaaklik ’n kommando in ballingskap en was teen einde Julie 1900, grootliks as ’n militêre faktor in die Vrystaatse krygsmag uitgeskakel. Kommandant Du Plooy en sy gevangene Bethulie-burgers is hierna per trein na Kaapstad gestuur, waar hulle as deel van ’n groep van 1 290 krygsgevangenes, op 24 Augustus 1900 met die SS *Bavarian* na Ceylon vertrek het. Benewens Ceylon, is Bethuliekrygsgevangenes na Groenpunt in Kaapstad, Bellevue te Simonstad, St Helena, Bermuda en selfs Indië gestuur.⁶⁰²

Tabel 2.1 gee ’n aanduiding van die getal Bethulie-burgers wat as krygsgevangenes na kampe weggestuur is en hoeveel daar oorlede is. Dit sluit Bethuliekommando’s, asook Bethulie-burgers ouer as 65 jaar en seuns jonger as 16 jaar in. Die negejarige Petrus Cronjé van die plaas Klein Vischgat, Bethulie, was een van die jongste krygsgevangenes van die oorlog.⁶⁰³

⁵⁹⁷ OM, Lys van burgersterftes 1899-1902: Burger A. Uys – 18.7.1900; burger A.J. Rautenbach – 23.7.1900; burger Pieter C. de Jager – 23.7.1900; burger Adriaan J. de Lange – 24.7.1900; burger A.N. Rautenbach – 25.7.1900; burger P.A. Olivier – 27.7.1900; burger Jan Godfrey Bonthuys – 30.7.1900; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling; J. Mostert – J.J.R. van Zyl, 28.4.2019 (e-pos).

⁵⁹⁸ T.C. Wetton, *With Rundle’s Eighth Division in South Africa: Being a volunteer’s experience with the division, 1900-1902*, p. 180.

⁵⁹⁹ Amery (red.), 4, p. 342; De Bruin, *’n Regshistoriese studie ...*, pp. 225, 329-330, 336.

⁶⁰⁰ Amery (red.), 4, p. 342.

⁶⁰¹ De Bruin *et al.*, “The Orange Free State’s ...”, pp. 112-113.

⁶⁰² OM, Databasis: Krygsgevangenes.

⁶⁰³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys; OM, Databasis: Krygsgevangenes.

Tabel 2.1: Bethulie-burgers as krygsgevangenes en oorlede in kampe

Kamp	Getal krygsgevangenes	Ouderdom van jongste burger	Ouderdom van oudste burger	Getal oorlede
Ceylon	127	15	60	10
Indië	100	15	62	1
Bermuda	51	9	78	0
Groenpunt en Simonstad	35	15	65	0
St Helena	18	11	68	2
Ladysmith (Tin Town)	2	16	36	0
Durban (Umbilo)	1	32	32	0
Ter see	–	–	–	2
Totaal	334			15

Daar word afgelei dat ten spyte van hul verskraalde getalle ná 15 Maart 1900, die Bethulie-kommando steeds 'n gedugte mag was wat 'n waardevolle bydrae gelewer het in verskeie gevegte wat hierna plaasgevind het. Hierdie kommando het 'n belangrike rol gespeel in hoofkommandant De Wet se guerrilla-taktiek, waarteen die Britte sedert Sannaspos te staan gekom het. Uit Bethulie-burgers se dagboeke en herinneringe is dit duidelik dat hierdie burgers, waarvan die meeste se status op 31 Julie 1900 van kommandolid na krygsgevangene verander het, in die bevelstruktuur van die Brandwaterkom ontnugter was. Tereg was die oorgawe in die Brandwaterkom die einde van die Bethulie-kommando se rol te velde as 'n kommando-eenheid in die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902.

2.9 ENKELE LOTGEVALLE NÁ 31 JULIE 1900

2.9.1 Agtergrond

Soos wat die geval was met die meeste van die Suid-Vrystaatse kommando's, het die Bethulie-kommando as gevegseenheid van die Vrystaat, op 31 Julie 1900 ophou bestaan. Dit was nadat die Bethulie-kommando, met kommandant Floris du Plooy as bevelvoerder, in die Brandwaterkom oorgegee het. Hierdie oorgawe het meegebring dat die oorblywende Vrystaatse burgers te velde, ernstige bedenkinge gehad het oor die voortsetting van die stryd en dat kragdadige leierskap en optrede hierna nodig was om dit te stuit.⁶⁰⁴ Nieteenstaande die feit dat bykans al die lede van hierdie kommando hierna as krygsgevangenes weggevoer is, is daar enkele verwysings in bronne na Bethulie-burgers wat daarin kon slaag om uit die Brandwaterkom te ontsnap, waarna hulle weer die wapen teen die Britte opgeneem het.

⁶⁰⁴ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 168.

Hoofdkommandant De Wet verwys na generaal C.C. Froneman en generaal P.J. Fourie, asook kommandante W.J. Kolbe, S.F. Haasbroek, C.J. de Villiers en J.H. Olivier, wat met ongeveer 1 500 burgers en 'n paar kanonne uit die Brandwaterkom ontsnap het.⁶⁰⁵

Sommige van hierdie burgers, asook enkele Kaapse rebelle, was deel van die gewapende guerrillamagte wat van tyd tot tyd steeds in die Bethulie-distrik bedrywig was. Amery verwys na die oorgawe in die Brandwaterkom as “the surrender was to the Boers merely an incident which confirmed them in their already fixed determination to fight by guerrilla methods”.⁶⁰⁶ Dit was nadat Christiaan de Wet in 1901 die oorblywende burgers van die Vrystaatse krygsmagte, meer spesifiek die Suid-Vrystaat, in nuwe gevegseenhede saamgevoeg het. Hierdie onderskeie eenhede kon, wanneer nodig, vinnig saamsmelt en 'n verrassingsaanval op 'n Britse eenheid loods.⁶⁰⁷ 'n Posing is voorts aangewend om veral diegene in die Suid-Vrystaat wat die wapen neergelê het, weer op te roep vir kommandodiens, maar De Wet verwys na assistent-hoofkommandant Fourie wat weens die gebeure in die Brandwaterkom slegs ongeveer 750 burgers in die Suid-Vrystaat onder sy bevel gehad het.⁶⁰⁸ Deel van die hernude krygsoptrede in die Vrystaat was om die uitgedunde kommando's van onder meer Smithfield en Bethulie tot een gevegseenheid saam te voeg, met kommandant Gideon (Giep) Joubert⁶⁰⁹ as bevelvoerder. Joubert was op sy beurt weer onder bevel van Fourie en later generaal Georg Brand wat Fourie as bevelvoerder van die Suid-Vrystaat krygsmag vervang het.⁶¹⁰

Dit is moeilik, en ongelukkig nie moontlik nie, om 'n volledige beeld saam te stel van al die Bethulie-burgers wat uit die Brandwaterkom ontsnap het, aangesien hierdie inligting meestal bestaan uit gefragmenteerde stukkies inligting en/of terloopse verwysings. Ten spyte hiervan, is daar 'n paar gevalle van sodanige burgers, danksy publikasies, herinneringe en dagboeke, wat bekend is.⁶¹¹

⁶⁰⁵ De Wet, *Three years ...*, p. 128.

⁶⁰⁶ Amery (red.), 4, p. 343.

⁶⁰⁷ Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: ...”, p. 118.

⁶⁰⁸ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 172.

⁶⁰⁹ Joubert, 'n veteraan van Stormberg, se verhaal as bittereinder is in 1904 in 'n koerant in die VSA, *The Morning Oregonian*, gepubliseer. Joubert, wat daar op besoek was, is in dieselfde jaar in Hooker, Oklahoma, oorlede en begrawe. Sy dood was weens komplikasies van wonde wat hy tydens die oorlog opgedoen het, aangesien berig is dat hy drie keer tydens die oorlog ernstig gewond is en dit sy gesondheid aangetas het. McDonald verwys in sy publikasie *'n Terugblik op my oorlogsjare*, p. 52, na Joubert se verwonding.

⁶¹⁰ Van Zyl, *Die helde-album ...*, pp. 222-223, 387; De Wet, *Die stryd tussen ...*, p. 116.

⁶¹¹ Sien byvoorbeeld die twee publikasies van R.D. McDonald: *In die skaduwee van die dood en 'n Terugblik op my oorlogsjare*, asook P.H.S. van Zyl se publikasie, *Waar en trou (Piet Robinson)*, en die ongepubliseerde “Dagboek van 'n onbekende artilleris”, Aanwins 42199/4, in die versameling van die Oorlogsmuseum, sowel as ongepubliseerde Anglo-Boereoorlogherinneringe in die Aliwal-Noord Museum deur Dennis McDonald.

2.9.2 McDonald-broers van Jakhalsfontein

Prop. Roelof Daniël McDonald, seun van veldkornet Roelof Daniël McDonald van die plaas Jakhalsfontein, Wyk Grootrivier, Bethulie, was een van die meer bekende Bethulie-burgers wat ná 31 Julie 1900 steeds die stryd te velde voortgesit het. McDonald en sy twee broers, Dennis en Thomas, het daarin geslaag om uit die Brandwaterkom te ontsnap, waarna hulle na Heilbron beweeg het in die hoop om De Wet daar aan te tref. Dit was nadat De Wet se mag van ongeveer 2 000 burgers, ongeveer 400 rytuie, vyf kanonne, asook die Vrystaatse regering, die Brandwaterkom laatmiddag op 15 Julie 1900 deur Slabbertsnek verlaat het.⁶¹² Die McDonald's kon wel daarin slaag om by De Wet aan te sluit en het tot ná die winter van 1900 deel van De Wet se mag gevorm wat in die Noord-Vrystaat bedrywig was. Hierna het die McDonald's en ongeveer 70 burgers onder leiding van Willem Diederik Fouché (Ou Grote), besluit om na die Suid-Vrystaat terug te keer om hul familie te besoek en, volgens prop. McDonald, die hensoppers in hierdie geweste aan te spoor om weer die wapen op te neem. Met hul aankoms in die Suid-Vrystaat is Wepener op 30 September 1900 en kort hierna Zastron, Rouxville en Smithfield deur Fouché en sy burgers ingeneem.⁶¹³

Tydens De Wet se poging om die Kaapkolonie in Desember 1900 in te val, was die McDonald's deel van kommandant Giep Joubert se mag, aangesien Dennis McDonald vertel dat hy deel was van 'n groep van ongeveer 20 burgers wat De Wet se agterhoede gevorm het, met generaal-majoor Charles E. Knox kort op hul hakke.⁶¹⁴ Verwysings na gevegte met die Britse magte op die plase Goedehoop en Willoughby, asook die swaar reën en die Oranje- en Caledonrivier wat in vloed was, word deur beide prop. McDonald en Dennis McDonald beskryf. Tydens 'n poging tot inval in die Kaapkolonie, waartydens De Wet onsuksesvol was, het die drie McDonald-broers, saam met kommandant P.H. Kritzinger, daarin geslaag om die Kaapkolonie in Desember 1900 met 270 burgers in te val. Kritzinger en sy burgers se wedervaringe is later deur prop. McDonald gepubliseer.⁶¹⁵ Dennis McDonald is op 20 September 1901 in 'n skermutseling by Spitskop naby Zastron, toe Kritzinger se mag deur 'n eenheid van Thorneycroft se kolonne verras is, saam met 12 burgers krygsgevangene geneem.

⁶¹² McDonald, *'n Terugblik ...*, pp. 3-4; Pretorius, *Die eerste dryfjag ...*, pp. 19, 39-40; McDonald, *In die skaduwee ...*, p. 19.

⁶¹³ McDonald, *'n Terugblik ...*, pp. 25-26.

⁶¹⁴ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 6.

⁶¹⁵ McDonald, *'n Terugblik ...*, pp. 30-32; McDonald, *In die skaduwee ...*, p. 4.

McDonald het na hierdie krygsgevangeneming steeds voortgegaan om sy herinneringe op te teken.⁶¹⁶

2.9.3 Burger Piet Robinson

'n Unieke en redelik volledige herinnering oor gebeure in die Bethulie-distrik tydens die guerrillafase, is dié van die 23-jarige Pieter (Piet) Willem Robinson, seun van veldkornet Willem Joseph Robinson van die plaas Eensgevonden, Wyk Grootrivier, en kleinneef van die mynmagnaat, sir Joseph Benjamin Robinson. Piet kon daarin slaag om ná die Brandwaterkom-gebeure as krygsgevangene te ontsnap.⁶¹⁷

Met die uitbreek van die oorlog was Robinson, vir redes onbekend, vir diens as grenswag by Harrismith opgekommandeer. Die afwesigheid van Robinson se naam op die Bethulie-kommandeerlys en die feit dat hy op 'n stadium rapportryer op Heilbron was, lei tot die gevolgtrekking dat hy hom, met die uitbreek van die oorlog, iewers in die Noordoos-Vrystaat bevind het. Na sy gevangeneming in die Brandwaterkom en die krygsgevangenes se tog na Bethlehem, het Robinson by die plaas Klipskeur ontsnap. Ná vele omswerwinge het Robinson weer in die Bethulie-distrik aangekom en saam met sy jonger broer, Willie Robinson, by kaptein Hendrik Pretorius⁶¹⁸ van die Theron-verkenningsskorps, met 150 burgers uit die noorde op die plaas Bankies (Bankjes) by Bethulie aangesluit. Robinson verwys na vele skermutselinge in die Suid-Vrystaat, onder meer in die Bethulie-distrik.⁶¹⁹

2.9.4 Dagboek van 'n onbekende artilleris

In Oktober 1900 het kommandant Pieter Hendrik Kritzinger en sy kommando hulle in die Bethulie-distrik bevind waar hulle aktief met die guerrillastryd besig was. 'n Onbekende artilleris van die Oranje Vrijstaat Artillerie Corps, wat deel van Kritzinger se kommando was, verskaf besonderhede in sy dagboek van hierdie kommando se bewegings in die maande Oktober 1900 tot Desember 1900, as aanduiding van die guerrilla-taktiek.⁶²⁰

⁶¹⁶ OM, Kopie-argief, Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald, p. 13.

⁶¹⁷ Van Zyl, *Waar en ...*, p. 57, 60-61.

⁶¹⁸ Hendrik Johannes Jacobus Pretorius, 'n polisieman op Dewetsdorp voor 1899, was tydens die oorlog een van twee luitenanten in die Theron-verkenningsskorps. Tydens sy verpleging (wonde) op die plaas Lakensvlei te Dewetsdorp, is hy op 24 Julie 1901 krygsgevangene geneem en na Indië gestuur. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet ...*, p. 202.

⁶¹⁹ Van Zyl, *Waar en ...*, pp. 57, 67.

⁶²⁰ OM, 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, pp. 14-15.

- Op 17 Oktober 1900 het die kommando by generaal (assistent-hoofkommandant) Piet Fourie in die distrik Smithfield aangesluit en teen 18 Oktober 1900 was hulle op die plaas Naauwpoort, Bethulie.
- Op 19 Oktober 1900 was die kommando op Hester Johanna Kruger se plaas, Winkelshoek, waar 'n kerkdiens gehou is en 'n laerkommandant verkies is.
- Op Saterdag 20 Oktober 1900 is 'n gewapende swart man doodgeskiet en die spoorlyn tussen Bethulie en Springfontein opgeblaas.
- Op Sondag 21 Oktober 1900 het Kritzinger en sy kommando hulle op veldkornet Robinson se plaas Eensgevonden bevind, vanwaar hulle op 22 Oktober 1900 na Sandfontein in die Edenburg-distrik vertrek het.
- Op Sondag 18 November 1900 het Kritzinger se kommando hulself weer in die Bethulie-distrik op die plaas Damfontein van die Fick-familie bevind, waar 'n erediens gehou is.
- Op 19 en 20 November 1900 het die kommando by die plaas Kroonpost oorgebly waar mev. M. Grobbelaar hulle van kos voorsien het en waar veldkornet Frans Vilonel van Bethulie later opgedaag het. Die volgende dag het die burgers na die plaas Meyerskraal, wat tussen Springfontein en Smithfield geleë is, vertrek. By Meyerskraal het 'n skermutse-ling plaasgevind waar drie Britse soldate gevange geneem is en een gewond is. Voorts is die leier van 'n swart patrollie, Henrik Morison, tydens hierdie geveg op Meyerskraal doodgeskiet. Elizabeth Margaretha Smith (née Grobbelaar) vertel dat daar vanaf November 1900 vier Boerelaers op hul plaas Meyerskraal gestaan het en dat hulle, ten spyte van hul vrees vir Britse vergelding, dit baie geniet het om hoofkommandant De Wet, president Steyn, kommandant Kritzinger en assistent-hoofkommandant Piet Fourie op hul plaas te onthaal.⁶²¹ Die plaasopstal is op 28 Maart 1901 verwoes en die Grobbelaar-gesin is na die Springfontein-kamp gestuur.⁶²²
- Op 22 November 1900 het die burgers opdrag ontvang om terug te keer na die hoofkommando en het hulle die aand op die plaas Cypherfontein oornag. By die hooflaer op Cypherfontein is die burgers ingelig van De Wet se opdrag om na die plaas Boomplaats in die Trompsburg-distrik te vertrek.⁶²³

⁶²¹ R. Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2: Wedervaringe van kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 104-105.

⁶²² NASA, VAB, 119.124: Renier-versameling – herinneringe van Bettie Smith, 11.11.1949.

⁶²³ OM, 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, p. 17.

- Op 23 November 1900 het Kritzinger en sy kommando hulself nog 'n keer in die Bethulie-distrik bevind en het hulle by Bastiaan Tromp se plaas Palmietfontein gekamp, waarna die groep oor die plaas Van Aswegenspoort van burger J.H. Visser,⁶²⁴ beweeg het. Die kommando het hierna die treinspoor beskadig en in 'n skermutseling betrokke geraak.
- Op Saterdag 24 November 1900 het die kommando op die plaas Rietpoort, wat aan 'n joiner, Dennis Johannes McDonald, oom van die McDonald-broers, behoort het, aangekom. Die daaropvolgende dag het hulle na die plaas Middelwater van Johannes Cornelius Coetzee vertrek, waarna hulle na die Fauresmith-distrik beweeg het.
- Op 1 Desember 1900 het Kritzinger se kommando hulle weer in die Bethulie-distrik bevind waartydens hulle by die plaas Palmietfontein van die Tromp-gesin, waar De Wet hom bevind het, aangekom het.
- Op 2 Desember 1900 het 'n geveg met die Britte op die naburige plaas Kinderfontein, Wyk Grootrivier, van R.D. Heffer uitgebreek, waarna die kommando na die plaas Uitkyk in die Smithfield-distrik versit het.
- Op Dinsdag 4 Desember 1900 verwys die artilleris na Odendaalstroom en die baie reën sodat die kommando nie deur die drif kon gaan nie en verplig was om by Odendaalstroom te oornag. Die volgende dag het die artilleris, as deel van Kritzinger se mag, saam met Fouché en Scheepers in Aliwal-Noord se rigting vertrek.⁶²⁵

Ten spyte van beperkte bronne insake krygsoptredes in die Bethulie-distrik ná 31 Julie 1900, is die afleiding dat daar wel individue van die voormalige Bethulie-kommando was wat hulself by ander kommando's gevoeg het en van tyd tot tyd deelgeneem het aan militêre optredes in die Bethulie-distrik, soos byvoorbeeld die guerrilla-groepe onder generaal Georg Brand. Dit is egter nie duidelik hoeveel burgers van die voormalige Bethulie-kommando ná die Brandwaterkom-gebeure onder die wapen was nie. Die aantal sterftes wat in die Bethulie-distrik plaasgevind het, asook die ongevalle van Bethulie-burgers wat buite die distrik gesneuwel het, is redelik goed gedokumenteer.

⁶²⁴ Jacobus Hendrik Visser het op 1 Maart 1901 by Graaff Reinet gesneuwel.

⁶²⁵ OM, 42199/4; Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, p. 17.

2.10 BURGERSTERFTES

Met die uitbreek van die oorlog het die name van ongeveer 358 krygspligtige burgers op die Bethulie-distrik se kommandeerlys verskyn.⁶²⁶ Na afloop van die oorlog is bevestig dat 37 burgersterftes⁶²⁷ met Bethulie verband hou, waarvan 31 Bethulie-burgers as veggendes en/of krygsgevangenes tydens die oorlog gesterf het en 'n verdere ses burgers van ander kommando's in die Bethulie-distrik dood is.⁶²⁸

Dirk Christoffel Breedt, 'n inwoner van Bethulie-dorp, wat deel was van kommandant Johannes Lötter se kommando, is op 17 Oktober 1901 saam met 'n medekommandolid, veldkornet Willem (Willie) Stephanus Kruger, om ongeveer 07:00 op Cradock tereggestel. Dit was nadat die doodsvonnis op 16 Oktober 1901 op die markplein van Cradock oor die twee persone uitgespreek is. Breedt het nog op 9 Oktober 1901, 'n paar dae voor sy vonnisoplegging, 'n brief met 'n sterk geestelike inslag aan sy moeder, W.C. Breedt en sy broers en susters gerig.⁶²⁹

Breedt en Kruger is, soos die meeste van Lötter se kommando, by Paardefontein in die Graaff-Reinet distrik gevang, waarna hulle op 30 September 1901 deur die Britse militêre owerheid verhoor en skuldig bevind is op 'n aanklag van sabotasie (ontsporing) van 'n trein by Stormberg-stasie en die moord op 'n swart man.⁶³⁰ Breedt, wat aanvanklik deel was van Kritzinger se kommando, het op 'n stadium onder generaal Wynand Malan gedien, alvorens hy by Lötter aangesluit het.⁶³¹ Ds. J.C. Kruger van die Gereformeerde Kerk op Ladybrand, wat in Oktober 1901 na Cradock verban is, is verlof toegestaan om die twee veroordeeldes in die tronk te besoek. Volgens ds. Kruger was Breedt, wat 'n wewenaar en 'n vurige Vrystaatse

⁶²⁶ NASA, VAB, OR, 82-83: Lijst van stemgerechtigde burgers voor het district Bethulie voor het jaar 1899, pp. 34-36.

⁶²⁷ Benewens die aantal Bethulie sterftes in krygsgevangenekampe, was daar 14 burgers wat te velde gesterf het. Hulle was: Abraham Johannes Coetzee (plaas Cypherfontein); Joseph A.J. Coetzee (Bethulie-dorp); Jan Diedericks (plaas Klipheuwelspoort); Jan Andries du Randt (plaas onbekend); J.A. du Toit (plaas Cypherfontein); Wilhelmus J. Petrus Grobbelaar (plaas Ganspoort); Philippus Jacobus Stephanus Pretorius (plaas Leeuwkraal); Adriaan (Attie) Jacobus Roux (plaas Kleinmarsfontein); Petrus (Piet) Hermanus van Vrede (plaas Meyerskraal); Jacobus (Koos) Renier Verster (plaas Welverdiend); Johannes Abraham Venter (plaas Driefontein); Jan Hendrik Viljoen (plaas Schoemanskop); Jacobus Hendrik Visser (plaas Van Aswegenspoort); Jacobus (Johannes) L. Vosloo (plaas Krompoort). Burgers van ander kommando's wat te velde in die Bethulie-distrik gesneeu het en/of in Bethulie begrawe is, sluit in die Kaapse rebelle Jan Harm Coetzer; A.C. de Villiers; Barend (Ben) Kruger; Cornelis Johannes Roelofse; Johannes Jacobus de Wet van die Vredefort-kommando; en 'n Rouxville-burger, Floris Jacobus du Plooy.

⁶²⁸ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys*.

⁶²⁹ G. Jordaan, *Hoe zij stierven: Mededelingen aangaande het einde dergenen aan wie gedurende den laasten oorlog, in de Kaap-Kolonie het doodvonnis voltrokken is*, pp. 117-118.

⁶³⁰ *Ibid.*

⁶³¹ NASA, VAB, GS, 2192-5a: *Commandeerlyst Bethulie, 1899*; Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, p. 165.

patriot was, nog vol moed oor die oorlog. Ds. Kruger het die oggend van die teregstelling weer 'n besoek om ongeveer 05:30 aan Breedt en Kruger gebring, waarna hulle onder geleide van 'n sterk wag wat as vuurpeloton sou dien, met 'n ambulanswa na die terrein van teregstelling geneem is. Voordat die twee mans tereggestel is, het ds. Kruger weer vir hulle gebed, waarna veertien skote gevuur is. Breedt is in die bors geskiet en Kruger in die kop. Die mans is in komberse toegedraai en in 'n nabygeleë graf begrawe. Breedt en Kruger is op 5 Maart 1904 saam met vyftien ander burgers in die Cradock-kerkhof herbegrawe.⁶³² (Sien Bylae 2.7: Sterftes – Bethulie-burgers.)

2.11 BITTEREINDERS, HENSOPPERS EN JOINERS

Teen middel Mei 1902 was daar reeds sprake van vredesonderhandelinge en is die berig van vrede, met die verlies van vryheid, op 2 Junie 1902 aan die burgers, waaronder Piet Robinson, gekommunikeer. Volgens Robinson was die Bethulie-burgers met ontvangs van hierdie nuus verslae en is voorts bevel gegee dat, te midde van erge koue, hewige kapok en reën, die kommando's van die Suid-Vrystaat na Bloemfontein moes reis om die wapen daar neer te lê. Met hul klere deurnat, is die bittereinders van generaal Brand, wat die oorblywende lede van die Bethulie-kommando ingesluit het, 'n ent buite Bloemfontein deur 'n Britse offisier per perdekar ontmoet, wat hulle na die plaas Quaggasfontein, suidwes van Bloemfontein, begelei het en waar hulle op 16 Junie 1902 hul wapens neergelê het. Die Britse veroweraars het daarna hul nuwe onderdane met enkele "Mconnachie"-blikkieskos weggestuur. Nog groepe burgers, waaronder enkelinge van die Bethulie-kommando, het hierna ingekom en hul wapens begin neerlê.⁶³³

Op die Bethulie-burgerlys verskyn die name van 40 bittereinders wat op hierdie dag hul wapens neergelê het, wat een offisier (veldkornet) en twee onder-offisiere insluit. Volgens hierdie lys was 29 bittereinders afkomstig vanaf Wyk Grootrivier, drie vanaf Wyk Bosjespruit en een vanaf Bethulie-dorp, terwyl sewe se wyke onbekend is. Die meeste van die bittereinders het die Eed van Getrouheid tussen 1 en 7 Julie 1902 onderteken, terwyl die laaste burger van Bethulie, F.J. Booysen, dit op 15 Augustus 1902 geteken het.⁶³⁴ Die burgers het teruggedink aan die bykans drie jaar lange stryd van bloed, sweet, koue, honger, vrees,

⁶³² OM, 4219/172: Herinneringe van M.J.B. Kruger, 1904. Sien ook in die verband Jordaan, pp. 122-123; NASA, VAB, Meester van die Hooggeregshof (hierna MHG), H2544: Dirk Christoffel Breedt, 1901.

⁶³³ Van Zyl, *Waar en ...*, pp. 113-114.

⁶³⁴ NASA, VAB, CO, 640: Eed van Trou – F.J. Booysen, 15.8.1902.

naaktheid, ontbering, vernietiging, pyn, angs en dood wat verby was, maar volgens Robinson was die kosbaarste besitting, naamlik “vryheid”, verlore.⁶³⁵

Met die Bethulie-bittereinders se terugkeer na hul distrik was die hele Suid-Vrystaat en Noordoos-Kaap, te midde van al die verwoesting, in ’n dik laag kapok bedek. Soos blyk uit die argiefgroep, Superintendent Refugee Camps (SRC) in die Vrystaatse Argiefbewaarplek, is die Bethulie-inwoners in konsentrasiekampe te Bethulie, Norvalspont, Springfontein, Aliwal-Noord en Bloemfontein aangehou. Met die bittereinders se aankoms in die konsentrasiekampe om met hul families herenig te word, is hulle met die hensopper- en joiner-element gekonfronteer. Uit die registers van die onderskeie kampe kan ’n goeie beeld verkry word van wie die krygsplytige burgers was wat hulself voor 31 Mei 1902 as “hensoppers” in die kampe bevind het. Die name van verskeie joiners uit die Bethulie-kommando verskyn in hierdie registers onder die inskrywing van Burgher Police of Farmer’s Guard.⁶³⁶

Statistiek oor die Bethulie-hensoppers en -joiners in die onderskeie konsentrasiekampe, soos aangeteken in kampregisters, word in Tabel 2.2 opgesom.⁶³⁷

Tabel 2.2: Bethulie-hensoppers en -joiners in die onderskeie konsentrasiekampe

Kamp	Getal Bethulie-gesinne	Getal persone	Getal plase afkomstig van	Getal hensoppers	Getal joiners
Aliwal-Noord	23	81	12	5	0
Bloemfontein	34	118	20	22	2
Norvalspont	87	534	68	60	1
Springfontein	118	449	58	39	4
Bethulie	63	790	45	73	3
Totaal	325	1 972	203	199	10

In die kamp te Aliwal-Noord was daar vyf krygsplytige mans vanaf Bethulie tussen die ouderdom 34 en 62 jaar, waarvan drie hul reeds op 5 Mei 1901 in die kamp bevind het en twee as wewenaars in die kamp oorlede is. Geen van hierdie burgers het die oorlogspoging aktief gesteun nie. Geen melding word van joiners gemaak nie.⁶³⁸ In die Bloemfontein-kamp was 22 krygsplytige burgers waarvan vier krygsgevangenes was. Tien burgers was tussen 16 en 30 jaar en 12 burgers tussen 31 en 62 jaar oud. Die name van twee joiners met Bethulie as

⁶³⁵ Van Zyl, *Waar en ...*, pp. 113-114.

⁶³⁶ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

⁶³⁷ *Ibid.*

⁶³⁸ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Aliwal-Noord-konsentrasiekamp.

adres, verskyn in die register.⁶³⁹ In die Norvalspont-kamp was daar 60 krygspligtige Bethulie-burgers tussen 17 en 64 jaar, waarvan vier in die kamp oorlede is. Uit hierdie groep was 21 krygsgevangenes wat tussen 25 Junie 1901 en 20 November 1901 vanaf Bellevue te Simonstad na Norvalspont oorgeplaas is. Dit verklaar waarom die Norvalspont-kamp van die meeste hensoppers gehad het. Louis Slabbert van die plaas Klein Bloemfontein, Bethulie, het as joiner (Burgher Police) die Britse oorlogspoging aktief gesteun.⁶⁴⁰ Die kamp te Springfontein het die meeste Bethulie-gesinne gehuisves, selfs meer as die kamp op Bethulie. Hiervan was 39 krygspligtiges tussen 18 en 65 jaar wat hulself voor 31 Mei 1902 in die kamp bevind het. Agt mans is in die kamp oorlede, terwyl sewe vanaf Bellevue na Norvalspont gestuur is. Die vier Bethulie-burgers in hierdie kamp wat die Britse oorlogspoging aktief as joiners ondersteun het, was Pieter Andries Swanepoel van die plaas Middelpaats (Burgher Police); Zacharias Andries Strydom van Bethulie-dorp (Guide); Theodorus Ernst Kleynhans van die plaas Knoppe (Farmer's Guard) en Hendrik Philippus Coetzee van die plaas Welverdiend (Farmer's Guard).⁶⁴¹

Wat die Bethulie-kamp betref, bevat die register die name van 73 krygspligtige Bethulie-burgers tussen die ouderdomme van 18 en 65 jaar, wat hulself op 31 Mei 1902 in hierdie kamp bevind het. Schalk Willem Engelbrecht van die plaas Strydpoort, vader van Henry Engelbrecht, die bittereinder-krygsgevangene op Ceylon, was een van die oudste mans in hierdie groep, terwyl die 22-jarige Diederik Johannes Venter van die plaas Driefontein, wie se broer in Maart 1900 by die Bethulie-brug gesneuwel het, die jongste was. Bethulie-burgers wat in hierdie kamp in Britse diens was, sluit in Johannes Bernardus Haasbroek van die plaas Sleutelspoort, Sarel Jacob Norval van die plaas Boschduiwenkop en Piet Willem van Heerden van die plaas Damfontein. Vanaf 1 Junie 1902 is 'n verdere 101 terugkerende krygsgevangenes en bittereinders in die Bethulie-kamp gehuisves, waarvan 23 deel was van die voormalige Bethulie-kommando.⁶⁴² Die oorlog se finale afrekeningstaat van 31 Mei 1902 vir die twee republieke is opgegee as ongeveer 30 000 plaaswonings wat vernietig is, 55 dorpe wat deels of totaal vernietig is, 'n paar miljoen stuks vee wat doodgemaak is en ongeveer 10 persent van die wit bevolking wat slagoffers van hierdie oorlog was.⁶⁴³

⁶³⁹ *Ibid.*: Databasis – Bloemfontein-konsentrasiekamp.

⁶⁴⁰ *Ibid.*: Databasis – Norvalspont-konsentrasiekamp.

⁶⁴¹ *Ibid.*: Databasis – Springfontein-konsentrasiekamp.

⁶⁴² *Ibid.*: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁶⁴³ L. en I. Scholtz, "Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en die ontstaan van apartheid", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, p. 150.

Heropbou, die volgende moeilike hoofstuk in die Bethulie-gemeenskap se lewe, sou hierna begin.

2.12 SLOTPERSPEKTIEWE

Die verloop van die Anglo-Boereoorlog in die Bethulie-distrik word grootliks, alhoewel met goeie rede, oorskadu deur die gebeure in die Bethulie-konsentrasiekamp. Vir hierdie rede word die aandeel van die Bethulie-kommando in hierdie oorlog dikwels nie na waarde geskat nie en was die rol wat deur die kommando gespeel is, tot nou toe 'n vergete hoofstuk in die geskiedenisannale van die Anglo-Boereoorlog.

Met behulp van publikasies en argiefmateriaal van uiteenlopende aard, waaronder dagboeke, herinneringe, briewe, kaarte, koerante, enkele foto's en selfs museumitems, ontvou die verhaal van die Bethulie-kommando wat met 'n sterkte van 358 burgers in Oktober 1899 tot oorlogsdiens opgekommandeer is en oor 'n tydperk van bykans drie jaar, gereduseer is tot 'n handvol bittereinders wat tot einde Mei 1902 steeds die gewapende stryd volgehou het. Met die samevoeging van al bogenoemde legkaartstukke, sommige ietwat ongewoon, maar van buitengewone belang, ontvou die verhaal van die Bethulie-kommando. Tereg verwys Pretorius na die Annalesskool in Frankryk wat die siening huldig dat ongewone navorsingsdokumente van groot navorsingswaarde kan wees om “'n breër uitkyk op ander moontlike bronne as die voor die handliggende dokumente soos amptelike regeringsdokumente en privaat dagboeke en briewe te hê”.⁶⁴⁴ Hierdie versameling uiteenlopende bronne van die Bethulie-kommando vertel die epiese tog van hierdie distrik se burgers wat deel was van oorwinnings sowel as terugslae, en sy kwota sterftes, krygsgevangenes, bittereinders, hensoppers en joiners gelewer het.

Die Bethulie-kommando, onder bevel van kommandant Du Plooy, het tydens die Slag van Stormberg 'n kardinale rol in die Boere se oorwinning gespeel en dit is jammer dat die senior bevelstruktuur nie bereid was om meer waarde aan Du Plooy se aanbevelings en insigte te heg nie, aangesien dit bepaald die krygsverloop moontlik kon beïnvloed het. Ná die gebeure by die Brandwaterkom is die Bethulie-kommando as militêre faktor uitgeskakel en is die Bethulie-distrik hierna weerloos gelaat teen die Britse aanslag en gevolglike beleid van verskroeide aarde.⁶⁴⁵

⁶⁴⁴ F. Pretorius, “'n Buitengewone dokument uit die Anglo-Boereoorlog – die besoekersboek van die Transvaal Hotel in Pretoria”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 27(1), Junie 2013, p. 89.

⁶⁴⁵ Sien Hoofstuk 4 in hierdie verband.

Alhoewel die meeste van die kommandolede uiteindelik krygsgevangene is, volgens 'n groeppfoto van Bethulie-krygsgevangenes op Ceylon met Du Plooy op die voorgrond wat in daardie oomblik bykans verslae voorkom, moet die rol van die Bethulie-kommando in die Anglo-Boereoorlog nie onderskat word nie. Wat minder bekend is en nou deur die samevoeging van inligting uit primêre en sekondêre bronne bevestig word, is dat 'n klein groep Bethulie-kommandolede, Kaapse rebelle, penkoppe en grysaards, steeds die stryd in hierdie distrik tot 31 Mei 1902 voortgesit het, soveel so dat 'n sterk Britse teenwoordigheid op die dorp en by die brûe vir die duur van die oorlog nodig was.

Die Britse krygsplan het sterk daarop gesteun dat “the main line of advance against the Transvaal should be based on the Cape Colony and should follow generally the line of railway through the Orange Free State to Johannesburg and Pretoria”.⁶⁴⁶ Die periodieke teenwoordigheid van guerrillavegters in die distrik, met enkele Bethulie-bittereinders hierby, het die Britse militêre owerheid in Suid-Afrika egter genoop om 'n sterk Britse teenwoordigheid in die Bethulie-distrik te handhaaf. Die Britse owerheid was dus verplig om 'n groot garnisoen by die Bethulie-brûe te stasioneer, 'n groot aantal troepe in blokhuse langs die Bethulie–Springfontein- asook Bethulie–Stormberg-spoorroete te ontplooi, 'n Town Guard op die dorp tot stand te bring, 'n polisiemag (Provisional Mounted Police) daar te stasioneer, asook Britse eenhede in die Suid-Vrystaat te plaas wat gereeld dryfjagte in onder meer hierdie distrik moes uitvoer, asook verskroeide aarde hier moes toepas; dit alles met die belangrike spoorroete as spilpunt. In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan hierdie Britse teenwoordigheid in die Vrystaat, met spesifieke verwysing na die Bethulie-distrik en die impak wat dit op die distrik en sy inwoners gehad het.

⁶⁴⁶ Maurice (red.), 1, p. 40.

Hoofstuk 3

DIE BRITSE INVAL IN DIE VRYSTAAT, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA BETHULIE, 1900-1902

3.1 INLEIDING

Teen 11 Oktober 1899 was die Britte vol vertroue dat die stryd wat voorgelê het, 'n blote formaliteit sou wees aangesien die Britse Leër in getalsterkte, krygstoerusting en militêre ondervinding, die Boererepublieke se meerdere was. Die blote feit dat slegs 'n klein garnisoen in daardie stadium in Suid-Afrika gestasioneer was, bevestig die Britse regering en sy militêre owerheid se siening dat die twee Boererepublieke binne die bestek van 'n paar maande aan Britse gesag onderwerp sou word. Die Britse krygstrategie was in plek en Bethulie met sy strategiese ligging en spoorroete het 'n belangrike rol hierin gespeel, veral nadat verkenning van die Bethulie-omgewing afgehandel is en troepe hierna by strategiese punte soos spooraansluitings, saamgetrek is. Na die “Black Week”, waartydens die Britte ongekende terugslae beleef het, het die Britse regering en militêre owerheid tot nuwe insigte insake die toekomstige krygsverloop gekom, sodat hernude fokus geplaas is op die Bethulie-omgewing en die strategiese spoorroete wat ten alle koste beskerm en behou moes word.

Met die vordering van die Anglo-Boereoorlog en die hardnekkige weerstand deur Boere-magte in die distrik, is Bethulie tot by die brûe, in een groot garnisoendorp omskep en is alles in die stryd gewerp om dié belangrike spoorstelsel te herstel en te beveilig. Die Britse regering het drastiese en verreikende maatreëls ingestel, soos byvoorbeeld die blokhuisstelsel, verskroeideaardebeleid en konsentrasiekampe met die doel om 'n einde aan die Boererepublieke se volgehoue weerstand te bring. Britse prestige en internasionale aansien was per slot van sake op die spel ten koste van onder meer Bethulie, sy distrik en inwoners. Teen hierdie agtergrond word daar in hierdie hoofstuk gelet op die verkenning van die Bethulie-omgewing deur die Britse inligtingsdiens, troepbewegings en die Britse krygsplan in die Noordoos-Kaapkolonie, die Britse opmars en besetting van Bethulie, die spoorvervoer wat herstel word, asook militêre eenhede by die strategiese Bethulie-brûe. Verder word aandag gegee aan aspekte soos Britse ongevallen in die distrik en die verdedigingsstrukture soos die blokhuisstelsel in die Bethulie-omgewing. Ten slotte word die Britse militêre bestuur en burgerlike bestuur van hierdie distrik bespreek.

3.2 BRITSE VOORBEREIDING VIR DIE OORLOG

3.2.1 Aanloop tot die Anglo-Boereoorlog

Op 11 Oktober 1899 was die bejaarde koningin Victoria reeds 62 jaar op die Britse troon. Gedurende haar bewind het die Industriële Rewolusie met sy nywerheidsontwikkeling en massaproduksie plaasgevind, met 'n groot Britse Ryk wat gevestig is en 'n gevolglike groot Britse leërmag wat die vrede moes bewaar. Die uitgebreide Britse Ryk het onder meer oor die Afrika-kontinent gestrek, wat selfs kolonies aan die suidpunt van Afrika ingesluit het. Hier het botsings met inheemse stamme, volke en groeperinge oor dekades plaasgevind, asook in 1880-1881 in die Transvaal. Gedurende hierdie oorlog, wat as die Eerste (of Transvaalse) Vryheidsoorlog bekend is, en waartydens Brittanje 'n aantal militêre terugslae deur die Transvalers toegedien is, is die Transvaal se onafhanklikheid ingevolge die Pretoria Konvensie van 3 Augustus 1881, onder bepaalde voorwaardes, deur Brittanje bevestig.¹

Met die ontdekking van die minerale rykdom (diamante) in Suid-Afrika in 1867, meer spesifiek die groot goudneerslae wat in 1886 by onder meer die Witwatersrand in die Transvaal ontdek is, het Brittanje met hernude belangstelling na hierdie staat gekyk, wat nou as die ZAR bekend was. Met die Europese wedloop om Afrika in volle swang, was die ZAR met sy strategiese bates wat binne die Britse invloedseer geval het, net té kosbaar om nie onder Britse beheer te kom nie.² Die ekonomiese voorspoed wat die ZAR en sy onafhanklike susterrepubliek, die Vrystaat, ná die ontdekking van goud geniet het, het daartoe aanleiding gegee dat die ekonomiese spilpunt binne net meer as 'n dekade vanaf die Kaapkolonie, wat 'n Britse kolonie was, na die ZAR verskuif het.³ 'n Uitgebreide infrastruktuur met stede, dorpe, paaie, brûe, telegraafstelsels, asook 'n gevestigde landbougemeenskap, het daartoe aanleiding gegee dat 'n spoorstelsel in die twee Boererepublieke noodsaaklik geword het. Met die ontwikkeling van die spoorstelsel wat onder meer verby die Suid-Vrystaatse dorp Bethulie beweeg het, het die ekonomiese groei van spesifiek die Witwatersrand-gebied in die ZAR teen 'n nog groter tempo plaasgevind.⁴ Die hernude Britse belangstelling in hul staat en selfs blatante inmenging in die ZAR se binnelandse aangeleenthede, het die regering van president Paul Kruger opnuut bewus gemaak van Britse aspirasies rondom die ZAR. Die mislukte

¹ L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 1, pp. 65-66.

² *Ibid.*, pp. 89-90; A. Wessels, *The Anglo-Boer War 1899-1902: White man's war, black man's war, traumatic war*, p. 20; F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*, pp. 197-198, 235; T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history* (4de uitgawe), pp. 185-186.

³ Pretorius (red.), p. 193; Davenport, pp. 183-184.

⁴ Pretorius (red.), pp. 193-194, 206-207.

Jameson-inval van 1895-1896 het hierdie vermoede bevestig, waarna die ZAR en die Vrystaat wat in 1897 'n verdedigingsverbond gesluit het, hulself beter bewapen het.⁵ Die Britse regering van lord Salisbury het met behulp van sy ministerie van oorlog (War Office) self voorbereidings vir 'n militêre konflik met die Boererepublieke begin tref deur opdrag te gee dat 'n verkenningstog van die twee state onderneem moes word, wat hierna in enkele verslae saamgevat is.⁶

3.2.2 Militêre inligtingsdiens

Die verkenning van 'n vyandelike gebied deur middel van intelligensie en spioenasiewerk was met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, nie vir die Britse Leër 'n onbekende faset van militêre krygsoptrede nie. Die Britse Leër van 1899 het op sy militêre inligtingsdiens, bekend as die Inligtingsdepartement, soms ook genoem die Inligtingsdivisie, staatgemaak om hulle van militêre inligting te voorsien. Dit was volgens 'n bevelskrif van 21 Februarie 1888 wat bepaal het dat die direkteur-generaal met die rang van generaal-majoor, verantwoordelik sou wees vir die insamel en verspreiding van inligting wat van hulp sou wees vir 'n militêre aanslag.⁷ Voorts was hierdie afdeling verantwoordelik vir die saamstel van militêre kaarte van bepaalde streke asook ander lande.⁸ Die aard van inligting wat versamel is, het spesifiek oor buitelandse moondhede se krygsvermoëns en enige potensiële oproer in Britse kolonies gehandel. Die vertaling van vyandelike magte se dokumentasie was by die uiteenlopende take van hierdie departement ingesluit en daar is gereeld verslag gedoen oor onderwerpe soos vyandelike voorbereidings, waaronder forte, bewapening, getalsterktes, terrein, omgewing en strategiese punte soos brûe, spoorlyne en paaie. Dié eenheid het voorts oor 'n afdeling beskik wat verantwoordelik was vir die opstel van militêre kaarte van potensiële vyandelike gebiede.⁹

In 1899 was die inligtingsdiens in 'n ou huis in Queen Anne's Gate, Londen, gehuisves en was onder bevel van generaal-majoor sir John Ardagh,¹⁰ wat vanaf April 1896 tot einde

⁵ Amery (red.), 1, p. 166.

⁶ A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase* (D.Phil.), p. 219.

⁷ L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* 6, p. 202; Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 216.

⁸ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 198.

⁹ E.C. Briggs, *The staff work of the Anglo-Boer War 1899-1901: Embodying some of the war letters sent to the 'Morning Post' from South Africa*, p. 170.

¹⁰ John Charles Ardagh was vanaf 1896 tot 1901 direkteur-generaal van die Militêre Inligtingsdiens waarna hy op 1 Julie 1901 deur luitenant-generaal William G. Nicholson vervang is.

Oktober 1901 die direkteur-generaal van die militêre inligtingtdiens op lord Wolseley¹¹ se staf was.¹² Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die begroting van hierdie eenheid 'n skamele £18 000 in vergelyking met hul Franse eweknieë se jaarlikse begroting van £270 000. Dié eenheid het oor 'n klein personeelkorps van slegs 14 man beskik; dit het die administratiewe personeel ingesluit maar die karteerders uitgesluit. Dit het sleg vergelyk met die Duitsers se eenheid wat uit ongeveer 300 persone, karteerders uitgesluit, bestaan het. Die inligtingtdiens se karteringseksie het uit slegs 30 opgeleide karteerders bestaan, in vergelyking met die 270 karteerders wat die Franse in diens gehad het.¹³

Uit dié beperkte begroting en klein personeelkorps is die afleiding dat die Britse militêre owerheid en regering hierdie departement nie na waarde geskat het nie, met die gevolg dat daar met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, 'n gebrek aan voldoende militêre kaarte van die twee Boererepublieke en selfs van Natal en die Kaapkolonie was.¹⁴ Die eerste Britse offensief¹⁵ wat kort ná generaal sir Redvers Buller¹⁶ se aankoms op 31 Oktober 1899 plaasgevind het, het vir die Britse Leër katastrofies begin. Met die Britse nederlaag by Stormberg op 10 Desember 1899, waartydens die Bethulie-kommando 'n groot rol gespeel het, moes generaal-majoor William Gatacre, weens 'n gebrek aan kaarte van die omgewing, op gidse staatmaak om sy mag na die Boerestellings te lei.¹⁷ (Sien Bylae 3.1 vir foto van generaal-majoor Gatacre.) Dit was selfs die geval tydens die Slag van Colenso op 15 Desember 1899 in Natal, omrede daar tydens Buller se aanval op die Boere se stellings, geen militêre kaarte van die Tugela-omgewing was nie. Die Britte moes staatmaak op 'n verouderde kaart wat jare tevore deur 'n karteerder van die landmeter-generaal van die Natal-

¹¹ Veldmaarskalk, burggraaf Garnet Joseph Wolseley (4.6.1833-25.3.1913), opperbevelhebber van die Britse Leër wat in 1895 die hertog van Cambridge as bevelvoerder opgevolg het.

¹² B. Farwell, *The great Boer War*, p. 42.

¹³ J. Grehan en M. Mace, *The Boer War, 1899-1902: Ladysmith, Magersfontein, Spion Kop, Kimberley and Mafeking*, p. 170.

¹⁴ Farwell, p. 42.

¹⁵ A. Wessels verwys in sy proefskrif, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, na die eerste hoof fase van die oorlog (11 Oktober 1899 tot 31 Oktober 1899) as 'n konvensionele fase wat in vier geografiese gebiede (Natalse front, Kimberley-front, Noord-Kaapse front en Noord-Transvaalse front) afgespeel het. Die tweede hoof fase (31 Oktober 1899 tot 10 Februarie 1900), wat ook 'n konvensionele fase was, is as die eerste Britse offensief (Buller-fase) bekend en het op vier fronte (Natalse front, Kimberley-front, Noord-Kaapse front en Noord-Transvaalse front) afgespeel. Die derde hoof fase (11 Februarie 1900 tot 29 November 1900), bekend as die tweede Britse offensief, het onder 'n nuwe bevelvoerder, lord Roberts, geskied. Die vierde hoof fase (31 Maart 1900 tot 31 Mei 1902) (guerrilla-fase) was die laaste fase van die oorlog. Lord Kitchener was die bevelvoerder vanaf einde November 1900.

¹⁶ Sir Redvers Henry Buller (7.12.1839-2.6.1908), die Britse militêre opperbevelvoerder in Suid-Afrika wat op 30 Oktober 1899 met die SS *Dunottar Castle* in Suid-Afrika aangekom het.

¹⁷ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, pp. 152-153, 156-158, 161.

kolonie opgetrek is, asook 'n kaart wat kort voor die slag deur 'n offisier van die geniekorps geskets is, maar wat vol foute was.¹⁸

Met die inligtingsdiens se gebrekkige begroting in gedagte, is die gevolgtrekking dus dat hierdie eenheid wat as die oë en ore van die Britse Leër gesien is, net soos die res van die leër van 1899, nie oor die nodige finansies beskik het nie en gevolglik het die afskaal van hierdie strategiese departement 'n impak op die operasionele funksies gehad.

3.2.3 Majoor Edward A. Altham se verkenning en aanbevelings

Die gespanne atmosfeer tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, spesifiek die ZAR, na afloop van die Jameson-inval, het die Britse regering te laat tot die besef gebring dat sy leër nie goed toegerus was met kennis van die topografie en militêre sterktes van die twee Boererepublieke nie. Die Vrystaat was deur sy verdedigingsverbond van 1897, en uit simpatie met die ZAR, gebonde aan die lot van die susterrepubliek. Die Britse krygstrategie het derhalwe die moontlikheid ingesluit dat die Vrystaat sy verbond gestand sou doen en tot die oorlog sou toetree. Volgens Ardagh was een van die groot leemtes wat die Britse Oorlogsministerie in hul eie strategie geïdentifiseer het, die besluit oor die effektiëste invalstroete(s) in die Boererepublieke indien 'n oorlog tussen Brittanje en die ZAR sou uitbreek.¹⁹ In Oktober 1896 en weer in April 1897, wys hy daarop dat die opmarsroete deur die Vrystaat – bedoelende die Suid-Vrystaat – die beste sou wees.²⁰

Ten einde dus vir 'n moontlike naderende konflik met die Vrystaat voor te berei, is majoor Edward A. Altham²¹ opdrag gegee om 'n uitgebreide verkenning van onder meer die Suid-Vrystaat te onderneem en 'n verslag op te stel. Die spesiale aandag wat Bethulie en sy distrik in Altham se verslag geniet het, is 'n aanduiding van die rol wat hierdie dorp, omgewing en die belangrike Oos-Londen–Springfontein-spoorroete in die Britse krygsbeplanning gespeel het.²² Altham se afdeling, bekend as B-seksie, wat Suid-Afrika ingesluit het, het benewens homself, uit nog drie persone bestaan, waaronder 'n offisier van die Royal Scots, 'n kaptein en 'n klerk. Dié seksie het £2 000 van die jaarlikse begroting op militêre verkenning in Suid-Afrika spandeer, wat in 1896 tot £6 000 per jaar verhoog is. Altham, wat in April 1896 by die

¹⁸ J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 2, p. 267.

¹⁹ Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (hierna OM), Kopie-argief, Groep M: The Second Anglo-Boer War Military Intelligence.

²⁰ A. Wessels, “Die Britse militêre strategie vir oorlog in Suid-Afrika, 1899”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(2), September 2011, p. 8.

²¹ Majoor Edward A. Altham, 'n offisier van die Royal Scots Regiment het in April 1896 by die Britse Leër se militêre inligtingsdiens aangesluit.

²² E.A. Altham, *Reconnaissance reports on lines of advance through the Orange Free State: Part 1*, pp. 6-21.

eenheid aangesluit het, is vir agt maande onder die dekmantel van militêre sekretaris vir luitenant-generaal W.H. Goodenough, na Suid-Afrika gestuur, maar sy werklike opdrag was om militêre verkenningstogte in die Boererepublieke, spesifiek die Vrystaat, te onderneem.²³

Kort ná hul aankoms in Suid-Afrika, ontvang Altham en majoor M.F. Rimington van die 6th Inniskilling Dragoons opdrag om verslae oor verskeie militêre aangeleenthede saam te stel. So vroeg as Junie 1896, slegs ses maande ná Jameson se aanslag op die ZAR, waarsku Altham in 'n memorandum, *Remarks on the present strategical situation in South Africa*, teen die militêre opbou in die Boererepublieke. Hy wys voorts op die moontlikheid van 'n inval deur die Boererepublieke in Natal en sonder belangrike kommunikasie-leutelpunte uit, soos die onderskeie brûe oor die Oranje- en Vaalrivier, insluitend die pad- en spoorbrûe by Bethulie.²⁴

Benewens topografiese inligting oor die roete uit die Kaapkolonie na Bethulie, bevat Altham se verslag van 1897, *Reconnaissance reports on lines of advance through the Orange Free State*, inligting oor strategiese punte insake 'n invalstroete vanaf Bethulie na Bloemfontein. Enkele sketskaarte is voorts saamgestel en by die verslag ingesluit. Die deel van die verslag wat oor die Bethulie-omgewing handel, bestaan uit 16 folio's en die eerste gedeelte daarvan beskryf die roete vanaf Burgersdorp tot by die Bethulie-brûe en sluit onderwerpe soos topografie, waterpunte, kommunikasieroetes, basiskampe, driwwe en militêre steun in. Die tweede helfte dek die roete vanaf Bethulie tot by Springfontein en verskaf 'n uitstekende oorsig van die omgewing by Bethulie.²⁵

Altham se verkenning van die Suid-Vrystaat het spesifiek gefokus op die effektiëste invalstroete waardeur Bloemfontein beset kon word. Die Britse strategie was gebaseer op die Europese siening dat die vyandelike hoofstad, in hierdie geval Bloemfontein, asook die dorpe langs die invalstroete soos onder meer Bethulie met sy spoorlyn, die fokus in krygsoptrede moes wees. Sy verkenningsverslag het derhalwe nie veel aandag geskenk aan dorpe wat buite die hoofinvalstroete geval het nie en dorpe en gebiede digby die spoorlyn het dus in die verslag prioriteit geniet. Altham het die invalstroete in die Vrystaat vanaf Burgersdorp, via Bethulie en Springfontein tot in Bloemfontein (bekend as Roete 3) sterk aanbeveel omrede dit 'n goeie padroete, spoorlyn en twee brûe ingesluit het. Verder het die pad en spoorlyn nie

²³ OM, Kopie-argief, Groep M: The Second Anglo-Boer War Military Intelligence.

²⁴ *Ibid.*

²⁵ Altham, *Reconnaissance reports ...*, pp. 6-21.

meer as 'n geskatte 1 000 m van mekaar geloop nie.²⁶ Altham verduidelik dat sy berekenings ten opsigte van afstande geskoei was op die kaarte van die Kaapse en Vrystaatse landmeters-generaal en die Kaapse Spoorweë se tydtafels. Sy beskrywings van die vele terreine wat hy rondom Roete 3 moes verken en hoe hy militêre sketse vanuit sy perdekar saamgestel het, verskaf 'n beeld van maande se rondswerf en 'n opdrag wat onder moeilike omstandighede uitgevoer moes word. Ten spyte hiervan was sy verslag baie volledig en bevat dit selfs besonderhede soos die topografie van die Noordoos-Kaapkolonie en die Suid-Vrystaat, spesifiek Bethulie en Springfontein. Onderwerpe soos die beskikbaarheid van water, voer vir trekdier en selfs geskikte uitspanplekke is by die verslag ingesluit.²⁷

Altham gee 'n deeglike uiteensetting van al die belangrike strategiese punte op hierdie roete en deel waardevolle insigte met sy regering deur Roete 3 te beskryf as “essentially a country for a large number of mounted troops. There would be no difficulty in raising 5 000 mounted infantry in the Cape Colony, but the commanding officers and squadron leaders must be Imperial officers carefully selected.”²⁸ Hy was van mening dat indien die Bethulie-burgers 'n Britse aanval vanaf Burgersdorp wou verhoed, dit langs die spoor- en padroete naby die Bethulie-brûe sou wees. Die plaas Tweefontein wat 9 km noord van Burgersdorp geleë is, en die plaas Knapdaarsnek wat 21 km noordoos van Burgersdorp geleë is, is uitgesonder as moontlike sleutelpunte wat deur die Boere gebruik sou word. Hy beveel die volgende punte aan vanwaar die Britte weerstand kon bied: die Albert-spooraansluiting (Albert Junction) waar die pad en spoor by 'n heuwelagtige nek kruis; die Oudedag-spoorsylyn (Oudedag Siding), 43 km vanaf Burgersdorp; die omgewing van die Olive-stasie (Olive Station) naby die Bethulie-brûe; asook die Bethulie-brûe self. Water kon vanaf die Kaapse Spoorweë se watertenks vir lokomotiewe verkry word omrede die opmarsroete parallel met die spoorlyn tot by die Bethulie-brûe geloop het.²⁹

As basis stel hy die plaas Klipbanksfontein in die Kaapkolonie, 9 km suid van die Bethulie-brûe, voor. Dié basis was slegs twee ure se marsafstand vanaf Bethulie en sou ingevolge Wet 3 van 1887 van die Kaapse Koloniale regering, tydelik vir doeleindes van verdediging oorgeneem kon word. Op sy sketsplan van die omgewing dui hy aan dat die Holm-familie die eienaars van hierdie plaas was en vermeld terloops dat Hulde Antonia Holm, 'n weduwee,

²⁶ *Ibid.*, p. 6; W.H.H. Waters, *The war in South Africa: Prepared in the historical section of the great general staff, Berlin*, pp. 130-132; L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, pp. 25-26.

²⁷ Altham, *Reconnaissance reports ...*, pp. 6-7.

²⁸ *Ibid.*, p. 9.

²⁹ *Ibid.*, pp. 10-11, 13.

bestempel is as 'n baie kwaai vrou. Benewens die feit dat die plaas langs die spoorlyn geleë was, het dit oor 'n groot fontein beskik en voldoende vuurmaakhout kon in die omliggende koppe bekom word. Hy meld verder dat die plaas ideaal was om as perdedepot te dien omrede dit naby Olive-stasie geleë was.³⁰

Altham het in sy verslag moeite gedoen om die driwwe deur die Oranjerivier naby Bethulie te beskryf, iets wat Maurice na verwys as noodsaaklik vanweë die belangrikheid daarvan in die Britse krygsbeplanning.³¹ Die afleiding is dat Altham, as strateeg, voorsien het dat die Boere die twee Bethulie-brûe sou vernietig en alternatiewe deurgange derhalwe gevind sou moes word. In sy soeke na inligting oor hierdie driwwe word Altham in Februarie 1897 bygestaan deur A.H. Hughes van die plaas Biesjesfontein naby Aliwal-Noord, wat goed met die omgewing langs die Oranjerivier bekend was. Altham beskryf die voor- en nadele van elkeen van hierdie driwwe³² en gebruik die twee Bethulie-brûe as baken om inligting oor die onderskeie driwwe aan te teken – 11 driwwe ten ooste en ses driwwe ten weste van die Bethulie-brûe.³³ Danksy Altham se verslag bestaan 'n goeie beskrywing van die onderskeie driwwe se voordele en nadele. Hy meld egter niks van die bekende Krugersdrif wat 48 km stroomaf geleë is nie; die afleiding is dat hy net die driwwe digby Bethulie ondersoek het en dat Krugersdrif strategies net te ver van Bethulie geleë is.

Met die kennis van Altham se verslag was die Britte gedurende die guerrillafase van die oorlog daarop bedag om nie net die brûe nie, maar selfs die meeste driwwe te beskerm om sodoende te verhoed dat hoofkommandant C.R. de Wet tydens sy latere poging tot invalle in die Kaapkolonie, van hierdie deurgange gebruik kon maak. As voorsorgmaatreël beveel Altham aan dat die driwwe by die Bethulie-omgewing deur lede van die Cape Police bewaak word en dat daar selfs van vrywilligers uit die Oos-Kaap gebruik gemaak moes word. Altham verwys voorts uitdruklik na die strategiese Bethulie-brûe, spesifiek die spoorbrug.³⁴ Indien die brûe vernietig sou word of in vyandelike hande sou beland, kon die Britse mag die rivier by enige van die gelyste driwwe oorsteek. Hy beveel wel aan dat die Olijve Boschdrif, die eerste drif aan die westekant van die Bethulie-spoorbrug, in so 'n geval gebruik moes word.³⁵

³⁰ *Ibid.*, pp. 13-15.

³¹ J.F. Maurice (red.), *History of the war in South Africa 1899-1902* 1, p. 61.

³² Al hierdie driwwe het met die bou van die latere Gariepdam (voorheen bekend as die Hendrik Verwoerddam) onder die dam se oppervlak verdwyn.

³³ Altham, *Reconnaissance reports ...*, pp. 13-15.

³⁴ *Ibid.*, pp. 16-17.

³⁵ *Ibid.*, pp. 6, 9.

Altham verwys voorts daarna dat die Vrystaatse Spoorweë tot kort voor die oorlog deur die Kaapse Spoorweë bedryf is en dat die spoorbaan dieselfde wydte as dié van hierdie spoorweë was sodat spoorverkeer derhalwe vergemaklik sou word.³⁶ Gegewe die feit dat Britse magte die Vrystaat deur enige van die vele driwwe by onder meer Bethulie kon inval, is die vraag of die vernietiging van die twee Bethulie-brûe derhalwe sinneloos sou wees. Die afleiding is dat die republikeinse krygsmag die waarde van spesifiek die spoorbrug besef het, omrede die Britse Leër staatgemaak het op tonne logistieke voorrade wat slegs per spoor en met spoed in groot hoeveelhede aan hul voorsien kon word. Die vernietiging van die brûe sou tot vertraging in Britse krygsoptrede lei en dus het Altham daarop klem gelê dat 'n Britse besettingsmag se eerste prioriteit sou wees om Springfontein ook te beset sodra Bethulie ingeneem is. Altham se verslag verwys spesifiek na die roete van Bethulie tot Springfontein en waarsku dat die pad noord van Bethulie wat na Springfontein lei, 'n uitdaging vir 'n groot troepemag kon wees, veral wanneer dit reën.³⁷ Indien die Britse mag die Olijve Boschdrif sou oorsteek, moes die troepe oor die plaas Kraalfontein met sy groot oop grasvlaktes, suidoos van Bethulie beweeg. Hierdie grasvlaktes is op plekke deur koppies onderbreek waarvan “Bethulie Hill” (vandag bekend as Krugerskop), die hoogste koppie uitmaak. Dit blyk dat Kraalfontein die plaas Klipkraal³⁸ was, omrede Olijve Boschdrif oorkant dié plaas geleë is. Volgens J. Wood se militêre kaart van 1900, was die omgewing inderdaad, soos deur Altham beskryf, een groot vlakte en troepe kon dus vinnig en met gemak met die pad en spoorlyn oor die vlaktes beweeg.³⁹ Altham het voorsien dat die omliggende koppies en hoogtes ten noorde en ooste van die dorp deur 'n vyandelike mag beset kon word en het daarom voorgestel dat, benewens 'n gewone artillerie-eenheid, bergkanonne ingespan moes word. Volgens hom sou 'n kavallerie-eenheid die Boere met sukses kon verdryf.⁴⁰

Altham beskryf die groot wye vlaktes verder noord van Bethulie as: “Beyond this point the country presents all the well-known characteristics of the Free State, extensive plains, 5 to 20 miles [8-32 km] in length bound by low narrow ridges of hills or broken lines of kopjes.”⁴¹ Hierdie gebied was volgens hom geensins geskik vir 'n aanval deur 'n infanteriemag sonder die ondersteuning van kavallerie nie, omrede 'n gebrek aan behoorlike dissipline en organisasie op hierdie wye vlakte tot 'n slagting sou lei indien sodanige infanteriemag moes

³⁶ *Ibid.*, pp. 7, 12.

³⁷ *Ibid.*

³⁸ Klipkraal het in 1899 aan assistent-veldkornet Philippus Wilhelmus Combrinck van Wyk Bosjespruit behoort.

³⁹ NASA, VAB, MG, 2/276: Field Intelligence Department, Bethulie map by J. Wood, 1900.

⁴⁰ Altham, *Reconnaissance reports ...*, pp. 6, 9.

⁴¹ *Ibid.*

terugval. Altham som die Bethulie-omgewing op as “an ideal terrain for mobile troops, for a division of cavalry, mounted infantry and horse artillery with plenty of machine guns to swing round any position taken up by the enemy”.⁴²

Altham beveel voorts ’n nagaanval op die dorp aan of selfs ’n aanval deur ’n berede eenheid vanuit ’n westelike rigting (dus vanaf Klipkraal). Hy het weer eens insig getoon deur aan te beveel dat die troepe met draadtange toegerus moes word omrede die eenheid se vordering belemmer kon word deur die hoeveelheid doringdraadheininge wat die plase en die spoorroete by Bethulie omhein het. Daar is verder verwys na die plaas van J.J. Sauer⁴³ ten noorde van die dorp, wat beset moes word ten einde te verhoed dat ’n terugvallende Boeremag uit Bethulie daar kon stelling inneem. Wat die dorp betref, het hy daarop gewys dat die NG Kerk in ’n hospitaal omskep kon word, terwyl die nuut omheinde terrein van die landbouskou naby die stasie aan die oostekant van die dorp, as voorraaddepot gebruik kon word.⁴⁴

Ten opsigte van spoorvervoer wys Altham op die gevare van sabotasie en beveel aan dat die roete bewaak moes word aangesien die Boererepublieke op hoogte was van die strategiese waarde van die spoorstelsel. Met die latere oprig van blokhuse is daar aan hierdie aanbeveling voldoen. Hy verwys voorts na die bekwaamheid van die ingenieurs van die Kaapse Spoorweë en dat sodanige afdeling in ’n kort tyd enige skade kon herstel wat deur die Boere aan brûe en spoorduikers aangerig sou word. Altham was korrek in sy opsomming omrede die Britse Leër, ná die besetting van Bethulie, die dienste van die Railway Pioneer Corps bekom het om die Bethulie- en Norvalspont-spoorbrûe te herstel. Die verslag verwys verder na die groot aantal Engelssprekende spoorwegamptenare wat in diens van die Vrystaat was en dat daar op hulle gereken kon word om die Britse oorlogspoging te ondersteun.⁴⁵ Hy som dit só op: “The whole of the Locomotive Department of the O.F.S. Railways (with the exception of the Superintendent) were ready to serve the new administration, and the system hitherto in force on the railway was continued, so that work was carried on without interruption.”⁴⁶ Hy het voorts die belangrikheid van vars water vir die troepe besef en noem dat, soos in die Kaapkolonie, die Kaapse Spoorweë verskeie waterpunte vir stoomlokomotiewe op die Springfontein-spoorroete aangebring het en dat troepe daarvan gebruik kon maak.⁴⁷

⁴² *Ibid.*, p. 6.

⁴³ Die plaas Constantia wat eens aan kommandant Louw Wepener behoort het en waar hy begrawe is.

⁴⁴ Altham, *Reconnaissance reports* ..., p. 20.

⁴⁵ *Ibid.*, pp. 8, 12.

⁴⁶ OM, 342/2: Royal Engineers Institute: Railways in South Africa, 1899-1902, p. 28.

⁴⁷ Altham, *Reconnaissance reports* ..., pp. 7, 12.

Ná bogenoemde verslag, het Altham in April 1898 'n verdere verslag (handleiding), *Military notes on the Dutch republics of South Africa*, uitgebring wat in Junie 1899 hersien is en aandag skenk aan verskeie aspekte wat wissel van klimaat, kommandowetgewing van die Boererepublieke asook die Boererepublieke se militêre verbond. Altham se volgende verslag, *The present state of preparation for frontier defence in South Africa in a war against the Dutch republics*, wat in September 1898 uitgebring is, wys op die gespanne toestand in Suid-Afrika asook die noodsaaklikheid om 'n sterk troepemag na Suid-Afrika te stuur.⁴⁸ Teen 8 Augustus 1899 was dit vir Altham duidelik dat die Vrystaat sy militêre verbond, die Potchefstroom-verdrag van 9 Maart 1899, met die ZAR gestand sou doen.⁴⁹

Uit bogenoemde verslae blyk dit duidelik dat Altham 'n bekwame offisier was en dat sy militêre en strategiese insigte 'n groot rol gespeel het in die latere Britse oorwinnings, alhoewel veral die senior bevelstruktuur en die Britse regering hulle aanvanklik nie veel gesteur het aan die voorstelle en waarskuwings deur Ardagh se inligtingsdiens nie. Wolseley verklaar in September 1899: "The Government are acting without complete knowledge of what the military can do, while the military authorities are equally without full knowledge of what the Government expects them to do nor are they given authority to make such antecedent preparations as will enable them to act with the least possible delay."⁵⁰

Ten spyte hiervan slaag Altham daarin om met sy deeglike verslae 'n beter beeld van 'n opmarslinie vir die senior Britse bevelstruktuur te skep, aangesien daar besluit is op 'n invalstroete deur Bethulie en Norvalspont, met Bloemfontein as bestemming, 'n strategie wat deur beide lord Lansdowne⁵¹ en lord Wolseley ondersteun is. Die terrein en geografie hierlangs was ideaal vir 'n konvensionele mag om te beweeg en met 'n spoorroete wat die leërmag ondersteun het.⁵² Kort na die Jameson-inval is begin om die tafel vir oorlog tussen die twee Boererepublieke en Groot-Brittanje te dek en Altham het, met die kennis wat hy versamel het en die aanbevelings wat hy gedoen het, sodoende gepoog om die Britse Leër van inligting te voorsien in hul voorbereiding vir oorlog. Soos reeds genoem, is die krygsverloop in 'n groot mate beïnvloed deur die omgewingsfaktore, topografie, ligging van plase en dorpe, asook die infrastruktuur en knelpunte soos die beskikbaarheid van water, en

⁴⁸ OM, Kopie-argief, Groep M: The Second Anglo-Boer War Military Intelligence.

⁴⁹ OM, 5710/1: *Military notes on the Dutch republics of South Africa*; Wessels, "Die Britse militêre strategie vir oorlog ...", pp. 9-10.

⁵⁰ Farwell, p. 41.

⁵¹ Henry Charles Keith Petty-Fitzmaurice Lansdowne (14.1.1845-3.6.1927), vanaf 1895 tot 1900 die minister (sekretaris) van oorlog in die Salisbury-kabinet.

⁵² Wessels, "Die Britse militêre strategie vir oorlog ...", pp. 20, 22.

Altham het met sy volledige verslae gepoog om die oorlogsveld redelik gelyk te maak, aangesien die Britte hierna oor dieselfde militêre agtergrond as die Suid-Vrystaters beskik het en derhalwe beter kon voorberei. Die Bethulie-gemeenskap het besef dat hulle aan die voorpunt van die stryd was en dat die spoorroete, wat hierdie dorp tot voor 11 Oktober 1899 tot voordeel was, met die uitbreek van oorlog deur die Britte gebruik sou word om hul militêre doelwit, naamlik die onderwerping van die Boererepublieke, te bereik.

3.2.4 Britse Leër op die vooraand van die oorlog

Kolonel F.W. Stopford van die Britse Oorlogsministerie wys in Desember 1898 daarop dat die Vrystaat sonder twyfel sy militêre verbond met die ZAR gestand sou doen indien oorlog sou uitbreek en dat die garnisoen in die Kaapkolonie vir hierdie rede uitgebrei moes word, maar sy waarskuwing is nie deur sy regering ernstig opgeneem nie.⁵³ Uit die Britse regering en sy militêre bevelstruktuur se optredes, besluite en uitsprake, blyk dit dat hulle die stryd teen die twee Boererepublieke onderskat het en dit as net nog 'n kort koloniale ekskursie beskou het. Hierdie gevolgtrekking word ondersteun deur die latere Elgin-kommissie⁵⁴ se verslag waarin dit duidelik na vore kom dat die Britse militêre owerheid en regering die Boererepublieke se militêre vermoë as gering geag het.

Na aanleiding van Wolseley se versoek in Junie 1899 dat groot troepeversterkings in Suid-Afrika nodig was, blyk dit dat hy nie die Boererepublieke onderskat het nie aangesien hy aanbeveel het dat 'n troepemag vir hierdie doel in Brittanje in gereedheid gebring moes word, wat onder meer ook 'n kavalleriedivisie moes insluit, maar "[t]his was never seriously entertained by the Government".⁵⁵

Alhoewel sir Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, met die oorlogsministerie se siening saamgestem het en troepekonsentrasie in Natal waar 'n grootskaalse Boere-aanslag verwag is, ondersteun het, blyk dit uit etlike telegramme aan die Koloniale Kantoor (Colonial Office) dat hy geensins gerus was oor die sterkte van die garnisoen in die Kaapkolonie nie. Milner het 'n Afrikaner-opstand in hierdie kolonie gevrees en was van mening dat bataljonne gestasioneer moes word by onderskeidelik die Noupoot-, Stormberg- en De Aar-spooraansluitings, asook by Oranjerivier-stasie, ten einde die Britse onderdane in

⁵³ Cd. 1789, p. 25.

⁵⁴ Bekend as die Royal Commission on the South African War wat deur die Britse regering ná die Vrede van Vereeniging aangestel is om die Britse militêre voorbereidings en flaters tydens die Anglo-Boereoorlog te ondersoek.

⁵⁵ Farwell, p. 41.

die Kaapkolonie meer gerus te stel, rebellie in die Kaapkolonie te ontmoedig en die belangrike spoorlyn te beskerm.⁵⁶

Dat troepe wel na die Kaapkolonie gestuur is, blyk uit luitenant-generaal sir William Nicholson se verslag, wat hy in opdrag van die oorlogsministerie opgestel het en waarin hy 'n volledige uiteensetting gee van Britse troepeversterkings in die Kaapkolonie en Natal vanaf Desember 1895 tot Oktober 1899. Die twee Boererepublieke se bewerings van 'n toename in Britse tropekonsentrasies op onder meer hul onderskeie grense, word met hierdie verslag bevestig. Die verslag dui voorts aan dat die Britse krygsmag in Suid-Afrika, met inagneming van die koloniale eenhede, vanaf Desember 1895 tot Oktober 1899 hul troepemag in Suid-Afrika geleidelik begin uitbrei het en terselfdertyd so goed as moontlik toegerus het nadat ses artilleriestukke tot 60 kanonne vermeerder is.⁵⁷ Naas Indië, waar die Britse Leër uit ongeveer 68 000 man bestaan het, was Suid-Afrika teen Oktober 1899 die gebied met die grootste Britse tropekonsentrasie. Ten spyte hiervan kon die Britse krygsmag in die eerste paar maande van die oorlog aanvanklik slegs defensief optree, waarna daar in alle erns begin is om 'n groter troepemag na Suid-Afrika te stuur.⁵⁸

Hierdie situasie wat hom in die Britse Oorlogsministerie op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog afgespeel het, word soos volg saamgevat: "Economy had ever been in the minds of the members of Parliament when examining the military estimates; the nation was now to pay dearly for it."⁵⁹ Uit bogenoemde is dit weer eens duidelik dat, vanweë 'n regering wat militêre aangeleenthede vanuit 'n finansiële oogpunt benader het en steeds vasgeklou het aan 'n rigiede militêre siening en hiërargie, die Britse mag in Suid-Afrika in die eerste paar maande van die oorlog nie vir die stryd gereed was nie, 'n faset waaruit die twee Boererepublieke veel munt kon slaan as hulle gedurende hierdie fase meer waagmoed aan die dag sou gelê het.

3.3 BRITSE LEËR VERGROOT SY SLAANKRAG

3.3.1 Britse garnisoene en krygsplan

Ná die mislukte Bloemfontein-konferensie van Mei-Junie 1899 is wel begin om die garnisoen uit te brei deur 1 323 soldate in Junie 1899 na die Kaapkolonie te stuur. Teen Oktober 1899

⁵⁶ Cd. 1789: *Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa*, p. 18.

⁵⁷ Breytenbach, 1, p. 141; Cd. 1789, p. 18; Wessels, *The Anglo-Boer War 1899-1902 ...*, p. 21.

⁵⁸ Breytenbach, 1, p. 142.

⁵⁹ Farwell, p. 41.

het die Britse garnisoen in die Kaapkolonie dus tot ongeveer 7 400 soldate aangegroei.⁶⁰ Met die groot toename in Britse soldate was sir Alfred Milner in Augustus 1899 verplig om 'n telegram aan president M.T. Steyn te stuur met die doel om die Vrystaatse regering hieroor gerus te stel. Milner het verduidelik dat die konsentrasie van troepe, in die vorm van die Lancashire Regiment wat na Kimberley verplaas is, slegs gedoen is om Kimberley en die brug by die Oranjerivierstasie te bewaak indien oorlog met die ZAR sou uitbreek. Die Vrystaat is egter nie hierdeur geflous nie en het die bedekte waarskuwing begryp, naamlik om nie by die naderende oorlog tussen Brittanje en die ZAR ingesleep te word nie. Steyn het gevolglik sy misnoë teenoor Milner uitgespreek oor hierdie saamtrek van soldate op die Vrystaatse wesgrens.⁶¹ Dat die verhouding tussen die Vrystaat en Brittanje ná die Bloemfontein-konferensie al meer agteruit begin gaan het en plek vir wantroue gemaak het, blyk uit Steyn se navraag aan Milner op 15 Augustus 1899 nadat 'n Bethulie-veldkornet inligting gedeel het oor 'n gerug dat soldate by die Bethulie-brûe ontplooi word, iets wat deur Milner ontken is.⁶² Verhoudinge het nog meer verswak nadat Steyn op 2 Oktober 1899 weer sy besorgdheid uitgespreek het oor Britse troepe in die omgewing van die Vrystaatse grens.⁶³

Die oorlogsministerie se krygstrategie het behels dat “[t]he main line of advance against the Transvaal should be based on the Cape Colony and should generally follow the line of the railway through the Orange Free State to Johannesburg and Pretoria”.⁶⁴ Die hoofinvalsroete is langs die spoorroete wat in Kaapstad begin en aangevul is deur die spoorroetes vanaf Oos-Londen en Port Elizabeth, beplan, juis vanweë die belangrikheid van 'n betroubare voorsieningslyn vir die krygsmag. Die Britte was van mening dat die grootste gedeelte van die Boererepublieke se krygsmagte op die Natal-front ontplooi sou word, wat beteken het dat die Boererepublieke maklik uit die swak verdedigde Kaapkolonie ingeval kon word. Tereg word na hierdie invalsroete deur die Vrystaat verwys as “a force advancing by the Free State route, once over the Orange River, would have only to deal with the Bethulie position and would then reach open plains which afford the freest scope for the manoeuvres of all three arms”.⁶⁵

⁶⁰ Cd. 1789, p. 21.

⁶¹ Amery (red.), 1, p. 349.

⁶² *Ibid.*, p. 318.

⁶³ Wessels, “Die Britse militêre strategie vir oorlog ...”, p. 7.

⁶⁴ Breytenbach, 1, p. 143.

⁶⁵ Maurice (red.), 1, p. 40.

Sir Redvers Buller en lord Roberts⁶⁶ het kort voor die oorlog oor hierdie saak verskil, omrede eersgenoemde die direkte invalstroete deur Natal na die ZAR wou volg en Roberts, op sy beurt, die roete deur die Kaapkolonie, oor die Vrystaat en van daar na die ZAR. Buller het so sterk hieroor gevoel dat hy selfs so ver gegaan het om sy hoofkwartier in Natal in te rig.⁶⁷ Roberts was aanvanklik van mening dat die beste opsie sou wees “to strike the central railway as close as possible to Springfontein junction”,⁶⁸ maar het weens die druk op Kimberley, sy plan aangepas om met die Kimberley-spoorroete op te ruk. Roberts was voorts van mening dat sodra Bloemfontein beset is, die roetes oor Bethulie en Norvalspont in Britse hande sou val en dat die Boererepublieke se magte hierna noordwaarts sou terugval.⁶⁹

Na aanleiding van die inligtingsdiens se verslag van 1898 insake republikeinse optredes, het luitenant-generaal W. Butler opdrag ontvang om ’n krygsplan vir die oorlogsministerie saam te stel ter verdediging van die Britse grensgebiede teen die Boererepublieke. Met die oog op verdediging het Butler die grensgebied soos volg in drie verdeel: Die eerste gedeelte het gestrek vanaf die Oranjerivier-brug tot by die Vaalrivier; die tweede gedeelte was die Oranjerivier-grens wat ooswaarts gestrek het vanaf die Oranjerivier-brug, verby Bethulie tot teen Basotholand; en die derde gedeelte het die driehoek-grensarea van Noord-Natal, Vrystaat en Transvaal ingesluit.⁷⁰ Met die uitbreek van die oorlog is na die Noordoos-Kaapkolonie verwys as “the most exposed point of the British defence”⁷¹ en die afleiding is dat die oorlogsministerie se militêre voorbereiding op die Suid-Vrystaatse grens dus gebrekkig was, ten spyte van Butler se voorstelle. Voorts het die Britse Leër, nieteenstaande die inligtingsdiens se advies om die onderskeie brûe oor die Oranjerivier by Bethulie en Norvalspont in die Suid-Vrystaat as uiters belangrik te ag, met Buller se strategie volstaan. Hiervolgens het Buller op 12 Junie 1899 aan die oorlogsministerie verduidelik dat klein Britse eenhede by De Aar, Noupoot en Stormberg gestasioneer sou word, met groter eenhede by Oranjerivier-stasie en Kimberley, asook eenhede by dorpe soos Colesberg, Burgersdorp en Philipstown.⁷²

⁶⁶ Frederick Sleigh Roberts (30.9.1832-14.11.1914), die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika wat op 10 Januarie 1900 in Suid-Afrika aangekom het en sir Redverse Buller amptelik vanaf Desember 1899 as opperbevelvoerder vervang het. Lord Kitchener het in November 1900 weer die bevel by hom oorgeneem.

⁶⁷ Cd. 1789, p. 25.

⁶⁸ Maurice (red.), 1, p. 411.

⁶⁹ *Ibid.*, p. 412.

⁷⁰ Breytenbach, 1, p. 144.

⁷¹ Amery (red.), 1, p. 372.

⁷² Breytenbach, 1, p. 145.

Die Schreiner-regering van die Kaapkolonie was self nie ten gunste van enige grootskaalse Britse troepeversterkings nie, omrede dit tot 'n inval in die Noordoos-Kaapkolonie deur Vrystaatse kommando's kon lei. Desnieteenstaande het Britse troepeversterkings op die twee Boererepublieke se grense wel geleidelik begin toeneem en op 11 Oktober 1899 het die totale Britse slaankrag uit 22 104 man bestaan, waarvan ongeveer 17 500 soldate in Natal saamgetrek was en ongeveer 7 400 in die Kaapkolonie. Met 'n verdere ongeveer 5 000 man van die koloniale eenhede tot hul beskikking, is die getal Britse troepe in Suid-Afrika met die uitbreek van die oorlog op ongeveer 27 000 man bereken.⁷³ Hierdie troepe was by die volgende punte saamgetrek: Noord-Natal by Ladysmith met ongeveer 10 000 man, Glencoe ongeveer 4 000 man en ander plekke in Natal ongeveer 2 500 man; Mafeking naby die Wes-Transvaalse grens ongeveer 1 000 man; Kimberley aan die Wes-Vrystaatse grens, ongeveer 2 500 man; Kaapstad ongeveer 1 250 man; asook kleiner garnisoene van ongeveer 1 500 soldate in totaal in die Noordoos-Kaapkolonie by die onderskeie spoorwegaansluitings te Oranjerivier-stasie, Noupoot, De Aar en Stormberg.⁷⁴ Hierdie oëverblindery deur die Britte was suksesvol, aangesien die Boererepublieke se verdediging op die suidwesfront waarlangs die latere, grootskaalse Britse aanval onder lord Roberts sou geskied, swak verdedig was.⁷⁵

3.3.2 Britse troepewegings in die Noordoos-Kaapkolonie

Ten spyte van moontlike rebellie in die Noordoos-Kaapkolonie, het die Britse krygsleiding nie enige daadwerklik militêre optrede in dié gebied beplan nie. Kleiner troepemagte, volgens Maurice “dotted along the northern frontier of the Cape Colony”⁷⁶ is by sekere punte, spesifiek die belangrikste spooraansluitings, geplaas met die doel om lojale onderdane gerus te stel, weifelende onderdane in bedwang te hou en enige invalle vanuit die Boererepublieke te ontmoedig. Alhoewel die voorposte aanvanklik vir uitsluitlik defensiewe redes daar geplaas is, en volgens die republikeinse krygsleiding nie 'n onmiddellike gevaar vir die Vrystaat ingehou het nie, is dit inderdaad opgestel met die oog op die groter krygsplan, met inagneming van die belangrike spoorroetes en wanneer die Britse hoofmag in volle sterkte sou aankom.⁷⁷

As een van drie spoorroetes wat by die Kaapkolonie se hawens begin het, het die Oos-Londen-spoorlyn verby Stutterheim, Queenstown, Sterkstroom en Molteno geloop tot waar

⁷³ Wessels, *The Anglo-Boer War 1899-1902* ..., p. 21.

⁷⁴ *Ibid.*, pp. 22-23.

⁷⁵ Breytenbach, 1, p. 146.

⁷⁶ Maurice (red.), 1, p. 51.

⁷⁷ Breytenbach, 1, pp. 148-149.

dit by Stormberg-stasie, net buite Molteno, verder in die rigting van Burgersdorp en oor die Oranjerivier tot by Bethulie gestrek het. By Stormberg het die spoorlyn in 'n sylyn na Steynsburg vertak, waarna dit by Rosmead-stasie by die hooflyn aangesluit het. Die hooflyn het vanaf Kaapstad na Pretoria geloop en dit verduidelik waarom die Stormberg-stasie, weens sy ligging, van groot strategiese belang vir die Britse oorlogspoging was. Die Britse militêre opperbevel het dus, kort voor die uitbreek van die oorlog, ongeveer 700 troepe van die Royal Berkshire en enkele lede van die 29^{ste} Kompanie van die Royal Engineers, wat behulpsaam moes wees met die oprig van verdedigingstrukture, by die stasie geplaas. Verder het 'n eenheid van die Royal Garrison Artillery die twee negeponder-skeepskanonne daar bedien. Die bedoeling van die klein garnisoen by hierdie aansluiting was uitsluitlik om Stormberg te beskerm totdat versterkings vanaf Brittanje sou opdaag.⁷⁸

Teen einde Oktober 1899 was die Vrystaters ontnugter nadat hulle bewus geword het van die toename van Britse magte op die grens van die Suid-Vrystaat en voorts verneem het van die eintlike Britse strategie wat 'n aanslag op die Vrystaat vanuit die Kaapkolonie, en nie vanuit Natal nie, sou behels.⁷⁹ Die beplande aanslag sou deur drie divisies op die suid- en wesgrens van die Vrystaat geskied, met die Eerste Divisie wat oor De Aar, al langs die spoorlyn tot by die wesgrens, sou opruk. Die tweede aanslag sou met die spoorlyn wat vanaf Port Elizabeth gestrek het, tot by Noupoot beweeg, verby Colesberg tot by Norvalspont. Die Derde Divisie sou vanaf Oos-Londen tot by Stormberg opruk, met Bethulie as tussentydse doelwit, op pad na Springfontein. Met hierdie nuwe kennis het die Boererepublieke begin om hul krygsplan aan te pas en 'n burgermag uit die ZAR is per trein na Norvalspont gestuur waar die kommando's van die Suid-Vrystaat reeds by die onderskeie brûe te Norvalspont, Bethulie en Aliwal-Noord begin saamtrek het en kort hierna die Kaapkolonie ingeval het.⁸⁰ Op bevel van Buller moes die Britse garnisoen by Stormberg hierdie stelling ontruim en na Queenstown terugval.⁸¹

3.3.3 Aankoms van William Gatacre en die Slag van Stormberg

Soos reeds na verwys, het generaal-majoor sir William Gatacre met sy Derde Divisie op 16 November 1899 by die Oos-Londen hawe aan land gegaan, kort voordat Stormberg op 26 November 1899 deur die Vrystaters beset is. Met sy aankoms in die Noordoos-

⁷⁸ *Ibid.*, p. 149.

⁷⁹ *Ibid.*, pp. 438-439.

⁸⁰ Maurice (red.), 1, pp. 198, 275.

⁸¹ Breytenbach, 1, p. 441; Creswicke, 2, p. 69.

Kaapkolonie wat as die sentrale front bekend gestaan het, het hy en sy leer van ongeveer 4 500 soldate met hul 12 Armstrong-kanonne en twee verouderde kanonne, asook drie Maxim snelvuurkanonne, hul kamp by Putterskraal⁸² naby Sterkstroom ingerig. Die kanonne is bedien deur 654 artilleriste onder bevel van 24 offisiere van die 74th en 77th Royal Field Artillery. Sy infanterie en berede infanterie van 3 144 infanteriste onder bevel van 102 offisiere het bestaan uit drie bataljons van onderskeidelik die 2nd Royal Irish Rifles, die 2nd Royal Scots, die 2nd Northumberland Fusiliers, die Southern South Eastern Aldershot en Mounted Cork Infantry. Sy mag is voorts deur bykans 40 manskappe van die 16th Field Hospital, 155 manskappe van die Royal Engineers, asook 109 soldate van die Army Ordinance Corps, bygestaan.⁸³ Met hierdie indrukwekkende troepemag het Gatacre die Boeremag op 10 Desember 1899 by Stormberg aangedurf en het die geveg, met inagneming van kommandant Floris du Plooy en die Bethulie-kommando se rol hierin, tot 'n rampspoedige nederlaag vir die Britse krygsmag gelei met 'n verlies van minstens 25 gesneuweldes, ongeveer 100 gewondes en meer as 600 krygsgevangenes en twee gebuite kanonne. Die ongevalle onder die Vrystaters en rebelle is op vyf gesneuweldes en 16 gewondes bereken, waarvan vier swaar gewond was.⁸⁴ Die veldslae te Stormberg, Magersfontein en Colenso het deel gevorm van die Britse "Black Week" waarin die Britse krygsmag en drie opeenvolgende nederlae gely het en hul aansien gedaal het.⁸⁵

Ná die Britse sege by Paardeberg, waarin generaal Piet Cronjé en sy mag krysgevangene geneem is, was veldmaarskalk lord Roberts op pad om Bloemfontein te beset, en hoofkommandant Jan Hendrik Olivier het, uit vrees dat hy van die Vrystaat afgesny kon word, Stormberg inderhaas op 5 Maart 1900 ontruim. Gatacre, wat deur middel van swart spioene van die Boere se bewegings op hoogte gehou is, het Stormberg kort ná Olivier se vertrek, beset.⁸⁶ Gatacre skryf soos volg in sy dagboek van 5 Maart 1900: "Made a reconnaissance towards Stormberg today which was occupied at 1 pm. having been evacuated by the enemy."⁸⁷ Hierna was Gatacre steeds versigtig vir enige drastiese optrede en het ná die Boere se terugtog op pad na die Oranjerivier met sy Derde Divisie in beweging

⁸² Putterskraal is 'n klein spoorwegstasie, 48 km suid van Sterkstroom.

⁸³ Breytenbach, 2, p. 201; 4, pp. 455-456.

⁸⁴ Wessels, *The Anglo-Boer War 1899-1902* ..., p. 47; Breytenbach, 2, pp. 221-222. Sien Hoofstuk 2 se onderafdeling 2.6 vir meer besonderhede oor die Slag van Stormberg.

⁸⁵ A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 30.11.1899-3.4.1900, p. 28; Breytenbach, 2, p. 222.

⁸⁶ B.W.D. Gatacre, *General Gatacre: The story of the life and services of Sir William Forbes Gatacre, K.C.B., D.S.O., 1843-1906*, p. 16.

⁸⁷ A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 30.11.1899-3.4.1900, p. 28.

gekom en so hulself teen 13 Maart 1900 op die oewer van die Oranjerivier by Bethulie bevind.⁸⁸

3.4 OPMARS NA EN OORGAWA VAN BETHULIE

3.4.1 Bethulie-brûe

Met die nuwe wending in die oorlog was die Britse opperbevel opnuut bewus van die belangrikheid van die brûe oor die Oranjerivier, spesifiek met die oog op die volgende fase van hul krygsoptrede. Roberts was veral hoopvol dat Gatacre sy opdrag sou kon uitvoer om die vernietiging van die brûe by Bethulie te verhoed, aangesien hy teen einde Februarie 1900 aan lord Kitchener⁸⁹ berig het dat hy vol vertroue was dat veral die Bethulie-spoorbrug met redelike gemak beveilig kon word, maar dat Gatacre se hulp hiermee benodig sou word.⁹⁰ Gatacre se mag van infanterie, kavallerie, kanonne en vele waens, het op 8 Maart 1900 na Burgersdorp vertrek en die tog per pad is na tien ure voltooi met hul aankoms om ongeveer 15:30, maar die generaal en sy staf⁹¹ het eers op 10 Maart 1900 per trein vertrek. Gatacre het gepoog om die vernietiging van die brûe te keer en het 'n voorhoede, wat kort op Olivier se hakke was, in die rigting van Bethulie gestuur. Volgens Gatacre se dagboekinskrywing van 7 Maart 1900 het die voorhoede daarin geslaag om Burgersdorp te beset, waarna hy skryf: "Scouts had occupied Burghersdorp. Enemy retreating."⁹²

Die voorhoede het bestaan uit twee klein eenhede, wat saamgestel was uit die Montmorency Scouts en Cape Police, wat elk op 'n ander roete gestuur is in 'n poging om die brûe by Bethulie van vernietiging te red en om voorts oor die terugvallende kommando's te berig. Kaptein Angus J. McNeill met 30 van die Montmorency Scouts (die Bethulie-kommando se ou vyande van Schoemanskop, Molteno) was teen 8 Maart 1900 kort op die hakke van die

⁸⁸ *Ibid.*

⁸⁹ Horatio Herbert Kitchener (24.6.1850-5.6.1916), wat lord Roberts in November 1900 as opperbevelvoerder in Suid-Afrika opgevolg het.

⁹⁰ C.J.F. Botha, *Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (M.A.), p. 213.

⁹¹ Gatacre se staf het bestaan uit luitenant-kolonel H.B. Jeffreys en kaptein R.H. Hare van die Royal Artillery, luitenant A.J. McNeil van die 1st Battalion Seaforth Highlanders, kolonel R.E. Allen, luitenant-kolonel W.H.H. Waters, majoors P.E.F. Hobbs en J.R.F. Sladen van die East Yorks Regiment, eerw. E. Ryan en eerw. R. Armitage, die senior mediese offisier, luitenant-kolonel J.D. Edge en majoor G.E. Twiss van die Royal Army Medical Corps, kapteins S. Fritz en G. Cox van die Lincoln Regiment se seindivisie en luitenant-kolonel A.C. Foley van die Royal Engineers na wie J.R. Kipling later die Norvalspont-brug herdoop het as "Foley Bridge".

⁹² A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 30.11.1899-3.4.1900, p. 29.

Vrystaters en het teen laat skemer op 9 Maart 1900,⁹³ twee kilometer vanaf die Bethulie-brûe, halt geroep.⁹⁴ Hierdie soldate moes egter toekyk hoe die Boere die spoorbrug om 05:00 die volgende oggend, 10 Maart 1900, vernietig, waaroor die *Cape Times* soos volg berig het: “The demolition of the railway bridge was actually seen by the small party of Scouts.”⁹⁵ Gatacre verwys self in sy latere herinneringe na hierdie eenheid: “on the 9th the Scouts chased the Boers to the bridge over the Orange River at Bethulie. The little band arrived just in time to see the railway bridge blown up, but their advance saved the roadway.”⁹⁶

Daar is gevrees dat die wabrug volgende vernietig sou word. Majoor Nolan Neylan en sy Cape Police het vroegoggend op 10 Maart 1900⁹⁷ by die Montmorency Scouts aangesluit, waarna die majoor as senior offisier bevel oorgeneem het.⁹⁸ Met hul aankoms op die plaas Holmsgrove, wat oorkant die brug aan die Kaapkolonie-kant geleë is, het hulle om ongeveer 07:00 agter die kraalmure stelling ingeneem en op die lede van die Bethulie-kommando en die ingenieurs van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM) losgebrand, terwyl laasgenoemde besig was met die laaste voorbereidings vir die inploffing van die brug. Die gevolg was dat die wabrug ongeskonde gebly het en Gatacre kon dus op 11 Maart 1900 soos volg aanteken: “The road bridge at Bethulie was uninjured, though the piers had been mined. It would appear that the charges had failed to explode, and the Boers had no time to attach fresh fuses.”⁹⁹ ’n Koerant beskryf hoe die Boere aangedrentel gekom het en hul werk ter voorbereiding van die wabrug se inploffing sonder enige haas wou hervat. Die Boere was houtgerus aangesien hulle in daardie stadium nie van die Britse mag se teenwoordigheid bewus was nie. Hul aankoms is beskryf as “at about 7 a.m. in the form of a number of Boers who marched or lounged slowly down to the bridge to finish the job”.¹⁰⁰

Gate was reeds in die staalpyppilare van die Bethulie-wabrug geboor en met springstof en ontstekers gelaai, maar moes nog net met die elektriese toestel gekoppel word wat die ploffstof sou aktiveer.¹⁰¹ Polisiekommissaris, Henry L. Davis van die Cape Police, se latere verslag vertel van ’n hewige geveg wat losgebars het tussen die Boere en die Britte, onder

⁹³ Maurice verwys na die datum as 10 Maart 1900, maar Gatacre se stafdagboek, asook ander bronne verwys na 9 Maart 1900.

⁹⁴ Creswicke, 4, pp. 171-172; Maurice (red.), 2, p. 248.

⁹⁵ *Cape Times Weekly Edition*, 25.3.1900, p. 7.

⁹⁶ Gatacre, p. 16.

⁹⁷ Volgens Maurice, 11 Maart 1900, maar Gatacre se stafdagboek verwys na 10 Maart 1900.

⁹⁸ Creswicke, 4, p. 172.

⁹⁹ A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 30.11.1899-3.4.1900, p. 33.

¹⁰⁰ *Cape Times Weekly Edition*, 4.4.1900, p. 5.

¹⁰¹ Botha, p. 214.

meer met lede van die Cape Police,¹⁰² waartydens die Cape Police en Scouts vanaf die skaapkraal, die tolhuis, die klipmuur om die plaashuis, die tuin en selfs vanuit die Holm-begraafplaas, op die Boere gevuur het.¹⁰³ Uit 'n skans aan die Vrystaat-kant van die brug het 'n handvol burgers die Cape Police en Scouts probeer terughou, in die hoop om die elektriese drade met die ontstekers te koppel. Majoor Neylan se mag het 'n ligte kanon byderhand gehad waarmee hulle om ongeveer 16:00 op die Boere losgebrand het.¹⁰⁴ Die geveg, wat die hele dag geduur het en tot die volgende dag, Sondag 11 Maart 1900, voortgeduur het, het tot 'n aantal Britse ongelukke gelei. Manskap C. Schroeder van die Cape Police het 'n kopskoot gekry en is kort hierna oorlede, terwyl manskap L.S. Erasmus van dieselfde eenheid, swaar gewond is en deur manskap George Blake na veiligheid gedra is, waar manskap A. Young¹⁰⁵ hom, onder hewige geweervuur, versorg het. Erasmus het op 12 Maart 1900 aan sy wonde beswyk en is by Burgersdorp begrawe.¹⁰⁶

Verdere versterkings in die vorm van berede infanterie en artillerie wat op 11 Maart 1900¹⁰⁷ by die Bethulie-brug opgedaag het, is as bystand vir Neylan vooruit gestuur. Die versterkings het bestaan uit 24 soldate van die 1st Derbyshire Regiment, asook manskappe van die 1st Royal Scots en die 79th Field Battery, met 'n paar 12-ponder kanonne, as “a flying column” onder luitenant-kolonel W.H. Sitwell. Een van hierdie soldate, onderkorporaal Luke Gormley van die 1st Royal Scots, het sy herinneringe in 'n dagboek opgeteken en beskryf onder meer die intense koue van die nagte op pad vanaf Stormberg. Gormley noem voorts dat daar van Burgersdorp na Osfontein-halte beweeg is, waar hulle die aand van 9 Maart 1900 kamp opgeslaan het en op 10 Maart 1900 Knapdaar bereik het, waar daar weer oornag is. Met hul aankoms by die Bethulie-wabrug, waar hulle by die Cape Police en Montmorency Scouts aangesluit het, het die geweldige geweer- en artilleriesvuur vanaf die Vrystaat-oewer, die moeë “flying column” verhoed om water uit die rivier te skep om te bad.¹⁰⁸ In hierdie geveg, wat in felheid toegeneem het, is onderkorporaal Noble Henry Nichols en manskap Alfred Lenton van die 1st Derbyshire Regiment, asook manskap H. Kane van die 1st Royal Scots, op Sondag 11 Maart 1900 lig gewond, met wonde aan onderskeidelik 'n arm, been en

¹⁰² Die lede van die Cape Police was kaptein W.M. Schenk, manskappe J. Loyd, Edward Ward, H.B. Austin, Alexander Young, F. Burger, Alfred Blake, C. Boucher, L.S. Erasmus, P. O'Brien en C. Schroeder; asook sersant-majoor W.H. Fuller.

¹⁰³ J. Looock Privaat Versameling: Reports of the Commissioner of Police – King William's Town for the year 1900-1901.

¹⁰⁴ Botha, p. 215.

¹⁰⁵ Alexander Young ontvang in Augustus 1901 die Victoria Cross tydens die geveg by Ruiterskraal.

¹⁰⁶ A.C. Doyle, *The great Boer War*, pp. 815-816.

¹⁰⁷ Volgens Maurice, op 12 Maart 1900, maar Gatacre se stafdagboek verwys na 11 Maart 1900.

¹⁰⁸ OM, 5786/1: Diary of Lance Corporal Luke Gormley, 1900-1902.

makebeen.¹⁰⁹ Die Cape Police en Montmorency Scouts het sodoende genoeg tyd gekoop vir Gatacre se hoofmag, wat teen laatmiddag op Maandag 12 Maart 1900 vanaf Burgersdorp by die brug opgedaag het. Die roete daarheen moes straf gewees het en die impak van die harde omgewing en topografie op die krygsverloop word weer duidelik wanneer artilleris Lemuel Batten van die 5th Field Battery van die Royal Artillery, wat homself later by die brug by Bethulie bevind het, die harde landskap op pad na Bethulie en die wabrug beskryf as “an awful place to travel over hills, rocks and such obstacles”.¹¹⁰

Gatacre se Derde Divisie van 5 418 soldate het in daardie stadium bestaan uit die 1st Royal Scots; die 1st Derbyshire Regiment; die 2nd Royal Berkshire Regiment; die 2nd Royal Irish Rifles met majoor A.H. Festing as bevelvoerder; die 2nd Northumberland Fusiliers van luitenant-kolonel Sitwell; die Cape Mounted Police; die Montmorency Scouts; die 74th, 77th en 79th Royal Artillery Batteries met 20 kanonne en vier Maxim masjiengewere; die 12th (Field) Co. Royal Engineers; asook die New South Wales Army Medical Corps Ambulance.¹¹¹ Daar is berig dat “[t]he whole Third Division is now encamped upon the south bank of the Orange River opposite Bethulie”.¹¹²

Op Dinsdag 13 Maart 1900 het ’n verdere geveg om ongeveer 09:00 vanaf die hoogtes by Holmsgrove en Klipbanksfontein in felheid losgebars en kon Gatacre se mag die Boere se bewegings by die wabrug sodoende onder skoot hou. Die artilleriste van die 74th Battery was die eerste battery wat met hul Armstrong-kanonne en Maxim-masjiengewere vanuit hul posisie agter struik op die burgers gevuur het. Die Britte het alles in die stryd gewerp om te verhoed dat die wabrug vernietig word, aangesien die Oranjerivier in daardie stadium in vloed was en die driewe dus onbegaanbaar gemaak het.¹¹³ Die Britse mag het deurentyd gevrees dat die burgers daarin sou slaag om na donker, die Siemens-Halske elektriese apparaat se drade met die ontstekers van die dinamietladings in die brugstutte te koppel, wat sou meebring dat die vernietiging van die brug kon voortgaan.¹¹⁴

¹⁰⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 22.3.1900.

¹¹⁰ A. van Dyk Privaat Versameling, ongeïdentifiseerde koerantknipsel. Hierdie spesifieke berig is in die vorm van ’n knipsel in die Van Dyk-Privaat Versameling. Geen bladsynommer of koerantnaam verskyn op die knipsel nie. Die bladsy van die knipselboek (Popham se persoonlike knipselboek) waarop die berig verskyn, word wel aangedui: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, p. 3.

¹¹¹ Breytenbach, 4, pp. 455-456; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 22.3.1900.

¹¹² A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, p. 3.

¹¹³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening News*, 14.5.1900.

¹¹⁴ Creswicke, 4, pp. 171-172.

Aan die hand van bogenoemde word afgelei dat die Britte teen 13 Maart 1900 besef het dat die burgers vasberade was om die brug te vernietig. Met hierdie besef het 'n paar soldate die aand van Dinsdag 13 Maart 1900 'n waaghalsige daad verrig ten einde die strategiese Bethulie-wabrug vir die Britse oorlogspoging te behou. Dit het begin nadat luitenant Robert Stewart Popham van die 1st Derbyshire Regiment oor die brug gekruip het en die elektriese drade wat met die ontstekers gekoppel moes word, geknip het. Tydens sy dapper poging het hy kennis geneem van verskeie kiste dinamiet wat onder die brug aan die suidekant van die Kaapkolonie, gestapel was. Popham het saam met majoor F.C. Shaw¹¹⁵ en 24 soldate, waaronder manskappe J.J. Hall en P. Mansfield, beide van die 1st Derbyshire Regiment, onder geweervuur, teruggekeer en die dinamiet verwyder. Popham het ook gemerk dat daar dinamietladings in die brugpilare geplaas is en gevolglik het hy en kaptein Philip Gordon Grant van die Royal Engineers, die aand van 14 Maart 1900 oor die brug gekruip, die ladings uit die gate verwyder en in die rivier gegooi.¹¹⁶ Die kakie-uniform van die soldate het goed saamgesmelt met die brug, wat geel geverf was, en het dus moeilike teikens van hulle gemaak.¹¹⁷

Op Woensdagoggend 14 Maart 1900 het die Britte drie sarsies met hul artillerie op die burgers se posisies afgevuur, waarna twee sarsies met 'n Krupp-kanon vanaf die Vrystaat-kant gevolg het. Teen ongeveer 11:00 is geen verdere bewegings aan die oorkant van die rivier bespeur nie en die Britte het vermoed dat die burgers hul posisies ontruim het. Met 'n ongevallesyfer van twee gesneuweldes¹¹⁸ en drie gewondes¹¹⁹ teenoor die Bethulie-kommando met sy drie ongevalle,¹²⁰ het die Britte gereed gemaak om die Bethulie-wabrug oor te steek. Gatacre was egter steeds versigtig vir 'n lokval en het eers 'n klein verkenningspatroillie uitgestuur, waarna die Britse mag die brug eers die volgende oggend, 15 Maart 1900, sou oorsteek.¹²¹

3.4.2 Besetting van Bethulie

Die oggend van 15 Maart 1900 het Gatacre sy troepe aan weerskante en binne trefafstand, op die oewer naby die brug opgestel om sodoende burgers in die nabyheid uit te lok. Hierna was dit weer die Cape Police en Montmorency Scouts wat die voortou moes neem en versigtig

¹¹⁵ Fredrick Charles Shaw (31.7.1861-6.1.1942), van die Derbyshire Regiment, later luitenant-generaal Shaw.

¹¹⁶ A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, pp. 6, 8.

¹¹⁷ Doyle, p. 816.

¹¹⁸ Manskappe L.S Erasmus en K.S. Schroeder.

¹¹⁹ Manskappe J. Kane, A. Lenton en N.H. Nichols.

¹²⁰ Burgers P. van Vrede, J.A. Venter en A.J. Roux.

¹²¹ A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, p. 8.

oor die brug beweeg het, waarna die hoofmag gevolg het en op die oop vlakte aan Vrystaatkant in 'n waaivormige formasie ontplooi is.¹²² Bethulie-inwoners het intussen as teken van oorgawe, elke moontlike grootte wit doek voor hul huise en besighede vasgemaak. Dit is later soos volg beskryf: “Every shopkeeper and householder in the town seemed to have bought or borrowed the largest piece of white calico he could find and manufactured it into a flag.”¹²³ Met die Britte op pad, het H.A. Rampf, voorsitter van die Bethulie-dorpsraad, tesame met 'n klein gevolg, Gatacre se mag met 'n wit vlag¹²⁴ aan die buitewyke van die dorp tegemoet gery en die dorp aan hom oorgegee. Rampf het verder verklaar dat die kommando's die dorp reeds die vorige dag verlaat het.¹²⁵

Gatacre, sy staf en troepemag het die dorp met wapperende vaandels en orkesbegeleiding vanaf die suidekant binnemarsjeer. (Sien Bylae 3.1 vir foto van die besetting van Bethulie.) Die Union Jack het by die Royal Hotel gewapper en die hoteleienaar se gade, Emma Elizabeth (Daisy) Dobbin, het “God Save the Queen” op 'n klavier, wat op die hotel se stoep opgestel is, gespeel.¹²⁶ Die afleiding is tereg dat William Rouse Dobbin en sy gade groot Britse lojaliste was.

Gatacre en sy gevolg het tot by die landdroskantoor beweeg, waar landdros Andrew James Wolhüter die sleutels van die gebou aan hom oorhandig het en waarna majoor Neylan die eer gehad het om die Union Jack in die teenwoordigheid van die troepemag, 'n groep swart mense, asook enkele Britse lojaliste, te hys.¹²⁷ In sy toespraak hierna het Gatacre die inwoners verseker dat die oorlog nie teen die inwoners van die Vrystaat gevoer is nie, maar wel teen die Vrystaatse regering en derhalwe is die inwoners versoek om hul daaglikse werksaamhede op 'n wetsgehoorsame en vreedsame wyse te hervat. Hy het voorts onderneem om die inwoners te beskerm en het as deel van sy belofte, voedsel aan behoeftiges in die dorp beskikbaar gestel. Die afleiding is dat Gatacre die rantsoenstoor op Burgersdorp per heliograaf versoek het om voorrade na Bethulie te stuur, nadat hy navraag oor die beskikbaarheid

¹²² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 19.3.1900; A. van Dyk Privaat Versameling: Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div., South Africa, 30.11.1899-3.4.1900, p. 33.

¹²³ R. Danes, *Cassell's (illustrated) history of the Boer War 1899-1901* 1, p. 817.

¹²⁴ Hierdie vlag word in die Pellissierhuismuseum op Bethulie bewaar.

¹²⁵ S.H. Pellissier, *Eeufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, p. 52.

¹²⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 19.3.1900.

¹²⁷ Hierdie vlag is vir dekades in die Anglikaanse kerk op Bethulie bewaar, waarna dit in 2017 aan die Pellissierhuismuseum geskenk is.

van meel, sout, koffie en suiker in die dorp gedoen het en Rampf hom oor die skaarste aan kosvoorrade en perdevoer ingelig het.¹²⁸

Volgens 'n beskrywing van 'n soldaat het Gatacre, ná die besetting van Bethulie, die landdroskantoor onder sy direkte beheer geplaas. Die landdroskantoor, wat tot magistraatskantoor herdoop is, is gebruik om die Eed van Neutraliteit van burgers wat dit wou onderteken, sommige hiervan wat later as Protected Burghers geklassifiseer is, te administreer. Die Britse militêre bestuur het probeer om soveel moontlik van die ou Vrystaatse amptenary te behou en so is landdros A.J. Wolhüter deur Gatacre versoek om sy plicte as landdros (nou magistraat) te hervat.¹²⁹ Die afleiding is dat daar gepoog is om die Britse administrasie vir die inwoners so aanvaarbaar as moontlik te maak, ten einde wet en orde te handhaaf. Daarbenewens is magistrate soos Wolhüter die taak opgelê om Roberts se proklamasie van 15 Maart 1900 ten opsigte van wapenmeerlegging, onder die Bethuliegemeenskap se aandag te bring.¹³⁰ Inwoners is verder per kennisgewing ingelig dat alle gelde en belastinge wat aan die staat verskuldig was, steeds betaal moes word.¹³¹

Majoor L.W. Bode¹³² van die Royal Scots is intussen deur Gatacre as bevelvoerder van Bethulie aangestel en ingevolge krygswet hy het nog dieselfde middag soldate na elke huis in die dorp gestuur en inwoners beveel om hul vuurwapens voor 10:00 die volgende oggend by die magistraatskantoor in te handig.¹³³ Voorts is patrollies in die Bethulie-distrik uitgestuur om wapens en ammunisie op plase te kollekteer, terwyl enkele burgers in die distrik die moed bymekaar geskraap het om na die dorp te gaan en hul wapens, meestal verouderd, in te handig.¹³⁴

3.4.3 Aansluiting by die res van die Britse mag

Ten spyte daarvan dat die Bethulie- en Norvalspont-spoorbrûe deels vernietig was, was die strategiese spoorlyne vanaf die Kaapkolonie hierna in Britse hande. Nadat Gatacre die tydelike bestuur van Bethulie gefinaliseer het, kon hy sy aandag aan die volgende stap van sy veldtog skenk. In opdrag van Roberts moes Gatacre, sodra Bethulie beset was en soos deur Altham aanbeveel is, na Springfontein beweeg word, waar hy by generaal-majoor Ralph

¹²⁸ A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, pp. 12-13.

¹²⁹ NASA, VAB, MG, 1: Oaths at Bethulie, 24.3.1900.

¹³⁰ A.M. Grundlingh, *Die hendsoppers en joiners: Die rasionaal van verraad*, p. 20.

¹³¹ *Government Gazette*, 2.5.1900, p. 40.

¹³² Majoor Louis William Bode van die Royal Scots (Lothian Regiment), het ook aan die Anglo-Zulu-oorlog van 1879 deelgeneem.

¹³³ Pellissier, *Eufoesalbum* ..., p. 53; T. Venter, *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog*, p. 61.

¹³⁴ A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, p. 16.

Arthur Penrhyn Clements se mag moes aansluit en hierna met Roberts se hoofmag te Bloemfontein moes verenig. 'n Versigtige Gatacre is deurentyd op hoogte van sake gehou wat betref Clements en sy mag van 3 500 infanteriste en 250 kavallerie se vordering. Voor aansluiting het Clements se mag Gatacre se linkervleuel beskerm en vanaf Colesberg opgeruk, terwyl Brabant's Colonial Division, wat vanaf Herschel, Lady Grey en Dordrecht in die rigting van Aliwal-Noord begin opruk het, sy regtervleuel gevorm het.¹³⁵

Gatacre het ongeveer 12 ure op Bethulie vertoef, waarna hy nog dieselfde dag met die grootste gedeelte van sy mag na Springfontein vertrek het waar hy en Clements mekaar op die Springfontein-stasie ontmoet het.¹³⁶ Kort na die besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900, is 'n verdere mag van 2 000 soldate onder luitenant-generaal R. Pole Carew, per spoor gestuur om langs die spoorlyn by die suidelike kolonnes van Gatacre en Clements aan te sluit.¹³⁷

Voor Gatacre se vertrek na Springfontein, het hy kaptein G. Pope Hennessy van die Cape Police opdrag gegee om die Bethulie-stasie oor te neem en is vasgestel dat die belangrike telegraafinstrument ongeskonde was. Springfontein-stasie is gekontak en volgens terugvoer het twee treine met krygsbenodigdhede vir die Boere gereed gestaan om in die rigting van Bloemfontein te vertrek. Hennessy en kaptein Henry Gordon Turner van die Montmorency Scouts het die tog van 37 km per spoortrollie na Springfontein aangepak en twee lokomotiewe met 40 trokke daar onder stoom gevind. Hierbenewens het hulle agt burgers, waaronder buitelandse vrywilligers wat in die wagkamer aan die slaap was, gevind en hulle krygsgevangene geneem. Met behulp van 'n Engelssprekende masjiniër is die twee lokomotiewe met hul trokke na Bethulie-stasie gestoom.¹³⁸ Hierdie twee lokomotiewe was van groot waarde vir die Britse oorlogspoging, aangesien daar 'n skaarste aan stoomlokomotiewe aan die Vrystaat-kant van die rivier was en die lokomotiewe nodig was om die trokke wat by die beskadigde Bethulie- en Norvalspont-brug opgehoop het, ná die herstel van die spoorroorgang na Bloemfontein te sleep.¹³⁹ Intussen het die gedeelte van die mag wat Gatacre op Bethulie agtergelaat het, teen laatmiddag vyf kilometer noordoos van die dorp naby Marokspruit kamp opgestel, tesame met 'n tweede, kleiner kamp ten weste van die dorp in die omgewing van die

¹³⁵ Danes, p. 814.

¹³⁶ H. du Cane, *The war in South Africa: The advance to Pretoria after Paardeberg, the upper Tugela campaign, etc.*, p. 42.

¹³⁷ S.L.H. Slocum en C. Reichmann, *Boer War operations in South Africa 1899-1901: Extracts from the reports of S.L.H. Slocum and C. Reichmann*, p. 55.

¹³⁸ H. Brown, *War with the Boers: An account of the past and present troubles with the South African Republics* 4, p. 103.

¹³⁹ Maurice (red.), 2, p. 256.

spoorlyn en stasie vanwaar water verkry is, terwyl buiteposte op die hoogtes om die dorp opgestel is.¹⁴⁰

3.5 SPOORVERVOER WORD HERSTEL

3.5.1 Rolspelers

Die noodsaaklikheid van spoorvervoer het vroeg aandag geniet, juis vanweë die behoefte aan voorrade vir Roberts se leër in Bloemfontein en dus het luitenant-kolonel sir Percy Girouard, die direkteur van die Spoorweë, dadelik met maatreëls begin om die treinverkeer na Bloemfontein te herstel.¹⁴¹ Die belangrikheid van die spoorlyn vir die troepemag in Bloemfontein is saamgevat as “40 000 men were dependent for their food upon this single line”.¹⁴² Breytenbach verwys self na die Britte se afhanklikheid van die sentrale en oostelike spoorlyn en dat die Boere hieruit munt kon slaan as hulle dit agter Roberts se leër begin ontwig het.¹⁴³ Die herstel was verder noodsaaklik aangesien die Britse leërowerheid in Suid-Afrika ’n opeenhoping van skeepsverkeer in die Kaapkolonie se hawens wou verhoed deur die Kaapse hawe te gebruik vir die ontskeping van troepe, terwyl Oos-Londen en Port Elizabeth hoofsaaklik aangewend sou word om voorrade, krygstuig, perde en ander trekdier te ontskeep. Die herstel van die beskadigde Oos-Londen-spoorlyn, wat die grootste skade aan die Stormberg-brug se drie spanne en die Bethulie-spoorbrug se herstel ingesluit het, het dus in daardie stadium prioriteit geniet.¹⁴⁴ Hierdie situasie word deur Maurice soos volg opgesom: “The re-establishment of through [sic] railway communication between the Orange Free State and the coast had been always the primary condition of the success of the campaign, and was from the first [sic] assumed to be vital to it.”¹⁴⁵

Dit sou maande neem om die beskadigde Bethulie- en Norvalspont-spoorbrug in volle bedryf te stel en Roberts se hoofmag in Bloemfontein het spoedig ’n tekort aan rantsoene, trekdier,¹⁴⁶ uniforms en ander krygsmateriaal ervaar, asook manskappe om die ongevalle van die maagkoors-epidemie te vervang. Gegewe hierdie behoeftes, moes die Britse krygsleiding ’n manier vind om die spoorstelsel in die Suid-Vrystaat, waarvan hulle afhanklik

¹⁴⁰ A. van Dyk Privaat Versameling: Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900, p. 14.

¹⁴¹ H.W. Wilson, *After Pretoria: The guerilla war* 1, p. 227.

¹⁴² Danes, p. 824.

¹⁴³ Breytenbach, 5, pp. 129-130.

¹⁴⁴ OM, 4899/419: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 1, pp. 29-30.

¹⁴⁵ Maurice (red.), 3, p. 29.

¹⁴⁶ In daardie stadium het Roberts ’n tekort van 254 artillerie- en 500 kavallerie perde, asook 726 trekperde gehad. Hierbenewens is ’n verdere 369 ponies en 572 trekmuile benodig.

was, so gou as moontlik in 'n operasionele toestand te kry.¹⁴⁷ Die spoorstelsel by Norvalspont kon tydelik herstel word, maar 'n alternatiewe manier moes gevind word om die spoorroorgang oor die Oranjerivier by Bethulie te herstel, en dit is geag as “of immense importance to the existing of this force that there should be no delay in repairing the railway”.¹⁴⁸ Die herstelwerk aan die spoorstelsel by Bethulie het gevolglik in drie fases geskied. Die eerste fase het 'n vinnige oplossing verskaf met die herleiding van die spoorlyn oor die Bethulie-wabrug. As tweede fase is 'n tydelike laagwaterspoorroorgang opgerig op die fondasies van die ou “construction bridge” wat voor 1894 gebruik is om die Bethulie-spoorbrug te bou. Die laaste stap was om die beskadigde spoorbrug te herstel, 'n proses wat maande kon neem.¹⁴⁹

Verskeie kundiges wat aan bepaalde eenhede in die Britse Leër verbonde was, is by die herstelproses betrek. Hierdie eenhede was die Royal Engineers, die Railway Pioneer Corps, asook 'n afdeling wat bekend was as die Electrical Engineering Volunteers. Die Railway Pioneer Corps is hoofsaaklik saamgestel uit Britse lojaliste wat as vlugteling vanaf Johannesburg afkomstig was en hulself met die uitbreek van die oorlog in die Kaapkolonie bevind het. Die ontstaan van sodanige eenheid was die inisiatief van twee ingenieurs, Louis Irving Seymour en C.A. Goodwin, wat hul tegniese vaardighede voor die oorlog as werkers op die myne in Johannesburg gebruik het en nou hul kundigheid tot die beskikking van die Britse Leër gestel het. Sir Alfred Milner en die Britse militêre owerheid het hul aanbod aanvaar en hierdie eenheid gestig, waarna hulle met die rang van majoor in die Railway Pioneer Corps aangestel is.¹⁵⁰ Die eenheid was onder bevel van majoor J.E. Capper¹⁵¹ van die Royal Engineers en werwing vir die eenheid het reeds op 18 Desember 1899 begin.¹⁵² Die eenheid is in drie vleuels verdeel, te wete die Right Wing, Left Wing en Centre Wing, en elke vleuel het uit drie kompanies bestaan. Die Railway Pioneer Corps, met 37 offisiere, was danksy hul spesialiskennis, van groot waarde vir die Britse oorlogspoging spesifiek met die bou van

¹⁴⁷ Maurice (red.), 3, p. 31.

¹⁴⁸ *Ibid.*, p. 29.

¹⁴⁹ Transnet Museum (hierna TM), 171 A: Orange River bridge at Bethulie, showing low level deviation, 1902.

¹⁵⁰ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, p. 30; Maurice (red.), 1, p. 425.

¹⁵¹ Luitenant-kolonel Capper volgens Maurice.

¹⁵² J. Stirling, *The colonials in South Africa 1899-1902: Their record, based on the despatches*, pp. 226-227; E.D. Swinton, *Over my shoulder*, p. 107.

tydelike brûe soos by Bethulie. Selfs lord Roberts het later verwys na hierdie eenheid se besondere bydrae tot die oorlog.¹⁵³

3.5.2 Bethulie-wabrug as spoorbrug gebruik

Ten einde uitvoering te gee aan die opdrag om die spoorvervoerstelsel so vinnig as moontlik te normaliseer, het die Royal Engineers met 'n innoverende plan vorendag gekom wat behels het dat die spoorlyn wat eens oor die beskadigde spoorbrug geloop het, tydelik herlei moes word om oor die nabygeleë Bethulie-wabrug te beweeg. (Sien Bylae 3.2: Spoorvervoer word herstel.) Alvorens hierdie spoorherleiding van vier kilometer kon plaasvind, moes enkele grondverskuiwings gedoen word om 'n helling gelyk te maak.¹⁵⁴ Majoor Graham Thompson van die 12th Field Company van die Royal Engineers was in beheer van die spoorherleiding, en sy span, wat bestaan het uit 100 swart mans en 100 infanteriste, het op 18 Maart 1900 met die taak begin. Luitenant-kolonel Algernon Campbell Foley van die Royal Engineers het die projek oorsien en op 25 Maart 1900 hulp in die vorm van die Railway Pioneer Corps se Kompanies 7, 8 en 9 vanaf Norvalspont na Bethulie gestuur sodat die taak op 27 Maart 1900¹⁵⁵ voltooi is.¹⁵⁶ Daar kon berig word dat “[t]he restoration of the railway bridges which had been destroyed was commenced immediately and the first through train was able to leave Port Elizabeth on March 27th for Norvalspont and Bloemfontein”.¹⁵⁷

Die Royal Engineers het egter besef dat die Bethulie-wabrug nie die gewig van 'n stoomlokomotief met goederewaens kon dra nie en moes ook hiervoor 'n oplossing vind. Die antwoord was “to handshunt each truck across”,¹⁵⁸ 'n taak waarvoor onder meer soldate en swart mans gebruik is. Die treintrokke, wat in groot getalle aan die Kaapkolonie se kant van die brug begin opgehoop het, is gevolglik met die hand oor die brug gestoot en weer aan die ander kant van die brug aan 'n lokomotief gekoppel.¹⁵⁹ Met die twee stoomlokomotiewe wat by Springfontein in Britse hande beland het, is die goederetrokke verder na Bloemfontein geneem en danksy die Kaapse Spoorweë, wat drie swaardiens-lokomotiewe aan die Imperial Military Railways geleen het, kon die groot aantal goederetrokke nog vinniger na

¹⁵³ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 71-72.

¹⁵⁴ H.S. Hagen, “The railway crossings of the Orange River at Bethulie”, *South African National Railway and Steam Museum Courier (SANRASM)* 3(116), 2003, pp. 11-12.

¹⁵⁵ Maurice verwys na 29 Maart 1900.

¹⁵⁶ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 29-30.

¹⁵⁷ Du Cane, p. 42.

¹⁵⁸ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 29-30.

¹⁵⁹ H.M. Jones en M.G.M. Jones, *A gazetteer of the Second Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 18; Maurice (red.), 2, p. 258.

Bloemfontein aangestuur word.¹⁶⁰ In daardie stadium het die bedrywighede in Bethulie sodanig toegeneem dat ses tydelike platforms naby die Bethulie-wabrug opgerig moes word ten einde die groot hoeveelhede voorrade wat daar aangekom het, af te laai. Weens die groot behoefte aan krygsvoorraad in Bloemfontein, is daar soms selfs deurnag gewerk om die aantal treintrokke wat by die Bethulie-wabrug versamel het, na Bloemfontein aan te stuur.¹⁶¹

Om die skofwerkers se taak te vergemaklik, is besluit om beligting op die Bethulie-wabrug aan te bring en vir hierdie nuwe projek is vrywilligers gewerf uit die 29 offisiere en 547 manskappe van die Electric Light Section se Electrical Engineer Corps in Brittanje, wie se taak dit was om die elektriese masjinerie in fortifikasies in die Britse Ryk in stand te hou.¹⁶² 'n Eenheid van 70 man onder bevel van luitenant-kolonel E.E. Crompton, het bekend gestaan as die Electrical Engineering Volunteers en het op onderskeidelik 16 en 17 Maart 1900 met die SS *Tagus* en SS *Custodian* na Kaapstad vertrek en op 6 en 12 April 1900 hul bestemming bereik. Hierna het 'n seksie onder kaptein F.L. Lloyd, Bethulie op 20 April 1900 bereik; hul toerusting het ligte, lanterns, 'n kabelkar met elektriese draad ingesluit, asook twee baie swaar stoomenjins ("traction engines") wat 110 V krag kon opwek.¹⁶³ Die stoomenjins was selfaangedrewe, dus het dit met aankoms per spoor by die Bethulie-brug, op eie stoom van die twee treintrokke af beweeg. Die enjins is onder dak geplaas aangesien daar verwys word na 'n "Bethulie bridge where 1 Hut, 25 feet by 10 feet for engine for electric light" wat opgerig is.¹⁶⁴

Die wabrug se beligting het bestaan uit ses ligte, elk van 10 ampère en waarvoor 880 m kables gebruik is. Die ligte is op waterpype gemonteer wat aan die brug se relings vasgemaak is. Op Sondag 22 April 1900 is die eerste enjin onder een van die brug se pilare in posisie geskuif. Voorts is watertenks, as deel van die proses om krag deur middel van stoom op te wek, deur 'n hele werkspan swart mans naby die enjins opgerig. Die tenks is met rivierwater gevul en steenkool is gebruik om stoom te verkry, waarna die ligte aangeskakel is. Die betrokkenheid van hierdie eenheid was 'n eerste in die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog.¹⁶⁵ Benewens elektriese ligte, het sersant-majoor B.E. Brown en sappeur E.E. Phillips van hierdie eenheid, kables vir 'n veldtelefoon vanaf die brug na Bethulie-dorp asook

¹⁶⁰ OM, 4899/419: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 1, p. 158.

¹⁶¹ *Ibid.*, p. 158.

¹⁶² J.M. Grierson, *Scarlet into khaki: The British Army on the eve of the Boer War*, p. 35.

¹⁶³ *Cape Times Weekly Edition*, 9.1.1901, p. 2.

¹⁶⁴ OM, Kopie-argief, Groep E: Records of engineer works done during the war – C.R.E. Army 8773, 11.6.1902.

¹⁶⁵ OM, 4899/419: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 1, pp. 30, 123; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Press Associated War Special*, 27.5.1900.

tussen Bethulie en Smithfield gelê. Hiervoor is 20 fietse gebruik, wat elk 'n eie spinwiel gehad het en waarop dun koperdraad vir veldtelefone gerol is.¹⁶⁶

Die innoverende planne wat gemaak is om die spoorstelsel so vinnig as moontlik te normaliseer en meer effektief te maak, bevestig hoe belangrik die spoorlyn by Bethulie vir die Britse magte was en dat dit 'n groot rol in die krygsverloop gespeel het. Die Britte het die herstel van hierdie spoorlyn as een van die grootste prioriteite beskou, omrede hulle besef het dat hul onderskeie eenhede in 'n groot mate van die spoorvervoerstelsel afhanklik was vir rantsoene en krygsvoorraad.

3.5.3 Tydelike laagwaterspoorbrug

Die gebruik van die Bethulie-wabrug as spoorbrug was slegs 'n tydelike oplossing en ná die aanpassing daarvan is met die voorbereidings vir die bou van 'n tydelike laagwaterspoorbrug begin. Die taak is aangepak deur 'n halwe bataljon van die 1st Battalion Railway Pioneer Corps, onder toesig van majoor Henry Edward Goodwyn en kaptein Ernest Dunlop Swinton.¹⁶⁷ Swinton, wat op 13 Februarie 1900 aangestel is as bevelvoerder van die Railway Pioneer Corps se Left Wing, het bevel gevoer oor drie kompanies wat in totaal uit 338 man bestaan het.¹⁶⁸ Nadat die Royal Engineers en Railway Pioneer Corps hul werk aan die tydelike laagwaterspooroorgang by Norvalspont afgehandel het, is daar in April 1900 met die laagwaterbrug by Bethulie begin, waarna dit op 10 Mei 1900 voltooi is.¹⁶⁹

Ter voorbereiding vir die bou van die laagwaterspoorbrug moes daar eers weer uitgrawings gedoen word ten einde 'n veilige helling te verkry vir die treine wat teen die skuins rivieroewer moes afsak en weer aan die oorkant van die brug moes uitklim.¹⁷⁰ Volgens twee foto's uit die versameling van die Durham Country Record Office met die beskrywing "local men digging a railway, taken at Bethulie Bridge, April 1900", is daar vir hierdie taak weer van swart arbeiders gebruik gemaak.¹⁷¹ Terwyl die grondwerke aan die gang was, is begin met voorbereidings vir die bou van die tydelike laagwaterspoorbrug en is gebruik gemaak van die betonstutte van die ou spoorkonstruksiebrug, waarop die konstruksietrein tydens die

¹⁶⁶ Anon., "The Electric Light Section of the Electrical Engineer Corps", *Royal Engineers Journal* 31(361), 1900, pp. 246-248.

¹⁶⁷ Swinton was deel van die span wat die oorlogstenk tydens die Eerste Wêreldoorlog ontwerp het. Sy versameling dokumentasie vorm tans deel van die Van Dyk Privaat Versameling.

¹⁶⁸ OM, 4899/419: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 1, pp. 71-72.

¹⁶⁹ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 94, 158.

¹⁷⁰ Hagen, p. 11.

¹⁷¹ Durham County Record Office, D/DLI 24/315 (137, 138): Local men digging a railway at Bethulie bridge, 6-18.4.1900.

bou van die Bethulie-spoorbrug van 1894 beweeg het. Ná voltooiing van die spoorbrug in 1894, is die konstruksiebrug afgetakel maar die betonstutte wat in 'n normale reënseisoen twee meter bokant die watervlak uitgesteek het, is nie afgebreek nie.¹⁷² (Sien Bylae 3.2: Spoorvervoer word herstel.) Die ou spoorroorgang se stutte, wat oor die jare effens gekantel het, was weens die lae riviervlak in April 1900 bo die water sigbaar en is deur die Royal Engineers en Railway Pioneer Corps met houtdwarslêers opgebou, waarna dwarsbalke en lêers gestapel is met die spoor daarop.¹⁷³ Die nodige materiaal is deur “Construction Trains” wat prioriteit op die Britse spoorbane geniet het, na plekke soos die Bethulie-brug geneem sodat beskadigde infrastruktuur herstel kon word.¹⁷⁴

Aangesien die Britte die veiligheid van die tydelike laagwaterspoorbrug die eerste twee dae wou monitor, is daar op 30 April 1900 besluit om die beligting vanaf die wabrug na die laagwaterbrug te verskuif. Dit het meegebring dat die stoomenjin na die beskadigde spoorbrug verskuif moes word en dat kables oor die lengte van die brug gelê moes word met selfs twee veldtelefoonstasies wat aan weerskante van die brug ingerig is. Hierna is 'n lig by die spoorinsnyding aan die Vrystaat-kant opgerig, asook drie ligte op die tydelike spoorbrug en twee by die insnyding aan die kant van die Kaapkolonie. Hierdie ligte is slegs aangeskakel wanneer 'n trein die brug genader het. Dit blyk dat Loyd van die Electrical Engineering Volunteers en sy span knap was, omrede al hierdie verskuiwings in slegs een dag gedoen is. Op 5 Mei 1900 is hierdie eenheid se werksaamhede by Bethulie afgehandel en het hulle op 10 Mei 1900, met al hul toerusting na Bloemfontein vertrek en van daar na die beskadigde Vetrivierbrug.¹⁷⁵ Volgens 'n berig kon 15 treine per dag hierna oor die brug by Bethulie beweeg, in plaas van die drie treine per dag wat oor die wabrug gestoot is.¹⁷⁶ Die laagwaterspoorbrug het vir bykans 'n jaar lank diens verrig soos blyk uit 'n berig op 25 Mei 1901 dat “the Bethulie railway bridge, which was destroyed by the Boers more than a year ago, has been re-opened for traffic”.¹⁷⁷

¹⁷² OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, p. 94.

¹⁷³ TM, 171 A: Orange River bridge at Bethulie, showing low level deviation, 1902; TM, 89 A: Orange River bridge at Bethulie railway crossing, 1896.

¹⁷⁴ OM, 4899/420: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 2, p. 158.

¹⁷⁵ *Ibid.*, pp. 138-139.

¹⁷⁶ *Ibid.*, p. 158; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Press Associated War Special*, 27.5.1900;

¹⁷⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *County Observer and Monmouthshire Central Advertiser*, 25.5.1901.

3.5.4 Bethulie-spoorbrug word herstel

Daar is min gegewens oor die herstel van die Bethulie-spoorbrug beskikbaar, aangesien 'n brief uit die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS&H), vandag Transnet, se Brugargief melding maak dat alle dokumente van die Bethulie-spoorbrug in 1905 vernietig is.¹⁷⁸ Volgens 'n latere inspeksieverslag van 1953 deur die SAS&H se “Brug-seksie” is daar inligting en planne vanaf Brittanje aangevra insake die aard van die skade en soort herstelwerk wat in 1900-1901 aan die brug gedoen is, maar slegs 'n skets van die beskadigde brug is ontvang, tesame met 'n saaklike brief wat aandui dat “of the original 8-130 double lattice spans of wrought iron, four of these were damaged beyond repair during the Anglo-Boer War and were replaced by steel spans of similar type during the repair of the bridge”.¹⁷⁹ Die afleiding is dat gemelde onderdele per skip vanaf Brittanje ingevoer en by Bethulie aanmekaar geheg is.

Volgens beskrywings deur oorlogskorrespondente van die *Cape Times* insake die herstel van die beskadigde Oorlogspruit-brug tussen Colesberg en Norvalspont, kan egter 'n goeie idee van die herstelproses gekry word. Behalwe vir die feit dat hierdie brug oor klippilare en slegs drie staalspanne beskik het, was dit in die meeste gevalle dieselfde as die spoorbrûe by Bethulie en Norvalspont en is daar van soortgelyke tegnieke en masjinerie gebruik gemaak om die brûe te herstel. Selfs by Oorlogspruit moes grondverskuiwings eers geskied, waarna 'n tydelike spoorlyn aangelê kon word. Baie van die spanne was so erg beskadig en gebuig dat nuwe panele en onderdele ingevoer moes word, wat dan eers aanmekaar gevoeg moes word om 'n nuwe span te vorm. Hierna is gebruik gemaak van krane, stoomenjins en hidrouliese domkragte wat elk 30 ton kon lig om elke span oor die pilaarstutte te skuif. Foto's van die herstel van die Norvalspont- en Bethulie-brûe toon dat soortgelyke toerusting en tegnieke gebruik is as by Oorlogspruit.¹⁸⁰

3.5.5 Spoorverkeer en ongelukke

Luitenant-kolonel Percy Girouard en sy 15 offisiere het dadelik aandag geskenk aan die herstel van die spoorlyn, veral ná die inname van Bloemfontein op 13 Maart 1900. Die Oos-Londen- en Port Elizabeth-hawens was sedert 1900 baie bedrywig en statistiek van Maart 1900 tot Oktober 1900 toon dat die Bethulie-spoorlyn, ten spyte van beskadigde

¹⁷⁸ Transnet, SAS&H, H-brugargief, Bethulie 3/111: Specifications – Bethulie bridge, 7.11.1912.

¹⁷⁹ *Ibid.*, 11.11.1953.

¹⁸⁰ *Cape Times Weekly Edition*, 15.8.1900, p. 3.

infrastruktuur, druk spoorverkeer ervaar het. Die toename in spoorverkeer word toegeskryf aan lord Roberts se besluit om met ingang van 18 Maart 1900, hoofsaaklik die hawens te Oos-Londen en Port Elizabeth te gebruik vir die vervoer van krygsmateriaal, rytuie en diere, asook enkele troepemagte. Hierdie hawens is onderskeidelik 724 km en 646 km vanaf Bloemfontein geleë, in vergelyking met Kaapstad se hawe wat 1 207 km ver geleë is. Ten einde die druk spoorverkeer te beheer, is kaptein Leslie Herbert Kyngdon van die New South Wales Battalion, vanaf Februarie 1900 as Railway Staff Officer by die Bethulie-brug aangestel. Gedurende die tydperk Maart 1900 tot Oktober 1900 het 61 878 ton voorraad vanaf Oos-Londen verby Bethulie beweeg, wat selfs meer was as die 39 471 ton voorraad wat by Kaapstad se hawe verskeep is.¹⁸¹

Die statistiek in Tabel 3.1 toon aan wat vanaf Maart 1900 tot en met Junie 1901 per spoor vanaf Oos-Londen na Bethulie vervoer is.¹⁸² Uit hierdie statistiek is dit duidelik dat die Bethulie-spoorbaan en brûe strategiese installasies in die Britse oorlogspoging was en vir hierdie rede is 'n groot Britse garnisoen by die Bethulie-brûe gestasioneer om dit te beskerm. Met dit in gedagte, is dit verstaanbaar waarom daar elke keer groot opgewondenheid en selfs konsternasie onder die garnisoen by die Bethulie-brûe geheers het wanneer daar kennis geneem is van hoofkommandant C.R. de Wet en/of ander Boere se teenwoordigheid in die Suid-Vrystaat.

Tabel 3.1: Voorraad vanaf Maart 1900 tot Junie 1901 vanaf Oos-Londen na Bethulie vervoer

Tydperk	Krygs- materiaal (ton)	Kanonne	Rytuie ¹⁸³	Trek- en rydiere	Offisiere	Man- skappe
Mrt. 1900 tot Okt. 1900	67 192	19	477	37 097	927	20 945
Nov. 1900 tot Mrt. 1901	74 295	2	61	8 600	286	4 578
Apr. 1901 tot Jun. 1901	41 601	0	302	4 702	280	3 327
Totaal	183 088	21	840	50 399	1 493	28 850

Ten spyte van die druk spoorverkeer, was daar slegs een treinongeluk en wel op Vrydag 1 Februarie 1901. 'n Militêre trein het, nadat dit om 'n skerp draai naby die Bethulie-stasie gestoom het, teen 'n stilstaande trein gebots. Die wa waarin Britse soldate van Bethunes

¹⁸¹ Maurice (red.), 3, p. 30.

¹⁸² OM, 4899/420: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 2, pp. 25-27; OM, Kopie-argief, Groep B: Special Service Officers, p. 200.

¹⁸³ Ossewaens, waterkarre en ambulanswaens.

Mounted Infantry gereis het, is in die ongeluk vernietig en drie soldate is dood. Kaptein Godfrey Vassall George Frederick Charles Webster, seun van baron August Fredrick Walpole Edward Webster; manskap Lars G. Ibsen, wat die aide-de-camp van die Deense konsul, Julies O. Jeppe was; en manskap William C. O’Niel, afkomstig vanaf Durban, is in die ongeluk dood, terwyl manskap W. Linton ernstig beseer is in die ongeluk. Die oorledenes is almal in die Bethulie-begraafplaas ter ruste gelê.¹⁸⁴ Webster se grafsteen in die Bethulie-begraafplaas verwys foutiewelik na “killed in action”.¹⁸⁵

Majoor Louis E. du Moulin beskryf die ongeluk soos volg: “A bad railway accident involving several trains that took place here [Bethulie] on the 1 February 1901. The Sussex men turned out and cleared the line ... Trucks had to be broken up, and great pieces of them dragged out of the railway cutting.”¹⁸⁶ Die enigste ander insident waarby ’n trein betrokke was, verwys na die 18-jarige manskap H.F. (John) Sylvester van die Duke of Cambridge's Own 17th Lancers, wat op 9 April 1901 by Bethulie-brug dood is nadat hy voor ’n trein beland het. Hy is by Bethulie begrawe en sy naam is op die Dudley War Memorial in Brittanje aangebring.¹⁸⁷

3.6 MILITÊRE EENHEDE BY DIE BETHULIE-BRÛE

’n Aantal Britse eenhede het naby Bethulie-dorp saamgetrek, maar die grootste kamp bestaande uit ’n groot troepemag van verskeie eenhede, was by die Bethulie-brûe gestasioneer. Sedert 15 Maart 1900 het ’n hele nedersetting by die Bethulie-brûe ontstaan, soos afgelei kan word uit die verskillende strukture van gegolfde sinkplaat en steen wat verrys het en die groot aantal trek- en rydiere wat daar aangehou is. As uitvloeisel van al hierdie ontwikkelinge by die brûe, is kaptein James Arthur Worsley van die Cape Mounted Rifles, wat voor die oorlog deel was van die Cape Civil Veterinary Department, as veeartseny-offisier by die Bethulie-brûe aangestel.¹⁸⁸ Die afleiding is weens die groot aantal diere wat verby Bethulie beweeg het, dit noodsaaklik was om ’n veearts by die dorp te

¹⁸⁴ Anglican Church Records, St Georges Cathedral at Bloemfontein, Records of burials in the Parish of Bethulie of the St Peter’s Church at Bethulie – division of Bloemfontein: Trooper L.G. Ibsen/47, 1.2.1901; Trooper W.C. O’Niell/46, 1.2.1901; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Cardiff Times*, 11.9.1901.

¹⁸⁵ Anglican Church Records, St Georges Cathedral at Bloemfontein, Records of burials in the Parish of Bethulie of the St Peter’s Church at Bethulie – division of Bloemfontein: Captain G.V.G.F.C. Webster/48, 1.2.1901.

¹⁸⁶ L.E. du Moulin, *Two years on trek: Being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*, p. 258.

¹⁸⁷ Anglican Church Records, St Georges Cathedral at Bloemfontein, Records of burials in the Parish of Bethulie of the St Peter’s Church at Bethulie – division of Bloemfontein: Trooper H.F. Sylvester/42, 9.4.1901; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Walsall Advertiser*, 20.4.1901.

¹⁸⁸ NASA, KAB, 6/9/762: Death notice of J.A Worsley – 2199, 21.8.1914.

stasioneer. Hierdie beskrywing gee 'n goeie aanduiding van die omstandighede waaronder die soldate diens moes verrig en die invloed wat die klimaat en plattelandse omgewing op hul gesondheid en gemoed gehad het.

3.6.1 4th Cheshire Regiment

Van die eerste regimente wat by die Bethulie-brûe geplaas is, was die 4th Cheshire Regiment, waarvan die eerste 60 soldate op 14 Februarie 1900 onder hul bevelvoerder, kolonel C.H. Beck, na Suid-Afrika vertrek het. Op 20 Februarie 1900 het 579 manskappe en 23 offisiere wat met die SS *Oratava* vertrek het, gevolg en teen die einde van die oorlog het hierdie eenheid ongeveer 1 600 man op sterkte gehad. Ná bykans twee jaar in Bethulie, onder die bekwame bevel van Beck, het die eenheid op 12 Mei 1902 met die SS *Brittanic* na Brittanje teruggekeer. Beck, wat tydens sy termyn in Bethulie as bevelvoerder van die Bethulie-brûe aangestel is, is beskryf as 'n uitmuntende offisier en met sy terugkeer na Brittanje, is hy op 6 Oktober 1902 met 'n spesiale militêre orde vereer.¹⁸⁹

Hierdie regiment se soldate het verskillende menings oor hul dienstyd in Bethulie gehuldig en baie was dit eens dat diens by die brûe onder moeilike omstandighede geskied het. Die omgewing moes vir sommige soldate neerdrukkend gewees het, soveel so dat sersant J. White op 4 Oktober 1900 selfdood gepleeg het.¹⁹⁰ 'n Soldaat beskryf Kersfees van 1901 by die Bethulie-brûe as 'n droewig dag op die “isolated spot” wat verlig is danksy die “comforts” wat deur die inwoners van Cheshire aan die soldate gestuur is.¹⁹¹ Die eentonigheid is soms afgewissel met medaljeparades wat in die dorp plaasgevind het en waartydens manskappe soos Alfred Jones en G. Haye met die Queen's South Africa-medalje vereer is.¹⁹²

Die soldate se grafte in die Bethulie-begraafplaas is getuieis van manskappe van hierdie eenheid wat tydens hul diens by die Bethulie-brûe as gevolg van skermutselinge, ongelukke, siekte en selfdood gesterf het. Op 27 Junie 1900 het manskap Jas Golden aan maagkoors beswyk. Voorts word daar verwys na die 23-jarige onderkorporaal Peter McGerty wat op 28 Januarie 1901 in 'n geveg by Caledonrivierdrif gesneuwel het. Daar kan afgelei word dat dit tydens 'n patrollie in die Bethulie-distrik gebeur het, gedurende die tweede poging tot

¹⁸⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Chester Courant and Advertiser for North Wales*, 14.5.1902.

¹⁹⁰ S. du Plooy Privaat Versameling: Bethulie-begraafplaasregister – J. White – 5040, 4.10.1900.

¹⁹¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Chester Courant and Advertiser for North Wales*, 25.1.1902.

¹⁹² TNA, WO, 100/180: Queen's South Africa Medal awarded to Trooper A. Jones – 3219, 15.7.1901; Trooper G. Haye – 3284, 15.7.1901.

inval in die Kaapkolonie deur hoofkommandant De Wet waartydens ongeveer 14 000 Britse troepe gepoog het om hom vas te trek.¹⁹³ Sommige soldate het die tyd verwyd deur in die rivier te swem en by een so 'n geleentheid het manskapp A.G.J. Cartwright op 19 Februarie 1901 verdrink.¹⁹⁴ Skermutselings het steeds voorgekom en kaptein John Turner van die Cheshire Regiment het volgens 'n berig, verwys na agt burgers wat middel Januarie 1902 krygsgevangene geneem is en een wat gesneuwel het tydens 'n hewige geveg, ongeveer twee kilometer vanaf Bethulie. Die name van die soldate wat in die Bethulie-begraafplaas ter ruste gelê is, is later op 'n gedenkplaat in die Cheshire-katedraal in Brittanje aangebring.¹⁹⁵

3.6.2 Durham Light Infantry

Die verhaal van die Durham Light Infantry, wie se reis na 'n ander bestemming op 6 April 1900 onderbreek is en opdrag ontvang het om te help met die bewaking van die Bethulie-wabrug, word in 39 foto's¹⁹⁶ vertel. Momente uit die eenheid se betrokkenheid by die Bethulie-brûe is vasgevang en die reis vanaf Oos-Londen begin met 'n foto van Sterkstroom-stasie waar rantsoene aan die soldate uitgedeel is. Ses foto's beeld die beskadigde Bethulie-spoorbrug uit en toon welke indrukwekkende struktuur dit was.¹⁹⁷ Twee foto's is geneem van die 3rd Battalion, wat besig was met uitgrawings vir die tydelike spoorbrug, en nog vier foto's toon manskappe van B-Kompanie wat besig is om 'n loopgraaf te grawe. Daar is in verdere foto's verwys na die kanonstelling wat deel was van die brug se verdediging. Uit hierdie foto's blyk die dringendheid waarmee die Britte te werk gegaan het om die brug te herstel.¹⁹⁸

'n Goeie idee word verkry van die eenheid se leefwyse en die uitdagings wat daagliks trotseer moes word. Voedsel is voorberei deur hul "Indian cook" en rivierwater is deur 'n Berkefeld Field Service Water Filter gesuiwer, soos bevestig in 'n foto waar tweede luitenant C. Leather en H. Taylor, dr. L.E. Walker, kapteins E.C. Sowerby en H.J. Sowerby, asook luitenant F.H.A. Sowerby by die apparaat staan. Op nog 'n foto staan manskappe van die Durham Light Infantry in toue om hul rantsoen vars water te kry en die afleiding is dat die Britte ná die insident by Modderrivier waar troepe besoedelde water gedrink het, die

¹⁹³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Barry Dock News*, 1.1.1904; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Chester Courant and Advertiser for North Wales*, 6.12.1900; S. du Plooy Privaat Versameling: Bethulie-begraafplaasregister – Trooper J. Golden – 3600, 4.6.1900; Trooper P. McGerty – 3460, 28.1.1901.

¹⁹⁴ S. du Plooy Privaat Versameling: Bethulie-begraafplaasregister – Trooper A.J.G. Cartwright – 6141, 19.2.1901.

¹⁹⁵ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Dundee Evening Telegraph*, 17.1.1902.

¹⁹⁶ Hierdie foto's is afkomstig vanaf die Durham County Record Office.

¹⁹⁷ Durham County Record Office, D/DLI 24/315 (132-136, 139): Bethulie railway bridge, following sabotage by Boers, 6-18.4.1900.

¹⁹⁸ *Ibid.* (149-170): At Bethulie railway bridge, 6-18.4.1900.

belangrikheid van skoon water besef het. Pakmuile is by die brûe aangehou en perde van Lumsden's Horse wat deur 'n hoefsmid beslaan word, is op film vasgelê. Vir afleiding het sommige van die offisiere, soos kaptein W.K. Trotter en tweede luitenant J.T. Peareth, gejag aangesien daar verwys is na die klomp wilde voëls wat langs die rivier platgetrek is. Die laaste foto beeld 'n konvooi ossewaens op pad na Springfontein uit, tesame met kolonel R.B. Wilson, kapteins H.F. Low en R. Fielden, asook luitenant W.Y. Splaine wat die kwartiermeester was. Die gevolgtrekking is dat hierdie eenheid ná 18 April 1900 padlangs in die rigting van Springfontein beweeg het, maar Kompanies C, D en G was nie deel van hierdie groep nie aangesien hulle met die vertrek van die hoofmag na Springfontein, na Aliwal-Noord gestuur is.¹⁹⁹

3.6.3 Ander regimente

Die 4th Cheshire Regiment is met tye deur ander eenhede versterk wat by die Bethulie-brûe aangesluit het. Nadat die South Wales Borderers Volunteer Service Company in die Springfontein-omgewing diens verrig het, het hulle die grootste deel van November 1900 tot Januarie 1901 by die brûe deurgebring. 'n Soldaat van hierdie eenheid beskryf die lewe by die Bethulie-brûe as uiters eentonig terwyl 'n sersant vertel hoe hulle op 17 Januarie 1901 in swaar reën vanaf die Bethulie-brûe na Providence-halte moes marsjeer.²⁰⁰

Alhoewel die 1st Battalion Royal Scots later by die Bethulie–Stormberg-blokhuislyn betrokke was, is hierdie eenheid vir 'n tyd gebruik om die Bethulie-brûe te bewaak, juis omrede die Britte voortdurend gevrees het dat die Boere sou poog om die brûe te vernietig.²⁰¹ Manskap Clendon Callaghan van die 1st Battalion Royal Scots verwys in 'n brief aan sy vader na die sjokolade²⁰² wat hulle ná die besetting van Bethulie by die Bethulie-brug ontvang het.²⁰³ Op 9 Mei 1900 is berig van 'n geveg naby Bethulie waarin manskappe van hierdie eenheid betrokke was en waar soldate krygsgevangene geneem is.²⁰⁴

Majoor Louis Eugène du Moulin van die Royal Sussex Regiment se herinneringe bevat grepe van die militêre verloop van gebeure in die Bethulie-omgewing. Du Moulin begin deur te vertel van hul aankoms in Oos-Londen op 2 April 1900 met die SS *Pavonia*, waarna A, B, C,

¹⁹⁹ *Ibid.*

²⁰⁰ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Towyn-on-Sea and Merioneth County Times*, 17.1.1901.

²⁰¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Sussex Agricultural Express*, 14.4.1900.

²⁰² 'n Geskenk deur koningin Victoria aan al haar troepe in Suid-Afrika.

²⁰³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Winsor and Richmond Gazette*, 28.4.1900.

²⁰⁴ *Ibid.*; *Evening Express*, 9.5.1900.

D en E Kompanies per trein na Bethulie vertrek het.²⁰⁵ By Bethulie was konstruksie van die tydelike laagwaterspoorbrug, wat deur die Railway Pioneer Corps begin is, fluks aan die gang. Du Moulin en sy eenheid moes uit die trein klim, die trokke en spoorwa per hand oor die wabrug stoot en daarna tot by die Bethulie-stasie marsjeer ten einde hul reis weer te hervat. Die Royal Sussex Regiment se bevelstruktuur en D en E Kompanies het die 1st Battalion Royal Scots, wat in daardie stadium nog deel van die brugweg gevorm het, afgelos. Volgens Du Moulin het hulle tot ongeveer 20 April 1900 by die Bethulie-brûe diens verrig, waarna hulle na die Ferreira-halte net buite Bloemfontein gestuur is.²⁰⁶

Op 13 April 1900 skryf manskap Gill Hawken van die 2nd Duke of Cambridge's Light Infantry dat ongeveer 3 000 soldate hulle in daardie stadium by die Bethulie-brûe bevind het. Sy regiment het kort tevore met die SS *Cephalonia* by Oos-Londen aan land gegaan en alhoewel hulle na Bloemfontein op pad was, is hulle aangesê om die brugweg onbepaald te versterk omrede daar berig ontvang is van 5 000 Boere wat in die rigting van die brug beweeg het. Hy verseker sy moeder dat hulle veilig ingegrawe is aangesien “there were trenches all around us”.²⁰⁷ Volgens hom het hulle die plek van die “Cornwalls”²⁰⁸ ingeneem, nadat hierdie eenheid twee weke vantevore vanaf die Bethulie-brug vertrek het.²⁰⁹

Op 4 Mei 1900 het Hawken en sy eenheid hulle steeds by die brug bevind en is genoem dat ondraaglike hitte in die dag en erge koue in die nag ervaar is. Hy en sy makkers het elk slegs een kombers gehad en moes sonder enige kussings op grondseile in tente slaap. Op 'n ligter noot meld hy dat hulle darem daaglik 'n bad in die rivier kon neem om af te koel, iets wat hulle as soldate soms vir weke nie beskore was nie. Op 18 Mei 1900 was daar steeds berigte van 'n groep Boere in die omgewing van die brûe, sodat hulle verplig was om met hul volle monderings te slaap, insluitend 200 rondtes ammunisie per soldaat. Vanweë die uiterste omstandighede het siektes onder die manskappe begin posvat.²¹⁰ Hawken skryf op 31 Mei 1900 aan Lizzie, sy verloofde, dat hy en sy medesoldaat 'n huis 3,2 km vanaf die Bethulie-brûe afgebreek het en die steen, sink en hout gebruik het om slaapkwartiere wat soos 'n “cattle shed” gelyk het, te bou. Hy skryf kort hierna van groot donderstorms wat hul blyplekke oorstroom het en vertel oordrewe van haelstene so groot soos koolkoppe. Hy sluit

²⁰⁵ Du Moulin, pp. 6, 8.

²⁰⁶ *Ibid.*, pp. 9-10, 84, 156.

²⁰⁷ OM, 4899/1512: Letters from Private G. Hawken 6146, 2nd D.C.L.I., 13.4.1900.

²⁰⁸ Duke of Cornwall's Light Infantry.

²⁰⁹ OM, 4899/1512: Letters from Private G. Hawken 6146, 2nd D.C.L.I., 13.4.1900.

²¹⁰ *Ibid.*, 4.5.1900.

af deur te verwys na pogings om, ten spyte van hierdie omstandighede, die manskappe se moreel hoog te hou deur onder meer gereelde optredes deur die regiment se orkes.²¹¹

Manskap Hawken se herinneringe bevat 'n koerantknipsel wat verwys na sy heengaan en begrafnis op 8 Maart 1927 te St Enodoc. In die berig word verwys na sy gesondheid wat tydens die Anglo-Boereoorlog geknou is en dat hy weens hierdie rede nie die longontsteking wat hy opgedoen het, kon oorleef nie: "His health was never the same after that experience."²¹² Manskap James G. Friday van dieselfde eenheid, is in 'n brief van 26 Mei 1900 vol lof oor die kos en noem dat hul ontbyt uit vleis, brood, kaas of konfyt en tee bestaan het, maar dat botter skaars was. Hy bevestig dat hulle twee dae ná hul aankoms by Oos-Londen op 15 April 1900, na Bethulie gestuur is waar die Railway Pioneers besig was met die bou van 'n tydelike brug. Soos Hawken, verwys hy na hul verblyf in tente op die oop vlakke suid van Bethulie, terwyl sy enigste klagte was dat hulle min inligting aangaande nuusgebeure daar ontvang het.²¹³

Ander eenhede wat hulself van tyd tot tyd by die Bethulie-brûe bevind het, was die South Wales Borderers met 113 soldate, wat gedurende November 1900 daar wagdiens verrig het.²¹⁴ Die Essex Volunteer Brigade se 1st Battalion, Special Service Company het in die begin van 1901 'n ruk hier vertoef en in sy herinneringe meld luitenant H.E. Crocker hoe hy die uitgestrekte wagposte wat om die Bethulie-brûe opgestel was, saans en deur die nag uurliks moes besoek. Sommige van die manskappe is van hul sielododende roetine verlos deurdat hulle soms die Cape Mounted Rifles na die plase in die Bethulie-distrik kon vergesel, waar hulle vriendelik ontvang is deur die vroue wat in daardie stadium in beheer van die boerdery was. Crocker sluit sy verhaal af deur te verwys na die innoverende maniere waarop hierdie vroue hul vuurwapens versteek het.²¹⁵

3.7 BRITSE ONGEVALLE IN DIE BETHULIE-DISTRIK, 1900-1902

Vir die tydperk 11 Maart 1900 tot 20 April 1902 is ongeveer 67 Britse ongevallen in die Bethulie-distrik aangemeld, waarvan die meeste verband hou met gevegte en skermutselinge rondom die strategiese spoorstelsel. Genoemde ongevallen sluit sterfgevallen as gevolg van gevegte, siekte, ongelukke, verdrinking en selfdood in, en verwys voorts na gevalle waar

²¹¹ *Ibid.*, 18.5.1900.

²¹² OM, 4899/1512: Private G. Hawken 6146, 2nd D.C.L.I., ongeïdentifiseerde koerantknipsel, 8.4.1927.

²¹³ OM, Kopie-argief, Groep C: Duke of Cornwall's Light Infantry – Private J.G. Friday, 13.4.1900.

²¹⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Cardiff Times*, 25.5.1901.

²¹⁵ OM, Kopie-argief, Groep B: South Wales Borderers, 11.1900, p. 1; OM, Kopie-argief, Groep B: Essex Volunteer Brigade, 1901.

soldate tydens gevegte gewond is of ander beserings opgedoen het. 'n Onbekende aantal soldate is krygsgevangene geneem.

Tabel 3.2: Aard en getal ongevallen: 1900-1902²¹⁶

Jaar	Dood	Gewond	Beseer	Vermis	Totaal
1900	13	12	0	3	28
1901	27	8	2	0	37
1902	0	1	1	0	2
Totaal	40	21	3	3	67

Tabel 3.3: Oorsake van sterfgevallen: 1900-1902²¹⁷

Oorsaak	Dood	Persentasie
Gevegte	22	55%
Ongelukke	8	20%
Siekte	7	18%
Verdrinking	2	5%
Selfdood	1	2%
Totaal	40	100%

Tabel 3.4: Ongevallen per rang: 1900-1902²¹⁸

Rang	Dood	Gewond	Beseer	Vermis	Totaal
Kaptein	2	0	0	0	2
Luitenant	2	3	0	0	5
Sersant	3	1	0	0	4
Korporaal	3	1	1	0	5
Onderkorporaal	4	4	0	0	8
Manskap	26	12	2	3	43
Totaal	40	21	3	3	67

Die getal Britse gesneuweldes en gewondes dien as bewys van die voortdurende teenwoordigheid van klein groepies burgers in die Bethulie-distrik wat volgehou het om weerstand te bied en gepoog het om die belangrike spoorroete te ontwrig. Alhoewel die Britse militêre owerheid van oordeel was dat die Brandwaterkom-gebeure in Julie 1900 die laaste stuip-

²¹⁶ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevallen by Bethulie.

²¹⁷ *Ibid.*

²¹⁸ *Ibid.*

trekkings van die Boereweerstand was, is patrollies gereeld in die distrik uitgestuur juis omrede die owerheid die gevaar wat sodanige “marauding bands of Boers”²¹⁹ vir die belangrike spoorstelsel ingehou het, besef het.²²⁰ Die feit dat byna die helfte van die sterf gevalle aan ander oorsake soos siekte, ongelukke, verdrinking en selfdood toegeskryf is, bevestig die omstandighede waaronder die Britse mag diens in die Bethulie-distrik verrig het. Tereg verwys manskap Haden Spyer van die New South Wales Ambulance Corps na “plenty of hard work, and little to eat”, terwyl hy noem dat “enteric fever and dysentery are raging”.²²¹

3.7.1 Maart tot Desember 1900²²²

Verskeie skermutselinge en gevegte het in die tydperk Maart tot Desember 1900 in die Bethulie-distrik plaasgevind, met 28 ongevallen wat aangemeld is. (Sien Bylae 3.3: Britse ongevallen, Bethulie en distrik: Maart tot Desember 1900.) Die geveg met die Bethulie-kommando by die Bethulie-wabrug op 11 en 12 Maart 1900 was die eerste hiervan, waartydens daar vyf Britse ongevallen was. Soos reeds gemeld, het twee manskappe, te wete L.S. Erasmus en K.S. Schroeder, aan hul wonde beswyk en nog drie soldate is gewond. Die Britse Leër het op 7 April 1900 bewus geword van ’n Boeremag (volgens hul inligting ongeveer 9 000 burgers sterk), wat 19 km vanaf Bethulie opgemerk is. Ná hoofkommandant De Wet se twee oorwinnings op 31 Maart 1900 by die waterwerke te Sannaspos en op 4 April 1900 by Mostertshoek te Reddersburg, was die Britte in die Suid-Vrystaat op hul hoede.²²³ Daar is gevrees dat De Wet op pad was om die belangrike Bethulie-wabrug te vernietig, iets wat ’n totale ontwigting van die spoorstelsel, wat nou in Britse hande was, sou meebring. Lord Roberts het op 8 April 1900 vir Milner van hierdie moontlikheid verwittig en die vrees uitgespreek dat die Boeremag wat in die rigting van die Oranjerivier beweeg het, tot ’n hernude opstand in die Kaapkolonie kon lei. Roberts, wat deurentyd so iets gevrees het, skryf aan luitenant-generaal L. Rundle dat “if the enemy get an opportunity, they will again invade the south-eastern portion of the Orange Free State. By doing so they would strategically speaking, have the best chance of injuring us ... and our lines of communication would be materially threatened.”²²⁴ Omrede die Britte besorg was oor die spoorstelsel, spesifiek die Norvalspont- en Bethulie-brûe, asook die Springfontein-aansluiting, het Kitchenier op 8 April

²¹⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 11.4.1900.

²²⁰ *Ibid.*

²²¹ *Ibid.*: *Evening News* (Sydney NSW), 20.4.1901.

²²² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevallen by Bethulie.

²²³ Amery (red.), 4, pp. 52-55.

²²⁴ Maurice (red.), 3, p. 105.

1900 opdrag ontvang om die garnisoen by Springfontein met 'n groter troepemag te versterk.²²⁵

By Springfontein-stasie het daar intussen ook 'n hele garnisoendorp ontstaan nadat Gatacre se mag, sonder enige teenstand, op 15 Maart 1900 vanaf Bethulie opgeruk het en hier verenig het met dié van luitenant-generaal sir Reginald Pole Carew wat vanaf Bloemfontein beweeg het. Teen 4 April was Gatacre steeds by Springfontein vanwaar hy na Reddersburg opgeruk het om kaptein W.J. McWhinnie teen De Wet by te staan. Dit was vanaf Springfontein waar Gatacre deur Roberts na Bloemfontein ontbied is na die Mostertshoek-fiasko en hy op 7 April 1900 met generaal-majoor Herbert C. Chermiside vervang is wat ook sy hoofkwartier op Springfontein ingerig het.²²⁶ Omrede Springfontein op die hoofspoorlyn geleë is, het hierdie stasie sedert Maart 1900 in 'n miernes van Britse bedrywighede ontaard, meer spesifiek nadat treinverkeer weer begin normaliseer het.²²⁷ Selfs sir Alfred Milner se trein, asook dié van lord Kitchener het onderskeidelik op 27 en 28 Maart 1900 by Springfontein op pad na Bloemfontein aangedoen. Alleenlik in April 1900 was van die belangrikste militêre eenhede wat by Springfontein kamp opgeslaan het, die 3rd Battalion East Kent Regiment (Buff); die Canadian Dragoons, 'n Kanadese eenheid onder bevel van luitenant-kolonel Francois-Louis Lessard; 'n eenheid van die Durham Light Infantry; die 1st Derbyshire Regiment; die City Imperial Volunteers; die Royal Field Artillery; die East Kent Regiment; die Northumberland Regiment; die 2nd Battalion Royal Scots Guards; asook die Middlesex en Sussex Regiments. Saam hiermee het verskeie ondersteuningseenhede by Springfontein saamgetrek, soos die Army Service Corps, asook die Royal Army Medical Corps.²²⁸

Die aanwesigheid van die Welsh Hospital op Springfontein dien as verdere bewys dat hierdie stasie deur die hele verloop van die oorlog 'n belangrike basis vir die Britse mag in die Suid-Vrystaat was, asook die aantal grafte van Britse soldate van verskillende eenhede en range wat hoofsaaklik weens siekte daar oorlede is.²²⁹ Vanaf Springfontein het Britse eenhede in die distrikte Fauresmith, Philippolis en veral in Wyk Bosjespruit geopereer. Dit was ook in hierdie wyk waar die meeste Britse lojaliste in die Bethulie-distrik plase gehad het. Die deeglikheid van die latere verskroeide aarde in hierdie wyk, asook die wegvoer van die eerste

²²⁵ C. Headlam (red.), *The Milner Papers 1897-1905* 1, p. 67; Amery (red.), 4, p. 55.

²²⁶ B. de Swardt, 963 *Days at the junction: A documented history of Springfontein during the Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 55, 64-65, 68.

²²⁷ Meer spesifiek nadat tydelike spooroorgange oor die Oranjerivier by Norvalspont en Bethulie gebou is.

²²⁸ De Swardt, pp. 61-62, 66, 68, 73.

²²⁹ *Ibid.*, p. 84. Sien ook in die verband S. Watt, *In memoriam: Roll of honour Imperial Forces, Anglo-Boer War 1899-1902*, pp. 1-479.

Bethulie-inwoners na die Norvalspont-kamp en later Springfontein-kamp, getuig van 'n groot Britse mag by die Springfontein-stasie.²³⁰ Dat die Britte van die staanspoor af, nadat Bethulie en Springfontein beset is, baie paraat en waaksaam was, kom voor in De Swardt se publikasie waarin argiefmateriaal en sekondêre bronne van Britse optredes by hoofsaaklik Springfontein, saamgevat is.²³¹

Die garnisoene wat sedert Maart 1900 by die Bethulie-brûe diens verrig het, is op 'n hoë gereedheidsgrondslag geplaas en het die Royal Sussex Regiment onder luitenant-kolonel B.D.A. Donne en majoor A. Bromse-Scarfe met verkenningsspatrollies in die onmiddellike omgewing van die dorp en brûe begin, terwyl die spoorverbindings vanaf Bethulie na Springfontein deurentyd dopgehou is.²³² Ongeveer 'n maand ná die geveg by die Bethulie-wabrug het 'n geveg op 25 en 26 April 1900 op die Smithfield–Bethulie-pad by Gruiskoppies (heuwels) op die plaas Gruiskop, Wyk Grootrivier, van burger Nicolaas Esias Grobler,²³³ plaasgevind. De Wet se teenwoordig in die omgewing van Bethulie is met hierdie skermutseling bevestig nadat die Britte, waaronder die Prince Alfreds Volunteer Guards en Royal Scots onder generaal-majoor R.A.P. Clements, met De Wet se burgers in kontak was. Twee Britse soldate het gesneuwel en 'n verdere drie van hul makkers is krygsgevangene geneem.²³⁴ Daar is soos volg hieroor berig: “A patrol from Bethulie came across a body on the Smithfield road on the 25th April and Private King of Prince Alfreds Guards was killed. Two men of the Royal Scots and one of the Army Service Corps were taken prisoner.”²³⁵ Hierdie krygsgevangenes is later deur die Boere vrygelaat.²³⁶ Manskap Adam H. Jenkins van die Prince Alfreds Volunteer Guards²³⁷ was die ander Britse soldaat wat tydens hierdie geveg op 26 April 1900 gesneuwel het. Hy is op 24 Julie 1907, op inisiatief van die St Peters

²³⁰ De Swardt, p. 122.

²³¹ Vir meer uitgebreide inligting oor Springfontein tydens die Anglo-Boereoorlog, sien Blackie de Swardt se publikasie *963 Days at the junction...*, wat 'n samevatting is van verskeie bronne oor Springfontein tydens die oorlog, en waarin aspekte van Bethulie en sy inwoners, asook Britse optrede in hierdie omgewing verskyn.

²³² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 11.4.1900.

²³³ Nicolaas Esias Grobelaar is op 12 Januarie 1901 saam met vier burgers by die Caledonrivier krygsgevangene geneem en op 23 April 1901 met die *SS Hawarden Castle* na Ahmednager in Indië gestuur. (Sien Aanwins 02945 in die versameling van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.)

²³⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Manawatu Standard*, 30.4.1900.

²³⁵ *Ibid.*: *Evening Express*, 28.4.1900.

²³⁶ OM, Kopie-argief, Groep O: SA Field Force – list of casualties, March 1900 - July 1900, p. 49.

²³⁷ Manskappe King en Jenkins se name verskyn op die Prince Alfred's Guards Memorial in St Georges Park, Port Elizabeth.

Anglican Church te Bethulie, vanaf die plaas Gruiskop in die Bethulie-dorpsbegraafplaas herbegrawe.²³⁸

Die Britte het onder 'n wanindruk verkeer dat die inwoners van veral die Suid-Vrystaat berusting gevind het in die Britse besetting en bestuur, aangesien 'n relatiewe vreedsame tyd vanaf Mei 1900 tot middel September 1900 in die Bethulie- en naburige distrikte geheers het. Dit het meegebring dat die Britse garnisoen op Bethulie-dorp in Junie 1900 uit slegs ongeveer 500 soldate bestaan het. Soos verduidelik, het die Brandwaterkom-gebeure teen einde Julie 1900, waartydens die meeste van die Suid-Vrystaat-kommando's te velde krygsgevangene geneem is, 'n verdere gerustheid onder die Britte meegebring.²³⁹ Sake het egter teen einde September 1900 verander nadat daar berig is van kommando's wat weer hul verskyning in die Suid-Vrystaat begin maak het, soveel so dat magistraat Charles Grant die verdediging van Bethulie begin hersien het en patrollies meer dikwels in die distrik uitgestuur het.²⁴⁰ Tydens een sodanige patroolie het 'n Britse manskap tydens 'n skermutseling in 'n skietgeveg gesneuwel.²⁴¹

Ten vroeg Oktober 1900 was dit vir die Britte duidelik dat die militêre situasie in die Suid-Vrystaat nie onder beheer was nie, veral nadat 'n verdere skermutseling naby Bethulie plaasgevind het waartydens 'n troepemag bestaande uit die 4th Cheshires en polisieledes op Donderdag 11 Oktober 1900 deur 'n groep Boere verras is. Die soldate het 'n leë muilwa vanaf Springfontein na Bethulie begelei en tydens die skermutseling is 'n manskap gewond. Alhoewel die troepemag gevang is, is die krygsgevangenes deur die Boere vrygelaat nadat hul uniforms, vuurwapens, toerusting en muilwa gebuit is. Die burgers het voorts 'n deel van die belangrike Bethulie–Springfontein-spoorlyn beskadig.²⁴²

Op 13 Oktober 1900 het nog 'n geveg plaasgevind nadat die 23-jarige luitenant Edward Mansfield Hanbury van die 2nd East Yorkshire Regiment en sy nege manskappe, asook 'n joiner, tydens hul besoek aan die plaas Spreeuwfontein van burger Rudolph Grobbelaar in die Bethulie-distrik (op pad na Trompsburg), deur 'n groep burgers onder veldkornet Koos du Plessis verras is. Hanbury is noodlottig gewond en die joiner is krygsgevangene geneem terwyl

²³⁸ Anglican Church Records, St Georges Cathedral at Bloemfontein, Records of St Peters Church of Bethulie: Bethulie, burials in the Parish of Bethulie of the division of Bloemfontein – Private A.H. Jenkins, 24.7.1907.

²³⁹ Amery (red.), 4, p. 268.

²⁴⁰ NASA, VAB, MG, 8: Magistrate Grant of Bethulie to Military Governor requesting permission to establish a Town Guard, 15.10.1900.

²⁴¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevale, manskap R.G. Partridge, 29.9.1900.

²⁴² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Chester Courant an Advertiser for North Wales*, 17.10.1900.

die res van die Britte gevlug het. Op die naburige plaas Bankjes het 'n verdere skermutseling op dieselfde dag plaasgevind waartydens manskap T. Cantello noodlottig gewond is en manskap J. Morrison gewond is.²⁴³

Intussen het verskeie aanvalle deur Boere-kommando's vanaf 16 Oktober 1900 tot 26 Oktober 1900 op dorpe soos Fauresmith, Philippolis, Jagersfontein en Koffiefontein plaasgevind, wat 'n hernude aanslag op die Britse gesag in die Suid-Vrystaat ingelui het.²⁴⁴ Kommandant P.H. Kritzinger en sy kommando het vanaf 17 Oktober 1900 tot ongeveer 22 Oktober 1900 hulself in die Bethulie-distrik bevind, waartydens twee gewapende swart mans in Britse diens op die plaas Beschuitfontein tereggestel is.²⁴⁵ Hierdie kommando het hulself vanaf 19 November 1900 tot 24 November 1900 weer in die Bethulie-distrik, wat in daardie stadium baie droog was, bevind.²⁴⁶ Ook De Wet en sy burgers het op 30 November 1900 op die plaas Klein Bloemfontein, ongeveer 27 km noordwaarts van Bethulie, aangekom en saam met kommandant Kritzinger, kaptein Gideon Scheepers en assistent-hoofkommandant Piet Fourie oor die beplande inval in die Kaapkolonie beraadslaag.²⁴⁷ Op 1 Desember 1900 het Kritzinger en hoofkommandant De Wet op die plaas Palmietfontein van die Tromp-familie te Bethulie ontmoet²⁴⁸ en op 2 Desember 1900 het 'n skermutseling op die plaas Kinderfontein van R.D. Heffer plaasgevind.²⁴⁹ Uit bogenoemde is dit duidelik dat, alhoewel die Bethulie-kommando as 'n afsonderlike gevegseenheid ná die Brandwaterkom-gebeure ophou bestaan het, daar steeds burgers van hierdie kommando was wat as deel van 'n groter groep guerrillavegters in die distrik bedrywig was. Elizabeth Margaretha Smith (née Grobbelaar) van die plaas Meyerskraal, Bethulie wat digby die plaas Klein Bloemfontein geleë is, maak melding van vier Boerelaers onder hoofkommandant De Wet se bevel, wat op 30 November 1900 op hul plaas gestaan het nadat hy, in 'n poging om die Kaapkolonie binne te val, hom in die Bethulie-omgewing bevind het.²⁵⁰ Die afleiding is dat die ongeveer 384 Britse krygsgevangenes wat ná 23 November 1900 by Dewetsdorp gevang is, asook drie kanonne wat daar gebuit is, deel gewees het van De Wet se laer op Meyerskraal.²⁵¹

²⁴³ P.H.S. van Zyl, *Waar en trou*, pp. 67-69; OM, Databasis: Gesneuwelde Britse offisiere.

²⁴⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 26.11.1900.

²⁴⁵ OM, Kopie-argief, Groep K: Court-martial of Kritzinger, p. 4.

²⁴⁶ R. Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2: Wedervaringe van kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 104-105; OM, 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, pp. 17-18.

²⁴⁷ L. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, p. 203.

²⁴⁸ Dit was gedurende De Wet se eerste poging om die Kaapkolonie binne te val.

²⁴⁹ OM, 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, pp. 17-18.

²⁵⁰ Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, pp. 104-105.

²⁵¹ C.R. de Wet, *Three years war*, p. 181.

Generaal-majoor Charles Edmond Knox, wat De Wet sedert sy aankoms in die Suid-Vrystaat meedoënloos begin agtervolg het, het in hierdie tyd 'n groot Britse mag in Bethulie en sy omliggende distrikte ontplooi. Dit was nadat De Wet se planne om die Kaapkolonie met sy ongeveer 2 600 burgers binne te val, rugbaar geword het.²⁵² Vanweë sy spoorverbindings en die belangrike spoorbrûe, was Bethulie-dorp en distrik in hierdie tyd die spilpunt van Britse bedrywighede soveel so dat lord Kitchener self op Bethulie aangekom het om die militêre verloop dop te hou.²⁵³ Knox het Bethulie as hoofkwartier en basis vir voorrade ingerig. So het hy en kolonels T.D. Pilcher, J.S.S. Baker en W.H. Williams hulle op 1 Desember 1900 hier bevind ten einde hul rantsoene aan te vul, terwyl kolonel I.J.C. Herbert die Smithfield–Bethulie-pad naby Slikspuit moes dophou.²⁵⁴ Vanuit die Royal Hotel wat Knox as hoofkwartier gebruik het, het hy sy aanval op De Wet beplan. Op 2 Desember 1900 is berig ontvang van 'n geveg tussen De Wet en Herbert wat op die plaas Tafelberg, digby die plaas Goedehoop in die omgewing van Slikspuit ongeveer 18 km noord van Bethulie, uitgebreek het. Volgens Leopold Scholtz is Herbert met hierdie aanval totaal onkant gevang nadat De Wet hom uit twee rigtings bestook het.²⁵⁵ Hierna het Knox vir luitenant-kolonels J.S.S. Barker en W.D.C. Williams met onder meer eenhede van die Royal Lancers, Suffolk Regiment, Strathcona's Horse en Seaforth Highlanders, asook 'n battery van die 7th Royal Artillery as versterkings gestuur. Met hul aankoms op die slagveld het luitenant-kolonel J. Barker se 9th Lancers gepoog om die rante wat op 'n drif uitkyk, te beset, terwyl die Royal Artillery vele lidietkartetse op die Boere afgevuur het. Daar is van agter miershope op die Boere gevuur, wat weer op hulle beurt met 'n kanon geantwoord het. Tydens hierdie geveg op Tafelberg is onderkorporaal J. McCroa lig gewond.²⁵⁶

Die geveg het die volgende dag oorgespoel na die naburige plase Goedehoop en Willoughby, digby Bethulie op die Smithfield–Bethulie-pad, en het hier in nog meer felheid toegeneem.²⁵⁷ Dit was ná die aankoms van Knox op 3 Desember 1900 om ongeveer 16:00. Luitenant-kolonel T.D. Pilcher se mag met 300 troepe het intussen aangesluit en het saam met Knox se groot kolonnes onder luitenant-kolonels Herbert, Baker en Williams in 'n suidelike rigting begin om De Wet, wat gepoog het om die Kaapkolonie te bereik, te agtervolg. De Wet se

²⁵² Bekend as De Wet se eerste inval, alhoewel onsuksesvol, in die Kaapkolonie.

²⁵³ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet...*, p. 202.

²⁵⁴ *Ibid.*; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily News*, 26.11.1900; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 1.12.1900.

²⁵⁵ Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet...*, p. 203.

²⁵⁶ Amery (red.), 5, p. 34.

²⁵⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 5.12.1900; J.D. Kestell, *Christiaan de Wet: 'n Lewensbeskrywing*, p. 101; Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet...*, p. 204.

burgers het hierna begin terugval na die Caledonrivier waar hulle laer was.²⁵⁸ Uit die herinneringe van 'n Bethulie-seun, die negejarige Petrus Fourie van die nabygeleë plaas Mooifontein, word bevestig dat dit 'n hewige geveg was. Fourie onthou hoe “hierdie geveg oor bykans drie dae geduur het, vanaf Goede Hoop op die ou Smithfield-pad tot Gruiskoppies, waarna die veld uitbreek in 'n vlammesee onder 'n oostewind en die Britte verplig was om tydelik terug te val na Slikspruit weens hierdie vlamme”.²⁵⁹ Die geveg het tot middernag voortgeduur waarna die Boere met hul konvooi in gietende reën in die rigting van die plaas Carmel²⁶⁰ op pad na Odendaalstroom²⁶¹ begin terugval het.²⁶² Manskap A.W. Sear het tydens die geveg gesneuwel, terwyl manskappe C.H. Frisby, J.W. Hights, G. Pickford, sersant A. Creighton, luitenant J.G. Stirling en S.R. Theobald van die Queen's 9th Royal Lancers, tydens hierdie geveg gewond is.²⁶³ De Wet maak melding van een sterfte²⁶⁴ en van sy burgers wat tydens die geveg gewond is.²⁶⁵

Ten einde op De Wet se spoor te bly, moes Knox se kolonnes oor die volgende paar dae, soms tot 40 km per dag aflê, waarvan die meeste in swaar reën.²⁶⁶ Teen 7 Desember 1900 het De Wet vanweë die Oranje- en Caledonrivier wat in vloed was, afgesien van sy plan om die Kaapkolonie in te val. Intussen het nog heelwat Britse troepe per spoor by Bethulie-stasie aangekom, soos bevestig deur manskap Albert Veysey Lang van Pembroke.²⁶⁷ Met Knox kort op sy hakke, wou De Wet vinniger beweeg en het gevolglik verskeie Britse soldate, offisiere uitgesluit, wat hy by Dewetsdorp krygsgevangene geneem het, vrygelaat. Hierdie groep Britse krygsgevangenes het Bethulie op 9 Desember 1900, moeg en honger bereik.²⁶⁸ Op 8 Desember kon De Wet daarin slaag om by Lubbesdrif, digby die plaas Zevenfontein, die Caledonrivier met hul uitgeputte perde oor te steek en kon sodoende van Knox se agtervolging ontsnap.²⁶⁹ Ten einde 'n herhaling van sodanige ontsnapping te voorkom, het die

²⁵⁸ C.R. de Wet, *De strijd tussen Boer en Brit*, p. 246; Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet...*, p. 204.

²⁵⁹ *Marble Koerier*, 9.9.1981, p. 3.

²⁶⁰ Die plaas Carmel het as 'n Franse-sendingstasie ontstaan.

²⁶¹ In 1899 het Odendaalstroom (drif in die Oranjerivier) oor 'n hotel, poskantoor, drie grofsmede, 'n winkel, polisiekantoor en 42 erwe beskik. Hierdie infrastruktuur is gedurende die oorlog deur die Britte verwoes.

²⁶² *Marble Koerier*, 9.9.1981, p. 3.

²⁶³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevalle by Bethulie.

²⁶⁴ Johannes Jacobus de Wet, seun van hoofkommandant De Wet se broer.

²⁶⁵ De Wet, *Die strijd tussen ...*, p. 246

²⁶⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Towyn-on-Sea and Merioneth County Times*, 6.12.1900.

²⁶⁷ OM, Kopie-argief, Groep I: Imperial Yeomanry, 11.12.1900; Amery (red.), 5, p. 38.

²⁶⁸ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 10.12.1900.

²⁶⁹ De Wet, *Die strijd tussen ...*, p. 252.

Britse bevel op 19 Desember 1900 die Royal Guards Brigade gestuur om die driewe tussen Bethulie en Norvalspont te bewaak.²⁷⁰

3.7.2 Januarie 1901 tot Mei 1902²⁷¹

Volgens die konsentrasiekampregisters²⁷² van die Bloemfontein-, Springfontein-, Norvalspont-, Aliwal-Noord- en Bethulie-kamp vir die tydperk Januarie tot Desember 1901, blyk dit dat Britse militêre bedrywighede in die Suid-Vrystaat gedurende hierdie tyd hoofsaaklik gefokus het op die toepassing van die verskroeideaardebeleid in die Bethulie-distrik aangesien groot getalle wit en swart burgerlikes na konsentrasiekampe weggevoer is. Die 37 Britse ongevalle wat in hierdie tyd aangeteken is, dui egter daarop dat daar steeds sporadiese skermutselinge in die distrik plaasgevind het, aangesien groepe burgers en kommando's, soos kaptein Hendrik Pretorius se burgers, van tyd tot tyd steeds in die distrik bedrywig was.²⁷³ (Sien Bylae 3.4: Britse ongevalle, Bethulie en distrik: Januarie 1901 tot Mei 1902.) Daarbenewens het siekte en ongelukke van uiteenlopende aard sy tol onder die soldate geëis.²⁷⁴ Ten einde die Bethulie-omgewing van alle lewensmiddele en bruikbare goedere wat vir guerrillagroepe tot nut kon wees, te stroop, het die Britte voortgegaan om die verskroeideaardebeleid toe te pas. Op 30 Maart 1901 verwys kaptein H.F. Bidder van die Royal Sussex Regiment onder kolonel L. du Moulin, soos volg hierna: "From Smithfield a four day's trek brought the convoy to Bethulie, after destroying by that way a Boer supply depot, with ovens for the baking of bread at Gryskop [plaas Gruiskop]. Near the same place D Company under Capt. Montresor, found itself in a warm corner at a farm."²⁷⁵

Op 6 Mei 1901 het 'n skermutseling op die plaas Meyerskraal, Wyk Grootrivier, van burger Petrus Johannes Grobbelaar plaasgevind waarin die 17th Lancers van die Duke of Cambridge's Own, by Boesmanskop ('n koppie op Meyerskraal) betrokke was. Twee manskappe het tydens die geveg gesneuwel en een soldaat is gewond. Hierdie insident word deur mej. E.M. Smith in haar dagboek bevestig, maar sy verwys ook na die leier van 'n swart

²⁷⁰ Amery (red.), 5, p. 36; Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet...*, p. 202.

²⁷¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevalle by Bethulie.

²⁷² In hierdie registers word teenoor sommige van die name van gesinne aangedui welke Britse eenhede verantwoordelik was vir die vernietiging en hul wegvoer na die kampe. Alhoewel dit redelik algemeen voorkom in die Norvalspont-, Springfontein- en Aliwal-Noord-kampregister, bevat die Bloemfontein- en Bethulie-kampregister slegs enkele verwysings van sodanige aard.

²⁷³ Van Zyl, p. 58.

²⁷⁴ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevalle by Bethulie.

²⁷⁵ R. Constantine *et al.* (red.), *Soldiers of the Queen on the South African veld 1899-1902*, p. 254.

patroolie, ene Hendrik Morrison, wat kort hierna doodgeskiet is.²⁷⁶ 'n Groot skermutseling het op 26 Mei 1901 op die plaas Palmietfontein, Wyk Grootrivier, van Nicolaas Johannes van Zyl, digby die Donkerpoort-spoorhalte plaasgevind waartydens drie soldate gesneuwel het en drie gewond is.²⁷⁷

In Junie 1901 het daar 'n verdere skermutseling op die plaas Springbokfontein van burger Abraham Griesel plaasgevind, waartydens 'n manskap en 'n korporaal gesneuwel het. Beide is in die Bethulie-dorpsbegraafplaas begrawe.²⁷⁸ Op 6 Augustus 1901 het 'n skermutseling op die plaas Koppieskraal, Wyk Bosjespruit, van burger P.H. Snyman plaasgevind, nadat 'n eenheid van die 5th Queensland Imperial Buschmen deur 'n groep burgers verras is. Hierdie eenheid was deel van Knox se groter kolonne wat die verskroeideaardebeleid vanaf Thaba Nchu tot by Bethulie uitgevoer het. Twee soldate, manskappe J.H. Anning en C. Stirling, het tydens hierdie geveg gesneuwel, twee is gewond en nog 'n manskap ernstig beseer nadat hy van sy perd afgeval het.²⁷⁹ Op 3 September 1901 is 'n vrouelaer met die gade²⁸⁰ van veldkornet Sarel Petrus du Plessis daarby, op die plaas Tafelberg in die Bethulie-distrik deur 'n Britse patroolie verras. Du Plessis en sy burgers het op die Britte gevuur, maar alhoewel burger Piet Robinson beweer dat van die Britte gewond en sommige selfs gesneuwel het, is geen sodanige rekords gevind nie.²⁸¹

Britse bedrywighede het vanaf Desember 1901 weer in die Bethulie-distrik begin toeneem vanweë De Wet en sy burgers se teenwoordigheid in die omgewing van Dewetsdorp en die Suid-Vrystaat, en omrede Knox se drie “vlieënde” kolonnes gevolglik gereeld verby en deur Bethulie beweeg het tydens die Britte se derde dryfjag op De Wet.²⁸² Op 1 Desember 1901 het die 36-jarige sersant William David Smith tydens 'n skermutseling op die plaas Strydfontein gesneuwel nadat 'n Britse patroolie op 'n aantal burgers afgekom het.²⁸³ Die Royal Artillery was self in hierdie tyd redelik bedrywig in die Bethulie-omgewing aangesien kaptein Josia Wedgwood²⁸⁴ 'n battery Elswick-kanonne in Desember 1901 na Bethulie moes

²⁷⁶ OM, 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902, pp. 17-18; Constantine (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, pp. 104-105.

²⁷⁷ Van Zyl, p. 58; Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, pp. 104-105.

²⁷⁸ Van Zyl, p. 58.

²⁷⁹ Venter, p. 180.

²⁸⁰ Engela Jacoba du Plessis van Kalkoenkrans het op 4 September 1901 in die Bethulie-kamp aangekom.

²⁸¹ Van Zyl, pp. 191-192.

²⁸² F. Pretorius, “The Second Anglo-Boer War: An overview”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 30(2), 2000, p. 118.

²⁸³ Smith is in 1905 op Bethulie herbegrawe.

²⁸⁴ Die eerste baron Wedgwood, agterkleinseun van die bekende porselein-nyweraar Josiah Wedgwood.

neem.²⁸⁵ Daar is selfs tyd ingeruim vir 'n medaljeparade op Bethulie-dorp, waartydens die Distinguished Service Order, aan majoor John Middleton toegeken is.²⁸⁶

Maagkoors was teen Desember 1901 steeds die grootste oorsaak van sterftes in die Britse Leër, soos manskap A.W. Lowe wat op Oujaarsaand 1901 te Bethulie hieraan beswyk het. Ten einde enige verdere verspreiding van die siekte te voorkom, is hy die volgende dag, op 1 Januarie 1902, deur eerw. James Glover in die Bethulie-dorpsbegraafplaas ter ruste gelê.²⁸⁷ Uit die aantal ongevallen van Britse soldate in die Bethulie-distrik, asook mediaberigte hieroor in 1900-1901, word afgelei dat guerrillabedrywighede van tyd tot tyd steeds in hierdie distrik voorgekom het, wat die Britte derhalwe verplig het om 'n groot garnisoen by Bethulie, meer spesifiek by die twee brûe, te stasioneer. Vanaf Januarie 1902 het enkele groepies bittereinders die Britse militêre bevel wel steeds genoop om gereelde patrollies in die distrik uit te voer, wat meegebring het dat enkele ongevallen wel nog voorgekom het. Teenoor 28 ongevallen in 1900 in die Bethulie-omgewing en 37 ongevallen in 1901, was daar slegs twee ongevallen in die laaste vyf oorlogsmaande. So is manskap Daniel McKay op 20 April 1902 tydens 'n skietongeluk by die Bethulie-brûe lig gewond, terwyl manskap William Watson tydens dieselfde insident swaar gewond is. Teen 31 Mei 1902 is 24 van die 40 Britse soldate wat in 1900-1902 in die omgewing van Bethulie dood is, in Bethulie-dorp se begraafplaas te ruste gelê.²⁸⁸

3.8 VERDEDIGINGSTRUKTURE

3.8.1 Ontstaan van die blokhuisstelsel

Met Pretoria wat sedert Junie 1900 in Britse hande was, was die Britse siening van die oorlog dat die Boere hiermee finaal tot oorgawe gedwing sou word, iets wat egter nie gebeur het nie.²⁸⁹ Roberts het tot die besef gekom dat 'n nuwe fase aangebreek het waar konvensionele oorlogvoering deur guerrilla-oorlogvoering vervang is. Een van die realiteite van hierdie fase was die weerloosheid van die spoorvervoerstelsels, en Maurice verwys daarna wanneer hy skryf: "no line of communication was ever more naked than the one which lord Roberts

²⁸⁵ OM, Kopie-argief, Groep W: Captain Josia Wedgwood, 1943.

²⁸⁶ *London Gazette*, 16.4.1901, p. 3.

²⁸⁷ Anglican Church Records, St Georges Cathedral at Bloemfontein, Records of St Peters Church of Bethulie: Bethulie, burials in the Parish of Bethulie of the division of Bloemfontein – Private A.W. Lowe, 13.12.1901.

²⁸⁸ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Britse-ongevalle by Bethulie.

²⁸⁹ Wessels, *Die Britse militêre strategie ...*, p. 116.

depended on.”²⁹⁰ Roberts het dus sy kommer oor die spoorroete in die Suidoos-Vrystaat uitgespreek en het gevrees dat die Boere hierdie gebied weer sou binnetrek en dat dit weer sou lei tot “great consternation in the Cape Colony and would be necessary for me to send back troops which would interfere with my plan of campaign”.²⁹¹

Nadat De Wet die toevoer van voorraad by Roodewal-stasie in Junie 1900 onderbreek het, het Roberts besef dat die spoorstelsel in ernstige gevaar verkeer het. Sedert Julie 1900 is gepoog om kwesbare punte met behulp van skanse en ander ligte verdedigingswerk te beskerm, maar die beskadiging van spoorlyne wat veral gedurende November en Desember 1900 ’n ongekende hoogtepunt bereik het, het daartoe gelei dat daar begin is om die tydelike strukture met meer permanente strukture van stewiger aard te vervang. Die bou van verdedigingstrukture gedurende die oorlog het in twee fases geskied. Die eerste fase was defensief van aard en het uit tydelike strukture of skanse (“redoubts”) bestaan sodat strategiese installasies, soos die Bethulie-brûe, daardeur beskerm kon word. Met die tweede fase is die tydelike strukture vervang met permanente strukture, wat as blokhuse bekend gestaan het, en dit is in ’n offensiewe kapasiteit aangewend.²⁹² Generaal-majoor R.S.S. Baden-Powell het verder voorgestel dat groepe van tien soldate net meer as ’n kilometer uit mekaar langs die spoorlyn gestasioneer word om dit te beskerm.²⁹³ Kort hierna is blokhuse by hierdie punte opgerig wat met mekaar verbind is en ’n blokhuislyn gevorm het. Met ’n noodsaaklike spoorlyn, telegraafstelsel en twee brûe wat beskerm moes word, is daar teen Januarie 1901 aandag gegee aan die oprig van blokhuislyne langs die spoorroetes by Bethulie.²⁹⁴

3.8.2 Verdedigingstrukture by die Bethulie-brûe

Kort ná die oornam van die twee Bethulie-brûe is loopgrawe en veldskanse, wat bestaan het uit klipwerk wat met grondwalles versterk is, met behulp van onder meer die Durham Light Infantry opgerig.²⁹⁵ Byskrifte van foto’s wat in April 1900 by die Bethulie-wabrug geneem is, verwys na die “Durham Light Infantry digging trenches at Bethulie bridge”.²⁹⁶ Soos reeds na

²⁹⁰ Maurice (red.), 3, p. 104.

²⁹¹ *Ibid.*, p. 105.

²⁹² Amery (red.), 5, p. 396; C.E.H. Vincent, “The situation in South Africa: The blockhouse system”, *Journal of the Royal United Services Institution* 46(288), Februarie 1902, pp. 153-154.

²⁹³ E.H. Bethell, *The blockhouse system in the South African War* 12, p. 278.

²⁹⁴ J. Hattingh en A. Wessels, *Britse fortifikasies in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 73; De Swardt, p. 322.

²⁹⁵ Hattingh en Wessels, p. 71.

²⁹⁶ Durham County Record Office, D/DLI 24/315 (138, 140-141, 143-144): The Durham Light Infantry digging trenches at Bethulie Bridge, 6-18.4.1900.

verwys, het die Britte vanaf April tot Augustus 1900 'n relatiewe rustige tyd in die Suid-Vrystaat ervaar en vir hierdie rede is slegs tydelike verdedigingstrukture opgerig, maar kommando's het egter teen einde September 1900 met aanvalle op die Britse posisies en strategiese installasies in hierdie streek begin. So is daar op 12 Oktober 1900 berig dat “Boers have torn up the railway north of Bethulie and captured a British outpost”.²⁹⁷ Op 21 Oktober 1900 het waaghalsige burgers die spoorlyn by Bethulie verder beskadig. Op 28 Oktober 1900 was die spoorlyn en telegraafdrade in die omgewing van Springfontein aan die beurt, terwyl verdere skade op 17 en 18 November 1900 aan die spoorlyn naby Springfontein aangerig is. Op 21 November 1900 het kommando's weer die lyn by onder meer Springfontein en Providence-halte beskadig.²⁹⁸ Die Britte het teen einde 1900 besef dat die oorlog 'n uitgerekte gebeurtenis sou wees, waarna hulle vroeg in 1901 begin het om hierdie tydelike strukture met sterker en meer permanente blokhuse te vervang.²⁹⁹

In Januarie 1901 is begin om twee agtvormige, drieverdiepingblokhuse van klipmesselwerk by die Bethulie-brûe op te rig, waarvan een aan die Kaapkolonie se kant op die plaas Holmsgrove, en die ander een aan die Orange River Colony (ORC) se kant gebou is.³⁰⁰ (Sien Bylae 3.5: Verdedigingstrukture by die Bethulie-brûe en dorp.) 'n Latere verslag deur die Royal Engineers verwys na “masonry blockhouses were built at each end of the railway bridges over the following rivers, Kaffir [sic] River,³⁰¹ (2), Riet River (2), Norvals Pont (2) and at Bethulie Bridges (2)”.³⁰² Beide die Bethulie- en Norvalspont-blokhuse het elk oor “Machicouli galleries”, of kantele met openinge in die vloere en wande beskik, vanwaar akkurate geweervuur gerig kon word en beter beskerming gebied is.³⁰³ Hierdie blokhuse wat deur generaal-majoor Elliot Wood, hoofingenieur van die Royal Engineers, ontwerp is, het 30 konstruksiewerkers tussen drie tot vyf maande geneem om te voltooi.³⁰⁴ Die uiteindelijke koste van die bouwerk was op £800.0.0 tot £1 000.0.0 elk bereken. Hierdie stewige strukture,

²⁹⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Rock Island Argus*, 12.10.1900.

²⁹⁸ OM, 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp. 134-135.

²⁹⁹ Hattingh en Wessels, p. 63.

³⁰⁰ OM, Kopie-argief, Groep E: Records of engineer works done during the war C.R.E. Army 8773, 11.6.1902.

³⁰¹ Benaming soos in 1899-1902 gebruik in dokumentasie, word vir doeleindes van historiese akkuraatheid gebruik en is nie bedoel om aanstoot te gee nie.

³⁰² OM, Kopie-argief, Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

³⁰³ Hattingh en Wessels, p. 41

³⁰⁴ Bethell, p. 280; S. Walker, *A history of Royal Engineer operations in South-Africa 1899-1902*, p. 300.

elk met 'n garnisoen van 20 soldate, was van groot waarde vir die verdediging van strukture soos die Bethulie-brûe, maar was 'n baie duur en tydsame proses.³⁰⁵

'n Groep Skotse onderwyseresse wat in 1902 by die Bethulie-konsentrasiekamp werksaam was, het teen einde Mei 1902 'n besoek aan die Bethulie-brûe gebring nadat die brugbevelvoerder hulle vir tee genooi het. Volgens een van die onderwyseresse was die brûe ongeveer 'n halfuur te perd (met kapkar) vanaf die konsentrasiekamp geleë. Op pad daarheen is hulle by 'n blokhuis wat met doringdraad omring was, voorgekeer sodat hul reispermitte nagegaan kon word. Die onderwyseresse het van die geleentheid gebruik gemaak om die blokhuis te besigtig. Voorts was daar naby die Rice-blokhuis³⁰⁶ groot sinkstore met voorraad ter waarde van ongeveer £10 000.0.0, waarvan kratte tot by die dak gestapel was met onder meer Bovril en blikkieskos soos soutvleis en groente. Uit hierdie store is die blokhuislyne van onder meer Springfontein en Stormberg van rantsoene voorsien. Rondom hierdie gebou was kleinerige hutte opgerig wat as kwartiere gedien het.³⁰⁷

3.8.3 Eerste blokhuislyne in die omgewing van Bethulie

Vanweë druk deur die Britse regering om die uitgerekte oorlog tot 'n einde te bring, het lord Kitchener, lord Roberts se opvolger, meedoënlose maatreëls ingestel vir die Britse magte van ongeveer 210 000 troepe in Suid-Afrika om hierdie doel te bereik. Verskroeideaardebeleid, konsentrasiekampe, dryfjagte en blokhuise is in dié proses aangewend.³⁰⁸ Die Britte se pogings om die kommunikasiekanale en spoorroetes beter te beskerm, het tydens die tweede helfte van die oorlog 'n werklikheid geword nadat 'n offisier van die Royal Engineers, majoor S.R. Rice, van die 23rd Field Company, 'n voorstel gemaak het om Kitchener se krygstrategie te versnel.³⁰⁹ Blokhuise van gegalvaniseerde sinkplaat met 'n dubbelwand, wat met gruis klip opgevol is, en oor ongeveer 12 skietgate beskik het, het hul verskyning gemaak. Nie net was hierdie strukture se konstruksie van so 'n aard dat dit vinnig opgerig kon word nie, maar die patent was veel goedkoper as die klip- en betonstrukture. Met die nodige alarmstelsels, draadheining tusseneen en vele ander obstrukties om die kommando's se deurgang te verhoed, het

³⁰⁵ Hattingh en Wessels, pp. 43, 45, 71, 93.

³⁰⁶ Voorafvervaardigde blokhuis van sinkplaat, ontwerp deur majoor S.R. Rice.

³⁰⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 3.7.1902.

³⁰⁸ F. Pretorius (red.), *Scorched earth*, p. 28.

³⁰⁹ Walker, p. 304.

hierdie blokhuislyne, wat soos 'n spinnekopweb oor Suid-Afrika gespan is, die twee Boererepublieke en gedeeltes van die Kaapkolonie in kampe begin opdeel.³¹⁰

Ná die beskadiging van die Bethulie–Springfontein-spoorlyn, is daar in Januarie 1901 begin met die oprig van die eerste van 'n reeks Rice-blokhuisse langs hierdie spoorroete.³¹¹ Teen einde 1901 was 240 fortifikasies in die vorm van Rice-blokhuisse op die Bloemfontein–Norvalspont- en Bethulie–Springfontein-spoorroetes opgerig, wat deur die werkswinkel van luitenant-kolonel P.T. Buston in Bloemfontein vervaardig is. Hierdie blokhuisse, beman deur sewe soldate onder bevel van 'n onderoffisier, is teen £16.0.0 elk deur die Royal Engineers vervaardig, terwyl privaat firmas se koste tussen £50.0.0 en £60.0.0 per blokhuis beloop het. Baie van hierdie strukture het oor 'n klipbasis beskik waarop die sinkstruktuur opgerig is, en by ander is klipversterkings tot by die skietgate gestapel. 'n Loopgraaf van ongeveer 1,35 m is om elke blokhuis gegrawe ten einde soldate minder opsigtelik te maak en sodoende te beskerm, en voorts is doringdraad as ekstra beskerming tussen hierdie blokhuisse gespan.³¹²

3.8.4 Bethulie–Stormberg-blokhuislyn

In Julie 1901 gee Kitchener opdrag dat nog blokhuislyne in die omgewing van Bethulie opgerig moes word. Drie blokhuislyne sou uiteindelik verby Bethulie strek, naamlik die Bethulie–Stormberg-lyn, die Bethulie–Springfontein-lyn en die Aliwal-Noord na Bethulie-lyn.³¹³ Laasgenoemde het in 'n westelike rigting vanaf Aliwal-Noord, al met die Oranjerivier langs tot by Bethulie gestrek en by die Stormberg-blokhuislyn aangesluit.³¹⁴ Die roete tussen Bethulie en Stormberg was 90 km lank. 'n Skets van hierdie blokhuislyn bevat 'n illustrasie van Snider-stelgewere wat tussen die blokhuisse opgestel is om as alarms te dien.³¹⁵ Edith Dickenson,³¹⁶ 'n vryskutjoernalis, verwys in die *Cape Times* van 6 September 1901 soos volg na die Bethulie–Stormberg-blokhuislyn met die doringdraad om elke blokhuis: “Circular block-houses protect the line, at intervals of 1,000 yards. They are made of corrugated iron, painted chocolate colour, and lined with sand bags, with port holes for rifles.”³¹⁷

³¹⁰ De Swardt, p. 322.

³¹¹ Hattingh en Wessels, p. 73.

³¹² *Ibid.*, pp. 41, 51-52; De Swardt, p. 73.

³¹³ Amery (red.), 5, p. 401.

³¹⁴ W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the Peace of Vereeniging in 1902*, p. 455.

³¹⁵ N. Moolman Privaat Versameling: Bethulie–Stormberg blockhouse intervals, 30.10.1901.

³¹⁶ Edith Charlotte Musgrave Dickenson, 'n Australiese joernalis en gade van dr. Augustus Newton Dickenson, 'n dokter in die Bethulie-kamp.

³¹⁷ *Cape Times Weekly Edition*, 6.9.1901, p. 4.

Dickenson kon met haar treinreis na Bethulie 'n lewendige beskrywing verskaf van die Bethulie–Stormberg-blokhuislyn wat vir etlike kilometers langs die spoorlyn gestrek het. Sy verwys na hul trein wat deur 'n gepantserde trein begelei is. 'n Klein “Union Jack” op die dak van een van hierdie blokhuse wat deur die 2nd Seaforth Highlanders beman is, het 'n bepaalde karakter aan een van hierdie strukture verleen.³¹⁸ Tussen sommige van die Rice-blokhuse was fop-soldate opgestel wat gemaak was uit planke van rantsoenkratte en in Skotse rompe van die Seaforth Highlanders uitgedos was. Blokhuiswagte het hul tyd verwyd deur krieket te speel, terwyl ander langs die trein gehardloop het en koerante gebedel het. Volgens Dickenson is daar gevrees dat die Boere die spoor kon beskadig aangesien 20 Boere op 6 April 1902 'n aanslag op 'n blokhuis langs die treinspoor, agt kilometer vanaf Bethulie geloods het met die doel om voorraad te bekom. Met hul trein se oorgang oor die Oranjerivier die aand was die spoorbrug so goed verlig dat 'n blokhuis van klip daar naby goed sigbaar was. Met haar terugkeer 'n paar weke later merk sy op hoeveel van die blokhuiswagte op die Bethulie–Stormberg-lyn met swart blokhuiswagte vervang is.³¹⁹

3.8.5 Bethulie–Springfontein-blokhuislyn

Op 25 Januarie 1902 verskyn 'n verslag insake “work done by the Seventh Field Company Royal Engineers, from December 1st 1900 to December 31st 1901”.³²⁰ Hierdie eenheid van die Royal Engineers het bestaan uit manskappe van die 1st Middlessex Regiment en was betrokke by die konstruksie langs die spoorlyn suidwaarts vanaf Bloemfontein in die rigting van die Oranjerivier; die konstruksie vanaf Petrusburg tot Bloemfontein; die Heilbron–Frankfort–Vrede-blokhuislyn; en die lyn langs die Oranjerivier, wat die Aliwal-Noord–Herschel-blokhuislyn ingesluit het.³²¹ In 'n verslag deur luitenant Erick Holt-Wilson van hierdie eenheid se basiskamp op Springfontein, verwys hy na die aantal blokhuse wat hulle, onder bevel van majoor E.D. Haggitt, op die Bethulie–Springfontein-lyn opgerig het. Holt-Wilson en Haggitt het gereeld met behulp van 'n spoortrollie inspeksies van die werksaamhede uitgevoer. In sy verslag meld hy dat die Bethulie–Springfontein-lyn die eerste blokhuislyn was waarmee die Royal Engineers in Februarie 1901 begin het.³²²

³¹⁸ *Ibid.*, 18.9.1901, p. 3.

³¹⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

³²⁰ OM, Kopie-argief, Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers, from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

³²¹ Anon., “The completed blockhouse lines in South Africa”, *Royal Engineers Journal* 31(365), April 1901, pp. 65-66.

³²² Walker, p. 328; De Swardt, p. 415.

Teen einde Desember 1901 het die Bethulie–Springfontein-spoorroete van 45 km oor 28 Rice-blokhuse beskik, wat elk ongeveer 1,6 km van mekaar opgerig was, asook twee klipblokhuse by die brûe en vier ander “posts”, wat beskryf is as “semi-permanent blockhouses with rail frames, steel plates or round earthworks to contain a tent”.³²³ Hierdie blokhuislyn was voorsien van “tension wires and alarm guns which were fitted from Kaffir [sic] River Station, to Norvalspont and Bethulie, a distance of 123 miles”.³²⁴ Die eenheid was voorts verantwoordelik vir die versterking van verdedigingstrukture by garnisoenkampe te Bethulie, Norvalspont, Edenburg en Springfontein. Holt-Wilson, Haggitt en 15 soldate het later myne in die driewe tussen Aliwal-Noord, Bethulie en Norvalspont gestel.³²⁵ Op 4 Mei 1902 verwys Holt-Wilson na nóg ’n blokhuis wat in April 1902 by Bethulie opgerig is. Die afleiding kan gemaak word dat dit ’n Rice-blokhuis was, aangesien melding gemaak word dat benewens die twee klipblokhuse naby die padbrug, “an iron blockhouse has been erected in the place of an earthwork formerly protecting the Northern bridge-head”.³²⁶ (Sien Bylae 3.5: Verdedigingstrukture by die Bethulie-brûe en dorp.)

3.9 BRITSE MILITÊRE BESTUUR

3.9.1 Caledonrivier-distrik

Voor 24 Mei 1900 was die Britte in beheer van hoofsaaklik die Suidwestelike en Suidoos-Vrystaat, asook Bloemfontein, maar desnieteenstaande het lord Roberts tydens sy opmars na Pretoria, op 28 Mei 1900 (maar teruggedateer na koningin Victoria se verjaarsdag op 24 Mei 1900), die Vrystaat as ’n Britse kolonie geproklameer wat voortaan as die Orange River Colony bekend sou staan. Dit was net voordat hy die Vaalrivier by Viljoensdrif na die ZAR sou oorstek.³²⁷ Met die ORC onder die militêre bestuur van generaal-majoor G.T. Pretymann, is daar spoedig aandag gegee aan die nuwe kolonie se administrasie wat die aanstel van distrikskommissarisse ingesluit het.³²⁸

Groepe dorpe en hul distrikte in die suidwestelike Vrystaat is onder die beheer van distrikskommissarisse vanuit die geledere van die Britse Leër geplaas, wat onder krygswet wye

³²³ OM, Kopie-argief, Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers, from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

³²⁴ *Ibid.* Sien ook weer voetnoot 301, *supra*.

³²⁵ De Swardt, p. 415.

³²⁶ OM, Kopie-argief, Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers, from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

³²⁷ Amery (red.), 4, p. 136.

³²⁸ *Ibid.*, 6, p. 4.

magte geniet het. Alle amptenary, selfs magistrate, was aan hulle onderhorig.³²⁹ Hierdie kommissaris moes onder andere toesig hou oor die siviele administrasie in hul areas, wat verskeie pligte ingesluit het soos die invordering van belastinge, die administrasie van die Eed van Neutraliteit en gereelde verslae oor die inwoners en aktiwiteite in hul streke. Ingevolge hierdie bestuurstelsel het Bethulie, tesame met Rouxville en Smithfield, die Caledonrivier-distrik gevorm, met die hoofkwartier wat op laasgenoemde dorp gesetel was en waar kaptein Arthur S.V. Hume in Junie 1900 as distrikskommissaris aangestel is.³³⁰ Hume is bygestaan deur luitenant Harold. E. Dickinson van die 13th Battalion Imperial Yeomanry.³³¹ Te oordeel aan die groot aantal Suid-Vrystaatse burgers wat die wapen neergelê het, was die onderskeie kommissaris dit eens dat die vooruitsig op 'n spoedige vrede belowend was. Voorts is verskeie proklamasies uitgevaardig waarin beloftes gemaak is aan diegene wat die wapen sou neerlê, wat aanvanklik groot byval gevind het by die wanhopige burgers van veral die Suidwes-Vrystaat.³³²

Teen einde Junie 1900 word melding gemaak van die eerste gevalle van burgers wat, ten spyte van die Eed van Neutraliteit, weer in hierdie distrik die wapen opgeneem het. In opdrag van Roberts moes Hume die roerende eiendom van sodanige burgers konfiskeer ten einde voorbeelde van hulle te maak.³³³ Hume het voorts begin om opdragte aan die magistrate in die Caledonrivier-distrik uit te reik, waarvolgens alle burgers in die onderskeie kleiner distrikte ontwapen moes word en pogings aangewend moes word om versteekte wapens op te spoor. In die daaropvolgende twee maande word melding gemaak van een insident op 21 Augustus 1900 waar burger Dirk Venter deur magistraat Grant van Bethulie gearresteer is weens die besit van 'n Mauser en bandeliere met 250 rondtes ammunisie, nadat Venter deur een van sy swart werkers, genaamd Tom, verkla is. Tom, wat self weens 'n misdaad tereggestaan het, is amnestie verleen in die hoop dat “it would cause good effect among natives and lead to more information reported”.³³⁴ Grant verwys verder na 600 rondtes ammunisie wat op die dorp begrawe is en in dieselfde maand deur 'n swart man uitgewys is en volgens

³²⁹ *Ibid.*, p. 5.

³³⁰ C.J.H. Kruger, *Militêre bewind in die Oranje-Vrystaat: Maart 1900 - Januarie 1901* (M.A.), p. 115.

³³¹ NASA, VAB, MG, 8: Military Governor District Commissioner of Smithfield – appointment of Lieutenant Dickenson, 25.6.1900.

³³² *Government Gazette*, 8.2.1901, p. 117.

³³³ *Ibid.*, 9.9.1900, p. 615.

³³⁴ NASA, VAB, MG, 6: Dirk Venter arrested at Bethulie, 21.8.1900.

hom sou die owerheid op swart mense kon staatmaak om meer versteekte wapens en ammunisie uit te wys, mits die owerheid hulle goed sou behandel.³³⁵

Op 1 September 1900 neem majoor K.P. Apthorp van die Royal Irish Rifles by Hume oor as kommissaris.³³⁶ Apthorp se verslag van September 1900 verskaf 'n insiggewende blik op spesifiek Bethulie en sy distrik onder Britse bestuur. Dit blyk dat die distrik ses maande ná die besetting van Bethulie, geleidelik uit sy rustigheid begin ontwaak het en 'n aantal burgers weer die wapen opgeneem het.³³⁷ Apthorp verwys na hierdie groep burgers as “looters” en alhoewel hulle goedere en perde in die distrik opgekommandeer het, beskou hy hulle aanvanklik as 'n onbeduidende groep.³³⁸ Van Heyningen wys daarop dat “[i]n August 1900 ripples of disaffection began to spread through the country”.³³⁹ Apthorp verwys selfs na burger Venter wat 'n boete van £50.0.0 moes opdok vir die onwettige besit van vuurwapens en ammunisie en meld voorts dat die vordering van belasting nie na wense was nie. Op 'n positiewe noot word genoem dat die sensus vir elke dorp in sy gebied afgehandel is en dat die skool op Bethulie onder die prinsipaal se leiding weer fluks vorder. Verder is gerapporteer dat swart mense onder sy jurisdiksie stil en rustig was. Dus, ten spyte van 'n aantal burgers wat weer die wapen opgeneem het, kan die gevolgtrekking tog gemaak word dat die Britse owerheid in die Suid-Vrystaat vas oortuig was dat die oorlogsvlam in hierdie streek geblus was omrede gereeld na “the settling down of the district” verwys word.³⁴⁰

Aan die begin van Oktober 1900 word generaal-majoor Ralph E. Allen, wat aanvanklik as bevelvoerder van die Suid-Vrystaat aangestel is, deur generaal-majoor Hector A. McDonald opgevolg. Die Britse mag wat tot in daardie stadium hoofsaaklik uit voetsoldate bestaan het, het dit moeilik gevind om op te tree teen die burgers in die Suid-Vrystaat wat te perd beweeg het en nog onder die wapen was. Die Britse militêre owerheid het begin besef dat slegs 'n berede infanterie die vlugvoetige perdekommendo's op gelyke vlak kon aandurf. Die enkele berede eenhede onder luitenant-kolonels J.S.S. Barker, I.J.C. Herbert en H. White, wat in daardie stadium in die Suidoos-Vrystaat bedrywig was, kon nie verhoed dat die burgers weer die wapen opneem nie en daar is toenemend gevalle van Boerebedrywighede aangeteken. Op Woensdag 10 Oktober 1900 is 'n aanval op 'n Britse buitepos met 12 soldate naby Bethulie

³³⁵ NASA, VAB, MG, 2: Ammunition discovered at Bethulie – C. Grant, 15.8.1900.

³³⁶ *Government Gazette*, 10.1.1901, p. 103.

³³⁷ NASA, VAB, MG, 2: Report for the month of September 1900 on the district of Smithfield, Bethulie and Rouxville, 12.9.1900.

³³⁸ *Ibid.*, 16.9.1900.

³³⁹ E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*, p. 55.

³⁴⁰ Kruger, p. 117.

geloofs waartydens vier soldate gewond is en alhoewel die Britte van hul wapens en ander items soos klere gestroop is, is hulle vrygelaat om te voet na Bethulie terug te keer.³⁴¹

Teen einde Oktober 1900 begin die militêre situasie vir die Britte in die Suidwes-Vrystaat versleg nadat die Boere, onder leiding van onder meer genls. J.B.M. Hertzog, Piet Fourie en C.C.J. Badenhorst, aanvalle op die Britse garnisoene te Jagersfontein (16 Oktober 1900), Philippolis (18-24 Oktober 1900), Fauresmith (19 Oktober 1900), Jacobsdal (25 Oktober 1900) en Koffiefontein (26 Oktober 1900) geloods het. Tereg is daar verwys dat vanaf Oktober 1900 tot November 1900 “no progress was made in pacification of the new Colony (ORC)”.³⁴² Die owerheid in Bloemfontein het die oorsaak van hierdie nuwe wending toegeskryf aan ’n tekort aan genoegsame troepe, veral nadat Roberts ’n groot aantal manskappe vir krygsoptrede na die Transvaal onttrek het, met die gevolg dat “a wide area of the southern Free State was very lightly held”.³⁴³ Dit blyk dat De Wet se reorganisering van sy krygsmag in die Vrystaat, met generaal Piet Fourie as bevelvoerder van die distrikte suid van Bloemfontein, met kommandante F.J. Rheeder, Giep Joubert en Karel D. Coetzee, wat hier aktief was, die Britte hoofbrekens besorg het.³⁴⁴ Die situasie het sodanig versleg dat Roberts die distrikskommissaris van die Caledonrivier-streek op 30 Oktober 1900 opdrag gegee het om stappe teen ’n paar prominente boere in sy streek te neem deur hul roerende eiendom te konfiskeer.³⁴⁵

3.9.2 Magistrate

Ná die Britse anneksasie van die Vrystaat, het die nuwe bewind aanvanklik die republikeinse landdroste behou, maar hul benaming is na magistraat verander. Onder Britse bestuur was die magistraat die mees senior regeringsverteenwoordiger op ’n dorp en was dit die Britse bewind se strategie om dié amptenare te gebruik om hul besluite uit te voer. So is Andrew James Wolhüter op 9 Mei 1900 amptelik deur die Britse owerheid in Bloemfontein in kennis gestel dat die kantoor van die magistraat as verteenwoordigende instelling van die Britse militêre bestuur op Bethulie sou dien.³⁴⁶ Wolhüter verklaar in ’n brief aan die militêre goewerneur in Bloemfontein, gedateer 13 Mei 1900, dat hy teenwoordig was met die besetting van Bethulie en dat generaal-majoor William Gatacre hom versoek het om sy pligte as magistraat van

³⁴¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Sheffield Evening Telegraph*, 12.10.1900.

³⁴² Amery (red.), 5, pp. 24-25.

³⁴³ *Ibid.*, p. 22.

³⁴⁴ *Ibid.*, pp. 22, 24-25, 235; De Wet, *Three years ...*, p. 157.

³⁴⁵ NASA, VAB, MG, 8: District Commissioner of Smithfield regarding Boer activities, 30.10.1900.

³⁴⁶ NASA, VAB, MG, 2: Bethulie RM, 9.5.1900; Kruger, p. 49.

Bethulie voort te sit. Op grond hiervan versoek Wolhüter dus om as amptenaar van die nuwe administrasie behou te word.³⁴⁷ In Junie 1900 verskyn 'n kennisgewing in die *Government Gazette* waarin generaal-majoor G.T. Pretzman, in sy hoedanigheid as militêre goewerneur van die ORC, 11 persone, waaronder Wolhüter, se aanstellings met ingang 17 Junie 1900 as resident-magistrate van Bethulie bekragtig het.³⁴⁸

Soos blyk uit korrespondensie, het Wolhüter met sy pligte onder Britse bestuur voortgegaan en selfs 'n tweede magistraatsklerk, F. Fleck, aangestel.³⁴⁹ Wolhüter vermeld in 'n brief aan die militêre goewerneur, gedateer 4 Julie 1900, onder meer dat sy kantoor geen gelde vir die periode 15 Maart 1900 tot 30 April 1900 ontvang het nie, maar die afleiding is dat hy wel daarin kon slaag om die nodige gelde in te vorder omrede hy op 10 Julie 1900 die Britse Tesourie in Bloemfontein versoek het vir 'n leersak met 'n slot waarin kontant ter waarde van £400.0.0 aan hulle versend sou word, wat goud ter waarde van £5.6.0 ingesluit het.³⁵⁰ Die verwydering van die ou Vrystaatse staatswapen uit die magistraatskantoor, was een van die minder aangename take wat Wolhüter moes uitvoer.³⁵¹

Daar kan afgelei word dat Wolhüter, in sy siening oor die oorlog, vir die Britse bestuur té openhartig was oor aspekte soos byvoorbeeld die duur van die oorlog, en dat dit hom in 'n negatiewe lig geplaas het aangesien hy reeds op 20 Maart 1900 aan 'n verslaggewer verklaar het dat die oorlog nog lank nie verby was nie. Sodanige siening kon gesien word as pro-Boer, wat hom 'n ongewenste persoon in die Britse bestuurstelsel gemaak het.³⁵² Die Britse owerheid was verder daarvan bewus dat Wolhüter kort na die uitbreek van die oorlog 'n plakkaat by die landdroskantoor laat aanbring het waarin die geveg by Colenso as 'n "brilliant Boer victory" bestempel was.³⁵³ Die Britte het verder kennis geneem van die feit dat Wolhüter, as 'n laaste patriotiese daad as Vrystaatse amptenaar, sy kar en perde op Vrydag 9 Maart 1900 beskikbaar gestel het om plofstof, toerusting en gereedskap na die brûe te neem ter voorbereiding van die inploffing van die strukture.³⁵⁴ Daar kan dus tereg afgelei word dat die Britse bestuur Wolhüter al meer in 'n negatiewe lig begin sien het. Hul suspisie is voorts versterk nadat hulle verneem het dat John Fraser, 'n voormalige Volksraadslid van die

³⁴⁷ NASA, VAB, MG, 2: Letter by residential magistrate of Bethulie, 31.5.1900.

³⁴⁸ *Government Gazette*, 29.6.1900, p. 234.

³⁴⁹ NASA, VAB, MG, 2: Bethulie: Appointment of F. Fleck at Bethulie, 4.5.1900.

³⁵⁰ NASA, VAB, MG, 2: Income received: Bethulie, 4.7.1900; NASA, VAB, CT, 2: Reg. No. 1044 – Bethulie, 10.7.1900.

³⁵¹ NASA, VAB, MG, 2: Removal of the Free State Coat of Arms, 30.5.1900.

³⁵² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Aberdeen Journal*, 20.3.1900.

³⁵³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Western Times*, 25.10.1899.

³⁵⁴ R.C. de Jong, "Vondsten uit het NZAV-archief – spoorbrug half vijf gesprongen", *Zuid-Afrika*, November-Desember 1983, p. 154; Kruger, p. 118.

Vrystaat, wat pro-Brits was, se opinie op 25 Maart 1900 deur kaptein Henry Pearce, 'n inligtingsoffisier van die Britse Leër gevra is, en Fraser dus magistrate Wolhüter (Bethulie), De Kock (Boshof), Hoffman (Rouxville) en die magistraat van Ladybrand, as dislojaal teenoor Brittanje beskou het. Die Britse bestuur was egter nog nie van Wolhüter se dislojaliteit oortuig nie, aangesien hy aanvanklik as magistraat van Bethulie behou is.³⁵⁵

Op 1 Junie 1900 rig John Kelley, 'n Engelssprekende persoon van Dewetsdorp wat goed aan Wolhüter bekend was, 'n brief aan Pearce met bewerings dat Wolhüter na die Jameson-inval, anti-Brits was en by verskeie politieke aangeleenthede wat teen Brittanje gemik was, betrokke geraak het en hom boonop daaraan skuldig gemaak het dat hy Engelssprekendes sleg behandel het.³⁵⁶ Dit het die Britse owerheid oortuig om Wolhüter as magistraat te vervang en gevolglik het Pearce hierdie bewerings op 5 Junie 1900 aan kaptein P. Holland-Pryor in Bloemfontein gestuur vir verdere optrede. Majoor C. White, die senior Britse offisier op Bethulie, se opinie oor Wolhüter is aangevra, maar dit is nie duidelik wat sy antwoord hierop was nie aangesien geen korrespondensie hieroor gevind kon word nie. Luitenant-generaal Herbert Charles Chemside het, vir redes onbekend, met die besluit saamgestem en het Wolhüter se klerk, J.J. Elinckhuizen, as plaasvervanger voorgestel. Kort daarna is aan die distrikskommandant op Smithfield opdrag gegee om Wolhüter te ontslaan, volgens 'n nota waarin na Wolhüter as "an unsatisfactory person" verwys is.³⁵⁷ Op 25 Julie 1900 is Wolhüter deur Charles Grant as magistraat vervang en het hy die magistraatskantoor se sleutels, seëls, geldwissels, kontant ter waarde van £462.8.8. en pasboeke ter waarde van £236.12.6. aan Grant oorhandig. Grant het op sy beurt verwys na 'n bedrag van £30.12.1 wat aan Wolhüter betaal is, synde betaling tot en met sy ontslag.³⁵⁸

Die vraag ontstaan wat die werklike rede vir Wolhüter se ontslag was. Uit die aard van sy beroep is daar deurgaans van hom verwag om die wet streng toe te pas en persone regverdig te behandel. Wolhüter het tydens sy loopbaan, in sy hoedanigheid as toepasser van die wet, uitspraak teen vele individue gelewer en met die Britse oorname is 'n gulde geleentheid geskep om wraak te neem teen wetstoepassers van die voormalige Vrystaatse Republiek. Alhoewel dokumente ten opsigte van die Wolhüter-sage ontbreek, blyk dit dat geen ander Engelssprekendes, spesifiek nie by Bethulie nie, genader is vir 'n opinie oor Wolhüter se sogenaamde ongenaakbare houding teenoor Engelssprekendes nie, en is die gevolgtrekking

³⁵⁵ NASA, VAB, MG, 1: Wolhüter of Bethulie, 24.3.1900.

³⁵⁶ NASA, VAB, MG, 2: Civil Intelligence Department, 5.6.1900.

³⁵⁷ NASA, VAB, MG, 8: Telegram regarding Wolhüter, 8.6.1900.

³⁵⁸ NASA, VAB, CT, 2: Reg. No. 1044 – Bethulie, 25.7.1900.

dat dit, uit die oogpunt van die Bethulie-inwoners, moontlik 'n onbillike ontslag deur die Britse owerheid was.

Dit word afgelei dat Grant, die nuut aangestelde magistraat, se werksomstandighede nie altyd maklik was nie. So moes Grant kort na sy aanstelling, verneem dat daar geen huis op Bethulie vir die magistraat beskikbaar was nie ten spyte van die feit dat behuising deel van sy diensvoorwaardes was. Hy rig derhalwe 'n versoek vir 'n spesiale toelae aan die militêre goewerneur in Bloemfontein omrede hy £0.10.0 per dag vir losies in die Royal Hotel moes opdok.³⁵⁹ Benewens sy pligte as magistraat het Grant, met slegs twee klerke tot sy beskikking, die pos van Assistant District Commissioner beklee en verder die verantwoordelikheid van Bethulie se Hoof van Polisie op hom geneem. Nadat sommige van die polisieledes asook die sipier, manskap Euston Wardell Wilson, vir diens na Bloemfontein opgeroep is, en ten spyte van die feit dat daar in daardie stadium 50 gevangenes in die Bethulie-tronk was, het Grant op 21 Desember 1900 'n dringende versoek aan generaal-majoor Pretymaan gerig vir nog hulp om die dorp se administrasie te behartig.³⁶⁰

3.9.3 Provisional Mounted Police

Die distrikskommissaris is in die uitvoering van hul pligte deur magistrate en die Provisional Mounted Police (PMP) bygestaan in die handhawing van wet en orde en die uitvoering van burgerlike gesag in die Bethulie-distrik. Benewens polisiëring van die dorp en distrik, was hulle onder meer verantwoordelik vir die insamel van gelde en die verspreiding van byvoorbeeld proklamasies. Die PMP se lede is uit die geledere van die Britse koloniale leer in Suid-Afrika, Kanada, Nieu-Seeland, Australië en die Kaapkolonie gewerf, en het aan Britse kant geveg.³⁶¹ Hierdie paramilitêre polisiemag is deur die Britse owerheid as die eerste stap tot die instel van burgerlike bestuur in die ORC gesien.³⁶² Die pligte van die PMP is in 17 bladsye, onder Ordinansie Nr. 21 vervat, waarin daar verwys word na “[t]he suppression and punishment of certain offences” en wat selfs verskeie munisipale regulasies ingesluit het.³⁶³

Die meeste lede van die PMP in Bethulie was afkomstig van Australië en Nieu-Seeland. Die Australiese verbintenis spruit voort uit die feit dat die Eerste Australiese Kontingent met die

³⁵⁹ NASA, VAB, MG, 2: Magistrates residence at Bethulie, 29.7.1900.

³⁶⁰ NASA, VAB, MG, 2: Letter from the RM at Bethulie about the PMP and gaoler, 21.12.1900.

³⁶¹ Vincent, pp. 170-173.

³⁶² NASA, VAB, PMP, 1: Provisional Mounted Police letterbook, 1.5.1900.

³⁶³ OM, Kopie-argief, Groep P: The suppression and punishment of certain offences, 1902, pp. 1-17.

uitbreek van die oorlog, onder bevel van kaptein Charles Frederik Cox, hulself in daardie stadium in Brittanje bevind het, waar hulle deelgeneem het aan die jaarlikse militêre oefen-toernooi te Islington en vandaar vir verdere opleiding na Aldershot vertrek het. Met die uitbreek van die oorlog het Australië militêre bystand aan die moederland aangebied, maar die Britse regering se trots het hulle genoop om slegs 2 000 soldate te aanvaar. Die Britse militêre owerheid was gekant teen die verlening van bystand en het neerhalend na die Australiërs verwys as die “least serviceable cavalry”.³⁶⁴ Voorwaardes is gestel en het behels dat die koste aan toerusting en soldy deur die Australiese regering gedra moes word en dat geen rang hoër as dié van majoor toegelaat sou word nie. Op 9 Oktober 1899 het die Australiërs met die SS *Nineveh* vanaf Brittanje na Suid-Afrika vertrek, waar hulle op 2 November 1899, as die eerste eenheid vanaf Australië, aan land gegaan het. Omrede die Australiese kontingent in Suid-Afrika hoofsaaklik ’n eenheid van berede soldate was, wat as een van die beste “mounted riflemen” bestempel is, is lede van die nuutgestigte PMP uit hierdie kontingent gewerf.³⁶⁵ Hierdie Australiërs is as lede van die PMP op Bethulie aangewend. Hulle is as ongenaakbaar bestempel, en John X. Merriman verwys na hulle as “mere ‘swashbucklers’ who arrested inhabitants, drove off stock, and shot a few people without greatly caring who they were”.³⁶⁶

Die PMP wat op Bethulie gestasioneer was, het uit 19 lede bestaan. Hiervan was 14 lede vanaf Australië terwyl vyf van Nieu-Seeland afkomstig was.³⁶⁷ Ses van hierdie Australiërs was verbonde aan die New South Wales Lancers, terwyl ’n verdere twee lede³⁶⁸ deel was van die 2nd South Australian Mounted Rifles. Die ander ses Australiërs³⁶⁹ wat by Bethulie gestasioneer is, was van die 1st Victorian Mounted Rifles, wat afkomstig was vanaf die staat Victoria. Hierdie eenheid het uit 276 manskappe bestaan en was onder bevel van majoor W.W. Dobbin. Hulle het op 10 Maart 1900 met die SS *Euryalus* vanaf Melbourne vertrek, waarna nog van hierdie eenheid gevolg het.³⁷⁰

³⁶⁴ W.M. Chamberlain, *The Australians in the South African War 1899-1902*, pp. 30-31.

³⁶⁵ *Ibid.*, pp. 30-31; C. Wilcox, “Australia’s South African war 1899-1902”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 30(1), 2000, p. 5.

³⁶⁶ Wilcox, p. 6.

³⁶⁷ Die soldate was korporaal W.J. Moon van Sydney; manskappe W.H. Hillis en M. McGill van New South Wales; H. Sandon en E.W. Wilson; asook A.E. Saville, wat as korporaal waargeneem het en bevelvoerder van die berede eenheid op Bethulie was.

³⁶⁸ Manskappe E. Jenner en H. Ward.

³⁶⁹ Die lede was korporaal J.W. Connor, wat einde Desember 1901 tot sersant bevorder is, en manskappe M.W. Atkinson, A.J. Butcher, C. Killen, H. Koelum en A.N. McDonald.

³⁷⁰ Chamberlain, pp. 30-31; Wilcox, p. 5.

In verskeie rekords word melding gemaak van enkele insidente tydens van hierdie lede se diens tydperk op Bethulie. So word verwys na manskap Herbert Ward van die 2nd South Australian Mounted Rifles, wat volgens sy diensrekord 'n moeilikheidmaker was aangesien hy onder meer 'n Britse soldaat, manskap J. Korthum, aangerand het en hierna met £1.0.0 gevonnissen is. Ward het steeds probleme veroorsaak, soveel so dat daar op 20 Julie 1900 versoek is dat hy na Bloemfontein teruggeroep word. Op 23 Julie 1900 word vanaf Bethulie berig dat “Ward relinquished the corps on 2 August 1900”.³⁷¹ Op 25 Augustus 1900 is berig dat Ward 'n vuurwapen gesteel het wat aan magistraat Grant behoort het, en op 20 September 1900 is 'n telegram aan Pretoria gestuur met die nuus dat Ward gearresteer is.³⁷² Daar is ook 'n verwysing na 'n lid van die PMP van Bethulie, manskap M.A. Atkinson van die 1st Victorian Mounted Rifles, wat op 27 Junie 1900 by Smithfield aan maagkoors oorlede is. Luitenant Herbert A. Aldridge van Zaïtron meld soos volg in 'n brief op 14 Junie 1900: “I will return the saddle and rifle of the late Private Atkinson under the charge of Private Ward. The deceased's clothes had to be burned so there was no kit to be sold.”³⁷³

Benewens die Australiërs, was daar vyf lede van die 1st New Zealand Mounted Rifles wat op 21 Oktober 1899 saam met hul eenheid met die SS *Waiwera* vanaf Wellington in Nieu-Seeland vertrek het en sedert 1 Mei 1900 diens op Bethulie verrig het. Manskappe George Arnold, Arthur Leig La Boste Bartrop, Hector Cameron, John McConway, asook 'n onbekende lid, is op 15 November 1900 na hul eenheid terugverplaas.³⁷⁴ Dit was nadat hoofkommandant C.R. de Wet vir generaal P. Fourie opdrag gegee het om die burgers in die Suid-Vrystaat weer op te kommandeer. Die herlewing van die oorlogsvlam onder die burgers in die Suid-Vrystaat nadat meeste van die burgers die Eed van Neutraliteit onderteken het, het die hoop op 'n spoedige einde van die oorlog verydel en die magistrate wat die Britse regeringsvertegenwoordigers in die dorpe was, kon nie onder hierdie omstandighede behoorlik funksioneer nie. Die distrikskommissarisse kon ook nie funksioneer nie en het derhalwe nutteloos geword sodat die PMP se enigste bydrae hierna die handhawing van wet en orde in die dorpe en nabygeleë plase was.³⁷⁵ Met die opwagting van Boerekommando's in die Suid-Vrystaat en die aanbreek van guerrilla-oorlogvoering, was dit vir die Britse militêre owerheid duidelik dat burgerlike bestuur in die ORC, spesifiek die Suid-Vrystaat, nie moontlik was nie

³⁷¹ NASA, VAB, PMP, 1: Provisional Mounted Police letterbook, 1.5.1900; National Archives of Australia (hierna NAA), B4418, 685345: South Australian Mounted Rifles, 1900.

³⁷² NAA, B4418, 685345: South Australian Mounted Rifles, 1900.

³⁷³ Chamberlain, pp. 30-32.

³⁷⁴ NASA, VAB, PMP, 1: Provisional Mounted Police letterbook 1.5.1900; Archives New Zealand (hierna ANZ), 60-75: 1st New Zealand Mounted Rifles, 1900.

³⁷⁵ Kruger, pp. 52, 56; *Government Gazette*, 8.2.1901, pp. 40, 42, 55.

en dat 'n volgende fase in die militêre stryd aangebreek het wat militêre eenhede genoodsaak het om hierdie soort oorlog te beveg. Om hierdie rede is die PMP ontbind en lede is na hul eenhede teruggestuur, waarna garnisoene in die streek ontplooi is.

3.9.4 Town Guards

Benewens die PMP, het Bethulie oor 'n Town Guard beskik wat verantwoordelik was vir die bewaking van die dorp en sekere sleutelpunte soos onder meer die telegraaf- en poskantoor. Die gedagte om 'n dorpswag of tuiswag saam te stel, het ontstaan nadat Milner op 31 Desember 1900 'n versoek aan wit, manlike lojaliste in die Kaapkolonie gerig het om betrokke te raak by die verdediging van hul onderskeie dorpe en stede. Ná die onderskeie invalle deur Boere-kommando's in die Kaapkolonie, het die stigting van hierdie eenhede momentum gekry.³⁷⁶

Die dorpswag of tuiswag, wat as Town Guards bekend gestaan het, het hoofsaaklik uit wit mans van verskillende ouderdomme wat in hul onderskeie dorpe werksaam was, bestaan. Die lede van hierdie wag moes bereid wees om militêre diens te verrig en het onder meer uit die volgende bestaan: "Rand millionaires, merchants, doctors, lawyers, town councillors and a brigade of civil servants."³⁷⁷ Tereg verwys John X. Merriman na hulle as "armed shop boys".³⁷⁸ Dié konsep is gedurende die beleëringsfase met sukses beproef, nadat dorpe soos Mafeking en Kimberley se verdediging swaar hierop gesteun het. Sodanige eenhede was verantwoordelik vir die beskerming van 'n dorp of stad en moes verder toesien dat die bepalings van krygswet, soos vervat in die proklamasies rakende burgerlike gehoorsaamheid, uitgevoer word. Selfs swart mans is later tydens die beleg van Mafeking as Town Guards betrek. Met die besetting van die twee Boererepublieke is die konsep van Town Guards na enkele dorpe in die twee voormalige Boererepublieke uitgebrei en sou daar uiteindelik 125 dorpe en stede in Suid-Afrika wees, Bethulie ingesluit, wat gedurende die oorlog deur Town Guards bewaak was.³⁷⁹

Die eerste verwysing na 'n Bethulie Town Guard kom voor in 'n brief van magistraat Charles Grant, gedateer 15 Oktober 1900, waarin generaal-majoor Pretymann toestemming gevra word om, vanweë 'n gebrek aan voldoende beskerming deur troepe, sodanige eenheid vir die dorp op die been te bring. Grant verwys na die Britse garnisoen by die Bethulie-brûe wie se eerste

³⁷⁶ A.M. Davey, *Town Guards of the Cape Peninsula, 1901-1902*, pp. 277-278; Amery (red.), 5, pp. 84-85.

³⁷⁷ Davey, pp. 277-278.

³⁷⁸ *Ibid.*, p. 93.

³⁷⁹ *Ibid.*, pp. 277-278.

prioriteit die beskerming van die strategiese strukture daar was.³⁸⁰ Sy kommer het vanaf einde September 1900 begin verdiep nadat sporadiese skermutseling en bedrywighede deur kommando's in die distrik toegeneem het. Hy het gevrees dat Bethulie, soos Fauresmith, weer in die Boere se hande kon beland, veral nadat burgers van onder meer die Bethulie-distrik gehoor gegee het aan De Wet se versoek om weer die wapen op te neem.³⁸¹ Die behoefte aan 'n mag wat die dorp kon beskerm, het teen middel Desember 1900 nog groter geword nadat lede van die PMP, asook die sipier (tronkbewaarder) op Bethulie, vir 'n onbepaalde tyd na Bloemfontein ontbied is en Grant die weerloosheid van die dorp besef het.³⁸²

Nadat Boerebewegings in die Suid-Vrystaat begin toeneem het en daar selfs op 10 Oktober 1900 'n aanval op 'n Britse buitepos naby Bethulie plaasgevind het, het Grant op 11 Oktober 1900 verneem van 'n beplande aanval wat op 15 Oktober 1900 deur die Boere op Bethulie uitgevoer sou word.³⁸³ Hy het dadelik begin met die voorbereidings om sodanige aanval af te weer en in 'n brief aan majoor Apthorp, die distrikskommissaris van Smithfield, 'n lewendige beskrywing gegee van sy planne om die dorp met behulp van 20 wit manlike burgerlikes en sewe lede van die Provisional Mounted Police te verdedig, alhoewel met slegs 20 vuurwapens en enkele rondtes ammunisie tot hul beskikking. Deel van sy voorbereiding was om tien dae se rantsoene op te gaar en om versperrings in die vorm van skanse van sandsakke en bale wol, op al vier hoeke van die kruising by Joubert- en Kerkstraat (Voortrekkerstraat) deur 'n handjievol Britse lojaliste te laat oprig.³⁸⁴ Voorts het Grant skietgate in die mure van winkels wat op drie hoeke geleë was, laat inkap sodat daar op aanvallers gevuur kon word. Dit is nie duidelik of dieselfde gedoen is met die Royal Hotel wat op die vierde hoek geleë was nie. Die Bethulie burgerlikes is in vyf groepe ingedeel, waarvan vier groepe by elk van die skanse posisie moes inneem en die vyfde groep op die koppie aan die bopunt van Kerkstraat stelling moes inneem. Hierdie Bethulie-mag het vir 'n week lank, in afwagting op die beplande aanval, elke aand in die magistraatskantoor oornag.³⁸⁵

In 'n berig in die *Evening Express* van 24 Desember 1900 word die voorbereidings vir die verdediging van die dorp soos volg beskryf: "Bethulie has been much threatened of late, and

³⁸⁰ NASA, VAB, MG, 8: Magistrate Grant of Bethulie to Military Governor requesting permission to establish a Town Guard, 15.10.1900; A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Sheffield Independent*, 11.4.1900.

³⁸¹ OM, 3428/8: Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

³⁸² NASA, VAB, MG, 2: Letter from RM at Bethulie about the PMP and gaoler, 21.12.1900.

³⁸³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Sheffield Evening Telegraph*, 12.10.1900.

³⁸⁴ NASA, VAB, MG, 2: Attack on Bethulie – letter to Major Apthorp, 15.10.1900.

³⁸⁵ *Ibid.*

has been busy preparing itself. The streets resemble a Paris boulevard during a revolution. Barricades of sandbags across the roads, covered ways protect the entrances to stores on the counters of which are seen ammunition boxes.”³⁸⁶ Die berig sluit af met die stelling dat die dorp nie maklik sou oorgee nie. Grant meld dat die bevelvoerder by die Bethulie-brûe ’n paar dae ná die verwagte aanval, 50 berede infanteriste beskikbaar gestel het om die dorp te help verdedig, maar dat die gevaar in daardie stadium reeds verby was. As magistraat het hy groot lof vir hierdie burgerlikes se optrede gehad en verwys verder na die hulp van kaptein F.W. von Herbert³⁸⁷ van die 4th Cheshire Regiment, wat hom gehelp het om die dorp in gereedheid te bring vir die verwagte aanval.³⁸⁸ Grant laat weet eers op 16 Oktober 1900 aan Sy Eksellensie in Bloemfontein dat die gevaar verby was en dat hy die dokumente en kontant wat hy uit vrees vir ’n aanval na die bevelvoerder by die Bethulie-brûe gestuur het, terugontvang het en na Bloemfontein sou aanstuur.³⁸⁹ Hierdie hernude militêre aktiwiteite in die Suid-Vrystaat het in November 1900 so toegeneem dat selfs Rouxville en Wepener deur die Boere herbeset is, terwyl dit al meer geblyk het dat die Britte ook besig was om beheer oor die Smithfield-distrik te verloor.³⁹⁰

Pretymen het intussen Grant se versoek om ’n Bethulie Town Guard tot stand te bring, toegestaan en het selfs 40 verouderde vuurwapens met ammunisie na Bethulie gestuur. Hierdie mag, onder Grant se toesig, se eerste taak was om meer permanente skanse in die belangrikste strate op te rig en kon hy op 21 Desember 1900 rapporteer dat 23 wit mans van die pas gestigte Bethulie Town Guard die klein Britse garnisoen op die dorp bygestaan het in die verdediging daarvan.³⁹¹ (Sien Bylae 3.5: Verdedigingstrukture by die Bethulie-brûe en dorp.) Hierdie skanse en strukture het vir die duur van die oorlog deel uitgemaak van die dorp se verdediging, soos afgelei kan word uit Dickenson se opmerking tydens haar besoek aan Bethulie: “every store and a good many private dwellings are barricaded with sand bags. The hotel [Royal Hotel] verandah is piled with them. They barricaded the entrance to the post-office, and a huge pile of them is at the entrance to the courthouse.”³⁹² Vervolgens moes hierdie Town Guard, wat intussen tot 47 manskappe aangegroei het, die dorp patroleer en ingevolge krygswet toesien dat geen burgerlikes saans ná ’n sekere tyd op straat verskyn nie,

³⁸⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Express*, 24.12.1900.

³⁸⁷ Die Duits-gebore kaptein Frederick Wilhelm von Herbert wat vanaf 25.2.1900-12.6.1901 diens aan Britse kant in die oorlog verrig het, het in 1877-1878 in die Turkse Leër gedien en in 1877 ’n publikasie, *The siege of Plevna*, uitgegee.

³⁸⁸ NASA, VAB, MG, 2: Attack on Bethulie – letter to Major Apthorp, 15.10.1900.

³⁸⁹ NASA, VAB, CT, 3, A111: Attack on Bethulie, 16.10.1900.

³⁹⁰ Van Heyningen, p. 55.

³⁹¹ NASA, VAB, CT, 3, A111: Attack on Bethulie, 16.10.1900.

³⁹² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

’n bepaling wat sedert 1 April 1900 van krag was.³⁹³ Dit blyk dat die Town Guards nie altyd voorkeurbehandeling geniet het nie, aangesien Grant in Februarie 1901 beswaar gemaak het omrede die Bethulie Town Guard in daardie stadium nog nie met kakie-uniforms uitgereik is nie en die gebrek aan sodanige uniforms die bevelstruktuur van die eenheid bemoeilik het.³⁹⁴

Volgens ’n brief deur ’n kaptein D. Dawson, was die Town Guard van Bethulie wat by die Bethulie-brûe gestasioneer was, ’n gedugte mag wat ’n waardevolle bydrae tot die verdediging van die dorp gelewer het. Dawson beskryf die volgende insident: “Just as we were entering the village [Bethulie] a sentry, who was posted near the road, fired three shots at us, thinking we were Boers, and then bolted into the village and gave the alarm. When we got into the main street we saw a party drawn up across the road with fixed bayonets and rifles at the present, just in the act of firing at us. We didn't think this good enough, so shouted out to them who they were firing at. Then they saw their mistake, but said afterwards it was the narrowest shave for us, as they were all waiting for the order to fire at us. If they had done so, there would not have been many of us left.”³⁹⁵ Hierdie insident is bevestig deur ’n manskap van die Imperial Yeomanry, wat op 23 November 1900 skryf dat “some silly fellows out on a post, saw us coming in, and mistook us for Boers, consequently, when we got in, the whole Bethulie garrison was standing at arms”.³⁹⁶

Bethulie het oor ’n redelike groot Town Guard beskik, soos blyk uit die medaljerol vanaf Woolwich, Brittanje, waarop die name verskyn van 47 lede³⁹⁷ aan wie elk ’n Queen’s South Africa-medalje ³⁹⁸ toegeken is.³⁹⁹ Die Queen’s South Africa-medaljerol bevat vervolgens inligting van die hoedanigheid waarin elk van die voormalige Vrystaatse burgers hierin

³⁹³ *Ibid.*; De Swardt, p. 64.

³⁹⁴ NASA, VAB, CO, 3, 174/01: Khaki uniforms for the Bethulie Town Guard, 26.2.1901.

³⁹⁵ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The South Wales Daily Post*, 6.11.1900.

³⁹⁶ *Ibid.*: *Haverfordwest and Milford Haven Telegraph*, 21.11.1900.

³⁹⁷ Kaptein Hermann Wilfried Wohlers, ’n mediese dokter op Bethulie; sersant Francis Patrick Gunn, ’n plaaslike handelaar; korporaals D.M. McRechnie, lid van ’n Britse garnisoen by die Bethulie-brûe; Heinrich August Rampf, ’n handelaar op Bethulie; onder-korporaals R. Gush en S.H. Warne wat beide garnisoensoldate was; manskappe James Adam, ’n wolhandelaar; William Adam van die plaas Rooodeplaat; Jeane (John) Pierre Pellisier, ’n prokureursklerk op Bethulie; Walter Blackbeard van die plaas Diepfontein; Herbert Charles Cyrus van die plaas Schoonbeekfontein; James Connor en David Edge, wat beide kroegmanne op Bethulie was; Frank C. Gunn, die Bethulie-posmeester; Gordon Charles Glass, ’n klerk by die Bethulie-poskantoor; Herbert G. Gunn van Bethulie; William Henry Gunn, ’n hoteleienaar van Bethulie; N.L. Lovell van Bethulie; Patrick McDonald, plaasboer op Rietpoort; Thomas Daniel Long, ’n winkelasistent op Bethulie; Frank August Schaefer, ’n kruier by die stasie; Frank H. Towers van Bethulie; Gideon Petrus van Zyl van die plaas Vlaktefontein; J.F. Waldeck, ’n polisiekonstabel op Bethulie; Peter Chas Waugh, ’n magistratsklerk; Peter Waugh, skrynwerker en bouaannemer op die dorp; Anthony William Richard Schieder van Bethulie, en sy broer, Charles William Schieder.

³⁹⁸ Britse oorlogsmedalje met koningin Victoria se afbeelding wat toegeken is aan lede van die gewapende magte en mediese dienste in Suid-Afrika (1899-1902) gedurende die oorlog.

³⁹⁹ TNA, WO, 7747-2008-07-1 (5215): Queen’s South Africa medals awarded to the Bethulie Town Guard, 16.9.1901.

gedien het. Dit verwys na hul betrokkenheid aan Britse kant, en benewens lede se range, bevat dit 'n saaklike diensrekord van elke lid van die Bethulie Town Guard. Volgens hierdie lys was kaptein W.H. Wohlers, een van die twee plaaslike dokters op die dorp, die bevelvoerder en is hy bygestaan deur vyf onderoffisiere waaronder sersant F.P. Gunn wat tweede in bevel was, H.D. Rumpf en D.M. McRechnie wat as korporaa's gedien het, asook A. Gush en S.H. Warne wat onderkorporaals was. Drie van die persone in bevel was afkomstig van Bethulie.⁴⁰⁰

Die name van soldate⁴⁰¹ van ander regimente verskyn op die lys van die Bethulie Town Guard, waaruit afgelei word dat soldate van ander eenhede na hierdie eenheid gesekondeer is met die doel om hul getalle te versterk.⁴⁰² Die lys bevat verder die name van 15 Engelssprekende persone, waarvan 13 lede die Eed van Getrouheid in September 1901 onderteken het en wat, ten spyte van hul Vrystaatse burgerskap, steeds patrioties teenoor Brittanje was.⁴⁰³ Ses lede van die Town Guard, te wete J.F. Waldeck, F.A. Schaefer, A.W.R. Schieder, C.W. Schieder, W.H. Wohlers en H.A. Rumpf was persone van Duitse afkoms, terwyl G.P. van Zyl en J.P. Pellissier Nederlandssprekend was. Dit is verder opvallend dat die meerderheid van die Town Guards Bethulie-sakemanne was.⁴⁰⁴ Dit blyk dat, benewens die Engelssprekendes se lojaliteit aan die "home country", 'n groot aantal dorpenaars afhanklik was van handel en hul ekonomiese voortbestaan is dus bedreig deur die Boere se voortsetting van die stryd. Sakemanne het reeds met die uitbreek van die oorlog ervaar hoe goedere by hulle opgekommandeer is, en die gevolgtrekking is dat die Britse oorlogspoging om finansiële redes gesteun is met die doel om hul eie belange te beskerm. Hierdie afleiding word ondersteun met die feit dat selfs Duitssprekende sakemanne op Bethulie hulle aan die kant van die Britte geskaar het.

Die Bethulie Town Guard was 'n gewilde eenheid en daar is verskeie kere gesellig met soldate van ander Britse eenhede verkeer, soos op 6 Maart 1901 tydens 'n krieketwedstryd tussen die Bethulie Town Guard en die Derbyshire Volunteers.⁴⁰⁵ Die Town Guards se onverskrokke bydrae tot die Britse oorlogspoging is erken met die toekenning van nie alleen

⁴⁰⁰ TNA, WO, 126/162: Queen's South Africa Medal for the Town Guard at Bethulie during the war, 1901.

⁴⁰¹ J.C. Beddy, T. Brigston, R.J. Cinton, J.B. Glass, E.W. Jenkins, F.C. Johnson, I. Kingston, C. Lovell, F. Maute, N. Nasson, D.W. Miles, J. McKay, B.H. Styles, F. Thompson en William Hill Wilson. Ander manskappe was M.M. Basson van die plaas Rondefontein, Wyk Slikspruit te Smithfield; T. Batchelor, 'n lid van die Orange River Colony Scouts, en A.H. Windsor, 'n slagter op Dordrecht.

⁴⁰² TNA, WO, 126/162: Queen's South Africa Medal for the Town Guard at Bethulie during the war, 1901.

⁴⁰³ *Government Gazette*, 12.9.1901, p. 6.

⁴⁰⁴ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, 4.1899, pp. 326-327.

⁴⁰⁵ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Derby Daily Telegraph*, 1.4.1901.

die Queen's South Africa-medalje nie, maar later ook die King's South Africa-medalje. Alhoewel die onderskeie ORC Town Guards se name al in September 1901 op die Britse Queen's South Africa-medaljerol verskyn het, blyk dit uit 'n latere brief van dr. Wohlers aan die luitenant-goewerneur van die ORC, dat daar 'n burokratiese misverstand was met die toekenning van die medaljes. Dit het onder Wohlers se aandag gekom dat die lede van die Town Guard in Bethulie, asook die ander dorpe in die ORC, die Jagersfontein Town Guard en Koffiefontein Defence Force, nie hul medaljes ontvang het nie. 'n Misverstand het veroorsaak dat geen van die Town Guards in die kolonie hul medaljes ontvang het nie aangesien die goewerneur van die ORC se privaat sekretaris, A.G. Thyne, in 'n skrywe van 8 November 1904 aan die militêre sekretaris in Johannesburg verduidelik het dat Sy Eksellensie onder die indruk verkeer het dat slegs die Town Guards van Mafeking, Ladysmith en Kimberley op sodanige medaljes geregtig was.⁴⁰⁶ Omsendbrief Nr. C.R.6/53/27 van die leërhoofkwartier in Pretoria het die misverstand uit die weg geruim deur te stipuleer dat die bevelvoerende offisier van Sy Majesteit se garnisoen in Suid-Afrika medaljes aan alle Town Guards, District Mounted Troops en Rifle Associations moes toeken.⁴⁰⁷ Manskap C.W. Schieder, wat weens veediefstal tot tronkstraf gevonnissen is, is die enigste lid van die Bethulie Town Guard wat nie vir die medalje in aanmerking gekom het nie. Danksy dr. Wohlers het die lede van Town Guards in die ORC medaljes ontvang.⁴⁰⁸

3.9.5 Fortifikasies

Die Britse verdediging van Bethulie-dorp het aanvanklik slegs bestaan uit lang klipmure wat op twee prominente koppies gestapel was en op die dorp uitgekyk het. Soos reeds na verwys, was die Britte bekommerd oor moontlike aanvalle op die dorp vanweë die strategiese brûe en spoorlyn, asook die konsentrasiekamp waarmee in April 1901 begin is. Hul vrees is versterk nadat die Boere dit gewaag het om, tot groot ontsteltenis van magistraat Grant en die Britse lojaliste op die dorp, 'n beeskudde wat aan die noordekant van die dorp gewei het, te buit. In 'n poging om die dorp teen aanvalle te beveilig, is die verdediging dus in die begin van 1901 uitgebrei deur twee klipforte, elk met Rice-blokhuse en 'n kanon, binne die klipmuur-omheining op te rig.⁴⁰⁹ (Sien Bylae 3.5: Verdedigingsstrukture by die Bethulie-brûe en dorp.) Volgens rekords is hierdie werk deur die 7th Field Company van die Royal Engineers, wat uit

⁴⁰⁶ NASA, VAB, CO, 3, 174/01: Khaki uniforms for the Bethulie Town Guard, 26.2.1901.

⁴⁰⁷ NASA, VAB, CO, 3, 174/02: Enquiry by Dr Wohlers regarding the Queen's South Africa medal for the Town Guards in the ORC, 15.10.1904.

⁴⁰⁸ TNA, WO, 126/162: Queen's South Africa Medal for the Town Guard at Bethulie during the war, 1901.

⁴⁰⁹ OM, Kopie-argief, Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers, from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

133 manskappe en vier offisiere bestaan het, behartig. Voorts was daar twee goed verdedigbare stellings by Bethulie op 'n koppie noordwes van die dorp, wat as “Gun Kopje” bekend gestaan het, met “a sunken emplacement for a 3 pr Q.F. gun”.⁴¹⁰ 'n Tweede klipfort, wat kleiner was en as “Observation Hill” bekend gestaan het, is op die koppie langsaan opgerig. Ten weste van die stasiekompleks is 'n Rice-blokhuis opgerig wat as deel van die Bethulie–Springfontein-blokhuislyn die verdediging van die dorp ten weste behartig het. Die verdediging is voltooi met twee sirkelvormige grondverskansings, een ten ooste en een ten suide van die dorp; verskeie verskansings in die hoofstraat, asook skanse aan die westekant agter die Pellissier Hoërskool.⁴¹¹ Die verskansings is op die hoeke van Roux- en Joubertstraat en Joubert- en Kerkstraat (Voortrekkerstraat) opgerig, asook aan die noordelike punt van Markstraat (Pellissierstraat), wat die straat afsluit het.⁴¹²

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat Bethulie-dorp gedurende die oorlog goed voorbereid was vir enige moontlike aanvalle deur die Boere en dat veral die besigheidslui, waarvan sommige voormalige Vrystaatse burgers was, vanweë hul sakebelange veral baie betrokke was by die verdediging daarvan. Daar word verder afgelei dat hierdie besigheidslui gegrief was ná die opkommandering van goedere in 1899 deur die Bethulie-veldkornette, vandaar hulle ywer om die Britse oorlogspoging te steun.

3.10 BRITSE BURGERLIKE BESTUUR

3.10.1 Krygswet en die hervatting van burgerlike bestuur

Dit blyk dat die Britse owerheid in Julie 1900, wat hul posisie in die ORC betref, baie gerus was, tot so 'n mate dat sekere administratiewe aanstellings gemaak is. Mej. E.J. Waugh is as onderwyseres op Bethulie aangestel en Henry Pearce van die Britse Leër se inligtingsdiens verwys soos volg na haar: “Miss Waugh is of a Colonial family of British descent.”⁴¹³ Hierbenewens het mej. J. Engelbrecht, 'n gekwalifiseerde onderwyseres, aansoek gedoen om 'n onderwyspous op Bethulie en het Pearce haar goedgekeur vir aanstelling in die “Bethulie Government School” wat weer in Julie 1900 heropen het.⁴¹⁴ D.J. (Dennis) McDonald⁴¹⁵ van Rietpoort en C.J. Visser van Vanaswegenspoort is vervolgens in Augustus 1900 deur Pearce

⁴¹⁰ *Ibid.*

⁴¹¹ *Ibid.*

⁴¹² Venter, p. 67.

⁴¹³ NASA, VAB, MG, 2: Teachers appointed – Miss Waugh, 11.8.1900.

⁴¹⁴ NASA, VAB, MG, 2: Appointment of Mrs Engelbrecht as teacher at Bethulie, 22.8.1900.

⁴¹⁵ Dennis McDonald was 'n gids in Britse diens tydens die oorlog.

as vrederegters aanbeveel; volgens Pearce was hierdie twee mense “not the rabid type of Boer”.⁴¹⁶

Krygswet, wat sedert die besetting van Bethulie in die dorp ingestel is, het bepaal dat geen persoon ná 19:00 in die aand en vóór 06:00 in die oggend sonder ’n pas op straat mag verskyn nie, en inwoners is verder verbied om buite die onmiddellike dorpsgebied te beweeg.⁴¹⁷ Inwoners aan wie ’n pas uitgereik is om saans na 19:00 in die dorp te beweeg, moes ’n spesiale wagwoord gee indien hulle deur ’n wag voorgekeer sou word.⁴¹⁸ Volgens ’n Skotse onderwyseres wat ’n paar aande in die Royal Hotel oornag het, moes alle ligte ná 22:00 in die dorp uitgedoof word.⁴¹⁹ Ingevolge krygswet is die Ou Kerk met ingang Sondag 14 Oktober 1900 deur die Britse bevelvoerder van Bethulie en sy militêre amptenary as hoofkwartier opgekommandeer. Soos blyk uit ’n latere eis om kompensasie, het die Britse militêre bevel gedurende sy bestuur die gebou beskadig.⁴²⁰ Verder is wonings, soos die pastorie van ds. Willem Postma van die Gereformeerde Kerk, ingevolge krygswet as verblyf vir senior Britse offisiere opgekommandeer. Dickenson skryf soos volg: “The minister’s house is now occupied by the Commandant, Captain Robinson, son of Sir William Robinson, the former Governor of Adelaide and afterwards of West Australia.”⁴²¹

Dorpsinwoners, waaronder Bethulie, is gereeld van die nuutste proklamasies wat in die ORC se *Government Gazette* verskyn het, op hoogte van sake gehou. Die publiek is per kennisgewing ingelig dat die dra van kakie deur burgerlikes, gespesifiseer as “Khaki Serge” en “Khaki Drill”, asook enige kentekens of range, ten strengste verbied is en dat swaar strawwe opgelê kon word.⁴²² Ander administratiewe aangeleenthede waarvan Bethulie-inwoners in die *Gazette* kennis geneem het, was die aanstelling van die lede van die Military Compensation Boards in die ORC op 12 Desember 1901. Die lede vir die “Springfontein Board” was luitenant-kolonel D.B.A. Doune en kaptein E.W.R. Green van die Royal Sussex Regiment, asook kaptein R.M. de Berry van die Royal Irish Fusiliers.⁴²³

⁴¹⁶ NASA, VAB, MG, 2: Appointment of Mr McDonald and Visser – Justice of Peace, 2.8.1900.

⁴¹⁷ K. Schoeman (red.), *Die herinneringe van J.C. de Waal*, p. 79.

⁴¹⁸ Pellissier, *Eeufeesalbum* ..., p. 53.

⁴¹⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 21.4.1902.

⁴²⁰ Vrystaatse Nederduitse-Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum (hierna VS NGKAI), GBT 1/1/2: Bethulie-kerkregister, 1893-1914.

⁴²¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

⁴²² *Government Gazette*, 25.1.1901, p. 27.

⁴²³ *Ibid.*, 13.12.1901, p. 717.

3.10.2 Tekort aan rantsoene

Dit blyk dat die inwoners van Bethulie tydens die Britse besetting 'n groot tekort aan rantsoene gehad het. In Junie 1900 is in die *Government Gazette* aangekondig dat die pryse van sekere goedere in winkels van Bethulie-handelaars vasgestel is onder die hoof “Revised List of Maximum Prices of Foodstuff”.⁴²⁴ Dit het alle soorte geblikte voedsel ingesluit asook vars vleis, koffie, tee en ander goedere soos seep en paraffien.⁴²⁵ Die situasie het sodanig kritiek geraak dat die distrikskommissaris van Smithfield op 11 November 1900 'n telegram aan die militêre goewerneur in Bloemfontein gerig het waarin magtiging gevra is om vee in die Bethulie-distrik, per kwitansie, vir gebruik deur die militêre owerhede en inwoners van die dorp op te kommandeer. Ten spyte hiervan is 'n ernstige tekort aan goedere steeds ervaar; daar is op 14 Desember 1900 verwys na die Bethulie-winkeliers wat in daardie stadium steeds 'n tekort aan noodsaaklike goedere ondervind het aangesien krygsvoorrade asook noodsaaklikhede vir konsentrasiekampe voorkeur geniet het as dit by die vervoer per spoor van handelsware vir winkels gekom het.⁴²⁶

Ten einde die meelvoorraad te reguleer, het magistraat Grant die meule op die dorp gesluit en begin om die inhoud van die onderskeie winkels te rantsoeneer deur rantsoenkaarte aan die onderskeie familiehoofde op die dorp uit te reik. 'n Prominente inwoner van Bethulie, J.C. de Waal, vertel dat hulle groot gebrek gely het aangesien hulle elke week by die magistraatskantoor 'n permit moes kry om kos te koop en hierdie permit slegs vir 'n emmer meel, 3 kg rys, 1,8 kg suiker, 100 g tee en 250 g koffiebone voorsiening gemaak het. Vrugte was in die vrugteboorde beskikbaar, maar groente was baie skaars en dus het inwoners hul bestaande groentetuine uitgebrei. Vleis by die slagter was baie maer en het boonop tot £0.1.0 per kilogram gekos, sodat De Waal by die militêre slagpale vir 'n beeskop aangeklop het, iets wat hy voor die oorlog gratis vir sy werkersvolk gegee het en nou £0.4 = 40 pence voor moes opdok.⁴²⁷

Die situasie het nie veel verbeter nie, aangesien magistraat Grant op 20 Desember 1900 verplig was om 'n telegram aan die kantoor van die militêre goewerneur te stuur waarin hy verwys na “no supplies are coming into Bethulie and stocks of flour and meal will not last long”;⁴²⁸ hy het verder melding gemaak van koring wat hy op die omliggende plase

⁴²⁴ *Ibid.*, 29.6.1900, p. 29.

⁴²⁵ *Ibid.*

⁴²⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *The Western Mail*, 14.12.1900.

⁴²⁷ Schoeman (red.), p. 79.

⁴²⁸ NASA, VAB, MG, 6: Rations for Bethulie, 17.12.1900.

opgekommandeer het. Vanweë die beperking op die beweging van vryheid en gevolglike werksverliese, blyk dit dat ook inwoners van die swart woonbuurt vir rantsoene op die Britse owerheid aangewese was.⁴²⁹ Nadat troepe van luitenant-generaal sir Charles Tucker die grootste hoeveelheid van die noodsaaklike voorrade in die Bethulie-winkels opgekoop het, het magistraat Grant op 30 Julie 1901 versoek dat troepe wat by die dorp aangedoen het, belet moes word om aankope by die winkels te doen.⁴³⁰ Daar word afgelei dat die Britse soldate die beperkte voorraad in die winkels ten koste van die plaaslike inwoners, opgekoop het aangesien manskap T. Blake, wat op 12 Augustus 1901 na Bloemfontein op pad was, soos volg na Bethulie verwys: “Bethulie is a pretty little town, and we enjoyed our rest immensely, visiting all the shops, though there was hardly anything in them.”⁴³¹ In die afwesigheid van voedselrantsoene, het hy en sy makkers vrugte soos druiwe, perskes en vye by die plaaslike inwoners gekoop.⁴³²

Magistraat Grant het die rantsoenering van voorrade deurlopend streng toegepas, maar die feit dat hy J.C. Kruger op 14 Augustus 1901 weens veediefstal as skutmeester ontslaan het, dien as bewys dat daar ongerymdhede was met die beheer van voedsel.⁴³³ Grant het later selfs so ver gegaan om die twee hotelle op Bethulie te verbied om voedsel en drank aan iemand te bedien wat nie daar tuisgegaan het nie, aangesien diegene met geld gepoog het om hul rantsoene aan te vul deur in ’n hotel te eet. Die onderskeie regulasies het van Grant ’n baie ongewilde persoon gemaak, alhoewel hy bloot gepoog het om in die daaglikse behoeftes van die inwoners te voorsien.⁴³⁴ Die rantsoenering op ’n dorp waar daar ’n skaarste ervaar is aan bepaalde lewensmiddele was een van Grant se groot uitdagings. Die gevolgtrekking is dat hierdie taak verder bemoeilik is deur sporadiese ontwigtings van die spoorlyn weens sabotasie deur die Boere, met gevolglike gereelde tekorte in winkels op Bethulie, wat sou voortduur tot aan die einde van die oorlog.

3.10.3 Magistraat Charles Grant, roubetoon en ongerymdhede

In Desember 1900 laat weet een van Bethulie se magistraatsklerke per brief aan Pretymaan dat magistraat Grant maagkoors opgedoen het en dat ’n aflos-magistraat nodig was. Duidelik was die druk op Grant groot, aangesien Bloemfontein nie aan die klerk se versoek gehoor gegee

⁴²⁹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 19.5.1902.

⁴³⁰ NASA, VAB, CO, 29, 2668/01: Purchase of civil supplies at Bethulie by troops, 30.7.1901.

⁴³¹ OM, Kopie-argief, Groep S: Trooper T. Blake, 12.8.1901.

⁴³² *Ibid.*

⁴³³ NASA, VAB, MG, 6: Dismissal of Mr. J.C. Kruger, 14.8.1901.

⁴³⁴ NASA, VAB, CO, 57, 964/02: Accusations against Mr Grant, 20.2.1902.

het nie en Grant in sy pos aangebly het. Op 5 Januarie 1901 verwittig dr. Wohlers die militêre goewerneur per brief dat die oorwerkte magistraat se toestand versleg het en aanbeveel dat Grant vir behandeling na die Imperial Yeomanry Hospital op Deelfontein by De Aar gestuur word. Magistraat William Gostling van Philippolis, die kampkommandant by Springfontein, is hierna as waarnemende magistraat van Bethulie aangestel.⁴³⁵

Kort ná Grant se vertrek na Deelfontein, is Bethulie verwittig van die afsterwe van die Britse monarg, koningin Victoria op 22 Januarie 1901, en moes Gostling die nodige reëlings tref rondom roubetoon. 'n Tydperk van rou is afgekondig en soldate en Britse lojaliste het swart crêpe roubande gedra. Die fassade van die magistraatskantoor is in swart gedrapeer en die Union Jack-vlae voor die Bethulie-bevelvoerder se kantoor en magistraatskantoor het halfmas gehang; verder is regeringskennisgewings wat in die *Government Gazette* verskyn het, in swart omlin.⁴³⁶ Later is 'n besluit geneem om 'n paslike monument in Kaapstad vir koningin Victoria op te rig, iets waaroor daar in die *Government Gazette* van Januarie 1902 terugvoering gegee is, met bydraes wat selfs uit Bethulie ontvang is.⁴³⁷ Ná sy herstel het Grant op 25 Februarie 1901 sy pligte as magistraat hervat en is hy ingelig omtrent die planne om 'n konsentrasiekamp by Bethulie te open. Op 29 Maart 1901 is Grant, tesame met dr. Wohlers, H.A. Rampf (die plaaslike vrederegter) en eerw. J. Glover van die Anglikaanse Kerk, as lede van die "Bethulie Board of Health" benoem.⁴³⁸

Grant het intussen met groot verontwaardiging verneem van ongerymdhede deurdat agente van die Cold Storage Syndicate (CSS), wat verantwoordelik was om per kontrak vleis aan die Britse Leër en konsentrasiekampe te verskaf, vee-eienaars met die pryse van slagvee uitgebuit het. Die plaaslike agent van hierdie firma was Anthony W. Richard Schieder, 'n Bethulie-inwoner en plaaslike lid van die Britse Leër se inligtingsdiens.⁴³⁹ Ingevolge Regulasie 1 van Proklamasie 12 van 1901, moes alle transaksies waarby vee betrokke was, in daardie stadium deur die plaaslike magistraat goedgekeur word. Grant se weiering om goedkeuring hiervoor te verleen, het daartoe gelei dat Messrs O. Bergh and Co. van Bloemfontein, een van die direkteure van die CSS, op 20 Maart 1901 die Bethulie-magistraat by die hoofsuperintendent van die ORC Refugee Camps, kaptein Arthur Grant Trollope, verkla het. Volgens Bergh was Grant van oordeel dat die prys vir 'n transaksie ter waarde van

⁴³⁵ NASA, VAB, MG, 2: Illness of RM Grant, 5.1.1901.

⁴³⁶ *Government Gazette*, 8.2.1901, p. 47.

⁴³⁷ *Ibid.*, 17.1.1902, p. 39.

⁴³⁸ *Ibid.*, 29.3.1901, p. 108.

⁴³⁹ NASA, VAB, CO, 3, 149/01: John Schieder's stock dealings, 28.2.1901.

£251.4.6, wat op 3 Maart 1901 plaasgevind het, nie markverwant was nie. Grant was veral ontstoke oor die lae prys wat Schieder aan 'n Britse lojalis, Philippus Wilhelmus Combrinck, betaal het en op Grant se versoek, het 'n slagter van Dordrecht, William Hill Wilson, 'n verklaring afgelê om te bevestig dat die vee meer werd was as die prys wat Schieder betaal het.⁴⁴⁰ Volgens Bergh het hierdie inmenging met die aankoop van vee in die Bethulie-distrik daartoe gelei dat die nodige vleis nie aan die Britse Leër en kampe gelewer kon word nie. Schieder het hom tot prokureur P.J. Olivier van Bethulie gewend, wat hom aangeraai het om die hoër pryse te betaal, waarna hy verplig was om die prys na £277.10.0 aan te pas.⁴⁴¹

Die afleiding is dat Schieder se vader, John George Anthony Schieder, 'n veespekulant by Bethulie, waarskynlik by hierdie ongerymdhede betrokke was, maar klinkklare bewyse ontbreek. Grant verduidelik in 'n uitgebreide verslag aan die sekretaris van die ORC, Henry Francis Wilson, dat Schieder deel was van die Britse Leër, maar volgens verskeie verklarings, met Bergh in vennootskap getree het, waarna verskeie ongerymdhede plaasgevind het. Inwoners is onder meer deur Schieder gedreig dat hul vee gekonfiskeer sou word indien hulle nie die laer prys wou aanvaar nie.⁴⁴² Grant het voorts 'n dispuut gehad met T. Deacon, 'n agent van die CSS en voormalige lid van Brabant's Horse. Tot die groep se ontsteltenis het Grant vir Deacon verplig om markverwante pryse aan vee-eienaars te betaal.⁴⁴³ In antwoord op aantygings aan sekretaris Wilson in Bloemfontein, meld Grant dat "I do not think this man is carrying on a fair business here".⁴⁴⁴ Grant verwys verder na lojaliste wat slegs aan die CSS vee mag verkoop het en hulle derhalwe verplig was om die prys te aanvaar.⁴⁴⁵ Grant verwys ook na Deacon "making a huge fortune out of the misfortunes of the whole neighbourhood", en sekretaris Wilson het met hom hieroor saamgestem.⁴⁴⁶

⁴⁴⁰ NASA, VAB, CO, 59: Complaint made by Messrs Bergh and Co. against the RM of Bethulie, 18.3.1901.

⁴⁴¹ *Ibid.*

⁴⁴² *Ibid.*, 5.3.1901.

⁴⁴³ NASA, VAB, CO, 57, 964/02: Accusations against Mr Grant, 20.2.1902; NASA, VAB, CO, 59: Complaint made by Messrs Bergh and Co. against the RM of Bethulie, 18.3.1901.

⁴⁴⁴ NASA, VAB, CO, 59: Complaint made by Messrs Bergh and Co. against the RM of Bethulie, 12.4.1901.

⁴⁴⁵ *Ibid.*

⁴⁴⁶ *Ibid.*

Intussen was 'n ontevrede Schieder en Bergh verplig om die hoër markverwante prys vir vee uit die Bethulie-distrik te betaal, maar teen einde Desember 1901 het Schieder hom vasgeloop nadat hy, in opdrag van magistraat Grant, koring op die plaas Kuilfontein naby Springfontein moes insamel en sy kans waargeneem het om vee van James Butler van Kuilfontein, 'n Britse lojalis, asook A. Hoffman van Kopjeskraal, vrou van burger Francois H. Hoffmann, te steel. Schieder is op 3 Januarie 1902 gearresteer en op 20 Augustus 1902 in Bloemfontein verhoor waar hy skuldig bevind is en twee jaar tronkstraf opgelê is.⁴⁴⁷ Johannes Jacobus Erasmus Griesel, 'n joiner van Bethulie, het op 9 April 1902 voor magistraat Grant onder eed verklaar dat hy deur Schieder gedreig is dat, indien hy nie sy vee aan Schieder sou verkoop nie “the Imperial Government would simply take them and give me a receipt”.⁴⁴⁸

Andries Lesuto, 'n werknemer op die plaas Constantia, het verklaar dat hy ook deur Schieder gedreig is dat sy vee gekonfiskeer sou word indien hy dit nie aan Schieder vir 'n prys onder markwaarde sou verkoop nie. Jan Josaija en John Leucoc, wat sipiere op Bethulie was, het in verklaring verwys na hoe Schieder en sy bende CSS, geklee in Britse uniforms, die distrik deurkruis het ten einde inwoners in die distrik onder die indruk te bring dat hulle inwoners se vee in opdrag van die Britse Leër moes konfiskeer.⁴⁴⁹ Schieder is in die Bloemfontein gevangenis aangehou waar hy, in die lig van koning Edward VII se kroning op 17 Junie 1902, 'n vertoë vir amnestie aan luitenant-goewerneur Hamilton Goold-Adams gerig het. Die feit dat hy in Januarie 1903, slegs 'n paar weke voor die verstryking van sy vonnis, weer 'n versoek om vroeë vrylating weens 'n operasie in die tronk gerig het, dui daarop dat hy in sy aanvanklike aansoek om amnestie onsuksesvol was.⁴⁵⁰

Grant moes 'n knap administrateur gewees het aangesien hy op 23 Junie 1902 'n publikasie, *Proclamations issued in the Orange River Colony* saamgestel het waarin klousules wat in proklamasies voorgekom het, in wetgewing vervat is. Die prokureur-generaal van die ORC het magistraat Grant in die voorwoord van hierdie publikasie bedank aangesien hy hierdie taak, ten spyte van sy groot werkslas, voltooi het.⁴⁵¹

⁴⁴⁷ NASA, VAB, CO, 41, 4083/01: A.W.R. Schieder, claim for goods taken by civil authorities, 15.11.1902.

⁴⁴⁸ NASA, VAB, CO, 59: Complaint made by Messrs Bergh and Co. against the RM of Bethulie, 9.4.1902.

⁴⁴⁹ *Ibid.*, 25.3.1902.

⁴⁵⁰ NASA, VAB, CO, 132, 33303: A.W.R. Schieder's application to release from prison, 1.6.1902.

⁴⁵¹ NASA, VAB, CO, 87: Proclamations issued in the Orange River Colony, 23.6.1902.

3.10.4 Misdadigers en weerbarstiges

Benewens Grant se wetlike pligte, het die bestuur van die Bethulie-tronk met sy groot aantal aangehoudenes, deel van sy verantwoordelikhede gevorm. Volgens argiefmateriaal het magistraat Grant verskeie persone gedurende die Britse besetting tot tronkstraf gevonniss. Hierdie misdadigers wat hulle in die Bethulie-tronk bevind het, het gewissel van gewone misdadigers, soos A. Schieder wat die oorlog as 'n geleentheid gesien het om misdaad te pleeg, tot weerbarstiges, soos Hendrina Rabie-Van der Merwe, wat hulself teen die Britse gesag verzet het, asook enkele krygsgevangenes wat vir 'n wyle daar aangehou is. Manskap H.F. Wilson, 'n lid van die PMP, is net ná die besetting van die dorp tydelik as sipier van die Bethulie-tronk aangestel. Daar kan afgelei word dat hy 'n knap werker was, aangesien Grant op 21 Oktober 1900 versoek het dat hy permanent in die pos van sipier aangestel word.⁴⁵² Op 27 Desember 1900 is 'n versoek om ontslag aan Wilson se eenheid gerig sodat hy die pos van sipier op Bethulie kon vul.⁴⁵³ 'n Vroulike gevangene wat vanaf middel Junie 1900 in die tronk aangehou is, het hom as 'n onaangename en onsimpatieke persoon beskryf. Sy het voorts verwys na 'n swart konstabel, Jan, wat in die tronk werksaam was en baie goed was vir haar.⁴⁵⁴

Tydens die oorlog is enkele wit vroue weens weerbarstigheid in die Bethulie-tronk aangehou. In die publikasie *Onthou! In die skaduwee van die galg*, deel Rabie-Van der Merwe haar herinneringe as aangehoudene in verskeie tronke. Die eerste amptelike verwysing na haar aanhouding in die Bethulie-tronk is op 29 Augustus 1901, wanneer Grant in 'n brief verwys na die “very undesirable lady”⁴⁵⁵ wat al 'n geruime tyd in afsondering aangehou word, en druk plaas op die aantal beskikbare selle vir manlike gevangenes. Grant verwys voorts na Rabie-Van der Merwe se versoek om na die Bloemfontein-konsentrasiekamp oorgeplaas te word, aangesien haar eggenoot, Sarel J. van der Merwe, daar as krygsgevangene aangehou word. Volgens die skrywe aan Grant onderneem sy om nie opstandig teenoor die kampowerhede daar op te tree nie. Grant het die oorplasing aanbeveel omrede dit, volgens hom, moeilik was om 'n wit, vroulike gevangene saam met manlike gevangenes van kleur in die binnehof van die tronk die geleentheid te bied om in die buitelug te kom.⁴⁵⁶ Op 7 September 1901 is Rabie-Van der Merwe steeds in die Bethulie-tronk aangehou, maar Grant

⁴⁵² NASA, VAB, MG, 2: Trooper Wilson to be appointed at Bethulie, 21.10.1900.

⁴⁵³ NASA, VAB, MG, 2: Trooper Wilson's position at the Bethulie gaol, 27.12.1900.

⁴⁵⁴ H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou! In die skaduwee van die galg*, pp. 232, 236.

⁴⁵⁵ NASA, VAB, CO, 32A, 3135/01: Mrs Van der Merwe in Bethulie gaol, application to be sent to Bloemfontein RC, 29.8.1901.

⁴⁵⁶ *Ibid.*

het weer sy versoek vir haar oorplasing herhaal en selfs verwys na die aanbeveling van die distriksgeneesheer.⁴⁵⁷ Grant se versoek was suksesvol, aangesien daar op 10 September 1901 berig is dat die nodige voorbereidings vir die oorplasing van Rabie-Van der Merwe getref sou word.⁴⁵⁸

Wat die gebou betref, meld Wilson in 'n verslag dat die Bethulie-tronk 'n halwe kilometer buite die dorp op 'n groot erf geleë was, en Rabie-Van der Merwe het die klipstruktuur met sy klein binnehof as 'n vuil plek met verwaarloosde pleisterwerk beskryf.⁴⁵⁹ Daar is verwysings na die gebou se strukturele defekte aangesien 'n persoon ontsnap het en met min moeite oor die lae muur van die binnehof geklouter het vanweë die ruwe klipwerk wat baie vastrapplek gebied het.⁴⁶⁰ Die gebou met sy vier klein en twee groter selle, kon in totaal 34 gevangenes huisves. Een van die kleiner selle is vir vroulike oortreders gereserveer en 'n gedeelte is as hospitaal vir melaatses gebruik, volgens 'n advertensie waarin 'n tender vir rantsoene vir die hospitaal-gedeelte van die Bethulie-tronk aangevra is.⁴⁶¹ Die kompleks was groot aangesien dit selfs oor 'n kothuis met vier vertrekke vir die sipier en sy familie, asook verblyf vir 'n swart sipier beskik het. Wilson noem dat die erf groot genoeg was om die tronk te vergroot. Volgens Rabie-Van der Merwe het sipier Wilson se vrou en seuntjie haar in die kothuis ontvang nadat sy in die tronk siek geword het.⁴⁶² Die waterput op die erf, met 'n diepte van 30 m, kon gedurende die oorlog nie aan die behoeftes van die groot aantal gevangenes en personeel voorsien nie en water is gevolglik vanaf die dorp aangery.⁴⁶³

Magistraat Wolhüter het in Junie 1900 'n betaling van £69.9.9 vanaf Bloemfontein aangevra vir die 50 aangehoudenenes se rantsoene.⁴⁶⁴ Ses van die gevangenes was wit mans, 39 swart mans, vier swart vroue en een 'n minderjarige.⁴⁶⁵ Die tronk was nie vir so baie mense ingerig nie, aangesien Wolhüter ekstra komberse en velskoene vanaf Dittmar se winkel teen £3.5.9 moes aankoop.⁴⁶⁶ Wolhüter het gevolglik die eerste tender van rantsoene vir die Bethulie-tronk onder Britse bestuur vir die tydperk 1 Augustus 1900 tot 31 Desember 1900 aangevra en die kennisgewing het op 16 Julie 1900 in die *Government Gazette* verskyn.⁴⁶⁷ Onder Grant

⁴⁵⁷ *Ibid.*, 7.9.1901.

⁴⁵⁸ *Ibid.*, 10.9.1901.

⁴⁵⁹ Rabie-Van der Merwe, pp. 233-234.

⁴⁶⁰ NASA, VAB, CO, 257, 932/04: Escape from the Bethulie gaol, 9.2.1901.

⁴⁶¹ *Government Gazette*, 16.7.1900, p. 305.

⁴⁶² Rabie-Van der Merwe, pp. 247-248.

⁴⁶³ NASA, VAB, CO, 37A, 3093/01: Report on the Bethulie gaol, 14.10.1901.

⁴⁶⁴ NASA, VAB, MG, 2: Bethulie – sanction of payment, 3.7.1900.

⁴⁶⁵ NASA, VAB, MG, 2: Bethulie gaol, 4.6.1900.

⁴⁶⁶ NASA, VAB, MG, 2: Purchases from Mr Dittmar for Bethulie gaol, 3.7.1900.

⁴⁶⁷ *Government Gazette*, 16.7.1900, p. 305.

se bestuur is kosvoorraad soos koffie, rys en suiker, en goedere soos paraffien en kerse, asook toerusting soos pikke en kruiswaens in tenders vir die tronk gespesifiseer.⁴⁶⁸ Op 13 Maart 1901 het Grant weer 'n tender uitgesit vir rantsoene aan die Bethulie-tronk. Dat kosvoorrade in daardie stadium skaars was, blyk uit die feit dat, benewens die bestaande verskaffer, niemand anders hiervoor getender het nie. S. Schieder, aan wie die tender vir 'n tweede keer toegeken is, het daarop gewys dat die skaarste aan meel en mielies die rantsoen kon beïnvloed en het die reg voorbehou om die kontraktyd aan te pas indien die pryse van die voedselsoorte drasties sou styg.⁴⁶⁹ S. Schieder was die moeder van C.W. Schieder, wat tronkstraf in die Bethulie-tronk uitgedien het.⁴⁷⁰

Magistraat Wolhüter stel in Julie 1900 'n lys van gevangenes in die Bethulie-tronk saam op versoek van die Britse owerheid. Die lys, met ses kolomme, verskaf inligting oor elke gevangene se naam, datum van aanhouding, vrylating, ras, dae verpleeg (indien toepaslik) en die koste van die rantsoen per persoon, maar geen verwysing na die rede vir aanhouding kon gevind word nie. Die lys bevat inligting oor wit mans,⁴⁷¹ swart mans, asook vroulike gevangenes en 'n minderjarige, by name Frederik.⁴⁷² Rabie-Van der Merwe verwys na Attie Venter en Willem Cillie wat baie lank in aanhouding was en later as krygsgevangenes weggestuur is.⁴⁷³ Die jong Jan Adriaan (Attie) Venter van Kleinfontein is op 9 Mei 1900 op die plaas Wintershoek, Bethulie, gevang en ná sy aanhouding op Bethulie, met die SS *Aurania* as krygsgevangene na Indië gestuur. Venter het egter nie sy bestemming bereik nie en is op 30 September 1900 ter see aan longontsteking oorlede.⁴⁷⁴

Op 25 April 1901 verwys magistraat Grant in sy kwartaalverslag na die aantal gevangenes in die Bethulie-tronk en dat die gevangenes hulself oor die algemeen goed gedra. Voorts word genoem dat die rantsoene van goeie kwaliteit was en dat Wilson en sy assistente goeie werk verrig het. Die besonderhede van gevangenes wat in daardie stadium in die Bethulie-tronk was, vorm deel van die verslag, en die manlike gevangenes word in Tabel 3.5 gelys.⁴⁷⁵

⁴⁶⁸ *Ibid.*, p. 211.

⁴⁶⁹ NASA, VAB, CO, 6, 379/01: Contract to Mrs Schieder for the Bethulie gaol, 13.3.1901.

⁴⁷⁰ Rabie-Van der Merwe, p. 235.

⁴⁷¹ Burgers W. Cellin (Cilliers), J.W.L. de Villiers, G.J. de Ru, S. du Toit, J.A. Venter en W. Proudfoot.

⁴⁷² NASA, VAB, MG, 2: List of inmates in the Bethulie gaol, 28.7.1900.

⁴⁷³ Rabie-Van der Merwe, pp. 238-239.

⁴⁷⁴ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

⁴⁷⁵ NASA, VAB, CO, 10, 985/01: Quaterly report on Bethulie matters, 25.4.1901.

Tabel 3.5: Besonderhede van gevangenes in die Bethulie-tronk

Gevangene	Ras	Oortreding	Vonnis
S.J. du Toit	Wit man	Diefstal	Dertien maande tronkstraf
W. Cellin (Cilliers)	Wit man	Versteekte vuurwapens	Twee jaar tronkstraf
A.J. Venter	Wit man	Vuurwapens in besit	Twee jaar harde arbeid
W. Adam	Wit man	Diefstal	Een maand tronkstraf + 10 houe
C.W. Schieder	Wit man	Veediefstal	Twee jaar tronkstraf
Adam	Swart man	Diefstal	Vier jaar tronkstraf
George	Swart man	Verkragting	Ses jaar tronkstraf
Hendrik Rossouw	Bruin man	Diefstal	Nege maande harde arbeid
Januarie ⁴⁷⁶	Swart man	Moord	Twee jaar harde arbeid
Africa	Swart man	Geen pas	Drie maande tronkstraf + 15 houe
Booi	Swart man	Geen pas	Onbekend

3.10.5 Sosiale bedryghede

Ten spyte van 'n staat van oorlog het Britse soldate en lojaliste in Bethulie die behoefte gehad om die eentonige lewe in die dorp op te kikker met sosiale aktiwiteite wat sport, pieknieks en selfs toneelopvoerings ingesluit het. Veral lojaliste het, vanweë die beperking op vryheid van beweging buite die dorpsgrense, pogings aangewend om sosiaal te verkeer met medeloyaliste en taalgenote, wat die Britse offisiërsbevel op Bethulie ingesluit het. Danksy briewe deur Skotse onderwyseresse wat in die Bethulie-kamp werksaam was en in 'n koerant in Glasgow gepubliseer is, kan 'n goeie beeld gevorm word van die sosiale bedryghede op Bethulie teen die einde van die oorlog.

So verwys 'n onderwyseres in April 1902 na 'n teeparty wat deur Amelia Gunn, gade van Frank Gunn, aangebied is, waartydens lojaliste en offisiere gesellig met mekaar verkeer het. Tydens hierdie geleentheid is gaste aangemoedig om 'n kenmerkende item op hul lapel vas te speld wat as leidraad moes dien vir 'n belangrike Engelse letterkundige werk en dat medegaste moes raai wat dit simboliseer. 'n Boekprys, *The Farringdons* deur Ellen Thorneycroft, was op die spel vir die persoon wat die meeste raaisels kon oplos. Verskeie Britse offisiere, wat 'n kolonel ingesluit het, was teenwoordig. Die kolonel het 'n uitgebrande vuurhoutjie aan sy lapel gespeld, wat Rudyard Kipling se bekende *The light that failed* verteenwoordig het. 'n Luitenant met drie spelde in sy lapel het *The sowers* deur Henry

⁴⁷⁶ Januarie het 'n baie ligte straf ontvang as in ag geneem word dat hy aan moord skuldig bevind is.

Merriman uitgebeeld.⁴⁷⁷ Dit wil voorkom dat die Britte 'n sterk verlange na hul eie land gehad het en dat hulle deur middel van hierdie speletjie iets van hul kultuur, wat ver bo dié van 'n klein dorpie soos Bethulie geag is, wou beleef.

'n Verdere sosiale geleentheid waarvan melding gemaak word, is 'n teeparty wat op 12 Mei 1902 gehou is by 'n Britse kamp wat naby die Bethulie-konsentrasiekamp geleë was. Volgens verdere beskrywings van die omgewing blyk dit dat die kamp by die reservoir noordoos van die dorp, bekend as die Eseldam, geleë was.⁴⁷⁸ 'n Tafel, getooi met mooi linne, blomme en lemoene is in die offisierstent opgeslaan, waarna toebrødjies en koek as versnaperinge bedien is.⁴⁷⁹ Dit is ironies dat dit vir offisiere en onderwyseresse moontlik was om sosiaal te verkeer in die omgewing van die konsentrasiekamp waar Boerevroue en kinders besig was om 'n stryd om oorlewing te voer.

Nog 'n geleentheid waaroor die *Evening Telegraph* onder die opskrif "Gay doings at Bethulie"⁴⁸⁰ berig, is 'n dansparty wat op 17 Mei 1902 deur die Loyal Women's Guild van Bethulie aangebied is. Hierdie vroue-organisasie, wat in 1900 ontstaan het met takke in die Kaapkolonie, Natal, ORC en Transvaal Colony, het in die woorde van hul presidente, Amelia Gunn, hulle beywer om 'n gevoel van lojaliteit teenoor die Britse monarg te bevorder, goeie verhoudinge tussen Boer en Brit aan te moedig, en laastens, om na Britse oorlogsgrafte om te sien. Die dansparty is aangebied in die "old church, but this barn-looking structure with its white-washed walls was quite transformed by an artistic arrangement of flags".⁴⁸¹ Soos genoem, is hierdie kerk tydens die oorlog deur die Britse militêre bevel op Bethulie as hoofkwartier opgekommandeer. Volgens 'n vertelling deur 'n Skotse onderwyseres het die teenwoordigheid van onder meer Engelse, Iere, Skotte en Duitsers, 'n kosmopolitiese atmosfeer in die lokaal geskep, wat opgetooi is soos 'n "drawing-room, with little tables here and there ... and the military element was as usual, not wanting".⁴⁸² 'n Sangsolo is deur 'n onderwyseres van Glasgow aangebied "which quite brought down the house by her spirited rendering of *The Dandy Fifth*".⁴⁸³ Hierna is eetgoed in die vorm van "tea, cakes and jellies" aangebied en om 22:00 het die dansparty begin met walse en polkas wat tot laatnag geduur

⁴⁷⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 27.4.1902.

⁴⁷⁸ *Ibid.*, 7.5.1902, p. 11.

⁴⁷⁹ *Ibid.*, 16.5.1902, p. 13.

⁴⁸⁰ *Ibid.*, 23.5.1902, p. 9.

⁴⁸¹ *Ibid.*

⁴⁸² *Ibid.*

⁴⁸³ *Ibid.*

het.⁴⁸⁴ Daar kan net bespiegel word wat die inwoners van Bethulie se opinie was oor hierdie baldadigheid wat in hul Ou Kerk aangebied is.

Omrede Boshoff- en Markstraat deur 'n skans afgesluit is, is 'n tydelike tennisbaan wat deur beide mans en vroue gebruik is, aan die bopunt van hierdie twee strate uitgelê.⁴⁸⁵ Op die vooraand van die Vrede van Vereeniging het 'n krieketwedstryd op 24 Mei 1902 tussen offisiere van die Bethulie-besettingsmag en Skotse onderwyseresse plaasgevind. Dit blyk dat die wedstryd naby die konsentrasiekamp aangebied is, aangesien een van die onderwyseresse in haar brief verwys na die mooi koppies, die kamp daar naby en die boomryke dorp in die verte. Die geleentheid, waartydens 11 dames – getooi in wit rompe en bloese met ligblou dasse – teen die soldate verloor het, is deur verskeie plaaslike Britse loyaliste van Bethulie bygewoon en is afgesluit met tee en toebroodjies.⁴⁸⁶ Die deelnemers en toeskouers het op aandag gestaan met die orkes wat “God Save the King”⁴⁸⁷ gespeel het. Die onderwyseres verwys voorts na die vreemdheid van die klank van die Britse volkslied oor die Vrystaatse vlaktes en koppies “but to hear it on soil where dwelled so many with the deepest antipathy to and hatred of our flag, British supremacy was silently acknowledged, as hats were lifted and officers saluted”.⁴⁸⁸

Die orkes van die Royal Sussex Regiment het inwoners op Saterdagmiddae in die boomryke park naby die Pellissierwoonhuis met musiek vermaak.⁴⁸⁹ Op Sondag 8 Junie 1902 is 'n spesiale dankseggingsdiens vir vrede in die park gereël en deur eerw. James Glover waargeneem. Dié dag is as 'n amptelike vakansiedag geproklameer en deur die Britse militêre owerheid, soldate van die Royal Sussex Regiment en Orange River Colony Scouts en loyaliste bygewoon. Volgens 'n onderwyseres se vertelling het die omgewing van die park, met die nabygeleë spruit, 'n rustige atmosfeer geskep, waarna die danksegging afgesluit is met “God Save the King”.⁴⁹⁰

3.11 SLOTPERSPEKTIEWE

Alhoewel die Britse owerheid aanvanklik die slaankrag van die Boererepublieke onderskat het, kon die Britte uiteindelik daarin slaag om met verloop van tyd, danksy verkenning,

⁴⁸⁴ *Ibid.*

⁴⁸⁵ Pellissier, *Eeufeesalbum* ..., p. 53.

⁴⁸⁶ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 29.5.1902.

⁴⁸⁷ Die Britse volkslied.

⁴⁸⁸ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 29.5.1902.

⁴⁸⁹ *Ibid.*, 3.6.1901.

⁴⁹⁰ *Ibid.*, 8.6.1902.

deeglike kennis te bekom van die omgewing, topografie, riviere, driwwe, ligging van plase en dorpe, hulpbronne, asook die belangrikste spoorroetes. Teen hierdie agtergrond het die Britte dus op die beste invalstroete besluit wat hulle in staat gestel het om 'n ingeligte besluit te neem rondom die beste strategie wat gevolg moes word om Bethulie te beset en beheer te neem van die belangrike Oos-Londen-spoorroete.

In hul beplanning is daar voorsiening gemaak vir die moontlikheid dat die belangrike Bethulie- en Norvalspont-spoorbrûe deur die Boeremagte vernietig sou word en voorts het die Britse Leër heelwat in sy vermoë gedoen om die vernietiging van die Bethulie-brûe te voorkom. Na die vernietiging van die Bethulie- en Norvalspont-spoorbrûe en danksy spesialis-eenhede soos die Royal Engineers en Railway Pioneer Corps, is alternatiewe gevind om die spoorroete binne 'n kort tyd weer operasioneel te maak, aanvanklik met tydelike strukture en later met meer permanente herstelwerk. Die belangrikheid van die herstelde spoorstelsel blyk uit die feit dat die Britse deurentyd sterk eenhede by die twee brûe gestasioneer het, selfs sterker as in Bethulie-dorp, en dat aanvalle deur die Boere steeds gevrees was. Alhoewel die Bethulie-kommando ná die Brandwaterkom-gebeure as 'n afsonderlike gevegseenheid ophou bestaan het, was daar Bethulie-burgers wat steeds deel van ander Boeremagte gevorm het en aktief was tydens die volgende fase van oorlog, naamlik die guerrillafase.

Ten spyte van die deeglike beplanning en die vaardighede van die onderskeie Britse eenhede wat by die brûe en in die distrik diens gedoen het, was die soldate nie volkome voorbereid op die impak wat die harde omgewing op hul gesondheid en gemoed sou hê nie en 40 manskappe sou oor 'n tydperk van ongeveer twee jaar met hul lewens boet. Dit was voorts duidelik dat die soldate wat Bethulie op 15 Maart 1900 beset het, wêreld verwyder sou wees van die soldate wat teen 31 Mei 1902 deel was van die Vrede van Vereeniging.

Ná die besetting van Bethulie en die herstel van die Bethulie-spoorbrug, was die volgende stap die besetting en effektiewe beheer van die spoorroete vanaf Bethulie tot by Springfontein en van daar na Bloemfontein en verder. Hierdie slagaar was uiters belangrik vir die vervoer van soldate en krygsbehoefte, sowel voor as gedurende die guerrillafase van die oorlog, en daarom was die Britse regering bereid om 'n beduidende bedrag te spandeer om die roetes, wat die Bethulie-Springfontein- en Bethulie-Stormberg-spoorroetes ingesluit het, deur middel van blokhuislyne te beskerm.

Die beheer oor Bethulie-dorp het gedurende die Britse krygsoptrede 'n meer sekondêre rol gespeel en militêre bestuur is geleidelik vervang met burgerlike bestuur. Omrede die Boererepublieke steeds weerstand gebied het, en in 'n finale poging om die Boererepublieke tot oorgawe te dwing, is die stryd egter hierna teen die burgerlike bevolking in die distrik voortgesit, ten spyte van die feit dat Brittanje in 1899 die Haagse Konvensie ⁴⁹¹ onderteken het. 'n Verwoeste Bethulie-distrik onder Britse bestuur het ná die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902 getuig van Britse vasberadenheid om Britse aansien ten alle koste te behou. Die vrede het egter nie vir die Britte teen 'n klein prys gekom nie en deur die Elgin-kommissie is kennis geneem van lewensverliese, nuwe strategieë, lesse en standpunte met die oog op toekomstige militêre ondernemings deur die Britse militêre owerheid. In die volgende hoofstuk word gekyk na die ontstaan van die Bethulie-konsentrasiekamp, as uitvloeisel van die guerrillaoorlog, en die impak van die oorlog op die inwoners van hierdie distrik.

⁴⁹¹ Sien Hoofstuk 4 vir meer inligting oor die Haagse Konvensie.

Hoofstuk 4

VERSKROEIDE AARDE EN DIE BETHULIE- KONSENTRASIEKAMP, 1900-1902

4.1 INLEIDING

Die Britse militêre aanslag op die burgerlike bevolking in die Suid-Vrystaat, spesifiek Bethulie en sy buurdistrikte, het met ingang van Maart 1901 in felheid toegeneem, soos bevestig deur die eise om kompensasie aan die Central Judicial Commission (CJC),¹ asook die kampregisters van Aliwal-Noord, Bethulie, Bloemfontein, Norvalspont en Springfontein. Die dagboeke, herinneringe en latere geskrifte deur Bethulie-inwoners getuig van streng maatreëls waardeur hul vryheid van beweging aan bande gelê is, asook die tekort aan lewensmiddele wat ervaar is.² In Lord Roberts se Proklamasie Nr. 1 van 17 Februarie 1900 aan burgerlikes word verklaar dat voedsel asook voer op las van Haar Majesteit, aan troepe oorhandig moes word, maar dat markpryse daarvoor betaal sou word en kwitansies daarvoor uitgereik sou word.³ Die Britse soldate se besoeke aan plase in die distrik met die doel om proklamasies te kommunikeer, inligting te versprei en wapens in te vorder, het met die aanbreek van 1901 egter al meer in die opsetlike beskadiging van eiendom en selfs die konfiskering van veestapels en voedselvoorrade begin oorgaan.⁴ Dit was in stryd met bogenoemde proklamasie wat soldate verbied het om “privaat wonings binne te gaan, of die siviele bevolking onder enige voorwendsel te molesteer of eiendom te beskadig”.⁵

Met die voortsetting van die stryd in 1901 en die volgehoue guerrilla-oorlogvoering, was die Britse owerheid se volgende stap die daadwerklike vernietiging van eiendom, goedere en

¹ 'n Kommissie wat ná die oorlog deur die Britse regering aangewys is om eise te ondersoek, meer spesifiek van diegene wat ingevolge Roberts se Proklamasie Nr. 3 van 1900, die Eed van Neutraliteit onderteken het, maar later, weens Britse militêre optrede skade gely het. J.H. de Bruin, *'n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaat se konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)* (LL.D.), pp. 50-55.

² OM, 7194/149: Herinneringe van ds. Becker, 1 en 2, 1908; *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12; 2.12.1977, p. 2; R. Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2: Wedervaringe van kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 102-111; OM, 5371/1: Herinneringe en gegewens uit die Boereoorlog deur D.M. de Wet, 1910.

³ F. Pretorius (red.), *Scorched earth*, p. 37; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 5, p. 3.

⁴ *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12; 2.12.1977, p. 2; Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, pp. 105-106.

⁵ Breytenbach, 5, p. 4.

lewensmiddele, met gesinne wat in die proses onder dwang na kampe gestuur is. Die Britse militêre owerheid se verontagsaming van die Haagse Konvensie van 1899⁶ het meegebring dat daar teen Maart 1901 reeds 27 konsentrasiekampe vir wit mense, met ongeveer 35 000 inwoners, in die twee Boererepublieke en selfs die Kaapkolonie opgerig is. Dat verskroeide aarde hierna momentum gekry het, blyk uit statistiek van ses maande later waarin die getal inwoners tot 110 000 wit mense in 34 kampe aangegroei het.⁷ Die vinnige tempo waarteen vernietiging in die Suid-Vrystaat plaasgevind het, het in April 1901 aanleiding gegee tot die ontstaan van nog 'n konsentrasiekamp, naamlik die Bethulie-kamp.

Navorsing oor Bethulie tydens die Anglo-Boereoorlog word dikwels oorheers deur inligting oor die Bethulie-kamp, juis vanweë die onmenslike omstandighede wat in hierdie kamp geheers het en gevolglike groot aantal sterftes. Vir doeleindes van hierdie proefskrif word meer gefokus op die impak wat die beleid van verskroeide aarde en die oorhaastige oprigting en voortbestaan van die Bethulie-kamp op die Bethulie-inwoners en -distrik gehad het. Die ervarings van sekere inwoners⁸ en van die persone wat in die kamp werkzaam was,⁹ vind neerslag in vertellings en staaltjies, maar verskaf 'n unieke blik op die impak wat die Britse owerheid se oorlogstrategie op hul gesinne, lewensomstandighede en omgewing gehad het. Ten einde die feite in herinneringsgeskrifte, wat in meeste gevalle 'n sterk emosionele onderbou het, te toets, is kruisverwysing met amptelike argiefmateriaal gedoen. Die diversiteit van bronne, asook die verskillende ouderdomme, geslagte, afkoms, beroepe en selfs ekonomiese stand van die vertellers, verleen 'n uitsonderlike en sorgvuldige oorsig van gesinne se ervarings. Alhoewel verskeie aspekte van die daaglikse lewe en uitdagings in die kamp in veel meer besonderhede nagevors is en heelwat daaroor geskryf kan word, word dit weens 'n beperking op ruimte, en voorts omrede dit nie 'n bydrae lewer ten opsigte van 'n beter begrip van die spesifieke navorsingstema nie, nie volledig by hierdie hoofstuk ingesluit

⁶ Die Haagse Konvensie van 1899 was die eerste internasionale verdrag wat gesluit is met die doel om regulasies vir gedrag tydens oorlogvoering, soos onder meer die beskerming van burgerlikes en burgerlike eiendom en straf vir oortreding en krygsgevangenes, te bepaal. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was die verdrag reeds deur Groot-Brittanje onderteken en dus van toepassing op die Britse mag se krygsoptrede. Yale Law School, "Laws of War: Laws and Customs of War on Land (Hague II); July 29, 1899", <http://www.avalon.law.yale.edu/19th_century/hague02.asp>, 2008 (geraadpeeg 14.8.2019).

⁷ Pretorius (red.), p. 49.

⁸ Rensche van der Walt (Reddersburg), Petrus Jacobus Fourie (negejarige seun van die plaas Mooifontein, Bethulie), Anna Catherina Elizabeth Simkin (12-jarige dogter van die plaas Roodepoort, Dewetsdorp), Elizabeth M. Grobbelaar (17-jarige dogter van die plaas Meyerskraal, Bethulie), Dorethea Magdalena de Wet (17-jarige dogter van die plaas Middelfontein, Bethulie) en Susanna Venter (45-jarige vrou van die plaas Driefontein, Bethulie).

⁹ Dit sluit onder andere Ds. Herman Becker en prop. A.D. Luckhoff in, asook Susara (Sarie) Roos van Dewetsdorp wat in die kamphospitaal as verpleegster werkzaam was.

nie en slegs oorsigtelik behandel.¹⁰ Ten einde 'n geheelbeeld te verkry van die Bethulie-inwoner se lot gedurende die oorlog, word Bethulie-gesinne in die Aliwal-Noord-, Bloemfontein-, Norvalspont- en Springfontein-kamp, waar van belang, vir doeleindes van hierdie proefskrif ingesluit.

In hierdie hoofstuk word derhalwe gefokus op verskroeide aarde in die Bethulie-distrik, met verwysing na die vernietiging van eiendom en die wegvoer van burgerlikes na die onderskeie naburige konsentrasiekampe. Vanweë die vinnige tempo van verskroeide aarde is die Doringboomkamp oorhaastig en met weinig beplanning of infrastruktuur, op 22 April 1901 te Bethulie geopen. Vanweë 'n toename in getalle en beperkte natuurlike hulpbronne, moes hierdie kamp op 6 Junie 1901 noodgedwonge na 'n nuwe terrein – die Moeraskamp – verskuif. As gevolg van ongunstige omstandighede en swak bestuur deur Henry Russel Deare,¹¹ het epidemies in die Moeraskamp uitgebreek, wat hierdie kamp in die Orange River Colony (ORC) vir sy groot aantal sterftes berug gemaak het. Die ondersoek en aanbevelings deur die Fawcett-kommissie,¹² en die hervormings deur luitenant St John Cole-Bowen,¹³ was helaas te laat, omrede meer as 1 100 inwoners reeds teen einde Desember 1901 – binne die bestek van slegs 253 dae – gesterf het. Statistiek wat met behulp van die databasis saamgestel is, dui die impak op gesinne en veral kinders uit die Bethulie-distrik aan.

4.2 VAN KRYGSWET TOT VERSKROEIDE AARDE

4.2.1 Tekort aan lewensmiddele en sporadiese vernietiging van eiendom

Nadat die Kaapkolonie se grense na die Vrystaat vir die uitvoer van goedere sedert 11 Oktober 1899 gesluit is, het 'n gebrek ontstaan aan lewensmiddele wat nie in die republieke verbou of geproduseer kon word nie. Van Heyningen verwys na die skaarste van goedere in die republieke in die laaste paar maande van 1899, meer spesifiek in die stede.¹⁴ Vir die inwoners van die Bethulie-distrik is hierdie situasie vererger nadat goedere, ingevolge die

¹⁰ Dit sluit die volgende aspekte rondom die Bethulie-kamp in: die handelaars, kampindustrieë, bekende inwoners, hensoppers, joiners, ongehoorsaamheid en strafmaatreëls, onderwysers, predikante, mediese personeel, hantering van sterftes, versorging van oorledenes, begrafnisse, die alledaagse lewe en uitdagings, asook detail rondom die nuwe kampe te Uitenhage en Kabusi.

¹¹ Russel Deare was vanaf 22 April tot 9 Desember 1901 superintendent van die Bethulie-kamp en was, weens sy swak bestuur, verantwoordelik gehou vir die groot aantal sterftes in hierdie tyd.

¹² 'n Kommissie van dames (ook genoem Ladies Committee) onder voorsitterskap van mej. Millicent G. Fawcett wat in Julie 1901 deur die Britse regering aangewys is om verslag te doen oor die omstandighede in konsentrasiekampe.

¹³ St. John Cole-Bowen, superintendent van die Norvalspont-kamp, was sedert Desember 1901 as Travelling Inspector of Refugee Camps aangestel. Hy het ná Deare se ontslag verskeie hervormings by die Bethulie-kamp ingestel wat gelei het tot 'n afname in die aantal sterftes.

¹⁴ E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*, p. 47.

Vrystaatse Kommandowet, kort voor die uitbreek van die oorlog van inwoners en handelaars opgekommandeer is. Met die Britse besetting van Bethulie op 15 Maart 1900 en die gevolglike militêre oornam van die spoorweë, het hierdie tekorte hoofsaaklik tot 1902 voortgeduur. Daarbenewens was dit vir plaasbewoners uit die Bethulie-distrik moeilik om aankope op die dorp te doen omrede streng maatreëls onder krygswet gegeld het, wat onder meer bepaal het dat hulle eers vir 'n pas by die plaaslike magistraat moes aansoek doen alvorens hulle die dorp kon besoek. Volgens Elizabeth Grobbelaar se vertelling het hierdie situasie teen Oktober 1900 ondraaglik geword, aangesien die Britse soldate, so het sy geglo, bekommerd was dat die dorp besoek sou word met die doel om te spioeneer.¹⁵

Benewens die skaarsste aan lewensmiddele, het die sporadiese vernietiging van eiendom, as uitvloeisel van die oorlog, ekstra druk op hulpbronne geplaas. In lyn met die bepalinge van die Haagse Konvensie het Roberts met Proklamasie Nr. 1 van 17 Februarie 1900, die vernietiging van eiendom verbied, maar dit blyk dat die verwoesting van eiendom en hulpbronne, veral waar burgers hulle verset het, voortgegaan het en dat Roberts dit stilswyend goedgekeur het.¹⁶ Van Heyningen verwys na hierdie vernietiging deur Roberts as “an act of intimidation to drive the Boers into surrender during the conventional phase”,¹⁷ maar dit is egter duidelik dat sodanige optrede steeds teen die gees van die Haagse Konvensie was. Petrus Fourie beskryf hoe 'n groot Britse mag met kanonne, waens, muile en perde, kort ná die geveg by die Bethulie-wabrug op 17 Maart 1900, op hul plaas Mooifontein digby die Oranjerivier toegesak het en die soldate hul perde op die gesaaides losgelaat het en hulself aan alles op die werf, veral die pluimvee, gehelp het. Ná 'n week se verblyf op die plaas was daar van die gesaaides en pluimvee nie veel oor nie.¹⁸

4.2.2 Verskroeiende aarde word gemagtig

Die regerings van die twee Boererepublieke se weiering om te kapituleer, ten spyte van die Britse besetting van Bloemfontein op 13 Maart 1900 en Pretoria op 5 Junie 1900, en boonop oor te gaan tot guerrilla-oorlogvoering, het daartoe aanleiding gegee dat Britse optrede teen die burgerlike bevolking meer drasties geword het. Op 16 Junie 1900 is lord Roberts se Proklamasie Nr. 5 van 1900 uitgevaardig en drie dae later Proklamasie Nr. 6 van 1900 met die waarskuwing dat, indien telegraaf of spoorinstallasies beskadig of vernietig word, die

¹⁵ Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, pp. 103-104.

¹⁶ Pretorius (red.), pp. 37-38.

¹⁷ Van Heyningen, p. 58.

¹⁸ *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12.

huise in 'n bepaalde omgewing afgebrand sou word.¹⁹ Met Kitchener sedert 29 November 1900 in bevel, is hierdie praktyk van vernietiging van eiendom met nog meer erns voortgesit, met dryfjagte en die oprig van konsentrasiekampe as deel van die strategie.²⁰ Kitchener se bevelskrif van 1901, “to sweep the country bare of everything that could give sustenance to the guerrillas, not only horses, but cattle, sheep, women and children”,²¹ was 'n daadwerklike poging om die oorlog tot 'n einde te bring, selfs al was dit in stryd met Artikels 23, 28, 46 en 47 van die Haagse Konvensie.²² Meer spesifiek in die Vrystaat, het generaal-majoor W.F. Kelley, in opdrag van Kitchener, op 15 Maart 1901 Omsendbrief 31, “Clearing of the Orange River Colony,” uitgevaardig, waarvolgens die Vrystaat opgeruim moes word en alle hulp- en lewensmiddele wat tot nut van die kommando's kon wees, vernietig moes word. Hierdie sogenaamde skoonmaakproses, wat as verskroeiende aarde bekend staan, het 'n donker tyd vir die Bethulie-distrik en sy inwoners ingelui.²³

Ten einde effektiewe uitvoering aan verskroeiende aarde te gee, het lord Kitchener die ORC in vier militêre streke verdeel, elk onder bevel van 'n generaal, wat kommando's se guerrilla-aktiwiteite moes bekamp en elke streek van lewensmiddele moes stroop. Die bevelstruktuur van die suidelike streek,²⁴ soos dus ook op die die Noordoos-Kaapkolonie en Suid-Vrystaat van toepassing, word in Figuur 4.1 uiteengesit.²⁵

Kitchener se bevelskrif is deur die Britse kolonnes, onder die oorhoofse bevel van senior Britse offisiere, in Bethulie en die omliggende distrikte uitgevoer.²⁶ Uit dagboeke en herinneringe van inwoners klink dieselfde refrein van grootskaalse vernietiging van eiendom, die lyding van mens en dier, asook die ontworteling van gesinne in hierdie distrik op. Telegramme wat vanaf Bethulie gestuur is, bevestig Britse eenhede se bedrywighede in hierdie en omliggende distrikte en soldate het selfs met trots in briewe verwys na hul deeglike vernietigingswerk.²⁷ Bitter min mense, wit of swart, oud of jonk, arm of ryk, en selfs diere, gewasse en eiendom is tydens hierdie skoonmaakproses ontsien.

¹⁹ Pretorius (red.), pp. 38-39.

²⁰ *Ibid.*, pp. 28-29.

²¹ T. Pakenham, *The Boer War*, p. 493.

²² S.M. Miller en J. Miller, “Moral and legal prohibitions against pillage in the context of the 1899 Hague Convention and the South African War”, *War in History* 26(2), 2018, p. 192; Pretorius (red.), pp. 168-177.

²³ Wessels *et al.* (reds.), p. 192.


²⁴ Hierdie streek het gestrek vanaf die Oranjerivier, ooswaarts na Petrusburg en tot in Ladybrand, en weswaarts tot by die Kimberley-spoorlyn.

²⁵ L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War* 7, p. 11.

²⁶ *Ibid.*, pp. 10-12.

²⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Carnarvon and Denbigh Herald*, 23.11.1900.

Figuur 4.1: Bevelstruktuur van die hoofkwartiere



Dat die vernietiging op groot skaal toegepas is, word afgelei uit 'n opmerking van 'n gesiene Bethulie-inwoner wat verwys na "[w]avragte met meubels, kosyne, deure en vensters kom gedurig in vir vuurmaak".²⁸ Hy verwys voorts na 'n gids in Britse diens, ene Thys Basson, se vertelling dat ongeveer 24 000 skape tydens hul enkele tog in die Bethulie-omgewing doodgemaak is. Hierdie soort optrede was, soos verwys, in stryd met Artikels 23, 28 en 46 van die Haagse Konvensie wat uitdruklik bepaal het dat die vyand se eiendom nie vernietig of beslag op gelê mag word nie, behalwe in enkele gevalle waar die militêre krygsverloop dit vereis. In Artikel 47 word plundering pertinent verbied.²⁹

4.2.3 Toepassing van verskroeiende aarde in die Bethulie-distrik

Nadat feitlik alle lewensmiddele en eiendom in Bethulie en omliggende distrikte van die Suid-Vrystaat vernietig is, het die hardhandige behandeling en wegvoer van wit en swart burgerlikes gevolg, en wit gesinne uit die distrikte van Bethulie, Dewetsdorp, Fauresmith, Philippolis, Reddersburg, Rouxville, Smithfield, Wepener en Zastron is hoofsaaklik na die konsentrasiekampe te Bloemfontein, Norvalspont, Aliwal-Noord en Springfontein, gestuur.³⁰

²⁸ K. Schoeman (red.), *Die herinneringe van J.C. de Waal*, p. 80.

²⁹ *Ibid.*; Miller en Miller, p. 192; Pretorius (red.), p. 38.

³⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis van Aliwal-Noord-, Springfontein-, Norvalspont-, Bloemfontein- en Bethulie-konsentrasiekamp. Hierdie databasisse is saamgestel uit die SRC se kampregisters en is waar moontlik aangevul met verdere inligting uit primêre en sekondêre bronne oor elk van die Bethulie-gesinne in hierdie kampe. Daarteenoor bevat die Bethulie-kamp se databasis die name en besonderhede van alle inwoners, soos opgeteken tydens hierdie kamp se bestaan in die kampregister, en is aangevul met beskikbare gegewens uit primêre en sekondêre bronne oor elke gesin.

Bethulie-inwoners het aanvanklik in die Norvalspont- en Springfontein-kamp beland. Die eerste Bethulie-gesin wat weggevoer is, was die Du Plessis-gesin van die plaas Wintershoek wat op 1 Januarie 1901 na Norvalspont gestuur is.³¹ Dit is nie presies duidelik wanneer die Springfontein-kamp opgerig is nie, maar die aanstelling op 13 Februarie 1901 van William Gostling as kampsuperintendent, gee 'n aanduiding dat die kamp teen einde Februarie 1901 operasioneel was.³²

Die eerste verwysing na vernietiging in die Bethulie-distrik is die plaas Klipheuwelspoort van burger Gert Christoffel Snyman, wat volgens 'n inskrywing in 'n kampregister in September 1900 deur luitenant-kolonel W.L. White se eenheid afgebrand is.³³ Voorts blyk dit uit berigte en briewe deur soldate dat Britse kolonnes se bedrywighede oor verskeie distrikte gestrek het, sodat hul pad dikwels tot in die Bethulie-distrik gelei het. Manskap James Lempier, wie se kolonne op 15 November 1900 op Bethulie-dorp uitgerus het, het sy ervaringe met P. Thompson in Brittanje gedeel, waarna dit in die *Carnarvon and Denbigh Herald* gepubliseer is. Lempier vertel van sy eenheid se omswerwinge in die Suid-Vrystaat, spesifiek die Bethulie-omgewing, en wat plaasgevind het by al die plase waar die mans nie tuis was nie: “[W]e turned out all the women and children ... set fire to the buildings and burnt them down to the ground ... for they are the men who are keeping the war going as they [have] sworn not to take up arms against us, and have been sent home to their farms.”³⁴ Volgens Lempier moes die vegtende burgers dus vir hierdie situasie blameer word. Ná afhandeling van hul vernietigingswerk in die distrik, is verskeie huise op Bethulie-dorp waarvan die eienaars afwesig was, oopgebreek en vir 'n wyle deur soldate bewoon. Lempier verwys soos volg hierna: “[W]e are put up in houses here [Bethulie], which is God-send after so much sleeping out on the veldt.”³⁵ Hierdie praktyk om tuishuisies (of kerkhuisies) te plunder of te beset, is ook op ander Vrystaatse dorpe toegepas soos blyk uit Van Heyninge se verwysing na 'n soortgelyke ervaring deur Margaret Marquard, predikantsvrou op Winburg.³⁶

Die vernietiging in die Suid-Vrystaat is met ywer voortgesit en op 15 Desember 1900 het luitenant-kolonel W.L. White by die plaas Broekpoort van die welvarende Daniël Casper du Plessis in die Bethulie-distrik, ongeveer 900 skape, 49 beeste en 23 perde weggevoer.

³¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Norvalspont-konsentrasiekamp.

³² B. de Swardt, *963 Days at the junction: A documented history of Springfontein during the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 147.

³³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Norvalspont-konsentrasiekamp.

³⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Carnarvon and Denbigh Herald*, 23.11.1900.

³⁵ *Ibid.*

³⁶ Van Heyninge, p. 57.

Alhoewel die woonhuis nie afgebrand is nie, het soldate gedeeltes van die stewige en nuutgeboude opstal se dak en houtwerk, soos deure en vensters, vir vuurmaakhout verwyder. Nietemin is bykans al die buitegeboue asook vier rytuie verbrand.³⁷ Met ingang van 1901 is die vernietiging van verskeie plase en die wegvoer van burgerlikes in die Suid-Vrystaat steeds voortgesit. Die Britse magte het op bepaalde dorpe hul basisse gehad (sien Tabel 4.1) en het vanaf hierdie basisse in die Suid-Vrystaat geopereer.³⁸

Tabel 4.1: Basisse van Britse magte

In bevel	Kolonnes onder leiding van:	Basis
Lt.genl. N.G. Lyttelton	Lt.kol. T.E. Hickman	Bethulie
Genl.maj. B.M. (Bruce) Hamilton Genl.maj. Charles E. Knox	Lt.kol. A.W. Thorneycroft	Springfontein
Genl.maj. B.M. (Bruce) Hamilton	Lt.kol. D. Haig	Edenburg
Genl.maj. B.M. (Bruce) Hamilton Lt.kol. L.E. du Moulin	Lt.kol. S.C.H. Monro Lt.kol. C. Maxwell Lt.kol. W.L. White Lt.kol. W.H. Williams	Aliwal-Noord

Weens die feit dat daar vóór April 1901 nog geen kamp op Bethulie was nie, is gesinne uit hierdie distrik na omliggende kampe gestuur. Verskeie insidente van vernietiging in Wyk Bosjespruit en die gevolglike wegvoer van hierdie inwoners na die Norvalspont-kamp, is gedokumenteerd en gee 'n aanduiding van die Britse magte se uitvoering van die verskroeiende-aardebeleid in die Suid-Vrystaat.³⁹

Uittreksels uit die Norvalspont-kampregister wat die name van bevelvoerders van die Britse kolonnes aangedui, dien as voorbeeld van nege Bethulie-gesinne wat reeds voor die ontstaan van die Bethulie-kamp weggevoer is. Du Moulin se eenheid van 600 infanteriste, wat deel was van Bruce Hamilton se mag, asook Thorneycroft se onderskeie kolonnes, het teen middel Januarie 1901 'n verdere 17 Bethulie-gesinne na die Norvalspont-kamp weggevoer. Williams en Hickman se onderskeie kolonnes het op 6 Maart 1901, benewens die Van Rensburg-gesin, nog vier Bethulie-gesinne na hierdie kamp gestuur.⁴⁰ Vanaf 10 tot 20 Maart 1901 is 'n “vee-operasie” deur Lyttelton se kolonnes, wat vanaf Thaba 'Nchu tot by Bethulie gestrek het,

³⁷ NASA, VAB, CO, 2: Letter book – D.C. du Plessis, 15.12.1900; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

³⁸ Creswicke, 7, pp. 9-10.

³⁹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Norvalspont-konsentrasiekamp.

⁴⁰ *Ibid.*

uitgevoer.⁴¹ Emile Klynveld, seun van die voormalige Bethulie volksraadslid Herman Klynveld, se ses koeie en tien jong verse is op 14 Maart 1901 deur Hickman se kolonne weggevoer nadat die plaas Strydfontein⁴² van die welvarende Engelbrecht-gesin vernietig is.⁴³

Op 28 Maart 1901 het die Grobbelaars van die plaas Meyerskraal eerstehands die vernietiging deur 'n Britse eenheid ervaar. Die gesin is daarvan beskuldig dat hulle skuiling en kos verskaf het aan verskeie kommando's wat in daardie omgewing bedrywig was. Volgens 'n gesinslid se vertelling het die soldate eers verskeie kartetse op hul opstal afgevuur, waarna die troepe op die plaashuis afgestorm het en dit geplunder het. Die opstal, buite-geboue, vee en landerye is hierna vernietig.⁴⁴ Op 31 Maart 1901 het Hickman verskeie gesinne in die Bethulie- en Smithfield-distrik gevang, wat ongeveer 350 wit en 200 swart mense ingesluit het. Wit gesinne is na Springfontein en Norvalspont weggevoer terwyl swart plaaswerkers na Edenburg gestuur is. Daarbenewens is ongeveer 10 000 skape, 400 perde en 500 beeste weggevoer.⁴⁵ In dieselfde week het Maxwell, wat self in die Bethulie-omgewing bedrywig was, ongeveer 700 burgerlikes asook vee aangekeer en na die Springfontein-kamp weggevoer.⁴⁶

Intussen het dieselfde tonele in ander omliggende distrikte afgespeel. In 'n dagboek-inskrywing verwys Sarie Roos daarna dat inwoners van Dewetsdorp en omgewing op 14 April 1901 deur Hamilton se kolonnes weggevoer is.⁴⁷ Die konvooi, wat uit ongeveer 700 mense, 125 waens, 2 500 stuks kleinvee, 1 000 beeste en perde bestaan het, het op 16 April 1901 by Edenburg aangekom. Nadat nog inwoners uit die omliggende distrikte versamel is, het die groep tot ongeveer 1 500 mense aangegroei. Volgens Roos is die groep mense heelwat later per spoor, in "vuil kool troks" na Bethulie gestuur, waar 'n kamp in wording was.⁴⁸ Met verskroeiende aarde wat veral in 1901 ook in die Bethulie-distrik in felheid toegepas is, het Deneys Reitz daarna verwys dat "it was borne on us that a more terrible chapter of the war was opening".⁴⁹

⁴¹ Creswicke, 7, pp. 9-10.

⁴² Emile Klynveld het grond by die Engelbrecht-gesin gehuur, waar hy vee aangehou het.

⁴³ NASA, TAB, CJC, 1321, 315: Emile Klynveld, 14.9.1903.

⁴⁴ Wessels *et al.* (reds.), p. 176.

⁴⁵ NASA, VAB, SRC, 39, 940: Transport to refugee camps, 31.3.1901.

⁴⁶ NASA, VAB, SRC, 39, 953: Refugees for Springfontein, 1.4.1901.

⁴⁷ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 2.

⁴⁸ NASA, VAB, SRC, 5, 1348: White refugees cannot be accommodated at Edenburg Camp, 18.4.1901.

⁴⁹ D. Reitz, *Commando: A Boer journal of the Boer War*, p. 148.

4.2.4 Impak van verskroeiende aarde op die gemeenskap

Vrees vir Britse kolonnes was 'n daaglikse realiteit en selfs Britse loyaliste was bekommerd dat hulle by die proses van vernietiging en wegvoering ingesluit sou word. Mej. Catherine McIntyre, 'n Skotse goewernante, rig op 28 Januarie 1901 'n brief aan die militêre goewerneur in Bloemfontein, waarin sy pleit dat haar werkgewer, Arthur Stuart van die plaas Klipbanksfontein naby Priors-stasie in die Bethulie-distrik, “being allowed to remain on his farm together with his wife, family and I, his governess”.⁵⁰ Verskeie Britse loyaliste het ná afloop van die oorlog in aansoeke om kompensasie aan die CJC daarna verwys dat hul loyaliteit nie beloon is nie. Ploeger meld voorts dat Britse optrede loyaliste nadelig geraak het en dit soms selfs tot onenigheid met die Britse offisiere gelei het.⁵¹ Selfs die eiendom van weduwees is nie gespaar nie. Tereg verwys Van Heyningen na 'n opmerking deur 'n burger oor die Britte se hantering van weduwees se eiendom: “The property of widows and prisoners of war had not been respected.”⁵² Dit is duidelik dat al die inwoners van die Vrystaat op een of ander manier deur die oorlog geraak is.

In ooreenstemming met Kitchener se bevelskrif om alle lewensmiddele te vernietig, is selfs die werkersvolk op plase nie ontsien nie en was daar teen 28 Maart 1901 planne om 'n kamp vir hoofsaaklik swart plaaswerkers in die Suid-Vrystaat te begin. Met verskroeiende aarde wat sedert Maart 1901 goed op dreef was, is werkgewers en plaaswerkers uit die Bethulie-omgewing na punte naby die spoorroete – genoem “terminals” – weggevoer, vanwaar wit inwoners na kampe by Springfontein, Norvalspont en later Bethulie gestuur is, terwyl swart plaaswerkers en hul gesinne by hierdie “terminals” versamel is.⁵³ Daar kon aanvanklik nie besluit word of die swart werkers na Springfontein of Bloemfontein gestuur moes word nie, maar daar is besluit om die groep eerder na Edenburg te stuur “where the D.A. is considering the desirability of starting a Refugee Camp at Edenburg for these workers”.⁵⁴ So is meer as 1 000 plaaswerkers in Maart 1901 deur generaal-majoor Bruce Hamilton uit hierdie streek versamel en na Edenburg weggevoer. Die omstandighede in die kamp by Edenburg was baie primitief omrede daar geen hospitaal was nie, maar slegs 'n mediese inspeksiepunt. Rantsoene wat aan hierdie inwoners uitgedeel is, het nie vleis, meel, koffie en suiker ingesluit nie, maar

⁵⁰ NASA, VAB, MG, 2: Letter by Miss McIntyre regarding Mr Stuart of Klipbanksfontein, 28.1.1902.

⁵¹ J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* 4, p. 31:8.

⁵² Van Heyningen, p. 52.

⁵³ S. Kessler, *The black concentration camps of the Anglo-Boer War 1899-1902*, p. 110.

⁵⁴ NASA, VAB, SRC, 3, 867: General Hamilton sending 1 000 refugees: Question where to place them, 28.3.1901.

sommige van die plaaswerkers is wel toegelaat om hul klein kuddes met hul saam te neem.⁵⁵ 'n Lys van sterftes in die Edenburg-kamp vir die tydperk Mei 1901 tot Junie 1901, bevat die name van 208 plaaswerkers, hoofsaaklik kinders, waarvan 14 afkomstig was van plase in die Bethulie-distrik.⁵⁶

Kessler bevestig dat swart inwoners van die Suid-Vrystaat deur Britse kolonnes na Edenburg weggevoer is, waar 'n sametrekking van swart plaaswerkers reeds vanaf Januarie 1901 by die Edenburg swart woonbuurt (lokasie) ontstaan het.⁵⁷ Volgens A.G.H. Daller,⁵⁸ 'n resident-magistraat in die Suid-Vrystaat, se bevindings het ongeveer 2 000 plaaswerkers hulle in daardie stadium in hierdie swart woonbuurt bevind en is huisvesting opgerig bestaande uit sakke, blikke en stukke hout. Ten einde te oorleef, het van hierdie swart mense in diens van die Britse Leër getree, waar hulle hoofsaaklik aangewend is om handearbeid te verrig.⁵⁹ P. Simpson is deur die Britse bevelvoerder op Edenburg aangestel om beheer uit te oefen oor die swart inwoners wat hier saamgetrek was en spoedig het hierdie kamp amptelik bekend gestaan as die "Edenburg black concentration camp" en het dit hierna deel gevorm van die ORC se "Native Refugee Department".⁶⁰

Uit Petrus Fourie se vertelling van outa Oktober, hul plaaswerker, word afgelei dat sommige werkers selfs na Basotholand (die hedendaagse Lesotho) gestuur is. Dit was nadat sir Hamilton Goold-Adams, weens die tekort aan huisvesting vir wit kampinwoners, besluit het om die Basotho-plaaswerkers eerder na Basotholand te stuur sodat hulle nie 'n verdere las op die reeds beperkte hulpbronne sou plaas nie.⁶¹ Petrus onthou dat Oktober deur die Britse soldate weggevoer is maar ná agt dae teruggekeer het, "asvaal geskrik met 'n bloupas wat in 'n soort Nederlands opgestel is waarin hy gelas is om sy gesin en besittings te neem en onmiddellik na Basoetoland [sic] te vertrek, iets wat hy spoedig gedoen het".⁶² Hierna het die res van die plaaswerkers van Mooifontein gevolg.⁶³

Verskroeiende aarde het vir die swart plaaswerkers grootskaalse ontwrigting meegebring en alhoewel die meeste van hierdie ontwortelde werkers na Edenburg gestuur is, het sommige 'n

⁵⁵ NASA, VAB, CO, 32, 1724: Monthly report on native RC Edenburg, 3.5.1901.

⁵⁶ NASA, VAB, SRC, 99, 6442: Death register – native refugee camp at Edenburg, 1901.

⁵⁷ Kessler, p. 110.

⁵⁸ E. van Heyningen verwys foutiewelik na hom as J. Daller.

⁵⁹ Kessler, p. 110.

⁶⁰ *Ibid.*, p. 111.

⁶¹ NASA, VAB, SRC, 3, 867: General Hamilton sending 1 000 refugees: question where to place them, 28.3.1901.

⁶² *Bethulie Nuusbrief*, 18.11.1977, p. 12.

⁶³ *Ibid.*

heenkome in die lokasies om die dorpe gesoek. Magistraat Grant verwys in Februarie 1901 na ongeveer 200 swart plaaswerkers wat hulle in daardie stadium in die Bethulie-lokasie gevestig het, maar werkloos en gevolglik behoeftig was.⁶⁴ Alhoewel Kessler melding maak van 'n "unofficial camp"⁶⁵ by Bethulie, kon geen argivale bewyse daarvoor gevind word nie. Volgens Venter was daar geen formele kamp vir swart plaaswerkers op Bethulie nie, maar aanvanklik het 'n aantal swart mense saam met wit gesinne in die Bethulie-kamp aangekom. Wit en swart inwoners in kampe is later geskei.⁶⁶

Die intensiteit waarmee die verskroeideaardebeleid in Bethulie en sy onmiddellike buur-distrikte toegepas is, het sedert April 1901 in sodanige mate toegeneem dat dit spoedig tot die oorbevolking van die bestaande konsentrasiekampe in hierdie streek gelei het. Daar was dus 'n behoefte aan nog 'n kamp, wat verkieslik naby 'n spoorroete geleë was. Vernietiging in die Bethulie-distrik het intussen meedoënloos voortgeduur en die aantal haweloses wat tydelik op die dorp gehuisves moes word, het toegeneem. 'n Heenkome moes dringend vir hulle gevind word.⁶⁷

4.2.5 Berekening van skade aan die hand van kompensasië-eise

Tot ongeveer einde Februarie 1901, het offisiere en bevelvoerders van kolonnes, in opdrag van Roberts, kwitansies aan gesinne uitgereik vir goedere wat vernietig of gekonfiskeer is. Hierop is 'n beskrywing en geskatte waarde van die goedere wat vernietig is, aangedui asook die offisier se naam, rang en eenheid. Hierdie inligting is in die Norvalspont-, Springfontein- en Aliwal-Noord-kampregister,⁶⁸ onder 'n kolom getiteld "Stock rounded up by military", teenoor die eienaars se name aangeteken.⁶⁹

Die werklike skade en skaal van vernietiging in die Bethulie-distrik word egter in meer besonderhede deur inwoners in hul latere eise vir kompensasië weergegee. Dit sluit onder andere verklarings deur 'n groep inwoners, bekend as "Protected Burghers" in, wat aanspraak gemaak het op Britse beskerming nadat hulle die wapen neergelê het en die Eed van Neutraliteit onderteken het. In hul eise van 1903 tot 1904 aan die CJC word vertel van die

⁶⁴ Van Heyningen, p. 151.

⁶⁵ Kessler, p. 288.

⁶⁶ T. Venter, *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog*, pp. 105-106.

⁶⁷ NASA, VAB, CO, 18, 1460/01: Mr Daller's report on Springfontein, Bethulie and Aliwal North camps, 12.4.1901.

⁶⁸ Hierdie praktyk het nie by die Bethulie-kamp plaasgevind nie en geen sodanige inskrywings verskyn in hierdie kampregister nie.

⁶⁹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Aliwal-Noord-, Springfontein- en Norvalspont-konsentrasiekamp.

ontnugtering met die Britse beloftes van beskerming tydens die oorlog. Verskeie van die inwoners se verhoë begin met die stelling dat die aansoekers, ingevolge Roberts se proklamasie, na hul plase teruggekeer het nadat hulle die Eed onderteken het, waarna hul eiendom met die verloop van die oorlog nogtans deur Britse troepe vernietig is en hulle na konsentrasiekampe weggevoer is. Verklarings en inventarisse van huishoudelike goedere, veestapels, landboutoerusting, gewasse en infrastruktuur wat tydens die oorlog vernietig is, is ingesluit by hierdie Bethulie-aansoeke.⁷⁰ Die 170 aansoeke van inwoners uit die Bethulie-distrik is van uiteenlopende aard en dien as bewys dat eiendom erg beskadig is, of in die meeste gevalle heeltemal vernietig is, wat selfs eiendom op die dorp en geboue soos die skool en Ou Kerk ingesluit het. Die eise verleen voorts 'n goeie beeld van die ekonomiese welvaart wat hierdie distrik vóór 11 Oktober 1899 beleef het, iets wat sedert 15 Maart 1900, binne enkele maande uitgewis is.

Vervolgens enkele voorbeelde wat die aard en omvang van die skade in die Bethulie-distrik illustreer:

- Willem Jacob Botha van die plaas Grootmarsfontein eis £1 458.0.0 vir die wegvoer van sy skaap- en beeskudde asook die vernietiging van sy woning, meubels, wol, koringoes en implemente soos ploë en rytuie.⁷¹
- Meester Gerhardus Stephanus Coetzee, 'n onderwyser van die plaasskool op Vogelfontein, eis £65.15.0, vir die verlies van sy perde, meubels, skoolboeke, 'n seëlalalbum en onderwysertifikaat vanaf die Universiteit van Edinburgh.⁷²
- Die bejaarde en welaf Schalk Willem Engelbrecht,⁷³ eis £1 989.11.0 en verskaf 'n uitgebreide inventaris van die skade aan sy plase met verwysing na geboue, omheinings, veestapels, gewasse, meubels, plaasimplemente en toerusting.⁷⁴
- L.W. Boshof, weduwee van president J.N. Boshof van die Vrystaat, wat haar met die uitbreek van die oorlog in die Paarl bevind het, verwys in 'n brief van 20 Mei 1901 na die skade aan haar eiendom op Bethulie wat sy op £380.0.0 bereken het nadat Britse soldate haar huis oopgebreek en daar tuisgegaan het.⁷⁵

⁷⁰ NASA, TAB, CJC, 167: Claims for compensation of British subjects in the Orange Free State, Bethulie, 1903-1906.

⁷¹ NASA, TAB, CJC, 1308, 149: Willem Jacob Botha, 5.10.1903.

⁷² NASA, TAB, CJC, 1308, 161: Gerhardus Stephanus Coetzee, 14.9.1903.

⁷³ Vader van Henry Engelbrecht, die Ceylon-bittereinder.

⁷⁴ NASA, TAB, CJC, 1309, 192: Schalk Willem Engelbrecht, 10.11.1903.

⁷⁵ NASA, TAB, CJC, 1307, 112: L.W. Boshoff (weduwee), 30.3.1904.

- Die Holm-gesin van die plaas Holmsgrove in die Kaapkolonie was bekend vir hul ondersteuning van die republikeinse saak, asook die geveg by die Bethulie-wabrug wat op hul plaas afgespeel het. Hul eiendom op Bethulie, die ou Pellisiersendinghuis, wat in 1890 uit die boedel van Martha Pellissier, eggenote van die sendeling Jean Pierre Pellissier, gekoop is,⁷⁶ is ook deur die Britte beskadig.⁷⁷

4.2.6 Verraad in eie geledere, swart hulptroepe en vlug te velde

Sommige burgers uit die Bethulie-dorp en distrik het die Britse oorlogspoging, en die gevolglike toepassing van verskroeiende aarde, aktief gesteun en het die Britte sedert die besetting van Bethulie in verskillende hoedanighede bygestaan. Hierdie persone, bekend as joiners, se verraad teenoor die Boere was vir meeste inwoners 'n bitter pil om te sluk. So byvoorbeeld is Sophia Fourie van die plaas Mooifontein en Lenie Slabbert van die plaas Badsfontein deur Tobias (de Villiers),⁷⁸ 'n Bethulie-burger in Britse diens, gelas om gereed te maak en na Bethulie te vertrek nadat 'n Britse kolonne in April 1901 verwoesting op hul plase gesaai het. Tobias, wat as tolk opgetree het, het selfs valslik gedreig dat die oudste twee Fourie-seuns as soldate vir die Britse Leër weggevoer kon word as Sophia nie haar samewerking wou gee nie.⁷⁹ Mooifontein se opstal is nie verwoes nie omrede Fourie 'n gewonde offisier verpleeg het. Sy is egter van hoogverraad beskuldig omrede sy, na bewering, Boere gehuisves het. Twee briewe in hierdie verband is deur die joiner vertaal en aan haar voorgelees.⁸⁰ Voorts het nog 'n Bethulie-burger (naam onbekend), wat goed kon swem, die Britte met die pad vanaf die plaas Mooifontein na 'n drif in die Oranjerivier gelei waar 'n skuit vasgemeer was. Hierdie skuit, bekend as die Gansbors-skuit, is dikwels deur die Boere gebruik en die joiner het gepoog om die skuit te sink deur 'n gat met 'n klip in die bodem te gooi. Burger Simon du Plooy (Groot Simon) en 'n Kaapse rebel, Florie Pelser, het twee skote van oorkant die rivier gevuur, wat die joiner ernstig gewond het en hy is later onder 'n wit vlag deur 'n Britse ambulans weggeneem.⁸¹

Die werwing van joiners in kampe was nie 'n vreemde praktyk nie, aangesien mej. Rensche van der Walt van die plaas Uitkyk, Reddersburg, wat saam met haar weduweemoeder en twee

⁷⁶ S.H. Pellissier, *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*, p. 542.

⁷⁷ NASA, TAB, CJC, 1311, 261: H. Holm, 20.10.1903.

⁷⁸ Hendrik Theodorus de Villiers, bekend as Tobias. Sy oom, Tobias Johannes de Villiers, 'n welgestelde boer, is self later saam met sy gesin in die Bethulie-kamp aangehou waar sommige van die gesinslede oorlede is.

⁷⁹ *Bethulie Nuusbrief*, 2.12.1977, p. 10.

⁸⁰ *Ibid.*, 13.1.1978, p. 9.

⁸¹ *Ibid.*, pp. 10-11.

susters in die Bethulie-kamp was, vertel van Jan Nell, 'n Dewetsdorp-burger, wat gevang is en saam met 'n Britse mag op Bethulie aangekom het. Nell het by die Britte aangesluit, maar sy moeder en suster het die gerug eers geglo nadat hy, geklee in Britse uniform, 'n besoek aan hul tent in die kamp gebring het.⁸²

Alhoewel van die vroue in die Bethulie-distrik die joiners verag het, was hulle vreesbevange vir die swart hulptroepe in Britse diens, wat in hul distrik bedrywig was. Dat daar wel swart hulptroepe by Bethulie saamgetrek was, kom voor uit 'n verwysing na die Native Constabulary, wat 'n kamp hoër op teen die Marokspruit gehad het.⁸³ Die aantal insidente met hulptroepe wat in dagboeke en herinneringe vermeld word, bevestig voorts die feit dat daar 'n eenheid van swart gewapende hulptroepe by Bethulie was. Daar word afgelei dat die troepe se gesinne in die swart woonbuurt woonagtig was.⁸⁴ Tereg het Elizabeth Grobbelaar verklaar dat die vroue bang was vir die hulptroepe omrede “ons gehoor het hoe wreed hulle op sommige plase met die Boervroue gewerk het”.⁸⁵ Grobbelaar onthou hoe haar moeder deur 'n groep hulptroepe, onder leiding van 'n bruin man, Hendrik Morrison, gedreig is. Volgens Morrison was die troepe as deel van 'n Britse kolonne, aangesê om die plaas Meyerskraal te vernietig omrede die Grobbelaars Boere gehuisves het, maar voordat hy sy dreigement kon uitvoer, het Morrison die volgende dag in 'n geveg met burgers gesneuwel.⁸⁶

Die afleiding is dat Britse eenhede mans nodig gehad het wat veral goed bekend was met die distrik, asook om as tolke en gidse op te tree. Met die hulp van hierdie manne is die proses van vernietiging en wegvoering uit die Bethulie-distrik bespoedig. Joiners en hulptroepe het dus 'n belangrike rol in die uitvoering van die verskroeideaardebeleid gespeel. Hul is sodanig as deel van die Britse mag beskou dat hul selfs in Britse uniform uitgedos was. Dit spreek vanself dat hul keuses en optredes verdeeldheid in die Bethulie-gemeenskap sou gebring.

In sommige gevalle het vroue en kinders daarin geslaag om van die soldate en hulptroepe te ontvlug en het deel uitgemaak van die rondtrekkende vrouelaers.⁸⁷ Hierdie tendens het veral toegeneem nadat die vroue bewus geword het van die wegvoering na konsentrasiekampe, asook die uitsonderlike hoë aantal sterftes in die onderskeie kampe.⁸⁸ Dit wil voorkom of die uitgestrekte vlaktes, verspreide heuwels en laagliggende gebiede in die Suid-Vrystaat min

⁸² K. Hamman, *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 20.

⁸³ Venter, p. 119.

⁸⁴ Kessler, p. 110.

⁸⁵ Wessels *et al.* (reds.), p. 175.

⁸⁶ *Ibid.*, p. 174.

⁸⁷ Pretorius (red.), p. 52.

⁸⁸ *Ibid.*, p. 50.

wegkruipplek gebied het en die Britse magte kon dus die meeste van hierdie vrouelaers in die distrikte van Bethulie, Fauresmith, Smithfield en selfs Dewetsdorp en Wepener vang en na konsentrasiekampe stuur. Volgens A.J. Rabie (gebore Cronjé) was hul gesin afkomstig vanaf Smithfield, deel van 'n vrouelaer wat saam met die Jacobs-gesin van Edenburg, tussen Smithfield en Bethulie gevlug het. Hul laer is egter in die Bethulie-distrik verras en in hul poging om te vlug, is daar op hulle gevuur. Een van die Jacobs-dogtertjies is ernstig gewond, maar het wonderbaarlik herstel.⁸⁹ Soortgelyk is die verhaal van die Van Huyssteen-gesin van Nootgedacht, Smithfield, wat teen einde Mei 1901 deel was van 'n vrouelaer met vroue uit onder meer die Bethulie-distrik.⁹⁰ Die moeder, Hermina Gertruida Wilhelmina van Huyssteen,⁹¹ is op 21 Junie 1901 noodlottig gewond op die plaas Highlands⁹² van L. Wildhagen, distrik Smithfield, nadat 'n Britse kolonne op die vlugtende laer tussen Bethulie en Smithfield gevuur het. Die gesinne is hierna na die Bethulie-kamp weggevoer.⁹³

Hierdie verhale getuig van die Britse militêre owerheid se ongenaakbare optrede teenoor burgerlikes ten spyte van Groot-Brittanje se ondertekening van die Haagse Konvensie, wat sodanige persone teen direkte militêre optrede beskerm het. Hierdie ooreenkoms tot beskerming is deur die Britse regering en sy militêre owerheid, in sy stryd om 'n oorwinning te behaal, verontagsaam.

4.3 AANLOOP TOT DIE BETHULIE-KAMP

4.3.1 Ontstaan en bestuur van burgerkampe in die Orange River Colony

Op 7 Maart 1901 het “Army Order No. 1” verskyn, in terme waarvan die oprig en bestuur van “Burgher Refugee Camps” in die ORC en Transvaal Colony aangekondig is. Hiervolgens sou konsentrasiekampe nie meer onder militêre bestuur nie maar onder burgerlike bestuur val, wat egter eers in November 1901 uitgevoer is.⁹⁴ Sir Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, het reeds vóór hierdie datum sy behoefte uitgespreek vir “two officers of good standing capable of acting as General Superintendents of the Transvaal and

⁸⁹ OM, 6913/1: Uitenhage-konsentrasiekamp, p. 33.

⁹⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Petra van der Westhuizen – J.J.R. van Zyl, 3.5.2019 (e-pos); Pretorius (red.), p. 52.

⁹¹ Gade van burger Rutgert van Huyssteen.

⁹² Volgens Venter, die plaas Helvetia, maar volgens die nasate van mev. Van Huyssteen, die plaas Highlands.

⁹³ NASA, VAB, Meester van die Hooggeregshof (hierna MHG), H1321: Hermina Gertruida Wilhelmina van Huyssteen, gebore Human, 1901; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp; A.W.G. Raath, *Die konsentrasiekamp-gedenkreëks 1: Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 91.

⁹⁴ NASA, VAB, SRC, 29: Army Order No 1, 7.3.1901; Pretorius (red.), p. 49.

Orange River Colony camps respectively to work immediately under Maxwell and Goold-Adams”.⁹⁵ Benewens sir Hamilton Goold-Adams, wat as adjunk-administrateur van die ORC aangestel is, is nog persone met ’n militêre agtergrond in die burgerlike administrasie van die kolonie opgeneem. Hierdie aanstellings, wat later rigtinggewend in die Bethulie-kamp se bestuur was, het dié van kaptein A.G. Trollope, luitenant St John Cole-Bowen en kolonel J.S. Wilkins ingesluit. Die militêre agtergrond van hierdie aanstellings word deur Van Heyningen uitgewys as “throughout the life of the camps, a military culture was dominant”.⁹⁶ Hierdie stap deur die Britse owerheid moet nie noodwendig in ’n negatiewe lig gesien word nie, omrede sodanige agtergrond persone soos Cole-Bowen gehelp het om die probleme en uitdagings in die Bethulie-kamp te identifiseer en aan te spreek.

Op 22 Maart 1901 meld die *Government Gazette* dat kaptein Arthur Grant Trollope van die Buffs (Royal East Kent Regiment) met ingang 18 Februarie 1901 as Chief Superintendent of Refugee Camps (hoofsuperintendent van kampe) van die ORC aangestel is.⁹⁷ Trollope het hierdie betrekking vir ongeveer ’n jaar bekleed, soos blyk uit die feit dat hy op 11 Maart 1902 vier maande verlof versoek het om na Brittanje terug te keer. Goold-Adams het die versoek met ingang 1 April 1902 goedgekeur.⁹⁸ Op 29 Maart 1902 is in ’n telegram aan die Director of Telegraphs bevestig dat kolonel J.S. Wilkins van die Indian Medical Service met ingang 1 April 1902 as waarnemende hoofsuperintendent van kampe aangestel is. Wilkins, na wie Milner verwys as “one of the new geniuses from India”,⁹⁹ het gevolglik sedert gemelde datum besluite rakende die Bethulie-kamp geneem.¹⁰⁰

4.3.2 Ondersoek en goedkeuring van ’n kamp te Bethulie

Teen 8 Maart 1901 was daar nog geen daadwerklike planne in plek om ’n kamp te Bethulie in te rig nie, soos blyk uit ’n brief deur Trollope in sy hoedanigheid as hoofsuperintendent van kampe van die ORC.¹⁰¹ Die groeiende aantal haweloses wat gereeld op Bethulie aangekom het en waarvoor ’n heenkome en rantsoene gevind moes word, het spoedig tot ’n geskil tussen majoor C. White, die militêre bevelvoerder op Bethulie, en magistraat Charles Grant gelei. Dit was nadat daar op 8 April 1901, nog 57 burgerlikes uit die distrik op die dorp beland het. Trollope skryf later: “It was not proposed to start a Refugee Camp at Bethulie for 57

⁹⁵ NASA, VAB, SRC, 29, 6993: High Commissioner to Secretary of State, 27.11.1900.

⁹⁶ Van Heyningen, p. 82.

⁹⁷ *Government Gazette*, 22.3.1901, p. 134.

⁹⁸ NASA, VAB, SRC, 64, 7707: Captain Trollope granted four months leave of absence, 11.3.1902.

⁹⁹ NASA, VAB, SRC, 64, 7986: Colonel Wilkins taking over from Captain Trollope, 29.3.1902.

¹⁰⁰ *Ibid.*

¹⁰¹ NASA, VAB, SRC, 39, 1069: Arrival of refugees at Bethulie, 9.4.1901.

refugees. Springfontein was the best and nearest camp to send them to and is not overcrowded there being only 455 refugees there.”¹⁰² Trollope het wel erken dat die Springfontein-kamp besig was om vinnig vol te raak en dat ondersoek ingestel moes word om nog ’n kamp te stig.¹⁰³ Die Bethulie-vlugtelinge het intussen op die stasie oornag en die magistraat was ontevrede omrede hy nie van hul koms verwittig is nie en derhalwe nie die magtiging gehad het om rantsoene uit te reik nie. White het op sy beurt beswaar aangeteken teen die wyse waarop Grant die groep die volgende oggend in twee oop treintrokke na Springfontein aangestuur het. Daar was voorts onduidelikheid oor welke een van die twee ampte die mees senior op die dorp was. Aangesien White verantwoordelik was vir die toepassing van krygswet, is hy as die senior van die twee beskou, wat meegebring het dat burgerlike administrasie in daardie stadium aan die militêre gesag ondergeskik was.¹⁰⁴

Die toestroom van ontwortelde gesinne na die onderskeie kampe het intussen voortgeduur en dien as bewys dat die proses van vernietiging en wegvoering in die Suid-Vrystaat in daardie stadium begin momentum kry het vanweë die intense toepassing van die verskroeide-aardebeleid.¹⁰⁵ Trollope het besef dat die kampe te Springfontein en Norvalspont oorvol geraak het en was derhalwe genoodsaak om ondersoek in te stel om nog ’n kamp in die Suid-Vrystaat te vestig, en soos reeds na verwys, verkieslik naby ’n spoorroete. Die vroegste verwysing na ’n kamp op Bethulie blyk uit ’n brief van Trollope, gedateer 6 April 1901, waarin hy ’n navraag aan die bevelvoerende offisier van militêre voorrade rig ten einde vas te stel of daar “Army Supply Officers and Detail Issue Stores” by 12 van die kampe, insluitend Bethulie, was aangesien “a camp will probably be started there [Bethulie] shortly”.¹⁰⁶ Hierdie skrywe is voorafgegaan deur ’n telegram van Grant aan Trollope op 3 April 1901, met die vraag of ’n groot groep mense wat op daardie dag vanaf plase in die distrik verwyder is, na Springfontein gestuur moes word. Volgens Grant kon hy in daardie stadium nie die aantal persone bevestig nie, omrede nog gesinne na Bethulie op pad was.¹⁰⁷

Trollope het kort hierna, op 12 April 1901, ’n verslag insake die stigting van nog ’n kamp aan Goold-Adams gestuur. Hierdie verslag het sterk gesteun op ’n ondersoek deur A.G.H. Daller wat die kamp vir swart mense by Edenburg, asook die kamp vir wit mense by Springfontein besoek het. Volgens Van Heyningen is Daller met ingang van April 1901 aangestel om

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ *Ibid.*

¹⁰⁴ NASA, VAB, SRC, 103, 8381: Collecting refugee families in the district, 8.3.1901.

¹⁰⁵ NASA, VAB, SRC, 52, 2752: Tents required for Bethulie, 20.5.1901.

¹⁰⁶ NASA, VAB, CT, 765/01: Detail issue stores, 6.4.1901.

¹⁰⁷ NASA, VAB, SRC, 39, 1036: Refugees at Bethulie, 3.4.1901.

namens Trollope kampe te besoek ten einde die behoefte van elke kamp te bepaal.¹⁰⁸ Trollope se verslag dui daarop dat Daller verskeie kampe besoek het met die doel om die onderskeie superintendente te adviseer oor sake soos algemene bestuur en sanitasie, asook vas te stel wat hul onmiddellike behoeftes was. Daller se aanbevelings het gegeld vir bestaande en toekomstige kampe, waaronder die Bethulie-kamp.¹⁰⁹

In sy verslag verwys Daller na sy opdrag “to enquire into a site for a camp at Bethulie”¹¹⁰ en beveel ’n terrein vir sodanige kamp aan die oostekant van die dorp aan: “a pleasant valley sloping to the Orange River”.¹¹¹ Daller is in sy soeke na ’n geskikte terrein deur magistraat Grant vergesel en hy noem aan Trollope dat hy geen geskikte terrein digby die spoorlyn kon vind nie, aangesien ’n waterbron nie daar voorgekom het nie.¹¹² Daller het die terrein oos van Bethulie vir verskeie redes aanbeveel, aangesien dit naby die Smithfield-pad geleë was, asook naby ’n waterbron, bekend as Marokspruit, wat in die koppe noordoos van die dorp ontspring het. Voorts was daar ’n put, bekend as “Adams Well”,¹¹³ naby hierdie terrein vanwaar skoon water met waterkarre aangery kon word.¹¹⁴ Hierbenewens was daar volgens Daller genoeg poele in die Marokspruit vir wasdoeleindes. Daller het ’n skets van die omgewing en die beplande kampterrein gemaak en by sy verslag aangeheg.¹¹⁵ (Sien Bylae 4.1: Skets van die voorgestelde terrein van die Bethulie-konsentrasiekamp.) Daller ondersteun Trollope se aanbeveling van ’n kamp op Bethulie deur te meld dat, weens ’n oorvol kamp op Springfontein, inwoners van die Bethulie-distrik wat vanaf hul plase weggevoer is, in daardie stadium deur die magistraat in leë huise op die dorp gehuisves is.¹¹⁶ Hierdie opmerking deur Daller verklaar waarom sommige gesinne in die latere Bethulie-kampregister se datum van aankoms ’n paar weke vóór die amptelike opening van die kamp was. Daller se verwysing na die noodsaaklikheid van huisvesting strook verder met die gebeure op plase soos Mooifontein, vanwaar Sophia Fourie en haar gesin voor die opening van die kamp op

¹⁰⁸ Van Heyningen, p. 86.

¹⁰⁹ NASA, VAB, SRC, 41, 1206: Report on Edenburg, Springfontein and Bethulie with rough sketch on site for Bethulie Camp, 12.4.1901.

¹¹⁰ *Ibid.*

¹¹¹ *Ibid.*

¹¹² *Ibid.*

¹¹³ Die erf met die put daarop is aan die onderpunt van Joubertstraat geleë en het in 1900 aan William Adam, ’n Britse lojalis, behoort.

¹¹⁴ NASA, VAB, SRC, 41, 1206: Report on Edenburg, Springfontein and Bethulie with rough sketch on site for Bethulie Camp, 12.4.1901; *Volksblad*, 9.1.2015, p. 6.

¹¹⁵ NASA, VAB, SRC, 41, 1206: Report on Edenburg, Springfontein and Bethulie with rough sketch on site for Bethulie Camp, 12.4.1901.

¹¹⁶ *Ibid.*

Bethulie weggevoer is en tydelik in 'n vervalde perdestal op die erf van Hans Norval moes tuisgaan, terwyl 'n joiner sy intrek in die Fourie-gesin se ruim dorps huis geneem het.¹¹⁷

Met al die feite in 'n volledige verslag vervat, het Goold-Adams nie veel van 'n keuse gehad as om 'n kamp by Bethulie goed te keur nie en gevolglik is die eerste tente van die Bethulie-kamp op 22 April 1901 opgeslaan.¹¹⁸ In daardie stadium het Bethulie-distrik dus twee kampe binne sy distriks grense gehad, naamlik die Springfontein- en die Bethulie-kamp. Die administratiewe reëlins en kommunikasie rakende die planne vir die nuwe kamp was egter in daardie stadium nog nie in plek nie, soos blyk uit 'n navraag deur Grant aan Trollope, gedateer 12 April 1901: "Will the camp be under me and if so, what staff shall I be allowed."¹¹⁹ Grant is kort hierna in kennis gestel dat Henry Russel Deare as superintendent van die nuwe Bethulie-kamp aangestel is, 'n pos wat hy vir bykans agt maande bekleed het. Die eerste amptelike verwysing na Deare se aanstelling kom voor in 'n telegram van 4 April 1901 uit Port Elizabeth, waarin die 48-jarige Deare laat weet: "Thanks, will accept appointment, but hope you can give me a few days grace."¹²⁰ Op 6 April 1901 stel Trollope die koloniale administrasie in die Government Buildings te Bloemfontein in kennis dat "I want him [Deare] at Bethulie as soon as possible", en dat sy reispermit daarom bespoedig moes word.¹²¹ Hieruit kan afgelei word dat daar in daardie stadium 'n groot behoefte was aan 'n persoon wat beheer kon neem van die kamp. Op 10 April 1901 het Deare nog vir sy reispermit gewag, maar teen 13 April 1901 het hy laat weet dat hy gereed was om te vertrek.¹²² Op 18 April 1901 telegrafeer Grant dat Deare saam met die eerste aantal tente in Bethulie aangekom het, maar dat die vervoer vanaf die stasie na die kampterrein asook die opslaan van hierdie tente, nog 'n ruk sou duur, terwyl die eerste inwoners van die nuwe kamp reeds vanaf Springfontein na Bethulie op pad was.¹²³

Met inagneming van die verantwoordelikhede en die vereistes vir die amp van superintendent, is dit nie duidelik waarom Deare die suksesvolle kandidaat was nie. Dit is ironies dat Edith Dickenson, in 'n berig wat later verskyn het, verwys na 'n gesprek in April 1902 met die latere inspekteur van kampe, St John Cole-Bowen, waarin sy deur hom meegedeel is dat "his [Deare's] qualifications for the post consisted in being a great sportsman and having the

¹¹⁷ *Marble Koerier*, 14.8.1981, p. 2.

¹¹⁸ NASA, VAB, SRC, 39, 10/10A: Deare and tents arrived, 18.4.1901.

¹¹⁹ NASA, VAB, SRC, 38: Management of Bethulie Camp, tents, 12.4.1901.

¹²⁰ NASA, VAB, SRC, 3, 1069: Appointment of Mr Deare, 4.4.1901.

¹²¹ NASA, VAB, SRC, 3, 1069: Russel Deare, 6.4.1901.

¹²² NASA, VAB, SRC, 3, 1069: Appointment of Mr Deare, 4.4.1901.

¹²³ NASA, VAB, SRC, 39, 10/10A: Deare and tents arrived, 18.4.1901.

means of recovering some officer's valuable dog there [Port Elizabeth], which had been lost".¹²⁴ Deare se vermoë om die kamp suksesvol te bestuur, sou 'n paar maande later, vanweë die groot aantal sterftes in die Bethulie-kamp, bevraagteken en onder die vergrootglas geplaas word.

4.3.3 Dewetsdorp en Reddersburg word ontruim

Net soos in die geval van die Suid-Vrystaatse dorp Rouxville, waar hierdie dorp in geheel ontruim is en inwoners na die Aliwal-Noord-kamp gestuur is, is Dewetsdorp en Reddersburg beide ontruim, maar inwoners is na die nuwe Bethulie-kamp gestuur. 'n Inwoner van Dewetsdorp, Sarie Roos, vertel in haar dagboek dat haar gesin deel was van 'n groep inwoners wat op 'n koelerige herfsoggend, op Sondag 14 April 1901, deur 'n Britse kolonne met 'n konvooi van 125 waens vanaf Dewetsdorp weggevoer is en dat 'n verdere 83 krygsgevangenes deur die Britte te voet aangejaag is. Op Dinsdag 16 April 1901 het die waens deur 'n verwoeste Reddersburg beweeg. Op Edenburg-stasie is ongeveer 1 500 mense, meestal vroue en kinders, en 3 500 stuks vee saamgetrek. Nog dieselfde middag is die groep in oop kooltrokke na Springfontein gestuur, waar hulle die aand tydens 'n swaar donderstorm sopnat gereën het, wat meegebring het dat diegene wat tydens die tog na Edenburg siek geword het, verder begin kwyn het.¹²⁵

Die groep se aankoms op Springfontein het saamgeval met 'n besoek aan Suid-Afrika deur Emily Hobhouse, 'n Britse humanis, wat haar in daardie stadium op hierdie spoorwegstasie bevind het. Op die vooraand van die stigting van die Bethulie-kamp het Hobhouse die Suid-Vrystaat, spesifiek die Springfontein-kamp, besoek. Hobhouse het haar op 15 April 1901 nog in Kimberley bevind, maar was kort hierna op Springfontein-stasie waar sy 'n groot groep mense teëgekom het wat reeds vir 'n paar dae in oop kooltrokke moes tuisgaan.¹²⁶ Die afleiding is dat Hobhouse hier kennis gemaak het met die gesinne wat vanaf Dewetsdorp en Reddersburg na Bethulie gestuur is en op Springfontein-stasie versamel het in afwagting op plasing in die nuwe kamp by Bethulie. Kruisverwysing met die dagboeke van Rensche van der Walt en Sarie Roos bevestig dit, omrede Van der Walt vertel dat die groepe van Reddersburg en Dewetsdorp eers laat die aand, op Vrydag 19 April 1901 vanaf Springfontein na Bethulie vertrek het.¹²⁷

¹²⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

¹²⁵ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 2.

¹²⁶ E. Brits, *Emily Hobhouse, beloved traitor*, p. 68.

¹²⁷ Hamman, p. 9.

Tydens Hobhouse se besoek aan Springfontein-stasie het sy en Clara Sandrock, die dogtertjie van eerw. Sandrock van Springfontein, koffie, brood en blikkiesvleis uitgedeel aan die groep vroue en kinders wat na 'n paar dae se reis nog niks te ete gehad het nie. Hierbenewens het Hobhouse geld aan Clara gegee om soveel moontlik verversings by die klein winkeltjie op die stasie te koop. Hobhouse meld: "I heard the whole lot were to be sent to Bethulie for now a camp is forming there. I have just heard from a man who met the same trainload at Edenburg that four children died¹²⁸ on the journey."¹²⁹ Dit is uit dagboeke van Roos en Van der Walt duidelik dat hierdie groot groep mense afkomstig vanaf Dewetsdorp en Reddersburg, 'n paar dae op die Springfontein-stasie deurgebring het, aangesien Sarie Roos verwys na die Springfontein-kampkommandant wat nie toestemming wou verleen om hulle in sy kamp op te neem nie. Die gevolgtrekking is dat die Springfontein-kamp reeds oorvol was en dat toestemming, selfs vir tydelike verblyf, nie gegee is nie. Die kooltrokke is derhalwe vir 'n paar dae op 'n syspoor gestoot, waar gesinne self skuilings moes prakseer. Roos meld dat die groep op 19 April 1901 vertrek het, maar Bethulie egter eers op Sondag 21 April 1901 om ongeveer 16:00 bereik het. Die tente in die Bethulie-kamp was nog nie opgeslaan nie en derhalwe was die groep verplig om tot Woensdag, 24 April 1901, op die trein te bly, waarna hulle met oop waens na die kamp vervoer is.¹³⁰ Alhoewel die dagboeke van beide Roos en Van der Walt na vertrek- en aankomsdatums verwys, is dit nie duidelik waarom die treinrit vanaf Springfontein na Bethulie so lank geduur het nie. Met hul aankoms op die Bethulie-stasie en in die kamp, het ds. H. Becker en Bethulie-inwoners die aankomelinge van kos voorsien. Kort ná hul aankoms het ds. Becker die begrafnis van Brechie Joubert se dogtertjie¹³¹ in die Bethulie-dorpsbegraafplaas behartig.¹³²

Roos en Van der Walt se vertellings getuig van omstandighede van uiterste ontbering waaraan die inwoners van die Suid-Vrystaat onderworpe was en dat daar reeds met hul aankoms op Bethulie 'n sterfgeval aangemeld was. Hierdie toedrag van sake het vir die duur van die oorlog voortgeduur, omrede prop. A.D. Lückhoff 'n dogtertjie in herinnering roep wat

¹²⁸ Emily Hobhouse het die laaste oomblikke van drie kinders wat aan ontbering op die Springfontein-stasie dood is waargeneem. Die beeld van een van hierdie sterwende kinders het haar bygebly sodat sy jare later hierdie toneel aan die beeldhouer, Anton van Wouw, beskryf het waarna hy, in die skepping van die sentrale beeldgroep vir die Nasionale Vrouemonument, die toneel uitgebeeld het. Die afleiding is dat dit die Dewetsdorp- en Reddersburg-inwoners was, wat op pad na Bethulie was en daar deur Hobhouse aangetref is.

¹²⁹ J. Hobhouse Balme, *To love one's enemies: The work and life of Emily Hobhouse compiled from letters and writings, newspaper cuttings and official documents*, p. 174.

¹³⁰ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, pp. 2-4.

¹³¹ Aletta Sophia Joubert van Daggafontein, Ladybrand, wat op 22 April 1901 op die ouderdom van agt maande aan longontsteking oorlede is.

¹³² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

koors gehad het ten tye van die gesin se aankoms op Bethulie-stasie op 21 Augustus 1901, dieselfde dag waarop hy by Bethulie aangekom het.¹³³ Die dogtertjie was deel van 'n aantal gesinne afkomstig vanaf die Fauresmith- en Philippolis-distrikte waarvan nege persone uit hierdie groep oorlede is kort na hul aankoms in die Bethulie-kamp.¹³⁴ Die situasie het teen einde Oktober 1901 steeds voortgeduur, omrede 'n amptelike Britse opgawe verwys na die “deplorable condition” van mense wat na kampe in die ORC geneem is, was “scantily clad, half starved, and with disease amongst them”.¹³⁵

4.4 DORINGBOOMKAMP, 22 APRIL TOT 5 JUNIE 1901

4.4.1 Voorbereiding, ligging en eerste inwoners

Vir redes onbekend is daar nie aan Daller se aanbevelings vir die ligging van die nuwe Bethulie-kamp gehoor gegee nie en is 'n terrein noordoos van die dorp gekies. Die kamp was sedert 22 April 1901 aan die voet van 'n koppie met doringbome geleë, en het spoedig onder die inwoners bekend gestaan as die “Doringboomkamp” of “Rooibultkamp”. Petrus Fourie verwys in sy herinneringe na hierdie langerige koppie as 'n berg wat deel was van 'n groep hoogtes noordoos van die dorp en wat saam met ander koppies 'n poort, bekend as Moordenaarspoort, gevorm het, met 'n spruit wat hierdeur kronkel.¹³⁶

Die tente waarin gesinne in die onderskeie kampe gehuisves moes word, was in 'n gehawende toestand, soos bevestig deur Trollope in April 1901: “tents being old and useless and two or three have to be pitched instead of one.”¹³⁷ Selfs Goold-Adams verwys na die swak toestand van tente en dat dit nie veel beskutting en/of privaatheid gebied het nie.¹³⁸ Die behoefte aan tente het deurentyd die aanbod oorskry. Trollope meld in 'n brief van 8 April 1901 dat ten minste 60 kloktente vir wit inwoners afkomstig van die plase, wat tydelik in die Bethulie-dorp gehuisves is, benodig word. Trollope skryf verder dat daar geen huisvesting meer beskikbaar was vir die gesinne wat op 'n daaglikse basis in die dorp aankom nie en dat “the town was very insanitary”.¹³⁹ Voorts is daar vanaf Bloemfontein gerapporteer dat daar in

¹³³ Raath, p. 86.

¹³⁴ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp*.

¹³⁵ OM, 7194/108: *Reports on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, 31.10.1901, p. 125.

¹³⁶ *Marble Koerier*, 14.8.1981, p. 2.

¹³⁷ NASA, VAB, SRC, 41: Ordinance Officer and tents for refugee camps, 10.4.1901.

¹³⁸ Pretorius (red.), p. 66.

¹³⁹ NASA, VAB, SRC, 41: Tents required for refugee camps, 8.4.1901.

daardie stadium slegs 'n klerk en 'n stoorbeampte vir die nuwe Bethulie-kamp beskikbaar was, wat verantwoordelik sou wees vir die uitreik van tente.¹⁴⁰

Die SS *Tantalon Castle* het op 20 April 1901 slegs 500 kloktente en 20 markiestente, wat vanaf Brittanje deur “Messrs Pickering and Co, a direct importer from Brittain”¹⁴¹ bestel was, vir die kampe in die ORC afgelewer, maar dit was kwalik genoeg om in een kamp se behoeftes te voorsien. 'n Geskil het tussen Trollope en die Imperial Military Railways se beamptes ontstaan oor tente wat by Port Elizabeth aangekom het. Die kwartiermeester-generaal se behoeftes het prioriteit geniet bo dié van die burgerlike administrasie, en Trollope se besending tente het boonop by die kwartiermeester-generaal beland sodat die afhandeling van hierdie dringende aangeleentheid vertraag was.¹⁴² Ten spyte van die groot nood in die onderskeie kampe van die ORC, moes Trollope verneem dat die soldate se behoeftes voorkeur geniet het.¹⁴³ Dit is uit bogenoemde duidelik dat inwoners van konsentrasiekampe die prys vir hierdie omslagtige burokrasie moes betaal.

Op 21 April 1901 is 'n telegram ontvang met die nuus dat meer as 1 000 persone vanaf Springfontein na Bethulie op pad was. Hierdie telegram het verwys na die Dewetsdorp- en Reddersburg-inwoners wat vroeër deur die Britse magte weggevoer is.¹⁴⁴ Trollope het op 22 April 1901 'n brief aan die Chief Ordinance Officer gerig, waarin hy 100 tente versoek ten einde die 1 200 haweloses wat hulself in daardie stadium op die Bethulie-stasie bevind het, te huisves. 'n Paar tente is wel voor die tyd ontvang, maar kon slegs 250 persone huisves. Trollope het hierdie versoek gerig na aanleiding van Deare se aankoms te Bethulie. Deare meld self in sy versoek om ekstra tente na die verblyf van vroue en kinders in trokke op die Bethulie-stasie en verwys op 23 April 1901 na die onmoontlike taak om die aantal gesinne wat weekliks aangroei, te huisves en te voed. Op 24 April 1901 is 'n verdere 40 tente per spoor na Bethulie gestuur, maar na 'n week was dit steeds nie ontvang nie. Benewens huisvesting, was rantsoene 'n groot probleem vanweë die tekort aan lewensmiddele op Bethulie. Ten einde te voorkom dat hierdie mense verhonger, was Deare verplig om vir voorrade by die Britse bevelvoerder van die Bethulie-brûe aan te klopp waar 'n groot voorradedepot intussen vir die Britse Leër ingerig was.¹⁴⁵

¹⁴⁰ NASA, VAB, SRC, 40, 1237: Supplies at Bethulie, 16.4.1901.

¹⁴¹ NASA, VAB, SRC, 41: Arrival of tents for RC at Port Elizabeth harbour, 20.4.1901.

¹⁴² *Ibid.*

¹⁴³ NASA, VAB, SRC, 43, 26: Urgent need for tents at Bethulie, 4.5.1901.

¹⁴⁴ NASA, VAB, SRC, 39, 10/11A: Arrival of more refugees, 21.4.1901.

¹⁴⁵ NASA, VAB, SRC, 49, 2749: Tents for Bethulie required urgently, 22.4.1901.

Volgens 'n berig oor die Bethulie-kamp se bestaan wat ses maande later in die *St James Gazette* verskyn het, was die Dewetsdorp- en Reddersburg-inwoners 'n paar dae ná hul aankoms op die Bethulie-stasie, na die nuwe kamp gestuur waar daar bykans nog geen infrastruktuur en/of tente opgerig was nie.¹⁴⁶ Rensche van der Walt beskryf hoe hulle vuil, moeg en verhonger in die Doringboomkamp aangekom het, waar tot 14 mense in 'n tent geplaas is.¹⁴⁷ Nie almal was egter so gelukkig nie en omrede daar nie voldoende tente was nie, was 300 mense steeds by die stasie in trokke gehuisves.¹⁴⁸ Volgens ds. H.C.J. Becker is selfs inwoners van die Bethulie-dorp nie ontsien nie en is hul ook weggeneem van hul gerieflike wonings in die dorp en na hierdie en ander kampe gestuur. Alle toegang tot die kamp is streng beheer, soos afgelei kan word uit ds. Becker se verwysing na 'n pas wat hy en sy gade ten tye van besoeke moes toon.¹⁴⁹

Emily Hobhouse het met sir Hamilton Goold-Adams ontmoet en bewus geword van sy radeloosheid met die onvoorbereide burgerlike bestuur en die groot aantal mense wat deur die militêre owerhede na kampe weggevoer was. Hobhouse skryf: "He tells me more and more are moving in. A new sweeping movement has begun."¹⁵⁰ Die benarde situasie waarin vroue en kinders hulself in die Bethulie-kamp bevind het, is ook deur Goold-Adams met Hobhouse bespreek en sy beskryf dit soos volg: "General wires: Expect 500 or 1 000 at such place – and he has nothing to send there to provide for them. He being wholly out of tents, has sent to Port Elizabeth and had thirty shelters made of sorts, and there they lie. He can't even get them sent up."¹⁵¹ Die superintendente van die onderskeie kampe het voorts gerapporteer dat die vroue en kinders met hul aankoms dikwels net die klere aan hul lyf gehad het. Goold-Adams meld dat die besteding aan klerasie in die kampe 'n groot uitgawe op die begroting was en rig derhalwe 'n versoek aan die Britse militêre owerheid in die ORC dat burgerlikes tydens wegvoering toegelaat moes word om basiese benodighede met hulle saam te neem.¹⁵² Die omstandighede waaronder burgerlikes in groot getalle na die onderskeie kampe weggevoer is, was derhalwe nie aan die koloniale bestuur van die ORC onbekend nie.

Trollope het statistiek vanaf die onderskeie superintendente aangevra en kon op 4 Mei 1901 aandui dat die 13 konsentrasiekampe in die ORC 'n totaal van 19 809 wit mense gehuisves

¹⁴⁶ *St James Gazette*, 2.11.1901, p. 4.

¹⁴⁷ Hamman, p. 10.

¹⁴⁸ NASA, VAB, SRC, 49, 2751: Tents for Bethulie refugee camp, 23.4.1901.

¹⁴⁹ Raath, p. 71.

¹⁵⁰ Hobhouse Balme, p. 174.

¹⁵¹ *Ibid.*

¹⁵² NASA, VAB, SRC, 3: Military must allow refugees to collect their personal belongings before removed from farms, 19.3.1901.

het, asook 'n verdere 12 754 swart mense in die agt swart kampe. Die Doringboomkamp het in daardie stadium 1 526 wit mense gehuisves, waarvan slegs sewe persone as siek aangedui was. Soos reeds vermeld, is swart plaaswerkers na 'n kamp by Edenburg gestuur omrede daar nie in Bethulie 'n kamp vir swart mense was nie. Ten spyte van die vermelding dat daar geen verdere akkommodasie in die kamp beskikbaar was nie, het die getal mense in die Doringboomkamp teen 31 Mei 1901 tot 1 695 toegeneem.¹⁵³ Die getal mans het oor 'n tydperk van ses weke toegeneem met 25 mans teen 25 April 1901, 44 mans teen 1 Mei 1901 en 117 mans teen 31 Mei 1901.¹⁵⁴ (Sien Bylae 4.2: Grafiek 4.2.1.) Die afleiding is dat daar gepoog was om veral die aantal hensoppers na die Doringboomkamp te bring, sodat hierdie mans nie weer die wapen kon opneem nie.

4.4.2 Ongunstige omstandighede in die kamp

Die Doringboomkamp het nie die mees basiese toerusting, middele en geriewe gehad nie, soos blyk uit 'n versoek van Deare, gedateer 25 Mei 1901. Sy versoek sluit in “100 kettles, 20 doz. brooms, 3 cans disinfectants, 2 spades, 6 axes, 2 hammers, 12 wheelbarrows, 1 office table, 12 urine bottles, wood and iron for three latrines”.¹⁵⁵ Burokratiese regulasies het Deare na verskillende departemente verwys. So moes hy die Ordinance Department nader vir mediese items soos urinebottels, terwyl 'n ander verskaffer die ontsmettingsmiddels moes voorsien. Verder was daar nie enige hout en sinkplaat vir die bou van toilette beskikbaar nie. In die afwesigheid van basiese toerusting en geriewe kon die kamp derhalwe teen einde Mei 1901 nog nie effektief funksioneer nie en het die groeiende getalle daagliks druk op die beperkte middele geplaas.¹⁵⁶

Swak huisvesting, gebrekkige rantsoene, probleme met watervoorsiening en onvoldoende sanitasie het spoedig tot siektes onder veral die verswakte inwoners aanleiding gegee. Ds. Becker verwys na gesinne wat “vir enige dae aaneen op die pad en veld rondgeslinger, blootgestel aan wind en weer, koue en hitte, voor hulle by die kamp aangekom het ... met die gevolg dat die meeste 'n sware koue opgedoen het”.¹⁵⁷ Teen hierdie agtergrond van ontbering het inwoners se weerstand teen siektes nog verder verswak omrede gebrekkige rantsoene ontvang was. Volgens Rensche van der Walt was die rantsoene in die Doringboomkamp

¹⁵³ NASA, VAB, SRC, 31, 1725: Return of refugee camps, 4.5.1901; NASA, VAB, SRC, 31, 1725: Total number of refugees in camps, 31.5.1901.

¹⁵⁴ NASA, VAB, SRC, 22, 1309: List of white males in RC, 15.4.1901; NASA, VAB, SRC, 22, 2122: List of Boer males in various RCs, 1.5.1901.

¹⁵⁵ NASA, VAB, SRC, 33, 2104: List of requisitions for Bethulie RC, 25.5.1901.

¹⁵⁶ *Ibid.*

¹⁵⁷ Raath, pp. 70-71.

uiters skraps en die gehalte daarvan swak; gelukkig het ds. Becker en sy gemeente gehelp deur kos en melk te voorsien.¹⁵⁸ Inwoners van alle klasse en ouderdomme, wat vir ure in toue moes staan en wag vir die uitdeel van rantsoene, het P. Botha, die magistraat van Philippolis se gade, bygebly.¹⁵⁹ Tydens die eerste twee maande van die kamp se bestaan, is diegene wat dit kon bekostig, toegelaat om met die nodige pas dorp toe te gaan ten einde hul rantsoene aan te vul. Met Bethulie-dorp wat self 'n tekort aan voedselvoorrade ervaar het, is die aankoop van rantsoene later deur die Britse bestuur verbied.¹⁶⁰

Vanaf die begin van die kamp se ontstaan was mediese sorg problematies. Slegs een geneeskundige, naamlik dr. Herman Wohlers van Bethulie-dorp, is deur die Britse owerheid as kampdokter aangewys. Dr. Wohlers het aanvanklik die aanbod, vanweë die groot werkslas en karige vergoeding van die hand gewys, maar het wel die owerheid se tweede aanbod aanvaar. Wohlers het met reg gevrees dat die oorbevolkte kamp tot die besoedeling van die waterbron kon lei, wat 'n gevaar vir die hele dorp sou inhou.¹⁶¹ In die soeke na 'n geskikte terrein vir die kamp was die beskikbaarheid van voldoende en skoon water 'n bepalende faktor. Die kamp was langs 'n spruitjie geleë wat deur die Moordenaarspoort gekronkel het, maar waarvan die water nie baie skoon was nie en slegs geskik was vir wasdoeleindes. Die Doringboomkamp was ook nie naby 'n waterreservoir geleë nie en daarom is drinkwater met waterkarre wat deur muile getrek was, vanaf die Eseldam,¹⁶² noordoos van die dorp, na die kamp aangery. Volgens 'n inwoner kon daar, vanweë die groeiende bevolking, nie met watervoorsiening volgehou word nie, selfs al was 'n gesin geregtig op slegs een houer water per dag. Hierbenewens het die oorbevolking van die terrein spoedig tot probleme rondom die sanitasiegeriewe gelei en is die spruit se water gevolglik besoedel. Die toiletgeriewe in die Doringboomkamp was baie primitief en het bestaan uit gate wat in die Pompfontein se walle gegrawe is en met balke oordek was.¹⁶³

Die eerste amptelike verwysing na 'n poging om vir sanitasie in die Doringboomkamp voorsiening te maak, was 'n bestelling wat op 11 April 1901 by M.M. Steytler, algemene handelaar van Port Elizabeth, geplaas was vir “ten sets of latrines and thirty shelters”.¹⁶⁴

¹⁵⁸ Hamman, p. 10.

¹⁵⁹ Pretorius (red.), p. 69.

¹⁶⁰ OM, 5417/1: My herinneringe aan die Bethulie-konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 – Anna Catharina Elizabeth Breedts (gebore Simkin), 10.10.1966.

¹⁶¹ NASA, VAB, SRC, 21, 4418: Dr Wohlers at Bethulie, 20.8.1901.

¹⁶² 'n Reservoir wat deur Britse soldate noordoos van die dorp opgerig is en waarop twee wit esels geveerf is, aangesien die Britte hul transportkamp daar naby gehad het.

¹⁶³ *Marble Koerier*, 14.8.1981, pp. 2-3.

¹⁶⁴ NASA, VAB, SRC, 36, 1281: Transit of latrines and shelters for school purposes, 11.4.1901.

Slegs een stel latrines en twee beskuttings is egter op 1 Junie 1901 per spoor na Bethulie gestuur. Die afleiding is dat die latrines vir die skool se gebruik aangevra was. Intussen was die primitiewe toilette geheel en al onvoldoende vir die groeiende bevolking van die kamp en was die onmiddellike omgewing reeds teen begin Mei 1901 sodanig besoedel dat 'n maagkoors-epidemie gevrees is. Selfs die water in die kuile van die spruit is beskryf as “ondraaglike seepkuile” wat 'n groot risiko vir siektes ingehou het.¹⁶⁵

Volgens 'n inwoner van die Doringboomkamp is verskeie persone tydens hierdie kamp se kortstondige bestaan oorlede, die meeste weens blootstelling tydens hul vervoer na die kamp.¹⁶⁶ Volgens die inligting wat aan Trollope gestuur is, is daar teen 1 Mei 1901 slegs een sterfgeval aangemeld.¹⁶⁷ Rensche van der Walt verwys egter na ten minste twee sterfgevälle in dieselfde tyd, naamlik 'n driejarige seuntjie wat 15 dae ná sy aankoms in die kamp oorlede is en 'n 12-jarige seun wat vyf dae later oorlede is.¹⁶⁸ Hierteenoor was daar volgens dr. George Pratt Yule¹⁶⁹ se data van 31 Mei 1901 'n inwonertal van 1 693 persone in die Doringboomkamp, in vergelyking met Trollope se gegewens van 1 695 persone, met sewe sterftes waarvan vyf aan longontsteking gesterf het.¹⁷⁰ Die databasis tot 31 Mei 1901 vir die Bethulie-kamp verwys egter na agt sterftes, waarvan sewe kinders was.¹⁷¹ Hierdie sterftes vroeg in die kamp se bestaan, moes vir die kampbestuur 'n aanduiding gewees het dat kinders meer vatbaar was vir siektes en dat hul risiko derhalwe hoër was. Nadat die kamp in Junie 1901 na 'n nuwe terrein verskuif is, is die oorledenes, volgens 'n kampinwoner, in die nuwe kamp se kerkhof herbegrawe.¹⁷² Uit die statistiek oor sterftes blyk dit dat die Britse amptenare in die eerste twee maande van die Bethulie-kamp se bestaan nie altyd goeie rekord gehou het nie, of moontlik nie eerlik was oor die getal sterfgevälle nie, aangesien dit negatief op die kampbestuur sou reflekteer. Volgens die databasis was daar teen 31 Mei 1901 dus 1 695 inwoners in die Doringboom-kamp. Volgens die Bethulie-databasis was daar agt sterftes in daardie stadium, wat in Tabel 4.2 uiteengesit word.¹⁷³

¹⁶⁵ *Marble Koerier*, 14.8.1981, pp. 2-3.

¹⁶⁶ *Bethulie Nuusbrief*, 19.8.1979, p. 10.

¹⁶⁷ NASA, VAB, SRC, 32, 1646: Deaths in RC, 1.5.1901.

¹⁶⁸ Hamman, p. 10.

¹⁶⁹ Dr. George Pratt Yule, die hoof mediese ordonans (Principal Medical Officer) van kampe in die ORC.

¹⁷⁰ NASA, VAB, SRC, 26, 2257: Death rate from death reports received, 1.6.1901; NASA, VAB, SRC, 72, 7124: Statistics on RCs, 24.11.1901.

¹⁷¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

¹⁷² OM, 5417/1: My herinneringe aan die Bethulie-konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 – Anna Catharina Elizabeth Breedts (gebore Simkin), 10.10.1966.

¹⁷³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

Tabel 4.2: Sterftes volgens die Bethulie-databasis, 31 Mei 1901

Ouderdom van oorledenes	Getal sterftes
<1 jaar	4
1–5 jaar	1
6–10 jaar	1
11–15 jaar	1
16–20 jaar	1
Totaal	8
Distrik van afkoms	Getal sterftes
Bethulie	4
Ladybrand	1
Smithfield	1
Wepener	2
Totaal	8
Oorsake van sterftes	Getal sterftes
Longontsteking, brongitis	4
Koors, stuipe	2
Maagkoors, gastro, diarree	1
Verswakte toestand, wanvoeding	1
Totaal	8

Met verwysing na die wyse waarop die Bethulie-kamp ingerig is en die aantal mense wat geakkommodeer moes word, is dit duidelik dat hierdie kamp oorhaastig en sonder deeglike beplanning tot stand gekom het weens die tempo van vernietiging in die Suid-Vrystaat. Dit blyk verder dat gesinne ná hul wegvoering en gevolglike blootstelling aan die elemente, reeds liggaamlik verswak was met hul aankoms by die Bethulie-kamp, waar hulle verder gekonfronteer is met 'n kamp wat nie gereed was om hulle te ontvang nie. Die Bethulie-databasis toon dat die meeste van die gesinne wat na die Bethulie-kamp weggevoer is, in die winter van 1901 vanaf hul plase verwyder is. Martie van Rensburg van Philippolis beskryf die sneeu-reën en 'n ysige koue wind tydens hul groep se aankoms by Bethulie-stasie.¹⁷⁴ In Junie 1901 alleenlik is 235 persone vanaf Philippolis na Bethulie weggevoer.¹⁷⁵ Swak voorbereiding in April 1901 en die gevolglik ongunstige omstandighede in die Doringboomkamp, het hierna tot groter probleme gelei, wat die lewensomstandighede van inwoners ernstig benadeel het en tot siektes, en in sekere gevalle selfs tot die dood gelei het.

¹⁷⁴ Raath, p. 21.

¹⁷⁵ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

4.5 MOERASKAMP, 6 JUNIE TOT 9 DESEMBER 1901

4.5.1 Verskuiwing van die Bethulie-kamp

Ten spyte van die feit dat Deare aan die einde van Mei 1901 aangedui het dat die Bethulie-kamp weens beperkte hulpbronne, huisvesting en voedsel, geen verdere mense kon huisves nie, het die vernietiging en wegvoer van gesinne in die Suid-Vrystaat steeds voortgegaan. Ten einde homself van omstandighede te vergewis, het Trollope die Doringboomkamp op 2 en 3 Junie 1901 besoek en gefokus op kwessies rakende die aantal inwoners en watervoorsiening. Dit was duidelik dat die terrein by die Doringboomkamp te klein was en dat die Eseldam nie aan die waterbehoefte van die groeiende aantal inwoners kon voorsien nie. Alhoewel pype aangelê is om water vanaf die Eseldam na die kamp te herlei, was die hoeveelheid water wat die kamp bereik het, onvoldoende en is daar gevrees dat die pype kon bars as die waterdruk verhoog sou word. Vanweë die probleme met watervoorsiening, die besoedeling in die omgewing van die kamp, asook die behoefte aan ruimte vir uitbreiding, het Trollope dus tot die gevolgtrekking gekom dat Daller se aanbeveling vir 'n terrein oos van die dorp, heroorweeg moes word.¹⁷⁶

Die Bethulie-kamp, wat op 22 April 1901 ontstaan het en wie se inwonertal binne enkele weke tot 1 695 toegeneem het, is gevolglik op 6 Junie 1901 na 'n nuwe terrein aan die suidoostekant van die dorp verskuif.¹⁷⁷ Die *St James Gazette* bevestig die behoefte aan water as die hoofrede vir die verskuiwing: “the water was too far distant... it was wisely decided to move the camp.”¹⁷⁸ Daller het tereg in sy vroeëre verslag na hierdie terrein verwys as 'n gebied waar voldoende water beskikbaar was, danksy 'n fontein wat in die Marokspruit uitborrel en tot 1 800 ℓ water per uur kon lewer. Hierdie spruit het sy oorsprong in die koppies noordoos van die dorp, en vloei verby Bethulie tot waar dit by die Oranjerivier aansluit.¹⁷⁹ Die Bethulie-kamp is dus midde in die Vrystaatse winter van 1901 na 'n nuwe terrein suidoos van die dorp verskuif. Die eerste ry tente is ongeveer 100 m noord van die latere kampkerkhof opgeslaan en het gestrek tot by die huidige oostelike toegangsroete na Bethulie.¹⁸⁰

¹⁷⁶ NASA, VAB, SRC, 56, 8770/1: Camp at Bethulie, 3.6.1901.

¹⁷⁷ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

¹⁷⁸ *St James Gazette*, 2.11.1901, p. 4.

¹⁷⁹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: A.O. Odendaal – J.J.R. van Zyl, 10.9.2015 (e-pos).

¹⁸⁰ *Bethulie Nuusbrief*, 7.4.1978, p. 9.

Alhoewel die nuwe terrein potensiaal vir uitbreiding gebied het en veel nader aan 'n sterk waterbron geleë was, het dit nuwe uitdagings gebring. Die grootste hiervan was die feit dat die kamp op 'n laagliggende gebied met 'n vleiagtig voorkoms geleë was, en dat die omgewing nie juis bevorderlik was vir die inwoners se gesondheid nie. Die latere Fawcett-kommissie, het op 7 September 1901 verwys na die swaar misbank wat elke oggend en aand oor hierdie gebied gehang het en dat die dorp, wat effens hoër geleë is, nie dieselfde probleem ervaar het nie. Die grootste bron van kommer was egter die feit dat reënwater in die vleiagtig laagte opgedam het en derhalwe het inwoners na die kamp as “Moeraskamp” verwys aangesien dit ná elke reën bui in 'n moeras omskep is.¹⁸¹ Teen 30 Junie 1901 het die Moeraskamp 3 440 wit mense gehuisves, waarvan 60 mense in die hospitaal opgeneem is.¹⁸² Die getal mans het intussen tot 380 aangegroei, wat 'n aanduiding is dat die verskroeiende beleid positiewe resultate vir die Britse owerheid gelewer het aangesien dit die groep veggende mans daadwerklik verminder het.¹⁸³ Binne die bestek van 'n maand het die aantal inwoners van die kamp meer as verdubbel, ten spyte van 'n voortdurend gebrek aan lewensmiddele, mediese sorg en huisvesting in die kamp. (Sien Bylae 4.2: Grafiek 4.2.2.)

4.5.2 Oorsake van siektes

Oorbevolking was een van die grootste redes waarom siektes in die Bethulie-kamp maklik versprei het en tot uitsonderlike hoë aantal sterftes gelei het. Deare het by navraag deur die Fawcett-kommissie verklaar dat daar ses persone in elke tent was, maar daar is bevind dat sommige tente agt tot 12 persone gehuisves het.¹⁸⁴ Hierbenewens was die tente gehawend, het tydens reënbuie gelek en kon dit inwoners nie teen gure weersomstandighede beskerm nie. H.T. Dahms, 'n gesiene inwoner in die kamp en van Nederlandse afkoms, het die toename in die aantal siekes direk aan onder meer die probleem met huisvesting toegeskryf.¹⁸⁵

Die Bethulie-kamp het vanaf Junie 1901 steeds uitgebrei. Die mate waarin die kamp uitgebrei het, blyk uit 'n beskrywing van die kamp se uitleg in die *Bloemfontein Post*. Teen Oktober

¹⁸¹ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

¹⁸² In totaal het 31 694 mense hulle teen einde Junie 1901 in kampe in die ORC bevind, nadat 'n verdere 6 807 mense in hierdie maand in kampe opgeneem is.

¹⁸³ NASA, VAB, SRC, 28: Statistics for June 1901, 30.6.1901.

¹⁸⁴ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

¹⁸⁵ H.L. Neethling, *Vergeten: Mijn ondervinding in het martelkamp te Bethulie*, p. 50.

1901 het die kamp 4 813 inwoners gehad en is die terrein in tien blokke verdeel, elk met 'n korporaal wat moes toesien dat kampreëls nagekom word. In die berig word terloops genoem dat die tente te naby aan mekaar opgeslaan is en “the tents are to be weeded out and planted further afield to give increased air-space”.¹⁸⁶

Die vinnige uitbreiding van die Bethulie-kamp blyk uit korrespondensie wat Deare gestuur en ontvang het en word soos volg saamgevat:

- Op 15 Junie 1901, slegs 'n week nadat die kamp verskuif is, word Deare per telegram vanaf Edenburg ingelig dat 1 200 persone na die Bethulie-kamp op pad is. Deare meld dat hy slegs tentakkommodasie het om 700 persone te huisves.¹⁸⁷ Aletta Maria du Toit van die plaas Welgedacht, Fauresmith, was deel van hierdie groep wat op 17 Junie 1901 by Bethulie-stasie aangekom het. Du Toit was een van die gelukkiges wat 'n tent gekry het, maar verwys na 'n vuil, ronde tent waarin nege persone moes tuisgaan.¹⁸⁸
- Die voorsiening van toerusting aan die groeiende aantal inwoners van sy kamp was 'n verdere probleem, soos blyk uit Deare se navraag op 24 Junie 1901 insake 200 potte, ketels en gereedskap, wat in daardie stadium steeds nie ontvang is nie.¹⁸⁹
- 'n Verdere 70 mense het op 30 Junie 1901 in die kamp aangekom en 'n desperate Deare telegrafer: “Just heard that 300 refugees will arrive at 7 pm. I must have 100 tents at once otherwise women and children will have to remain in the open veldt.”¹⁹⁰
- Op 21 Julie 1901 versoek Deare 50 tente vir 600 persone wat op 20 Julie 1901 in sy kamp opgeneem is. Hierdie groep is tydelik in die skooltent en hospitaaltente gehuisves, maar daar is voortdurend gevrees dat siektes kon versprei.¹⁹¹
- Intussen is daar, ten spyte van 'n uiters fel Suid-Vrystaatse winter, met verskroeide aarde voortgegaan en is gesinne gedurende Junie en Julie 1901, veral uit die distrikte van Fauresmith en Smithfield, op groot skaal na Bethulie weggevoer.¹⁹²
- Op 10 Augustus 1901 versoek Deare nog tente omrede hy 'n verdere 50 persone moes akkommodeer en die oorvol tente, waar siektes reeds gewoed het, nie vir die nuwe inwoners bevorderlik sou wees nie. Hy rig voorts 'n versoek vir 'n medisyne-uitreiker

¹⁸⁶ *Bloemfontein Post*, 12.10.1901, p. 4.

¹⁸⁷ NASA, VAB, SRC, 56, 2722: Tents needed at Bethulie, 15.6.1901.

¹⁸⁸ Neethling, pp. 50, 53.

¹⁸⁹ NASA, VAB, SRC, 59, 2880: Request equipment for 218 POWs at Bethulie, 24.6.1901.

¹⁹⁰ NASA, VAB, SRC, 56, 2726: Tents needed for the Bethulie RC, 30.6.1901.

¹⁹¹ NASA, VAB, SRC, 43, 3490: Urgent need of tents at Bethulie RC, 21.7.1901.

¹⁹² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

(dispenser), aangesien die siektetoestand in sy kamp buite beheer was.¹⁹³ Hierdie versoek was een van weinig versoeke waaraan spoedig voldoen is, aangesien hy op 14 Augustus 1901 verwittig is van 50 tente wat op pad was.¹⁹⁴

- Teen 10 September 1901 het die kamp ongeveer 4 700 inwoners gehad en is vyf kleiner stoortente, in plaas van ses markiestente wat as sale vir die hospitaal moes dien, aan Deare gestuur. Hierdie tente was nodig vanweë 'n groot toename in pasiënte.¹⁹⁵
- Op 15 November 1901 versoek Deare dat 'n verdere 50 persone wat in sy kamp aangekom het, na Springfontein of Norvalspont gestuur sou word omrede hy nie oor tente beskik het nie. Die versoek is geweier en Deare was verplig om die nuwe aankomelinge te akkommodeer.¹⁹⁶

Dit is uit bogenoemde duidelik dat die Bethulie-kamp binne enkele maande drasties uitgebrei het, maar dat die nodige infrastruktuur, rantsoene, mediese sorg en toerusting steeds ontbreek het.

Vanweë die groeiende aantal inwoners is druk op die beskikbare hulpbronne geplaas. Soos reeds vermeld, was skoon en voldoende water die grootste rede waarom daar in Junie 1901 besluit is om die Bethulie-kamp na 'n nuwe terrein te verskuif. 'n Spruit met 'n standhoudende fontein, genoeg waterpoele en 'n groterige kuil het in Junie 1901 'n oplossing aan die kampbestuur gebied, maar die kamp het in daardie stadium slegs 1 695 inwoners gehad. Daar is aanvanklik gepoog om hierdie waterbron skoon te hou, maar die groot konsentrasie van inwoners in hierdie gebied, veral in Desember 1901, het hierdie taak bemoeilik.¹⁹⁷ Hierbenewens was die primitiewe sanitêre geriewe in die nuwe kamp vir die groot aantal mense onvoldoende, wat aanleiding gegee het tot besmetting van die omgewing rondom die fontein en spruit. Die kampowerheid het gepoog om die besoedeling te beperk deur die fontein in September 1901 te omhein, maar in daardie stadium was die besmetting van die water reeds van so 'n aard dat daar begin is om drinkwater in waterkarre vanaf die Eseldam en Adams Well na die kamp aan te ry.¹⁹⁸

¹⁹³ NASA, VAB, SRC, 59, 4065: Tents required at Bethulie, 10.8.1901.

¹⁹⁴ NASA, VAB, SRC, 59, 4556: Tents and dispenser for Bethulie, 14.8.1901.

¹⁹⁵ NASA, VAB, SRC, 57, 4717: Tents for RC, 10.9.1901.

¹⁹⁶ NASA, VAB, SRC, 68, 219: New arrivals at Bethulie Camp, 15.11.1901.

¹⁹⁷ NASA, VAB, SRC, 21, 6672: Outbreak of enteric at Bethulie RC, 10.12.1901.

¹⁹⁸ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57; *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, p. 12.

Om sake te vererger, het swaar donderstorms vanaf 10 tot 16 September 1901 by die dorp voorgekom, waarna die water vanaf 'n systroom wat bokant die fontein ontspring het, in die spruit afgestroom het. Volgens inwoners het hierdie systroom se water deur 'n gebied gevloei waar karkasse van diere wat voorheen as gevolg van die runderpes¹⁹⁹ gevrek het, begrawe was. Nadat 'n blinkerige laag op die water en die reuk van verrotting opgemerk is, het kampdokters die gebruik van hierdie water verbied.²⁰⁰ Die verbod op die gebruik van die spruit se water was egter te laat omrede 'n epidemie van maagkoors reeds uitgebreek het. Ongeveer 300 mense het beswyk as gevolg van maagkoors en die Marokspruit se besoedelde water, sodat die inwoners die spruit tot "Moordspruit" herdoop het.²⁰¹ Besoedeling van die spruite wat by ander waterbronne in die Bethulie-omgewing en distrik aangesluit het, was teen die einde van 1901 só erg dat Edith Dickenson, ná haar treinreis vanaf Bethulie na Bloemfontein, vertel het van die groot hoeveelhede dooie diere so ver as wat die oog kon sien: "cows with young calves dying near them, mules, goats and sheep could be seen in different stages of death"²⁰² en "thousands of slaughtered cattle lying all over farms add to the insanitary condition of the country".²⁰³

Die Bethulie-konsentrasiekamp is binne 'n bepaalde omgewing verder besoedel met Britse kolonnes wat gereeld hul kwartiere ten ooste en ten noorde van hierdie kamp ingerig het, asook die Native Constabulary wie se kamp stroom-op langs die Marokspruit geleë was. So maak prop. Lückhoff op 5 Oktober 1901 melding van 'n groot laer Britse troepe digby die kamp.²⁰⁴ Hierdie groot konsentrasies van mense het verder bygedra tot die besoedeling van die konsentrasiekamp se waterbron.²⁰⁵ Ten spyte van die waterkarre wat vars water vanaf die Eseldam en Adams Well na die kamp aangery het,²⁰⁶ is voorts pogings aangewend om die kamp uit die Bethulie-dorpsdam van water te voorsien. Weens die swak waterdruk was dit nie baie effektief nie en was inwoners verplig om in lang toue vir water te wag.²⁰⁷

Volgens 'n verslag deur die Fawcett-kommissie oor kampe in die ORC waarin terugvoer gegee is oor onder meer die Bethulie-kamp, was sanitasie in die Moeraskamp uiters primitief, asook onvoldoende en van 'n swak standaard. Die verslag verwys na 'n inwonertal van 4 882

¹⁹⁹ 'n Siekte wat in 1896 onder beeskuddes uitgebreek het en tot vele vrektes gelei het.

²⁰⁰ *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, p. 12; Raath, p. 127.

²⁰¹ Venter, p. 119.

²⁰² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

²⁰³ *Ibid.*

²⁰⁴ Raath, p. 158.

²⁰⁵ *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, pp. 12-13.

²⁰⁶ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 7.

²⁰⁷ *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, p. 12.

mense op 7 September 1901, maar meld dat die toiletgeriewe uit slegs sewe latrines (drie elk vir mans en vroue, asook 'n latrine vir die skool) bestaan het en boonop was daar 'n “trench system with logs thrown across trenches”.²⁰⁸ Die konstruksie het bestaan uit 'n raam van balke wat op paaltjies gerus het en in die grond geplant was.²⁰⁹ Hierdie primitiewe geriewe het nie vir enige privaatheid voorsiening gemaak nie en voorts was die geriewe vir mans en vrouens slegs 30 m van mekaar en was dit deur 'n ruwe konstruksie van pale en sakke afgeskort.²¹⁰ Sarie Roos het hierdie “sanitari in die Moeraskamp” wat aan die suidekant van die kamp opgerig is, beskryf as “skandelik en nogmaals skandelik”.²¹¹

Daar is ook probleme ondervind met die ligging van die geriewe. Die geriewe was te naby aan sekere tentblokke geleë sodat die inwoners daagliks met die stank gekonfronteer was, terwyl dit weer te ver van ander tentblokke geleë was, sodat dit vir siekes en bejaardes moeilik was om daarheen te stap.²¹² Die probleem is vererger omrede diegene wat maagkoors onder lede gehad het, dit soms nie tot by die geriewe kon maak nie. Sommige inwoners was verplig om plekke naby die spruit, 'n nabygeleë droë spruitloop en selfs die ashoop, te gebruik. Weens die toestand van die toiletgeriewe het die kommissie egter begrip gehad vir inwoners wat hulle tot alternatiewe plekke gewend het.²¹³ Dahms skryf: “The most fastidious and clean-minded woman could not prevent any little child whose stomach was upset, going to sit down by one other tent to ease itself.”²¹⁴

Die Fawcett-kommissie het verwys na die gesondheidsgevaar wat hierdie swak sanitasie ingehou het omrede die toilette asook die omgewing ten tye van hul besoek ernstig besoedel was. Die vlieë en brommers wat uitgebroei het, was enersyds 'n groot lastigheid vir kamp-inwoners en andersyds 'n groot gesondheidsrisiko.²¹⁵ Voorts was die kommissie geskok oor die toiletgeriewe vir hospitaalsiënte, omrede dit uit emmers bestaan het waarvan die inhoud in slote uitgegooi en met grond bedek is. Alhoewel die emmers met Jeyes Fluid gewas is, is

²⁰⁸ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

²⁰⁹ *Bethulie Nuusbrief*, 2.6.1978, p. 10.

²¹⁰ Raath, p. 29.

²¹¹ OM, 6455/1: *Dagboek van Susara Johanna Roos*, p. 8.

²¹² *Bethulie Nuusbrief*, 2.6.1978, p. 10.

²¹³ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

²¹⁴ Hobhouse Balme, p. 66.

²¹⁵ *Bethulie Nuusbrief*, 2.6.1978, p. 10.

geen ontsmettingsmiddel in die slote gegooi nie.²¹⁶ Gegewe die feit dat die kamp in 'n laagte geleë was en gereeld oorstrom het, word afgelei dat die afloopwater wat oor hierdie slote geloop het, ook in die spruit beland het en tot 'n toename in siektes kon bygedra.

Wat vullisverwydering betref, word afgelei dat Deare wel 'n poging aangewend het om die omgewing rondom die kamp netjies te hou, aangesien gesinshoofde moes toesien dat die area om die tente netjies gehou word. Voorts is 22 bejaarde mans aangewys om oor hierdie taak toesig te hou. Goingsakke is uitgedeel sodat vullis daarin geplaas kon word. Ten spyte van 'n gereelde tekort aan trekdier in die kamp, is die vullis daagliks deur drywers met skotskarre verwyder. Die goingsakke is egter deur warm as beskadig en later met ou koffieblieke vervang.²¹⁷

'n Koerantberig van September 1901 wys daarop dat die netjiese omgewing rondom die tente die gevolg was van streng reëls oor netheid wat in die kamp gegeld het.²¹⁸ Ten spyte van die haglike omstandighede waarin inwoners vasgevang was, het prop. Lückhoff na slegs twee gevalle verwys waar swak higiëne gehandhaaf is.²¹⁹ Die stank en vuilheid in Tente 34 en 35 was volgens hom byna ondraaglik en hy verklaar dat “siekte die skans was waaragter hulle skuil ... ongeag die siekte, ongeag die ellende en armoede, is sindelikheid oral moontlik”.²²⁰

Midde in die winter het die eerste swaar reën, na 'n lang droogte, op 20 Junie 1901 begin val en tot die volgende dag voortgeduur. Inwoners het slote gespit en grondwalle om hul tente gebou ten einde die water, wat in die laagte begin opgedam het, uit te hou. Inwoners se pogings was egter onsuksesvol en water het by die tente ingestroom. Spoedig was alles deurweek en is die kamp in 'n moeras van modder en water omskep.²²¹ Trollope het intussen op 28 Junie 1901 weer 'n besoek aan die Bethulie-kamp gebring en bevind dat die mediese sorg geheel en al ontoereikend was. Sedert 30 Junie 1901 het 'n koue wind gewaai wat, ten spyte van die onlangse reën, groot stofstorms van ver af oor die kamp aangedryf het, waarna siektes nog meer begin toeneem het.²²² Met die aanbreek van die lente het die weerstoestande steeds wind en stof gebring en, soos reeds na verwys, het daar teen 10 September 1901 swaar

²¹⁶ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

²¹⁷ *Ibid.*

²¹⁸ *Bloemfontein Post*, 12.10.1901, p. 4.

²¹⁹ Hierdie twee gesinne was die Ackerman-gesin wat uit tien lede bestaan het, waarvan vier in die kamp oorlede is, asook die Botha-gesin waarvan die moeder en 12-jarige seun gesterf het en slegs die 32-jarige vader, Louis Botha, oorleef het.

²²⁰ Raath, p. 108.

²²¹ Hamman, pp. 11-12.

²²² J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 124.

reën begin val wat tot die volgende dag geduur het. Lückhoff vertel dat die inwoners ná hierdie deurdringende reën weer deur modderige strate moes sukkel en poog om iets te ete voor te berei. Op Maandag 16 September 1901 verwys Lückhoff na 'n tweede vloed in die kamp wat “een plaat van water en modder” was, en van die ellende onder die siekes in hierdie omstandighede.²²³

Benewens gebrekkige huisvesting en moeilike lewensomstandighede, het gebrekkige rantsoene van swak gehalte en 'n lae voedingswaarde daartoe bygedra dat inwoners nie die nodige weerstand teen siektes soos maagkoors kon bied nie. Rensche van der Walt beskryf hoe inwoners genoop was om uintjies, knolle van veldvygies, waterwortels van katbosse, brakvye en ander veldkos uit te grawe in 'n poging om hul dieet aan te vul. Sy verwys verder na hul karige rantsoen van meel, koffie, suiker en sout wat elke agt dae uitgedeel was, terwyl vleis, meestal van swak gehalte, elke oggend uitgedeel was, maar groente en melk was bykans onverkrygbaar. Wanneer seep beskikbaar was, is dit elke 15 tot 20 dae uitgedeel.²²⁴ Die kinders was dikwels verantwoordelik vir die afhaal van rantsoene en moes ongeag die weersomstandighede in lang toue vir hierdie rantsoene wag.²²⁵

Die meeste kampinwoners was van plase afkomstig en dus gewoon aan goeie gehalte vleis. Die vleis wat in die kamp uitgedeel is, was dikwels min en van swak gehalte en selfs vir verskeie redes onbruikbaar, wat meegebring het dat die reeds beperkte rantsoen, met die uitskakel van vleis verder verminder is, iets wat kwynende inwoners se gesondheid verder benadeel het. Volgens 'n inwoner was beeskuddes afkomstig vanaf plase uit die distrik, binne 'n beskermde sone aan die noordekant van die dorp versamel en deur veewagters opgepas, omrede die Britse owerheid daarop bedag was dat dit deur Boerekommando's gebuit kon word. Weens die grootte van die kuddes en die beperkte weiding was die diere se kondisie egter swak en het siektes en vrektes dikwels onder die diere gemaai. Die reël was derhalwe dat die swak en siek diere eerste geslag moes word.²²⁶ Hierdie situasie het tot kort voor 31 Mei 1902 voortgeduur, aangesien die Britse Leër se voorsieningskommissariaat (Army Supply Depot), die hoofsuperintendent van kampe laat weet het van 'n aantal gebuite vee wat deur 'n kontrakteur wat vleis aan kampe moes voorsien, oorgeneem is. Hy skryf verder: “I do not think he is likely to lose many animals, as the probability is that he will kill all the weakly

²²³ Raath, pp. 117, 127.

²²⁴ Hamman, pp. 11, 23.

²²⁵ OM, 5371/1: Gegewens uit die Boereoorlog deur D.M de Wet, 1910.

²²⁶ *Bethulie Nuusbrief*, 15.5.1978, p. 12.

looking animals at once.”²²⁷ Ds. Becker verwys voorts na die “vermagerde vleis en verjaagde skape, deurtrek van vloeistof en in die meeste gevalle oneetbaar”.²²⁸ In ander verwysings na die vleis word gemeld dat van die karkasse geel was weens ’n siekte soortgelyk aan runderpes. Alhoewel dit aanvanklik aan die inwoners uitgedeel is, het die dokters dit later vir menslike gebruik afgekeur.²²⁹

Die swak gehalte van die vleis het ’n jong meisie wie se vader in 1901 in beheer was van die uitdeel van rantsoene, bygebly. Sy vertel dat haar vader die slegste vleis aan die hospitaal gestuur het sodat die dokters verplig was om al die vleis te ondersoek. Die vleis is hierna gewoonlik afgekeur, waarna geblikte soutvleis aan inwoners uitgedeel is.²³⁰ Rensche van der Walt verwys op 25 Augustus 1901 na die vleis as “blouw vrek skaap vlys”.²³¹ Sy verwys op 30 Oktober 1901 weer na die onhygiëniese toestande van die slagwerk as “gevrekte skape ... Menig oggend as ons dit gaan ontvang dan is dit so vuil gemors dat ons verplig is om dit weg te gooi.”²³² Anna Botha se ervaring ten opsigte van haar eerste vleisrantsoen in die Bethuliekamp, het haar verplig om hierdie rantsoen weg te gooi omrede dit volgens haar, reeds begin verrot het; dit is egter deur Van Heyningen as oordrewe gesien.²³³ Gegewe die feit dat daar geen verkoelingsfasiliteite in die kamp was nie en dat baie diere in die somerhitte van die Suid-Vrystaat geslag is, tesame met ander se verhale oor die gehalte van die vleis, is die afleiding dat Botha se vertelling moontlik nie so oordrewe was nie. So is troppe skape en beeste saans in ’n groot skutkraal gehou, waarna die slagwerk in dieselfde area, onder onhygiëniese toestande geskied het en die karkasse hierna met ’n vuil wa, ongeag die temperature, na die kamp vervoer is. Bewerings dat die vleis in sommige gevalle reeds begin verrot het teen die tyd dat dit aan inwoners uitgedeel is, kan nie ontken word nie, omrede dit dikwels gebeur het dat die vleis ’n blou of gelerige kleur met ’n slegte reuk gehad het wanneer dit gekook is.²³⁴

Wanneer die slagters nie opgedaag het nie, het die inwoners geen vleis ontvang nie. Om die voorsiening van vleis aan kampe beter te reguleer, is daar sedert Oktober 1901 van kontrakteurs gebruik gemaak. Die kontrak vir die voorsiening van vleis aan kampe in die

²²⁷ NASA, VAB, SRC, 58, 8495: Supplying meat to the RCs, 12.5.1902.

²²⁸ OM, 7194/149: Herinneringe van ds. Becker, 2, 1908.

²²⁹ *Bethulie Nuusbrief*, 15.5.1978, p. 12.

²³⁰ OM, 5417/1: My herinneringe aan die Bethulie-konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 – Anna Catharina Elizabeth Breedts (gebore Simkin), 10.10.1966.

²³¹ Hamman, p. 16.

²³² *Ibid.*, p. 23.

²³³ Van Heyningen, p. 127.

²³⁴ *Marble Koerier*, 5.1.1982, p. 46.

ORC is aan Bergl and Co. van Kaapstad toegeken. Moritz Bergl het van 'n agentskap in Bloemfontein, die Orange River Colony Cold Storage Syndicate (ORCCSS) gebruik gemaak om sy belange in hierdie kolonie te bestuur. Die ORCCSS het weer op sy beurt van agente in die onderskeie distrikte gebruik gemaak om vleis aan kampe te voorsien.²³⁵ Dat die vee in 'n swak kondisie was, blyk uit 'n brief van Bergl waarin hy verwys na 2 300 skape en 261 beeste wat hy by Sannaspos van die militêre owerheid oorgeneem het, maar dat die swakste diere eers uitgeslag moes word.²³⁶ Teen hierdie agtergrond blyk dit dat die kwaliteit van die vleis teen die einde van 1901 dus baie swak was. In Mei 1902 verwys die ORCCSS daarna dat 24 947 kg vleis per maand vir die Bethulie-kamp benodig word. In geval van tekorte, het Bergl gevriesde vleis wat sedert Januarie 1902 vanaf Argentinië en Australië ingevoer is, voorsien.²³⁷ Ná 31 Mei 1902 was die ORCCSS verplig om sy vee vanaf plase in die Bethulie-distrik te verwyder. Hierdie was veestapels wat gedurende verskroeide aarde deur die Britte vanaf plase gebuit is.²³⁸

Die Britse owerheid het gepoog om die toestand van slagvee te verbeter deur diere op plase binne die beskermingslyne van blokhuse aan te hou en deur "loyal Dutchmen" te bestuur. Blokhuiswagte moes as nie-amptelike veewagters van hierdie kuddes optree.²³⁹ Hierdie plase het onder die Military Farms Department geval met 'n hoofinspekteur in beheer, wat kort ná Junie 1900 diens aanvaar het met die doel "to supervise the large quantities of live stock captured by the troops".²⁴⁰ Daar was uiteindelik 12 plaasdistrike in die land (Bethulie ingesluit) wat as versamelpunte vir gekonfiskeerde vee gedien het. Daar is verder op beperkte skaal gepoog om graan en groente op sommige van hierdie plase by Bethulie te verbou, maar dit was te min om aan die behoeftes van inwoners van die konsentrasiekamp te voorsien.²⁴¹

Hout is by die rantsoene van gesinne ingesluit om hulle te help om hul karige rantsoene voor te berei en ook om in die fel winters van 1901 en 1902 te poog om in die verslete tente warm te bly. Soos met alles, was selfs hierdie kommoditeit karig en ds. Becker verwys na talle vroue en kinders wat bossies en hout in die omliggende koppies en rantjies om die kamp versamel het omrede daar nie genoeg vuurmaakgoed was nie, en selfs omrede die hout wat

²³⁵ NASA, VAB, SRC, 58, 8495: Supplying meat to the RCs, 10.5.1902.

²³⁶ NASA, VAB, SRC, 58, 8531: Stocks for the supply of meat to RCs, 19.12.1901.

²³⁷ NASA, VAB, SRC, 58, 8495: Supplying meat to the RCs, 10.5.1902.

²³⁸ NASA, VAB, CO, 74, 1882/02: Cattle belonging to Cold Storage running on farms near Bethulie, 21.6.1902.

²³⁹ Hamman, p. 16.

²⁴⁰ L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902* 6, p. 399.

²⁴¹ *Ibid.*

uitgedeel is, soms nog groen was.²⁴² Die Fawcett-kommissie gee in hul verslag 'n lewendige beskrywing oor hoe vuurmaakhout vir die Bethulie-kamp versamel is en volgens die bloksistiem uitgedeel is.²⁴³ Statistiek wat op 11 Julie 1901 saamgestel is, toon dat die Bethulie-kamp 20 ton hout in Mei 1901 benodig het, wat 'n uitgawe van £8 meegebring het. Teen Julie 1901 het Deare aangedui dat dit na 30 ton verhoog moes word vanweë die groeiende inwonertal, met 'n finansiële implikasie van £12.15.0 per maand.²⁴⁴

Die soeke na voldoende hout het daartoe gelei dat die mans wat aangestel is om hout te versamel, hulle tot die omliggende plase langs die Oranjerivier gewend het. Hout is digby die kamp op die nabygeleë plase Florence, Tweefontein en Wintershoek versamel waar groot plate van hoofsaaklik doringhout langs die rivier gegroei het. Dat hierdie proses 'n groot impak op die omgewing en op die eienaars se finansiële posisie gehad het, blyk uit twee eise om kompensasie en bevat inligting hoe, waar en hoeveel hout vir die Bethulie-kamp benodig was.²⁴⁵ So het J.P.S. Pretorius, eienaar van die plaas Tweefontein, op 12 Maart 1902 'n eis ingedien vir brandhout wat op sy plaas versamel is. Volgens Pretorius is sy plaas, asook die naburige plaas, Florence van Herman Klynveld, geplunder om in die behoeftes van die kamp te voorsien.²⁴⁶ Volgens Pretorius se prokureur, P.J. Olivier, kon bewys word dat meer as 300 wavrage brandhout vanaf die plaas Tweefontein gestroop is. Soetdoringbome (“mimosa wood”) wat in groot plate langs die rivier se walle voorgekom het, is alles afgekap, waarna selfs die struik op die heuwels uitgekap is en dit het gevolglik tot 'n vermindering in waarde van die plaas gelei.²⁴⁷ Herman Klynveld het in Julie 1902 'n eis ingedien vir die skade aan sy plaas Florence, wat slegs 5 km vanaf die Bethulie-kamp geleë was. Hierdie plaas wat Klynveld se gade van haar vader, die sendeling J.P. Pellissier geërf het, was bekend vir sy pragtige doringbome. Klynveld was veral beswaard omrede hierdie groot woud doringbome, waarna hy as 'n “well wooded forest” verwys, deur die Bethulie-kampowerheid in 'n barre vlakte omskep is.²⁴⁸

Indien hout nie beskikbaar was nie, het inwoners van die Bethulie-kamp soms steenkool ontvang. Dit was egter nie geskik vir kosvoorbereiding of vir die bakoonde wat inwoners

²⁴² Raath, p. 79.

²⁴³ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

²⁴⁴ NASA, VAB, SRC, 43, 3059: Firewood for RC, 11.7.1901.

²⁴⁵ NASA, VAB, CO, 59, 720/02: Claim of J.P.S. Pretorius, 30.5.1902.

²⁴⁶ NASA, VAB, CO, 59, 720/02: Letter of attorney, claim of J.P.S. Pretorius, 28.4.1902.

²⁴⁷ *Ibid.*

²⁴⁸ NASA, VAB, CO, 123, 8980: Letter to the Chief Superintendent, 12.7.1902.

gebou het nie.²⁴⁹ Op 15 Junie 1901 stuur Deare 'n telegram aan Bloemfontein dat 'n trok met steenkool vanaf Springs in die ZAR by Bethulie aangekom het, maar dat daar eers 'n bedrag van £11.5.9 betaalbaar was.²⁵⁰ Die Fawcett-kommissie verwys in hul verslag oor Bethulie na twee ton steenkool wat in September 1901 in die kamp afgelewer is, maar dat dit slegs op reënerige dae uitgedeel is.²⁵¹ Ten einde die lewering van steenkool aan kampe op 'n meer vaste basis te organiseer, het Trollope 'n kontrak aan die Tyne Valley Collier Ltd. toegeken, wat al die kampe in die ORC van steenkool moes voorsien. Trollope het aanvanklik 'n versoek vir ongeveer 230 ton steenkool per maand gerig vir 11 kampe, insluitend Bethulie, teen ongeveer 20 ton per kamp.²⁵² Ten spyte van die voorkeur aan militêre behoeftes op die enkelbaanspoorweë, kon die firma daarin slaag om die nodige steenkool aan die kampe te lewer en so het 'n totaal van 88 ton steenkool Bethulie teen Oktober 1901 bereik.²⁵³ Kort voor die einde van die oorlog het die Bethulie-kamp, as gevolg van die skaarste aan hout, 154 ton steenkool per maand benodig.²⁵⁴ Die afleiding is dat ander steenkoolmyne, vanweë die groeiende inwonertal en groeiende aanvraag na steenkool, ook genader is.

Benewens die gebruik van hout om rantsoene voor te berei, was hierdie kommoditeit ook nodig vir die maak van beddens. 'n Tekort aan beddens het deels tot die verlaging van inwoners se weerstand bygedra, omrede hulle op die grond moes slaap. Daar is gepoog om houtpale van tambotie, mopani, boekenhout of knoppiesdoring in die Bosveld-omgewing te bekom, ten einde katels vir kampe in die ORC te vervaardig, maar weens bepaalde praktiese implikasies, was hierdie versoek onsuksesvol.²⁵⁵ Die gebrek aan beddens het voortgeduur en die gevolgtrekking is dat slegs enkele beddens uit die doringbome wat langs die Oranjerivier geoes is, gemaak kon word en dat hierdie situasie verder bydraend was tot die bevordering van siektes en gevolglike sterftes.

4.5.3 Uitbreek van epidemies met gevolglike sterftes

Die ongunstige omstandighede in die Moeraskamp het tot die uitbreek van epidemies soos masels, longontsteking en maagkoors aanleiding gegee. Met die statistiek van sterftes wat veral vanaf Augustus 1901 weekliks begin toeneem het, het Emily Hobhouse 'n groot rol

²⁴⁹ Pretorius (red.), p. 69.

²⁵⁰ NASA, VAB, SRC, 83, 2692: Truck of coal, 15.6.1901.

²⁵¹ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 58.

²⁵² NASA, VAB, SRC, 73, 1618: Coal for RC, 1.5.1901.

²⁵³ NASA, VAB, SRC, 73, 5635: Supply of coal to burgher camps, 25.10.1901.

²⁵⁴ NASA, VAB, SRC, 21, 9202: Wood and coal supplies to RC, 11.5.1902.

²⁵⁵ NASA, VAB, SRC, 52, 5340: Wood for refugee camps, 21.10.1901.

gespeel om die Britse regering bewus te maak van die omvang van die sterftes in die konsentrasiekampe wat te wyte was aan verwaarloosing op elke vlak. So was die 26-jarige Annie Nora Kingsley van Milltown, Smithfield, die eerste van vele wat in die Moeraskamp se hospitaal sou sterf.²⁵⁶ Die eerste verwysing na 'n poging om aandag te skenk aan die versorging van siek persone in die Moeraskamp se hospitaal, is Deare se bestelling van mediese voorraad wat op 28 Junie 1901 geplaas is.²⁵⁷ Deare is kort hierna deur luitenant-kolonel P. Rice van die Leërdienskorps verwittig dat hy nie by magte was om enige van sodanige mediese voorrade aan Bethulie te magtig nie.²⁵⁸ Hy het voorgestel dat die superintendant eerder by die offisiere by die Bethulie-brug moes aanklop.²⁵⁹ Deare het per telegram vir Trollope laat weet dat die kampdokters hom ingelig het dat, weens die gebrek aan hierdie goedere, die lewens van veral siek kinders in die hospitaal in die weegskaal was. 'n Baie klein hoeveelheid van hierdie goedere is wel met behulp van Trollope aan Bethulie uitgeboek. Die twee kaste wat die kamp bereik het, het kosvoorraad soos sago, rys, maizena, macaroni en vermicelli vir die hospitaal ingesluit, terwyl 72 bottels brandewyn, whisky en Port deel was van die mediese voorraad, iets wat deur mediese praktisyns uit die Victoriaanse era as medikasie gebruik is.²⁶⁰

Vanaf Junie 1901 tot Desember 1901 het genoemde epidemies in die kamp hoogty gevier. Die amptelike Britse sterftesyfer van 175 (199 volgens die databasis)²⁶¹ in die Bethulie-kamp vir die maand Augustus 1901 was, naas Kroonstad en Aliwal-Noord, die hoogste van al die kampe in die ORC.²⁶² Selfs Trollope telegrafeer op 28 Augustus 1901 aan Deare: "Please explain the present high death rate in your camp. I noticed from your death notices you had 24 deaths on the 23 August."²⁶³ Deare laat weet op 30 Augustus 1901 dat die sterftes te wyte was aan masels wat sedert die begin van Augustus 1901 uitgebreek het. Voorts is verduidelik dat inwoners in die koue Augustusmaand met longontsteking gesukkel het en dat siektes maklik in die oorvol tente versprei het. Deare sluit af deur te verwys na die groot gebrek aan hospitaalbenodighede en rig voorts 'n versoek vir nog 'n dokter.²⁶⁴

²⁵⁶ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 7.

²⁵⁷ NASA, VAB, SRC, 21, 2992: Medical stores for Bethulie, 28.6.1901.

²⁵⁸ *Ibid.*, 10.7.1901.

²⁵⁹ *Ibid.*, 28.7.1901.

²⁶⁰ Van Heyningen, p. 225; NASA, VAB, SRC, 21, 2992: Medical stores for Bethulie, 12.7.1901.

²⁶¹ Sien afdeling 4.6 van hierdie hoofstuk (Statistiek en waarnemings) vir meer statistiek.

²⁶² NASA, VAB, SRC, 41, 4588: List of deaths at various RCs in the ORC, 8.9.1901.

²⁶³ NASA, VAB, SRC, 41, 4484: High death rate at Bethulie RC, 28.8.1901.

²⁶⁴ *Ibid.*

In verskeie dagboeke van Bethulie-inwoners word verwys na 16 tot selfs 20 sterftes per dag in Augustus 1901, en dus was Trollope se navraag oor die groot aantal sterftes op 23 Augustus 1901 nie ongegrond nie. 'n Kruisverwysing met die databasis toon dat daar inderdaad 24 sterftes op 23 Augustus 1901 plaasgevind het.²⁶⁵ Sarie Roos, wat in Junie 1901 as verpleegster aangestel is, bevestig dat masels teen middel Augustus 1901 soos 'n veldbrand in die Bethulie-kamp versprei het, nadat die eerste gevalle reeds in Junie 1901 in die Bethulie-kamp en ook die Aliwal-Noord-kamp aangemeld is. Op 'n enkele dag is 400 gevalle aangemeld en kon die pasiënte nie almal in die hospitaal opgeneem word nie.²⁶⁶ Met die Bethulie-kamphospitaal wat nie voorbereid was op die groot aantal pasiënte nie, het daar gevolglik 162 sterftes in hierdie maand in tente plaasgevind, terwyl 13 sterftes in die oorvol hospitaal plaasgevind het.²⁶⁷ Die gevolgtrekking is dus dat met beter mediese sorg, sowel as voldoende plek in die hospitaal, minder mense sou gesterf het aangesien die verspreiding van masels beter beheer en grootliks verhoed sou kon word.

Volgens Van Heyningen was masels die grootste oorsaak van sterftes in die kampe en mense met 'n gebrekkige dieet was veral vatbaar, spesifiek waar daar 'n proteïentekort was. Masels het voorts maklik versprei, omrede inwoners in beknopte en oorbevolkte omstandighede gewoon het. Sy som die ideale omstandighede vir die verspreiding van masels op deur te verwys na wanvoeding, oorbevolking en die gereelde verskuiwing van inwoners na ander kampe.²⁶⁸ Die situasie in die Bethulie-kamp het vererger omrede dit volgens 'n Britse verslag en 'n dagboek van 'n inwoner, in daardie stadium baie gereën het en die siek persone in die nat omstandighede in hul tente moes bly.²⁶⁹ Aangesien daar in 1901 nie 'n spesifieke mediese kuur vir hierdie siekte was nie, was die enigste oplossing om die pasiënte te isoleer, iets wat nie in die Bethulie-kamp moontlik was nie omrede die hospitaal te klein was en pasiënte tydens die maselsepidemie in tente verpleeg moes word. Hierbenewens het die mense wat masels oorleef het, dikwels kinkhoes en brongitis opgedoen en daarvan gesterf.²⁷⁰

Deare het wel later gepoog om mense wat in die kamp aangekom het en aansteeklike siektes onder lede gehad het, te isoleer, maar weens die swak akkommodasie en reëlins hiervoor,

²⁶⁵ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁶⁶ NASA, VAB, SRC, 28: Statistics for June 1901, 30.6.1901; OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 8.

²⁶⁷ NASA, VAB, SRC, 31, 2085: List of deaths at various RCs, 21.5.1901.

²⁶⁸ Van Heyningen, pp. 140-141.

²⁶⁹ NASA, VAB, SRC, 28: Statistics for June 1901, 30.6.1901; OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 8.

²⁷⁰ Van Heyningen, pp. 140-141.

was hierdie bepaling nie baie suksesvol nie.²⁷¹ Selfs die Britse media het gepoog om die blaam vir die maselsepidemie wat tot November 1901 voortgeduur het, op die inwoners van die Bethulie-kamp te plaas aangesien die *Bloemfontein Post* berig het dat die maselsepidemie toegeskryf kon word aan 'n enkele siek gesin wat per ossewa in die Bethulie-kamp aangekom het. Volgens die koerant was daar pogings om hierdie gesin te isoleer, maar “Boer curiosity is responsible for the spread of the infection ... for it was found camp residents were surreptitiously visiting this waggon”.²⁷² Met 'n winter wat veral longverwante sterftes meegebring het, kan uit dagboeke afgelei word dat inwoners hoopvol was dat die donker tyd in hierdie kamp met die aanbreek van die lente in September 1901 op 'n einde sou wees. Dit sou egter nie die geval wees nie en verdere epidemies sou dié kamp steeds teister.

Ten spyte van geen behoorlike versorging nie en die uitbreek van epidemies soos masels, is ander gesinne steeds na die kamp te Bethulie gestuur. Op 1 September 1901 het die kamp volgens 'n amptelike Britse verslag 'n inwonertal van 4 799 gehad teenoor 4 811 inwoners volgens die Bethulie-databasis.²⁷³ Met die aanbreek van die somer het die eerste tekens van 'n nuwe epidemie te voorskyn gekom weens onder meer 'n waterbron wat al meer besoedel geraak het. Trollope, wat 'n uitbraak van 'n maagkoorsepidemie in die kampe onder sy bestuur gevrees het, het 'n versoek vir “Copper Tanks” gerig sodat hospitaallinne hierin gekook kon word, maar omrede hierdie tenks vanaf Brittanje ingevoer moes word en aflewering nie gou sou geskied nie, is hy aangeraai om swart potte van 151 ℓ elk vanaf Kaapstad te bestel.²⁷⁴ Intussen het maagkoors al groter afmetings begin aanneem by veral die kampe in die Suid-Vrystaat, waaronder Bethulie. Teen 6 September 1901 was daar slegs drie dokters in die Bethulie-kamp werksaam, naamlik drs. H. Wohlers, A.H. McKenzie, 'n oudstudent van die Melbourne Universiteit, en F.A. Madden.²⁷⁵ In September 1901 is nog 228 mense gehospitaliseer, en 236 mense (241 volgens die databasis) is teen die einde van hierdie maand in die Bethulie-kamp oorlede. Masels was in daardie stadium steeds die hooforsaak van

²⁷¹ NASA, VAB, SRC, 21, 3998: Whooping cough at Bethulie RC, 3.8.1901.

²⁷² *Bloemfontein Post*, 12.10.1901, p. 4.

²⁷³ OM, 4899/625: *Further papers on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal* (Cd. 853), Desember 1901, p. 4; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁷⁴ NASA, VAB, SRC, 52, 5190: Tanks needed at all refugee camps in which to boil hospital linen, 28.9.1901.

²⁷⁵ OM, 6028/1(a): *Papers on the working of the refugee camps in South Africa*, 6.9.1901, p. 291.

sterftes, gevolg deur longontsteking en maagkoors.²⁷⁶ Rensche van der Walt skryf op 22 September 1901 in haar dagboek dat daar reeds 461 grafte in die kampkerkhof was.²⁷⁷

Na aanleiding van die feit dat die militêre behoeftes van die Britse Leër op die spoorbaan voorrang geniet het, noem Trollope in 'n skrywe in Oktober 1901 aan die kwartiermeester-generaal dat sy kampe nog nie die belangrike toerusting vir die ontsmetting van hospitaal-linne ontvang het nie en dat alles moontlik gedoen moes word om sterftes te bekamp. Dit wil voorkom of daar geen haas was om die toerusting (swart potte) af te lewer nie, aangesien dit teen 25 November 1901 nog nie ontvang was nie. By aflewering was slegs 25 potte vir die 13 kampe beskikbaar en het Bethulie net twee hiervan ontvang.²⁷⁸ Op 25 Oktober 1901 is 294 mense in die kamphospitaal opgeneem en 108 sterftes is aangeteken, wat teen 30 Oktober 1901 tot 154 sterftes (157 volgens die databasis) vermeerder het.²⁷⁹

Dit blyk dat die maselsepidemie ná Oktober 1901 grotendeels onder beheer gebring is, aangesien 'n Britse opgawe na slegs 20 persone verwys wat hierna aan masels oorlede is, terwyl longontsteking en longverwante siektes hierna die grootste oorsaak van sterftes was.²⁸⁰ Soos verwys, verduidelik Van Heyningen hierdie toename deur na longverwante siektes as 'n nuwe-effek van masels te verwys.²⁸¹ Die destydse heersende nat weersomstandighede na die goeie reënval sedert 10 Oktober 1901, wat gevolg het op die voorafgaande warm en bedompige weersomstandighede, was nie bevorderlik vir persone wat longverwante siektes onder lede gehad het nie. Op 30 Oktober 1901 het dit van vroegdag tot laatmiddag swaar gereën en is die kamp weer eens in 'n moeras omskep.²⁸² Selfs die kerkhof was onder water sodat die grafte begin insak het en doodsdampe geruik kon word. Op aanbeveling van dr. Thomas Stuart, die hoof mediese ordonnans in die kamp, is kampblokke A en B na die noordelike deel van die kamp verskuif. 'n Inwoner onthou dat die kamp, ten spyte van vloedvore, gedeeltelik oorstroom het en dat die nat omgewing diegene wat reeds siek was, se gesondheid verder benadeel het. Kinkhoes het hierna veral onder die kinders toegeneem.²⁸³ Volgens dr. Stuart was onvoldoende mediese personeel 'n groot probleem en gevolglik het Deare op 30 Oktober 1901 en 1 November 1901 begin om, in die lig van die groot getal

²⁷⁶ NASA, VAB, SRC, 72, 7124: Statistics on RCs, 24.11.1901; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁷⁷ Hamman, p. 19.

²⁷⁸ NASA, VAB, SRC, 72, 7124: Statistics on RCs, 24.11.1901.

²⁷⁹ *Ibid.*; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁸⁰ OM, 4899/625: *Papers relating to the working of the refugee camps in South Africa*, 31.10.1901, p. 124.

²⁸¹ Van Heyningen, p. 142.

²⁸² Hamman, pp. 20-21.

²⁸³ *Marble Koerier*, 2.12.1981, p. 2.

sterftes, addisionele hulpverpleegsters aan te stel. Alhoewel daar reeds sedert die ontstaan van die kamp van hulpverpleegsters gebruik gemaak is, is hierdie aanstellings veral in November 1901 uitgebrei.²⁸⁴

Die aantal sterftes in hierdie kamp het 'n verleentheid vir Trollope geword en hy het, nadat kinkhoes in hierdie kamp toegeneem het, by Deare verneem wat sy planne was om dit te beheer.²⁸⁵ In antwoord op Trollope se navraag, het T.T. Percival, die assistent-superintendent van die Bethulie-kamp namens superintendent Deare, op 1 Oktober 1901 vir Trollope verwittig dat hy sommige van die burgerlike personeel, baie daarvan hulpverpleegsters, met nuwe aanstellings vervang het, maar gee geen rede vir hierdie besluit nie. Die hulpverpleegsters het £0.2.0 per maand asook klerasie ontvang.²⁸⁶ Hy het verder verwys na die aanstelling van tydelike personeel²⁸⁷ in 'n poging om die siektetoestand in die kamp onder beheer te bring.²⁸⁸ Drie dae later het Percival per telegram laat weet van mej. G.E. Roos,²⁸⁹ verpleegster Sarie Roos se suster, wat as hulpverpleegster vir dr. A.N. Dickenson aangestel is ná die afsterwe van mej. Sannie Otto wat voorheen hierdie pos beklee het.²⁹⁰

Teen einde November 1901 het die sterftes in die Bethulie-kamp 'n rekordgetal van 236 (242 volgens die databasis) bereik. Die grootste oorsaak van sterftes was steeds longverwante siektes wat die lewe van 127 mense geëis het. 'n Verdere 85 sterftes was weens maagkoors, en toestemming is dringend afgewag om, in die lig hiervan, nog hulpverpleegpersoneel aan te stel.²⁹¹ Een geval van melaatsheid het voorgekom en op 17 November 1901 het Trollope gereël dat Anna Fouché na Bloemfontein gestuur word om daar behandel te word.²⁹² Dit blyk dat Trollope in daardie stadium steeds nie die omvang van die mediese probleem in die Bethulie-kamp besef het nie, omrede hy Deare op 8 November 1901 gelas het om die aanstelling van nog hulpverpleegsters te kanselleer. Nadat Deare protes aangeteken het, het Trollope versoek dat sodanige aanstellings deur dr. Stuart gemotiveer moes word.²⁹³ Op 13 November 1901 verwys dr. Stuart na die noodsaaklikheid van die nuwe aanstellings, waarna

²⁸⁴ NASA, VAB, SRC, 35, A295: Appointments at Bethulie RC, 5.11.1901.

²⁸⁵ NASA, VAB, SRC, 21, 7943: Increase of cases of whooping cough at Bethulie RC, 2.10.1901.

²⁸⁶ Diegene wat ontslaan is, was mejj. A. Botha, M. Erasmus, F. Stander en S. van der Merwe. Hulle is vervang met mejj. J. du Plessis, A. Jacobs, A. Olivier en C. van der Walt.

²⁸⁷ Mev. H. Fourie, mejj. H. du Plessis, L. du Plessis, S. Kruger en M. Taljaard,.

²⁸⁸ NASA, VAB, SRC, 21, 7839: Hospital assistants, 1.10.1901.

²⁸⁹ Volgens die Van Schoor-versameling, Aanwins 5890/70, was sy die 21-jarige Gerbrecht Elizabeth Roos.

²⁹⁰ NASA, VAB, SRC, 21, 7101: Staff at Bethulie RC, 3.10.1901.

²⁹¹ NASA, VAB, SRC, 57, 6652: Increase of enteric at Bethulie RC, 1.12.1901; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁹² NASA, VAB, CO, 47, 4303/01: Mrs A. Fouché, a leper in the Bethulie refugee camp, 17.11.1901.

²⁹³ NASA, VAB, SRC, 35, A295: Appointments at Bethulie RC, 8.11.1901.

dit goedgekeur is en die groep hulpverpleegsters op 35 te staan gekom het.²⁹⁴ 'n Nog verdere vyf hulpverpleegsters is gedurende November 1901 aangestel.²⁹⁵

Die getal dokters wat sedert November 1901 in die kamp werksaam was, is teen Desember 1901 tot sewe verhoog, naamlik drs. T. Stuart, J.E. Barret, P.G. Carter, A.N. Dickenson, H. Fraser, A.P. Green en F.A. Madden.²⁹⁶ In Desember 1901 het die sterftes in die Bethulie-kamp weer die hoogte ingeskiet met 276 sterftes (289 volgens die databasis) wat aangemeld is. Die aantal Bethulie-sterftes was volgens statistiek gedurende hierdie maand die hoogste in die ORC.²⁹⁷ Op 10 Desember 1901 stel Trollope vir Goold-Adams per telegram in kennis van 'n "bad outbreak of enteric [illness] at Bethulie camp".²⁹⁸ Trollope vra in hierdie stadium vir meer verpleegpersoneel en deel daarmee saam 'n brokkie goeie nuus: "Cole-Bowen is there, have dismissed superintendent [Deare] for apathy."²⁹⁹ Nadat Milner van hierdie uitbreek verneem het, vra hy in 'n brief: "What is wrong in Bethulie?"³⁰⁰ Die afleiding is dat hierdie telegram aan Milner deurgegee is, omrede hy persoonlik aan Goold-Adams terugvoering gee dat hy, as 'n saak van dringendheid, aan die hoof mediese ordonnans in Pretoria opdrag gegee het om die Bethulie-kamp van die nodige verpleegpersoneel te voorsien.

Volgens 'n skrywe deur Trollope gedateer 16 Desember 1901 het die Bethulie-kamp in daardie stadium oor agt dokters beskik, maar volgens amptelike bronne was daar slegs sewe dokters gedurende Desember 1901 in diens.³⁰¹ Die verpleegpersoneel het bestaan uit sewe verpleegsters wat bygestaan is deur hulpverpleegpersoneel wat in die kamp gewerf is. Deare het gedurende Desember 1901 nog hulpverpleegsters aangestel, maar die situasie het reeds sodanig versleg dat dit 'n daadwerklike poging sou neem om die epidemies onder beheer te bring en sterftes met goeie mediese versorging te bekamp.³⁰²

Soos blyk uit verskeie verhale wat deur inwoners nagelaat is, was die Britse bestuur van die Bethulie-kamp geensins op hierdie epidemies voorbereid nie. Mediese personeel en medikasie was onvoldoende, akkommodasie beperk en boonop het basiese toerusting soos

²⁹⁴ *Ibid.*, 13.11.1901.

²⁹⁵ NASA, VAB, SRC, 40, ARC248-642: Medical assistants for Bethulie RC, 25.11.1901.

²⁹⁶ OM, 4899/628: *Reports ect. on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, Desember 1901, p. 7.

²⁹⁷ *Ibid.*, p. 4; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

²⁹⁸ NASA, VAB, SRC, 57, 6672: Outbreak of enteric at Bethulie RC, 10.12.1901.

²⁹⁹ *Ibid.*

³⁰⁰ NASA, VAB, SRC, 57, 6683: Milner regarding Bethulie RC, 11.12.1901.

³⁰¹ NASA, VAB, SRC, 35, A446: Dr Stuart, 24.12.1901; OM, 4899/628: *Reports ect. on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, 31.12.1901, p. 7.

³⁰² NASA, VAB, SRC, 40, ARC248-673: Appointments of more medical assistants for Bethulie RC, 29.12.1901.

beddens en linne ontbreek. In Junie 1901 het die hospitaal uit slegs vier markiestente bestaan, maar ten spyte daarvan dat dit nie baie groot was nie, was daar ook niemand om dit skoon te hou nie.³⁰³ Die hospitaaltente was, volgens 'n koerant se beskrywing van die Bethulie-kamp, opgedeel in blokke met breë paaie tussen elk om die wegry van vullis te vergemaklik. Elke tent het 43 pasiënte gehad en die ietwat beknopte sale en afwesigheid van stoomketels ('n noodsaaklikheid vir pasiënte met longontsteking) was volgens 'n berig hieroor, 'n jammerte.³⁰⁴ In Oktober 1901 is die hospitaal verskuif en aan die oostekant van die huidige Bethulie–Smithfield-toegangsroete ingerig.³⁰⁵ Ds. Becker het die kamphospitaal in 1901 beskryf as 'n plek van “gebrek aan simpatie met die siekes en koudheid met die belanghebbende gesinslede ... en die indruk was dat as iemand lewend die hospitaal ingaan, is dit seker dat die persoon dood daaruit gedra word”.³⁰⁶

Na aanleiding van die groot aantal sterftes het dr. George Pratt Yule die Bethulie-kamp in Februarie 1902 besoek. Yule wou homself van die omstandighede in die kamp vergewis en die klagtes oor mediese beamptes ondersoek. Yule was veral besorg oor die gerugte dat drs. August Newton Dickenson en John E. Barret drank misbruik het.³⁰⁷ Dr. Dickenson het soms eers ná 12:00 by die hospitaal opgedaag en nadat Yule en Cole-Bowen hom die oggend van 21 Februarie 1902 in die Royal Hotel op Bethulie besoek het, is hy ontslaan. Enkele dae later is Dickenson op 1 Maart 1902 as gevolg van alkoholvergiftiging oorlede.³⁰⁸ Dr. Barret self is weens dronkenskap ontslaan, terwyl dr. Percy George Carter vanweë sy apatiese houding en ongewildheid, gedwing was om te bedank.³⁰⁹ Uit bostaande is dit duidelik dat die dokters wat vóór 1 Maart 1902 in die Bethulie-kamp diens gedoen het, nie almal ewe toegewyd was nie en hul fokus nie genoegsaam gestel het op die behandeling van die siek inwoners nie. Die afleiding is dat hierdie dokters deels verantwoordelik gehou kan word vir die groot aantal sterftes in die Bethulie-kamp. Yule het gevolglik ná die afdanking van drs. Barret, Carter en Dickenson, die hospitaalbestuur tydelik oorgeneem. Yule het voorts versoek dat dr. Arthur Tonkin, 'n reisende mediese inspekteur, tydelik na Bethulie gestuur word en dat dr. John

³⁰³ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 7.

³⁰⁴ *Bloemfontein Post*, 12.10.1901, p. 4.

³⁰⁵ *Bethulie Nuusbrief*, 7.4.1978, p. 9.

³⁰⁶ Raath, p. 74.

³⁰⁷ NASA, VAB, SRC, 68, 7883: Medical position Bethulie RC, 21.2.1902.

³⁰⁸ Venter, p. 130.

³⁰⁹ *Ibid.*, p. 129.

Bernard Voortman eerder na Aliwal-Noord gestuur word “so that Bethulie can start with a clean slate”.³¹⁰

Teen die begin van 1902 het die aanstelling van dokters in die Bethulie-kamp met meer sorg plaasgevind en het die verpleegsters voorts melding gemaak van die nuwe dokters se sorg en simpatie met hul pasiënte.³¹¹ Daar is met waardering na die bekwame en simpatieke dokters verwys en enkele van hierdie dokters, soos dr. J.J. Dunn, het selfs ná die oorlog mediese praktyke te Bethulie en ander Suid-Vrystaatse dorpe begin en is goed deur inwoners ondersteun.³¹² Die vraag ontstaan wat die impak op die sterftesyfer sou wees indien die kamp-inwoners van die begin af goeie mediese sorg, soos wat sedert Maart 1902 die geval was, ontvang het.

4.5.4 Weglopery uit die kamp

Vanweë die ongunstige omstandighede en groot aantal sterftes in hierdie kamp was sommige inwoners van mening dat daar ’n beter kans op oorlewing buite die kamp was. Susanna Venter onthou dat manlike inwoners wat die Eed van Neutraliteit onderteken het, as hensoppers daaglik die hoon en veragting van die vroue moes aanhoor. Vir hierdie rede het sommige, volgens haar, uit die kamp weggeloop om van die vroue se verwyte te ontsnap.³¹³ Selfs vroue en kinders het daarin geslaag om uit die kamp te ontsnap. Volgens Petrus Fourie het die Britte streng maatreëls toegepas om weglopery te voorkom aangesien daar “aan die oostekant of bergkant ’n breë baan geskoffel is tot feitlik regoor die kampkerkhof en hieroor mag niemand gegaan het nie. Ses Tommies het hier dag en nag wag gestaan en gepatrolleer en snags was daar ’n sterk gassoeklig aangeslaan om te verhoed dat mense wegloop.”³¹⁴ Ten spyte van die streng maatreëls het sommige tog wel daarin geslaag om te ontvlug.

Burger Piet Robinson van Bethulie vertel van ’n seun wat uit die kamp weggeloop het en by hul kommando aangesluit het. Die seun het die kommando oor die slegte omstandighede in die kamp ingelig. Robinson vertel: “Ons het geen besef gehad van die marteling en enorme sterfte in die kamp nie en ons het trane gestort by die aanhoor daarvan.”³¹⁵ Nicolaas Fourie

³¹⁰ NASA, VAB, SRC, 68, 7883: Medical position Bethulie RC, 21.2.1902.

³¹¹ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 17.

³¹² NASA, VAB, CO, 74, 1899/01: Doctor Dunn, RC Bethulie, application for his appointment as doctor in the district, 24.6.1902; S.H. Pellissier, *Euufesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, p. 58.

³¹³ OM, Kopie-argief, Groep V: Herinneringe van Susanna Venter, p. 11.

³¹⁴ *Bethulie Nuusbrief*, 30.6.1978, p. 9.

³¹⁵ P.H.S. van Zyl, *Waar en trou*, p. 103.

van die plaas Mooidraai, Bethulie, kon self daarin slaag om uit die kamp te ontsnap, waarna hy by die burgers by Swartberg aangesluit het en tot die einde geveg het.³¹⁶

’n Verdere geval van ontsnapping uit die kamp, was dié van die Coetzee-gesin van die plaas Bankfontein, Bethulie, en van Engela Jacoba du Plessis en haar twee kinders van onderskeidelik 7 en 13 jaar, van die plaas Kalkoenkrans, Bethulie, wat op 4 September 1901 in die kamp opgeneem is.³¹⁷ Hul poging tot ontspanning het noodlottige gevolge gehad. Volgens Piet Robinson het hy en Florie Pelser die Bethulie-kamp op 12 Januarie 1902 binnegesluit met die doel om veldkornet Sarel du Plessis se gesin te help ontvlug. Die Coetzee-gesin, wat uit vier lede bestaan het, het op dieselfde aand besluit om weg te loop. Sake het skeefgeloop en die wagte, waaronder ’n joiner, het op die vlugtendes gevuur. Die 12-jarige Hermanus (Hammie) Gert Jacobus Coetzee is in die maag gewond. Beide gesinne is hierna na die Bethulie-tronk gestuur en is later na die Bloemfontein-tronk, Ramkraal, oorgeplaas.³¹⁸ Die Bethulie-kampregister verwys na Hammie Coetzee, seun van Lavina (Vienie) Catharina Coetzee, “which died on 16 January 1902 of gun wounds”.³¹⁹ Robinson bevestig dat Hammie vier dae ná die insident oorlede is.³²⁰ Petrus Fourie verwys na Hammie as sy beste speelmaat wat om ongeveer 22:00 gewond is nadat geweerskote geknal het, ten spyte daarvan dat hy sy arms in oorgawe opgesteek het. Die moeder en susters is daarna in die Bethulie-tronk opgesluit en nie toegelaat om sy begrafnis by te woon nie.³²¹ In die Bethulie-register word aangedui dat die twee gesinne die kamp op 21 Januarie 1902 verlaat het.³²² Daar kan afgelei word dat dit die datum is waarop die gesinne, ná hul mislukte poging tot ontsnapping, na die Bethulie-tronk gestuur is.

Teen die begin van 1902 het weglopery steeds voorgekom ten spyte van pogings deur die kampowerheid om dit te voorkom.³²³ Die gevolgtrekking is dat die weglopery ’n groot bekommernis vir die Britse owerheid was, aangesien generaal-majoor sir Charles Knox aan Goold-Adams voorgestel het dat “in consequence of the frequent desertions from Bethulie Camp, it would be wise to remove the camp to the west of the Bethulie-Springfontein railroad”,³²⁴ omrede die ligging van die bestaande kamp van so ’n aard was dat “it constitutes

³¹⁶ *Bethulie Nuusbrief*, 30.6.1978, p. 9.

³¹⁷ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³¹⁸ Van Zyl, pp. 103-107.

³¹⁹ NASA, VAB, SRC, 74: Coetzee-family, 4.9.1901.

³²⁰ Van Zyl, p. 103.

³²¹ *Marble Koerier*, 9.2.1982, p. 2.

³²² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³²³ NASA, VAB, SRC, 54, 7106: Escapes from Bethulie RC, 8.1.1902.

³²⁴ NASA, VAB, SRC, 54: Frequent desertions from Bethulie RC, 5.3.1902.

a military disadvantage”.³²⁵ Die voorstel om die kamp vir ’n derde keer te verskuif, is egter nie oorweeg nie omrede die voorgestelde terrein nie oor voldoende water beskik het nie.³²⁶ Alhoewel die omstandighede in die Bethulie-kamp teen Maart 1902 aansienlik verbeter het, het die tendens van weglopery steeds voortgeduur.³²⁷

4.5.5 Fawcett-kommissie en die rol van Henry Russel Deare

Danksy Emily Hobhouse wat die onmenslike omstandighede en die gepaardgaande hoë sterftes in konsentrasiekampe bekend gemaak het, het dit tot fel kritiek in die wêreldmedia teen die Britse regering gelei. Dit het die Britse regering onder lord Salisbury tot aksie gedwing en is die Fawcett-kommissie in die lewe geroep om ondersoek in te stel na die omstandighede in kampe en om aanbevelings hieroor te maak. Hierdie kommissie het bestaan uit ’n groep Britse vroue van verskillende agtergronde en professies, onder leiding van Millicent Garrett Fawcett.³²⁸ Die ander lede was lady Alice Knox (gade van generaal-majoor sir William Knox), Lucy A.E. Deane (’n kundige op die gebied van arbeidspraktyke in fabrieke in Brittanje), Katherine B. Brereton (wat werkzaam was by die Imperial Yeomanry Hospitaal te Deelfontein naby De Aar), asook drs. Ella Campbell Scarlett en Jane Elizabeth Waterston.³²⁹ Dié groep het hul finale bevindinge vroeg in 1902 in ’n verslag vervat. In die verslag word verwys na die kommissie se besoek aan die Bethulie-kamp op 7 September 1901 en word verskeie aanbevelings oor die uitdagings in die kamp gemaak, waaronder die rantsoenskale en die aard van rantsoene. Voorts het een van die voorstelle sterk daarop gesinspeel dat Deare as superintendent vervang moes word.³³⁰

Die vraag ontstaan of superintendent Deare verantwoordelik gehou kan word vir die groot aantal sterftes in die Bethulie-kamp. Daar kan geargumenteer word dat Deare in ’n onmoontlike situasie geplaas is, waar hy gereeld nuwe inwoners moes ontvang ten spyte daarvan dat hy nie oor die nodige middele of voldoende blyplek beskik het nie. Die Britse administrasie het aanvanklik heelwat vertroue in Deare gehad, aangesien hy op 22 Julie 1901 ook as vrederegter in die distrik van Bethulie aangestel was.³³¹ Dit blyk dat die Britse bestuur later besef het dat Deare nie vir sy taak opgewasse was nie. Alhoewel Deare se stryd om behuising aan inwoners in die kamp te voorsien, duidelik in verskeie argivale dokumente

³²⁵ *Ibid.*

³²⁶ *Ibid.*, 8.3.1902.

³²⁷ *Ibid.*, 11.3.1902.

³²⁸ Millicent Fawcett, ’n liberale unionis, wat veral bekend was as ’n aktivis vir vrouestemreg.

³²⁹ Van Heyningen, pp. 192-193.

³³⁰ Venter, p. 109.

³³¹ *Government Gazette*, 9.8.1901, p. 375.

voorkom, wissel dit van vertoë met 'n desperate ondertoon tot ander waarin sy apatiese houding oor die nuwe aankomelinge sterk na vore kom.³³² Ten spyte van die feit dat die lewering van tente buite sy beheer was, kan hy egter steeds deels verantwoordelik gehou word vir die verspreiding van siektes in sy kamp, aangesien hy geweier het om die tente verder uit mekaar te spasieer – 'n situasie wat 'n broeiplek vir siektes geskep het.³³³ Hierdie probleem is deur die Fawcett-kommissie uitgewys, wat in hul verslag melding maak van tente wat te na aan mekaar opgeslaan is, alhoewel die hospitaal en administratiewe kantore wat in markiestente gehuisves is, op 'n voldoende afstand uit mekaar opgestel was.³³⁴ Selfs luitenant St John Cole-Bowen, die latere reisende inspekteur van kampe, het die gebrek aan spasie tussen die tente uitgewys, wat hy as 'n groot oorsaak vir die verspreiding van siektes beskou het, met 'n gevolglike groot aantal sterftes.³³⁵

Die drastiese toename in die aantal sterftes in die Bethulie-kamp het dr. George Pratt Yule, die hoof mediese ordonnans van kampe in die ORC, genoop om hierdie kamp in Julie 1901 te besoek ten einde homself eerstehands te vergewis van die oorsake van die uitsonderlike hoë sterftes. Hy het op 31 Augustus 1901 'n verslag oor die algemene gezondheidstoestand in hierdie kamp gepubliseer.³³⁶ Dr. Yule het verskeie kwessies bevraagteken en/of uitgelig waarop Deare, soos blyk uit sy antwoorde hierop aan Yule, halfhartig gereageer het. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Een van die grootste besware deur Yule was dat die tente te dig teen mekaar opgeslaan was. Deare se verskoning was dat “pitching tents 15 yards apart” sou meebring dat die area van die kamp vergroot sou word sodat inwoners te ver van die waterbron sou wees.
- Yule het ook verwys na die groot aantal siek persone in tente, maar volgens Deare was die hospitaaltente oorvol en nog ses markiestente sou nodig wees om al die siekes te akkommodeer. Hy is kort hierna verwittig dat nog tente aan hom gestuur is om as hospitaaltente gebruik te word.
- Yule het aanbeveel dat 'n verpleegster daaglik rondtes in die kamp moes uitvoer om siekes te identifiseer en na die hospitaal oor te plaas. Deare het verduidelik dat die kamp

³³² NASA, VAB, SRC, 57, 4717: Tents for RC, 10.9.1901.

³³³ Hobhouse Balme, p. 66.

³³⁴ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

³³⁵ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

³³⁶ NASA, VAB, SRC, 36: Refugee camp, Bethulie, 31.8.1901.

te groot was vir een verpleegster om sodanige inspeksies uit te voer, alhoewel hy aangemoedig was om nog mediese personeel aan te stel.

- Deare het opdrag ontvang om versoeke vir medikasie op gereelde basis aan Bloemfontein deur te stuur. Sy verduideliking hierop was dat die kamp se kwota medisyne gereeld deur Bloemfontein gehalveer was, iets wat inderdaad so was.
- Yule het voorts na die lykstent verwys wat in 'n jammerlike toestand was. Deare het hierdie probleem omseil deur te verwys na 'n tekort aan planke (waarskynlik vir kiste), waarna hy opdrag gegee het om lyke voortaan in komberse te begrawe.³³⁷
- Nog 'n aanbeveling was dat daar gepoog moes word om boorgate vir skoon water te sink, veral ten ooste van die kamp. Deare het verduidelik dat water, volgens die inwoners van Bethulie, nie daar gevind sou word nie en gevolglik is niks hieraan gedoen nie. Ná Deare se ontslag, is boorgate wel daar gesink en voldoende skoon water is gevind.
- Laastens was die toiletgeriewe 'n groot probleem. Deare het genoem dat daar nie aan sy versoeke vir hout en sinkplaat gehoor gegee was nie en hy gevolglik nie veel aan hierdie probleem kon doen nie.³³⁸ Teen 10 Desember 1901 het Deare, volgens 'n verslag wat op 31 Desember 1901 hieroor verskyn het, nog geen daadwerklike verbeteringe aangebring nie, aangesien hierin aangevoer was dat sanitasie in ORC kampe, met die uitsondering van Bethulie, oor die algemeen redelik was.³³⁹

Uit bogenoemde samevatting kan tot die gevolgtrekking gekom word dat Deare wel verantwoordelik gehou kan word vir die verspreiding van siektes in die kamp en 'n gevolglike hoë sterftesyfer. Die aspekte wat binne sy beheer was, is swak bestuur en daar was geen dringendheid aan sy kant om potensieel gevaarlike situasies aan te spreek of vroegtydig te voorkom nie. Deare was nie opgewasse vir hierdie rol nie en het nie oor die nodige vaardighede beskik nie. Hy was duidelik nie bereid om na die advies van ander te luister nie, ten koste van mense wat met hul lewens hiervoor moes boet. Diegene wat Deare aangestel het, is egter ook te blameer aangesien hy slegs oor 'n sportagtergrond beskik het en betrokke was by die stigting van die sokker-, swem-, krieket-, seil-, roei- en jagklubs in Port Elizabeth. In die *Bloemfontein Post* van 12 Oktober 1901 is na hom verwys as “Mr Russel Deare, who is well known to sportsmen throughout South Africa and as secretary of the SA Jockey and Turf

³³⁷ *Ibid.*, 3.9.1901.

³³⁸ *Ibid.*

³³⁹ OM, 4899/628: *Reports etc. on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, 31.12.1901, p. 4.

Club”.³⁴⁰ Sy agtergrond staan dus in skrilte kontras met dit wat in die rol van superintendent van ’n konsentrasiekamp vereis sou word.

Benewens die swak bestuur van die kamp het Deare hom ook skuldig gemaak aan onmenslike optrede teenoor die inwoners. Die “Bird Cage” is in opdrag van Deare aan die suidekant van die Bethulie-kamp naby die sanitêre gate opgerig met die doel om as straf vir oortreders te dien. Dit het bestaan uit ’n vierkantige hok van pale van ongeveer 4 m² wat op ’n harde gruisplaat ingeplant is, en waaroor doringdraad gespan is. Selfs die dak was van doringdraad, dus ’n ware voëlhok. Rolle doringdraad is verder om die basis van die hok geplaas om persone te ontmoedig wat van buite probeer hulp verleen het. Die groot ysterhek wat aan die westekant geleë was en met ’n groot koperslot gesluit is, het toegang tot die draadkamp verleen. Aangehoudenenes in die draadkamp het toegang gehad tot ’n tent met twee veldkatels (sonder ’n kombers of matras), ’n blik met water wat aan ’n paal vasgemaak is, en ’n sanitêre emmer in die hoek van die hok, maar daar was geen verdere beskutting nie. Rantsoene het slegs uit pap bestaan en inwoners is in die winter en somer aan erge weersomstandighede blootgestel.³⁴¹ Dit spreek vanself dat diegene wat na die draadkamp gestuur is, nog meer vatbaar vir siektes gelaat is.

Volgens ’n kampseun het inwoners vir ernstige oortredinge, maar soms selfs onbenullighede, in die draadkamp beland. So byvoorbeeld is kampinwoners “wat oor die lyne beweeg het”, na die draadkamp gestuur.³⁴² Die afleiding is dat dit verwys het na die blokke waar die joiners se kwartiere en Deare se kantoor was. Ontvlugting uit die kamp en parmantigheid teenoor persone in gesagsposisies, is as ernstige oortredings beskou.³⁴³ Anna Joubert, wat ’n kampkind tydens die oorlog was, verwys na moeders en selfs gesinne wat in die draadkamp beland het, veral wanneer hulle ’n siek geliefde vir die dokters en verpleegsters probeer wegsteek het. Strawwe vir hierdie optrede het gewissel van 14 dae tot selfs ’n maand in die draadkamp.³⁴⁴ Sarie Roos vertel dat Deare haar met die draadkamp gedreig het nadat sy stukkies kerse, wat ná gebruik in die hospitaal oorgebly het, aan behoeftiges uitgedeel het.³⁴⁵

³⁴⁰ Bloemfontein Post, 12.10.1901, p. 4.

³⁴¹ OM, 5417/1: My herinneringe aan die Bethulie-konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: Anna Catharina Elizabeth Breedt (gebore Simkin), 10.10.1966; *Marble Koerier*, 5.1.1982, p. 2.

³⁴² OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 8.

³⁴³ *Ibid.*

³⁴⁴ M.M. Postma, *Stemme uit die verlede: ’n Verklaring van beëdigde verklarings van vroue wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in konsentrasiekampe verkeer het*, p. 104.

³⁴⁵ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 8.

Deare het die draadkamp dus as afskrikmiddel sowel as strafmiddel gebruik en probeer om sy gesag daardeur te laat geld.

Die bevindings van die Fawcett-kommissie en Yule was van so 'n ernstig aard dat Hamilton Goold-Adams self ingegryp het deur toe te sien dat Deare op 9 Desember 1901 ontslaan word. So het Goold-Adams se sekretaris, Henry Francis Wilson, Deare per brief hiervan verwittig, maar Wilson het Deare gepaai deur daarna te verwys dat die Britse bestuur hom (Deare) nie verantwoordelik gehou het vir hierdie groot aantal sterftes nie: “nothing affecting your character necessitates him removing you ... he considers the bad state and severe epidemic that has fallen over your camp, that the camp should be placed in fresh hands.”³⁴⁶ Uit hierdie skrywe word afgelei dat die Britse bestuur in Bloemfontein die uitsonderlike hoë sterftesyfer in die Bethulie-kamp nie langer kon ignoreer nie, en daarom op 'n stil manier van Deare ontslae wou raak ten einde te verhoed dat hierdie situasie ook deels op hulle blameer word.

Dit blyk verder dat Deare gedurende sy termyn omring was met onbevoegde personeel soos T.T. Percival en H. de Villiers.³⁴⁷ Hierdie persone was onder die kampinwoners bekend as die ongenaakbare driemanskap (Deare, De Villiers en Percival).³⁴⁸ Percival het op 10 Desember 1901 op eie inisiatief 'n telegram gestuur waarin hy, namens al die personeel en inwoners van die kamp, versoek het dat Deare se ontslag heroorweeg moes word vanweë Deare se (kwansuise) gewildheid in die kamp. Uit sir Hamilton Goold-Adams se antwoord kom dit voor of die Bethulie-kamp 'n verleentheid vir die ORC administrasie was aangesien Wilson soos volg in sy terugvoer verwys: “His Honour does not intend to re-consider his decision.”³⁴⁹ Dit wil voorkom of Deare die kamp eers teen einde Desember 1901 verlaat het, aangesien hy Trollope op 28 Desember 1901 per telegram verwittig het van “Percival, down with enteric [illness]”³⁵⁰ en dat hy bereid was om tien dae later eers te vertrek. Ten spyte van Percival se siekte en uiteindelijke dood aan maagkoors op 31 Januarie 1902, is Deare se aanbod nog dieselfde dag hoflik van die hand gewys.³⁵¹

³⁴⁶ NASA, VAB, SRC, 35, A420: Dismissal of Mr Deare, 9.12.1901.

³⁴⁷ Hendrik Theodorus (Tobias) de Villiers, Vrystaat-burger, onderwyser en joiner, is reeds op 19 April 1901, net voor die Bethulie-kamp se ontstaan, as rantsoenuitreiker aangestel. Verskeie dagboeke en herinneringe maak melding van sy brutale optrede teenoor vroue en kinders in die Bethulie-kamp. Hy sterf op 17 Desember 1901 aan maagkoors en is tussen die Britse soldate in die Bethulie-begraafplaas begrawe. Van Heyningen, p. 252.

³⁴⁸ Venter, p. 110.

³⁴⁹ NASA, VAB, SRC, 35, A420: Mr Deare, 10.12.1901.

³⁵⁰ NASA, VAB, SRC, 35, A620: Departure of Mr Deare, 28.12.1901

³⁵¹ Venter, p. 110; NASA, VAB, SRC, 35, A620: Departure of Mr Deare, 28.12.1901.

Onder Deare se bestuur het die Bethulie-kamp 'n reputasie as 'n “moordkamp” verwerf. Cole-Bowen verwys kort ná Deare se ontslag na die uitsonderlike groot aantal sterftes in hierdie kamp en meld dat “[s]ome of the people in Bethulie-camp are really skeletons”.³⁵² Kampinwoners het verskillende sienings oor Deare gehandhaaf, waar die joiners na hom as “Oh Dearie” (Ou Skat) verwys het, terwyl die meeste vroue en kinders wat swaar tye deurgemaak het, na hom as “Oh Dear” (O Goeiste) verwys het. Dagboeke, herinneringe, en briewe verwys telkens na Deare en sy mede-amptenare se nalatigheid en die hardvoggige en onsimpatieke optrede deur die driemanskap (Deare, De Villiers en Percival) teenoor die vroue en kinders.³⁵³ So byvoorbeeld onthou Elsie Maria Venter, destyds 'n dogtertjie in die kamp, dat De Villiers, wat sy verkeerdelik onthou as 'n Britse offisier, ongenaakbaar was teenoor die vroue en kinders en gereeld uitgeroep het: “mag die aarde en berge oopgaan en al die vroue en kinders insluk.”³⁵⁴ Alhoewel die ontslag van Deare en ingryping deur Cole-Bowen tot vele positiewe veranderinge en verbeteringe gelei het, kan die Britse bestuur, meer spesifiek Alfred Milner en sy amptenare, nie van enige blaam kwytskeld word vir die groot aantal sterftes by Bethulie nie aangesien 'n vroegtydige ingryping hierdie groot lewensverliese sou kon voorkom het. Die ontslag van Deare, tesame met die nodige aanpassings in huisvesting, mediese sorg, sanitasie en rantsoene hierna, het 'n nuwe fase in die bestaan van die Bethulie-kamp ingelui, waarvan die belangrikste die daling in die aantal sterftes was.

4.6 STATISTIEK EN WAARNEMINGS

Amptelike dokumentasie oor inwonergetalle en sterftes in die onderskeie kampe, soos opgestel deur die Britse kampbestuur, bevat statistiek wat bevraagteken kan word. J.S. Wilkins, in daardie stadium die waarnemende hoofsuperintendent van kampe in die ORC, het in April 1902 die onderskeie superintendente daarop gewys dat “mistakes have occurred again in the figures of weekly returns from superintendents ... thus making it difficult for me to compile a correct return”.³⁵⁵ 'n Voorbeeld hiervan is die statistiek van die Bethulie-kamp vir April 1902 wat aan Milner se kantoor gestuur is. In dié verslag word gemeld dat die kamp 4 047 inwoners huisves en dat slegs twee sterfgevälle vir die maand April aangeteken is.³⁵⁶ 'n Ander Britse opgawe verwys egter na 3 037 Bethulie-kampinwoners met nege sterftes wat in

³⁵² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

³⁵³ *Bethulie Nuusbrief*, 19.5.1978, p. 11.

³⁵⁴ OM, 5890/70: Van Schoor-versameling – herinneringe van Bethulie-kampkinders: E.M. Venter, 17.12.1981.

³⁵⁵ NASA, VAB, SRC, 41, 8041: Returns of deaths in RC, 4.4.1902.

³⁵⁶ NASA, VAB, SRC, 48: High Commissioner's office – returns for April, 1.5.1902.

April 1902 plaasgevind het. Laasgenoemde is meer korrek, aangesien verskeie inwoners van die Bethulie-kamp in April 1902 na Uitenhage gestuur is.³⁵⁷ Selfs Cole-Bowen het in Januarie 1902 verwys na 'n insident wat in Desember 1901 in die Bethulie-kamp plaasgevind het, aangesien assistent-superintendent Percival wat vir die kampregister verantwoordelik was, dit nie op datum gehou het nie en nuwe aankomelinge gevolglik nie rantsoene kon ontvang nie en dit tot oproer gelei het.³⁵⁸ Venter verduidelik dat Cole-Bowen soos volg daarna verwys het: "The books were kept badly and the register [kampregister] was so deficient that it had to be restarted."³⁵⁹

Dit is duidelik dat die administrasie deur die Bethulie-kamp se amptenary nie altyd op standaard was nie en/of dat hulle die ware toedrag van sake van Milner probeer weerhou het, juis omrede daar druk op hulle was om die omstandighede in die kamp te verbeter en sterftes te beperk. Ten einde die amptelike Britse statistiek te kontroleer en te bevestig, is dit met die navorser se inligting in die Bethulie-konsentrasiekamp se databasis vergelyk. Die databasis is saamgestel uit twee Bethulie-kampregisters (SRCs); amptelike argivale dokumente wat deur die Britse bestuur saamgestel is; die onderskeie lysste van E. van Heyningen, C. Reynolds en A.W.G. Raath van inwoners van die Bethulie-kamp; asook geskifte soos herinneringe en dagboeke. Deur hierdie samevoeging van inligting kon ontbrekende gegewens en besonderhede van inwoners van die Bethulie-kamp aangevul word en die databasis saamgestel word.³⁶⁰

4.6.1 Aantal inwoners

Tydens superintendent Deare se termyn, wat vanaf 22 April 1901 tot 9 Desember 1901 gestrek het, is 'n totaal van ongeveer 5 400 mense in die Bethulie-kamp gehuisves.³⁶¹ Hierdie getal verwys na die totale getal inwoners wat hulle op enige gegewe stadium gedurende die tydperk 22 April 1901 tot 9 Desember 1901 in die kamp bevind het. Die aantal inwoners het maandeliks gewissel as gevolg van die byvoeging van nuwe aankomelinge, hetsy vroue en kinders wat van hul plase weggevoer is en/of mans wat die wapen neergelê het; asook die aftrek van mense wat gesterf het en gevalle van weglopery uit die kamp.³⁶² Volgens die SRC-

³⁵⁷ NASA, VAB, CO, 68, 1374/02: Refugee camps monthly report for April 1902, 13.5.1902.

³⁵⁸ NASA, VAB, SRC, 27, 5505: Disorder at Bethulie RC, 28.1.1902.

³⁵⁹ Venter, p. 111.

³⁶⁰ NASA, VAB, SRC, 72, 7945: Statistics on RCs in the ORC, 5.1.1902; E. van Heyningen *Privaat Versameling: Bethulie-sterftelys*, 2016; C. Reynolds *Privaat Versameling: Bethulie-sterftelys*, 2013; Raath, pp. 176-210.

³⁶¹ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp*.

³⁶² *Ibid.*

statistiek het verskroeide aarde in die Suid-Vrystaat veral in die wintermaande 'n hoogtepunt bereik, met inwoners wat vanaf Fauresmith, Dewetsdorp, Reddersburg, Smithfield, Philippolis, Bethulie en Wepener na die Bethulie-kamp weggevoer is. (Sien Bylae 4.2: Grafiek 4.2.3.) Vanaf Augustus 1901 tot September 1901 het die aantal inwoners geleidelik toegeneem, wat 'n aanduiding is dat die Britse kolonnes steeds voortgegaan het om gesinne na die Bethulie-kamp weg te voer, alhoewel heelwat minder as die voorafgaande vier maande. Vanaf Oktober 1901 tot Desember 1901 was daar 'n geleidelike afname in die kamp se inwonertal, omrede die aantal nuwe aankomelinge deur die aantal sterftes oorskry is.³⁶³ Dit is opmerklik dat die getal mans vanaf 380 in Junie 1901 tot 513 in November 1901 toegeneem het en dit verwys spesifiek na die hensoppers wat gedurende hierdie tydperk by die kamp aangesluit het. Die data toon voorts dat die kinders se getalle as gevolg van die groot aantal sterftes in hierdie kamp drasties verminder het, vanaf 2 733 in Augustus 1901 tot 2 299 in Desember 1901.³⁶⁴ Sedert die kamp se ontstaan op 22 April 1901 tot en met 31 Mei 1902, is ongeveer 5 800 mense gehuisves.³⁶⁵ Die meeste inwoners was vroulik en ten minste 57% was kinders onder die ouderdom van 16 jaar.³⁶⁶

Tabel 4.3: Inwoners van die Bethulie-kamp, 22 April 1901 tot 31 Mei 1902

Lewensfase	Manlik	Vroulik	Onbekend	Totaal
Volwassenes (21+ jaar)	627	1 269	6	1 902
Jong volwassenes (16–20 jaar)	112	403	7	522
Kinders (0–15 jaar)	1 740	1 502	54	3 296
Onbekend	5	3	6	14
Totaal	2 484	3 177	73	5 734

Dorpe soos Dewetsdorp, Fauresmith, Philippolis, Reddersburg en Smithfield is geheel en al ontruim. Alhoewel die Philippolis-inwoners hoofsaaklik na die Norvalspont- en Springfontein-kamp gestuur was, het ongeveer 500 mense uit hierdie distrik in die Bethulie-kamp beland. Bethulie-inwoners is vóór April 1901 hoofsaaklik na die Norvalspont- en Springfontein-kamp gestuur, maar ná die ontstaan van die Bethulie-kamp is bykans 800 inwoners hierheen weggevoer, aangesien hierdie twee kampe nie meer die groot aantal inwoners kon

³⁶³ *Ibid.*

³⁶⁴ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁶⁵ *Ibid.*

³⁶⁶ *Ibid.*

huisves nie.³⁶⁷ Die wegvoer van gesinne vanaf omliggende dorpe na Bethulie het noodwendig 'n groot las op die dorp se beskikbare hulpbronne geplaas. Die getal inwoners uit die Bethulie- Bloemfontein-³⁶⁸, Fauresmith-, Smithfield- en Wepener-distrik word in Tabel 4.4 aangedui.³⁶⁹

Tabel 4.4: Inwoners afkomstig van omliggende distrikte

Distrik	Getal inwoners	Persentasie van totaal
Fauresmith	1 420	25%
Bloemfontein	1 244	22%
Smithfield	1 095	19%
Bethulie	799	14%
Wepener	559	10%
Philippolis	500	9%
Ander	117	1%
Totaal	5 734	100%

4.6.2 Aantal sterftes en oorsake

Ten einde die amptelike sterftesyfers van die Bethulie-kamp te kontroleer, is die *Government Gazette*;³⁷⁰ amptelike sterfteregister (SRC); sterftelyste soos saamgestel deur A.W.G. Raath, E. van Heyningen en C. Reynolds;³⁷¹ asook twee grafregisters³⁷² wat aan Petrus Fourie behoort het, geraadpleeg. Die totale aantal sterfgevälle in die Bethulie-kamp stem volgens Raath, Van Heyningen en Reynolds grootliks ooreen. Hierteenoor is die aantal sterftes soos

³⁶⁷ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Norvalspont-, Springfontein-, Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁶⁸ Inwoners van Dewetsdorp en Reddersburg wat deel was van die Bloemfontein-distrik, is in April 1901 as een groep na Bethulie weggevoer en in die kampregister opgeteken as Bloemfontein. Daar kan derhalwe nie bepaal word van welke distrikte die onderskeie gesinne afkomstig was nie.

³⁶⁹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁷⁰ Die besonderhede van die oorledenes is veral in 1901 tot 1902, per kamp, maandeliks in die *Government Gazette* gepubliseer.

³⁷¹ Me. Celeste Reynolds het in 2013 'n databasis van die aantal sterftes in kampe tydens die oorlog bekend gestel. Haar navorsing het hoofsaaklik berus op gegewens wat verkry is uit sterftetekenningsgewings in argiewe.

³⁷² Twee oefeningboeke, gemerk "Graves Epitah 1 en 2" insake sterftes wat tydens die oorlog deur 'n Britse beampte bygehou is, maar tog met enkele ontbrekende gegewens oor sommige oorledenes.

aangedui in die *Government Gazette* en SRC aansienlik minder, maar stem wel ooreen met die lys wat deur Petrus Fourie saamgestel is.³⁷³

Tabel 4.5: Vergelyking van sterftesyfers

Bron	Getal sterftes
C. Reynolds	1 745
A.W.G. Raath	1 737
E. van Heyningen	1 709
<i>Government Gazette</i>	1 392
P. Fourie	1 334
Sterfteregisters (SRC)	1 325

Aan die hand van 'n verskeidenheid beskikbare bronne, is hierdie statistiek, sover moontlik, opnuut gekontroleer. Volgens Petrus Fourie, wat etlike jare later tydens die bou van die Gariep-dam (voorheen bekend as die Hendrik Verwoerddam) behulpsaam was met die verskuiwing van die grafte na 'n nuwe terrein, was daar 1 334 grafte in die Bethuliekampbegraafplaas, waarvan 1 194 persone se name op die grafte verskyn het en 140 grafte ongemerk was. Volgens Fourie kan die verskil van 543 name³⁷⁴ toegeskryf word aan die feit dat drie tot vier persone (hoofsaaklik kinders) soms in een graf begrawe is.³⁷⁵ Die afleiding is dat dit verwys na die ongemerkte grafte, maar daar is egter nie 'n verduideliking waarom die name van hierdie persone nie op die grafte verskyn nie en voorts is daar geen bewys hoeveel persone in hierdie ongemerkte grafte begrawe is nie.

Vir doeleindes van hierdie studie is gepoog om 'n balans tussen die verskillende bronne te vind en is die Bethulie-databasis opgedateer met sterfgevalle wat deur twee of meer bronne bevestig kan word en waar die datums, ouderdomme van oorledenes en oorsake van die sterfgevalle volledig aangeteken is. (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.1.) Alhoewel dit aanvaar word dat die Bethulie-databasis nie een honderd persent korrek kan wees nie as gevolg van ontbrekende inligting, is dit wel moontlik om statistiek daardeur beskikbaar te stel en

³⁷³ NASA, VAB, SRC, 109: Index to plan of grave-yard refugee camp, Bethulie ORC, 1903, pp. 1-43; NASA, VAB, SRC, 74, 75: Bethulie deaths, 1901-1902, pp. 1-210; Raath, pp. 176-210; E. van Heyningen Privaat Versameling: Bethulie-sterftelys, 2016; C. Reynolds Privaat Versameling: Bethulie-sterftelys, 2013; OM, 7194/151 en 7194/153: Graves Epitah 1 en 2; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethuliekonsentrasiekamp.

³⁷⁴ Volgens Raath 1 737 sterftes, minus 1 194 grafte met name.

³⁷⁵ OM, 7194/151 en 7194/153: Graves Epitah 2.

bepaalde tendense aan te dui. As uitgangspunt word dus met die databasis gewerk waarin 1 498 sterfgevälle volledig aangeteken kon word.³⁷⁶

Met verwysing na die tydperk 1 Junie 1901 tot 31 Desember 1901, waartydens die meeste sterftes plaasgevind het, verwys die SRC na 1 124 sterftes, Van Heyningen na 1 286 sterftes en die databasis na 1 172 sterftes.³⁷⁷ Alhoewel die syfers nie ooreenstem nie, is daar 'n relatiewe klein verskil van 48 name (4%) tussen die databasis en die amptelike Britse syfers en, met die uitsondering van Augustus 1901 en Desember 1901, stem die Britse statistiek en databasis grootliks ooreen. (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.2.) Die data van Van Heyningen is bygevoeg om die tendens vanaf Junie 1901 tot Desember 1901 bykomend aan te dui.³⁷⁸

Sedert Augustus 1901 was daar 'n skerp toename in die aantal sterftes in die Bethulie-kamp weens die uitbreek van masels. Die tydperk vanaf Augustus 1901 het die donkerste tyd in hierdie kamp se bestaan ingelui, en dit het tot Desember 1901 geduur. Die Britse bestuur in die ORC, en selfs Milner, moes erken dat daar groot fout in die Bethulie-kamp was.³⁷⁹ Hul ingryping was egter te laat, omrede meer as 1 100 mense teen 10 Desember 1901, die dag nadat Deare ontslaan is, reeds in die Bethulie-kamp gesterf het.³⁸⁰

Volgens Pratt Yule se statistiek vir Augustus 1901, was masels (148 gevalle), gevolg deur longontsteking (14 gevalle) en maagkoors (13 gevalle) die hooforsaak van sterftes.³⁸¹ Die databasis dui soortgelyke syfers aan vir masels (142 gevalle) en maagkoors (13 gevalle), maar sterftes vir longontsteking is heelwat meer (32 gevalle) (sien Tabel 4.6). Die rol wat elkeen van hierdie epidemies in die daaropvolgende vier maande sou speel, blyk duidelik uit die aantal sterfgevälle wat volgens die databasis aangemeld is.³⁸² (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.3.) Die afleiding is dat die masels- en maagkoorsepidemies die direkte gevolg van ongunstige omstandighede in die kamp en die besoedeling van die waterbron was. Longontsteking, as uitvloeisel van die maselsepidemie, het gevolg, tesame met die erge koue en gebrekkige behuising wat nog meer lewens geëis het.

³⁷⁶ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁷⁷ NASA, VAB, SRC, 72, 7945: Statistics on RCs in the ORC, 5.1.1902; E. van Heyningen Privaat Versameling: Bethulie-sterftelys, 2016; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁷⁸ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁷⁹ NASA, VAB, SRC, 41, 4544: Exceedingly high death rate at Bethulie RC, 4.9.1901.

³⁸⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁸¹ NASA, VAB, SRC, 31, 2085: List of deaths at various RCs, 21.9.1901.

³⁸² J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

Tabel 4.6: Oorsake van sterftes, Augustus tot Desember 1901

Oorsaak van sterftes	Aug 1901	Sep 1901	Okt 1901	Nov 1901	Des 1901
Masels	142	158	20	2	2
Longontsteking, brongitis	32	56	87	125	122
Maagkoors, diarree, gastro	13	18	32	84	140
Wanvoeding, verswakte toestand	3	1	4	20	16
Koors, stuiptrekkings	2	6	9	7	3
Ander	7	2	5	4	6
Totaal	199	241	157	242	289

Volgens die databasis het 1 498 mense tydens die bestaan van die Bethulie-kamp gesterf en deurentyd het longontsteking, maagkoors en masels tot die meeste sterftes aanleiding gegee.³⁸³ (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.4.) Met behoorlike bestuur en die daarstel van goeie geriewe kon voorkomend opgetree word ten einde die inwoners se lewens te beskerm, maar die Britse owerheid en spesifiek superintendent Deare en sy amptenare in die Bethulie-kamp, het in hierdie taak gefaal. Daarbenewens was mediese sorg gebrekkig en kon die groot aantal pasiënte nie behoorlik versorg word nie.

4.6.3 Impak op kinders en gesinne

Volgens die verslag insake konsentrasiekampe in die ORC was veral kinders in die Bethulie-kamp weerloos.³⁸⁴ Statistiek bevestig dat dit juis die kinders was wat min weerstand teen die epidemies kon bied, aangesien 73% van die sterftes in die Bethulie-kamp kinders onder die ouderdom van 16 jaar was.³⁸⁵ (Sien Bylae 4.3: Grafieke 4.3.5 en 4.3.6.) Inligting oor sterfgevälle, soos aangeteken deur Raath, waar slegs name sonder enige ander besonderhede verskyn, is vir doeleindes van die studie buite rekening gelaat. Dit sluit byvoorbeeld in verwysings na “baba” of “drie kinders van Emmarenza”.³⁸⁶ ’n Vergelyking tussen die totale getal inwoners en die totale getal sterftes aangemeld, dui ook aan dat kinders onder 16 jaar die meeste met hul lewens geboet het, aangesien ongeveer 33% van die totale kinderbevolking van die Bethulie-kamp gesterf het.³⁸⁷ (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.7.) Voorts is dit belangrik

³⁸³ *Ibid.*

³⁸⁴ OM, 4899/625: *Further papers on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal* (Cd. 853), Desember 1901, pp. 4-5.

³⁸⁵ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

³⁸⁶ Raath, p. 180.

³⁸⁷ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

om daarop te let dat dit veral kinders onder een jaar (72%) en tussen een en vyf jaar (58%) was wat gesterf het.³⁸⁸

Alhoewel die geboorte van kinders nie altyd goed gedokumenteerd is nie, is bewyse gevind van ten minste 102 babas wat in die Bethulie-kamp gebore is, waarvan 63 gesterf het. Vir die inwoners van die Bethulie-distrik is 15 babas gebore, waarvan slegs vier oorleef het.³⁸⁹ In sommige gevalle is gesinne bykans heeltemal uitgewis. Twee gesinne word as voorbeelde gebruik. Die Grobbelaar-gesin (Tabel 4.7) van die plaas Ganspoort, Bethulie, het binne vier maande vyf kinders aan die dood afgestaan.³⁹⁰ Die tweede voorbeeld is die De Jager-gesin (Tabel 4.8) van die plaas Glasford, distrik Bethulie, wat vyf seuns aan die dood afgestaan het. Slegs die ouers en die oudste kind, 'n dogter, het oorleef.³⁹¹

Tabel 4.7: Besonderhede van die Grobbelaar-gesin

Naam	Ouderdom	Geslag	Oorlede	Oorsaak van dood
Dina Grobbelaar	34	Vroulik	—	—
Petrus Jacobus Grobbelaar	14	Manlik	—	—
Herkulaas Frederick Grobbelaar	12	Manlik	—	—
Hester Elizabeth Grobbelaar	11	Vroulik	—	—
Magdalena Jacomina Grobbelaar	8	Vroulik	28.11.1901	Longontsteking
Willem Jacobus Grobbelaar	6	Manlik	29.12.1901	Maagkoors
Daniël Venter Grobbelaar	4	Manlik	21.10.1901	Masels
Johannes Jacobus Grobbelaar	3	Manlik	20.10.1901	Masels
Hendrina Christoffel Grobbelaar	10 maande	Vroulik	14.1.1902	Diarree/gastro

³⁸⁸ *Ibid.*

³⁸⁹ *Ibid.*

³⁹⁰ *Ibid.*

³⁹¹ *Ibid.*

Tabel 4.8: Besonderhede van die De Jager-gesin

Naam	Ouderdom	Geslag	Oorlede	Oorsaak van dood
Gert Johannes de Jager	36	Manlik	–	–
Petronella de Jager	33	Vroulik	–	–
Classina Eleanor de Jager	10	Vroulik	–	–
Carolus J P de Jager	9	Manlik	20.9.1901	Maagkoors
Johannes Martinus de Jager	8	Manlik	22.5.1901	Koors/stuipe
Gert Johannes de Jager	5	Manlik	12.12.1901	Longontsteking
Hendrik Christoffel de Jager	4	Manlik	2.9.1901	Masels
Gideon de Jager	2	Manlik	20.10.1901	Longontsteking

Ongeveer 26% van die Bethulie-inwoners wat in die Bethulie-kamp opgeneem is, het gedurende die kamp se bestaan gesterf. Die persentasie sterftes stem ooreen met mense van ander distrikte wat in die Bethulie-kamp gesterf het (**Error! Not a valid bookmark self-reference.**).³⁹² (Sien ook Bylae 4.4: Grafiek 4.4.1.)

Tabel 4.9: Sterftes in die Bethulie-kamp: Inwoners van Bethulie en ander distrikte

Distrik	Getal inwoners	Getal oorlede	Persentasie oorlede
Fauresmith	1 420	404	28%
Bloemfontein (Reddersburg en Dewetsdorp)	1 244	352	28%
Smithfield	1 095	286	26%
Bethulie	799	209	26%
Wepener	559	112	20%
Philippolis	500	98	20%

4.6.4 Vergelyking met ander kampe

Die data vir die onderskeie kampe in die Suid-Vrystaat en Noordoos-Kaapkolonie toon dat die grootste aantal sterftes in die Bethulie-kamp aangeteken is, gevolg deur Aliwal-Noord. (Sien Bylae 4.4: Grafiek 4.4.2.) Die sterftes in die Aliwal-Noord-kamp is grootliks toegeskryf aan 'n maselsepidemie wat nie dadelik onder beheer gebring is nie.³⁹³ Alhoewel die Bethulie-kamp ná die ander kampe ingerig is en 'n dus bestaande model as voorbeeld kon gebruik, het die groot hoeveelheid sterftes in die Bethulie-kamp net weer eens bewys dat die kamp oorhaastig ingerig en swak bestuur was.

³⁹² *Ibid.*

³⁹³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Aliwal-Noord-, Springfontein- en Norvalspont-konsentrasiekamp.

Tabel 4.10: Sterftes in die Bethulie- en ander kampe

Konsentrasiekampe	Getal sterftes	Persentasie van totaal
Bethulie	1 498	49%
Aliwal-Noord	628	20%
Bloemfontein	422	14%
Springfontein	397	13%
Norvalspont	121	4%
Totaal	3 066	100%

’n Vergelyking met die sterftes van Bethulie-inwoners in die ander konsentrasiekampe dui aan dat die Bethulie-kamp ’n veel hoër sterftesyfer gehad het (Tabel 4.11).³⁹⁴ (Sien ook Bylae 4.4: Grafiek 4.4.3.)

Tabel 4.11: Vergelyking met ander kampe

Konsentrasiekampe	Getal inwoners	Getal sterftes
Bethulie	799	209
Norvalspont	534	6
Springfontein	449	29
Bloemfontein	127	2
Aliwal-Noord	81	30
Totaal	1 990	276

4.7 MOERASKAMP, 9 DESEMBER 1901 TOT 31 DESEMBER 1902

4.7.1 Luitenant St John Cole-Bowen

Luitenant St John Cole-Bowen, voorheen superintendent van die Norvalspont-kamp – deur Emily Hobhouse beskryf as ’n modelkamp – was sedert 16 Desember 1901 as reisende inspekteur van kampe (Travelling Inspector of Refugee Camps) in die ORC aangestel. Cole-Bowen se primêre pligte het besoeke aan die onderskeie kampe in die ORC behels, met die doel om hervormings in te stel en sterftes onder die kampinwoners te beperk. Goeie administrasie en bepaalde standaarde rondom die bestuur van alle kampe in die ORC moes

³⁹⁴ *Ibid.*

tot voordeel van al die inwoners toegepas word.³⁹⁵ Emily Hobhouse het Cole-Bowen se aanstelling in hierdie pos reeds vóór September 1901 voorgestel, maar dit is eers aanvaar nadat die Fawcett-kommissie dit aanbeveel het. In haar woorde: “[I]t was my wish and suggestion that Mr Cole-Bowen should be asked to visit other camps in order to inaugurate his superior methods, and so obviate needless suffering. The idea, however, was not adopted until the last months of the year. The Ladies Committee made the same proposal and Mr Cole-Bowen became Traveling Inspector, with effects for Bethulie alone, that ill-fated camp can never be too grateful.”³⁹⁶

Cole-Bowen het groot aansien onder die Norvalspont-kampinwoners, die Britse administrasie, asook die Fawcett-kommissie geniet.³⁹⁷ Een van sy grootste uitdagings was om die probleme in die Bethulie-kamp, wat tot ’n uitsonderlike groot aantal sterftes gelei het, aan te spreek. Nadat Deare die Bethulie-kamp verlaat het, het Cole-Bowen beheer van die kamp oorgeneem. Goold-Adams het Milner kort hierna per brief in kennis gestel van ’n groot uitbreek van masels by Bethulie, maar verklaar soos volg: “Cole-Bowen is there, have dismissed superintendent Deare for apathy.”³⁹⁸ Cole-Bowen het begin deur nog twee dokters, asook meer verpleegpersoneel en beddens aan te vra. Milner het hierdie pogings ondersteun en laat weet: “I have sent an urgent wire to the Principal Medical Officer for the nurses you require.”³⁹⁹ Cole-Bowen het die oorsake vir die groot aantal sterftes vinnig geïdentifiseer en aan Edith Dickenson genoem dat Bethulie inderwaarheid ’n gesonde plek was, maar dat die besoedelde water, gebrek aan spasie tussen die tente en gebrekkige rantsoene, onder meer daartoe gelei het dat veral masels, maagkoors en longontsteking ’n groot tol in hierdie kamp geëis het.⁴⁰⁰

Cole-Bowen het dadelik die probleme in die kamp aangespreek. Verpleegster Roos beskryf Cole-Bowen as “’n man wat leef en sien wat verkeerd is ... So is die verbeteringe aan mnr. Cole-Bowen te danke en van toe af het die dood en siekte ook sommer afgeneem.”⁴⁰¹ Rensche van der Walt se dagboekinskrywings word gekenmerk deur verwysing na negatiewe insidente tydens Deare se bestuur, in teenstelling met verskeie positiewe verwickelinge onder Cole-Bowen, en dat daar ’n drastiese verbetering op alle gebiede in die kamp plaasgevind

³⁹⁵ OM, Kopie-argief, Groep C: The Cole-Bowen family.

³⁹⁶ E. Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell*, p. 122.

³⁹⁷ Van Heyningen, p. 195.

³⁹⁸ NASA, VAB, SRC, 21, 6672: Outbreak of enteric at Bethulie RC, 10.12.1901.

³⁹⁹ NASA, VAB, CO, 48: Despatch from High Commissioner regarding Bethulie RC, 12.12.1901.

⁴⁰⁰ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Adelaide Advertiser*, 12.4.1902.

⁴⁰¹ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 12.

het.⁴⁰² So byvoorbeeld is daar 'n bestelling vir mediese voorraad by 'n privaat verskaffer, C.W. Champion van Bloemfontein, geplaas en reeds op 10 Desember 1901 het Champion van hierdie voorraad per spoor na Bethulie aangestuur.⁴⁰³ Champion het op 19 Desember 1901 laat weet dat nog 'n besending op pad was en dat die res, wat lemmetjiesap en melk ingesluit het, op 9 Januarie 1902 sou volg.⁴⁰⁴ Twee dae nadat Deare ontslaan is, het Cole-Bowen by Trollope beswaar aangeteken oor die Britse bevelvoerder van Bethulie se besluit dat rytuie wat voorrade vanaf die stasie na die kamp moes vervoer, eers saans na 20:00 deur die dorp mag beweeg het.⁴⁰⁵ Verder het Cole-Bowen die ontslag van sekere dokters en selfs dié van assistent-superintendent Percival aanbeveel en skryf hy soos volg aan Bloemfontein: "He [Percival] is very unpopular here and does not seem to me to be a good man for the camp."⁴⁰⁶

Met die belangrikste veranderinge in plek, het Cole-Bowen die Bethulie-kamp begin Februarie 1902 verlaat om aandag te gee aan probleme by ander kampe.⁴⁰⁷ Twee maande hierna, op 28 April 1902, het Cole-Bowen sy bedanking aan die hoofinspekteur van kampe in die ORC gestuur omrede hy met ingang van 1 Mei 1902, die pos van resident-magistraat te Winburg aanvaar het.⁴⁰⁸ Sy bedanking is in 'n brief van 29 April 1902 deur die hoofinspekteur van kampe betreur, maar dank is teenoor Cole-Bowen uitgespreek vir die waardevolle diens wat hy tydens die oorlog verrig het, spesifiek ten opsigte van die Bethulie-kamp.⁴⁰⁹ Die afleiding is dat Cole-Bowen besef het dat vrede nie meer te ver was nie en dat hy 'n meer permanente betrekking moes bekom.

Ná die implementering van hervormings deur Cole-Bowen, is daar besluit om 'n nuwe superintendent vir die kamp aan te stel. In Februarie 1902 is H.F. Wilson⁴¹⁰ deur Trollope verwittig dat W.K.H. Wilson met ingang van Maart 1902, as die nuwe superintendent van die Bethulie-kamp aangewys is, met H.H.J. Hickley as sy assistent.⁴¹¹ Kort ná sy aankoms het Wilson die kamp, vir redes onbekend, vir 'n derde keer verskuif; noordoos, net 'n klein entjie vanaf die bestaande terrein, soos vermeld in 'n telegram in hierdie verband wat op 13 Maart

⁴⁰² Hamman, p. 10.

⁴⁰³ NASA, VAB, SRC, 21, 6975: Medical comforts for hospital Bethulie RC, 10.12.1901.

⁴⁰⁴ NASA, VAB, SRC, 21, 6987: C.W. Champion, 19.12.1901.

⁴⁰⁵ NASA, VAB, SRC, 17, 6736: Complaints by camp authorities at Bethulie RC, 19.12.1902.

⁴⁰⁶ Venter, p. 111.

⁴⁰⁷ *Ibid.*, pp. 110-111.

⁴⁰⁸ *Government Gazette*, 16.5.1902, p. 307.

⁴⁰⁹ NASA, VAB, SRC, 40, A1197: Cole-Bowen, 29.4.1902.

⁴¹⁰ H.F. Wilson was die koloniale sekretaris van die ORC, terwyl W.K.H. Wilson, die Bethulie-kampsuperintendent was. Hulle was nie verwant aan mekaar nie.

⁴¹¹ NASA, VAB, SRC, 38, A934: Mr Hickley and Mr Wilson, 8.3.1902.

1902 aan Milner gestuur is.⁴¹² Daar is gereeld in korrespondensie na pasiënte met maagkoors verwys en die gevolgtrekking is dat hierdie stap geneem is ten einde die verspreiding van die epidemie te keer. Wilson was slegs vir twee maande superintendent van die Bethulie-kamp, waarna John Ross McPherson op 8 Mei 1902 as superintendent van die Bethulie-kamp oorge- neem het – ’n pos wat hy tot en met die sluiting van die kamp in Desember 1902 beklee het.⁴¹³

4.7.2 Hervormings en die impak daarvan

In ’n poging om kampinwoners se lewenstandaard en lewensverwagting te verbeter, is kwessies soos voldoende skoon water, beter rantsoene, behuising en mediese versorging aangespreek. Cole-Bowen het begin met klein, dog uiters noodsaaklike hervormings in en om die kamp, en die spasiëring tussen die tente op 21 Januarie 1902 was die eerste hiervan. (Sien Bylae 4.5 vir foto’s van die Bethulie-konsentrasiekamp terrein.) ’n Kampinwoner bevestig dit deur te verwys na Cole-Bowen wat “die digbewoonde tentgebiede wat feitlik teen mekaar opgerig was, se rye laat uithaal het”,⁴¹⁴ met die gevolg dat die kamp na die noordoostekant uitgebrei het. Die inwoners moes weer nuwe vloere insit asook oondjies bou. Na hierdie veranderinge het die siektes merkbaar begin verminder.⁴¹⁵ In Mei 1902 verwys prop. R.H. Daneel na die kamp se ligging en dat die kamp veel beter daar uitsien nadat Cole-Bowen die tente verder uitmekaar laat opslaan het. Volgens Daneel is die kamp in tien groot blokke verdeel en het dit in daardie stadium baie beter met die inwoners gegaan.⁴¹⁶ Volgens verpleegster Roos het die groot netjiese blokke met ruimtes aan alle kante tot beter gesondheidstoestande bygedra.⁴¹⁷ So byvoorbeeld is die digbewoonde blok C opgebreek en na die oostekant verskuif. Net soos in die geval van die Norvalspont-kamp, is witgekalkte klippe gebruik om die onderskeie tentblokke en strate van die kamp aan te dui.⁴¹⁸ Alhoewel Cole-Bowen, soos Deare, logistieke probleme ervaar het, is die ou uitgediende tente wat gelek het en geskeur was, met nuwes vervang.⁴¹⁹ ’n Verslag maak melding van skepe wat met 500 kloktente en 50 markiestente in die onderskeie hawens aangekom het, maar weens “the enormous blockage at the coast ports, ships cannot off-load quickly”.⁴²⁰ Die laaste bestelling

⁴¹² NASA, VAB, SRC, 23, 7839: Bethulie Camp, 13.3.1902.

⁴¹³ NASA, VAB, SRC, 47, A2473: Captain J.R. McPherson, 3.4.1903.

⁴¹⁴ *Bethulie Nuusbrief*, 16.6.1978, p. 9.

⁴¹⁵ *Ibid.*

⁴¹⁶ Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum (hierna VS NGKAI): *De Kerkbode*, 15.5.1902, p. 89.

⁴¹⁷ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 12.

⁴¹⁸ *Bethulie Nuusbrief*, 16.6.1978, p. 9.

⁴¹⁹ *Ibid.*

⁴²⁰ OM, 6028/1(b): *Papers on the working of the refugee camps in South Africa*, 17.2.1902, p. 290.

van 50 tente is op 29 Maart 1902 deur die firma Pickering's aan die Bethulie-kamp gestuur.⁴²¹

Dat daar begin is om die watervoorsiening in die Bethulie-kamp te verbeter, blyk uit 'n brief in 1902 deur die Departement Publieke Werke aan Cole-Bowen. Hy is ingelig dat 'n volledige pomp en pype vir 'n boorgat – vir watervoorsiening aan die hospitaal – op 22 Januarie 1902 vanuit Bloemfontein aangestuur is.⁴²² Die jong Petronella Niemand onthou hoe water in die kamp, tydens Cole-Bowen se bestuur, “oorgeboor” is.⁴²³ Die afleiding is dat daar meer as een boorgat in die kamp gesink is, omrede daar verwys word na “a new set of testing rods for the Drill Foreman to test bore-holes with and the pump may be fixed in the new bore-hole near the office, if not it can be fixed in the hole near the hospital”.⁴²⁴ M. Olden verwys na twee boorgate wat die kamp van water voorsien het, asook 'n fontein wat in Februarie 1902, hoër op in die spruit, ontspring het.⁴²⁵ Superintendent Wilson het voorts 'n 16 m-boorgatvoering aangevra ten einde te verseker dat “a plentiful supply of water is struck”.⁴²⁶ Dit was van groot belang dat die waterbronne in die kamp op 'n verantwoordelike wyse bestuur sou word en hiervoor is Cornelius Roodt as Engine Driver teen £5.0.0 per maand aangestel. Roodt was verantwoordelik vir die daaglikse voorsiening van voldoende vars water uit die boorgate. In Julie 1902 is sy salaris tot £6.0.0 verhoog.⁴²⁷ Op hierdie wyse is gehoor gegee aan die aanbevelings wat deur die Fawcett-kommissie gemaak is rakende skoon en voldoende water.

Die Fawcett-kommissie het voorts sterk menings oor die onvoldoende rantsoene gehuldig. Op aanbeveling van die kommissie, en in opdrag van Milner, het dr. T. Whiteside Hime op 13 Desember 1901 nuwe rantsoenskale aangekondig. Trollope moes toesien dat hierdie skale so gou as moontlik in die onderskeie kampe in die ORC aangepas word.⁴²⁸ Hime se skrywe aan Trollope bevat heelwat uittreksels uit die Fawcett-kommissie se verslag waarin soos volg verduidelik word: “In accordance with Your Honour's [Milner's] instructions ... we are of the opinion that the rations hitherto issued to the Refugees is inadequate because it does not even supply the physiological minimum of nutriment necessary for the maintenance of

⁴²¹ NASA, VAB, SRC, 82, 1244: Pickering tents, 29.3.1902.

⁴²² NASA, VAB, SRC, 52, 7261: Bore-holes at Bethulie Camp, 22.1.1902.

⁴²³ Constantine *et al.* (red.), *Gedenkuitgawe 2 ...*, p. 89.

⁴²⁴ NASA, VAB, SRC, 52, 7261: Testing rods for Drill Foreman at Bethulie Camp, 4.2.1902.

⁴²⁵ NASA, VAB, SRC, 48, 2661: Bethulie Camp, 18.1.1902.

⁴²⁶ NASA, VAB, SRC, 52, 7261: Pump and pipes for Bethulie Camp, 27.1.1902.

⁴²⁷ NASA, VAB, SRC, 43, A1652: Engine drivers, 29.1.1902.

⁴²⁸ NASA, VAB, SRC, 108, 6705: Rations issued to Boer refugees, 13.12.1901.

health.”⁴²⁹ Daar is voorts verwys na babas wat in die verlede kondensmelk ontvang het, ’n praktyk waarna verwys word as: “deprived of mother’s milk, is to be absolutely condemned. Babies cannot thrive or live long on condensemilk.”⁴³⁰ Die gebrek aan groente het volgens die verslag gelei tot “conditions of scorbutic and purpuric degeneration and the occurrence of deaths from scurvy in camps”.⁴³¹ Hime se brief sluit af met ’n verwysing deur die kommissie, dat die liggaam vergelyk kan word met ’n masjien wat die nodige olies benodig om te funksioneer en dat die groot aantal sterftes daaraan te wyte is dat die nodige “olie” nie by die inwoners se dieet ingesluit is nie. “Considering these facts we are of the opinion that the hitherto existing dietary ought to be changed.”⁴³²

Die nuwe basiese rantsoenskaal vir volwassenes het onder meer 450 g vleis, 150 g meel, 28 g koffie, 56 g suiker, 28 g sout en ’n kwart blikkie kondensmelk ingesluit. Ekstra rantsoene wat soms uitgereik was, het ingesluit 280 g botter, 225 g rys, asook 112 g suurlemoensap (weekliks), 450 g konfyt (elke vierde dag), asook groente (wanneer beskikbaar).⁴³³ Hierbenewens is items soos seep en die gewig van die houtrantsoen vir die eerste keer vasgestel, op aanbeveling van die Fawcett-kommissie.⁴³⁴ Dat hierdie items wel by die Bethulie-inwoners se rantsoen ingesluit was, blyk uit Rensche van der Walt se dagboek waarin sy verwys na botter wat sedert 20 Januarie 1902 aan hulle uitgereik is, maar dit was volgens haar “skaars ’n skraapsel vir elke persoon”.⁴³⁵

In ’n poging om die getal sterftes in die kampe in die ORC te verminder, het dr. Yule voorgestel dat sopkombuise in die kampe begin word, waar sop met behulp van 120 ℓ-stoomketels aan die kinders voorsien sou word. Die Bethulie-kamp het in daardie stadium ongeveer 2 720 kinders onder die ouderdom van 17 jaar gehad en naas die Bloemfontein-kamp, was dit die kamp in die ORC met die meeste kinders. Vier stowe was nodig om aan elke kind daagliks ongeveer 500 ml sop te voorsien. Yule se aanbevelings is deur Trollope aanvaar, aangesien ’n bestelling vir 26 Soyer-stowe, elk van ongeveer 212 ℓ, geplaas was.⁴³⁶ Die nuwe rantsoenskale vir kinders het getoon dat die groot aantal sterftes van kinders onder vyf jaar ’n groot bekommernis was en dat die versorging van kinders voortaan prioriteit sou geniet. Die rantsoenskaal het spesifiek vir sekere voedselsoorte vir kinders voorsiening

⁴²⁹ *Ibid.*

⁴³⁰ *Ibid.*

⁴³¹ *Ibid.*

⁴³² *Ibid.*

⁴³³ NASA, VAB, SRC, 21, 7191: Scale of rations in the ORC RCs, 16.1.1902.

⁴³⁴ NASA, VAB, SRC, 109, 6947: Concentration Camps Commission, 23.12.1901.

⁴³⁵ Hamman, p. 30.

⁴³⁶ NASA, VAB, SRC, 73, 5044: Boilers needed in refugee camps, 24.9.1901.

gemaak, asook spesiale “hospital comforts”, soos onder meer aartappels.⁴³⁷ Vervolgens is bepaal dat kinders jonger as vyf jaar meel, hawermout, rys, sout, konfyt, suurlermoensap, twee blikke kondensmelk of ingedampde melk, koffie en suiker moes ontvang. Hierbenewens moes kinders daaglik een bord sop bestaande uit vleis, gort en groente ontvang.⁴³⁸

Die praktiese uitvoering van die nuwe rantsoenskale was egter ’n probleem aangesien Trollope by verskeie geleenthede moes verduidelik waarom sekere items nie beskikbaar was nie. So moes Trollope op 20 April 1902 verduidelik dat daar nie mieliemeel in die kampe beskikbaar was nie omrede die vrag aan boord die *SS Aros Castle* reeds ses weke in die hawe van Port Elizabeth gewag het om afgelaai te word. Konfyt, as deel van die hospitale se rantsoene, het nie betyds per skip aangekom nie en verder het kontrakteurs nie altyd by die ooreengekome kwotas gehou nie.⁴³⁹ ’n Kampinwoner verwys egter na die beter kwaliteit vleis wat ontvang is nadat Cole-Bowen oorgeneem het: “In die plek van slegte en maer vleis is nou kouevleis [gevroese vleis] en blikkiesvleis ontvang.”⁴⁴⁰

Rensche van der Walt verwys op 27 Januarie 1902 na die verbeterde rantsoen en skryf dit toe aan Cole-Bowen se aanstelling. Van der Walt merk dat “dit gaan tog met die kos en versorging beter as voorheen en dit lyk tog nou weer vir my asof ons weer mens kan wees ... en kry ons nou tog ook groente as bykomende voedsel”.⁴⁴¹ Daar is dikwels probleme met die aflewering van groente en vrugte per trein ondervind, omrede militêre behoeftes prioriteit geniet het. Die groente moes derhalwe op ander goederetrokke, met ongereelde vertrektye, gelaai word⁴⁴² en dit spreek vanself dat die groente nie meer vars was wanneer dit die kampe bereik het nie.

Die voorsiening van melk aan veral kinders was een van die belangrikste boustene van die nuwe dieet. Cole-Bowen verwys in ’n brief aan Trollope na die beperkte hoeveelheid melk wat deur die Issuer of Medical Comforts aan die Bethulie-hospitaal toegestaan is. Volgens Cole-Bowen het maagkoors teen middel Desember 1901 uitgebreek en was melk die enigste voedsel wat hierdie pasiënte kon inneem. Vanweë die aantal pasiënte, was die 15 kaste melk wat op 30 Desember 1901 uitgereik is, skaars genoeg vir twee dae.⁴⁴³ Die behoefte aan melk was sodanig dat die kamphospitaal op 12 Mei 1902, 500 kaste versoete en onversoete melk

⁴³⁷ NASA, VAB, SRC, 108, 6705: Rations issued to Boer refugees, 13.12.1901.

⁴³⁸ NASA, VAB, SRC, 21, 7191: Scale of rations in the ORC RCs, 16.1.1902.

⁴³⁹ *Ibid.*

⁴⁴⁰ *Bethulie Nuusbrief*, 16.6.1978, p. 9.

⁴⁴¹ Hamman, p. 31.

⁴⁴² NASA, VAB, SRC, 107, 6959: Vegetables for refugee camps, 31.12.1901.

⁴⁴³ NASA, VAB, SRC, 21, 8160: Milk needed at refugee camps, 31.12.1901.

bestel het, wat vir die volgende ses maande moes hou. Daar kan geargumenteer word dat die Britse owerheid in hierdie tyd werklik 'n poging aangewend het om genoeg melk te voorsien, aangesien die 20 eenhede melk van kamppersoneel na tien eenhede verminder is met die opdrag om dit eerder aan kampinwoners te gee.⁴⁴⁴ Trollope het in April 1902 'n versoek aan die Chief Inspector of Military Farms gerig vir 100 bokke en/of melkkoeie, maar die inspekteur het geantwoord dat hy, as gevolg van die swak kondisie van die beeste, skaars genoeg melk aan die militêre hospitale kon voorsien. Die inspekteur sou egter poog om 'n paar bokke aan die kampe af te staan, waarna al die kampe hul behoefte aan hom deurgegee het.⁴⁴⁵ Dit blyk dat die lewering van voldoende vars melk egter deurentyd steeds 'n probleem was, omrede 'n kampinwoner verwys na die gekondenseerde melk wat hulle op 'n gereelde basis ontvang het.⁴⁴⁶

Die verbeterde rantsoenskale kan egter as 'n skulderkenning deur die Britse owerheid beskou word aangesien die afwesigheid daarvan in 'n groot mate tot die groot hoeveelheid sterftes in hierdie kampe bygedra het. Uit die aangepaste rantsoenskale is dit duidelik dat die Fawcett-kommissie se verslag groot verbeteringe meegebring het, maar ongelukkig het honderde inwoners teen daardie tyd reeds, vanweë 'n gebrekkige dieet en gevolglike siektes in die Bethulie-kamp, beswyk.

Nadat Wilson as superintendent aangestel is, het hy baie versigtig met die gesondheidsituasie in die Bethulie-kamp omgegaan. Dit spreek uit verskeie briewe wat hy aan Bloemfontein gerig het, waarin hy sy kommer oor veral die inwoners se gesondheid uitgespreek het. So rapporteer Wilson dat "the refugees are insufficiently and improperly fed. I have found family's on the verge of starving".⁴⁴⁷ Volgens Wilson het die meel wat voorsien is, min voedingswaarde gehad, wat daartoe aanleiding gegee het dat inwoners liggaamlik in 'n swak toestand verkeer het en nie die epidemies soos maagkoors kon beveg nie. Die mans in die kamp was ondervoed en derhalwe nie geskik vir werk nie. Wilson het gevolglik opdrag gegee dat die meel-, rys- en melkrantsoen verhoog moes word.⁴⁴⁸ Wilson se verslae oor die kampinwoners se gesondheid het daartoe gelei dat dr. Arthur Tonkin, die rondreisende mediese inspekteur (Travelling Medical Inspector), die Bethulie-kamp besoek en 'n verslag saamgestel het. In sy verslag meld Tonkin dat "[t]he refugees are not by any means in a very

⁴⁴⁴ NASA, VAB, SRC, 21, 8305: Milk for refugee camps, 14.5.1902.

⁴⁴⁵ NASA, VAB, SRC, 21, 8160: Milk needed at refugee camps, 31.12.1901.

⁴⁴⁶ Hamman, p. 33.

⁴⁴⁷ NASA, VAB, SRC, 48: Report on Bethulie Camp, 11.2.1902.

⁴⁴⁸ *Ibid.*

bad condition.”⁴⁴⁹ Tonkin stel nietemin voor dat die rantsoene van die hospitaal verhoog word en met beesvleis, groente of mieliemeel uitgebrei word, maar slegs indien enige van hierdie items gevind kon word. Hy wys verder daarop dat Wilson deur die hoof mediese beampte van die kamp aan die neus gelei is rakende die inwoners se gesondheid. Tonkin maak wel melding van die oorvol hospitaal, waar die meeste sterfgevälle te wyte was aan verswakking en maagkoors. Volgens Tonkin was die hoof mediese beampte ’n hardwerkende persoon wat moeite gedoen het vir sy pasiënte.⁴⁵⁰

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Cole-Bowen se effektiewe bestuur in sterk kontras gestaan het met Deare se swak bestuur. Cole-Bowen het nie gehuiwer om teen oneffektiewe amptenare, soos die dokters in die Bethulie-kamp, op te tree nie en het binne die bestek van twee maande ’n groot verandering aan die lewenskwaliteit en lewensverwagting van die inwoners in hierdie kamp teweeggebring. Die veranderinge wat deur Cole-Bowen aangebring is, was voorts deur Wilson en McPherson in stand gehou. Die afleiding is dat minder mense in 1902 gesterf het danksy die verbeteringe wat deur Cole-Bowen aangebring is, maar dat hierdie verbeteringe ook binne die magte van Deare was. Die positiewe veranderinge ná Deare se ontslag, blyk uit vele dagboeke, herinneringe en briewe deur die inwoners van die Bethulie-kamp, wat getuig van die waterskeiding wat deur Cole-Bowen se hervormings gebring is. Die getal sterftes het danksy hierdie hervormings sedert Januarie 1902 drasties afgeneem.⁴⁵¹ (Sien Bylae 4.3: Grafiek 4.3.8.)

4.8 KAMPE BY UITENHAGE EN KABUSI

4.8.1 Redes vir die stigting van verdere kampe

Een van die aanbevelings deur die Fawcett-kommissie was dat die aantal inwoners in konsentrasiekampe verminder word ten einde die druk op hulpbronne, huisvesting en voedsel te verlig, asook siektes te beperk.⁴⁵² Milner verwys op 19 November 1901 in ’n verslag aan onder meer sir Hamilton Goold-Adams, na die “overgrown camps in the ORC, viz: Bethulie, Bloemfontein, Kroonstad and Aliwal North”.⁴⁵³ Hy verklaar vervolgens: “As you are aware the continued high death-rate in the Concentration Camps is causing great anxiety in His

⁴⁴⁹ NASA, VAB, SRC, 48, 2661: Bethulie Camp, 18.3.1902.

⁴⁵⁰ *Ibid.*

⁴⁵¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁴⁵² OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal*, p. 57.

⁴⁵³ NASA, VAB, SRC, 48: High Commissioner’s office, 19.11.1901, p. 9.

Majesty's Government, who would evidently shrink from no measures, however costly, to mitigate the evil.”⁴⁵⁴ Dit blyk dat Milner tot nuwe insigte gekom het, aangesien hy anders as voorheen in sy verslag verwys na “Concentration Camps” in plaas van “Refugee Camps” en voorts verwys na “hastily formed camps”, wat deur die Britse bestuur tot stand gebring is.⁴⁵⁵

In die lig van bogenoemde het die Britse regering planne in plek gestel om met die oprigting van nuwe kampe voort te gaan. Verskeie terreine in die ORC is voorgestel, waaronder Donkerpoort-stasie naby Bethulie, Karee-stasie, Glen en Doornrivier, almal plekke langs die spoorroete.⁴⁵⁶ Die Britse regering het besluit om hierdie nuwe kampe eerder in die Kaapkolonie en Natal in te rig en inwoners van die Bethulie-, Vredefortweg- en Heilbron-kamp na die Kaapkolonie by Uitenhage, Kabusi⁴⁵⁷ by Stutterheim en Oos-Londen te verskuif. Hierdie nuwe kampe in die Kaapkolonie was onder die bestuur van die hoofsuperintendent van kampe van die ORC en die oprigting is deur Lewis (Louis) Mansergh, die sekretaris van Publieke Werke in die Kaapkolonie, oorsien.⁴⁵⁸ Milner was van mening dat gesinne wie se gesinshoofde nog op kommando was, asook diegene wat hul wangedra het en/of nie hul samewerking gegee het nie, na hierdie nuwe kampe gestuur moes word.⁴⁵⁹ Die kampe sou dus gebruik word om moeilikheidmakers, weerbarstiges en onversoenlikes van die res van die inwoners te skei.⁴⁶⁰

4.8.2 Uitenhage-kamp

Kaptein Frank. P. Richards het op 28 Maart 1902 diens aanvaar as superintendent van die Uitenhage-kamp, wat by Pannell's Hill opgerig is. Die kamp was in daardie stadium nog onder konstruksie, terwyl woonkwartiere van hout en sink vir die nuwe inwoners gebou is.⁴⁶¹ Die nuwe kamp was goed ingerig deurdat voorsiening gemaak is vir 44 hutte, wat elk in verskeie kamers gedeel is, asook 35 strukture van verskillende grootte vir doeleindes van die kamp se administrasie, store, hospitaal en skool. Akkommodasie is beskikbaar gestel vir 'n

⁴⁵⁴ *Ibid.*, p. 1.

⁴⁵⁵ *Ibid.*

⁴⁵⁶ NASA, VAB, SRC, 46, 7104: Extra refugee camps, 10.1.1902.

⁴⁵⁷ Vernoem na die Kabusi-rivier; soms ook gespel Kabusie.

⁴⁵⁸ NASA, VAB, SRC, 39, A728: Military Governor's office, Pretoria, 11.1.1902; OM, 6913/1: Uitenhage-konsentrasiekamp, p. 17.

⁴⁵⁹ NASA, VAB, SRC, 48, 531: High Commissioner's office, 1.12.1901.

⁴⁶⁰ NASA, VAB, SRC, 48: Coast camps, 12.3.1902.

⁴⁶¹ NASA, VAB, SRC, 48: High Commissioner's office, 23.12.1901.

kampmatrone, hospitaalmatrone, twee verpleegsters, asook onderwyseresse, en voorts is vir vir winkels voorsiening gemaak.⁴⁶²

Op 7 April 1902 is die verskuiwing van die Bethulie-inwoners na Uitenhage in 'n brief deur die kantoor van die hoofsuperintendent van kampe aan die Imperial Military Railways gekommunikeer. Hierin is die hoop uitgespreek dat die groep op 21 April 1902 sou vertrek en dat die nodige trokke beskikbaar gestel sou word. Daar is melding gemaak van ongeveer 1 000 mense wat vanaf Bethulie na Uitenhage gestuur sou word met twee treine wat elk 'n dag na mekaar moes vertrek.⁴⁶³ Hierdie groep is deur Wilson beskryf as “1 000 undesirable persons leaving from Bethulie Refugee Camp for Uitenhage Refugee Camp at the wish of the General Officer Commanding Orange River Colony”.⁴⁶⁴ Volgens Rensche van der Walt het die eerste groep van 923 persone, bestaande uit 246 gesinne, die Bethulie-kamp op 21 April 1902 verlaat, terwyl die laaste groep op 25 April 1902 vertrek het. Die kampregister bevestig dat die laaste groep die kamp op 24 April 1902 verlaat het om die volgende dag vanaf die Bethulie-stasie te vertrek.⁴⁶⁵ Tussen hierdie groep mense was 25 Bethulie-gesinne wat uit 104 mense bestaan het.⁴⁶⁶

Die meeste inwoners wat na die nuwe kampe gestuur is, is hierdie keer nie in oop treintrokke vervoer nie, omrede Milner “a fresh series of complications if sent in open trucks” gevrees het.⁴⁶⁷ Daar is van beestrokke (cattle trucks) en perdetrokke (horse boxes) gebruik gemaak, wat eers deeglik skoongemaak en selfs afgewit is.⁴⁶⁸ Inwoners is toegelaat om enkele meubelstukke saam te neem, asook items soos komberse wat aan die Britse regering behoort het. Geblikte rantsoene, brood of klinkers (weermagbeskuitjies) is vir vier dae voorsien en die trein het gereeld vir warm verversings, soos koffie, gestop.⁴⁶⁹ Met hul aankoms by Uitenhage is die gesinne op die Graaff-Reinet-spoorlyn, sowat 3,2 km noord van Uitenhage, by spoorweghuis Nr. 5 afgelaai en van daar met ossewaens na die kamp vervoer.⁴⁷⁰

Ná die Vredesluiting was die Uitenhage-kamp teen 30 Junie 1902 nog steeds in bedryf, omrede betalingsadviese vir die kamppersoneel in daardie maand aan Uitenhage gestuur is.⁴⁷¹

⁴⁶² NASA, VAB, SRC, 49: Map of the Burgher concentration camp at Uitenhage, 28.4.1902.

⁴⁶³ NASA, VAB, SRC, 48: Transportation arrangements, 7.4.1902.

⁴⁶⁴ NASA, VAB, SRC, 48: Undesirable Bethulie refugees to Uitenhage, 8.4.1902.

⁴⁶⁵ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp; Hamman, p. 40.

⁴⁶⁶ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁴⁶⁷ NASA, VAB, SRC, 48: High Commissioner's office – transportation of refugees, 19.11.1901.

⁴⁶⁸ NASA, VAB, SRC, 48: Arrangements for transportation of refugees, 14.4.1902.

⁴⁶⁹ NASA, VAB, SRC, 48: High Commissioner's office – rations and comforts for refugees, 1.1.1902.

⁴⁷⁰ OM, 6913/1: Uitenhage-konsentrasiekamp, p. 23.

⁴⁷¹ NASA, VAB, SRC, 42, A1601: Salary vouchers for Uitenhage RC, 30.6.1902.

Ná die Vrede het nege Bethulie-burgers die Eed van Getrouheid tussen 30 Junie 1902 en 17 Julie 1902 in die Uitenhage-kamp afgelê.⁴⁷² Met die sluiting van die kamp op 24 Oktober 1902, is nege sterfgevalle tydens die kamp se bestaan opgeteken, waarvan drie volwassenes en ses kinders was. Vier van hierdie oorledenes was afkomstig vanaf die Bethulie-konsentrasiekamp, maar geen van hulle was afkomstig vanaf die Bethulie-distrik nie.⁴⁷³

4.8.3 Kabusi-kamp

Op 24 Januarie 1902 stel Milner aan Goold-Adams voor dat 'n kamp by Kabusi te Stutterheim opgerig word. Kabusi se ligging was ideaal omrede die kamp in die boog van die Kabusirivier, reg oorkant die stasie opgerig sou word. Faktore soos voldoende water, 'n gesonde omgewing en toegang tot die Oos-Londen-spoorlyn, het swaar geweeg. Milner het veral klem gelê op die bestaande "Railway Pumping Plant at Kabusi Station".⁴⁷⁴ Oorweging is verder daaraan geskenk om nog kampe te King Williamstown en Cathcart op te rig, waar onder meer nog Bethulie-kampinwoners geakkommodeer kon word. Daar is kort voor die Vrede van Vereeniging inderdaad begin met die oprigting van nog 'n kamp te Cathcart, maar met die vooruitsig van vrede is konstruksiebedrywighede gestaak.⁴⁷⁵

Die Kabusi-kamp was goed beplan en die infrastruktuur en sanitêre geriewe was 'n groot verbetering op dié in die Bethulie-kamp. Volgens 'n verslag deur dr. Tonkin aan die hoofsuperintendent van kampe gedateer 25 Mei 1902, het huisvesting in die Kabusi-kamp uit opslaanhutte van hout en sinkplaat met 160 kamers bestaan, asook barakke van militêre oorsprong met verskeie ander geriewe soos onder meer badhuise, wat tot voordeel van die inwoners was.⁴⁷⁶

Die inwoners is op hoofsaaklik drie geleenthede na Kubusi gestuur. Op 15 Mei 1902 het die grootste groep wat uit 365 mense bestaan het, vanaf Bethulie na Kabusi vertrek. Op 16 Mei 1902 het 'n verdere 69 mense die Bethulie-kamp verlaat en op 17 Mei 1901 het die laaste klein groep na Kabusi vertrek.⁴⁷⁷ Uit hierdie groep wat na Stutterheim gestuur is, was 11 gesinne (38 persone) afkomstig van Bethulie en voorheen op tien plase in die distrik

⁴⁷² NASA, VAB, SRC, 129: Register of men who have taken the Oath of Allegiance in the Uitenhage refugee camp, 14.7.1902; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie burgerlys.

⁴⁷³ OM, 6913/1: Uitenhage-konsentrasiekamp, p. 37; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁴⁷⁴ NASA, VAB, SRC, 50: Proposed camp at Kabusi, 24.1.1902; NASA, VAB, SRC, 48: Camp at Kabusi, 7.5.1902.

⁴⁷⁵ NASA, VAB, SRC, 49: Camp at Cathcart, 14.6.1902.

⁴⁷⁶ NASA, VAB, SRC, 49, 8232: Report on Kabusi RC, 16.4.1902.

⁴⁷⁷ *Ibid.*

woonagtig. Die grootste gesin was die Haasbroek-gesin (nege persone) van die plaas Sleutelspoort, terwyl die Bezuidenhout-gesin (ses persone) van die plaas Schoonbeekfontein en die Van Zyl-gesin (vyf persone) van die plaas Ruigtefontein ook verskuif is.⁴⁷⁸

In voorbereiding om die inwoners van Bethulie-kamp na Kabusi te stuur, het superintendent Wilson die Bethulie-inwoners volgens hul agtergrond ingedeel en aan superintendent (kaptein) W.J.W. Brackenbury opdrag gegee om persone van swak agtergrond in die militêre hutte te huisves en diegene met 'n beter agtergrond in die hout- en sinkhutte.⁴⁷⁹ Dit kan beskou word as 'n onregverdige indeling waar klas, eerder as behoefte, voorkeur geniet het. Reeds met die aankoms by Kabusi-kamp is besef dat daar 'n gebrek aan voldoende beddens was. Brackenbury het Wilson op 23 Mei 1902 per telegram versoek om die beddens wat voorheen deur die skrynwerkers van die Bethulie-kamp gemaak is, na Kubusi aan te stuur. Wilson het egter laat weet dat die beddens reeds aan die ander inwoners in die Bethulie-kamp uitgedeel is.⁴⁸⁰

Die Kabusi-kamp het oor 'n begraafplaas noordwes van die kamp beskik, waar vier oorledenes begrawe is. Een hiervan was die 18-jarige Anna Sophia Haasbroek van die plaas Sleutelspoort, Bethulie, wat op 6 Junie 1901 aan longontsteking oorlede is.⁴⁸¹ Op 7 Desember 2013 is die oorskot van hierdie vier oorledenes by die Stutterheim NG Kerk se gedenkтуин herbegrawe.⁴⁸² Alhoewel die tydsduur van hierdie kamp se bestaan in ag geneem word, dien die klein aantal sterftes in die Kabusi-kamp as bewys dat goeie beplanning en behoorlike voorbereiding, met die fokus op huisvesting wat alle weersomstandighede kon weerstaan, behoorlike sanitasie, voldoende water en goeie mediese sorg, bepalende faktore is wanneer dit by gesondheid kom, iets wat met die ontstaan van die Bethulie-kamp op 22 April 1901 ontbreek het.

4.9 VREDE WORD AANGEKONDIG

Die nuus van die Vrede van Vereeniging met die verlies van onafhanklikheid deur die twee Boererepublieke wat op 31 Mei 1902 in Melrose House te Pretoria onderteken is, is op

⁴⁷⁸ NASA, VAB, SRC, 51: Trucks for Bethulie, 10.5.1902; NASA, TAB, CJC, 534, 31: J.B. Haasbroek, 1903; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-konsentrasiekamp.

⁴⁷⁹ NASA, VAB, SRC, 51: Removal of refugees from Bethulie to Kabusi, 21.5.1902.

⁴⁸⁰ NASA, VAB, SRC, 51: Beds at Bethulie, 23.5.1902.

⁴⁸¹ Erfenisstigting, *Report on the archaeological investigation exhumation and reburial of graves related to the Kabusi Concentration Camp on Erf 531, Stutterheim, Eastern Cape*, 2013, p. 7.

⁴⁸² *Ibid.*, p. 29; *Volksblad*, 30.10.2013, p. 4.

1 Junie 1902 tydens 'n Sondag-erediens in die Bethulie-kamp aangekondig.⁴⁸³ Prop. Richard H. Daneel beskryf die aankondiging in *De Kerkbode* van 19 Junie 1902 soos volg: “dien Zondag-middag maakt men melding in het gebed dat vrede gesloten was, en tranen van dankbaarheid waren toe te zien.”⁴⁸⁴ Die finaliteit van vrede, maar met die verlies van onafhanklikheid, was vir die meeste inwoners hartseer nuus en 'n jong seun onthou dat vroue hardop gehuil het nadat die vredesvoorwaardes bekend gemaak is.⁴⁸⁵ Ds. H. Becker beskryf die aankondiging van hierdie nuus as 'n droewige geleentheid en vertel: “Toe ek in die kamp kom het die lieve vriende van alle kante my toegestroom om te verneem of dit waar was dat die oorlog verby is en daar nou vrede is en waar ons staan. Toe ek die ware toestand meedeel was daar 'n storm van wenende en 'n vloed van tranen.”⁴⁸⁶

Een van die Skotse onderwyseresse in die kamp beskryf die aankondiging van vrede vanuit 'n Britse perspektief in 'n brief aan die *Evening Telegraph*. Haar beskrywing staan in sterk kontras met hoe die republikeinsgesinde-inwoners in die kamp asook diegene in die res van die ORC, hierdie nuus ervaar het. Sy verwys daarna dat: “the stock of champagne in the colonies very seriously decreased since the news was announced ... at many refugee camps it was received with much rejoicing ..., but at Bethulie it was taken very quietly.”⁴⁸⁷

Ten einde enige twyfel en ongeloof uit die weg te ruim, is die aankondiging amptelik bekend gemaak deur dit in groot wit letters op die swart bord by die kampkommandant se kantoor aan te bring. Die vredesvoorwaardes is op 13 Junie 1902 breedvoerig in die *Orange River Colony Government Gazette*, die amptelike regeringsmondstuk van die ORC, gepubliseer.⁴⁸⁸

Ds. Becker het op Dinsdag 5 Junie 1902, nadat toestemming van die superintendent bekom is, die inwoners van die kamp versoek om by die voet van die nabygeleë berg (koppie) ten noorde van die kamp, byeen te kom om 'n dankseggingsdiens by te woon. Ná die diens, waartydens baie tranen gevloei het, het elkeen van die aanwesiges 'n klip aangedra “volgens die instelling van Jozua bij de Jordaan”⁴⁸⁹ vir 'n klipstapel as teken van hul dankbaarheid. Ds. Becker het die eerste klip gepak en beskryf die gebeurtenis as 'n geleentheid waar gemengde emosies van hartseer en dankbaarheid ervaar is. Een moeder het drie klippe gepak, een vir haarself en twee vir haar gesneuwelde seuns; terwyl 'n ander moeder 'n klip vir elke lid van

⁴⁸³ *Marble Koerier*, 7.3.1982, p. 2.

⁴⁸⁴ VS NGKAI: *De Kerkbode*, 19.6.1902, pp. 432-433.

⁴⁸⁵ *Marble Koerier*, 7.3.1982, p. 2.

⁴⁸⁶ Raath, p. 82.

⁴⁸⁷ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 7.7.1902.

⁴⁸⁸ *Government Gazette*, 13.6.1902, p. 351; *Marble Koerier*, 7.3.1982, p. 2.

⁴⁸⁹ VS NGKAI: *De Kerkbode*, 19.6.1902, pp. 432-433.

haar gesin wat oorleef het, tot die stapel gevoeg het met die woorde: “Ik kan den Heere niet genoeg danken dat ik nog met eenige kinderen naar huis mag keeren, terwijl zoo velen moeders ledig, gelijk Naomie, moeten teruggaan.”⁴⁹⁰ Prop. Daneel beskryf ’n klipstapel van bykans 5 000 klippe wat so hoog as ’n beltent gestapel was.⁴⁹¹

Een van die Skotse onderwyseresse het ’n besondere beskrywing van die gewyde geleentheid, wat om ongeveer 14:00 op ’n wolklose middag afgespeel het, nagelaat: “A great open-air service was held in camp to celebrate the coming of peace, and hundreds of refugees assembled out on the veldt, a good way from the camp.”⁴⁹² Sy beskryf ’n agtergrond van skadu’s wat ’n pers ligglans op die nabygeleë koppies werp, met die rye wit tente op die agtergrond, terwyl die skare mense ’n groot kring om hul twee predikante vorm. Die bejaardes het op stoele plaasgeneem terwyl die jongmense agter hulle gestaan het. Nadat ’n Psalm gesing is, het ds. Becker met ’n ontblote hoof die diens begin. Alhoewel sy nie ds. Becker se woorde kon verstaan nie, het die gewydheid van die geleentheid ’n groot indruk op haar gemaak en kon sy, na aanleiding van die bedroefde gesigsuitdrukkinge, afleidings maak. Daar is begin om ’n klipstapel op te rig – ’n gebaar wat sy beskryf as “a picturesque sight – a scene to be remembered ..., like Jacob of old at Bethel”.⁴⁹³ Oud en jonk, man en vrou, het hieraan meegedoen en volgens haar: “Each lifting from the great slopes of the hill a stone to form part of the memorial that will stand for years in remembrance of the day when peace came to South Africa.”⁴⁹⁴ Selfs superintendent W.K.H. Wilson, die onderwyseresse en ander amptenare uit die kamp het elk ’n klip tot die stapel bygedra. Die geleentheid is met ’n Psalm afgesluit waarna almal na die kamp teruggekeer het.⁴⁹⁵ Soos blyk uit ’n foto het selfs die soldate, amptenare en Britse lojaliste op Bethulie die aankondiging van vrede opgevolg met ’n dankseggingsdiens op Sondag 8 Junie 1902.⁴⁹⁶

Die aankondiging van die vrede het plaasgevind te midde van een van die felste winters wat in jare in Suid-Afrika ervaar is en wat veral die suidelike ORC en Noordoos-Kaapkolonie getref het. Kommandant Chris van Niekerk van Boshof som die koue, honger, droogte en armoede soos volg in *Ons Land* op: “De Winter is verschrikkelijk koud, en menig arme kind en moeder en vader bibberen des nachts van koude, en hebben niets om zicht mede te dekken

⁴⁹⁰ *Ibid.*

⁴⁹¹ *Ibid.*

⁴⁹² A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 7.7.1902.

⁴⁹³ *Ibid.*

⁴⁹⁴ *Ibid.*

⁴⁹⁵ *Ibid.*

⁴⁹⁶ Nasionale Museum (hierna NM), 3620: Dankdag vir vrede op Bethulie, 8.6.1902.

om niets eens te spreken van hoe velen des avonds met een ledige maag naar bed gaan.”⁴⁹⁷ Piet Robinson onthou hierdie koue toe die handvol Bethulie-bittereinders as deel van generaal Georg Brand se kommando, op 16 Junie 1902 te midde van geweldige koue, reën en kapok na Bloemfontein gereis het om hul wapens neer te lê. Robinson vertel dat hul klere maar aan hul liggame moes droog word.⁴⁹⁸ Ná hul wapenmeerlegging en die ondertekening van die Eed van Getrouheid het hierdie groepie Bethulie-burgers op pad terug na Bethulie, die aand in ’n verlate plaashuis duskant die Ferreira-stasie naby Bloemfontein, oornag. Robinson vertel dat dit só koud was dat “ouer burgers soos oom Jan de Wet, nie eers op hul hurke by die vuur kon sit nie”.⁴⁹⁹

Superintendent Wilson rapporteer op 11 Junie 1902 dat “a severe blizzard we experienced. Many of the marque and tents were blown down today ... The whole of the Orphanage were blown down and the children are now housed in the Comfort Store.”⁵⁰⁰ Weens die gewig van die kapok, het van die weeskinders se tente geskeur terwyl ander inmeekaargesak het. Verpleegster Roos beskryf die paar weke wat die kapokstorm vooraf gegaan het, as “bitter, bitter koud” en teken temperature van tot -12°C aan. Roos vertel dat die gewig van die kapok op die verslete tente daartoe gelei dat menige tente eenvoudig geskeur het of selfs op die inwoners ineengesak het aangesien die tentlyne uit die grond getrek het. Selfs die markiestente wat as hospitale gedien het, het geskeur en/of inmeekaargesak en die pasiënte moes onder die tente uitgehaal word en na ander tente geneem word.⁵⁰¹ Ten spyte van hierdie swaarkry het die inwoners na die kapok as “vredeskapok” verwys en is dit op enkele foto’s waarop karig geklede persone verskyn, vasgelê.⁵⁰² Wilson was genoodsaak om die skoolgebou met vier klaskamers as tydelike verblyf beskikbaar te stel, met die gevolg dat onderrig tydelik gestaak is. Volgens ’n koerantberig, het die onderwyseres die Psalms wat uit die klaskamers opgeklank het, onthou: “singing some of the Dutch hymns, with their mournful tunes, so beloved of this race.”⁵⁰³

⁴⁹⁷ A.P.J. van Rensburg, “Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie 1902-1907”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(2), 1967, p. 333.

⁴⁹⁸ Van Zyl, p. 114.

⁴⁹⁹ *Ibid.*

⁵⁰⁰ NASA, VAB, SRC, 17, 8812: Blizzard at Bethulie RC, 11.6.1902.

⁵⁰¹ OM, 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos, p. 13.

⁵⁰² *Marble Koerier*, 7.3.1982. p. 2.

⁵⁰³ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 15.7.1902.

4.10 SLOTPERSPEKTIEWE

Met die Britse magte wat ná 15 Maart 1900 hulself op Suid-Vrystaatse bodem bevind het, het die burgerlike bevolking van hierdie streek die oorlog eerstehands ervaar. Britse optredes in die Bethulie-distrik het geleidelik meer drasties begin word, met eiendom wat sporadies vernietig is en gesinne wat tydens plaasbesoeke geviktimiseer is. Met die realiteit van 'n uitgerekte stryd, veral weens toenemende guerrilla-bedrywighede, het Roberts se onderskeie proklamasies 'n nuwe era ingelui, alhoewel in stryd met die bepalinge van die Haagse Kovensie. Kitcheners bevelskrif enkele maande later het beteken dat die Britse ystervuis sedert 1901 meedoënloos op die burgerlike bevolking losgelaat is. Verskroeide aarde en die wegvoer van inwoners uit die Bethulie-distrik na die onderskeie kampe, het sedert Januarie 1901 momentum begin kry en binne die bestek van een jaar is 'n distrik wat eens vooruitstrewend was, van alle lewensmiddele gestroop en is plase, woonhuise en eiendom vernietig.

Op die vlakte noordoos van Bethulie het een van die grootste menslike tragedies van die oorlog vanaf 1901 tot 1902 afgespeel, wat vandag nog as die “Helkamp” onthou word. Die strategiese ligging van die Bethulie-spoorlyn was een van die bepalende faktore wat die Britse owerheid beweeg het om die nuwe konsentrasiekamp op Bethulie in plaas van een van die ander dorpe in die Suid-Vrystaat, in te rig. Die impak wat hierdie kamp, wat oorhaastig ingerig en onoordeelkundig bestuur is, op die inwoners uit die Bethulie-distrik gehad het, was sigbaar in die lewens van gesinne, maar ook op talle ander gebiede.

Die verlies aan lewens, veral kinderlewens, was sekerlik die hoogste prys wat betaal is en daarmee saam die verlies aan menswaardigheid, met inagneming van die omstandighede wat in die kamp geheers het. Onmin tussen bittereinders en joiners, wat selfs in die kamp voortgeduur het, het die gemeenskap in twee geskeur en tot verdeeldheid gelei. Daarbenewens kon die dorp en distrik nie in die behoeftes van soveel mense voorsien nie en is die natuurlike hulpbronne in die omgewing, soos bome en struik, in die proses vernietig en is die waterbronne besoedel gelaat. Landbou, wat beskou is as die hoeksteen van welvaart in die distrik, is tot stilstand geruk met die vernietiging van weiveld, die wegvoer van alle lewende hawe en die daaropvolgende verskaffing van vleis aan die kamp.

Nie eens die aankondiging van vrede kon die skade wat deur die oorlog in hierdie distrik veroorsaak is, versag nie. Jare van heropbou sou volg, waartydens veral die kerk 'n belangrike rol sou speel om die gemeenskap tot versoening en ekonomiese en maatskaplike groei te lei.

Hoofstuk 5

BETHULIE, 1902-1907: REPATRIASIE EN HEROPBOU

5.1 INLEIDING

Vir die inwoners van konsentrasiekampe, krygsgevangenes en burgers op kommando was die daaglikse lewe tydens die Anglo-Boereoorlog 'n stryd om oorlewing. Op 31 Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging te Melrose House in Pretoria tussen die republikeinse afgevaardigdes en die Britse verteenwoordigers onderteken. Alhoewel die militêre stryd hiermee beëindig is, het die inwoners se stryd om oorlewing steeds voortgeduur, aangesien die verwoesting wat verskroeiende aarde in die eens welvarende Bethulie-distrik gebring het, etlike jare sou neem om te herstel. M.C.E. van Schoor verwys met reg na die vredesverdrag as die grafskrif van die twee Boererepublieke.¹ Leopold Scholtz wys voorts daarop dat die Anglo-Boereoorlog en die vryheidstryd iets is waarop Afrikaners en hul nasate trots kan wees, maar noem ook dat daar nooit vergeet mag word watter prys hiervoor betaal is nie.² Ter aansluiting by Scholtz se woorde, het 'n volgende fase ná die sluiting van vrede begin wat ook nie buite rekening gelaat kan word nie, naamlik die stryd om ekonomiese en maatskaplike heropbou, 'n proses wat 'n blywende indruk op Bethulie en sy inwoners gelaat het.

Met die aanbreek van vrede was die meeste republikeine ontnuger met die vredesvoorwaardes, asook die reuse taak wat vir hulle voorgelê het om sonder eiendom, besittings, gestorwe geliefdes én onder Britse gesag weer hul lewens te herbou. Die Britse owerheid het stappe geneem vir die hervestiging van inwoners in die Bethulie-distrik, maar dit het op die Britse se voorwaardes geskied, soos byvoorbeeld die vereiste dat die Eed van Getrouheid eers onderteken moes word. Die Britse owerhede het wel gepoog om deur arbeidskolonies, maatskaplike toelaes/pensioene en die uitbetaling van kompensasië-eise,³ tot die heropbou van distrikte soos Bethulie by te dra, maar weer eens op hul terme.

In hierdie hoofstuk word gefokus op die repatriasieproses, met spesifieke verwysing na die Government Relief Department (GRD) en die sluiting en opveiling van die Bethulie-kamp. 'n

¹ M.C.E. van Schoor, *Die bittereinde vrede*, p. 247.

² L. Scholtz, "Voorwoord" in P. Alberts (red.), *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo Boereoorlog 1899-1902*, p. 27.

³ In Artikel 10 van die vredesverdrag het die Britse regering voorsiening gemaak vir 'n bedrag van drie miljoen pond sterling, wat aangewend moes word vir bystand, hervestiging en die heropbou van die eertydse Boererepublieke.

Nuwe era onder Britse bestuur het gevolg, maar die heropbou op ekonomiese, maatskaplike en sosiokulturele gebied was veral afhanklik van rolspelers in die gemeenskap soos kerklike en ander leiersfigure.

5.2 PROSES VAN REPATRIASIE

5.2.1 Government Relief Department

Reeds aan die begin van 1902 is 'n Land Board in die Transvaal Colony en Orange River Colony (ORC) gestig, met majoor H.J. McLaughlin as sekretaris en G.B. Beak as assistent-sekretaris. 'n Repatriasie-afdeling was deel van die Land Board en is later, vanweë die groot administratiewe uitdagings wat die vredesproses ingehou het, omskep in die GRD, met bykans 1 000 amptenare.⁴ Die verantwoordelikheid vir die hervestiging en opbou in die onderskeie distrikte het by die pas gestigte GRD berus. Soos in Pretoria, is daar in Bloemfontein voorsiening gemaak vir 'n Central Repatriation Board (CRB) vir die ORC. Hierdie raad, met J.G. Fraser (voorsitter), P.J. Blignaut, J. Robertson,⁵ H.F. Cannel en majoor H.J. McLaughlin, het op 11 Junie 1902 met hul werksaamhede begin. Hul eerste opdrag van lord Milner was: "[T]o appoint a Commission in each district under the local Magistrate or other official in which the local inhabitants will be represented for the purpose in assisting the restoration of people to their homes and supplying them with food, shelter, seed, stock and implements."⁶

Ten einde die repatriasie in die onderskeie distrikte te oorsien, is daar in elk van die distrikte van die ORC 'n plaaslike repatriasieraad in die lewe geroep met kommissarisse wat uit inwoner-geledere aangewys is.⁷ Die Springfontein Repatriation Board (SRB) het Bethulie, as deel van die Springfontein-Bethulie-distrik, bedien. Die voorsitter van hierdie raad, met die amp van president van die SRB, was magistraat Charles Grant.⁸ Hy is in Desember 1902 deur J.R. McPherson, die laaste superintendent van die Bethulie-kamp, as voorsitter opgevolg, aldus die koloniale tesourie se rekords.⁹ Die kommissarisse was verantwoordelik vir die aankoop van voorrade vir die streekdepots, maar met ingang van Oktober 1902 is belangrike

⁴ A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivierkolonie 1902-1907", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 30(2), 1967, pp. 264-265.

⁵ Die *Government Gazette* van die ORC verwys foutiewelik na F. Style, in plaas van J. Robertson aangesien laasgenoemde se besonderhede hierna in ander dokumentasie van die CRB voorkom.

⁶ Van Rensburg, p. 226.

⁷ *Ibid.*, pp. 267, 273.

⁸ Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Vrystaatse Argiefbewaarplek (hierna VAB), GRD, 6, 80/02: Members of the local board approved, 20.6.1902.

⁹ NASA, VAB, GRD, 199-200: Bethulie treasury register – salaries, July 1902 - December 1902.

take soos aanbevelings insake lenings van £400.0.0 en meer aan hulle opgedra.¹⁰ Die meerderheid van die nuut aangestelde kommissarisse was gedurende die oorlog in Britse diens en het min simpatie of begrip vir die voormalige veggendes en/of hul gesinne gehad. So byvoorbeeld was een van die kommissarisse in die SRB, Philip Waugh, in Britse diens as deel van die Intelligence Department te Bethulie.¹¹ Jan Christoffel de Waal, 'n voormalige Vrystaatse volksraadslid, verwys daarna dat Grant hom genader het om op die SRB te dien: “In elke distrik moes 'n repatriasiekommissie benoem word. Magistraat Grant het my laat roep en gevra of ek sal aanneem as lid van die kommissie. Ek weier, dog hy hou aan en noem dat my naam deur ou Vrystaatse amptenare genoem is as 'n man met invloed in Bethulie en dat dit goed sal wees vir my claim en receipts. Daar druk hy op 'n fyn snaar, want ek was 'n geruïneerde man. Ek het aangeneem. Die werk was moeilik.”¹² Die CRB se opdrag aan die repatriasierade was om eerstens toe te sien dat die proses van repatriasie afgehandel word, waarna die proses van kompensاسie sou volg.¹³ Die afleiding is dat die repatriasierade en hul kommissarisse reeds vroeg met wantroue bejeën is vanweë hul pro-Britse sentimente.

5.2.2 Eed van Getrouheid

Ná die Vrede van Vereeniging is daar met 'n omvattende administratiewe en logistieke proses begin om die groot aantal krygsgevangenes na Suid-Afrika terug te stuur. As voorwaarde om terug te keer na Suid-Afrika, is krygsgevangenes aangesê om eers die Eed van Getrouheid aan die Britse monarg, Edward VII te onderteken. In hul besluit om tot hierdie stap oor te gaan, is krygsgevangenes hoofsaaklik gelei deur hul verlange na geliefdes en die vooruitsig op die proses van heropbou wat so gou as moontlik moes begin.¹⁴ Vanaf 9 tot 28 Julie 1902 het 11 Bethulie-krygsgevangenes die Eed in Indiese kampe onderteken, waaronder burger Dennis McDonald, broer van prop. R.D. McDonald. Op 11 Julie 1902 het 13 Bethulie-krygsgevangenes die Eed te St Helena onderteken. Op 1 Mei 1903 is die name van hierdie krygsgevangenes in die *Government Gazette* gepubliseer.¹⁵

Met die Bethulie-krygsgevangenes se aankoms te Kaapstad op 24 Augustus 1902 en te Durban op 26 Augustus 1902, is hulle na onderskeidelik Simonstad en Umbilo gestuur, waar hulle 'n paar dae vertoef het en van klere, komberse en rantsoene voorsien is. Met hul

¹⁰ Van Rensburg, pp. 267, 273.

¹¹ NASA, Transvaalse Argiefbewaarplek (hierna TAB), CJC, 1317, 446: A.J. Peyper, 17.9.1903.

¹² K. Schoeman (red.), *Die herinneringe van J.C. de Waal*, p. 81.

¹³ Van Rensburg, p. 233.

¹⁴ NASA, VAB, CO, 95, 3526/02: Oath of Allegiance – Ref. Camp Bethulie, 1.9.1902.

¹⁵ *Government Gazette*, 1.5.1903, p. 1123.

aankoms by Bethulie moes hulle by magistraat Grant aanmeld, waarna hulle met hul gesinne in die Bethulie-kamp herenig is. Nóg administratiewe prosesse is gevolg alvorens die gesinshoofde en hul gesinne toegelaat is om die kamp te verlaat.¹⁶

Ná die ondertekening van die vredesverdrag het krygsgevangenes in kampe oorsee, in afwagting om te kon terugkeer begin om die Eed van Getrouheid te onderteken. Daar was wel enkeles wat nie bereid was om tot hierdie stap oor te gaan nie, soos 21 onversoenlikes op Ceylon wat onder die Britse bestuur daar as die “irreconcilables” bekend gestaan het.¹⁷ Onder hierdie groep was die 18-jarige Theodor Christoph Sandrock, jongste seun van eerw. Christoph Sandrock van die Berlynse Sendinggenootskap te Springfontein, Bethulie-distrik. Sandrock is op 4 April 1900 by Reddersburg krygsgevangene geneem en op 9 Desember 1900 as krygsgevangene 7026 met die SS *Catalonia* na Ceylon gestuur.¹⁸ Sandrock het in 1903 gebruik gemaak van ’n aanbod deur die Nederlandse regering aan die onversoenlikes om hulself in Nederlands Oost-Indië (Batavia; vandag Indonesië) te vestig. Hier het Sandrock as klerk in diens getree by die firma Tiedeman en Van Kerchem, wat die direksie van ’n groot handelsbank¹⁹ bygestaan het. Sandrock het spoedig as bankier uitgeblink en is later as president-direkteur van die handelsbank aangestel.²⁰ Sandrock het nie die Nederlandse verbintenis met sy geboorteland vergeet nie en was betrokke by die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging²¹ wat gemoeid was om kulturele bande tussen Nederland en Suid-Afrika te bevorder.²²

Nog ’n onversoenlike was die 32-jarige Henry E. Engelbrecht van die plaas Strydfontein, Bethulie, wat in Julie 1900 in die Brandwaterkom gevange geneem is en as krygsgevangene 9607 na Ceylon gestuur is.²³ Engelbrecht se broer, die 15-jarige Schalk Engelbrecht, was die jongste Bethulie-burger wat by die Brandwaterkom gevang is.²⁴ Aangesien Henry Engelbrecht nie die Eed van Getrouheid wou aflê nie, het hy nie na Suid-Afrika teruggekeer

¹⁶ NASA, VAB, CO, 95, 3526/02: Oath of Allegiance – Ref. Camp Bethulie, 1.9.1902.

¹⁷ C. de Jong, “Die blanke Boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (2)”, *Pretoriana: Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria* 94, November 1988, pp. 70-71; J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys; C. de Jong, “Die blanke Boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (1): Theodor Sandrock, 1882-1953”, *Pretoriana: Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria* 93, April 1988, pp. 53-65.

¹⁸ Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (hierna OM); Databasis: Krygsgevangenes.

¹⁹ Die Nederlandsche-Indische Escompto-Maatschappij.

²⁰ De Jong, “Die blanke Boere in Oos-Indië ... 1903-1962” (2), p. 71.

²¹ Danksy Sandrock se bemiddeling is die fragmente van Jan van Riebeeck en sy tweede eggenoot, Maria Scipio, se grafstene vanaf Batavia na Suid-Afrika gestuur.

²² Sandrock se diens aan die Nederlandse volk is beloon met die toekenning in 1929 van die Orde van Oranje-Nassau en in 1932 die Orde van die Nederlandse Leeuw.

²³ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

²⁴ *Ibid.*

nie, maar op Ceylon aangebly. Ná jare se verblyf op die eiland is hy in 1906 as veldwagter in die Yala Natuurreserveaat in Ceylon (Sri Lanka) aangestel, 'n pos wat hy 21 jaar beklee het.²⁵ Met die afsterwe van Engelbrecht se vader, Schalk Willem Engelbrecht, op 23 Mei 1920 te Bethulie, is die bedrag van £458.0.0 aan Engelbrecht bemaak. Die erflating is egter eers op 30 September 1924 deur die Weesheer van die Bloemfontein Hooggeregshof toegestaan, waarna die geld deur die Mercantile Bank op Dabrera, Ceylon, aan Engelbrecht oorbetaal is.²⁶ Tydens die Eerste Wêreldoorlog is Engelbrecht daarvan beskuldig dat hy die bemanning van die Duitse ligte kruiser, SMS *Emden*, van voedsel voorsien het toe die skip in die omgewing van Ceylon was. Die bewerings is in 1931, in 'n verklaring deur die kaptein van die voormalige oorlogskip, ontken.²⁷ Alhoewel Engelbrecht getroud was met Ester Engelbrecht wat in die Norvalspont-konsentrasiekamp opgeneem is, het hy later jare 'n verhouding met 'n Singalese vrou gehad en twee kinders²⁸ is later gebore. Engelbrecht is op 25 Maart 1928 te Ceylon oorlede en in die begraafplaas van die Katolieke Kerk op Hambantota begrawe.²⁹

Wat die inwoners van Bethulie betref, het die Britse administrasie voorsiening gemaak vir die ondertekening van die Eed van Getrouheid en is die administratiewe reëlins in die *Government Gazette* gepubliseer.³⁰ In die kamp kon alle manlike persone, insluitend hennoppers en bittereinders, die Eed voor J.W. Foster aflê.³¹ In die dorp is Gideon Petrus van Zyl, 'n plaaslike inwoner wat in Britse diens was, aangewys om weksdae tussen 10:00 en 12:00 die proses te administreer.³²

Die koloniale bestuur van die ORC het die aflê van die Eed van Getrouheid as voorwaarde gestel vir persone wat eise om kompensasie wou indien.³³ Vanaf 1 Junie 1902 tot 30 Augustus 1902 het 65 persone die Eed te Bethulie onderteken waarvan 14 persone uit die Bethulie-distrik afkomstig was. Bekendes was R.D. Nicolaissen, 'n ingenieur van beroep, wat die Eed op 8 Julie 1902 onderteken het, terwyl Herman Klynveld, prokureur, op 4 Julie 1902 tot hierdie stap oorgegaan het. Nog 12 Bethulie-burgers het gevolg, wat die voormalige

²⁵ *Sunday Times*, Sri Lanka, 26.10.2014, p. 9.

²⁶ Meester van die Hooggeregshof, film 039 4634 03, 13 MOD. E. 1684, Rol nr 16: Schalk Willem Engelbrecht, 3.8.1984.

²⁷ *Sunday Times*, Sri Lanka, 26.10.2014, p. 9.

²⁸ 'n Kleinseun van Henry Engelbrecht, Gam Hewage Siripala, asook 'n kleindogter, A.W. Suda Ama Lilynona, was in 2010 steeds op Sri Lanka woonagtig.

²⁹ *Sunday Times*, Sri Lanka, 26.10.2014, p. 9.

³⁰ *Government Gazette*, 22.8.1902, p. 412.

³¹ NASA, VAB, CO, 95, 3526/02: Oath of Allegiance – Ref. Camp Bethulie, 1.9.1902.

³² *Government Gazette*, 22.8.1902, p. 412.

³³ *Ibid.*

assistent-veldkornet van Wyk Bosjespruit, P.W.C. Combrinck, ingesluit het.³⁴ Op 12 en 13 September 1902 is Bloemfontein per telegram verwittig dat 138 stemgeregtigdes in Bethulie die Eed van Getrouheid onderteken het.³⁵ Die afleiding is dat die Bethulie-burgers met die ondertekening van die Eed gehoor wou gee aan die administratiewe reëlins met die oog op eise om kompensasie, en nie soseer omrede hulle aan die Britse monarg onderdanig wou wees nie.

5.2.3 Voorbereidings om die Bethulie-kamp te verlaat

Die Britse administrasie het 'n omslagtige administratiewe proses vir die vrylating van inwoners uit die kampe voorgeskryf, welke proses deur die onderskeie kampsuperintendente uitgevoer moes word.³⁶ Die Britse owerheid het 'n ernstige gewetensbeswaar gehad dat vroue en kinders alleen na plase teruggestuur word uit vrees dat hulle deur swart mense aangeval kon word. Daar is in 'n skrywe verwys na: "In the unsettled state of the country and the presence of Natives, Government are averse to allowing women and children to return to their houses without a male white protector. Those without must wait for the return of their male relations."³⁷ Gesinne in die Bethulie-kamp moes dus eers in die kamp aanbly totdat 'n meerderjarige manlike gesinslid by hulle kon aansluit. Op 4 Junie 1902 het generaal-majoor sir Charles Knox, die assistent adjudant-generaal van die ORC, 'n telegram aan onder meer die Bethulie-superintendent gestuur, waarin gemeld is dat burgers wat die Eed onderteken het en na hul gesinne kon omsien, toegelaat moes word om die kamp te verlaat. Vir hierdie doel moes 'n permit uitgereik word en bepaalde administratiewe reëlins afgehandel word. In gevalle waar gesinne verlof verleen is om die kamp te verlaat, het Knox opdrag gegee dat hierdie gesinne van 'n tent en tien dae se rantsoene voorsien word.³⁸ Die CRB in Bloemfontein het egter besluit om 'n maand se rantsoene toe te staan.³⁹

Ten einde die CRB in staat te stel om die repatriasieproses te bestuur en rekord van uitgawes te hou, is 'n M.T.2-vorm ontwerp wat deur elke gesinshoof voltooi moes word.⁴⁰ Reeds op 26 Mei 1902 is superintendente ingelig dat gesinne hierdie vorm moes voltooi en dat "translocation will only take place gradually".⁴¹ Vroue moes inligting verskaf wat voldoende

³⁴ *Ibid.*, 6.3.1903, p. 555.

³⁵ NASA, VAB, GRD, 15, 452/02: Repatriation ORC, 12.9.1902; 13.9.1902.

³⁶ NASA, VAB, SRC, 234, 8433: Compiling form for the Repatriation Board, 14.6.1902.

³⁷ NASA, VAB, SRC, 134, 9107: Repatriation of refugees – rations, 15.7.1902.

³⁸ NASA, VAB, SRC, 256, 8709: Families leaving the refugee camps to return to their farms, 15.7.1902.

³⁹ Van Rensburg, p. 276.

⁴⁰ NASA, VAB, SRC, 234, 8433: Compiling form for the Repatriation Board, 14.6.1902.

⁴¹ NASA, VAB, SRC, 231, 8381: Circular 274 of 9 May 1902, 26.5.1902.

sou wees om hulle met hul eggenote te verbind, asook hul adres en inligting rakende eienaarskap van grond.⁴² Die noodsaaklikheid van hierdie vorm is verstaanbaar, veral met die oog op die effektiewe bestuur van rantsoene en kompensasie, maar die feit dat die vorm voorsiening gemaak het vir opmerkings oor die gesinshoof se “general character” en deur die superintendent voltooi moes word, het die onderliggende politieke agenda daarvan beklemtoon. Daar is verder verklaar dat “anti-Britishers posing as loyalists may not be sent back to their farms too soon, where they might possibly do a great deal of mischief”.⁴³ Volgens die opdrag aan die superintendente insake die voltooiing van hierdie vorm, is die afleiding dat hierdie vorm ’n bepaalde politieke doel moes dien: “The rest of the information is only intended as a guide leading up to the financial position of each family.”⁴⁴

Volgens dokumentasie van die SRB aan die CRB, het die eerste Bethulie-kampinwoners teen middel Julie 1902 die kamp begin verlaat. Addisionele inligting is aangeteken en het ingesluit die datum van vertrek, die naam van die gesinshoof, plaasnaam, distrik, asook die aard en hoeveelheid van die rantsoene wat toegeken is. Die rantsoene het gewissel van 30 tot 330 eenhede per gesin en het bestaan uit koffie, tee, suiker, melk en geblikte soutvleis (bully beef).⁴⁵ Dat hierdie rantsoene nie voldoende was nie, word afgelei uit die Bethulie-munisipaliteit se latere versoek aan die Britse bestuur in April 1903 om toe te sien dat die ou Vrystaatse wetgewing ten opsigte van wildbewaring steeds toegepas word, aangesien die inwoners in die omgewing van die dorp hul voedselvoorrade aangevul het deur die wild te vang.⁴⁶

Volgens dokumentasie van die SRB aan die CRB was daar op 14 Julie 1902 ongeveer 2 526 inwoners in die Bethulie-kamp.⁴⁷ Dit word bevestig deurdat superintendent J.R. McPherson op 11 Julie 1902 deur die hoofsuperintendent van kampe aangespreek is na aanleiding van ’n klagte wat deur die superintendent van die Springfontein-kamp ingedien is. In die klagte word gemeld dat vier gesinne met ’n totaal van 17 persone, die Bethulie-kamp verlaat het en op pad was na Bloemfontein, en voorts dat geen rantsoene aan hulle uitgereik is nie, waarna die kommissariaat op Springfontein dit moes voorsien.⁴⁸

⁴² NASA, VAB, SRC, 234, 8433: Compiling form for the Repatriation Board, 14.6.1902.

⁴³ *Ibid.*

⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁵ NASA, VAB, GRD, 49, 9227: List of refugees leaving Bethulie Camp for Bloemfontein, 16.7.1902.

⁴⁶ NASA, VAB, CO, 161, 2659/03: Killing of game at Bethulie, 9.4.1903.

⁴⁷ NASA, VAB, SRC, 100, 9146: Returns on inmates and deaths, 16.7.1902.

⁴⁸ NASA, VAB, GRD, 49, 9227: List of refugees leaving Bethulie Camp for Bloemfontein, 16.7.1902.

In Oktober 1902 skryf Edith Dickenson aan Emily Hobhouse en lig haar in dat gesinne reeds die Bethulie-kamp begin verlaat het. In daardie stadium was daar, volgens Dickenson, ongeveer 2 000 inwoners⁴⁹ in die kamp en was repatriasie goed op dreef. Dickenson noem voorts dat die algemene omstandighede in die kamp uitstekend was; dit is in kontras met hoe dit die vorige jaar daar uitgesien het.⁵⁰ Die repatriasie van konsentrasiekampinwoners in Julie 1902 was ook 'n poging deur die Britse regering om koste te bespaar deur toe te sien dat inwoners so gou moontlik na hul tuistes (of dit wat daarvan oor was) terugkeer. Die ordelike wyse waarop die repatriasieproses aangepak is, getuig van die Britse owerheid se deeglike administrasie en is weer eens 'n bewys dat hulle oorhaastig was met die inrigting van die Bethulie-kamp en dit nie deeglik beplan of uitgevoer het nie.

5.2.4 Inwonerstatistiek en gesinne wat die Bethulie-kamp verlaat

Statistiek insake die aantal inwoners en sterftes in konsentrasiekampe is weekliks aan lord Milner gestuur en op hierdie wyse kon rekord gehou word van die getal krygsgevangenes en bittereinders wat by hul gesinne in die kampe aangesluit het. Die opgawes vir die tydperk 7 Junie 1902 tot 14 Julie 1902 toon dat die getal mans met 107 toegeneem het. (Sien Bylae 5.1: Grafiek 5.1.) Die aantal vroue en kinders het gedurende hierdie tydperk gewissel en word toegeskryf aan die feit dat inwoners van een kamp na 'n ander oorgeplaas is, byvoorbeeld tussen Springfontein, Aliwal-Noord, Norvalspont en Bethulie, om met familieleden te herenig.⁵¹

Die Britse owerheid het in die meerderheid van die gevalle die inwoners self op die plase besorg, maar sommige inwoners het verkies om die tog per voet aan te pak. Vanaf 15 Julie 1902 tot 16 Oktober 1902 is 70 Bethulie-gesinne en 249 gesinne van ander distrikte toegelaat om te vertrek.⁵² Op 23 Julie 1902 is agt Bethulie-gesinne na 'n arbeidskolonie te Kransdraai⁵³ in die Bethulie-distrik gestuur, terwyl die gesinne van J.J. Noordman en P.J. Schoeman na die

⁴⁹ Ten spyte van families wat vertrek het, is die inwonertal deurentyd aangevul met krygsgevangenes wat teruggekeer het en by families in die kamp aangesluit het, asook Bethulie-gesinne vanaf ander kampe wat na Bethulie oorgeplaas is.

⁵⁰ R. van Reenen (red.), *Emily Hobhouse: Boer War letters*, p. 171.

⁵¹ NASA, VAB, SRC, 99, 8788: Returns on inmates and deaths, 10.6.1902; 8867: 15.6.1902; 8931: 24.6.1902; 9071: 14.7.1902; 9146: 8.7.1902; 9146: 16.7.1902.

⁵² NASA, VAB, GRD, 120, 9221: Rations supplied to refugees returning to farms, 15.7.1902; 25.7.1902; NASA, VAB, GRD, 120, 9227: Rations supplied to refugees returning to farms, 6.8.1902; NASA, VAB, GRD, 120, 9831: Rations supplied to refugees returning to farms, 9.9.1902; 15.9.1902; 17.9.1902; 1.10.1902; NASA, VAB, GRD, 122, 9858: Rations supplied to refugees returning to farms, 16.10.1902; 30.10.1902.

⁵³ Sien afdeling 5.7.1 vir meer besonderhede oor die Kransdraai-arbeidskolonie.

plaas Rustplaats vertrek het.⁵⁴ Op 6 Augustus 1902 is die gesin van J.M. du Rand na Kransdraai gestuur.⁵⁵ Slegs enkele lyste van Bethulie-gesinne wat ander kampe verlaat het, kon opgespoor word.⁵⁶ Wat die Norvalspont-kamp betref, is die volgende inligting van 17 Bethulie-gesinne bekom:

- Op 28 Julie 1902 het ses Bethulie-gesinne uit dié kamp vertrek.⁵⁷
- 'n Groep van 48 gesinne het dié kamp op 1 Augustus 1902 verlaat, waarvan ses gesinne afkomstig was van Bethulie.⁵⁸
- Op 2 Augustus 1902 het 31 gesinne vertrek, waarvan vyf gesinne afkomstig was van Bethulie.⁵⁹

'n Lys gedateer 9 September 1902 bevat die besonderhede van 13 gesinne wat die Uitenhage-kamp verlaat het, waarvan drie gesinne uit die Bethulie-distrik afkomstig was.⁶⁰

5.2.5 Heenkome elders gevind

Met die oorlog op 'n einde was daar enkele gesinne in die twee eertydse Boererepublieke wat hulself nie met die Britse bestuur kon versoen nie. Hulle het, nadat hulle verneem het van 'n projek deur die Argentynse regering om boere te werf, besluit om eerder hul heil daar te gaan soek. Die eerste verwysing na gesinne uit die twee voormalige Boererepublieke en selfs die Kaapkolonie wat oorweeg het om na Patagonia te emigreer, is gedateer 19 Oktober 1902. Volgens dié skrywe, wat as 'n geheime dokument geklassifiseer is, is hierdie inisiatief deur C. McGregor van Kroonstad geneem en was hy goed bekend aan sir Hamilton Goold-Adams, die adjunk-administrateur van die ORC. Op 4 November 1902 het 'n verdere brief melding gemaak van 2 600 gesinne wat dit oorweeg het om te emigreer, terwyl slegs 40 gesinne op 21 November 1902 met die skip *Pampas* vanaf Kaapstad vertrek het.⁶¹

Selfs in die Bethulie-distrik was daar gesinne wat besluit het om na Argentinië te emigreer. Hul redes het gewissel van onversoenbaarheid met die nuwe Britse bewind tot ekonomiese redes, wat voortgespruit het uit die naoorlogse ellende.⁶² Een van die eerste Bethulie-gesinne

⁵⁴ NASA, VAB, GRD, 120, 9221: Rations supplied to refugees returning to farms, 25.7.1902.

⁵⁵ NASA, VAB, GRD, 120, 9227: Rations supplied to refugees returning to farms, 6.8.1902.

⁵⁶ Wat betref die Springfontein-kamp kon geen lyste in die Vrystaatse Argiefbewaarplek onder die GRD-afdeling opgespoor word nie.

⁵⁷ NASA, VAB, GRD, 120, 9229: Rations supplied to refugees returning to farms, 28.7.1902.

⁵⁸ NASA, VAB, GRD, 120, 9230: Rations supplied to refugees returning to farms, 1.8.1902.

⁵⁹ NASA, VAB, GRD, 120, 9229: Rations supplied to refugees returning to farms, 2.8.1902.

⁶⁰ NASA, VAB, GRD, 120, 9831: Rations supplied to refugees returning to farms, 9.9.1902.

⁶¹ NASA, VAB, CO, 111, 4760/02: Emigrants to Argentina, 19.10.1902.

⁶² NASA, VAB, A119, 2877: Renier-versameling – S.T. van Vuuren, 9.2.1960.

wat verhuis het, was dié van Diederick Johannes Venter⁶³ van die plaas Driefontein.⁶⁴ Miskien het die dood van Diederick se seun, Johnny (Johannes Abraham) Venter by die Bethulie-brug in Maart 1900, 'n rol gespeel in hierdie gesin se besluit om te emigreer. Die Norval-gesin het saam met die Venters na 'n onherbergsame landstreek in Argentinië verhuis.⁶⁵

5.3 EINDE VAN DIE BETHULIE-KAMP

5.3.1 Voortgesette benutting van die Bethulie-kamp

'n Kennisgewing het op 19 November 1902 in die *Government Gazette* verskyn in terme waarvan alle militêre strukture en konsentrasiekampe wat op munisipale grond of privaat eiendom opgerig is, binne vier maande verwyder sou word, waarna die eienaars van sodanige eiendom, indien die strukture nie verwyder is nie en/of enige ander vorm van skade gely het, geregtig sou wees op kompensasië.⁶⁶ Vanweë die potensiele koste-implikasie vir die koloniale tesourie ná 19 Maart 1903, was die opbreek van die kampe hiermee 'n voldonge feit. Die koloniale owerheid in Bloemfontein was gevolglik ywerig om die groot Bethulie-kamp op te breek.⁶⁷

Die Britse polisiemag in die ORC, bekend as die South African Constabulary (SAC), was in daardie stadium op soek na kantoorruimte, barakke, store en stalle en het die waarde van die infrastruktuur by die Bethulie-kamp besef. Die kamp se administratiewe geboue het uit enkele opslaanstrukture van gegalvaniseerde sinkplaat bestaan, terwyl akkommodasie vir personeel van songedroogde stene gebou is. Die SAC het op 30 Oktober 1902 'n formele versoek aan die hoofsuperintendent van kampe in Bloemfontein gerig om die geboue te bekom. 'n Baie bondige beskrywing van die kamp se infrastruktuur het die versoek vergesel.⁶⁸ Die waarde van hierdie versoek lê daarin dat dit 'n beeld verskaf van die kamp se opset en uitleg in 1902. Daar is spesifiek verwys na 15 enkelkamers (van songedroogde stene), 'n hospitaalkombuis, 'n woonhuis met vyf vertrekke en 'n stoep, sinkstrukture insluitend die

⁶³ Die 54-jarige Diederik Johannes Venter (snr.) is op 2 Oktober 1899 opgekommandeer. Hy is op 6 Desember 1900 op sy plaas gevang en op 23 Desember 1900 as krygsgevangene 16378 na Groenpunt gestuur. Hy is op 13 Junie 1901 na die Norvalspont-kamp gestuur. Hy, sy gade en seuns Michiel (Giel), Frederik en Klasie het saam met hom na Argentinië vertrek.

⁶⁴ NASA, VAB, A119, 2877: Renier-versameling – Tien Toerien, 18.6.1953.

⁶⁵ NASA, VAB, A119, 2877: Renier-versameling – S.T. van Vuuren, 9.2.1960.

⁶⁶ *Government Gazette*, 19.11.1902, p. 1451.

⁶⁷ Militêre strukture wat op hierdie manier verkoop is, sluit as voorbeeld in die blokhuis by die wabrug wat deur die Holm-gesin aangekoop is aangesien dit op hul eiendom opgerig is. Die struktuur is later gesloop en die sandsteenklip is vir bouwerk op die plaas aangewend.

⁶⁸ NASA, VAB, CO, 95, 4671/02: Bethulie Refugee Camp – buildings to be utilized by SAC, 30.10.1902.

hospitaal, apteek, stoorkamers, kombuis, weeshuis en toilette, asook 'n waterpypleiding. Daar is selfs na die 130 dennebome verwys wat die kampbestuur op die grensgebied van die kamp-terrein aangeplant het en wat reeds goed gevestig was.⁶⁹ Dit is egter belangrik om te onthou dat sodanige infrastruktuur nie tydens die eerste maande van die kamp se bestaan in plek was nie.

Die regering van die ORC se antwoord op die versoek van die SAC was dat die waarde van die infrastruktuur bepaal moes word, waarna 'n amptenaar van die tesourie 'n lys van die inhoud van die kamp in fyn besonderhede saamgestel het. Die totale berekende waarde van £829.12.0 is deur kolonel H.J. Pilkington van die SAC in 'n brief gedateer 19 Desember 1902, as buitensporig bestempel en dus het die transaksie om die infrastruktuur aan te koop, nie voortgegaan nie.⁷⁰

5.3.2 Bethulie-kamp word opgeveil

Die Bethulie-kamp was reeds in Januarie 1903 gesluit, aangesien 'n afslaer, H.N. Hemans (Auctioneer and Commission Agent representing A.D Voigt, Solicitor) van Fauresmith, op 24 Januarie 1903 by die owerheid in Bloemfontein navraag gedoen het om die veilingkontrak te bekom. Die kontrak om die kamp op te veil, is egter aan Harry Elliot van Kroonstad toegestaan. 'n Konsepadvertensie insake "An Important sale at The Refugee Camp, Bethulie ORC"⁷¹ is op 20 Januarie 1903 opgestel, waarna die konsep goedgekeur is en die veiling by wyse van 500 pamflette in die dorp en distrik geadverteer is. Die afslaer het sy advertensie afgesluit met: "A grand chance of a life-time."⁷² McPherson verwys daarna dat selfs die SAC gehelp het om die pamflette in die dorp en distrik te versprei. Voor die veiling is korrespondensie, meestal by wyse van telegramme, aan die finansiële advieskantoor in Pretoria gerig om uitsluitel te kry oor aangeleenthede soos byvoorbeeld die militêre store en tente wat as militêre toerusting geklassifiseer is. Oorweging is geskenk aan die waarde en toestand van die goedere en aanbevelings is deur die Board of Officers gemaak. Een van hul aanbevelings was dat die 600 bel- en markiestente, vanweë die swak toestand daarvan, as seile verkoop word. Voorts is aanbeveel dat alle hospitaalbedlinne (991 komberse en 260 lakens) eerder verbrand moes word om die verspreiding van siektes te voorkom.⁷³ Daar is

⁶⁹ *Ibid.*

⁷⁰ *Ibid.*

⁷¹ NASA, VAB, CO, 155, 16640: Public auction held at Bethulie refugee camp, 20.1.1903.

⁷² *Ibid.*

⁷³ *Ibid.*

verder versoek dat die waterpypeleiding aan die Bethulie-munisipaliteit oorgedra word,⁷⁴ maar 'n sterk bewoorde telegram vanaf Bloemfontein het dit verbied, en die instruksie was dat die pypeleiding opgebreek en opgeveil moes word.⁷⁵

Volgens die advertensie het die veiling oor twee dae geskied en wel op Vrydag 30 Januarie 1903 en Saterdag 31 Januarie 1903, daaglik vanaf 10:00. Daar is melding gemaak van etlike lyste van goedere, maar slegs twee lyste kon opgespoor word.⁷⁶ Op 3 Februarie 1903 het Elliot sy teleurstelling in 'n telegram aan die ORC se tesourie uitgespreek waarin hy noem dat nie al die items verkoop is nie, maar het verder verduidelik dat dit weens 'n gebrek aan kopers en geld in die distrik was. Sy aanbeveling met die oortollige voorraad was “to truck the remaining stock and send it to Bloemfontein”.⁷⁷ So byvoorbeeld is 'n groot aantal sinkplate en houtbalke wat nie by die veiling verkoop is nie, later gebruik om die Bethulie-kampkerkhof te omhein. Petrus Fourie verduidelik: “Magistraat C. Grant het die kampkerkhof laat inkamp met 'n heining van sowat 2 meter hoog.”⁷⁸ Danksy hierdie sinkplaatheining kan foto's van die kerkhof as vóór of ná 1919 gedateer word, aangesien die heining in 1919 met 'n doringdraadheining vervang is.⁷⁹

Ten spyte van Elliot se teleurstelling het die veiling van die kamp die bedrag van £1 754.7.5 opgelewer, wat die opbrengs van die veilings van die Aliwal-Noord-, Norvalspont-, Kimberley- en Uitenhage-kampe oortref het.⁸⁰ Teen einde Februarie 1903 het die Bethulie-kamp nie meer bestaan nie, aangesien 'n verslag deur die hoofsuperintendent van kampe aan lord Milner, gedateer 28 Maart 1903, daarop dui dat slegs die Brandfort-kamp, met 101 inwoners, nog in bedryf was.⁸¹ Hiermee is 'n hartseer era in Bethulie se geskiedenis afgesluit.

5.4 NUWE ERA ONDER BRITSE BESTUUR

5.4.1 Britse administrasie en munisipale bestuur

Ná die vredesluiting is Bethulie-inwoners met verskeie veranderinge ten opsigte van administrasie en munisipale bestuur gekonfronteer. Die ou republikeinse wetgewing, stelsels en administrasie is grootliks geskrap of hersien, aangepas en in enkele gevalle uitgebrei. Die

⁷⁴ Die pypeleiding is wel later aan die munisipaliteit verkoop.

⁷⁵ NASA, VAB, CO, 155, 16640: Public auction held at Bethulie refugee camp, 20.1.1903.

⁷⁶ *Ibid.*

⁷⁷ *Ibid.*, 3.2.1903.

⁷⁸ OM, 3145/2: Herinneringe van P.J. Fourie – Bethulie-konsentrasiekamp, pp. 1-7.

⁷⁹ OM, 6546/1: Grave Trust Fund, 27.5.1919, p. 60.

⁸⁰ NASA, VAB, CO, 157, 2303/03: Relief Camps ORC monthly report working, 21.3.1903.

⁸¹ *Ibid.*

omvang van al die veranderinge blyk uit die onderskeie *Government Gazette*-uitgawes van 1902 tot 1907, wat 'n goeie oorsig van die nuwe administrasie se werksaamhede bied. Uit die *Government Gazette* blyk dit dat enkele inwoners hulle nog tot Desember 1902 in die Bethulie-kamp⁸² bevind het, terwyl daar in April 1903 steeds lyste gepubliseer is van persone in die Bethulie-distrik wat die Eed van Getrouheid onderteken het.⁸³ Kennisgewings wat vanaf April 1903 tot April 1904 verskyn, verwys onder meer na die aanstelling van amptenare, besigheidslisensies, vuurwapenpermitte, die invoer van sekere goedere soos lood (wat tydens die oorlog verbode was), en selfs predikante wat as huweliksbeamptes moes registreer.⁸⁴ Opvallend is die kennisgewings van prokureur Herman Klynveld oor verlore titelaktes wat deurlopend verskyn het.⁸⁵ Die afleiding is dat hierdie titelaktes tydens die verskroeide aarde-veldtog vernietig is.

Die nuwe grense⁸⁶ van die Bethulie-distrik, wat voortaan as die Springfontein-distrik bekend sou staan, is op 20 Junie 1902 in die *Government Gazette* aangekondig.⁸⁷ Die nuwe distrik het ingevolge Proklamasie Nr. 7 van 1902 uit die Bethulie-distrik, asook 'n klein gedeelte van die Philippolis-distrik bestaan.⁸⁸ Hiermee is Wet 25 van 1894 insake geproklameerde distrikte in die voormalige Vrystaat amptelik herroep.⁸⁹ Die distrik se naamsverandering het moeilik by Bethulie-inwoners en selfs die Britse amptenare op die dorp inslag gevind, omrede daar in vele dokumente verwys is na die Bethulie Repatriation Board en soms weer na die Springfontein Repatriation Board.⁹⁰ Aangesien Springfontein oor geen noemenswaardige infrastruktuur beskik het nie, is Bethulie as administratiewe setel behou vanwaar onder meer die regsproses steeds deur 'n magistraat uitgeoefen is. Ten einde status en erkenning aan die naamsverandering te verleen, is daar wel sedert Junie 1902 in alle kennisgewings na die

⁸² Lyste het gereeld in die *Government Gazette*'s onder die afdelings "ORC Boer refugee camp deaths" asook "Refugee Camp Bethulie Letters" verskyn en verskaf besonderhede van die inwoners wat hulle in Desember 1902 nog in die kamp bevind het.

⁸³ *Government Gazette*, 5.12.1902, pp. 1556-1557; *Government Gazette*, 17.4.1903, pp. 857-858, 862, 866, 869-871.

⁸⁴ NASA, VAB, CO, 134, 488/03: Wright and Schroeder's application to import lead for building purposes, 19.1.1903; *Government Gazette*, 4.1903-4.1904.

⁸⁵ *Government Gazette*, 21.11.1902, p. 1493. Die titelakte van burger J.P. van der Walt van die plaas Kraalfontein, was die eerste verlore titelakte uit die Bethulie-distrik wat in die *Government Gazette* deur prokureur H. Klynveld gelys is.

⁸⁶ Die volgende plase het die nuwe grenslyne gevorm: Noordwes: Vlakfontein, Klein Vlakfontein, Stinkfontein, Hamelfontein, Klein Marsfontein, Paradys, Langvley en Klein Donkerpooort; Suidoos: Arabie, Blinkkrans, Hartebeesfontein, Kinderfontein, Kransdraai, Vaalbank, Stormfontein, Diepfontein, Middelfontein, Strydfontein, Willoughby, Rietpoort en Vredevlag.

⁸⁷ *Government Gazette*, 20.6.1902, p. 341.

⁸⁸ *Ibid.*, 4.7.1902, p. 496.

⁸⁹ *Ibid.*, 20.6.1902, p. 411.

⁹⁰ NASA, VAB, CO, 74, 1845/02: District Repatriation Boards appointment at Bethulie, 20.6.1902.

“Resident Magistrate of Springfontein” verwys.⁹¹ In 1903 het die koloniale regering besluit om munisipale status formeel aan die Springfontein-stasie toe te ken, ’n stap waarteen ’n groep afgevaardigdes uit Bethulie geprotesteer het. Hul protes was nie suksesvol nie en die gevolg was dat daar nou selfs ’n nuwe dorp, alhoewel klein, binne die voormalige Bethulie-distrik geleë was.⁹²

Met Bethulie onder militêre bestuur, het munisipale sake weinig aandag geniet. Op versoek van raadslid H.A. Rampf het magistraat Grant op 3 Januarie 1902 ’n brief aan sir Hamilton Goold-Adams gerig, waarin versoek is dat ’n nuwe munisipale bestuur verkies word aangesien “matters have settled down”.⁹³ Die versoek is op 18 Januarie 1902 toegestaan vir ’n verkiesing op 1 Februarie 1902.⁹⁴ Die uitslag van die verkiesing is op 21 Februarie 1902⁹⁵ gepubliseer en die nuwe raadslede was P. Waugh (snr.), H.T. de Villiers, J.H.W. Dittmar, H.A. Rampf en F.P. Gunn, ’n Ier van geboorte, wat die voorsitter was.⁹⁶ Die afleiding is dat diegene wat pro-Brits was, bevoordeel is aangesien die meeste stemgeregtigdes in daardie stadium steeds op kommando was of as krygsgevangenes aangehou is.

Die nuwe munisipale raad se lojaliteit teenoor die Britse regering het spoedig geblyk. Met die afsterwe van Cecil John Rhodes op 26 Maart 1902 is daar namens die inwoners van Bethulie ’n spesiale mosie van rou op 27 Maart 1902 om 11:30 aangeneem. Dit is opgevolg met ’n telegram asook ’n brief aan sekretaris H.F. Wilson van die ORC waarin soos volg verklaar is: “The Municipality of Bethulie on behalf of themselves and the inhabitants beg to express their deep regret at the death of the Hon. C.J. Rhodes and the full appreciation of the loss sustained by South Africa.”⁹⁷ Die trein met Rhodes se oorskot het nie lank hierna nie, oor die Norvalspont-brug naby Bethulie verby gestoom, op pad na die Matopo-heuwels in Rhodesië (vandag Zimbabwe) waar hy ter ruste gelê is.⁹⁸

’n Verdere gebaar van lojaliteit deur die pro-Britse Raad was die rojale £50.0.0 wat vir feesvieringe rondom die kroning van Edward VII op 26 Junie 1902 bewillig is.⁹⁹ ’n Permit is aan ’n lid van die Bethulie Coronation Festivities Committee uitgereik om na Bloemfontein te

⁹¹ *Government Gazette*, 5.12.1902, p. 513.

⁹² S.H. Pellissier, *Euufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*, p. 55.

⁹³ NASA, VAB, CO, 53, 110/02: Election of Municipal Councillors for Bethulie, 3.1.1902.

⁹⁴ *Ibid.*

⁹⁵ In die Bethulie-Euufeesalbum word hierdie datum verkeerdelik as 4 Maart 1902 aangegee.

⁹⁶ *Government Gazette*, 21.2.1902, p. 1231; Pellissier, p. 54.

⁹⁷ NASA, VAB, CO, 61, 890/02: Death of the Hon. C.J. Rhodes – Bethulie Municipality, 27.3.1902.

⁹⁸ *Ibid.*

⁹⁹ Die munisipale inkomste uit eiendomsbelasting was in daardie stadium slegs £200.0.0 per jaar.

reis en versierings aan te koop vir die tooi van regeringsgeboue.¹⁰⁰ Die feesvieringe is op kort kennisgewing deur die koloniale sekretaris van die ORC gekanselleer nadat die Britse monarg skielik 'n abses ontwikkel het en 'n operasie moes ondergaan.¹⁰¹ 'n Telegram van 9 Julie 1902 het egter toestemming verleen om met die feesvieringe voort te gaan.¹⁰² Joseph Chamberlain, die Britse koloniale sekretaris, het die Bethulie-gemeenskap, die Bethulie Coronation Festivities Committee en die "Natives of Bethulie Town and District" namens die koning vir hul goeie wense bedank. Saterdag 9 Augustus 1902, die dag van die kroning, is as 'n amptelike vakansiedag in die twee nuwe kolonies geproklameer.¹⁰³ Volgens foto's was enkele strate in die dorp getooi en is 'n militêre parade gehou, wat deur toesprake en sport-aktiwiteite gevolg is. 'n Onderwyseres vertel: "the town decorations are lovely, and the whole village is ablaze with colour".¹⁰⁴ Volgens haar het, benewens Union Jack-vlae wat orals gewapper het, selfs 'n Skotse vlag verskyn. Ereboë van groenigheid en Chinese lanterns het die hoofstraat (Joubertstraat) versier en selfs enkele huise is versier nadat 'n spesiale silwer trofee as prys uitgelooft is. Ter afsluiting is 'n "Coronation Ball" gereël.¹⁰⁵

Hierdie uitspatigheid so kort ná die oorlog, was waarskynlik sout in die wonde van die republikeine. Die feestelikhede is sewe maande later, op 20 Januarie 1903, opgevolg met die opening van die Coronation Library op die dorp. Volgens 'n koerant het hierdie biblioteek in daardie stadium oor 400 boeke beskik, baie daarvan in Nederlands, maar ongelukkig was die meeste boeke, aldus die koerant, verouderd. Die hoop is egter uitgespreek dat die biblioteek sou bydra om die harmonie tussen Boer en Brit op die dorp te bevorder.¹⁰⁶

In 1902 het die munisipale bestuur uit H.T. de Villiers, J.H.W. Dittmar, F.P. Gunn, W.A.B. Pinchard (stadsklerk), H.A. Rampf en P. Waugh bestaan.¹⁰⁷ Die lewe van Afrikaanssprekendes het ná die oorlog stadig weer begin koers kry en geleidelik het hulle weer die leisels op munisipale en politieke gebied begin oorneem. Op 14 Februarie 1903 het 'n kennisgewing deur W.A.B. Pinchard¹⁰⁸ verskyn waarin drie nuwe raadslede, H. Klynveld, C.J. Visser en W. Adams tot die Raad verkies is, nadat De Villiers, Gunn en Waugh bedank het. Herman Klynveld is tot burgemeester verkies, 'n nuwe raadstitel wat dié van voorsitter

¹⁰⁰ NASA, VAB, CO, 70, 1527/02: Proposed visit to Bloemfontein to purchase decorations for government buildings in Bethulie, 28.5.1902.

¹⁰¹ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 22.7.1902; Pellissier, p. 55.

¹⁰² NASA, VAB, SRC, 83, 9153: Sports arrangements for Coronation Day, 9.7.1902.

¹⁰³ NASA, VAB, CO, 87, 2907/02: Permission to visit Bloemfontein and address to HM, 3.8.1902.

¹⁰⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 22.7.1902.

¹⁰⁵ *Ibid.*

¹⁰⁶ *The Friend*, 24.1.1904, p. 7.

¹⁰⁷ Orange River Colony General Agency, *Lockhead's directory of the Orange River Colony*, p. 273.

¹⁰⁸ 'n Prokureur wat hom gedurende die oorlog op Bethulie gevestig het.

vervang het.¹⁰⁹ In Maart 1903 het James (Jas) Jacob Wardaugh vir Pinchard as stadsklerk opgevolg.¹¹⁰ Tydens die raadsverkiesing van 1904 is J.C. de Waal as burgemeester aangewys.¹¹¹

Die Bethulie-munisipaliteit moes verskeie uitdagings die hoof bied in hul pogings om die dorp ná die oorlog weer op te bou. Die verskaffing van water was 'n deurlopende probleem, spesifiek tydens die droogte van 1902-1903. Rampf, wat ná die oorlog tot onderburgemeester verkies is, het Bethulie verteenwoordig tydens Joseph Chamberlain se besoek aan Bloemfontein vanaf 3 tot 9 Februarie 1903.¹¹² Rampf het tydens hierdie geleentheid versoek dat die dorp die konsentrasiekamp se boorgate met pompe en pypleidings oorneem, wat teen 'n bedrag van £300.0.0 toegestaan is.¹¹³ Die Raad het watervoorziening in 'n ernstige lig beskou en het op 3 Junie 1903 beperkings geplaas op die gebruik van water vir huishoudelike gebruik.¹¹⁴ 'n Langtermynoplossing vir die dorp se groot behoefte aan water moes egter gevind word en voorstelle is ter tafel gelê, soos 'n Oranjerivierskema en 'n dam in die Moordenaarspoort. 'n Kommissie is aangewys om die saak te ondersoek, maar die voorstel om water uit die Oranjerivier te pomp, sou teen 'n koste van £15 000.0.0 geskied, wat die dorp nie kon bekostig nie en die fokus was dus eerder om 'n groot dam in die Moordenaarspoort te laat bou.¹¹⁵ Teen 1905 het Bethulie, soos die meeste dorpe in die suidelike ORC, steeds 'n tekort aan voldoende water gehad en die ironie was dat die dorp, alhoewel langs die Oranjerivier geleë, nie oor die finansiële vermoë beskik het om hierdie bron te kon benut nie.

Tydens die bestaan van die Bethulie-kamp is die plantlewe in die omgewing, met spesifieke verwysing na inheemse bome en struie, bykans heeltemal vernietig. Die Raad het begin om bome in die dorp aan te plant nadat die ORC-bestuur op 19 Junie 1903 die aanplant van bome in die kolonie aangemoedig het. Dennebome wat deur die staatskwekery by Wilgerboomnek te Thaba Nchu voorsien is, het onder meer die *Pinus pinaster* (Tros-denneboom) en *Pinus nigra* (Oostenrykse denneboom), asook verskeie soorte bloekombome, ingesluit.¹¹⁶ In 1903 is met die grootskaalse aanplant van *Pinus nigra*-dennebome in Kerkstraat begin, 'n projek wat spoedig na die res van die dorp uitgebrei is. Weens die droogte was die Raad verplig om die

¹⁰⁹ *Government Gazette*, 20.2.1903, p. 1425.

¹¹⁰ Pellissier, p. 58.

¹¹¹ *Ibid.*, p. 55.

¹¹² *Ibid.*

¹¹³ *Government Gazette*, 21.2.1903, p. 1431; Pellissier, p. 55.

¹¹⁴ *Government Gazette*, 12.6.1903, p. 1301.

¹¹⁵ Pellissier, pp. 56-57.

¹¹⁶ *Government Gazette*, 19.6.1903, p. 1339.

bome op 'n gereelde basis nat te lei en hiervoor is 'n militêre waterkar gebruik wat tydens die veiling van die Bethulie-kamp, teen £13.0.0 aangekoop is.¹¹⁷ In 1903 en 1905 is verwys na die Victoria Park (later tot die Frank Gunn Park herdoop), waar nog denne- en bloekombome aangeplant is; 'n projek wat reeds in 1892 begin is en tot 1905 voortgeduur het.¹¹⁸ Die Raad het verder aandag aan aspekte soos higiëne geskenk en het vir hierdie rede die marktafels wat oorkant die Royal Hotel geleë was, en waarvan die erf nie altyd na wense skoongehou is nie, na 'n ander terrein verskuif.¹¹⁹

Die Raad het 'n inkomste uit erfbelasting, boetes, hondelisensies, steengroewe, passe vir swart mense, lisensies om hout te versamel, asook watertariewe (leibeurte) verdien. Die finansiële state het in Julie 1903 'n gesonde balans van £198.19.3 in die munisipaliteit se spaarrekening gereflekteer.¹²⁰ Wat uitgawes betref, is £250.0.0 in 1903 aan die herstel van strate spandeer en £190.0.0 is aan salarisse uitbetaal. Kleiner uitgawes het die herstel van heinings, sanitasie, watervore, voorrade en rente op 'n lening ingesluit. In 1903 is met die beplanning van 'n gholfbaan begin,¹²¹ wat bewys dat dit voorspoedig gegaan het met die dorp se munisipale bestuur en dat Bethulie en die meeste van sy inwoners besig was om van die gevolge van die oorlog te herstel. In 1905, die jaar waarin die 74-jarige Herman Klynveld weer die leiers as burgemeester oorgeneem het, is die erfbelasting vir die eerste keer met £0.0.1¼ verhoog.¹²² Ná die afsterwe van raadslid Visser, is De Waal weer in 1907 tot raadslid van Bethulie aangewys en is selfs as burgemeester verkies.¹²³ Dat die dorp sedert die einde van die oorlog geleidelik 'n bloeityd onder die koloniale bestuur beleef het, word afgelei uit statistieke in die onderskeie *Government Gazette*-uitgawes, amptelike dokumentasie, foto's, poskaarte asook die aantal besighede wat in daardie stadium weer op die dorp handel gedryf het. Hierdie voorspoed was egter beperk en nog nie verteenwoordigend van en beskore vir al die inwoners nie.

5.4.2 Handhawing van wet en orde

Die SAC, wat sy ontstaan gedurende die oorlog aan lord Roberts te danke gehad het, is in die lewe geroep met die doel “to act as a Military Force in time of War and a District Mounted

¹¹⁷ *Ibid.*; Pellissier, p. 55.

¹¹⁸ NASA, VAB, ORC, 173-194: Report on the conservation of forests – ORC, 1903; *Government Gazette*, 19.6.1905, p. 339; Pellissier, p. 49.

¹¹⁹ Pellissier, p. 56.

¹²⁰ *Government Gazette*, 17.7.1903, p. 1539.

¹²¹ *Ibid.*

¹²² Pellissier, p. 56.

¹²³ *Government Gazette*, 8.3.1907, p. 334.

Police in time of peace”.¹²⁴ Die SAC se stigting is amptelik op 19 Oktober 1900 in die *Government Gazette* aangekondig en was onder bevel van kolonel R.S.S. Baden Powell (van Mafeking-faam), wat in Oktober 1900 tot generaal-majoor bevorder is.¹²⁵ Hierdie eenheid, wat in wese ’n koloniale polisiemag was, moes die voormalige Boererepublieke teen moontlike hernieude invalle deur Boerekommando’s beskerm.¹²⁶ Omrede die Britse owerheid burgerlike bestuur so gou as moontlik wou instel, was die bevel van hierdie eenheid sedert Augustus 1901, direk aan lord Milner verantwoordbaar. Benewens hul wetstoepassingspligte, is die eenheid met allerlei administratiewe verantwoordelikhede belas.¹²⁷

Ná die oorlog het die SAC onder beheer van die Inter-Colonial Council gestaan. Hiervolgens is sekere departemente in die kolonies, soos byvoorbeeld die spoorweë en die SAC, onder sentrale beheer geplaas.¹²⁸ In die ORC en Transvaal Colony was die SAC onder bevel van ’n inspekteur-generaal, waarvan die hoofkwartier in Pretoria gesetel was. Kolonel H.L. Pilkington is as assistentinspekteur-generaal in die ORC aangestel, met die eenheid se hoofkantoor op die plaas Sydenham net buite Bloemfontein.¹²⁹

Die Britse regering het reeds in April 1902 voorsien dat vrede in die vooruitsig was en dat die pligte van die SAC uitgebrei sou word, aangesien daar in die begin van Mei 1902 by die kampsuperintendente navraag gedoen is oor jong, manlike kandidate wat sou belangstel om by die SAC aan te sluit.¹³⁰ In Junie 1902 het Milner vir Pilkington versoek om 250 lede van die National Scouts, lede van die Farmers’ Guards, asook 250 “surrendered burghers” in die ORC te identifiseer en in die Constabulary op te neem. Die mag is verder saamgestel uit rekrute van die Canadian Mounted Police, manskappe van Australië, Nieu-Seeland, Brittanje en selfs wit garnisoentroepe van Indië.¹³¹

In die ORC is agt hoofdorpe geïdentifiseer, elk onder bevel van ’n distrikskommissaris met die rang van majoor wat oor uitgebreide magte beskik het. Smithfield was een van hierdie hoofdorpe en die Bethulie-distrik was ’n subdistrik met sy polisiekantoor te Bethulie.¹³² In 1902 was die SAC hoofsaaklik met patrollies in die distrik gemoeid waar tien arrestasies

¹²⁴ *Ibid.*, 19.10.1900, p. 713.

¹²⁵ *Ibid.*

¹²⁶ C.J.P. le Roux, “Die South African Constabulary in die Oranjerivierkolonie, 1900-1908”, *Historia* 37(1), Mei 1992, p. 45.

¹²⁷ *Ibid.*, pp. 45-46.

¹²⁸ T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history* (4de uitgawe), p. 204.

¹²⁹ *Ibid.*, p. 48.

¹³⁰ *Ibid.*

¹³¹ NASA, VAB, CO, 74, 1839/02: Statistics of Municipal Police and SAC, 16.12.1902.

¹³² Le Roux, p. 46.

tussen Julie 1902 en Desember 1902 uitgevoer is. In daardie stadium kon gerapporteer word dat die distrik besig was om te “settle down”.¹³³ Hierna moes die SAC byvoorbeeld toesien dat wit en swart mense in die Bethulie-distrik wetgewing oor die beskerming van wild gehoorsaam veral omrede voedsel in die distrik skaars was. Voorts is daar gereeld terugvoering gegee oor die tekort aan arbeid op plase, iets wat vir die Britse bestuur ’n groot bron van kommer was en toegeskryf kon word aan swart mense wat hul slegs in sekere areas gevestig het.¹³⁴ Pilkington was van mening swart mense “gained much more from the war than they lost”¹³⁵ en het derhalwe voorspel dat daar baie probleme uit dié oord te wagte kon wees.¹³⁶

Benewens wit manskappe, is swart lede vir die SAC gewerf wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die toepassing van paswette op Bethulie en die nakoming van wetgewing oor dronkenskap.¹³⁷ Uit die SAC-bevelvoerders se klagtes blyk dit dat heelwat probleme met swart lede ondervind is. So byvoorbeeld het J.A. Schriener, ’n streeksbevelvoerder van die SAC, op 28 September 1903 klarigheid versoek oor ’n bepaling in Proklamasie Nr. 24 van 1900. Die bepaling het gehandel oor die reg om die salaris van ’n swart lid wat hom aan wangedrag skuldig gemaak het, gedeeltelik terug te hou of in uiterste gevalle selfs tronkstraf op te lê.¹³⁸ Die Regulations for Native Constables het kort hierna verskyn en het ten doel gehad om die verhouding tussen wit en swart lede van die SAC op dorpe soos Bethulie te reël en dissiplinêre prosesse uiteen te sit.¹³⁹

Alhoewel die eenheid amptelik in Junie 1902 van hul militêre verantwoordelikhede onthef is, was die SAC hierna betrokke by die handhawing van wet en orde asook burgerlike administratiewe pligte.¹⁴⁰ Hierdie pligte is breedvoerige in ’n memorandum deur Pilkington uiteengesit.¹⁴¹ Hieruit word afgelei dat die manskappe gedurende en kort ná die oorlog, weens gebrek aan administratiewe amptenare, ’n leemte in die staatsadministrasie van dorpe soos Bethulie gevul het. Die eenheid het op ’n maandelikse basis redelik akkuraat verslag gedoen oor die proses van repatriasie in die Bethulie-distrik en was voorts verantwoordelik vir die verspreiding van voedsel, kleding, implemente, toerusting en saad. Terugvoer is verder gegee

¹³³ NASA, VAB, CO, 137, 775/03: Statistics of Municipal Police and SAC, 16.12.1902.

¹³⁴ NASA, VAB, CO, 91, 3388/02: SAC report on work done, 22.8.1902.

¹³⁵ *Ibid.*

¹³⁶ *Ibid.*

¹³⁷ *Ibid.*

¹³⁸ NASA, VAB, CO, 216, 975B: Board of Commissioners to stop pay of native constables, 28.9.1903.

¹³⁹ *Ibid.*, 7.10.1903.

¹⁴⁰ Le Roux, pp. 45-46.

¹⁴¹ NASA, VAB, MG, 6: Army telegraphs – Mounted Police, 3.1.1901.

oor die hervatting van boerderyaktiwiteite, peste en plae, diersiektes, asook loslopende diere. Manskappe het magistraat McPherson, voorsitter van die SRB, op hoogte gehou van maatskaplike aspekte soos armoede en die gebrek, al dan nie, van rantsoene tydens die droogte van 1902-1903.¹⁴² Die afleiding is dat hierdie korps 'n belangrike rol in die GRD se strategieë en die uitvoering daarvan vervul het.

Ingevolge Ordonnansie 15 van 1902, *Regulating the Possession of Arms and Ammunition*, het die eenheid alle vuurwapens, ammunisie en plofstof, asook krygstuig wat ná afloop van die oorlog nog op plase en in die veld te vinde was, versamel. Patrollies is ook by grensdorpe uitgevoer om byvoorbeeld die smokkel van drank vanaf die Kaapkolonie te voorkom.¹⁴³ Die eenheid het voorts terugvoer gegee insake die gesindheid van Bethulie-inwoners teenoor die nuwe Britse administrasie en “relations between National Scouts and surrendered Burghers”,¹⁴⁴ sodat afgelei word dat die SAC die oë en ore van die nuwe Britse gesag in die kolonie, meer spesifiek die platteland, was.

Benewens die SAC is wet en orde met behulp van die Municipal Police gehandhaaf. Hierdie eenheid, wat in Maart 1900 gestig is, moes spesifiek toesien dat munisipale regulasies nagekom word. In Bethulie was die eenheid onder sersant P. Cooper se bevel, wat ook as publieke aanklaer opgetree het.¹⁴⁵ In Julie 1902 was sersant Cooper verantwoordelik vir die uitreik van passe aan swart mense te Bethulie.¹⁴⁶ Die misdaadstatistiek vir die Bethulie-distrik vir die tydperk Julie 1902 tot Desember 1902 is vervat in 'n verslag aan die Kommissaris van Polisie in Bloemfontein, E.B. Gray, en dui aan dat 101 arrestasies in hierdie tydperk uitgevoer is.¹⁴⁷ Die Municipal Police moes verder 'n wakende oog hou oor die twee “houses of ill-fame”, wat deur drie wit vroue op die dorp bedryf is. Daar is verder melding gemaak van nege swart prostitute in die Lepui woonbuurt.¹⁴⁸ Volgens Police Instruction E.2. het die Municipal Police in die onderskeie distrikte van die ORC onder die jurisdiksie van die plaaslike magistraat gestaan. Magistraat Grant moes volgens hierdie instruksie gereeld inspeksie uitvoer oor administratiewe aangeleenthede, geboue en toerusting wat met die

¹⁴² NASA, VAB, CO, 91, 3388/02: SAC report on work done, 22.8.1902; Le Roux, p. 47.

¹⁴³ NASA, VAB, CO, 91, 3388/02: SAC report on work done, 22.8.1902; *Government Gazette*, 14.7.1902, p. 2332.

¹⁴⁴ NASA, VAB, CO, 91, 3388/02: SAC report on work done, 22.8.1902.

¹⁴⁵ Orange River Colony General Agency, *Lockhead's directory of the Orange River Colony*, p. 51.

¹⁴⁶ *Government Gazette*, 11.7.1902, p. 542; 16.8.1902, p. 907.

¹⁴⁷ NASA, VAB, CO, 137, 775/03: Statistics of Municipal Police and SAC, 16.12.1902.

¹⁴⁸ NASA, VAB, CO, 81, 7364/02: Brothels and houses of ill-fame in the ORC, 11.7.1902.

Bethulie Municipal Police verband gehou het.¹⁴⁹ Die Municipal Police was egter nie vir lank 'n afsonderlike eenheid nie, omrede dit op 1 Maart 1903 met die SAC saamgesmelt het.¹⁵⁰

Ingevolge Ordonnansie 462 van 1902 is krygswet in die ORC onder bepaalde voorwaardes opgehef.¹⁵¹ In die naoorlogse Britse administrasie moes die magistraat toesien dat regeringsbeleid in die onderskeie distrikte toegepas word. Die magistraat moes oor verskeie aangeleenthede verslag doen, soos byvoorbeeld inwoners se gesindheid. Benewens die bestuur van die plaaslike amptenary, was die magistraat verder verantwoordelik vir die insamel van belastinge, waarvan die jaarlikse erfpagbelasting op plase die belangrikste was.¹⁵² Die Bethulie-distrik het saam met Smithfield en Rouxville 'n distrik vir die Rondgaande Hof gevorm, welke hof gereeld sittings te Bethulie gehad het.¹⁵³ Charles Grant se amptelike aanstelling as magistraat vir Bethulie onder burgerlike bestuur, is in September 1902 per kennisgewing aangekondig.¹⁵⁴ Op 26 Januarie 1903 is Grant deur A.W. Baker as magistraat vir Bethulie opgevolg met L.C. Dalton as sy klerk.¹⁵⁵ Nadat Baker maagkoors opgedoen het, is Dalton in Januarie 1904 tydelik as die assistent-magistraat aangewys.¹⁵⁶ In 1904 het magistraat Baker die koloniale sekretaris in Bloemfontein daarop gewys dat mense op die goederewaens wat stadig by haltes in die Springfontien-distrik deurbeweeg het, geklim het sonder om te betaal. Die magistraat het na die talle gevalle van “train jumping” verwys en gerapporteer dat die oortreders meestal arm was en nie fout kon sien met hul optrede nie. Baker het gevolglik voorgestel dat die treine vinniger deur haltes beweeg en goederewaens deur spoorwegpersoneel deursoek moes word.¹⁵⁷

Ander aanstellings wat in die Bethulie-magistraatskantoor gedoen is, sluit onder andere in:

- Konstabel Frederick Johannes Abraham du Toit – bode van die hof (16 Januarie 1903).¹⁵⁸
- Heinrich August Rampf – adjunk-balju (13 Junie 1904).¹⁵⁹
- Francis Helmus Kruger – magistraatsklerk (1905).¹⁶⁰
- Stephen Hawkesworth Fawkes – assistent-magistraat (31 Oktober 1906).¹⁶¹

¹⁴⁹ NASA, VAB, CO, 139: Police Instruction E.2, 1903, p. 4.

¹⁵⁰ Le Roux, p. 48.

¹⁵¹ *Government Gazette*, 19.11.1902, p. 2203.

¹⁵² *Ibid.*, 30.1.1903, pp. 224-226.

¹⁵³ *Ibid.*, 13.2.1903, p. 513; 17.5.1903, p. 1321.

¹⁵⁴ *Ibid.*, 19.9.1902, pp. 1129, 1131.

¹⁵⁵ NASA, VAB, CO, 134, 492/03: RM duties taken over – Baker, 21.1.1903.

¹⁵⁶ NASA, VAB, CO, 246, 195/03: Illness of RM Magistrate Baker, 11.1.1904.

¹⁵⁷ NASA, VAB, CO, 269: Letter to ORC Colonial Secretary, 26.3.1904.

¹⁵⁸ *Government Gazette*, 30.1.1903, p. 234.

¹⁵⁹ *Ibid.*, 13.6.1904, p. 1104.

¹⁶⁰ *Ibid.*, 18.8.1905, p. 1159.

- Herold Ernest Henry Welch – waarnemende magistraat (April 1907).¹⁶²

Die SAC was tot met hul ontbinding in 1908 die plaaslike magistrate in die ORC met die uitvoering van hul take behulpsaam, soos blyk uit magistraat Grant se beswaar teen die vermindering van manskappe omrede “efficient administration will be considerably hampered without them”.¹⁶³ Daar word afgelei dat hierdie mag, weens sy militêre verbintenis met die oorlog, nie onder die inwoners, meer spesifiek Afrikaners, gewild was nie, omrede lede onder meer by die vernietiging van plase en die wegvoer van vroue en kinders betrokke was. Uit dokumentasie blyk dit dat selfs Britse lojaliste die SAC soms met wantroue bejeën het omrede die SAC se toepassing van krygswet hierdie groep benadeel het.¹⁶⁴ Die insluiting van joiners by die mag het dit by Afrikaners verder onder verdenking geplaas. In dorpe soos Bethulie is die SAC deur Afrikaners beskou as die Britse ystervuis in ’n fluweelhandskoen, dus die instrument van die veroweraar, wat ten doel gehad het om enige gees van opstand te onderdruk. Vanweë ekonomiese vraagstukke het misdaad soos veediefstal, in die kolonie toegeneem. Die SAC se gebrek aan sukses hiermee was die maatstaf waaraan die eenheid deur die kolonie se onderdane beoordeel is.¹⁶⁵ Dit is wel duidelik dat alhoewel die SAC nie gewild was nie, hierdie mag, in hul ondersteuning van die GRD en die magistrate, tog sinoniem was met die distrik se heropbou ná die oorlog, ten spyte daarvan dat hulle nie veel vertroue onder van die inwoners van die Bethulie-gemeenskap geniet het nie. Inwoners het egter verkies om hul vertroue eerder in die kerk, as geestelike en selfs finansiële versorger van die gemeenskap, te plaas.

5.5 VOORTBESTAAN EN BETROKKENHEID VAN DIE KERK

Die Christelike geloof het sentraal gestaan in die daaglikse lewe van die meeste Afrikaners in die twee Boererepublieke. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was daar hoofsaaklik twee Afrikaanse kerklike denominasies in Bethulie, naamlik die NG Kerk en die Gereformeerde Kerk. Die kerklike lewe is aanvanklik met die uitbreek van oorlog ontwig, maar ná die stigting en die daaropvolgende verskuiwing van die Bethulie-kamp in Junie 1901, is die kerklike aktiwiteite in die Moeraskamp hervat en beter georganiseer. Eredienste is vir baie lank in die opelug gehou, waarna ’n markiestent vir kerkdienste beskikbaar gestel

¹⁶¹ *Ibid.*, 2.11.1906, p. 1597.

¹⁶² *Ibid.*, 26.4.1907, p. 585.

¹⁶³ NASA, VAB, MG, 6: Army telegraphs – Mounted Police, 3.1.1901.

¹⁶⁴ NASA, VAB, TG-AB, 1: Letterbook of the Springfontein Government Relief Department, 11.10.1902.

¹⁶⁵ NASA, VAB, CO, 304: Crime report for ORC for the month 1904, 6.7.1904.

is. Wat die NG-gemeente betref, is die kamp in wyke verdeel, elk onder die toesig van 'n ouderling, en die gewone kerklike aktiwiteite soos huisbesoek en katkisasie het gereeld plaasgevind.¹⁶⁶ Volgens die kerkprogram is daar elke Sondag drie eredienste en elke oggend 'n bidstonde om 06:30 in die kamp gehou. Bidure is weksdae vir moeders en jong susters gehou, asook sangoefening vir jongmense en vergaderings vir voorgangers.¹⁶⁷ Uit bostaande blyk dit dat die NG Kerk daarin kon slaag om sy gemeente in die kamp te versorg. Dit is voorts duidelik dat die kerk reeds in die Bethulie-kamp betrokke was by die lot van inwoners, 'n rol wat hulle ná die oorlog met nog groter ywer aangepak het deur maatskaplike versorging en bystand te verleen. Hierin het ds. Herman Christiaan Johannes Becker, wat gedurende die eerste fase van die oorlog baie gedoen het om die burgers van die Bethulie-kommando te ondersteun en vir die duur van die oorlog 'n geestelike trooster vir die inwoners van die Bethulie-kamp was, 'n groot rol gespeel.

Alhoewel ds. Willem Postma van die Gereformeerde Gemeente op 3 Oktober 1900 saam met sy gade en kinders gedwing is om Bethulie te verlaat, nadat hy deur die Britse bestuur as ongewenste na die Kaapkolonie verban is, het hy egter ná die oorlog heelwat gedoen om die lot van sy gemeente en Afrikaners in die algemeen te verander.¹⁶⁸ Ds. Becker het in die kamp ook die Gereformeerde Gemeente bygestaan, 'n stap wat ná die oorlog tot samewerking tussen die twee kerklike denominasies op Bethulie sou lei. Ten spyte daarvan dat die Gereformeerde Gemeente in die kamp nie oor 'n kamppredikant beskik het nie, het hulle wel 'n kerkraad gehad¹⁶⁹ wat uit 'n groep manlike lidmate in die kamp verkies is. Hierdie kerkraad en superintendent W.K.H. Wilson het spoedig gebots, aangesien die kerkraad beweer het dat hy soms by die werksaamhede van die kerk ingemeng het.¹⁷⁰ Wilson het by die twee kerklike denominasies in die kamp aangedring om insae in die kerknoutules te hê ten einde hul werksaamhede te monitor, en die afleiding is dat die Britse owerheid die groot invloed van die kerklike instellings besef het. Ná oorweging deur beide kerkrade is Wilson se versoek

¹⁶⁶ G.A. van der Merwe, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (D.Phil.), pp. 295-297.

¹⁶⁷ Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum (hierna VS NGKAI): *De Kerkbode*, 15.5.1902, p. 373.

¹⁶⁸ NASA, TAB, CJC, 1316, 444; Willem Postma, 20.11.1903.

¹⁶⁹ Die Gereformeerde Kerk se notule van 2 April 1902 verwys na die Kerkraad wat bestaan het uit broers W. van der Merwe, S. Kruger, J. Pienaar, S. du Preez, P. Pretorius, A. de Wet, B. van Niekerk, asook J.J. Snyman wat die voorsitter was.

¹⁷⁰ NASA, VAB, SRC, 15, 8248: Religious services in Bethulie RC, 2.4.1902.

toegestaan en dit blyk dat 'n skikking met die Gereformeerde kerkraad bereik is aangesien die kerkraad selfs bereid was om sy notule in Engels aan Wilson beskikbaar te stel.¹⁷¹

Verskeie predikante, proponente en selfs 'n eerwaarde, het tot en met die sluiting van die Bethulie-kamp diens in die kamp verrig en die inwoners gedurende die oorlog geestelik en emosioneel versorg. Dit is dus duidelik uit bostaande dat die predikers 'n belangrike rol gespeel het en wys prop. Richard Daneel daarop dat vele mense gedurende hierdie moeilike tyd danksy ds. Becker en proponente Anton Daniël Lückhoff en Henry Gonin, weer tot geestelike inkeer gekom het.¹⁷²

Ná die oorlog en onder die nuwe Britse bewind was selfs die kerke in die ORC aan bepaalde reëls en wetgewing gebonde. So byvoorbeeld moes predikante heraansoek doen om as huweliksbeamptes geregistreer te word. In 'n verslag deur magistraat Grant, word na ds. Becker verwys as “not always satisfactory from a political view, but otherwise there is no objection to his appointment”.¹⁷³ Hierdie opmerking is insiggewend aangesien dit ds. Becker in 'n bepaalde lig by die Britse bestuur geplaas het. Alhoewel ds. Becker in die ou bedeling as huweliksbeampte aangestel was, het Grant hom aangeraai om nie met hierdie taak voort te gaan nie totdat hy deur die nuwe Britse owerheid daartoe gemagtig is.¹⁷⁴ Op 4 April 1902 is ds. Becker en nog 47 ander geestelikes in die ORC se aanstelling as huweliksbeamptes in die *Government Gazette* bevestig. Eerw. Sandrock, wat as “very anti-British” beskryf is, se aanstelling is terselfdertyd bevestig.¹⁷⁵

Ds. Becker se werksaamhede het ná afloop van die oorlog toegeneem en so was hy in 1903-1904 lid van die “Rings Zending Commissie” asook die “Zondagschool Commissie”. Hierbenewens het ds. Becker die bediening op Kransdraai behartig en sy normale take as leraar van die NG Kerk behartig.¹⁷⁶ Die waardevolle bydrae wat ds. Becker tot die opbou van sy gemeente en die gemeenskap in die distrik gelewer het, het veral duidelik geword met die oprigting van die weeshuis en die daarstelling van 'n Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skool met moedertaal, wat hy in vennootskap met ds. Willem Postma aangepak het. Ds. Postma is op 29 Julie 1902 as huweliksbeampte aangestel.¹⁷⁷ Postma het hom vir die

¹⁷¹ *Ibid.*

¹⁷² VS NGKAI: *De Kerkbode*, 15.5.1902, p. 373.

¹⁷³ NASA, VAB, CO, 48A, 4401/01: Marriage officers appointed under the late OFS Government, 18.12.1902.

¹⁷⁴ *Ibid.*

¹⁷⁵ *Ibid.*; *Government Gazette*, 4.4.1902, p. 236.

¹⁷⁶ *De Fakkel*, 28.4.1904, p. 27.

¹⁷⁷ *Government Gazette*, 8.8.1902, p. 834.

bevordering van Afrikaans beywer en, nadat sy gemeente sodanig herstel het, in 1905 'n beroep na Bloemfontein aanvaar. Postma is deur ds. Jacobus Albertus van Rooy,¹⁷⁸ wat in Augustus 1905 op Bethulie bevestig is, opgevolg. Ds. Van Rooy het sy gemeente vir die volgende 26 jaar getrou bygestaan.¹⁷⁹ Dit word afgelei dat die twee kerklike denominasies, alhoewel in 'n hoë mate deur die oorlog ontwig, steeds deurlopend by hul gemeentes betrokke was. Alhoewel herderloos, was die Gereformeerde gemeente steeds in die Bethuliekonsentrasiekamp as gemeente aktief, terwyl die NG gemeente, en meer spesifiek ds. Becker, die geestelike pilaar van beide kerklike denominasies in hierdie distrik gedurende die oorlog was.

5.6 EKONOMIESE HEROPBOU

Bethulie was voor die uitbreek van die oorlog 'n ekonomies welvarende dorp met ten minste 304 grondeienaars wat landbouprodukte in die distrik geproduseer het. Hierbenewens het bywoners in die distrik 'n verdere bydrae tot landbouproduksie gelewer. Landboubedrywighede het primêr om skaapboerdery gewentel en daar is hoofsaaklik op 'n swart arbeidsmag en die bywonersklas, wat hulself op die plase gevestig het, staatgemaak. Die hervatting van boerderybedrywighede het dus sentraal gestaan in die heropbou van die distrik se ekonomie.¹⁸⁰

5.6.1 Grondonteining en die vestiging van Britse setlaars

Die regering van die ORC het ná die oorlog, in opdrag van lord Milner, met 'n proses begin om "land settlers" op plase in die kolonies te vestig. Britse immigrasie na die twee voormalige Boererepublieke is dus aangemoedig met die doel om 'n sterker Britse element in die twee nuwe kolonies te vestig. Die ORC Land Settlement Department is in die lewe geroep met die opdrag om die plase van verarmde boere in die kolonie op te koop en Engelssprekende boere daarop te vestig.¹⁸¹ Gunstige finansiële ooreenkomste en die ondersteuning van die Land Settlement Department het dit vir 11 Britse immigrante¹⁸² moontlik gemaak om hulle op plase in die Bethulie-distrik te vestig. Teen 1905 was daar 13 sodanige plase in die Bethulie-distrik wat met Engelse name herdoop is en 'n gesamentlike

¹⁷⁸ Ds. Van Rooy was aangetroude familie van ds. Willem Postma aangesien hy met Brechtje Postma, dogter van ds. Dirk Postma, getroud was.

¹⁷⁹ A.Z. Pelser *et al.*, *Eupees-gedenkboek van die Gereformeerde Kerk Bethulie 1863-1963*, p. 64.

¹⁸⁰ NASA, VAB, AKT, CO, 50, 2/1/2/2: Landregister – Bethulie, 1858-1899; Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, p. 326.

¹⁸¹ *Government Gazette*, 4.5.1903, p. 896.

¹⁸² B. Bradley, F.W. Collet, W. Collet, E. Collins, W.D. Delafield, A.E. Grant, H.S. Godsmark, A.G. Kidwell, A.E. Lill, E.W. Miller en N.W. Pattinson.

oppervlakte van 11 248 ha beslaan het.¹⁸³ Die onderverdeling van plase is gereeld in die *Government Gazette* gepubliseer en die afleiding is dat die boere gedeeltes van hul plase verkoop het ten einde na die oorlog weer finansieel op die been te kom. So is die plaas Hillside uit gedeeltes van die plase Paljasfontein, Van Aswegenspoort en Kraalfontein saamgestel en die plaas Heather Downs uit 'n verdere gedeelte van die plaas Van Aswegenspoort.¹⁸⁴

Volgens lord Kitchener se Proklamasie Nr. 10 van 1901 was die Britse militêre owerheid daarop geregtig om die eiendom van veggende burgers te konfiskeer en te verkoop ten einde vir die onderhoud van hul gesinne in konsentrasiekampe te betaal. Die afleiding is dat Kitchener hom derhalwe tot desperate middele gewend het om die burgers tot vredesonderhandelinge te dwing. Die verkoop van 15 plase uit verskeie distrikte in die ORC, waaronder die plaas Middelpunt van burger Johannes Lodevicus Viljoen, Bethulie-distrik, is in 'n kennisgewing aangekondig.¹⁸⁵ Op 13 Maart 1902 is hierdie plaas, tesame met ses ander plase in die ORC, per veiling deur Frasers Auction Market in Bloemfontein verkoop, hoofsaaklik aan die Land Settlement Board. Dit is nie duidelik waarom daar juis op hierdie plase besluit is nie, maar 'n generaal en 'n kommandant se eiendomme¹⁸⁶ was deel van die veiling en die afleiding is dat die Boere se bevelstruktuur ook geteiken is. Die opskrif van die advertensie lui: "To provide for the recovery of the Costs of Maintenance of the Families of all Burghers who have not surrendered before the 15th of September 1901."¹⁸⁷ Die veiling het £7 134.6.6 opgelewer, waarvan die plaas Middelpunt die tweede grootste bedrag behaal het, met 'n som van £1 300.0. Ná afhandeling van die transaksie is die bedrag van £75.5.0, wat tot op 28 Februarie 1902 bereken is, onder die inskrywing "Refugee Camp for maintenance" aan die Britse bestuur oorbetaal vir die onderhoud van Viljoen se gesin. Die verband (South African Association, No. 25.679B) vir die bedrag van £628.16.6, is afgelos, waarna die balans van £595.18.6 deur die Britse owerheid tot ná die oorlog in bewaring gehou is.¹⁸⁸

Die plaas Middelpunt (ongeveer 98 ha) is op 9 Julie 1894 in die naam van Johannes Lodevicus Viljoen geregistreer.¹⁸⁹ Viljoen is op 19 September 1901 in die distrik Wepener

¹⁸³ NASA, VAB, ORC, 173-194: Orange River Colony – list of government farms, 1.10.1905.

¹⁸⁴ *Government Gazette*, 18.1.1907, p. 50.

¹⁸⁵ *Ibid.*, 16.5.1902, p. 308.

¹⁸⁶ Die plaas Witbanksfontein van generaal A.M. Prinsloo en die plaas Vaalpan, Fauresmith van kommandant Johannes Albertus Munnik Hertzog.

¹⁸⁷ NASA, VAB, CT, 16: Sale of confiscated farms – J.L. Viljoen, 13.3.1902.

¹⁸⁸ *Ibid.*

¹⁸⁹ *Government Gazette*, 31.1.1902, p. 90.

gevang en as krygsgevangene na Indië gestuur.¹⁹⁰ Sy gade, Jessie Viljoen, en hul twee dogters, Nellie (14 jaar) en Jessie (2 jaar) is op 6 Maart 1901 na die Norvalspont-konsentrasiekamp gestuur. Die gesin het op 19 Julie 1902 die kamp verlaat, slegs vier maande nadat hul plaas op die veiling verkoop is.¹⁹¹ In September 1902 het Herman Klynveld namens Viljoen by die koloniale sekretaris navraag gedoen insake die wetlikheid van die transaksie. Die Britse regering het op 24 Desember 1902 per brief geantwoord dat die plaas nie aan 'n derde party verkoop is nie en dat hulle bereid was om dit aan Viljoen terug te verkoop, mits hy die verband van £628.16.6 in een som aan hulle kon terugbetaal. 'n Verarmde Viljoen kon, soos die meeste van sy landgenote, geen lening bekom nie en moes derhalwe op 15 Januarie 1903 die aanbod van die hand wys. 'n Tjek met die balans van £595.18.6 is deur die koloniale tesourie aan Viljoen uitbetaal met 'n nota dat geen geld verhaal is vir die tydperk 1 Maart 1902 tot 31 Mei 1902 nie.¹⁹²

Die afleiding is dat die Britse owerheid se optrede kwaadwillig was aangesien die werklike koste slegs £75.5.0 beloop het, synde die bedrag wat aan die kamp oorbetaal is. Wetend dat dit vir Viljoen onmoontlik sou wees om 'n groot bedrag te betaal, het die Britse regering onderhandelinge met hom aangeknoop, maar dit het spoedig geblyk dat hulle geen simpatie met sy situasie gehad het nie.

5.6.2 Droogte van 1902-1903 en die tekort aan arbeid

Die werksaamhede van die Springfontein Repatriation Board het geskied teen die agtergrond van een van die ergste droogtes wat Suid-Afrika, spesifiek die ORC, in twintig jaar ervaar het. Die droogte wat vanaf 1902 tot 1903 geduur het, het daartoe gelei dat mielie- en koringoeste misluk het. Vanaf Januarie 1903 tot September 1903 is slegs 23 mm reën gemeet en selfs die Caledonrivier, 'n voedingsbron van die Oranjerivier, het ophou vloei.¹⁹³ De Waal vertel dat “na die vrede was Gods hand swaar op ons land. 'n Droogte waarin vir drie jaar bykans geen brood gewin is nie, het gevolg. Fonteine droog en damme staan leeg.”¹⁹⁴ De Waal vind dit egter ironies dat “die vee [skape] was in 'n uitstekende kondisie en die skaapvleis by die slagters byna so vet soos varkvleis”.¹⁹⁵ 'n Amptenaar verwys in sy verslag aan die koloniale bestuur in Bloemfontein na die goeie aanwas van skape, suidwaarts vanaf

¹⁹⁰ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Bethulie-burgerlys.

¹⁹¹ J.J.R. van Zyl Privaat Versameling: Databasis – Norvalspont-konsentrasiekamp.

¹⁹² NASA, VAB, CT, 16: Sale of confiscated farms – J.L. Viljoen, 24.12.1902.

¹⁹³ Van Rensburg, pp. 306-307.

¹⁹⁴ Schoeman (red.), p. 83.

¹⁹⁵ *Ibid.*

Bloemfontein tot in die Bethulie-distrik, ten spyte van die droogte. In daardie stadium was die aanwas egter nog te klein om 'n noemenswaardige impak op die streek se ekonomiese herstel te hê.¹⁹⁶

Dat die armoede in die suidelike ORC deur die droogte vererger is, blyk uit 'n versoek vir ou klerasie in die koerant *The Friend*, ten einde te help om die nood onder arm inwoners te verlig.¹⁹⁷ Ná 'n persoonlike besoek deur die Bethulie-magistraat aan plase in die distrik, is verslag gedoen en genoem dat die grootskaalse swaarkry sou vererger indien die droogte sou voortduur.¹⁹⁸ So was die Central Repatriation Board en die Agricultural Department van die ORC genoodsaak om in Junie 1903 'n beroep op die koloniale regering in Bloemfontein te doen om boorgate te sink. Die Public Works Department het oor 21 boormasjiene, bekend as “diamond drill machines”, beskik wat gebruik is om boorgate in die konsentrasiekampe te sink. In 'n verslag wat die koloniale regering in September 1903 ontvang het, word verwys na 180 gate wat sedert Julie 1902 gesink is en dat daar in 92 gevalle geen water gevind is nie.¹⁹⁹ Die verslag maak nie melding in welke distrikte geboor is nie, maar verwys na die nood wat in die Bethulie-distrik heers: “Bethulie where the Agricultural Department asks for a drill and says that a dozen could be used here.”²⁰⁰ Weens die nood in al die distrikte van die ORC, kon slegs een boormasjien aan die Bethulie-distrik afgestaan word.²⁰¹

Die droogte het teen September 1903 nog steeds voortgeduur en die Britse administrasie het 'n anonieme brief ontvang waarin 'n beroep op sir Hamilton Goold-Adams gedoen is om 'n spesiale biddag vir reën te proklameer. Dit is toegestaan en op 4 Oktober 1903 is 'n biddag in alle kerke in Suid-Afrika afgekondig.²⁰² Groot gedeeltes van die ORC het teen middel Oktober 1903 goeie reën gekry, maar in Bethulie sou die droogte tot laat 1904 voortduur.²⁰³ Alhoewel die koloniale regering besluit het om die repatriasiedepots in die ORC met ingang 1 April 1904 te sluit, is daar weens die ernstige gevolge van die droogte besluit om die depots in die distrikte van Springfontein/Bethulie, Rouxville, Edenburg, Fauresmith en Jacobsdal oop te hou. Die impak van die droogte was van so 'n aard dat Goold-Adams in sy toespraak

¹⁹⁶ Van Rensburg, p. 314.

¹⁹⁷ *The Friend*, 30.4.1903, p. 7.

¹⁹⁸ Van Rensburg, pp. 308, 310.

¹⁹⁹ NASA, VAB, CO, 240, 6831/03: Diamond drills, 11.12.1903.

²⁰⁰ *Ibid.*

²⁰¹ *Ibid.*

²⁰² NASA, VAB, CO, 214, 6824/03: Day of prayer and humiliation for SA, 15.9.1903.

²⁰³ Van Rensburg, pp. 312-314, 316.

van 23 Mei 1904 in die ORC Parlement verwys het na die toename in die aantal families wat hulle tot arbeidskolonies soos Kransdraai by Bethulie gewend het.²⁰⁴

Benewens die droogte het die tekort aan arbeid die hervatting van boerdery en landbou-aktiwiteite in die Bethulie-distrik bemoeilik. Baie swart mense wat voorheen op plase werksaam was, is weens die oorlog ontwortel. Die Britse owerheid in die ORC is gevolglik met 'n plakkersvraagstuk gekonfronteer nadat groepe swart mense hulle op kroongrond en selfs onbewoonde plase begin vestig het, veral in die gematigde en vrugbare noordoostelike Vrystaat. Die gevolg was die oneweredige verspreiding van arbeid, soos byvoorbeeld in die droër suidwestelike distrikte van die kolonie, waar boere afhanklik was van duur loonarbeid.²⁰⁵ Weens 'n tekort aan arbeiders in Bethulie, was die owerheid verplig om op 21 Julie 1902 inwoners van die swart konsentrasiekamp op Eensgevonden na onder meer die Bethulie-konsentrasiekamp te stuur om werk daar te verrig.²⁰⁶ Die resident-magistrate van die Bethulie-, Philippolis-, Koffiefontein-, Edenburg-, Rouxville- en Smithfield-distrik het gereeld na die groot tekort aan arbeid verwys. Ten einde swart mense te verplig om op plase elders in die kolonie 'n heenkome te soek, het die Britse owerheid met behulp van die SAC, die Wet op Plakkery uit die tyd van die Vrystaatse Republiek streng begin toepas.²⁰⁷

Dat die skaarste aan arbeid ná die oorlog in die Bethulie-distrik voortgeduur het, blyk uit 'n telegram van 21 Maart 1903 deur een van die nuwe setlaars uit Brittanje, A.A. Ferguson van die plaas Dundonald, Bethulie, waarin hy daarop wys dat arbeid skaars was en hy 'n versoek aan die hoofsuperintendent van kampe van die ORC rig vir arbeid uit die swart kampe. 'n Superintendent van 'n swart kamp het op 26 Maart 1903 vir Ferguson verwittig dat 'n familie met drie seuns, waarvan twee ook as arbeiders gebruik kon word, gestuur sou word. Ferguson het in 'n telegram van 2 April 1903 bevestig dat Andries en sy gesin op die plaas aangekom het en sy dank uitgespreek.²⁰⁸ Teen einde Maart 1903 was daar dus steeds inwoners in die swart kampe en die afleiding is dat die koloniale regering van die ORC gretig was om die mense uit die onderskeie swart kampe te hervestig. Op 28 Desember 1903 het die Britse koloniale owerheid in Bloemfontein in Omsendbrief 7183/03 'n navraag insake die aantal swart families wat hulle die afgelope ses maande op plase gevestig het, aan die onderskeie resident-magistrate gerig. Die Bethulie-magistraat, A.W. Barker, het bevestig dat 12 swart

²⁰⁴ NASA, VAB, CO, 290, 3773/04: Progress made in the administration of the ORC, 23.5.1904.

²⁰⁵ C.J.P. le Roux, "Die plakkersvraagstuk in die Oranjerivierkolonie 1901-1910", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 18, November 1986, pp. 170-171, 174, 177.

²⁰⁶ NASA, VAB, SRC, 83: Fuelwood for Bethulie Camp, 21.7.1902.

²⁰⁷ Le Roux, "Die plakkersvraagstuk ...", pp. 178, 180.

²⁰⁸ NASA, VAB, SRC, 74, A2462: Labour, 21.3.1903.

mense, met twee familiehoofde, hulle op die plaas Merino van W. Schroeder gevestig het, asook twee swart mense op die plaas Kuilfontein van R.J. Butler.²⁰⁹ Daar kan afgelei word dat daar veral in die eerste twee jaar ná die oorlog 'n groot skaarste aan swart arbeiders in die Bethulie-distrik was, iets wat saam met die droogte gelei het tot die vertraging in die heropbou van die distrik.

5.6.3 Hervatting van landbouaktiwiteite

Plaaseienaars in die Bethulie-distrik is met die hulp van die SRB weer op hul plase hervestig. Die daaglikse werksaamhede van die SRB het die verspreiding van goedere vanaf voorraad-depots na die onderskeie plase in die distrik ingesluit. Hierdie depots was by Bloemfontein, Springfontein, Boshof, Winburg en Heilbron geleë, die meeste hiervan digby die spoorlyn of binne bereikbare afstand daarvan.²¹⁰ Goedere wat in voorraad gehou is, het voedsel, saad, landbou-implemente, rytuie en ook nog harnasse, tome, saals en jukke vir trekdierse ingesluit.²¹¹ Die transportafdeling se depot, vanwaar spanne osse en muile met waens en skotskarre na die onderskeie distrikte gestuur is, was ook te Springfontein geleë.²¹² Weens die droogte in die distrik en omrede spanne osse vir ploegdoeleindes nog nie op al die plase beskikbaar was nie, was saad soos mielies, aartappels en koring in 1903 nie juis in aanvraag by die SRB se depot nie.²¹³ Verder was vervoer 'n probleem omrede die Bethulie-magistraat deurlopend melding gemaak het van die gebrek aan genoegsame vervoer om goedere by hul bestemmings te kry.²¹⁴ In die Bethulie-distrik is wadrywers aangestel wat behulpsaam kon wees met die vervoer van inwoners na hul plase, asook goedere wat vanaf die depot na plase geneem moes word. Verder is wit arbeiders geworf wat behulpsaam kon wees met take soos die op- en aflaai van goedere wat per spoor by Springfontein-stasie aangekom het. “Voorlopers” (touleiers) waarvoor jong seuns ideaal was, sou volgens 'n brief “een schilling” per dag verdien.²¹⁵

Magistraat J.R. McPherson het maandeliks aan die CRB verslag gedoen oor werksaamhede in die Bethulie-distrik en rapporteer op 9 Augustus 1902 dat ongeveer 300 plase in die Bethulie-distrik deur ongeveer 1 300 persone bewoon is. Daar is voorts terugvoer gegee oor die

²⁰⁹ NASA, VAB, CO, 243, 8887/03: Circular 7183/0328, 29.12.1903.

²¹⁰ NASA, VAB, GRD, 15: Visit to Springfontein, 2.9.1902.

²¹¹ NASA, VAB, GRD, 71-72: Repatriation – Bethulie, 5.1.1903.

²¹² NASA, VAB, GRD, 15, 452/02: Telegram – repatriation Bethulie, 1.9.1902.

²¹³ NASA, VAB, GRD, 71-72: Repatriation – Bethulie, 5.1.1903.

²¹⁴ NASA, VAB, GRD, 15, 452/02: Telegram – repatriation Bethulie, 1.9.1902.

²¹⁵ NASA, VAB, GRD, 21, 8979: Men required to work under the Repatriation Board, 21.7.1902.

lewende hawe wat hy op 800 perde, 200 muile, 1 000 beeste en 21 000 skape geskat het.²¹⁶ Sy verslag van 24 April 1903 verwys na 860 perde, 110 muile, 3 080 beeste, 13 800 bokke en 42 600 skape. Die aantal persone in die distrik, wat enkele swart plaaswerkers ingesluit het, is as 1 973 aangedui. McPherson verwys voorts na die droogte, maar noem dat die skape, in teenstelling met die perde en beeste, in 'n baie goeie kondisie is.²¹⁷ Teen die einde van Junie 1903 word gerapporteer dat daar 1 571 perde, 279 muile, 5 453 beeste, 114 671 skape, 40 843 bokke, 166 donkies, 268 varke en 232 volstruise in die area van die SRB was en dat die getal inwoners tot 2 592 wit mense en 461 swart mense (dorpsbewoners van Bethulie en Springfontein-stasie uitgesluit) aangegroei het.²¹⁸ Die afleiding is dat McPherson se syfers die vee van lojaliste ingesluit het, omrede hy verwys na “all inhabitants”, maar hierdie verslae is nietemin 'n goeie aanduiding van hoe die boerderybedrywighede in die distrik gegroei en weer begin normaliseer het, selfs ten spyte van die fel droogte. In daardie stadium was nog geen eise in die distrik uitbetaal nie, aangesien McPherson meld dat “it would be a very great help if farmers here could receive a very small advance on the claims already heard”.²¹⁹

Boere in die Bethulie-distrik het gereeld vee in die Kaapkolonie aangekoop, wat die vrees laat ontstaan het dat siektes soos runderpes in hierdie kolonie op groot skaal na die ORC kon versprei. Reeds tydens die repatriasie van gesinne is daar teen die verspreiding van runderpes gewaak. In die Bethulie-distrik is daar eerder van muile as osse gebruik gemaak om inwoners na hul plase terug te vervoer. Die Departement van Landbou in die Kaapkolonie het geweier om kampinwoners met spanne osse vanaf Aliwal-Noord na die distrikte van Rouxville, Smithfield en Bethulie te vervoer en daar moes eers op die aankoms van spanne muile gewag word.²²⁰ Maatreëls ter voorkoming is deur die ORC ingestel en so byvoorbeeld moes 'n afslaer van Colesberg op 6 Julie 1902 die Bethulie-magistraat om toestemming nader om voort te gaan met 'n veiling.²²¹

In September 1903 is by wyse van Proklamasie Nr. 521 bekend gemaak dat eienaars van “horned cattle” 'n sertifikaat deur 'n veeinspekteur moes toon wanneer vee vanaf een distrik na 'n ander vervoer word of oor die grens van die ORC vervoer word. Vee wat oor die Bethulie-wabrug vervoer is, moes eers onder toesig van veeinspekteur J.L. Combrinck op

²¹⁶ NASA, VAB, GRD, 232: Monthly report – Government Relief Department: Springfontein, 9.8.1902.

²¹⁷ *Ibid.*, 24.4.1903.

²¹⁸ *Ibid.*, 28.6.1903.

²¹⁹ *Ibid.*

²²⁰ G.B. Beak, *The aftermath of war: An account of the repatriation of Boers and natives in the Orange River Colony 1902-1904*, p. 111.

²²¹ NASA, VAB, CO, 97: Sale of stock by auction at Bethulie, 7.7.1902.

N. Venter se plaas Driefontein deur 'n ontsmettingstrog (dipping tank) gejaag word. Ook by die plaas Bankfontein van P.J. Louw was daar 'n trog waar veeinspekteur J.C. Kolbe toesig moes hou.²²² Dieresiektes, soos longsiekte, was volop in die Kaapkolonie en is deur wetgewing beheer wat bepaal het dat diere wat vanuit die Kaapkolonie vervoer word, slegs deur bepaalde roetes moes beweeg ten einde veeinspekteurs die geleentheid te gee om inspeksie te doen. In 1907 is bepaalde roetes per distrik in die *Government Gazette* gepubliseer en word die roete vir Bethulie as die wa- en treinbrûe by Bethulie aangedui.²²³ Uit latere verslae in die *Government Gazette* blyk dit dat 24 gevalle van brandsiekte (sheep scab) vanaf April 1907 tot November 1907 in die Bethulie-distrik aangemeld is.²²⁴ Dit is duidelik dat die regering van die ORC die ekonomiese impak van dieresiektes in die nuwe kolonies besef het, veral aangesien die meeste boere nog besig was om te herstel van die verwoesting van die oorlog, en hulle derhalwe die nodige stappe gedoen het om die uitbraak van siektes te voorkom. Die ORC-regering was daartoe verbind om die kolonie, wat hoofsaaklik sy groei aan landbou te danke gehad het, te bevorder.

Die Britse bestuur het besef dat plaasomheinings tydens die uitvoering van verskroeiende aarde grootliks vernietig is en dringend herstel moes word. Vir hierdie doel is 'n Fencing Commission op 7 Mei 1903 vir elk van die twee Bethulie-wyke aangestel.²²⁵ Finansiële bystand is ook verleen en in 1904 is £15 000.0.0 bewillig vir boereverenigings om stoetvee van goeie gehalte aan te koop. 'n Bedrag van £10 000.0.0 is verder bewillig om sprinkaanplae²²⁶ in die Bethulie-distrik te bestry.²²⁷ Teen einde 1904 is daar uit Bethulie gerapporteer dat omstandighede sodanig verbeter het dat items soos koffie en tee nie meer luukshede was nie en daar selfs in enkele huise portrette van die Boereleiers gehang het. Genoegsame arbeid was egter steeds in al die omliggende distrikte 'n probleem.²²⁸ Ten spyte van moeilike omstandighede en die droogte van 1902 tot 1903, blyk dit daar in die tydperk ná 1905 tog vooruitgang op landbougebied in die Bethulie-distrik was. By die Bethulie-stasie, Bethulie-tronk en op vier van die plase wat aan Britse setlaars behoort het, is reënvalsyfers

²²² NASA, VAB, CO, 251: Introducing cattle in the Cape Colony 1903, 23.1.1904.

²²³ *Government Gazette*, 26.5.1907, p. 579.

²²⁴ *Ibid.*, 29.11.1907, p. 768; 15.2.1907, p. 243; 15.3.1907, p. 350.

²²⁵ NASA, VAB, CO, 171, 3502/03: Fencing Commission for Bethulie, 7.5.1903.

²²⁶ Per geleentheid het 'n koerant berig dat 'n trein as gevolg van 'n swerm sprinkane op die spoorlyn gegly het en dat die probleem opgelos is deur sand op die spoorstawe te strooi.

²²⁷ Van Rensburg, p. 317.

²²⁸ *Ibid.*, pp. 315, 319.

aangeteken. Hiervolgens het die reënval sedert 1905 genormaliseer en is die hoogste reënval gedurende die tydperk Desember 1905 tot Januarie 1906 gemeet.²²⁹

Boere soos Johannes Cornelius van Rooy van die plaas Koppieskraal, Bethulie, die broer van ds. Koos van Rooy van die Gereformeerde Gemeente op die dorp, het groot vooruitgang getoon. Van Rooy wou 'n nuwe skaapras teel wat gehard was teen die droogte, maklik sou aanteel en terselfdertyd genoeg vleis sou lewer. Van Rooy kon in 1906 daarin slaag om uit die inheemse Blinkhaar-Afrikanerskaap, die Rambouillet-skaap, sowel as die Wensleydale-skaap, 'n nuwe skaapras bekend as die Van Rooy-skaap, te teel wat baie goed aangepas was vir veral die Suidwes-Vrystaat.²³⁰ Verskeie vendusies is in die onderskeie distrikte gehou en die jaarlikse landboutoonstallings in Bloemfontein, Smithfield en Bethulie dien as bewys dat die landbou in die Suid-Vrystaat geleidelik begin herstel het.²³¹

5.6.4 Kompensasie vir oorlogskade

Die Britse owerheid het voorsiening gemaak vir kompensasie aan diegene wat as gevolg van die oorlog skade gely het. Onderskeid is dikwels getref op grond van die aansoeker se lojaliteit teenoor die Britse regering. So is die eise van Bethulie-burgers in Britse diens, Protected Burghers, Britse onderdane, Britse lojaliste, hensoppers, bittereinders, krygsgevangenes, buitelanders, weduwees en persone met beserings, ná deeglike oorweging toegestaan of afgekeur.

Ingevolge Artikel 10 van die vredesverdrag is 'n bedrag van £3 000 000.0.0 as skadevergoeding toegestaan aan burgerlikes wat tydens die oorlog skade gely het.²³² Milner het tydens die vredesonderhandelinge aan Chamberlain genoem dat “[t]he gift of some money may be an important element in their [Boere-afgevaardigdes] decision”.²³³ Dit het egter spoedig geblyk dat die verteenwoordigers van die twee voormalige Boererepublieke en die Britse regering elk 'n eie siening gehad het oor wie op sodanige vergoeding aanspraak kon maak, asook die voorwaardes daaraan verbonde. Volgens die Boere-afgevaardigdes was die £3 000 000.0.0 'n skenking (free grant) wat uitsluitlik as kompensasie vir krygsgevangenes en bittereinders bedoel was. Die Britse regering was egter van mening dat alle burgers wat

²²⁹ NASA, VAB, ORC, 296-304: Departement van Landbou – ORC, 1905/6, p. 12; NASA, VAB, ORC, 173-194: Rainfall records, 1903, p. 24.

²³⁰ J.J.R. van Zyl *Privaat Versameling*: Bethulie landbou-prestasies die afgelope 50 jaar, 1956.

²³¹ Van Rensburg, p. 317.

²³² A.M. Grundlingh, *Die hensoppers en joiners: Die rasionaal van verraad*, p. 297. Van Schoor (p. 224) verwys egter na Artikel 11 van die vredesverdrag.

²³³ Van Rensburg, p. 232.

oorlogskade kon bewys, hierin kon deel.²³⁴ Uit Milner se woorde word afgelei dat Afrikaners wat tydens die oorlog in Britse diens was, ondersteun moes word en hiermee is hierdie groep dus ingesluit by die genoemde klousule van die vredestraktaat.²³⁵ Dit is duidelik dat die Britse oorwinnaar uiteindelik die finale sê gehad het oor wie in hierdie geld kon deel, sodat die alreeds ontoereikende bedrag nou ook met hensoppers en joiners gedeel moes word.

’n Sentrale regterlike kommissie, oftewel die Central Judicial Commission (CJC), moes oorhoofs toesien dat die toekenning van die £3 000 000.0.0 in die twee kolonies uitgevoer word.²³⁶ Boere in die Bethulie-distrik is egter spoedig ontnugter nadat hulle verneem het dat die naoorlogse hulp nie ’n skenking was nie, maar bloot ’n lening en dat ’n verband op hul eiendom as sekuriteit registreer moes word. De Waal vertel: “Eers heet dit Free Grant en kort daarna ’n Loan.”²³⁷ Verder het diegene wat wel in hul aansoeke suksesvol was, baie lank op uitbetaling gewag. So is daar eers in November 1905 per kennisgewing aangekondig dat kompensasiiegeld op 11, 12 en 18 Desember 1905 by die magistraatskantoor te Bethulie uitbetaal sou word.²³⁸

Die SRB se finansiële rekords (day books) toon die name van 226 persone wat verbande in die Bethulie-distrik geregistreer het, te wete 44 verbande in Julie 1902 en 182 verbande in Augustus 1902. Hierbenewens verskyn die name van persone wat voorraad by die SRB se depot op skuld gekoop het. Die afrekeningstate vir lenings het voorts maandeliks verskyn. Die lenings was die hoogste in 1902 nadat krygsgevangenes begin terugkeer het en eienaars weer op hul plase hervestig is. Sedert Augustus 1903 het die aantal lenings begin verminder en daar kan aangeneem word dat die meeste van die inwoners in die distrik se onmiddellike behoeftes in daardie stadium reeds aangespreek was. Die totale uitgawe van al die lenings aan inwoners van die Bethulie-distrik het £46 512.11.9 beloop. Vanaf Julie 1902 tot April 1904 is rekord gehou van kontanttransaksies vir voorraad by die Springfontein-depot ter waarde van £18 138.15.4.²³⁹

In Augustus 1902 is repatriasierade in onderskeidelik Pretoria en Bloemfontein in die lewe geroep, met die oog op burgers wat in Britse militêre diens was. In die ORC was kaptein P.H.J. Blakemore die hoof van hierdie raad.²⁴⁰ ’n Fonds van £2 000 000.0.0 is bewillig vir

²³⁴ *Ibid.*, pp. 232, 235.

²³⁵ Grundlingh, pp. 278, 294-295, 297.

²³⁶ Van Rensburg, p. 234.

²³⁷ Schoeman (red.), p. 81.

²³⁸ *Government Gazette*, 24.11.1905, p. 554.

²³⁹ NASA, VAB, TG-AB, 3: Day books – Bethulie, 1902-1904.

²⁴⁰ Grundlingh, p. 280.

Britse loyaliste en onderdane, insluitend uitlanders en swart mense wat gedurende die oorlog skade gely het. Hierdie persone is openlik bevoordeel omrede hulle boonop van die Protected Burgher Fund sowel as die £3 000 000.0.0 kompensatiefonds kon eis. Omrede joiners die Britse oorlogspoging op verskeie maniere ondersteun het, is hulle as Britse onderdane beskou en elkeen was derhalwe op £50.0.0 uit die fonds van £2 000 000.0.0 geregtig. In die ORC is hierdie geld by depots te Bethulie, Bloemfontein, Heilbron en Winburg uitbetaal.²⁴¹ Onder Britse offisiere het daar verwarring geheers oor die aard van die uitbetalings, aangesien dit as skenkings beskou is, maar deur die koloniale tesourie bloot as 'n voorskot geag is. Om die voorskot te ontvang, moes 'n verband teenoor elke ontvanger se naam geregistreer word.²⁴² Vir die tydperk 1902 tot 1903 is 356 sodanige verbande by Bethulie geregistreer, maar dit het ook eisers uit ander distrikte ingesluit.²⁴³

Hierbenewens het lede van die Orange River Colony Volunteers eise om kompensasie ingedien. Hierdie eenheid het bestaan uit burgers van die voormalige Vrystaat se Boererepubliek, wat die Britse Leër gedurende die oorlog in verskillende hoedanighede bygestaan het.²⁴⁴ Volgens 'n amptelike verslag op 21 Junie 1903 was 'n totaal van 1 920 voormalige Vrystaatse burgers tydens die oorlog in Britse diens,²⁴⁵ wat 20 Bethulie-burgers ingesluit het.²⁴⁶ Die eise deur lede van die Orange River Colony Volunteers bevat die besonderhede van nog sewe persone uit die Bethulie-distrik wat tydens die oorlog in Britse diens was.²⁴⁷ Teen einde 1902, is £4 370.19.0 aan eisers te Bethulie uitbetaal, wat in daardie stadium die grootste bedrag was wat deur 'n kantoor van die Orange River Colony Volunteer Repatriation Fund uitbetaal is, en wel in sterk teenstelling met die bittereinders wat eers twee jaar later hul geld ontvang het.²⁴⁸

Die Protected Burghers het reeds vroeg in die oorlog, in reaksie op Roberts se proklamasies van 15 Maart 1900 en 31 Mei 1900, die wapen neergelê, die Eed van Getrouheid onderteken

²⁴¹ NASA, VAB, VRO, 89: Orange River Colony Volunteer Repatriation, 30.12.1902.

²⁴² *Ibid.*; NASA, VAB, CO, 89, 3744/02: Civil claims, 13.9.1902.

²⁴³ NASA, VAB, CO, 89, 3744/02: Civil claims, 13.9.1902.

²⁴⁴ Ander eise deur lede van die Orange River Colony Volunteers was dié van J.P. (John) Pellissier, £200.0.0; G. Harvey, £537.13.4; J.E. Fryer, £42.0.3; J.J. Coetzee, £100.0.0; D.G. McDonald, £100.0.0; J.P. McDonald, £90.0.0; J.J. Tromp (jnr.), £200.0.0; J.J. Tromp (snr.), £460.0.0; T. McLaughlin, £200.0.0; F.P. Gunn, £125.0.0; W.R. Harvey en H.P. Harvey, wat 'n gesamentlike eis van £105.0.0 ingedien het, asook S.A. Ferreira, £120.0.0.

²⁴⁵ Dit het ingesluit 615 lede van die Farmers' Guard, 448 lede van die Orange River Colony Volunteers, 211 Town Guards, 173 "conductors", 99 lede van Field Intelligence, 65 Intelligence Burger Scouts, 30 lede van die Special Police, 27 tolke, 15 klerke in die Army Service Corps en ander administratiewe poste.

²⁴⁶ NASA, VAB, CO, 134, 490/03: Ex-burghers serving under British – return for ending June 1903.

²⁴⁷ NASA, VAB, VRO, 3: Orange River Colony Volunteer Repatriation, 21.1.1903.

²⁴⁸ NASA, VAB, CO, 89, 3744/02: Civil claims, 13.9.1902; Grundlingh, p. 299.

en rustig op hul plase aangebly. Die Britse owerheid het onderneem om hierdie burgers se eiendom te beskerm, maar tydens verskroeiende aarde het dit wel gebeur dat hul eiendom vernietig is en hulle na die kampe weggevoer is. Alhoewel hierdie burgers nie soos die joiners, die wapen aktief teen hulle landgenote opgeneem het nie, is hulle deur lojale republikeine vir hul afwesigheid op kommando verkwalik.²⁴⁹ Ná die oorlog was dit onseker of Protected Burghers in die £3 000 000.0.0 kompensasiefonds kon deel. Chamberlain het hul aandeel in die fonds bevestig en het selfs 'n stap verder gegaan deur 'n addisionele bedrag van £4 500 000.0.0 beskikbaar te stel, wat as die Protected Burgher Fund bekend gestaan het.²⁵⁰

Sedert Junie 1903 is 287 eise in die Bethulie-distrik geregistreer, waarvan 125 eise in daardie stadium reeds ondersoek is en 21 eise verdere aandag moes geniet. Voorts is 104 eise na ander distrikte oorgeplaas om daar oorweeg te word. Teen 27 Junie 1903 is nog eise aangemeld waarvan 162 aansoeke nog aandag moes geniet.²⁵¹ Die voorkeur wat aan Protected Burghers se eise verleen is, blyk uit die opgawe van 27 Julie 1903, waarin verklaar is dat 269 eise in daardie maand aan Bethulie gestuur is en reeds ondersoek en afgehandel is, terwyl 17 eise na ander distrikte oorgeplaas is. Slegs 18 aansoeke was nog nie afgehandel nie.²⁵² Dokumentasie van die CJC bevat die name van 212 Bethulie-burgers wat eise ingedien het.²⁵³ Die totale bedrag van £1 157 976 is aan Protected Burghers in die ORC uitbetaal.²⁵⁴

Die volgende buitelandse onderdane het ook eise ingestel vir skade in die Bethulie-distrik gely:

- Carl Kalmann, 'n 37-jarige Duitse onderdaan, het op 16 Oktober 1902 'n eis van £582.10.0 ingedien. Kalmann en sy gade was die eienaars van 'n winkel op die plaas Springbokfontein, Bethulie. Op 18 November 1900 het 'n patroolie van die Cheshire Regiment daar met die Boere slaags geraak. Kalmann het die owerhede verwittig, maar is egter op las van die wantrouige magistraat Grant gearresteer en tot 3 Desember 1900 in die tronk aangehou, waarna hy vrygelaat is. Die Boere was onder die indruk dat Kalmann na Bethulie gevlug het en het beslag gelê op £82.10.0 se goedere in sy winkel, waaronder jasse, skoene, hemde, pype en medisyne. Kalmann het 'n verdere £500.0.0 vir “moral

²⁴⁹ Grundlingh, p. 299.

²⁵⁰ *Ibid.*, p. 297.

²⁵¹ NASA, VAB, GRD, 233-235: Protected Burgher claims, 27.6.1903.

²⁵² *Ibid.*, 27.7.1903.

²⁵³ NASA, TAB, CJC, 535-540: Protected Burgers – Bethulie, 1903.

²⁵⁴ Grundlingh, p. 299.

damages for wrongfull detention” geëis, maar die eis is in geheel deur die CJC verwerp.²⁵⁵

- Robert Dunn Nicholaisen, ’n Amerikaanse burger van Deense afkoms, wat as veespekulant en ingenieur in die Bethulie-distrik gewerk het, het ’n eis van £356.0.0 ingedien vir sy vee wat op 5 Junie 1901 deur die Britse owerheid gekonfiskeer is. Nicholaisen het as gids vir die Britte opgetree en was deel van die werkspanne wat by die herstel van die Bethulie-brug betrokke was. Die CJC het op 3 Oktober 1903 ’n ruim £300.0.0 aan hom toegestaan.²⁵⁶

Benewens buitelandse burgers het koloniale onderdane in die Kaapkolonie ook eise ingedien vir skade wat hulle tydens die oorlog in die Bethulie-distrik gely het:

- Floris Dirk Jacobus Stephanus Coetzee, ’n 49-jarige Britse onderdaan in die Kaapkolonie en wat woonagtig was te Burgersdorp, het ’n eis vir £45.5.0 ingedien vir die skade aan die inhoud van sy kerkhuis op Bethulie. Die bedrag van £15.0.0 is aan hom toegestaan.²⁵⁷
- Carel Albrecht de Villiers, ’n lid van die Paarl-dorpsraad, het op 23 Julie 1903 ’n eis van £202.10.0 ingedien vir 15 perde wat op die plaas Strydpoort, Bethulie, gebuit is. Slegs £100.0.0 is aan De Villiers toegestaan.²⁵⁸

Reeds tydens die oorlog is die eerste eise om skadevergoeding aan die Britse militêre owerheid gekommunikeer, waarvan die meeste van Britse lojaliste afkomstig was. ’n Groot deel van die Bethulie-distrik se Engelssprekende inwoners, soos die Butler’s, Harveys, Hockleys, Prior’s, Webber’s, en Yelling’s was woonagtig in Wyk Bosjespruit. Hul grootste beswaar aan die latere SRB was die beslaglegging van hul veestapels deur die militêre owerhede.²⁵⁹ Een sodanige klagte wat gedurende die oorlog direk aan Milner gerig is, was dié van Alfred D. Tudhope, wat namens die Britse lojaliste protes oor die Britse soldate se optrede aangeteken het. Tudhope, ’n ingenieur van beroep, het familiebande gehad met James Brownlee Hockley, ’n plaasboer van Bethulie. Op Hockley se plaas Ploegfontein is alle veestapels deur soldate gekonfiskeer. Tudhope verwys spesifiek na die skade aan die plase van die twee bejaarde susters, Emma en Lucy Prior, en die “severity of treatment meted out

²⁵⁵ NASA, TAB, CJC, 245, 485: Carl Kallmann – Bethulie, 2.11.1903.

²⁵⁶ NASA, TAB, CJC, 281, 9609: Robert Dunn Nicholaisen – Bethulie, 3.10.1903.

²⁵⁷ NASA, TAB, CJC, 195, 1130: Floris Dirk Jacobus Stephanus Coetzee – Bethulie, 19.9.1904.

²⁵⁸ NASA, TAB, CJC, 190, 108: Carel Albrecht de Villiers – Bethulie, 26.8.1903.

²⁵⁹ NASA, VAB, TG-AB, 1: Letterbook of the Springfontein Government Relief Department, 11.10.1902.

to loyal farmers under military rule”.²⁶⁰ Die waarde van hierdie dokument lê daarin dat dit ’n oorsig gee van die toepassing van die verskroeideaardebeleid in die Bethulie-distrik ongeag die eienaars se politieke oortuigings. Ná ontvangs van hierdie skrywe het die Britse militêre owerheid die vee aan die meeste van die eienaars terugbesorg.²⁶¹ Die eis van William Adams, wie se beeste en perde in April 1901 deur kolonel T.E. Hickman se kolonne weggevoer is, is op £159.10.0 bereken.²⁶² Hickman se antwoord op Adams se klagte was dat sy kolonne opdrag gekry het om alle vee wat buite die beskermde sone geval het, te konfiskeer. Magistraat Grant het Adams se eis gemotiveer deur soos volg te verklaar: “Adams is a hard working Englishman who did a great deal to assist the English Troops in the defence of this town [Bethulie]. His property was taken away when he was a Guide for Col. Pilcher’s Column.”²⁶³

Dat die kommissaris van die SRB wel gepoog het om die beperkte fondse regverdig aan te wend, blyk uit ’n streng bewoorde brief van magistraat Grant aan Emma Prior, nadat sy daarop aangedring het dat haar eis, wat afgekeur is, weer hersien moes word. Grant het haar daarop gewys dat sy gedurende die oorlog spesiale behandeling ontvang het en beperkte skade gely het, in teenstelling met die res van die inwoners van die distrik wat na kampe gestuur is, en verder dat “these are the people who have the first call on the limited amount of capital”.²⁶⁴

As verdere finansiële ondersteuning kon die SRB, in opdrag van die CRB, verbande aan inwoners toestaan. Die register van die SRB toon die name van 188 persone uit die Bethulie-distrik aan wie verbande toegestaan is. Ses joiners was deel van hierdie groep wat tussen £5.11.0 en £496.0.0 ontvang het, met Jean Pierre (John) Pellissier, die kleinseun van eerw. J.P. Pellissier, aan wie die grootste verband toegestaan is. Nege hensoppers het vir verbande gekwalifiseer. Uit die aantal Protected Burghers, het 33 persone verbande ontvang, wat gewissel het van £1.6.3 tot £402.0.0. Die 17 bittereinders aan wie verbande toegestaan is, se bedrae het gewissel van £1.5.0 tot ’n maksimum van £73.5.0.²⁶⁵ Slegs 45 verbande is vir Bethulie-krygsgevangenes goedgekeur, wat gewissel het van £1.6.6 tot £84.19.0, terwyl ’n

²⁶⁰ NASA, VAB, CO, 1, 78/01: Miss Priors and Mr Hockley, loyal farmers Springfontein and treatment by military authority, 16.2.1901.

²⁶¹ *Ibid.*

²⁶² NASA, VAB, CO, 10, 777/01: William Adams – Claim for compensation, 6.4.1901.

²⁶³ *Ibid.*

²⁶⁴ NASA, VAB, TG-AB, 1: Letterbook of the Springfontein Government Relief Department, 11.10.1902.

²⁶⁵ NASA, VAB, TG-AB, 2: Bethulie register – Government Relief Department, 3.7.1902–22.3.1907.

verdere 63 persone uit die Bethulie-distrik waarvan hul status onbekend is, se name ook in die register verskyn.²⁶⁶

Die terugvoer, veral wat ingewikkelde of groot eise betref, is dikwels met twyfel bejeën. Die afleiding is dat die kommissaris nie juis simpatiek was nie en die proses self nie altyd deursigtig en regverdig was nie. J.C. de Waal bevestig dit en merk soos volg op: “[O]ns het begin met ons moeilike en ondankbare werk. Ek wou alles aan hulle doen, maar is baie keer deur Grant en sekretaris Wilson gedwarsboom. Tog het ek baie kon weldoen [sic].”²⁶⁷

Die eise vir skade aan kerkgeboue is afsonderlik hanteer. Op 3 Januarie 1903 het die eerste NG-kerkraadsvergadering op Bethulie ná die oorlog plaasgevind en is besluit om ’n eis om kompensasië vir skadevergoeding aan die “Oude Kerk” in te stel. Die gebou wat voor die besetting in ’n goeie toestand was en deur die Britse militêre bevel vanaf 14 Oktober 1900 tot 31 Julie 1902 as hoofkwartiere gebruik is, is binne en buite, aldus die kerk se getuienis, deur soldate beskadig. ’n Kommissie bestaande uit broers W. Coombs, C. Visser en J. McDonald is deur die kerkraad aangewys om ondersoek na die skade in te stel en ’n eis vir vergoeding by die koloniale owerheid in te dien.²⁶⁸ Tydens die daaropvolgende kerkraadsvergadering op 7 Maart 1903 is bevestig dat ’n eis ten bedrae van £40.0.0 ingedien is.²⁶⁹ Volgens die kerkraad is hoofsaaklik deure, vensterluike en selfs ’n stuk van die dak beskadig.²⁷⁰ In Britse korrespondensie (Grants to Churches) van 1903 verskyn ’n lys van eise vir skade wat gedurende die oorlog aan kerke in die ORC aangerig is en word die eis vir die Bethulie-kerk bevestig. Die volle bedrag van £40.0.0 is toegestaan, maar was egter baie min in vergelyking met ander kerke, soos die eis van £12 900.0.0 van die Frankfort-gemeente vir hul kerk wat heeltemal vernietig was.²⁷¹

Die Gereformeerde Kerk op Bethulie het ook ’n eis om skadevergoeding ingedien waarin ds. Willem Postma ’n leidende rol gespeel het. Ds. Postma is deur die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerk in die ORC opdrag gegee om die skade aan hul kerkgeboue en inhoud met die Britse owerheid as ’n saak van dringendheid op te neem. Ds. Postma het 11 kerke gelys wat as gevolg van Britse optrede skade gely het en het daarop gewys dat van die

²⁶⁶ *Ibid.*

²⁶⁷ Schoeman (red.), pp. 81-82.

²⁶⁸ VS NGKAI, GBT, 1/1/2: Bethulie-kerkregister 1893-1914; NASA, VAB, CO, 176, 2288/03: Claims of churches – early consideration of request by the Algemene Vergadering of DR Churches, 15.7.1903.

²⁶⁹ VS NGKAI, GBT, 1/1/2: Bethulie-kerkregister, 1893-1914.

²⁷⁰ NASA, TAB, CJC, 1309, 185: Bethulie Dutch Reformed Church, 16.10.1903.

²⁷¹ NASA, VAB, CO, 176, 2288/03: Claims of churches – early consideration of request by the Algemene Vergadering of DR Churches, 15.7.1903.

kerkgeboue so erg beskadig was dat dit nie meer gebruik kon word nie. Hierbenewens was die gemeentes ná die oorlog te arm om self vir die herstelwerk te betaal.²⁷² Die eis van £1 072.16.0 van Petrusburg se gemeente het die meeste beloop, terwyl Bethulie se £12.0.0 die kleinste was. Die totale eis van hierdie kerklike dominasie in die kolonie het op £1 982.1.0 te staan gekom, wat volgens Postma die kerkboeke, nagmaalserviese, meubels en die geboue ingesluit het. Die antwoord uit Bloemfontein was dat slegs die skade aan geboue in berekening geneem is, waarna £862.0.0 aan die Gereformeerde Kerk in die ORC bewillig is en op 15 Julie 1903 per tjek aan Postma gestuur is.²⁷³

Alhoewel die kompensasiiegeld in sommige gevalle baie min was en daar soms lank op uitbetaling gewag is, is geld tog bewillig en kon die geld deur inwoners en instansies in hul onderskeie distrikte spandeer word sodat dit tot voordeel en opbou van dorpe soos Bethulie se sakesektor en ekonomie gestrek het.

5.6.5 Sakesektor, handel, infrastruktuur en kommunikasiestelsels

Selfs tydens die bestaan van die Bethulie-kamp is daar steeds handel gedryf om in die daaglikse behoeftes van die kampinwoners te voorsien.²⁷⁴ Inwoners van die Doringboomkamp, wat Bethulie-dorp met 'n pas kon besoek, is aanvanklik toegelaat om kos en ander items by die winkeliers op die dorp te koop, maar dit is egter later verbied en was die inwoners hierna aangewese op 'n winkel wat in die Moeraskamp geopen het.²⁷⁵ Die afleiding is dat hierdie besluit geneem is weens die skaarste aan lewensmiddele op die dorp. Volgens 'n opgawe van Junie 1901 is net een winkel aanvanklik in die Moeraskamp toegelaat, maar Van Heyningen verwys na die lewendige ekonomie wat later in kampe geheers het.²⁷⁶ Tydens die Fawcett-kommissie se besoek in September 1901 was 'n tweede winkel reeds in bedryf aangesien daar in hul verslag verwys word na twee winkels met koopware soos klerasie, sigarette en konsertinas.²⁷⁷ Handelaars in die kamp het teenoor die Britse bestuur in Bloemfontein gekla dat hulle nie voorrade kon bekom om in die winkels te verkoop nie aangesien militêre goedere met spoorvervoer prioriteit geniet het. Hierdie situasie het tot Oktober 1901 voortgeduur, waarna dit verbeter het en die aantal winkels in die kamp selfs

²⁷² NASA, VAB, CO, 156, 4780/03: Claims of Reformed Church, 23.3.1903.

²⁷³ *Ibid.*, 15.7.1903.

²⁷⁴ *Bethulie Nuusbrief*, 7.4.1978, p. 8.

²⁷⁵ OM, 7194/148: Herinneringe van ds. Becker, 2, 1908.

²⁷⁶ NASA, VAB, SRC, 28: Statistics for June 1901, 30.6.1901; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*, p. 251.

²⁷⁷ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal*, p. 58.

uitgebrei het.²⁷⁸ Die gevolgtrekking is dat die Britte beter beheer oor die spoorstelsel verkry het, met gevolglik minder sabotasie wat spoorvervoer ontwrig het, asook 'n beter georganiseerde administrasie in die kampe waar sommige inwoners selfs klein inkomstes verdien het en die winkels in die kamp kon ondersteun. Met die sluiting van die kamp het die aantal besighede tot vier uitgebrei met die ORC Trading Company, H. Gush General Dealer, A.F. Ross General Dealer en C. Kallman General Dealer wat hul deure geopen het.²⁷⁹ 'n Skotse onderwyseres bevestig dat die winkels teen die einde van die oorlog oor voldoende voorraad beskik het, selfs hout en sinkplaat, en “they have everything from saucepans to Butter Scotch, from umbrellas to biscuits”.²⁸⁰

In Augustus 1902 is 'n lys van besighede en professionele beroepslui wat lisensies ontvang het om vir ses maande in die Bethulie-distrik handel te dryf of dienste te verskaf, in die *Government Gazette* gepubliseer. Volgens hierdie lys was daar sewe algemene handelaars in kruideniersware en kleiner gebruiksgoedere op Bethulie en in die distrik, wat nie die winkels in die Bethulie-kamp ingesluit het nie.²⁸¹ Volgens 'n telegram van 5 Januarie 1903 het die Cold Storage Company die kontrak gehad om vleis aan die SRB te voorsien, maar die afleiding is dat dit geblikte vleis was, omrede daar verwys is na kratte wat afgelewer moes word.²⁸² In 'n ander telegram deur die SRB word aangedui dat kospryse op Bethulie-dorp baie duur was en dat hulle verkies het om geen voedsel vanaf plaaslike handelaars aan te koop nie.²⁸³ Dit wil voorkom of die winkels op Bethulie die naoorlogse situasie uitgebuit het deur hoë pryse op veral kosvoorrade te hef.

In November 1902 is nog lisensies aan drie algemene handelaars, asook 'n dranklisensie aan 'n hotel toegestaan.²⁸⁴ Die dorp se ekonomie het, soos die distrik weer op die been begin kom het, hierdie ekonomiese herstel weerspieël deur 'n toename in die aantal besighede. In 1904 was daar, volgens 'n verslag oor die administrasie en sakesektor in die ORC, 'n slaghuys, drie bakkerye, drie handelaars in minerale water, twee hotelle, drie “Billiard Tables”, 'n horlosieszaak, asook een afslaer op Bethulie, terwyl professionele dienste deur drs. W.H. Wohlers en J.A. Graham, asook prokureurs P.J. Olivier en H. Klynveld gebied is. Die dorp het selfs oor 'n eie bank, die National Bank ORC, beskik, iets wat min dorpe in 1904 in

²⁷⁸ NASA, VAB, CO, 41, 3841/01: Petition of shopkeepers at RC at Bethulie complaining of scarcity of supplies, 22.10.1901; Van Heyningen, pp. 254-255.

²⁷⁹ *Government Gazette*, 8.8.1902, p. 837.

²⁸⁰ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 13.5.1902.

²⁸¹ *Government Gazette*, 8.8.1902, p. 1131.

²⁸² NASA, VAB, GRD, 71-72: Repatriation – Bethulie, 5.1.1903.

²⁸³ NASA, VAB, GRD, 6, 144/02: Sheep and cattle for Bethulie, 27.6.1902.

²⁸⁴ *Government Gazette*, 27.11.1902, p. 2211.

hierdie streek mee kon spog.²⁸⁵ Met inagneming van 'n droogte wat in daardie stadium in die suidelike ORC geheers het, toon die groeiende sakesektor dat die dorp en distrik besig was om geleidelik van die naoorlogse verwoesting te herstel. Die getal lisensies wat in 1906 aan besighede toegeken is, weerspieël 'n nog groter ekonomiese groei en herstel van die Bethulie-distrik, aangesien daar 22 besighede op die dorp en vyf besighede in die distrik was.²⁸⁶

Wat die infrastruktuur betref, (sien Bylae 5.2 vir foto's van Bethulie-dorp en munisipale gebou, ná die oorlog in 1903) is geleidelike herstelwerk en uitbreiding opgemerk, waaronder die volgende:

- In November 1904 het Bethulie-dorp uit 284 erwe met 141 geboue bestaan. Verskeie van die erwe het toegang tot water deur middel van leivore gehad. In hierdie stadium was daar 'n groot tekort aan huurhuise.²⁸⁷
- In 1904 is die tennisbane naby die Ou Kerk na 'n terrein naby die park in die kloof verskuif.²⁸⁸
- In 1903 is grond by Donkerpoort Halte en Springfontein beskikbaar gestel vir die oprig van stasiegeboue.²⁸⁹ Volgens 'n opgawe van 1904 het die eiendom van die spoorweë in die Springfontein–Bethulie-distrik bestaan uit die Bethulie-stasie en geboue, ses spoorweghuise,²⁹⁰ en die stasiekompleks op die plaas Jantjesfontein.²⁹¹
- Die Bethulie-poskantoor was gedurende die oorlog in bedryf. F.C. Gunn²⁹² is op 12 Junie 1900 as posmeester op Bethulie aangestel en het teen September 1902 steeds hierdie pos beklee.²⁹³ Uit dagboeke van Britse soldate blyk dit dat briewe gereeld vanaf Bethulie gestuur is. In April 1903 het die personeel van die Bethulie-poskantoor sodanig uitgebrei dat dit uit 'n posmeester en drie assistente bestaan het.²⁹⁴ Tenders is aangevra vir die vervoer van pos op roete nege vanaf Smithfield oor Willoughby na Bethulie, wat weekliks op Maandae, Donderdae en Saterdag moes geskied.²⁹⁵

²⁸⁵ NASA, VAB, CO, 290, 3773/04: Progress made in the administration of the ORC, 23.5.1904.

²⁸⁶ *Government Gazette*, 21.7.1902, p. 1131; 6.11.1902, p. 2198; 4.8.1906, p. 1164.

²⁸⁷ *Ibid.*, 17.7.1903, p. 1614; *The Friend*, 24.1.1903, p. 8.

²⁸⁸ Pellissier, p. 56.

²⁸⁹ NASA, VAB, CO, 93: Expropriation of land for railway purposes, 23.1.1902.

²⁹⁰ Een spoorweghuis te Springfontein, een spoorweghuis te Priors-stasie, twee spoorweghuise op die plaas Schraalfontein te Providence-stasie en twee huise te Kirkham-sylyn.

²⁹¹ NASA, VAB, ORC, 296-304: Railway property, 1904.

²⁹² Gunn is later tot posmeester te Bloemfontein bevorder en deur J.J. Daley opgevolg.

²⁹³ *Government Gazette*, 19.9.1902, p. 1131.

²⁹⁴ NASA, VAB, CO, 161, 2480/03: Appointments, 16.4.1902.

²⁹⁵ *Government Gazette*, 26.9.1902, p. 1165.

- In Augustus 1902 is regulasies bekend gemaak insake die benutting van die telegraafstelsel wat weer vir burgerlike gebruik beskikbaar was. Sewe soorte telegramme kon vanaf Bethulie versend en ontvang word, naamlik “ordinary, code, press, government, railway service, imperial government telegrams or cablegrams telegrams”.²⁹⁶ Gewone telegramme kon versend word teen een sjieling vir 12 woorde en ’n pennie vir elke ekstra woord. Dit blyk dat daar ’n lyn vanaf die Bethulie-stasie na die dorp was, aangesien daar verwys is na die koste om ’n telegram na die stasie te stuur.²⁹⁷
- In Desember 1905 is drie roetes as amptelike padroetes geproklameer, naamlik die roete vanaf Bethulie tot by die Bethulie-stasie; vanaf Bethulie tot by die Bethulie-brug, en die Bethulie–Smithfield-roete.²⁹⁸
- Die behoefte aan ’n brug by Slikspruit is deur die administrasie aangespreek nadat daar op 24 Oktober 1905 tenders deur die hoofingenieur van Paaie, George Deal, aangevra is vir die vervoer van “bridge material” en die oprig van ’n brug oor Slikspruit.²⁹⁹
- Tenders is gereeld aangevra vir die voorsiening van lewensmiddele aan die Bethulie-tronk. Dit het kosvoorraad soos brood, vleis, mielies, rys, vet, sout en peper, asook seep ingesluit.³⁰⁰
- Op 5 Mei 1904 is tenders deur G.H. Gordon van die Department of Public Works aangevra vir die oprig van ’n vuurwapen- en ammunisiemagasyn op Bethulie.³⁰¹

Danksy die vooruitgang op ekonomiese gebied het Bethulie-inwoners almal tot ’n mindere of meerdere mate begin voordeel trek uit die daarstel van die nuwe infrastruktuur soos byvoorbeeld spooruitbreidings, en dienste soos die telegraaf en poswese. Die tekort aan huurhuise, asook die toename in die aantal besighede, getuig van vooruitgang op die dorp. In die distrik was die situasie egter nie altyd rooskleurig nie en het boere steeds gebuk gegaan aan die gevolge van die oorlog, iets waarvan die arbeidskolonie op Kransdraai getuig het.

5.7 MAATSKAPLIKE EN SOSIOKULTURELE HEROPBOU

Uit die *Government Gazette*’s van 1902 tot 1907 word afgelei dat ’n nuwe tydperk van ekonomiese voorspoed vir ten minste ’n gedeelte van die bevolking in die ORC aangebreek

²⁹⁶ NASA, VAB, CO, 74, 1855/02: ORC Civil Telegraph Services, 23.8.1902.

²⁹⁷ *Ibid.*

²⁹⁸ *Government Gazette*, 8.12.1905, p. 1611.

²⁹⁹ *Ibid.*, 27.10.1905, p. 1463.

³⁰⁰ *Ibid.*, 7.11.1905, p. 1513.

³⁰¹ *Ibid.*, 13.5.1903, p. 893.

het, maar dat die kolonie met ernstige maatskaplike vraagstukke gekonfronteer was. Die Britse owerheid het by wyse van opheffingsprojekte, toelaes en pensioene gepoog om van hierdie vraagstukke te hanteer, maar dit blyk dat dit in die Bethulie-distrik hoofsaaklik met die hulp van die onderskeie kerke en geestelike leiers was dat inwoners ondersteun is en projekte aangepak kon word wat tot maatskaplike heropbou gelei het en samewerking in die gemeenskap aangemoedig het.

5.7.1 Kransdraai-arbeidskolonie

Gesinne wat hulself teen einde Desember 1902 steeds in die Bethulie-kamp bevind het, het opdrag ontvang om die kamp te verlaat, maar die regering van die ORC het besef dat daar mense was wat nie 'n ander heenkome gehad het nie. Hierdie groep, wat voor die oorlog hoofsaaklik bywoners was, kon nie na die plase terugkeer nie omrede die eienaars van plase nou self verarm was. In sommige gevalle was die eienaars ook nie bereid om hierdie bywoners terug te neem nie omrede sommige gedurende die oorlog in Britse diens getree het.³⁰² Die maatskaplike gevolge van die situasie is in Junie 1902 deur die voormalige goewermentsekretaris van die Vrystaat, P.J. Blignaut (as lid van die CRB), aan die ORC uitgewys. In 'n verslag van die ORC-administrasie, gedateer 7 Julie 1902, is aanbeveel dat daar vir die bywonersklas voorsiening gemaak word met die doel “to give all such an opportunity of earning a fair living wage that would enable them to support themselves and their dependants until such time as they could find other means of employment or be re-employed by owners of farms”.³⁰³ Dit het meegebring dat die konsentrasiekampe finaal gesluit kon word en die oplossing was om hierdie mense in arbeidskolonies te groepeer, waar hulle by regeringsprojekte kon inskakel en weer hul menswaardigheid by wyse van “dignity of labour” kon verkry.³⁰⁴

Arbeidskolonies is gevolglik by Strydfontein (Kroonstad), Parys, Tweespruit, Kransdraai³⁰⁵ (Bethulie), Mushroom Valley (Winburg), Beacon Hill (Maseru) en Glenlennie (aan die Wilgerrivier) gestig.³⁰⁶ Om hierdie opheffingsprojek te bestuur, is 'n Government Relief Works Department, as 'n afdeling van die GRD, in Julie 1902 in die lewe geroep met sy hoof-

³⁰² Grundlingh, p. 289.

³⁰³ Van Rensburg, p. 279.

³⁰⁴ NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives of work done, 7.7.1903.

³⁰⁵ Kransdraai het in 1899 aan Nicolaas van Rensburg behoort. Ná die oorlog is dit as regeringsplaas deur die ORC aangeskaf.

³⁰⁶ Van Rensburg, p. 279.

kantoor in Bloemfontein. Die SRB moes in samewerking met die Government Relief Works Department effektiewe bestuur oor die regeringsprojekte in die Bethulie-distrik toepas.³⁰⁷

Daar was 'n groot behoefte aan besproeiingskemas in die ORC en vir hierdie doel moes damme op regeringsplase gebou word.³⁰⁸ Daar is beplan om 'n groot dam op die plaas Kransdraai te bou en op 25 September 1902 is 172 volwasse mans en 265 vroue en kinders van konsentrasiekampe in die suidelike ORC en Kaapkolonie na Kransdraai oorgeplaas.³⁰⁹ Betaling is vasgestel op 4/6 per dag vir volwasse mans en 1/6 vir seuns tussen 12 en 18 jaar. Vroue is 2/- per dag betaal om tente te herstel of as verpleegsters diens te verrig. Alle uitgawes is uit die ORC se tesouriebegroting onder die program "Relief and Re-Settlement" betaal.³¹⁰

Robert Edward Armour Hughes is as superintendent te Kransdraai aangestel.³¹¹ Die regering het sinkplate voorsien wat van die Bethulie-kamp afkomstig was, waarmee woonstrukture opgerig kon word.³¹² Voorsiening is verder gemaak vir dienste soos gesondheidsorg en onderwys.³¹³ Suster Annie Warren van die Bethulie-kamp was saam met ander verpleegpersoneel in die Kransdraai-hospitaal werksaam.³¹⁴ Die plaasskool op Kransdraai is in 1902 herbou en mej. L. Fick, A. Roberts en C. van der Merwe het 248 leerlinge onderrig, wat ook kinders van omliggende plase wat hier begin skoolgaan het, ingesluit het.³¹⁵ Handelaars is toegelaat om goedere teen vasgestelde, maar verlaagde pryse, aan inwoners te verkoop en selfs verarmde persone uit die omgewing het aankope te Kransdraai kom doen.³¹⁶ Teen einde Maart 1903 het die inwonertal van Kransdraai op 437 persone te staan gekom, waarvan 165 kinders was.³¹⁷

Met die ontstaan van die Government Relief Works Department is die Vrystaatse NG Kerk in die ORC genader om projekte soos Kransdraai onder behoeftige gemeentelede aan te

³⁰⁷ Beak, p. 69.

³⁰⁸ NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives of work done, 7.7.1903.

³⁰⁹ NASA, VAB, TG-AB, 2: Government Relief Department – Bethulie, 1903.

³¹⁰ Van Rensburg, p. 279.

³¹¹ NASA, VAB, CO, 281, 2775/04: Relief Works Department: Permit to possess a rifle, 20.4.1904; NASA, VAB, CO, 243, 8874/03: Leave of absence for Superintendent R.A.E. Hughes of Kransdraai, 29.12.1903.

³¹² NASA, VAB, CO, 290: Land Settlement Department – report on Relief Works Department, 6.6.1903.

³¹³ Van Rensburg, p. 279.

³¹⁴ NASA, VAB, SRC, 47, 2451: Nurse Warren, 8.3.1903; NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives on work done, 7.7.1903.

³¹⁵ *Gouvernements Courant*, 19.8.1896, p. 291; Orange River Colony General Agency, *Lockhead's directory of the Orange River Colony*, p. 175.

³¹⁶ NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives on work done, 7.7.1903.

³¹⁷ *Ibid.*, 29.3.1903.

beveel.³¹⁸ Die Bethulie-gemeente was ten gunste van die Kransdraai-projek, maar kon weens die naoorlogse situasie in die distrik, dit nie bekostig om 'n hulpleraar vir Kransdraai aan te stel nie. Ds. H. Becker het tot Maart 1904 hierdie verantwoordelikheid op hom geneem, waarna die Kerkraad 'n voorstel aanvaar het om ds. A.D. Lückhoff met ingang van April 1904 as hulppredikant vir Kransdraai te beroep, teen 'n traktement van £200.0.0 per jaar.³¹⁹

Volgens die onderskeie superintendente het hulle dikwels met probleme in die arbeidskolonies te kampe gehad, soos byvoorbeeld 'n gebrek aan vervoer en gereedskap, en spanning tussen bittereinders, joiners en hensoppers. Teen April 1903 is gerapporteer dat werksaamhede by Kransdraai tot stilstand gekom het vanweë probleme met vervoer en die gebrek aan toerusting.³²⁰ Volgens 'n voorradelys van Februarie 1903 is goedere ter waarde van £668.19.3 vanaf die GRD-depot te Springfontein na Kransdraai gestuur.³²¹ Die totale koste vir die Kransdraai-projek het in daardie stadium reeds £9 928.0.0 beloop.³²² Dat die opheffingsprojekte en spesifiek die Kransdraai-projek 'n groot verlies vir die regering van die ORC was, blyk uit die terugvoer van die luitenant-goewerneur in Mei 1904. Daar was byvoorbeeld probleme met die vordering in verband met die bou van die dam.³²³ Daar is dus aangekondig dat Kransdraai gesluit en die kamp opgebreek word, omrede “this dam could not be completed from loan funds”.³²⁴ Die Kransdraai-projek het in totaal £29 835.0.0 beloop vir 'n dam wat nooit voltooi is nie.³²⁵

Met die sluiting van Kransdraai het hierdie arbeidskolonie 795 inwoners (332 mans en jong seuns, asook 463 vroue en klein kinders) gehad. Die totale inwonertal vir al die arbeidskolonies in die ORC was 4 226.³²⁶ Kransdraai het wel 'n tydelike heenkome aan vele Bethulie-gesinne ná die oorlog gebied, maar uiteindelik was die plaasopstal, onvoltooide dam en gebreekte huishoudelike artikels die enigste bewys van die oorlog se naweë wat by Kransdraai afgespeel het.³²⁷ Die afleiding is dat Kransdraai, soos ander soortgelyke projekte, nie net as besproeiingskema misluk het nie, maar ook teleurgestel het wat betref die

³¹⁸ *Ibid.*, 16.2.1903.

³¹⁹ Van der Merwe, p. 297.

³²⁰ NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives on work done, 7.7.1903.

³²¹ NASA, VAB, GRD, 71-72: Repatriation – Bethulie, 6.2.1903.

³²² NASA, VAB, CO, 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin en objectives on work done, 29.3.1903.

³²³ NASA, VAB, CO, 290, 3773/04: Progress made in the administration of the ORC, 23.5.1904.

³²⁴ *Ibid.*

³²⁵ Van Rensburg, p. 285.

³²⁶ NASA, VAB, CO, 290: Land Settlement Department – Report on Relief Works Department, 25.4.1904.

³²⁷ *Volksblad*, 24.8.1999, p. 5.

maatskaplike oogmerke wat nie 'n langtermynoplossing kon bied vir ontwortelde gesinne wat ná die oorlog sonder heenkome of inkomste gelaat was nie. Bejaardes, weduwees, gestremdes en enkele armlastiges het 'n heenkome by Hope Homes naby Bethanie op die plaas Hoopfontein in die Smithfield-distrik gevind.³²⁸ In September 1905 is die Hope Homes weens 'n gebrek aan fondse gesluit en is hierdie groep verarmde wit mense, wat tot 750 aangegroei het, hierna aan hul eie lot oorgelaat. Hierdie groep was tekenend van die groter maatskaplike gevolge en nalatenskap van die Anglo-Boereoorlog, iets wat selfs later in die Carnegie-verslag³²⁹ van 1932 na verwys is. Families in Bethulie wat weens die oorlog verarm is, is in hierdie verslag vermeld.³³⁰ Die besef het al meer posgevat dat daar uit eie geledere na verarmde persone omgesien moes word.

5.7.2 Bethulie-weeshuis

Voor Oktober 1899 is die versorging van weeskinders in die Vrystaat deur 'n kommissie, bekend as die Testateurs voor Gouvernement en Weeskamer, vir elke dorp behartig.³³¹ In 1900 het die kantoor van die militêre goewerneur opdrag gegee dat die bestaande kommissies weer in die lewe geroep moes word en kommissarisse weer in hul ampte bevestig moes word, mits hulle nie nog op kommando was nie. Bethulie se kommissie het bestaan uit N.J.J. van Rensburg³³² vir Wyk Grootrivier, H.D.J. Viljoen³³³ vir Wyk Bosjespruit en H. Klynveld vir Bethulie-dorp.³³⁴

In Oktober 1901 is gepoog om rekord te hou van die aantal weduwees en weeskinders en is gerapporteer dat daar in totaal 568 weduwees in die ORC was. Daar is verder verwys na 363 wese in Bethulie-kampe, wat ook die kinders ingesluit het wat deur familiebetrekkings ingeneem is.³³⁵ Tot en met Februarie 1902 is streng opdrag aan kampowerhede gegee dat weeskinders nie na familie in die Kaapkolonie gestuur moes word nie.³³⁶ Die afleiding is dat sodanige praktyk die ware toedrag van sake in die kampe sou ontbloot en die Britse regering

³²⁸ S.M. van Rensburg, *Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk* (M.A.), p. 19.

³²⁹ 'n Ondersoek wat in 1932 geloods is na armoede onder wit mense, hoofsaaklik Afrikaners, met 'n verslag wat hierna uitgebring is.

³³⁰ Van Rensburg, *Die ontstaan en ontwikkeling ...*, p.18; Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel ...", pp. 279-280.

³³¹ NASA, VAB, GS, 2191: Testateurs voor Gouvernement en Weeskamer, 1898.

³³² Nicolaas Johannes Jacobus van Rensburg was in daardie stadium 'n krygsgevangene en derhalwe is Peter Waugh as weesheer vir Bethulie-dorp aangestel.

³³³ Hercules Dawid Jacobus Viljoen (snr.) was op kommando en is deur James Adam (jnr.) as weesheer vir Wyk Bosjespruit vervang.

³³⁴ NASA, VAB, MG, 1: Orphan Chambers, 1900; *Government Gazette*, 5.4.1901, p. 121.

³³⁵ NASA, VAB, CO, 39, 3694/01: Orphans without relatives: Bethulie, 11.10.1901.

³³⁶ NASA, VAB, CO, 39, 3694/01: Orphans to relatives in the Cape Colony, 3.2.1902.

in 'n swak lig sou stel. Nadat verskeie versoeke vir die aanneming van kinders aan die Britse bestuur in die ORC gerig is, is die besluit verander. Milner het in 'n brief uit Johannesburg laat weet dat hy nie teen aanneming gekant was nie, op voorwaarde dat kinders deur direkte familie aangeneem word, omrede hy gevrees het vir “swarms of political third cousins taking the children in, to ‘Africanderise’ them”.³³⁷

In April 1902 is nuwe statistiek oor die aantal weeskinders in die onderskeie kampe saamgestel. (Sien Bylae 5.3: Foto van weeskinders en versorgers in die Bethulie-kamp kort voor die Vrede.) Benewens die kinders in die weestente, het dit die aantal kinders in pleegsorg en dié wat aangeneem is, ingesluit.³³⁸ Die name van 79 kinders is gelys, waarvan agt afkomstig was vanaf plase in die Bethulie-distrik. Die vyf Kruger-wese was die grootste gesin wat vanaf Bethulie afkomstig was.³³⁹ Ten einde na hierdie kinders om te sien, is weeshuise in kampe opgerig.³⁴⁰ Die gevolgtrekking is dat hierdie statistieke nie die ware toedrag van sake weerspieël het nie, aangesien die meeste weeskinders ná die afsterwe van die gesinshoof (hoofsaaklik moeders) en die afwesigheid van die vader, wat óf krygsgevangene is, óf steeds veggend was, óf te velde gesneuwel het, meestal tydelik of permanent deur familieledes in die kamp versorg is. Die bou van 'n weeshuis ná die oorlog bevestig dat die behoefte aan versorging van weeskinders groter was as wat die statistiek weergegee het.

Reeds kort ná die vrede, het ds. H.J.C. Becker die leiding geneem en hom begin beywer om 'n weeshuis vir die oorlogswese by Bethulie te stig. Hierdie instelling sou hoofsaaklik onder die toesig van die NG Kerk wees, maar het in konsultasie met die Gereformeerde Kerk geskied. Laasgenoemde kerk het in Julie 1903 opdrag van sy algemene vergadering ontvang om die moontlikheid van 'n weeshuis vir sy gemeente se kinders te ondersoek, maar weens die swak finansiële situasie van die gemeente, is besluit om eerder met die NG Kerk op Bethulie saam te werk.³⁴¹

Die eerste verwysing na 'n weeshuis te Bethulie verskyn in *De Kerkbode* van 11 Desember 1902. Hierin word genoem dat die Bethulie-kamp sou sluit en dat die oprig van 'n weeshuis ondersoek word. Daar is voorts gevra vir skenkings van verskeie goedere, spesifiek komberse.³⁴² Ds. Becker het die voorstel om 'n weeshuis op te rig, op 3 Januarie 1903 formeel

³³⁷ NASA, VAB, CO, 39: Despatch from High Commissioner, 11.2.1902.

³³⁸ NASA, VAB, SRC, 81, 7663: Commission on orphans, 24.2.1902.

³³⁹ NASA, VAB, CO, 65, 117502: Returns of orphans in RC's at Aliwal North, Bethulie and Springfontein, 25.4.1902.

³⁴⁰ NASA, VAB, SRC, 292, 7663: Orphans in the various refugee camps, 27.2.1902.

³⁴¹ Pelser *et al.*, p. 63.

³⁴² VS NGKAI: *De Kerkbode*, 11.12.1902, p. 733.

aan die kerkraad voorgelê en hul “medewerking in deze zaak” bepleit.³⁴³ Die kerkraad was ten gunste van die voorstel en het die volgende stap geneem deur die voorstel op 7 Maart 1903 aan die gemeente voor te lê. Tydens hierdie gemeentevergadering is besluit om ’n gedeelte van die kerkgronde tussen die ou en nuwe kerk vir die oprig van ’n weeshuis beskikbaar te stel.³⁴⁴ *De Fakkel* het kort hierna berig dat die kerk op Saterdag 25 Maart 1903 ’n basaar gehou het en dat ’n ruim bedrag ten bate van die weeshuis ingesamel is. Die weeskinders is vir die interim by gemeentelede gehuisves.³⁴⁵ Enkele maande later, in Junie 1903, doen *De Kerkbode* verslag dat die struktuur van sinkplaat en hout wat tydens die veiling van die Bethulie-kamp gekoop is, en op die suidoostelike hoek van die kerk se erf opgerig is, bykans voltooi was en dat dit binnekort betrek sou kon word. ’n Verdere beroep is gedoen vir bepaalde goedere en finansiële bystand.³⁴⁶ Die afleiding is dat hierdie gebou wat so vinnig opgerig is, die eertydse huis van die Bethulie-kampsuperintendent was.

In Julie 1903 is verwys na die weeshuis wat 50 wese kon huisves en moontlik op 1 Augustus 1903 betrek sou kon word.³⁴⁷ In Augustus 1903 is die publiek uitgenooi om die weeshuis se amptelike opening op 31 Augustus 1903 om 09:00 by te woon. Daar is voorts genoem dat die gebou in daardie stadium reeds te klein was om aan die groot behoefte te voldoen, en dat ’n uitbreiding nodig sou wees. Die weeshuis was nie net ’n heenkome vir weeskinders nie, maar selfs vir enkele gesinne soos dié van weduwee Van Vrede wie se eggenoot by die Bethulie-wabrug gesneuwel het, en sy hierna finansiëel genoop was om haar twee oudste dogters in weessorg te plaas.³⁴⁸ Om die uitbreiding moontlik te maak, het die *De Kerkbode* weer eens ’n beroep op gemeentes in Suid-Afrika gedoen om finansiëel by te dra.³⁴⁹ Die reaksie moes gunstig gewees het aangesien daar op 24 Desember 1903 verwys is na “Huis no. 2 van onze Weesinrichting” wat besig was om voltooiing te nader.³⁵⁰ Ten einde die weeshuis effektief te bestuur, is P. Elffers, ’n voormalige skoolhoof van Fauresmith, as huisvader aangestel.³⁵¹ Daar is in Januarie 1904 verwys na die weeshuis se “Dagschool” wat selfs deur kinders van die publiek bygewoon kon word, asook mej. K. van der Merwe van die Paarl wat as assistent aangestel is.³⁵² Die weeshuis met sy 59 wese, het teen 1905 goed onder kerklike toesig

³⁴³ *Ibid.*, 4.6.1903, p. 267; Pellissier, p. 99.

³⁴⁴ Van der Merwe, p. 295.

³⁴⁵ *De Fakkel*, 16.4.1903, p. 10.

³⁴⁶ VS NGKAI: *De Kerkbode*, 4.6.1903, p. 267.

³⁴⁷ *Ibid.*, 23.7.1903, p. 277.

³⁴⁸ VS NGKAI, GBT 1/1/2: Bethulie-kerkregister, 1893-1914.

³⁴⁹ VS NGKAI: *De Kerkbode*, 20.8.1903, p. 411.

³⁵⁰ *De Fakkel*, 24.12.1903, p. 512.

³⁵¹ Van der Merwe, p. 295.

³⁵² *De Fakkel*, 24.12.1903, p. 516.

gevorder en die hoof van die weeshuis se Dagskool was in daardie stadium J.M. Brink, afkomstig van Jagersfontein.³⁵³ Brink is bygestaan deur mejj. A. Geyer van Nederland en Sarah McDonald, suster van prop. R.D. McDonald.³⁵⁴ Sommige van die wees- en pleegdogters, soos die twee Van Vrede sussies, is selfs in 1907 opgeneem as van die eerste leerlinge aan die nuutgestigte Oranje Meisieskool in Bloemfontein.³⁵⁵

Die Dagskool het oorgeskakel na 'n CNO-skool, aangesien daar melding gemaak is van 'n eie CNO-kerkskool wat op 16 Januarie 1905 in die "ou-kerkgebou" te Bethulie geopen is.³⁵⁶ Ds. Becker het voorts, namens die weeshuis, aansoek gedoen vir hulp by die Centrale Onderwys Kommissie (COC) in Bloemfontein, wat skenkings vir die opvoeding van Afrikanerkinders vanaf Europa ontvang het. Hierdie versoek is tydens 'n vergadering op 21 September 1906 oorweeg en terugwerkend sedert 1 Julie 1906 toegestaan.³⁵⁷

Die Bethulie-weeshuis het die gemeenskappe in die omliggende distrikte na aan die hart gelê soos blyk uit die feit dat 'n groep kinders op Colesberg, in 1905 'n bedrag van £0.7.6 vir die weeshuis ingesamel het, asook £3.0.0 wat deur Dealesville se Sondagskoolklas ingesamel is.³⁵⁸ Volgens 'n kerkraadsnotule van 24 Januarie 1910, sou die weeshuis met sy 35 kinders op 16 Maart 1910 met die Gedenkkinderhuis te Ladybrand saamsmelt. Daar is op 21 Maart 1910 besluit om die gebou van die Bethulie-weeshuis af te breek en alle gelde en spesiale kollekte van die Bethulie-gemeente aan die Ladybrand-kinderhuis oor te betaal, 'n besluit wat tot 1919 gehandhaaf is.³⁵⁹ Die enigste bewys van 'n weeshuis wat eens langs die kerk gestaan het, is die aantal bruinstam-bloekombome wat deur die weeskinders aangeplant is.³⁶⁰ Dit is duidelik dat ds. Becker se visie vir hierdie kinders, met wie hy reeds in die Bethuliekamp 'n besondere band gevorm het, daartoe gelei dat hulle liggaamlik versorg was, maar meer as dit, die nodige opvoeding kon kry om hulle vir die toekoms voor te berei. Hierdie kinders wat deel was van die Bethulie-gemeenskap, het 'n positiewe bydrae op verskillende terreine gelewer, soos die Van Vrede-dogters wat later as onderwyseresse by Meisieskool Oranje werksaam was.

³⁵³ I.L. Ferreira, *'n Baken vir Bethulie*, p. 133.

³⁵⁴ *De Fakkel*, 5.1.1905, p. 7.

³⁵⁵ VS NGKAI: Brief van Oranje School, 15.5.1906; VS NGKAI: Bethulie-kerkraadsnotules, 30.3.1903-31.10.1910; *De Fakkel*, 5.1.1905, p. 7.

³⁵⁶ *De Fakkel*, 8.2.1905, p. 18.

³⁵⁷ Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje (hierna CNMO): Meisieskool Oranje notulen 1905-1907, 21.9.1906, p. 40.

³⁵⁸ Ferreira, p. 133.

³⁵⁹ Van der Merwe, p. 296; Ferreira, p. 131.

³⁶⁰ M. de Klerk, *Bethulie, sy geboue, sy mense*, p. 13.

5.7.3 Skole en onderwys

Ten einde kinders aan die Britse kultuur en taal bekend te stel, het die Britse owerheid ouers gedurende die oorlog aangemoedig om toe te sien dat hul kinders die kampskool bywoon.³⁶¹ Vir hierdie rede is Skotse onderwyseresse uit Brittanje in Januarie 1902 na die kampe gestuur en het onderwys op 'n georganiseerde wyse geskied, soos blyk uit die talle regulasies wat deur die Departement van Onderwys gekommunikeer is.³⁶² Alhoewel sommige ouers aanvanklik teensinnig was omrede onderrig in Engels geskied het, blyk dit dat ouers wel die waarde van onderwys besef het en later begin het om hul kinders na die kampskool te stuur. Behalwe vir die feit dat kinders, danksy skool, in 'n roetine was wat die daaglikse eentonige bestaan in die kamp help verlig het, het ouers vermoed dat Engels ná die oorlog die amptelike taal kon wees en dat hul kinders dus in hierdie taal geskool moes word. Daar kon nie toegelaat word dat die oorlog 'n leemte in die kinders se opvoeding laat nie en boonop het die koms van die Skotse onderwyseresse en hul deernis vir die kinders, ouers gerustheid en oortuiging gegee dat goeie onderrig in hul kinders se beste belang was.³⁶³

Ná die oorlog was daar twee tipes skole in die Bethulie-distrik, naamlik die staatskool onder Britse bestuur en die CNO-skole, wat onder kerklike bestuur was. Die CNO-skole het ontstaan nadat di. H. Becker en W. Postma hulle ten gunste van onderrig in Afrikaans uitgespreek het en verder omrede Bybelgeskiedenis nie deel van die staatskole se leerplan gevorm het nie.³⁶⁴ Veral ds. Postma³⁶⁵ het baie in onderwys belang gestel en was 'n voorstander van die bevordering van Afrikaans op kerklike sowel as onderwysgebied. Die Gereformeerde kerkraad het Postma in April 1905 in 'n brief bedank vir sy besondere bydrae en ywer in die opbou van die gemeente, asook die oprigting van CNO-skole te Bethulie en ander plekke in die ORC.³⁶⁶ Onder Postma se leiding het die kerk ná 1902 CNO-skole op die plase Vogelfontein, Vergelegen en Vlakfontein in die Bethulie-distrik geopen. Die NG Kerk het in Januarie 1905 drie CNO-plaasskole en een CNO-skool op Bethulie-dorp geopen. Damfontein-plaasskool is op 11 Oktober 1905 met tien leerders begin, terwyl skole in Februarie 1906 op die plase Erfdeel en Boschduivenkop geopen is. W. Deale, skoolhoof op die plaas Boschduivenkop, is bygestaan deur mej. C. Kolbe wat Bybelgeskiedenis aangebied

³⁶¹ NASA, VAB, CO, 89, 3071/02: Reformed (Dopper) Church, Bethulie, 12.8.1902.

³⁶² NASA, VAB, CO, 41, 3891/01: Teachers refugee camp schools, 9.9.1901.

³⁶³ *Ibid.*

³⁶⁴ Ferreira, p. 72.

³⁶⁵ Ds. Postma het later jare onder die skuilnaam dr. O'Kulis verskeie publikasies die lig laat sien.

³⁶⁶ Ferreira, p. 72.

het.³⁶⁷ Die eerste onderwyser op die plaas Erfdeel was die 18-jarige J.H. Pellissier, agterkleinseun van die Franse sendeling, eerw. J.P. Pellissier.³⁶⁸

Die CNO-skole het nie altyd oor die nodige fondse beskik nie, soos blyk uit George Kolbe se aansoek om subsidie aan die COC in Bloemfontein op 6 Desember 1906.³⁶⁹ Die COC het subsidies met behulp van skenkings wat van tyd tot tyd vanuit die buiteland ontvang is, aan sommige CNO-skole op die platteland toegestaan. Rusland het die meeste geld geskenk.³⁷⁰ Die kriteria vir die toestaan van subsidies was streng, aangesien Kolbe se aansoek vir £3.0.0 per jaar afgekeur is. Nog drie aansoeke vir subsidies vir leerkragte is afgewys omrede die aansoekers, waaronder S. Buys van die plaas Vaalbank, Bethulie, nie oor die nodige onderwysdiploma beskik het nie.³⁷¹

In 1903 het di. Postma en Becker 'n uitnodiging ontvang om saam met eerw. J. Glover, magistraat A.W. Baker, asook F.P. Gunn, H.C. Rampf en J.C. de Waal, op die skoolkommissie van die Government School te dien, maar die twee predikante het dit van die hand gewys. Dit het die Britse administrasie se vermoede bevestig dat die CNO-skole in die Bethulie-distrik besig was om te groei. Baker, Gunn, Glover en Rampf, almal Britse lojaliste, het die uitnodiging aanvaar en is in Julie 1903 aangestel.³⁷²

In 1903 was 'n Skotse onderwyser, J. Baikie, die skoolhoof van die staatskool, met 'n leerlingtal van 162 kinders wat hy in ontoereikende klaskamerruimtes onderrig het.³⁷³ Alhoewel planne vir 'n nuwe skoolgebou reeds in 1899 opgetrek is, is dit met die uitbreek van oorlog laat vaar.³⁷⁴ Hugh Gunn,³⁷⁵ 'n boorling van Bethulie, wat intussen as direkteur van onderwys van die ORC aangestel is, het 'n groot rol vervul in die bou van 'n nuwe skoolgebou wat in Julie 1904 deur luitenant-goewerneur sir Hamilton Goold-Adams geopen is. (Sien Bylae 5.3: Foto van die Bethulie-staatskool in aanbou, 1904.) Hierdie gebou, die latere

³⁶⁷ B. Olivier, *So onthou ons die oewerbewoners van Ou Grootrivier*, p. 34; Ferreira, p. 73.

³⁶⁸ Ferreira, p. 73.

³⁶⁹ Die Centrale Onderwys Kommissie (COC) onder leiding van president M.T. Steyn, was voorstanders van onderrig in moedertaal en kultuur.

³⁷⁰ CNMO: Meisieskool Oranje notulen 1905-1907, 28.6.1905, p. 11.

³⁷¹ *Ibid.*

³⁷² NASA, VAB, CO, 191, 5192/03: School Committee, Bethulie, 14.7.1903.

³⁷³ Pellissier, pp. 139-140.

³⁷⁴ NASA, VAB, 2/368: Departement van Openbare Werke – Bethulie school, 1899.

³⁷⁵ Seun van Frank Gunn, 'n Britse lojalis gedurende die oorlog.

Pellissier Laerskool, was die eerste nuwe skoolgebou in die ORC.³⁷⁶ Baikie vertel dat “the school and town were gaily decorated in honour of this event”.³⁷⁷

In 1905 is ’n ooreenkoms tussen die ORC-regering en die CNO-skole bereik aangesien die meeste CNO-skole in die kolonie by die staatskole ingeskakel het. Op Bethulie-dorp het die CNO-skool op 9 Junie 1905 met die staatskool saamgesmelt. Een van die voorwaardes was dat A.D. Heroldt, skoolhoof van die CNO-skool, as onderhoof van die ORC Government School te Bethulie aangestel word.³⁷⁸ Ná die samesmelting het die behoefte aan meer klaskamers dringend geword. Dit het meegebring dat daar op 12 November 1906 tenders vir aanbouings aan die skool aangevra is.³⁷⁹ In daardie stadium het die skool 462 leerlinge gehad, met nog 940 wit kinders in die distrik wat van skoolgaande ouderdom was.³⁸⁰ Teen die einde van 1906 verskyn slegs een leerling, Alfred William Bilse van Bethulie, se naam as leerder “which was successful at the School and Matriculation Examinations of 1906”.³⁸¹ Benewens die skool op die dorp was daar vier plaasskole in die distrik, soos onder meer die Government School at Willoughby, ’n hout- en sinkgebou.³⁸²

Wat swart skole betref wou die nuwe Britse administrasie in September 1903 van direkteur Gunn weet welke van hierdie skole reeds voor die oorlog onder kerklike bestuur gestaan het. Gunn se verslag oor skole in die ORC verwys na drie Christelike denominasies, te wete die “Anglican Church” (sewe skole), die “Dutch Reformed Church” (20 skole) en die “Wesleyan Methodist Church” (nege skole).³⁸³ Slegs die Anglikaanse Kerk het ’n skool te Bethulie gehad. Die aantal leerlinge word nie in die verslag vermeld nie, maar die jaarlikse staatsubsidie aan die skool het £10.0.0 beloop. Ná bestudering van die verslag, het die Britse administrasie aangedui dat die situasie “does not require any action”, wat ’n bevestiging van die status quo was.³⁸⁴ In 1904 is inligting aangaande swart skole wat deur die onderskeie kerke befonds is, saamgestel. Daar is aangetoon dat die aantal swart kerkskole te Bethulie egter binne die bestek van een jaar met ’n verdere drie skole aangegroei het. Die NG Kerk het ’n skool vir 92 leerders met behulp van drie onderwysers, te wete Peter Mahuma, David Molato en Maria Mampe, bedryf. Klasse het weksdae van 08:30 tot 16:00 geduur. Die ORC

³⁷⁶ Pellissier, pp. 55-56.

³⁷⁷ *Ibid.*, p. 140.

³⁷⁸ *Ibid.*

³⁷⁹ *Ibid.*

³⁸⁰ *Government Gazette*, 16.11.1906, p. 1656; NASA, VAB, ORC, 296-304: Conference of delegates from School Committees, 24-25.4.1906.

³⁸¹ *Government Gazette*, 1.2.1907, p. 169.

³⁸² *Ibid.*, 2.9.1907, p. 410.

³⁸³ NASA, VAB, CO, 216, 6998/03: Education report 1903, 25.9.1903.

³⁸⁴ *Ibid.*

het geen subsidie aan hierdie skool verskaf nie.³⁸⁵ Die Methodiste Kerk het 'n skool vir 61 leerlinge bedryf met slegs £48.0.0 as jaarlikse begroting vanaf die Methodiste-gemeente van Bethulie. Benjamin Motlohi was die enigste onderwyser van hierdie skool en het klasse tot graad agt aangebied. Die Anglikaanse St Peter's Church se skool het slegs 12 leerlinge gehad. Die skool se jaarlikse bedryfsuitgawe het £15.0.0 beloop en was onder die beheer van Annie Thago.³⁸⁶ Uit bostaande blyk die sterk verband tussen kerke en onderwys, ook in die swart gemeenskap.

Die fondasie vir goeie onderwys wat deur di. Becker en Postma gelê is, het wyer as die grense van die distrik gestrek. Die COC, onder leiding van M.T. Steyn, het hom vir die stigting van 'n skool in Bloemfontein beywer met die oog op die opvoeding van dogters uit Afrikaanse families. Ds. Becker, as hoof van die Bethulie-weeshuis, was betrokke by die werksaamhede van die COC en was in 1906 deel van die Sinodale Kommissie se afvaardiging tydens die COC se vergadering insake die stigting van 'n meisieskool. In die notule van 25 April 1906 word verwys na die besluit om dogters te identifiseer wat ook die potensiaal het om later as onderwyseresse vir die beplande meisieskool opgelei te word. In die proses is daar gesteun op die CNO-skole en sou daar spesifiek navraag gedoen word by die weeshuise te Bethlehem, Bethulie, Brandfort, Ladybrand en Winburg. Die name van di. Becker en Postma is spesifiek vermeld vanweë hul betrokkenheid by die CNO-skole.³⁸⁷ Op 11 April 1907 is die eerste dogters by die pasgestigte Oranje Meisieskool ingeskryf, waaronder vyf dogters uit die Bethulie-distrik. Hulle was Hendrina Johanna van Vrede en haar ouer suster Janetta Andriesina van Vrede, beide van die Bethulie-weeshuis, Johanna Kolbe en haar suster Downing Margareth Kolbe³⁸⁸ van die plaas Sterkfontein, en Letitia Elizabeth Grobbelaar.³⁸⁹ Die Bethulie-gemeenskap kon voorwaar trots wees op hierdie dogters, wat ten spyte van die oorlog en die gevolge daarvan, hul onderrig voortgesit het en die potensiaal getoon het om deel te word van die Oranje Meisieskool.

5.7.4 Skenkings, fondse, toelaes en pensioene

Reeds met die uitbreek van oorlog is 'n fonds in *The Friend* gestig met die doel om behoeftige weduwees en wese van die oorlog by te staan, of soos die koerant dit verwoord het: “we have

³⁸⁵ NASA, Natalse Argiefbewaarplek (hierna NA), N, 01: Meditator – Bethulie, 2.2.1902.

³⁸⁶ *Ibid.*

³⁸⁷ VS NGKAI: Oranje-Meisieskool notules, 1905-1907, p. 24.

³⁸⁸ Die Kolbe's was afstammelinge van lord Downing na wie Downingstraat in London vernoem is.

³⁸⁹ CNMO: New code of admission register, 1907-1912, p. 5.

in our midst those who miss the support of their lives and are left in poverty and distress.”³⁹⁰ Vir hierdie rede is ’n komitee gevorm³⁹¹ waardeur selfs weduwees en oorlogswese te Bethulie by hierdie inisiatief gebaat het. Hierdie ondersteuning is later voortgesit, maar hoofsaaklik vanuit die buiteland.³⁹²

Tydens die bestaan van die konsentrasiekampe is skenkings vanaf Europa en Kaapstad ontvang en aan kampinwoners uitgedeel. Hierdie skenkings is deur die Britse owerheid as ’n verleentheid vir Brittanje beskou en volgens lord Milner en Joseph Chamberlain was dit totaal onnodig, maar die owerheid het nietemin die verspreiding van die goedere toegelaat omrede goeie internasionale verhoudinge dit genoodsaak het.³⁹³ Kratte met klerasie en skoene vanaf Europa en Kaapstad is by die Bethulie-kamp afgelewer.³⁹⁴ Ds. Becker verwys in sy dagboek na die Armsorg-kommissie van Kaapstad met mev. ds. J. Steytler as president, mev. dr. E. Roos as tesourier en mev. A.C. de Villiers as sekretaresse, wat broodnodige items soos klerasie, skoene, eetware en komberse aan hom versend het.³⁹⁵ Klerasie is verder ontvang van nog ’n noodlenigingsorganisasie in Kaapstad onder voorsitterskap van C.P. Schultz.³⁹⁶

Dr. C. Lobry Verbruggen van Smithfield, ’n wetsgeleerde van Nederland, is ná sy opname in die Bethulie-kamp, danksy die bemiddeling van die Nederlandse konsul, vrygelaat. Op versoek van ds. Becker het Verbruggen bewusmaking vir die Bethulie-kampinwoners geskep en met sy terugkeer na Europa, het hy geld in Nederland en Duitsland ingesamel. Die totale bedrag van £698.5.4 is deur die konsuls van die twee lande aan ds. Becker gestuur en dit is gebruik om klere, komberse, kerse en ander noodsaaklikhede items aan te koop.³⁹⁷ Die Nederlandsch Bijstandfonds voor Zuid-Afrika het hulp aan die kampinwoners verleen met die versending van klere, voedsel en Bybels.³⁹⁸ Hierdie organisasie se tak in Bloemfontein, die Bijstandfonds, was tot en met 1903 behulpsaam om die nood in verskeie dorpe,

³⁹⁰ *The Friend*, 30.10.1899, p. 9.

³⁹¹ Bestaande uit J.G. Fraser (voorsitter), C.P. Stock (tesourier), I.H. Haarburger (sekretaris) en ses ander lede.

³⁹² *The Friend*, 30.10.1899, p. 9.

³⁹³ Van Heyningen, p. 279.

³⁹⁴ A. Hocking Privaat Versameling, koerantknipselboek: *Evening Telegraph*, 3.6.1902.

³⁹⁵ A.W.G. Raath, *Die konsentrasiekamp-gedenkreëks 1: Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 77.

³⁹⁶ OM, 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Commission of Ladies appointed by the Secretary of State for War: Containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal*, p. 58.

³⁹⁷ OM, 7194/149: Herinneringe van ds. Becker, 2, 1908.

³⁹⁸ Van Heyningen, p. 280.

waaronder Bethulie, te verlig by wyse van finansiële hulp aan ongeveer 600 behoeftige weduwees wie se eggenotes te velde of in ballingskap oorlede is.³⁹⁹

Skenkings van goedere en kontant is deur verskillende lande en selfs plaaslik aan die kampe gemaak. Die skenkings vanaf Europa is meestal by die woning van Marie Koopmans de Wet te Strandstraat 23, Kaapstad, versamel en van daar na kampe in die twee voormalige Boere-republieke versprei. Koopmans de Wet, wat bekend was vir haar liefde vir Kaapse kultuur-goedere en haar uitgesprokenheid jeens Britse militêre optrede in die twee republieke, het saam met ander pro-Boere soos Betty Molteno en Agnes Merriman, die proses bestuur.⁴⁰⁰ As enigste verteenwoordiger van die Nederlandse, Franse, Duitse, Amerikaanse en Russiese komitees in Suid-Afrika, het Koopmans de Wet ongeveer 1 700 kratte met skenkings ontvang. In opdrag van die War Office is die goedere wat deur Koopmans de Wet versend is, van doeanebelasting en spoorpassaat vrygestel.⁴⁰¹ Ná die ondertekening van die voorwaardes vir oorgawe op 31 Mei 1902 is hierdie toegewing egter opgeskort en het Koopmans de Wet in 'n brief by die Britse owerheid beswaar aangeteken. Volgens Koopmans de Wet was daar in daardie stadium ongeveer 250 kratte met skenkings wat nog nie na kampe soos Bethulie versend is nie en sy was van mening dat die behoefte aan hulp in distrikte soos Bethulie ná 31 Mei 1902 steeds sou voortduur. Met die naderende winter was haar vrees dat die inwoners van die twee nuwe kolonies weens hierdie besluit deur die Britse burokrasie, benadeel sou word. Luitenant-kolonel Édouard Percy Cranwill Girouard, die Kommissaris van Spoorweë, het die saak op 25 April 1903 na Milner se kantoor verwys, wat Koopmans de Wet se versoek voorwaardelik toegestaan het.⁴⁰²

Verskeie skenkings vanuit Europa is direk na die kampe in Suid-Afrika gestuur. Besendings wat kos, klere, skoene en soms selfs speelgoed ingesluit het, is met groot dank deur kamp-inwoners by Bethulie ontvang. Kort voor die vrede is 225 kratte met goedere deur die Committee of French Ladies, bekend as die La Vie Aux Infants Boers, met behulp van die Union Castle Mail Steamship Company na Suid-Afrika versend. Die goedere het op 6 Junie 1902 in die Kaapstadse hawe aangekom en is op 20 Junie 1902 na die onderskeie kampe gestuur.⁴⁰³ Alhoewel inwoners van die Bethulie-kamp ná 31 Mei 1902 toegelaat is om na hul

³⁹⁹ J. Ploeger, "Die stigting en werksaamhede van die 'Nederlandsche Bijstandfonds voor Zuid-Afrika' 1900-1903", *Militaria, Militêr-Historiese Tydskrif van die SAW* 23(1), 1993, pp. 45-46.

⁴⁰⁰ Van Heyningen, p. 277.

⁴⁰¹ NASA, VAB, CO, 161, 2497/00: Mrs Koopmans desire to forward packages of clothing received from abroad, 18.4.1903.

⁴⁰² *Ibid.*, 25.4.1904.

⁴⁰³ NASA, VAB, SRC, 102, 8885: Gifts received from committee of French Ladies, 20.6.1902.

eiendom terug te keer, is goedere steeds vanaf La Vie Aux Infants Boers ontvang, wat met behulp van die konsul aangestuur is.⁴⁰⁴ Op 9 Julie 1902 het kratte 6, 26 en 40 in die Bethulie-kamp aangekom en het gesteriliseerde melk, komberse en naaldwerkgoedere bevat.⁴⁰⁵ Op 6 Augustus 1902 het 'n derde besending van ses kratte die kamp bereik en het bestaan uit sago, ander kosware, klere, komberse en lakens.⁴⁰⁶ Hierdie skenkings het broodnodige items bevat en het 'n groot bydrae tot die maatskaplike heropbou in die Bethulie-distrik gelewer. Die belangrikheid van hierdie ondersteuning uit Europa was daarin geleë dat hierdie welwillendheid wat in geld en goedere ontvang is, en nog vir 'n hele paar jaar ná die oorlog voortgeduur het, die Afrikaners in die twee voormalige Boererepublieke in staat gestel het om onder andere steeds hul eie taal en kultuur te handhaaf, spesifiek op die gebied van onderwys. So byvoorbeeld is hierdie fondse deur instansies soos die COC aangewend om die CNO-skole, soos op Bethulie, te help finansier en selfs ander naoorlogse diensbare projekte te ondersteun.

Dat die nagevolge van die oorlog steeds in 1906 'n werklikheid in die ORC was, blyk uit 'n besluit deur die koloniale bestuur om behoeftige burgers wat tydens die oorlog vermink of permanent beseer is, by te staan. Vir hierdie doel is 'n kommissie in 1906 aangestel om ondersoek in te stel en die ORC-bestuur dienoreenkomstig te adviseer. Die magistraat in elke distrik is hierby betrek, aangesien hy die hulpbehoewende persone moes help identifiseer. Die voorstel om 'n eenmalige bydrae, byvoorbeeld lewende hawe, te maak is deur die koloniale tesourie afgekeur en daar is op 'n jaarlikse toelaag besluit. Drie Bethulie-burgers en 'n Hoopstad-burger wat in daardie stadium in Bethulie woonagtig was en wie se verwonding hul lewensomstandighede direk beïnvloed het, se eise is toegestaan.⁴⁰⁷ Dit het die volgende persone ingesluit:

- Marthinus Edward Fourie (22 jaar), 'n bywoner op die plaas Ruigtefontein, is twee keer gewond en sy linkerarm is deels verlam gelaat. Fourie was sedert 1903 deelyds werksaam en afhanklik van kerklike welsyn en gawes uit die buiteland omrede hy geen harde arbeid kon verrig nie. Die kommissie het 'n jaarlikse toelaag van £18.0.0 aan Fourie toegestaan.⁴⁰⁸

⁴⁰⁴ *Ibid.*, 24.6.1902.

⁴⁰⁵ *Ibid.*, 9.7.1902.

⁴⁰⁶ *Ibid.*, 6.8.1902.

⁴⁰⁷ NASA, VAB, ORC, 84: Grants of assistance to persons who were wounded during the war and also to widows of persons killed during the war, p. 5.

⁴⁰⁸ *Ibid.*, p. 6; NASA, VAB, CO, 679, 40/1222: Medical report on Marthinus Edward Fourie – relief of the poor, 1906-1909.

- Willem Karl Schönfeldt (54 jaar) van Bethulie-dorp se regterarm is geamputeer nadat hy tydens die oorlog gewond is. Schonfeldt se enigste ander bron van inkomste was 'n bedrag van £1.10.0 per maand wat deur die Government Poor Relief Fund aan hom toegestaan is. 'n Jaarlikse toelaag van £24.0.0 is deur die ORC aan Schonfeldt toegeken.⁴⁰⁹
- Assistent-veldkornet Nicolaas Philippus de Wet (31 jaar) is in sy heup gewond en was as gevolg daarvan mank. De Wet kon slegs ligte arbeid verrig en 'n jaarlikse toelaag van £18.0.0 is derhalwe aan hom toegestaan.⁴¹⁰
- Johannes Jacobus Nel (31 jaar), van die plaas Onze Rust, is tydens die oorlog in die rug gewond en die kommissie het aanbeveel dat die ORC die koste dra om die koeël uit sy rug te laat verwyder. Nel was voorheen van die Hoopstad-kommando, maar het hom in 1906 in die Bethulie-distrik bevind.⁴¹¹

Die drie eise wat in kontant toegestaan is, het 'n totale bedrag van £60.0.0 in die begroting van die tesourie van die ORC beloop; 'n besluit wat in 1910 deur Louis Botha se Unieregering gehandhaaf is.⁴¹²

Wat die weduwees en wese betref, het die ORC Land Board se Repatriation Sub-commission reeds in Maart 1903 'n opname in die onderskeie distrikte gemaak. Ses jaar het egter verloop sonder dat enige poging aangewend is om die weduwees finansiëel by te staan, omrede die nuwe lys wat in 1909 saamgestel is, dieselfde name aandui.⁴¹³ Uiteindelik het die totale jaarlikse pensioene wat aan die oorlogsweduwees in die ORC toegestaan is, slegs £1 098.0.0 beloop. Die name en besonderhede van 19 Bethulie-weduwees word gelys en verskaf 'n beeld van die armoede in die Bethulie-gemeenskap en die impak op gesinne, agt jaar ná die oorlog. Slegs drie weduwees in hierdie distrik is deur die kommissie vir finansiële bystand aanbeveel, iets wat eers in 1910 toegestaan is.⁴¹⁴ Hierdie weduwees was:

- Cornelia Johanna van Vrede⁴¹⁵ het 'n jaarlikse toelaag van £18.0.0, asook 'n toelae van £3.0.0 per jaar vir elk van haar twee minderjarige kinders ontvang.⁴¹⁶

⁴⁰⁹ NASA, VAB, ORC, 84: Grants of assistance to persons who were wounded during the war and also to widows of persons killed during the war, p. 6.

⁴¹⁰ *Ibid.*

⁴¹¹ *Ibid.*, p. 23.

⁴¹² *Ibid.*, p. 5.

⁴¹³ NASA, VAB, CO, 679: Survey of war widows and orphans in ORC, 1906-1909.

⁴¹⁴ *Ibid.*

⁴¹⁵ Haar eggenoot, Piet van Vrede, het in Maart 1900 by die Bethulie-wabrug gesneuwel.

⁴¹⁶ NASA, VAB, ORC, 84: Grants of assistance to persons who were wounded during the war and also to widows of persons killed during the war, p. 20.

- Johanna Martha Elizabeth Rothner van die plaas Ems, wie se gade in die distrik van Philippolis gesneuwel het en haar sedert 1909 in die Bethulie-distrik gevestig het, het 'n jaarlikse toelae van £24.0.0 ontvang.⁴¹⁷
- Die eens vermoënde Catharina Maria Cornelia de Wet, wat as 'n behoeftige weduwee op die plaas Rooikop, Bethulie, woonagtig was, se eis is deur die kommissie goedgekeur, maar die bedrag wat toegestaan is, is onbekend. Haar seun, Nicolaas de Wet, se aansoek is ook goedgekeur.⁴¹⁸

Volgens die besonderhede van die 19 weduwees, was daar meriete in elkeen van die aansoeke, maar die Britse owerheid het nietemin hul eise van die hand gewys. As daar dan in ag geneem word dat slegs drie weduwees finansiële hulp ontvang het agt jaar ná die oorlog, plaas dit 'n vraagteken rondom die Britse owerheid se bereidwilligheid om die weduwees ná die oorlog werklik in hul nood by te staan.

5.7.5 Oorlogsgrafte en monumente

Die NG Kerk het voortgegaan om die Afrikaner geestelik te versorg, en het veral te midde van Britse oorheersing, 'n leidende rol op sosiokulturele gebied gespeel, byvoorbeeld in die bewaring van die Afrikaner se kultuur en geskiedenis. Die Kerk het die leiding geneem in die versoening tussen bittereinder en joiner en as uitvloeisel is verskeie burgermonumente vir gesneuwelde burgers op die terreine van kerke in die voormalige twee Boererepublieke opgerig.⁴¹⁹

Voorts het die NG Kerk die nodige gedoen om te verseker dat gesneuwelde burgers in hul distrikte en gemeentes herbegrawe word. In Bethulie is burgers Piet van Vrede, Adriaan Roux en Johannes Venter op Saterdag, 20 Januarie 1906 in die Bethulie-begraafplaas herbegrawe. 'n Vierde, onbekende burger is ook herbegrawe. Die geleentheid het saamgeval met die inwyding van die opgeknapte kerkgebou en is deur ongeveer 1 000 persone, waaronder generaal J.B.M. Hertzog, prof. P.J.G. de Vos van die Kweekskool op Stellenbosch, ds. P. du Toit van Edenburg en ds. J.P. van Huyssteen van Jagersfontein, bygewoon.⁴²⁰

⁴¹⁷ *Ibid.*

⁴¹⁸ *Ibid.*

⁴¹⁹ T. Venter, *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog*, p. 170.

⁴²⁰ VS NGKAI: *De Kerkbode*, 1.2.1906, p. 16; Venter, p. 170; Ferreira, p. 73.

Op 6 Julie 1905 is 'n konseppordonnansie insake die versorging van die grafte van Britse soldate, asook dié van gesneuweldes van die twee voormalige Boererepublieke, gepubliseer.⁴²¹ In die eerste vergadering van die Graves Trust Fund op 5 Oktober 1905, onder voorsitterskap van brigadier-generaal R.G. Broadwood, is bevestig dat Ordonnansie 24 van 1905 deur die ORC-regering aanvaar is.⁴²² Daar is besluit om aan die onderskeie resident-magistrate in die kolonie te skryf en hulle in te lig dat fondse beskikbaar was vir die versorging van grafte en die omheining van begraafplase. Munisipale owerhede sou verantwoordelik wees vir die uitvoer van hierdie taak en met die plaaslike Loyal Women's Guild and Dutch Reformed Authorities saamwerk.⁴²³ Hiermee is die fondasie vir die versorging van oorlogsgrafte en begraafplase gelê wat later tot die beoogde oprigting van die Treurmonument⁴²⁴ te Bethulie sou lei.⁴²⁵

5.8 POLITIEKE ONTWAKING

Die tydperk vanaf 1902 tot 1907, wat in die ORC as die koloniale tydperk bekend was, het nuwe uitdagings op verskeie terreine aan Afrikaners gestel. Dit was 'n tydperk wat die Afrikaner se toekoms in 'n nuwe rigting gestuur het, meer spesifiek op politieke gebied, wat 'n braakveld was vir die hergroepering van veral verarmde Afrikaners. Die Britte het egter steeds, by wyse van die SAC en plaaslike magistrate, 'n waaksame oog gehou oor sy Afrikaanssprekende sowel as swart onderdane soos blyk dat daar van tyd tot tyd terugvoer deur hierdie amptenare gegee is oor Bethulie-inwoners, soos onder meer oor predikante.⁴²⁶

5.8.1 Afrikanernasionalisme

Afrikaners in die twee voormalige Boererepublieke het besef dat hulle self verantwoordelik was om hul eie omstandighede te verbeter. Verengelsing, verarming, en kulturele minagting was van die redes waarom daar begin is om ná die oorlog weer op politieke vlak te mobiliseer. Die Gereformeerde en NG Kerke het deur die stigting van CNO-skole tot hierdie

⁴²¹ *Government Gazette*, 6.7.1905, p. 1938.

⁴²² OM, 6546/1: Grave Trust Fund, 5.10.1905, p. 2.

⁴²³ *Ibid.*, p. 3.

⁴²⁴ Hierdie monument was bedoel om die name weer te gee van al die sterftes in die Bethulie-kamp. Dit is deur R.J. van Reenen, 'n argitek van Bloemfontein, ontwerp en in 1921 deur die Graves Trust Fund opgerig. Dit is egter, vir redes onbekend, nooit voltooi nie. Die gedagte was dat daar vir elk van die ORC kampe so 'n monument opgerig moes word. Sien ook vir verdere inligting in dié verband: *De Huisgenoot*, 12.6.1919, pp. 53-54.

⁴²⁵ OM, 6546/1: Grave Trust Fund, 27.5.1919.

⁴²⁶ NASA, VAB, CO, 48A, 4401/01: Marriage officers appointed under the late OFS Government, 18.12.1902.

ontwaking bygedra.⁴²⁷ Verder het die ekonomiese herstel in die ORC daartoe gelei dat Afrikaners hulself weer met politieke en munisipale aangeleenthede begin bemoei het. So byvoorbeeld het Herman Klynveld, 'n leier uit die republikeinse era, homself as raadslid vir Bethulie beskikbaar gestel.⁴²⁸ In Mei 1904 het Bethulie-inwoners kennis geneem van die stigting van generaal Louis Botha se Het Volk-politieke organisasie in die Transvaal Colony. Ook in die ORC was 'n soortgelyke politieke organisasie onder leiding van generaal J.B.M. Hertzog in wording. Op 1 Desember 1904 het 'n kongres op Brandfort plaasgevind, wat daartoe gelei het dat Afrikaners in die ORC hulself weer politieke begin organiseer het. Die gevolg hiervan was die stigting van die Orangia Unie in Julie 1905.⁴²⁹

Die Britse regering kon hierna nie langer die politieke herlewing en aspirasies onder Afrikaners ignoreer nie. In opdrag van die Britse Liberale Party onder sir Henry Campbell-Bannerman, wat in 1905 die regerende party geword het, is selfbestuur op 5 Junie 1907 ooreenkomstig die Vrede van Vereeniging, aan die ORC toegestaan. Dit was nadat die Transvaal Colony reeds in Desember 1906 selfbestuur ontvang het, waar Louis Botha se Het Volk-party die oorwinnaars in die verkiesing was. Campbell-Bannerman het vroeër 'n komitee onder sir Joseph West Ridgeway aangestel om ondersoek in te stel na die ideale regeringstelsel en aantal verteenwoordigers. Die eertydse Bethulie-krygsgevangenes was goed bekend met West Ridgeway, wat tydens hul ballingskap die goewerneur van Ceylon was. West Ridgeway het 'n regeringstelsel voorgestel wat uit 'n Wetgewende Raad van 11 lede en 'n Wetgewende Vergadering van 38 lede bestaan het.⁴³⁰

Op Bethulie is die politieke verwickelinge met groot belangstelling dopgehou en was J.B.M. Hertzog se Orangia Unie tydens die verkiesing in November 1907, die party met die grootste aanhang.⁴³¹ In aanloop tot die verkiesing het 'n kennisgewing in die *Government Gazette* van Augustus 1907 verskyn in terme waarvan wit, manlike stemgeregtigde persone uit die Bosjespruit-distrik aangemoedig is om op 1 Oktober 1907 by Charles Rowland Chambers te registreer om as stemgeregtigdes op die kiesersrol geplaas te word.⁴³² Die Bethulie-distrik het teen 1907 'n sterk kieserskorps gehad, soos afgelei uit 'n lys van 179 plaasboere wat jaarlikse hul erfpagbelasting moes vereffen. Min boere was Engelssprekend en die kans op 'n uitslag ten gunste van die Orangia Unie in hierdie distrik was dus baie

⁴²⁷ Davenport, p. 212.

⁴²⁸ Van Rensburg, "Die ekonomiese herstel ...", p. 318.

⁴²⁹ Davenport, p. 212.

⁴³⁰ F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*, p. 256; Davenport, pp. 217-218.

⁴³¹ Davenport, pp. 219-220.

⁴³² *Government Gazette*, 30.8.1907, p. 337.

goed.⁴³³ Kort hierna is vyf stempunte, te wete die Bethulie-magistraatskantoor, die Springfontein-magistraatskantoor, die SAC se pos op Bankfontein, die skool op Willoughby en die winkel van H.J. Theron op die plaas Gruisfontein, as stemlokale geproklameer. Die onderskeie plase in die distrik is verder by die stemlokale ingedeel.⁴³⁴ In November 1907 het die eerste verkiesing plaasgevind en het die Orangia Unie met 30 setels teenoor agt setels, die Constitutionalists van sir John Fraser verslaan.⁴³⁵

Bethulie se stemgeregtigde inwoners het verseker dat George August Kolbe, lid van die Orangia Unie, die distrik in die Wetgewende Raad, waarvan Abraham Fischer die eerste minister was, kon verteenwoordig. Na meer as vyf jaar het Bethulie weer 'n politieke stem op die hoogste regeringsvlak in die kolonie gehad, maar vroulike en swart inwoners was uitgesluit.⁴³⁶

5.8.2 Swart nasionalisme

Met die nuus dat lord Roberts se mag in Maart 1900 na Bloemfontein in aantog was, het 'n gevoel van “bevryding” en “nuwe verwagtinge” onder swart inwoners posgevat, maar ná die besetting en die uiteindelijke vrede, het dit spoedig geblyk dat die status quo ten opsigte van swart mense in die ORC gehandhaaf sou word.⁴³⁷ Tereg verwys Le Roux daarna dat “swart leiers nie rekening gehou het met die vredesreëlings van Vereeniging in Mei 1902 nie”.⁴³⁸ Die Britse bestuur het dadelik begin om sy administratiewe beheer oor die nuwe kolonie uit te oefen en dit was veral met die oog op die bestuur van swart mense binne die munisipale gebiede dat 'n “police force was immediately created followed by the South African Constabulary in May 1901, and republican laws were applied with greater severity than before”.⁴³⁹

Streng administratiewe beheer is ná die oorlog oor swart mense in die ORC uitgeoefen, soos blyk uit 'n brief van 5 Januarie 1903 deur L.C. Dalton, magistraatsklerk van Bethulie, aan die koloniale tesourie waarin hy 'n versoek rig vir 100 “A97 and A98 native pass books”.⁴⁴⁰ Een van die SAC se pligte in terme van Police Instruction Nr. E14 “was to prevent the

⁴³³ *Ibid.*, 28.1.1907, pp. 93-95.

⁴³⁴ *Ibid.*, 2.9.1907, p. 410.

⁴³⁵ *Ibid.*, p. 220.

⁴³⁶ Anon., *Het Zuid-Afrikaansche jaarboek en algemeene gids*, 1909.

⁴³⁷ K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*, p. 158.

⁴³⁸ C.J.P. le Roux, “Die politieke verteenwoordiging van swart organisasies in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910”, *Historia* 29(2), September 1981, p. 36.

⁴³⁹ J. Boje en F. Pretorius, “Black resistance in the Orange Free State during the Anglo-Boer War”, *Historia* 58(1), Mei 2013, p. 3.

⁴⁴⁰ NASA, VAB, CT, 18: Native pass books for Bethulie, 5.1.1903.

Congregation of Natives” deur beheer toe te pas by wyse van passe.⁴⁴¹ Ingevolge Artikels 9 en 10 van die Plakkerswet is daar verder streng beperkings geplaas op die aantal swart mense wat op plase, soos in die Bethulie-distrik, werksaam was.⁴⁴² Die afleiding is dat die regulasies ten doel gehad het om arbeid op plase eweredig te versprei, die beweging van swart mense in die distrikte van die ORC te beperk en sodoende misdaad te bekamp.

Op 12 Oktober 1903 het die South African Native Affairs Commission ’n vraelys met 15 vrae deur middel van die koloniale sekretaris van die ORC aan die onderskeie resident-magistrate gestuur. Die vrae het gefokus op swart mense in die onderskeie distrikte en het aangeleenthede soos stamgebruike, sosiale gebruike, geloof, arbeidsaangeleenthede, eiendomsreg, inheemse reg, swart politieke bemagtiging, onderwys, belasting en geslagsgelykheid in die swart kultuur ingesluit. Daar is versoek dat kundige persone in die distrikte geïdentifiseer moes word wat behulpsaam kon wees om die vrae te beantwoord.⁴⁴³ Magistraat Barker van Bethulie het die vraelys op 5 November 1903 aan die Bethulie-munisipaliteit gestuur, maar op 8 Desember 1903 het die stadsklerk, Peter Waugh, verklaar dat die munisipale raad nie hiermee behulpsaam kon wees nie en nie kennis dra van persone wat inligting sou kon verskaf nie. Bethulie het derhalwe geen inset tot die kommissie se navorsing gelever nie.⁴⁴⁴ Die gevolgtrekking is dat Barker en die munisipale raad moontlik ontoereikende kennis gedra het van die swart mense in die Bethulie-distrik rondom hul prosesse sodat die vrae nie na behore beantwoord kon word nie. Dit blyk ook dat geen moeite gedoen is om inligting te bekom nie, aangesien die regte van swart mense nie in daardie stadium erken is nie.

Benewens Thaba 'Nchu en die Oos-Vrystaat, was dit veral in die Suid-Vrystaat waar sending-werk tradisioneel onder swart mense gedoen is, met Bethulie wat juis as ’n sendingstasie ontstaan het.⁴⁴⁵ In die Bethulie-distrik het eerw. Sandrock van die Berlynse Sendinggenootskap by Springfontein ’n sendingstasie bedryf en dit is veral hier waar ’n nuwe swart middelklas ontstaan het. Uit ’n verslag van die Intercolonial Native Affairs Commission⁴⁴⁶ blyk dit dat Afrikaners en Engelssprekendes saamgestem het dat die toekenning van politieke regte aan swart mense sekere uitdagings en vrese ingehou het, soos byvoorbeeld die vrees vir swart oorheersing. Die Britse regering was derhalwe versigtig om

⁴⁴¹ NASA, VAB, ORC, 213: Police instruction – E14, 1903, p. 2.

⁴⁴² NASA, VAB, OVS: *Wetboek 1854-1890*, p. 771; Le Roux, “Die plakkersvraagstuk ...”, p. 175.

⁴⁴³ NASA, VAB, CO, 223, 7149/13: SANAC questionnaire, 16.10.1903.

⁴⁴⁴ *Ibid.*

⁴⁴⁵ Sien in dié verband Hoofstuk 1.

⁴⁴⁶ Die Native Affairs Commission en South African Constabulary het ná 31 Mei 1902 onder die Intercolonial Department geval.

nie die wit bevolking oor hierdie politieke kwessie te vervreem nie, aangesien die koloniale bestuur in die ORC in 'n groot mate van die wit inwoners se samewerking afhanklik was.⁴⁴⁷ Alhoewel Artikel 8 van die voorwaardes vir oorgawe bepaal het dat die toekenning van politieke regte aan swart mense sou oorstaan na die toekenning van selfregering aan die Transvaal Colony en ORC, blyk dit dat die goedgesindheid van wit inwoners vir die Britse regering die swaarste geweeg het.⁴⁴⁸ Dit is duidelik dat die Britse regering se versigtigheid om aandag te gee aan swart mense se belange, swart nasionalisme nog meer aangewakker het en tot konflik gelei het. In die geval van die African Methodist Episcopal Church (AMEC) se optredes en aktiwiteite op dorpe soos Bethulie, asook die sendingstasie te Springfontein, het eerw. Sandroock self sy bedenkinge gehad oor die AMEC se politieke motiewe en aspirasies.⁴⁴⁹

5.8.3 African Methodist Episcopal Church

Die AMEC het ontstaan nadat die Ethiopian Movement en die African Methodist Episcopal Church in 1898 saamgesmelt het. Die koloniale regering en die wit kerke binne die grense van die ORC, het die AMEC vanweë hul politieke aspirasies met agterdog bejeën. Die AMEC (ook genoem die Ethiopian Church) het wit opperheerskappy bedreig, aangesien dit beskryf is as 'n beweging “which offered a vision of hope and restored human dignity by providing opportunities for leadership, independent action, social reintegration and upward mobility in a structured community free of white control”.⁴⁵⁰ In November 1901 het die Britse bestuur van die ORC 'n beswaarskrif van eerw. J.K. Deney van die Wesleyan gemeente te Viljoensdrif ontvang, waarin die name van 21 geestelike leiers van die AMEC vermeld is, waarvan slegs een as huweliksbeampte (marriage officer) geregistreer was. Daar is aangedui dat Stephen Netho die geestelike leier vir Bethulie was, maar dat selfs hy nie as huweliksbeampte geregistreer was nie.⁴⁵¹

Hierbenewens het daar ook toenemend wrywing begin ontstaan tussen die AMEC en sommige munisipaliteite in die ORC, soos blyk uit 'n beswaarskrif deur die AMEC, gedateer 6 Oktober 1903, aan die koloniale sekretaris, H.F. Wilson, in Bloemfontein,. Dit was die eerste keer dat 'n swart Christelike denominasie 'n beswaarskrif ingedien het en wel teen agt

⁴⁴⁷ C.J.P. le Roux, “Die debat rondom die politiek-grondwetlike posisie van die gekleurdes in die Oranjerivierkolonie 1900-1910”, *Historia* 32(2), September 1987, pp. 76, 79, 84.

⁴⁴⁸ *Ibid.*

⁴⁴⁹ Boje en Pretorius, p. 6.

⁴⁵⁰ *Ibid.*, pp. 5-6.

⁴⁵¹ NASA, VAB, CO, 46, 4262/01: J.K. Deney and the African Methodist Episcopal Church, 22.11.1901.

munisipaliteite, waaronder Bethulie. Die besware het gehandel oor geestelike onverdraagsaamheid in die kolonie en E.T. Mpela, S.J. Mabote en H.R. Ngeayia het hiermee protes aangeteken teen die Bethulie-munisipaliteit se regulasies wat, volgens die AMEC, teen die kerk gemik was en hul kerklike bedrywighede aan bande gelê het. Daar is spesifiek verwys na 'n skrywe deur die Bethulie-stadsklerk, gedateer 27 Maart 1903, waarin John A. Moses van Smithfield slegs twee dae gegun is om geestelike werk in die swart woonbuurt Lepui te verrig. Moses moes Bethulie om 21:00 die volgende aand verlaat en met die poskar na Smithfield terugkeer. Die prediker is verder verbied om enige kerklike dienste in die swart woonbuurt te hou.⁴⁵²

Die AMEC het verder beswaar gemaak teen die feit dat hul geestelike leiers nie toegelaat is om huwelike te voltrek nie. Die afleiding is dat dit eerder 'n saak van onkunde was, aangesien alle Christelike denominasies ingevolge wetgewing verplig was om by die koloniale regering te registreer om huweliksbeamptes te wees. Die AMEC het verklaar dat hulle nie hiervan bewus was nie en nie kon verstaan dat die militêre owerhede by kerklike sake betrokke wou wees nie. Die Bethulie-munisipaliteit se weiering om 'n standplaas aan die AMEC toe te ken, was volgens die AMEC 'n verdere bewys van die Bethulie-munisipaliteit se onverdraagsaamheid teenoor swart kerke.⁴⁵³ Dit was na aanleiding van 'n besluit wat reeds in 1899 geneem is, aangesien daar tydens 'n kerkraadsvergadering van die Bethulie NG Kerk in daardie jaar terugvoering gegee is rakende die “scheuringen in ons Zending Gemeente” weens die ontstaan van die AMEC wat as 'n separatistiese beweging gesien is.⁴⁵⁴ Die Bethulie NG-kerkraad het die dorpsraad formeel versoek om nie 'n erf aan die AMEC beskikbaar te stel nie en voorts nie 'n skool verbonde aan die kerklike beweging in die swart woongebied toe te laat nie.⁴⁵⁵ Dit blyk dat die AMEC wel later 'n skool in Lepui probeer vestig het, aangesien hulle beswaar gemaak het teen die gereelde probleme wat hul beweging met die munisipale raad ervaar het in hul poging om 'n skool te Bethulie en Wepener te vestig. Die AMEC het die Bethulie-munisipaliteit vir die ondermyning van hul geestelike beweging verantwoordelik gehou.⁴⁵⁶

Die Bethulie-munisipaliteit, onder leiding van Herman Klynveld, het hul siening in 'n brief van 23 Oktober 1903 aan die koloniale sekretaris verduidelik. Volgens Klynveld is die

⁴⁵² NASA, VAB, CO, 219, 1130/03: The AMEC – Bethulie, 6.10.1903.

⁴⁵³ *Ibid.*

⁴⁵⁴ Ferreira, p. 131.

⁴⁵⁵ *Ibid.*

⁴⁵⁶ NASA, VAB, CO, 219, 1130/03: The AMEC – Bethulie, 6.10.1903.

geestelik bediening te Bethulie hoofsaaklik deur die Anglikaanse en Nederduitse Gereformeerde Kerke behartig en die AMEC se dogma het die swart inwoners van Bethulie verwar. As voorsitter van die Bethulie-munisipaliteit het Klynveld sy kommer uitgespreek oor die AMEC se minagting van wit oppergesag. Klynveld het daarop gewys dat die groep, wat hulself as die “Ethiopians” bekend gestel het, in 1899 in die Vrystaat toegelaat is. Volgens Klynveld het die voormalige Vrystaatse regering gefouteer deur die kerk in die destydse republiek toe te laat. Daar is gepoog om die AMEC se werksaamhede deur middel van munisipale regulasies te reguleer en so byvoorbeeld is byeenkomste in woonhuise verbied. Die beperkings wat geplaas is, het egter tot konflik en die daaropvolgende arrestasies en vonnisse deur die Bethulie-magistraat gelei. Klynveld het verduidelik dat die munisipaliteit bereid was om ’n erf aan ’n erkende Christelike kerklike denominasie beskikbaar te stel, maar dat die AMEC nie aan die vereistes voldoen het nie. Die munisipaliteit se ondervoorsitter, H.A. Rampf, het beswaar gemaak teen die AMEC en sy aanhangers en daarop gewys dat die kerk en sy lidmate die gesag van die staat uitgedaag het. Volgens Rampf was lidmate van die AMEC dikwels afvalliges wat uit die NG- en Anglikaanse Kerke in Lepui verban is, en dat hul optrede aggressief en militant was.⁴⁵⁷

Eerw. J. Glover van die St Peter’s Anglikaanse kerk te Bethulie het in ’n skrywe aan die koloniale sekretaris, gedateer 23 Oktober 1903, ’n uiteensetting van die AMEC se oorsprong en radikale kerklike inslag gegee en verduidelik dat die kerk veral daarop uit was om wit oppergesag te bevraagteken. Volgens leiers van die AMEC het Glover die AMEC op Bethulie gewaarsku dat hulle nie in die kolonie welkom was nie en dat die koloniale regering ’n wakende oog oor hul werksaamhede gehou het.⁴⁵⁸ Op 10 November 1903 het die resident-magistraat op Bethulie in ’n brief sy misnoeë teenoor die koloniale sekretaris uitgespreek oor die AMEC as ’n “source of continual annoyance”.⁴⁵⁹ Die munisipaliteit het onwrikbaar gebly aangesien A.A. Mareka op 2 Februarie 1904 ’n skriftelike versoek tot die Native Commissioner gerig het om as bemiddelaar tussen die AMEC en die Bethulie-munisipaliteit op te tree omrede die munisipaliteit die AMEC se versoeke geweier het om huwelike te bevestig en die Doop en Nagmaal aan lidmate van sy kerk bedien. Mareka het afgesluit deur te verklaar dat die kerk al sedert 1898 op Bethulie werksaam was en dat daar tot en met die sluiting van vrede in 1902 geen probleme ervaar is nie.⁴⁶⁰ Hoewel die AMEC se rol in

⁴⁵⁷ *Ibid.*

⁴⁵⁸ *Ibid.*

⁴⁵⁹ *Ibid.*

⁴⁶⁰ NASA, NA, N, 01: Mediator – Bethulie, 2.2.1902.

Bethulie na 1907 nie duidelik is nie, was hierdie konfrontasie die eerste werklike botsing met wit politieke en kerklike oppergesag op Bethulie.

Die vraag ontstaan waarom die AMEC as 'n "source of continual annoyance" ervaar is. Dit blyk dat die munisipaliteit inderdaad onverdraagsaam was, veral aangesien die beweging die munisipale regulasies geminag het. Dikwels was die minagting hiervan egter bloot uit onkunde omrede die naoorlogse Britse koloniale regering verskeie stukke nuwe wetgewing afgekondig het. Daar was nie werklik bewyse dat die AMEC die wit koloniale gesag op Bethulie uitgedaag het nie. Die afleiding is dat Bethulie se wit inwoners, veral Afrikaners, swart heerskappy gevrees het, veral as in ag geneem word dat hulle aan Britse heerskappy onderwerp is en baie duur betaal het vir die verlies van hul vryheid. Dit is ironies dat die gesindheid teenoor die AMEC, van die enkele punte was waaroor Afrikaans- en Engelssprekendes op Bethulie eensgesind was.

5.9 SLOTPERSPEKTIEWE

Ná die verwoestende oorlog het die Britse regering gepoog om die twee voormalige Boererepublieke weer ekonomies en maatskaplik op te bou. Die Britse bestuur in Suid-Afrika onder lord Milner kon egter nie daarin slaag om die verarmde Afrikaners behoorlik by te staan nie. Daar was min simpatie in die ORC vir enigiets wat aan die voormalige Boererepublieke herinner het en die beloofde kompensasie vir skade gely, asook toelaes en pensioene, was grotendeels beperk tot diegene wat die Britse oorlogspoging aktief ondersteun het.

Alhoewel die GRD die taak gehad het om bittereinders, hensoppers, krygsgevangenes en kampinwoners te hervestig en te ondersteun, is veral weduwees en weeskinders in die Bethulie-distrik meestal aan hul eie lot oorgelaat en het opheffingsprojekte soos dié by Kransdraai slegs tydelike uitkoms vir diegene sonder heenkome gebied. Die vestiging van Britse setlaars in die kolonies en die onteiening van plase vir die betaling van minimale skuld aan die Britse owerheid, getuig van onbillike behandeling en van 'n owerheid wat steeds sy eie belange eerste gestel het, ten koste van die inwoners wat as gevolg van die oorlog grootliks geruïneerd was. Hierdie optrede is vanselfsprekend deur die plaaslike inwoners as onbillike behandeling beskou. Uit die aard van die saak het die Britte heelwat kwessies anders benader en was hul optrede tipies van hoe 'n oorwinnaar teenoor oorwonnes opgetree het.

Tydens die oorlog het veral die NG Kerk voortgegaan om 'n prominente rol te speel en mense geestelik te lei en versorg. Ná die oorlog was dit danksy die ondersteuning, leierskap en

inisiatief van die onderskeie kerke en ander leiersfigure soos Herman Klynveld dat die inwoners van die Bethulie-distrik weer vooruitgang kon beleef. Die droogte van 1902-1903 het die hervatting van landbouaktiwiteite vertraag, maar met verloop van tyd was ekonomiese en maatskaplike heropbou op verskeie terreine sigbaar, asook 'n ontwaking rondom nasionalisme. Op die agtergrond het swart aspirasies gesluimer, maar in die Suid-Afrikaanse koloniale omgewing na 1902, was samewerking tussen Boer en Brit vir die koloniale bestuur in Suid-Afrika 'n groter prioriteit.

Hoofstuk 6

EVALUERING

Die hoofdoel van hierdie studie was om die geskiedenis van Bethulie en sy gemeenskap in die jare 1896 tot 1907 met behulp van 'n verskeidenheid bronne, waaronder argivale materiaal, sekondêre bronne, kaarte, foto's, vertellings en datalyste (met gepaardgaande statistieke), te ondersoek, asook die gebeure te rekonstrueer en te evalueer ten einde die volle impak van die Anglo-Boereoorlog op hierdie dorp, sy omgewing en gemeenskap beter te verstaan. In die proses is historiese gebeure in konteks geplaas om sodoende as geheelbeeld aangebied te word.

In dié slothoofstuk word die kernpunte van die voorafgaande hoofstukke en die belangrikste gevolgtrekkings weergegee, asook addisionele oorhoofse perspektiewe verskaf, sodat die strategiese rol van Bethulie tydens die Anglo-Boereoorlog en die impak daarvan op politieke, ekonomiese en maatskaplike terrein, verreken word. Daar word nie noodwendig by die kronologiese verloop van die oorlog en/of tydsverloop gehou nie, maar eerder gefokus op die hooftemas van hierdie studie, deur Bethulie, sy omgewing en gemeenskap voor, tydens en na die Anglo-Boereoorlog krities te evalueer.

Bethulie: 'n Vooruitstrewende dorp van strategiese belang

Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was Bethulie, geleë aan die oewers van die Oranjerivier, van groot strategiese belang in die Britse krygsplan. Nie alleen was twee van die sewe brûe wat die Oranjerivier oorspan het, by Bethulie geleë nie, maar die strategiese Oos-Londen-spoorroete het verby Bethulie geloop en by die hooflyn te Springfontein aangesluit. Voorts is Bethulie as een van twee spoordeurgange in die Suid-Vrystaat tot die twee Boererepubliek beskou en daarom het inwoners reeds voor die oorlogsverklaring op 11 Oktober 1899 besef dat hul dorp in 'n brandpunt omskep sou word as oorlog sou uitbreek. Min het die inwoners in daardie stadium egter voorsien hoe hul dorp, omgewing en lewens in die daaropvolgende maande sou verander.

Bethulie, met sy twee wyke, Bosjespruit en Grootrivier, was in 1899 'n vooruitstrewende dorp en een van die grootste distrikte in die Suid-Vrystaat. Bethulie het sedert 1875 oor 'n eie munisipale bestuur, asook 'n gesonde landbou- en sakesektor beskik met voldoende koopkrag,

en 'n swart arbeidsmag. Die gemeenskap, met sy oorwegend wit Afrikaanssprekendes, is aangevul deur verskeie Engelssprekende families, selfs 'n paar Duitse gesinne, asook 'n swart gemeenskap wat deur wetgewing verplig was om arbeidsaam te wees ten einde by te dra tot die dorp en staat se welvaart. Die waardige Nederduitse Gereformeerde kerkgebou was die dorp se trots en het saam met die groot aantal kerkhuisies en sierlike woonhuise van 'n welvarende gemeenskap gespreek. Die vooruitgang is verder weerspieël in die 23 eiendoms-transaksies wat net voor die uitbreek van die oorlog beklink is, asook verskeie wonings wat deur vier bouaannemers in die dorp opgerig is. Op sport en kulturele gebied het die dorp gespog met vier sportklubs (tennis, krieket, gholf en 'n skietvereniging), asook kultuurverenigings soos 'n debatvereniging en selfs 'n Bethulie-orkester van 16 lede. Die gemeenskap se kinders is in verskeie skole in die distrik en 'n skool op die dorp onderrig. Families het uit groot uitgebreide gesinne bestaan wat dikwels aan ander families verwant was wat op hierdie wyse 'n hegtheid aan die gemeenskap verleen het en tot die sosiale orde bygedra het. Persone soos Herman Klynveld, landdros Andrew James Wolhüter en dr. Valentine Werdmüller het 'n prominente rol gespeel om Bethulie een van die vooruitstrewendste dorpe in die Suid-Vrystaat te maak.

Die dorp het oor 'n groter sakesektor as sy buurdorpe beskik wat twee hotelle, losieshuise en 'n juweliersaak ingesluit het.¹ Die privaat sektor het onder meer twee dokters, 'n apteker en twee prokureurs ingesluit, en die staatsdiens het werk verskaf aan verskeie amptenare, waaronder 'n landdros, tolgaarder, posmeester, veeinspekteurs, onderwysers, polisielede en klerke, asook spoorwegwerkers wat die spoorlyn onderhou het. Reeds met die uitbreek van die oorlog is regulasies uitgevaardig in terme waarvan die salarisse van alle Vrystaatse amptenare met twee tot 20 persent verminder is en die staatsadministrasie is met die minimum amptenare voortgesit. Dit was reeds in hierdie vroeë stadium duidelik dat die oorlog ook die sakke van die Bethulie-gemeenskap op die kort- en langtermyn sou raak. Saam hiermee is die reg op privaat eiendom onder krygswet, ná die Britse besetting van die dorp op 15 Maart 1900, tydelik opgeskort met eiendom soos kerkhuisies en die Ou Kerk² wat vir militêre behoeftes opgekommandeer is. Die oorlog sou uiteindelik die sakesektor lam lê, landboubedrywighede bykans tot stilstand ruk en met die toepassing van die verskroeideaardebeleid inwoners van talle lewensmiddele ontnem. Hierdie ekonomiese ontwinging het 'n rimpelingseffek op alle sektore van Bethulie gehad aangesien dit, benewens

¹ Anon., *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*, pp. 326-330.

² Nederduitse Gereformeerde Kerk.

die sakesektor, ook oorgespoel het na die kerk wie se inkomste gedaal het, en selfs in die geval van die Gereformeerde gemeente, tot stilstand gekom het nadat leiersfigure soos ds. Willem Postma uit die distrik verban is. Voorts is skoolaktiwiteite ontwrig nadat skole in die distrik vernietig is. Die Bethulie-distrik is binne die bestek van drie jaar van sy welvaart gestroop en hierdeur is ekonomiese uitdagings en maatskaplike kwessies op die voorgrond gedryf.

Die dorp se lewensaar was die Oos-Londen spoorlyn wat ekonomiese groei en vooruitgang vir Bethulie ingehou het en 'n mylpaal in die dorp se geskiedenis was. Terselfdertyd het 'n goeie pad- en telegraafstelsel uit die Noordoos-Kaapkolonie, oor die Oranjerivier, verby Bethulie gestrek en die dorp met die buitewêreld verbind. Danksy hierdie telegraafstelsel was die aankondiging van oorlog nie vir die Bethulie-inwoners 'n verrassing nie, aangesien die landdroste in die onderskeie Vrystaatse distrikte, danksy hierdie telegraafnetwerk met 68 kantore, daaglik deur die regering vanuit Bloemfontein op hoogte van sake gehou is. Weens hierdie kommunikasie- en vervoerstelsel, het inwoners relatief maklik toegang tot markte gehad, met gevolglike ekonomiese voorspoed vir die dorp en distrik, maar dit was juis hierdie infrastruktuur (spoor, telegraaf en brûe) wat Bethulie 'n sleutelpunt in, en 'n fokus van, die Britse oorlogsplan gemaak het.

Spoorlyne is dikwels van deurslaggewende belang in militêre konflikte en die Anglo-Boereoorlog was geen uitsondering nie. Die spoorvervoer was uiters belangrik om lewensmiddele en krygstug na die Britse magte aan die oorlogsfront te vervoer en selfs majoor Edward Altham, wat 'n verkenningsstog van die Bethulie-omgewing onderneem het ten einde kennis van die terrein vir Britse krygsoptrede te bekom, het die noodsaaklikheid hiervan in sy intelligensieverslag aan die Britse owerheid beklemtoon. Hierdie spoorroete wat verby Bethulie gestrek het, het die dorp dus uiters kwesbaar gemaak aangesien die dorp en distrik se welvaart voor die oorlog grootliks hierop berus het. Met die spoorverkeer in die Suid-Vrystaat wat ná 15 Maart 1900 in Britse hande was en militêre behoeftes wat voorkeur geniet het, het dit verder bydraend gewerk om die ekonomie van die dorp grootliks tot stilstand te bring. Verder sou die beskadigde infrastruktuur soos die Bethulie-spoorbrug 'n groot invloed op die beskikbaarheid van noodsaaklikhede in die dorp en distrik meebring.

In 'n poging om die Britse magte te stuit, het die Boeremagte die Bethulie-spoorbrug op 10 Maart 1900 vernietig. Die Britte se afhanklikheid van die spoorlyn het daartoe gelei dat kundiges soos die Royal Engineers en Railway Pioneer Corps se hulp ingeroep is om die

spoorbrug eers tydelik en later permanent te herstel. Alhoewel die Britse owerheid in daardie stadium slegs sy eie belange wou bevorder deur die spoorlynnetwerk so spoedig moontlik te herstel, het dit uiteindelik tot voordeel van die Bethulie-gemeenskap gestrek omrede dit Bethulie weer met die buitewêreld verbind het. Die naoorlogse Bethulie-gemeenskap het op spoorvervoer staatgemaak vir ekonomiese heropbou en sou nie die spoorstelsel sonder die kennis, arbeid en finansiële ondersteuning van die Britte so vinnig kon herstel nie. 'n Funksionele spoorroete het dus 'n kardinale rol gespeel in die naoorlogse herstel van hierdie distrik.

Ontvolking van die distrik

Ná die mislukte Bloemfontein-konferensie van Mei-Junie 1899, het die inwoners van Bethulie besef dat oorlog onvermydelik was en dat die Vrystaat weens sy militêre verbond met die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), noodwendig by die oorlog betrek sou word. Die Bethulie-gemeenskap het bestaan uit stoere republikeine, asook Britse loyaliste en 'n groep gematigdes, en gevolglik was daar vanweë hierdie verdeelde loyaliteite nie eenstemmigheid oor hoe daar op 'n dreigende oorlog gereageer moes word nie. Reeds voor die oorlogsverklaring het Britse loyaliste soos die Harveys, Wrights en Prior's in Wyk Bosjespruit die Vrystaat begin verlaat, en voorts het die Vrystaatse regering Britse onderdane gelas om die republiek voor 18 Oktober 1899 te verlaat.

Soos in Hoofstuk 1 aangedui, het na beraming meer as 53 000 wit mense die twee Boere-republieke tussen 1 September en 19 Oktober 1899 vir die Kaapkolonie verlaat. Die ontvolking van die Vrystaat deur diegene wat van die oorlogsone wou ontkom, het reeds in daardie stadium 'n groot impak op die ekonomie van Bethulie gehad, aangesien persone wat tot die ekonomie van die distrik bygedra het, verkies het om die distrik te verlaat, of selfs later verban is, en die besteebare inkomste hierdeur dus drasties verminder het. Ná die sluiting van vrede het heelwat van hierdie inwoners, waaronder dr. Valentine Werdmuller, nie weer na Bethulie teruggekeer nie.

Die impak wat die oorlog op die dorp en sy omgewing gehad het, asook die armoede wat ná die oorlog geheers het, het verder daartoe bygedra dat wit en swart inwoners in die daaropvolgende jare na die stede getrek het in die hoop om werk in die myne en ander besighede te bekom. Die kleiner arbeidsmag het die hervatting van landbouaktiwiteite vertraag, wat die ekonomiese heropbou soveel moeiliker gemaak het.

Sakesektor se stryd om voortbestaan

Die sakesektor, en veral die besighede van algemene handelaars, is ernstig deur die oorlog geknou. Op Bethulie-dorp, soos in die res van die distrik, het die oorlogsverklaring 'n bykans onmiddellike effek gehad deurdat spoorverkeer vanuit die Kaapkolonie tot stilstand gekom het en sekere goedere soos koffie, suiker en rys nie meer ingevoer kon word nie. Die opkommandering van goedere het nog meer druk op die handelaars geplaas aangesien veral winkels van voorrade gestroop is en selfs lewende hawe opgekommandeer is. Die republikeinse regering se oogmerk was egter om in die onmiddellike behoeftes van die kommando's te voorsien en daar is geen langtermynplanne gemaak sou die oorlog langer duur as verwag nie.

Winkeliers is verder geraak deur die prysvasstelling van sekere goedere wat in die staatskoerant afgekondig is. Selfs die eienaars van die twee hotelle met kroë het die impak gevoel nadat alle drankwinkels in die Vrystaat gesluit is. Hierbenewens het periodieke militêre optredes soos hoofkommandant C.R. de Wet se teenwoordigheid in die Suid-Vrystaat, daartoe gelei dat die bewegings van burgerlikes, meer spesifiek in die Bethulie-distrik, by wyse van permitte streng deur die Britte beheer is, wat 'n negatiewe impak op handelsbedrywighede in Bethulie gehad het. Rantsoenering en die skaarste aan goedere en handelware was hierna aan die orde van die dag, met 'n gevolglike verlies aan inkomste vir die dorp en inwoners. Met beperkte voorraad op hande en bykans geen invoere nie, het 'n donker prentjie die handelaars op Bethulie in die gesig gestaar.

Ná die Britse besetting van Bethulie het bykans al die handelaars hulle as Town Guards aan Britse kant geskaar uit vrees dat die burgers die laaste bietjie goedere in hul winkels sou opkommandeer indien Bethulie weer in republikeinse hande val. Hierdie sakemanne het die Britse oorlogspoging vir finansiële redes ondersteun omrede hulle van handel afhanklik was en hul ekonomiese voortbestaan deur die voortsetting van die stryd bedreig is. Ná die Britse besetting het die handel in die dorp verder afgeneem weens 'n skaarste aan bepaalde goedere, en was magistraat Charles Grant verplig om hierna rantsoenkaarte aan gesinne uit te deel. Selfs die koringoeste op omliggende plase is gekonfiskeer. Tydens die toepassing van die Britse verskroeideaardebeleid is die hele distrik van lewensmiddele gestroop en dit het weer op die langtermyn 'n negatiewe effek op die dorp se sakesektor gehad. In hierdie moeilike ekonomiese omstandighede was dit dus nie vreemd dat korrupsie kop uitgesteek het nie en

persone soos A.W.R. Schieder, wat deel was van die Cold Storage Syndicate, op onreëlmatige wyse slagvee bekom het en/of te lae pryse daarvoor betaal het.

Bethulie se ekonomie het ná die oorlog weer geleidelik begin herstel en die sakesektor het danksy die ondersteuning van die gemeenskap, teen 1906 uit 22 besighede op die dorp en vyf winkels in die distrik bestaan.

Landbou: Die hartklop van Bethulie se ekonomie

Die landboubedrywighede in die Bethulie-distrik was geskoei op die klimaat van hierdie gebied asook die beskikbaarheid van water. Die distrik was veral bekend vir sy groot skaapkuddes en het derhalwe 'n beduidende bydrae gelewer tot die wolproduksie van die Vrystaat. Die distrik het ten minste 304 grondeienaars gehad, asook verskeie bywoners wat saam met 'n swart arbeidsmag deel was van landbouproduksie in hierdie distrik. Die distrik se landbouvoorspoed is sedert 1894 by wyse van gereelde landbouskoue op die dorp ten toon gestel. Moderne landbou-implemente en selfs boormasjiene en windpompe is ingespan om groter produktiwiteit te verseker en die landbou-uitset op plase te verhoog. Danksy spoorvervoer is landbouprodukte tot voordeel van die dorp na afsetgebiede in die mineraalryke dorpe soos Kimberley en Johannesburg vervoer.

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 is druk geplaas op die voortsetting van landbou-aktiwiteite en produksie. 'n Groot deel van die distrik se manlike bevolking (16 tot 60 jaar) is vir kommandodiens opgeroep, wat meegebring het dat 'n groot gedeelte van die produksiemag uit die distrik onttrek is en die daaglikse ekonomiese aktiwiteite in die Bethulie-distrik gevolglik ernstig ontwrig is. Die vrouens, kinders en enkele plaaswerkers was nou verantwoordelik vir werksaamhede op die plase. So byvoorbeeld kon aktiwiteite soos om te ploeg, slegs op beperkte skaal voortgesit word, maar alhoewel die landbou hierdeur geknou is, het dit nietemin op kleiner skaal voortgegaan. Die toepassing van die verskroeideaardebeleid in 1900 het landbouaktiwiteite grootliks tot stilstand geruk. Die distrik is van alle lewensmiddele gestroop en in die proses is skape, beeste, perde en pluimvee deur die Britse magte weggevoer en/of doodgemaak. Landerye is opsetlik vernietig en weidinggras aan die brand gestee. Hierdie optrede van die Britse owerheid, in stryd met die bepalings van die Haagse Konvensie, het uiteindelik 'n groot impak op die ekonomiese welvaart van die distrik gehad.

Ná die sluiting van vrede is die hervatting van landbouaktiwiteite gesien as 'n prioriteit ten einde die ekonomiese heropbou van die distrik te verseker. Die distrik se redding was dat, ten

spyte van die feit dat bykans die hele plaasgemeenskap se huise, skure en roerende eiendom vernietig is, veral grondeienaars steeds grond gehad het om na terug te keer. Hierdie grond het nie alleen 'n heenkome gebied nie, maar ook 'n wyse om weer selfversorgend te raak.

Die Britse regering het besef dat die inwoners van die eertydse Boererepublieke weer op die been gehelp moes word ten einde politieke stabiliteit in die twee nuwe kolonies te verseker. Hierdie pogings tot heropbou het groot uitgawes vir Brittanje meegebring. In die vredesverdrag is voorsiening gemaak vir kompensasie van £3 000 000.0.0, maar uiteindelik is veel meer as hierdie bedrag bewillig.³ Britse hulpverlening aan die Bethulie-gemeenskap het geskied by wyse van die Springfontein Repatriation Board (SRB) wat plaasinwoners weer op hul plase hervestig het, asook lenings aan boere, alhoewel op bepaalde voorwaardes, om hulle te help om weer hul boerderyaktiwiteite te hervat.

Alhoewel die Britse regering onderneem het om gemeenskappe soos Bethulie ná die oorlog in die proses van heropbou by te staan, was daar twyfel of die owerheid werklik die daad by die woord sou voeg. So byvoorbeeld het die uitbetaling van kompensasiegeld aan aansoekers in Bethulie baie stadig geskied. In November 1905 is daar per kennisgewing aangekondig dat kompensasiegeld uiteindelik op 11, 12 en 18 Desember 1905 by die magistraatskantoor op Bethulie uitbetaal sou word.⁴ Die kompensasie-eise van Bethulie-inwoners is voorts só afgeskaal dat slegs agt gesinshoofde op Kransdraai elk die skamele bedrag van £1.2.6 ontvang het.⁵ In teenstelling hiermee is 'n verband, asook 'n bedrag van £25.0.0 as kompensasie en £25.0.0 as 'n "vrye gift" aan elk van die 18 lede van die Oranje River Colony (ORC) Volunteers op Bethulie, waaronder J.P. Pellissier, uitbetaal.⁶ Bethulie-inwoners het die Britse owerheid se traagheid om hul woord gestand te doen, gesien as 'n poging om die grond van verarmde boere te bekom.

Alhoewel die meeste eienaars na hul plase terugkeer het, was sommige van hierdie Bethulie-plaasboere verplig om gedeeltes van hul plase te verkoop ten einde kapitaal in die hande te kry. Die ORC Land Settlement Department het munt geslaan uit hierdie situasie deur grond van verarmde Bethulie-boere op te koop en Engelssprekende boere of Britse setlaars daarop te vestig. Die Britse owerheid wou hiermee 'n sterker Britse element in nuwe kolonies in

³ £3 000 000.0.0 is bewillig as kompensasie vir oorlogskade; £2 000 000.0.0 vir Britse onderdane en loyaliste; en £4 500 000.0.0 vir die Protected Burgher Fund. Hoofstuk 5 verskaf meer besonderhede in verband met die bedrae wat as kompensasie, toelaes en pensioene aan Bethulie-inwoners toegeken is.

⁴ *Government Gazette*, 24.11.1905, p. 554.

⁵ NASA, VAB, TG-AB 2: Government Relief Department – Bethulie, 22.12.1905.

⁶ NASA, VAB, CO 134, 490/03: Ex-burghers serving under British – return for ending June 1903.

distrikte soos Bethulie te vestig, maar het hierdeur die karakter van die dorp grootliks verander en die Boere nog verder vervreem.

Soos na verwys in Hoofstuk 5, is die bittereinder, Johannes Lodevicus Viljoen, se plaas Middelpunt, Bethulie, net voor die vrede deur die Britse owerheid per veiling verkoop om die minimale skuld van sy gesin aan die Norvalspont-konsentrasiekamp te delg. Die praktyk van grondonteiening is in daardie stadium bevraagteken, maar Viljoen het die stryd teen die owerheid verloor. Hierdie optrede van die Britse owerheid is gesien as 'n verdere bewys dat die owerheid nie verbind was tot die daadwerklike ondersteuning van verarmde boere nie en het selfs getuig van kwaadwilligheid. Die Britse owerheid se besluite was derhalwe gefokus op eie belang, eerder as op diegene wat deur die oorlog verarm gelaat is.

Die droogte van 1902 en 1903 en die tekort aan voldoende arbeid het die herstel van landbou in die distrik verder vertraag, maar met verloop van tyd het verskeie vendusies getuig van 'n nuwe landbou-era en 'n boeregemeenskap wat hard gewerk het om weer sukses en vooruitgang te behaal. Soos reeds na verwys, het Johannes Cornelius van Rooy 'n nuwe skaapras geteel en bewys dat daar op die Bethulie-boere staatgemaak kon word om weer hul regmatige plek in die landbou in te neem.

Ekonomiese agteruitgang lei tot maatskaplike probleme

Op maatskaplike terrein het dit voor die oorlog met die dorp goed gegaan, ten spyte van 'n bywonersklas wat meestal 'n bestaansboerdery bedryf het op die plase waar hulle gewoon en gewerk het. Die swart gemeenskap was ook meestal arbeiders en op die boere aangewese vir 'n inkomste. Tydens die opkommandering van goedere is niemand oor die hoof gesien nie en selfs weduwees en swart mense was verplig om items en/of voorrade te lewer. Met die bewapening van die Bethulie-kommando kon sommige burgers nie wapens bekostig nie en dit bevestig dat, ten spyte van die welvaart wat die streek beleef het, daar 'n groep inwoners, meer spesifiek bywoners, was wat nie vermoënd was nie. Op die vooraand van oorlog is sekere staatsprojekte opgeskort en is 13 swart gesinne wat by eerw. Christoph Sandroock se sendingstasie betrokke was, hierna werkloos gelaat. Selfs van die hoofsaaklik Engelssprekende spoorwegamptenare by Springfontein, wat in diens was van die Vrystaatse Spoorweë, het vertrek, waarna daar van die stasie se ongeveer 100 inwoners min oorgebly het. Dit was egter met die toepassing van die verskroeideaardebeleid dat alle inwoners, selfs Britse loyaliste, van hul aardse besittings ontnem is en armoede 'n werklikheid geword het.

Tydens die bestaan van die Bethulie-konsentrasiekamp het die Britse owerheid nie veel gedoen om die ooglopende armoede te verlig nie en daar moes dikwels op skenkings staatgemaak word om in die behoeftes van kampinwoners te voorsien. Tydens die repatriasie van Bethulie-inwoners is die minimale hoeveelheid rantsoene vir 'n vasgestelde tyd voorsien en ná die sluiting van die Bethulie-kamp het armoede nog meer toegeneem, omrede sommige inwoners nie 'n ander heenkome gehad het nie. Die meeste van die voorheen welgestelde gesinne was verarm en veral weduwees en kinders het swaar gekry. Die eens vooruitstrewende gemeenskap was binne die bestek van drie jaar in armoede gedompel.

Die Britse owerheid se pogings om maatskaplike kwessies aan te spreek, was nie besonder suksesvol nie, soos spreek uit die Kransdraai-projek wat nooit voltooi is nie en slegs 'n tydelike heenkome aan haweloses gebied het. Die toestaan van kompensasie vir oorlogskade, pensioene en/of toelaes het op die Britse owerheid se voorwaardes geskied en so byvoorbeeld is finansiële hulp agt jaar ná die sluiting van vrede aan slegs drie weduwees uit die distrik toegestaan, terwyl nog 19 weduwees se eise van die hand gewys is. Uit die Britse owerheid se traagheid om die skade wat hulle in die distrik veroorsaak het, om te keer, het dit reeds vroeg geblyk dat die maatskaplike heropbou eerder afhanklik sou wees van volksgenote, persone uit eie geledere en instansies soos die kerk.

Die NG Kerk, en spesifiek ds. H.C.J. Becker, het 'n prominente rol gespeel in die stigting van die Bethulie-weeshuis. Reeds in die konsentrasiekamp het ds. Becker hom oor die kinders ontferm en dit ná die oorlog 'n stap verder geneem met die stigting van die weeshuis. Die kerk en gemeenskap het hande gevat en met basaars en fondsinsamelings geld en skenkings ingesamel om die weeshuis op die NG Kerk se gronde te bou en in te rig. Die weeshuis het uitkoms gebied vir meer as 50 weeskinders, maar meer nog, bewys dat 'n gebroke gemeenskap kon saamstaan om vir die kinders wat die oorlog oorleef het, 'n toekoms te verseker. Sommige van die wees- en pleegdogters, soos die twee Van Vrede-sussies, is selfs in 1907 opgeneem as van die eerste leerlinge aan die nuutgestigte Oranje Meisieskool in Bloemfontein.

Rol van die Bethulie-kommando

Wat die krygsverloop van 1899 tot 1902 betref, was die verdediging van die Vrystaat geskoei op die kommandostelsel en daar is gereeld wapenskoue gereël ten einde die burgers se weerbaarheid te verhoog. Met die uitbreek van die oorlog het Bethulie oor 'n goed bewapende kommando van ten minste 358 krygspligtige burgers beskik, maar alhoewel hierdie burgers

baie goeie ruiters en skuts was, het hulle geen formele militêre opleiding gehad nie en kon hulle eerder bestempel word as 'n volksleër. Nie al die burgers van die kommando het hul krygsplig nagekom nie en daar was diegene wat versuim het om op oproepinstruksies te reageer of het redes aangevoer het waarom hulle nie vir oorlogsdiens beskikbaar was nie. Dit was duidelik dat hierdie burgers nie in dieselfde mate lojaal gestaan het teenoor die stryd nie of nie as kommandolid by die oorlog betrokke wou raak nie. Die groep burgers wat wel by Moordenaarspoort bymekaar gekom het, is met die koms van die Smithfield-kommando in 'n gedugte mag omskep. Hierdie mag kon daarin slaag om Burgersdorp en Venterstad te beset en het ook Stormberg in besit geneem.

Kommandant Floris du Plooy se taktiese bewegings en insig in militêre operasies is reeds vroeg in die oorlog bewys aangesien sy vinnige optrede verhoed het dat hoofkommandant J.H. Olivier en sy kommando op 10 Desember 1899 by Stormberg omsingel is. Olivier en Du Plooy het by twee geleenthede ernstig van mekaar verskil. Du Plooy se voorstel aan Olivier en die res van die krygsraad dat die Boere hul sukses moes opvolg en generaal-majoor William Gatacre se leër, wat na Molteno teruggeval het, te agtervolg en verslaan, is van die hand gewys. Desnieteenstaande het Du Plooy met 'n handvol Bethulie-burgers die agterhoede van die Britte agternagesit en in die proses 'n mulwa gebuit en 'n aantal soldate gevange geneem.

Aangesien die bevelvoerder van die Bethulie-kommando nie deur sy mede-offisiere na waarde geskat is nie, het die Boere die kans verbeur om 'n beslissende oorwinning oor Gatacre te behaal en sy mag tot oorgawe te dwing. Indien daar meer op Du Plooy se voorstelle ag geslaan was, kon dit 'n beduidende invloed op die krygsverloop gehad het en kon die wêreld kennis geneem het van die Bethulie-kommando. 'n Verdere oorwinning in hierdie stadium van die oorlog sou voorts baie vir die Bethulie-kommando en hul medevolksgenote se selfvertroue en volgehoue geloof in die stryd beteken het. Du Plooy en sy Bethulie-kommando het nietemin tydens 'n verdere geleentheid hul dapperheid en vernuf getoon, hierdie keer tydens die geveg by Schoemanskop toe die Montmorency Scouts aangedurf is en kaptein R.H.L.J. de Montmorency gesneuwel het. In die geskiedenisannale van die Bethulie-kommando was die Slag van Stormberg egter hierdie kommando se roemrykste oorwinning tydens die Anglo-Boereoorlog en was dit hul laaste geleentheid om onder leiding van hoofkommandant Olivier die Britse krygsplan omver te werp.

Die krygsverloop ná 10 Desember 1899 by Stormberg en Olivier se terugval na die Vrystaat het 'n demoraliserende uitwerking op die burgers van die Bethulie-kommando gehad, aangesien bykans die helfte met hul terugkeer na Bethulie in Maart 1900, net eenvoudig gedros het en selfs later, tydens die Britse besetting van Bethulie, die wapen neergelê het en die Eed van Getrouheid afgelê het. Hierbenewens het die meerderheid van die brugweg reeds voor die koms van die Britse mag in Maart 1900, gedros. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie burgers nie formele militêre opleiding gehad het nie en die gebrek aan streng opleiding en militêre dissipline meegebring het dat hulle nie voorbereid was op die eise wat oorlogvoering aan hulle sou stel nie. Uit geskrifte is dit duidelik dat die slagting op die oorlogsveld 'n wesenlike impak op hul emosionele welstand gehad het.

Die aandeel van die Bethulie-kommando in die oorlog moet egter nie onderskat word nie en is derhalwe in die studie beklemtoon. Met die voortsetting van die stryd, en spesifiek guerrilla-oorlogvoering, is 'n einde gebring aan die streng afgebakende kommandostelsel. Selfs die Bethulie-kommando het as 'n afsonderlike kommando stelselmatig begin vervaag, veral ná die Brandwaterkom-gebeure in Julie 1900, waartydens 155 Bethulie-burgers krygsgevangene geneem is en slegs 'n klein groep daarin kon slaag om te ontvlug. Die kleiner groep Bethulie-kommando lede het hierna die stryd in die distrik tot en met 31 Mei 1902 voortgesit nadat hulle weer deur hoofkommandant C.R. de Wet opgekommandeer, heringedeel en onder 'n nuwe bevel geplaas is.

Die kleiner Bethulie-kommando se rol in verdere gevegte en skermutselinge is nie volledig in bronne aangeteken nie, maar hul betrokkenheid by gevegte soos Sannaspos, Mostertshoek, Jammersbergdrif, Sandrivier, Roodewal en Bethlehem, asook guerrilla-optredes in die distrik, blyk uit die onderskeie medalje-aansoeke wat later jare ingedien is, asook uit die vertellings van onder meer burger Piet Robinson. Hieruit blyk dit dat die oorblywende lede van die Bethulie-kommando wat nou in ander kommando's ontplooi was, steeds 'n belangrike bydrae tydens die guerrillafase van die oorlog sou lewer. Die Britse owerheid was derhalwe verplig om deurentyd 'n sterk Britse mag in die Bethulie-distrik te ontplooi om die brêe en dorp te beskerm. Daarbenewens is 'n groot aantal troepe in blokhuse langs die Bethulie–Springfontein- asook Bethulie–Stormberg-spoorroete ontplooi, 'n Town Guard op die dorp tot stand gebring, en 'n polisiemag bekend as die Provisional Mounted Police (PMP), daar gestasioneer; dit alles met die belangrike spoorroete as spilpunt en uit vrees vir verrassingsaanvalle.

Die Bethulie-bittereinders onder generaal Georg Brand, waarvan 40 name op die Bethulie-burgerlys verskyn, het uiteindelik hul wapens op 16 Junie 1902 by Quaggafontein, die plaas van C.H. Wessels te Bloemfontein, neergelê. Na afloop van die oorlog is bevestig dat 37 burgersterftes met Bethulie verband hou, waarvan 31 Bethulie-burgers as vegtendes en/of krygsgevangenes tydens die oorlog gesterf het en 'n verdere ses burgers lede van ander kommando's in die Bethulie-distrik dood is. Teen 31 Mei 1902 was daar 199 Bethuliehensoppers en tien joiners in die onderskeie konsentrasiekampe, met nog 18 wat lid van die ORC Volunteers was (joiners afkomstig van Bethulie).⁷

Bethulie se klimaat, omgewing en topografie as bepalende faktore

Die krygsverloop is in 'n groot mate deur die klimaat, omgewing en topografie van die Bethulie-distrik beïnvloed. Bethulie, wat op die randgebied van die Karoo geleë is, lê in 'n gebied wat skaars is aan water, ten spyte daarvan dat die Oranje- en Caledonrivier deel vorm van die distrik. Die Britse owerheid het aanvanklik die slaankrag van die Boererepublieke onderskat, maar kon daarin slaag om met verloop van tyd, danksy verkenning, deeglike kennis te bekom van die omgewing, riviere, spruite, driwwe, ligging van plase en dorpe, hulpbronne, asook die belangrikste spoorroetes. So byvoorbeeld het majoor Altham in sy verslag aan die Britse owerheid verwys na die noodsaaklikheid van waterbronne en genoem dat die beskikbare weiding meer geskik was vir skaapboerdery. Dit sou byvoorbeeld meebring dat voer vir die Britte se perde na Bethulie en sy buurdistrikte vervoer moes word.

Wat die topografie betref, het die omgewing die groot Britse leërmag bevoordeel. Altham het dan ook daarop gewys dat die terrein en geografie ideaal was vir 'n konvensionele mag om in te beweeg, tesame met 'n spoorroete wat die leërmag ondersteun het. Die groot oop vlaktes en enkele verspreide koppies van die Bethulie-distrik het dit vir die Boere moeilik gemaak om skuiling te vind en hul guerrilla-optrede is hierdeur aan bande gelê. So byvoorbeeld moes waarnemende kommandant Pieter Grobbelaar sy pogings laat vaar om in Maart 1900 die mag by die Bethulie-wabrug te versterk, aangesien die oop vlakte geen beskerming teen die Britte se hewige geweervuur gebied het nie. Met die aanbreek van die verskroeideaardebeleid is vlugtende vroulaers maklik deur die Britse kolonnes gewaar en gevange geneem. Anders as in die Oos-Vrystaat met sy berge, valleie en klowe, het die Bethulie-distrik min skuiling gebied vir vegtendes en diegene wat probeer vlug het. Die Boere het hul krygsplan

⁷ Sien Tabel 2.2 in Hoofstuk 2.

hiervolgens aangepas en sedert Maart 1900 groot gevegte vermy. Hulle het dus meestal in kleiner skermutselinge betrokke geraak, soos blyk uit die lys van Britse ongelukke.

Die beskikbaarheid van water was een van die hoofredes waarom die Bethulie-kamp (Doringboomkamp) aanvanklik by 'n terrein noordoos van die dorp opgerig is en later na 'n terrein aan die suidoostekant van die dorp verskuif is (Moeraskamp). Danksy 'n fontein wat in die Marokspruit uitborrel en tot 1 800 liter water per uur kon lewer, is dit gesien as die ideale terrein, maar die ligging en topografie is nie in ag geneem nie. Die Moeraskamp was in 'n laagliggende gebied geleë en wanneer dit gereën het, is die area in 'n moeras omskep. Sedert 1901 en selfs tot ná die oorlog in 1904, het die Bethulie-distrik wisselvallige weersomstandighede ervaar, met nadelige gevolge veral vir kampinwoners. Donderstorms is afgewissel met sterk wind en stofstorms wat tot ongunstige omstandighede in die kamp aanleiding gegee het en tot die verspreiding van siektes soos maagkoors, masels en longontsteking bygedra het. Die verskuiwing van die kamp het midde in die winter van 1901 plaasgevind en temperature so koud as -12°C is tydens 'n kapokstorm in Junie 1902 deur verpleegster Sarie Roos aangeteken. Donderstorms het ook dikwels tydens die vervoer van inwoners na die kamp uitgebreek sodat hulle sopnat gereën het en sommige reeds by hul aankoms ernstig siek was. Hierdie weersomstandighede was 'n bydraende faktor tot die uitsonderlike groot hoeveelheid sterftes in die konsentrasiekamp; dit in teenstelling met die feit dat Bethulie in 1898 een van die dorpe in die Vrystaat was met die kleinste hoeveelheid sterftes.

Aan die oorlogsfront het die skielike donderstorms daartoe gelei dat die Oranje- en Caledonrivier in vloed was en so byvoorbeeld is hoofkommandant De Wet se eerste poging tot 'n inval in die Kaapkolonie in die wiele gery. Die langdurige droogte wat sedert Junie 1902 in die Bethulie-distrik geheers het, het 'n verdere impak op die Bethulie-omgewing gehad en die ekonomiese herstel van die distrik vertraag.

Impak van die Anglo-Boereoorlog op die Bethulie-omgewing

Net soos die omgewingsfaktore in 'n groot mate die krygsverloop beïnvloed het, het die oorlog op sy beurt 'n groot impak op die omgewing van die Bethulie-distrik gehad. Aanvanklik was die impak op die omgewing in 'n mindere mate sigbaar, soos byvoorbeeld wanneer die veld tydens gevegte vlam gevat het en dit skade aan die plant- en dierelewe veroorsaak het, of wanneer sporadiese vernietiging as uitvloeisel van die oorlog plaasgevind het. Met die voortsetting van die stryd in 1901 en die volgehoue guerrilla-oorlogvoering, het

die Britse owerheid sy verskroeideaardebeleid met meer erns toegepas en het die impak van die oorlog op die omgewing al hoe feller geword.

Lord Kitchener se opdrag was om distrikte soos Bethulie skoon te maak van alle lewensmiddele, en die Britse troepe het hieraan gehoor gegee. Alle lewende hawe is gedood en/of weggevoer en selfs landerye en weidinggras is verbrand. Die verrottende karkasse van duisende stuks vee op plase het 'n ernstige gesondheidsgevaar ingehou. Hierbenewens het die Britte groot troepe vee binne 'n bepaalde sone om die dorp aangehou, sodat dit bygedra het tot onhigiëniese toestande en die ekologie van hierdie gebied verder geskaad het. Selfs wild is uitgeroei, soos in Hoofstuk 3 bespreek is. Hierbenewens was verarmde Boere ná die oorlog verplig om wild te jag in 'n poging om aan die lewe te bly, ten spyte van wetgewing wat dit uitdruklik verbied het.

Ná die ontstaan van die Bethulie-konsentrasiekamp en die gevolglike groot konsentrasie van mense in 'n klein gebied, is groot druk op die natuurlike hulpbronne geplaas. Dit blyk uit die latere eise om kompensasie, dat plate bome ('n klein woud) wat vir kilometers langs die Oranjerivier voorgekom het, in die soeke na vuurmaakhout vernietig is. Inheemse bome en struik is uitgekap, en Herman Klynveld het beswaard vertel dat die groot woud van doringbome op sy plaas Florence, sowat vyf kilometer vanaf die Bethulie-kamp, in 'n barre vlakte omskep is. Hierbenewens is die beperkte waterbronne op die dorp sodanig deur die kampinwoners, Britse kolonnes en die karkasse van dooie diere besoedel dat die Britse owerheid verplig was om vir water te boor en selfs 'n opgaardam (Eseldam) te bou vir die voorsiening van skoon drinkwater aan die konsentrasiekamp en Britse kamp. Die teenwoordigheid van 'n groot Britse garnisoen by die Bethulie-brûe het nog meer druk op al hierdie hulpbronne geplaas.

Die oorlog het voorts 'n impak op die natuurlike omgewing gehad. Kyk in hierdie verband na die bou van blokhuse en die oprig van blokhuislyne soos in Hoofstuk 3 bespreek, wat die distrik op verskeie plekke deurkruis het. Ruïnes van woonhuise en plaasopstalle en onooglike skanse wat die strate in die dorp afgesper het, was die nuwe beeld van Bethulie en sy distrik.

Bethulie-konsentrasiekamp

Een van die grootste menslike tragedies het op die vlaktes aanvanklik noordoos en later aan die suidoostekant van Bethulie afgespeel; soveel so dat die geskiedenis van Bethulie steeds oorheers word deur die destydse gebeure in hierdie konsentrasiekamp. Die datalyste en statistiek van sterftes in die Bethulie-kamp vertel die verhaal van 'n oorlog teen burgerlikes

uit veral die distrikte van Fauresmith, Philippolis, Bethulie, Reddersburg en Dewetsdorp. So kon vasgestel word dat die verskroeideaardebeleid veral gedurende die herfs- en wintermaande (April tot Julie) van 1901 fel in die Suid-Vrystaat toegepas is en dat inwoners van die Fauresmith-distrik die grootste inwonertal van die Bethulie-kamp uitgemaak het. Dewetsdorp en Reddersburg is heeltemal ontruim en die inwoners na die Bethulie-kamp gestuur waar nog byna geen infrastruktuur in plek was nie. Ongeveer 1 990 wit inwoners van Bethulie en sy distrik is in die konsentrasiekampe te Aliwal-Noord, Bethulie, Bloemfontein, Norvalspont en Springfontein gehuisves, waarvan ten minste 276 persone (14%) in die onderskeie kampe oorlede is. Die oorgrote meerderheid Bethulie-sterftes (75%) is egter in die Bethulie-kamp aangemeld.

Wanneer die data van die wit Bethulie-kamp met ander omliggende kampe vergelyk word, blyk dit dat die meeste sterftes in die Bethulie-kamp aangemeld is.⁸ Die datalys van die Bethulie-konsentrasiekamp is die stil getuigenis van 'n aantal gesinne wat bykans heeltemal uitgewis is. In sommige gevalle het moeders hulpeloos toegekyk hoe drie of vier kinders uit een gesin binne die bestek van weke en selfs dae sterf. Die lae geboortesifery (wat algemeen is gedurende oorlog) en die groot aantal sterftes onder kinders het in die daaropvolgende jare 'n beduidende invloed op die wit bevolking se aanwas in die Suid-Vrystaat gehad en word daar dikwels verwys na 'n geslag wat verlore gegaan het.⁹

Maagkoors, masels en longonsteking was die hooforsake van sterftes en die redes vir die uitbreek van hierdie epidemies kan gevind word in die swak bestuur van die Bethulie-konsentrasiekamp op feitlik elke terrein; spesifiek deur kampkommandant Henry Russel Deare. Dit is wel so dat sommige sake buite Deare se beheer was, soos byvoorbeeld oorbevolking in die kamp, maar besluite rakende die spasiëring van tente, die besoedeling van die waterbron, swak sanitasiegeriewe, gebrekkige rantsoene en onbekwame mediese personeel, was aspekte wat beter deur hom bestuur moes word. Ná Deare se ontslag in Desember 1901, het St John Cole-Bowen dadelik hierdie kwelpunte aangespreek, met 'n gevolglike daling in sterftes.

⁸ Soos in Hoofstuk 4 aangetoon, is ten minste 1 498 sterftes in die Bethulie-kamp aangemeld, teenoor die gemiddelde 392 sterftes in die ander vier kampe.

⁹ In die Bethulie-kamp het slegs 59 kinders (28%) van die 210 kinders onder die ouderdom van een jaar oorleef. Babas wat in die kamp gebore is, se kans op oorlewing was ook uiters skraal en 63 uit 102 het gesterf. Vir die inwoners van die Bethulie-distrik is 15 babas in die kamp gebore waarvan slegs vier oorleef het. Uit die totale kinderbevolking van 3 296 (15 jaar en jonger) in hierdie kamp, het 33% gesterf.

Alhoewel die blaam vir swak bestuur grootliks op Deare se skouers geplaas kan word, kan die Britse regering, sy leër, asook sy koloniale verteenwoordigers, nie van alle blaam onthef word nie. Juis vanweë die vinnige tempo van die verkroeideaardebeleid is die Bethulie-kamp oorhaastig en sonder behoorlike beplanning ingerig. Dit het gou duidelik geword dat die Britse owerheid nie gereed was om in die behoeftes van die inwoners in die Bethulie-kamp te voorsien nie, aangesien behuising, rantsoene, sanitasie en mediese versorging gebrekkig was. In hierdie omstandighede het die inwoners in 'n stryd om oorlewing gewikkel geraak. Hierdie optrede en swak beplanning was in sterk kontras met ander konsentrasiekampe soos Norvalspont wat Emily Hobhouse as 'n modelkamp bestempel het. Die deeglike en oordeelkundige beplanning wat net 'n jaar later met die inrigting van die kampe te Kabusi en Uitenhage plaasgevind het, het as 'n verdere bewys gedien dat met die nodige beplanning en sorg, kampe ingerig kon word waar die fokus op die welstand van die inwoners geval het.

Swak voorbereiding in die Bethulie-kamp om die burgerlikes wat reeds onder traumatiese omstandighede van hul huise en omgewing weggevoer is, te ontvang, te huisves, te voed en medies te versorg, was aspekte in die klagstaat teen die Britse owerhede. Die groot aantal sterftes in kampe soos Bethulie het die Britse regering tot optrede gedwing, en 'n verslag deur die Fawcett-kommissie het die Britse regering tot daadwerklike stappe verplig ten einde inwoners se omstandighede te verbeter en lewens te red.

Vroue en kinders in konsentrasiekampe soos Bethulie het geen regte geniet nie. Kinders in die Bethulie-kamp is selfs aan kinderarbeid en lyfstraf onderwerp en daar is nie geskroom om oortreders en weerbarstiges in die draadhok te plaas en van rantsoene te ontnem nie. Nie eers oorledenes is met waardigheid behandel nie en is soms net in komberse toegedraai en/of saam met ander oorledenes in 'n gesamentlike graf begrawe. Soos in Hoofstuk 4 na verwys, het inwoners en selfs kinders onder hierdie omstandighede uit die Bethulie-kamp weggeloop, soms met noodlottige gevolge vir kinders, soos Hermanus (Hammie) Coetzee.

Dit is ironies dat die Bethulie-burgers selfs midde in die oorlog menslikheid teenoor die Britse soldate getoon het. Die burgers het gepoog om op die slagveld bystand aan die gewondes te verleen en die gesneuwelde soldate te begrawe. Bethulie se dr. Werdmuller het gewonde soldate behandel en selfs versoek dat ernstig gewonde soldate na Molteno gestuur word waar hulle deur Britse dokters behandel kon word. Die burgers het verkeerdelik aanvaar dat hul weerlose vroue en kinders in kampe op dieselfde menswaardige en simpatieke

behandeling kon staatmaak; iets wat beskaafde oorlogvoering volgens die Haagse Konvensie vereis het, maar deur die Britse owerheid in sy strewe na mag en oorheersing, geïgnoreer is.

Bethulie-gemeenskap onder nuwe Britse bestuur

Die inwoners van die Bethulie-distrik sou mettertyd gewoond raak aan die nuwe era onder Britse bestuur. Reeds op 24 Mei 1900 is 'n nuwe era ingelui toe die Vrystaat as 'n Britse kolonie geproklameer is wat voortaan as die Orange River Colony (ORC) bekend sou staan. As uitvloeisel van die nuwe bestuur is landdroste se benaming na dié van magistraat verander. Alhoewel landdros/magistraat Andrew James Wolhüter aanvanklik in sy amp behou is, is hy later as 'n ongewenste persoon beskou en ontslaan. Geen konkrete bewyse kon gevind word dat Wolhüter dislojaal teenoor die Britse bestuur was nie, maar die blote twyfel oor sy lojaliteit het tot sy ontslag gelei. Dit blyk dat die Britse owerheid teen Julie 1900 baie gerus was oor hul posisie in die ORC en sterk gesteun het op die Provisional Mounted Police en Town Guards om wet en orde in die dorp te handhaaf. Hierbenewens is die Bethulie-distrik se grense in Junie 1902 verander en is dit selfs herdoop tot die Springfontein-distrik. Ná die oorlog, en onder die nuwe Britse bewind, was selfs die kerke in die ORC aan bepaalde wetgewing onderworpe. So byvoorbeeld moes predikante weer aansoek doen om as huweliksbeamptes geregistreer te word. Nuwe wetgewing is gereeld in die *Government Gazette* gepubliseer en die naoorlogse periode tot 1907 was derhalwe vir die Bethulie-gemeenskap 'n tyd wat groot aanpassings geverg het. Hierdie veranderinge, en die voortdurende aanslag op hul taal, kultuur en herkoms, het tot 'n gevoel van verlies aan identiteit gelei, maar tog die vlam van nasionalisme vir wit en swart mense opnuut aangesteek.

Oorlog veroorsaak dikwels konflik, selfs in eie geledere. Hierdie konflik kan 'n gemeenskap se moraal verlaag, samehorigheid teëwerk en dikwels die sosiale orde versteur. Die Bethulie-gemeenskap was sedert die oorlogsverklaring, maar veral ná die sluiting van vrede, in twee definitiewe groepe verdeel. Aan die een kant was daar die stoere republikeine, wat bittereinders en terugkerende krygsgevangenes ingesluit het. Hierdie groep het tot aan die einde van die oorlog volhard en in die behoud van hul vryheid geglo. Aan die ander kant was daar die Britse lojaliste wat hoofsaaklik uit Engelssprekendes, Britse amptenare en joiners bestaan het. Gedurende die oorlog was daar wrywing tussen die Boere en die joiners, wat hul openlik aan die kant van die Britte geskaar het en selfs as tolke en gidse tydens die toepassing van die verskroeideaardebeleid opgetree het. Harde woorde het soms in die konsentrasiekamp

tussen die vroue en joiners geval en daar was ongeloof oor joiners soos H. de Villiers se optrede teenoor volksgenote, veral vroue en kinders. Die ooglopende bevoordeling van joiners in die toestaan van kompensasie vir oorlogskade (Judasgeld), toelaes en pensioene het 'n bitter smaak in die mond gelaat. Nieteenstaande die feit dat daar geen bewyse gevind kon word dat daar ná die oorlog 'n skeuring in die Bethulie-gemeenskap was nie, spreek dit vanself dat daar 'n gevoel van aversie teenoor joiners was. Selfs vandag nog word sommige families in Bethulie steeds uitgesonder weens hul voorsate se betrokkenheid aan Britse kant. Wat wel duidelik blyk, is dat die Afrikaanse kerke, ten spyte van hul voorkeur vir en beskerming van die Afrikaanse taal en kultuur, gepoog het om versoening tussen joiner en bittereinder te bewerkstellig en selfs versoenend teenoor die Britte opgetree het. Die oprigting van 'n burgermonument vir gesneuweldes en die twee Afrikaanse kerke (Nederduitse Gereformeerde Kerk [NG Kerk] en Gereformeerde Kerk) se samewerking in die stigting van Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole, was vir veral die Afrikaanssprekende gemeenskap 'n riem onder die hart.

Die Kerk as baken van hoop, versoening en heropbou

Die prominente rol wat die kerke in die maatskaplike heropbou van Bethulie gespeel het, is in Hoofstuk 5 van hierdie studie beklemtoon. Bethulie het sy oorsprong as sendingnedersetting onder leiding van eerw. Jean Pierre Pellissier gehad. Ten spyte daarvan dat Bethulie in 1899 nie meer 'n sendingdorp was nie, het die kerk steeds 'n groot rol in hierdie gemeenskap gespeel. Die NG Kerk, die Gereformeerde Kerk en die Anglikaanse Kerk het die geestelike versorging van die gemeenskap behartig, en benewens hul godsdienstige verantwoordelikhede, ook met die stigting van kerkskole 'n bydrae tot die opvoeding van kinders gelewer.

Dit is insiggewend dat die opkommandering van burgers op 1 Oktober 1899, ná afloop van 'n Nagmaaldiens bekend gemaak is, terwyl die sluiting van vrede op 1 Junie 1902 tydens 'n Sondag-erediens in die Bethulie-kamp aangekondig is. Die Christelike geloof het sentraal gestaan in die daaglikse lewens van die Bethulie-gemeenskap en die deelname aan kerklike aktiwiteite was vir die gemeenskap belangrik, veral te midde van 'n vernietigende oorlog.

Die onderskeie kerke se betrokkenheid by die Bethulie-gemeenskap loop soos 'n goue draad deur die verskillende fases van die oorlog. Eerw. Christoph Sandrock van die Berlynse Sendinggenootskap, het vlugteling met hul aankoms en vertrek op die Springfontein-stasie van kos en verversings voorsien, en eerw. J. Glover van die Anglikaanse Kerk het die Britse

besettingsmag op die dorp bedien. Dit was egter veral ds. H.C.J. Becker van die NG Kerk wat die Bethulie-burgers, vroue, kinders en bejaardes geestelik versorg en bemoedig het. Kort ná die uitbreek van die oorlog het ds. Becker dienste in die laer by Moordenaarspoort geleë en op 16 Desember 1899, ná die Slag van Stormberg, 'n dankseggingsdiens gehou. Dit was ook ds. Becker wat die eerste oorlogsverwante begrafnisdiens by Bethulie geleë het nadat burger J.H. Viljoen in Februarie 1900 by Schoemanskop naby Molteno gesneeu het. Nadat die verskroeiende beleid momentum begin kry het en die inwoners van omliggende dorpe na Bethulie weggevoer is, het ds. Becker die eerste kampinwoners op die Bethulie-stasie ontvang en van kos voorsien. Ds. Becker en sy gade het toestemming van die Britse owerheid ontvang om eredienste en ander kerklike aktiwiteite in die konsentrasiekamp te organiseer en te lei. Weens die groot werkslas in die Bethulie-kamp, is daar selfs gebruik gemaak van proponente soos A.D. Lückhoff, asook van die hulp van eerw. J.H. Otto. Hierdie geestelikes se dagboeke werp meer lig op die daaglikse lewe in die Bethulie-kamp en die inwoners se stryd om oorlewing. Ná die aankondiging van vrede, was dit ds. Becker wat versoenend opgetree het deur 'n dankseggingsdiens te hou en 'n klipstapel te laat pak; 'n inisiatief waaraan selfs Britse amptenare uit die kamp meegedoen het.

Die impak van die oorlog op die werksaamhede van die twee Afrikaanse kerke was bykans onmiddellik sigbaar, omrede kerklike aktiwiteite soos kerkraadsvergaderings nie kon plaasvind nie. Voorts is ds. Willem Postma van die Gereformeerde Kerk deur die Britse militêre owerheid as 'n ongewenste beskou en na Middelburg in die Kaapkolonie verban. Alhoewel die kerk se inkomste gedurende en na die oorlog aansienlik verminder het, soveel so dat selfs ds. Becker vrywillig van 'n gedeelte van sy traktament afgesien het, en die kerklike eiendom vanweë Britse militêre optrede beskadig is, het die kerk voortgegaan om aktief betrokke te wees en 'n leidende rol in die gemeenskap gespeel.

Die oorlog het noodwendig die sosiale orde in die gemeenskap ernstig ontwrig. Gesinslede is meestal van mekaar geskei deurdat die mans op kommando vertrek het en die vroue en kinders in die onderskeie konsentrasiekampe opgeneem is. Weens die groot getal sterftes in konsentrasiekampe, krygsgevangenekampe en op die oorlogsveld, het die gemeenskap ná die oorlog talle wewenaars, weduwees, weeskinders en gebroke gesinne opgelewer. Die kerk het egter deurentyd gepoog om die sosiale orde te handhaaf deur in die kamp en ook ná die oorlog onder die Bethulie-gemeenskap voort te gaan met praktyke soos huweliksbevestiging, doop en die aflegging van belydenis van geloof.

Veral op die gebied van die onderwys het die kerk 'n reuserol vervul. Voor die oorlog was daar verskeie plaasskole in die distrik, en volgens 'n verslag van 6 Mei 1898 was die skoolgebou op die dorp in 'n treurige toestand en was daar 'n gebrek aan orde in sommige van die klasse, terwyl lees, skryf en spelling as swak beskryf is. Teen 1899 was daar planne vir 'n nuwe skoolgebou op die dorp om voorsiening te maak vir die groeiende aantal leerlinge, maar met die uitbreek van die oorlog is hierdie planne laat vaar. Onderwys het sedert 1902 heelwat by die nuwe era onder Britse bestuur gebaat, danksy Hugh Gunn, 'n boorling van Bethulie wat intussen as direkteur van onderwys van die ORC aangestel is. Kinders is in die konsentrasiekamp blootgestel aan Engelse onderwyseresse en alhoewel onderrig in Engels geskied het, het die dissipline van 'n goeie onderwysstelsel op alle belanghebbendes indruk gemaak.

Ná die oorlog het die vlam van Afrikanernasionalisme steeds gebrand en het veral ds. Becker en ds. Postma 'n groot bydrae gelewer tot die stigting van Afrikaanse skole. Dit het die grondslag gelê vir CNO-skole waar kinders goeie onderrig ontvang het en sodoende 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap kon lewer. Selfs dogters uit die Bethulie-gemeenskap was jare later werksaam as onderwyseresse by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein. Die sterk verband tussen die kerk en onderwys blyk ook uit die werk wat gedoen is deur die Anglikaanse Kerk en Methodiste Kerk wat skole vir swart leerders in die dorp bedryf het. Die NG Kerk het ná die oorlog sy sendingaktiwiteite onder Bethulie se swart gemeenskap hervat en het 'n kerkskool in Lepui gestig. Danksy Hugh Gunn se betrokkenheid is 'n nuwe skoolgebou in Julie 1904 in Bethulie geopen; die eerste nuwe skoolgebou in die ORC, en vandag bekend as die Pellissier Hoërskool.

Ten slotte

Met die verloop van jare het Bethulie en sy gemeenskap weer geleidelik van die gevolge van die Anglo-Boereoorlog herstel, maar die nalatenskap van die konsentrasiekamp oorheers steeds vandag herinneringe aan dié dorp. Talle dekades ná afloop van die oorlog, het die bou van die Gariepdam (voorheen bekend as die Hendrik Verwoerddam) in 1966 tot 1972, meegebring dat verskeie plase op die rivieroewer, wat tydens die Anglo-Boereoorlog op Britse militêre kaarte verskyn het, saam met sommige driewe onder die dam se oppervlak verdwyn het. Die seer en verwoesting wat deur die Anglo-Boereoorlog veroorsaak is, sou egter nie so maklik onder die oppervlak verdwyn nie en is vandag in sekere opsigte steeds sigbaar.

Soos in die Voorwoord vermeld, weerspieël Bethulie die volle impak van die oorlog en kan sodanig as vingerafdruk van die Anglo-Boereoorlog beskou word deurdat die burgerlike bevolking van die Bethulie-distrik direk by die oorlog betrek is; en dit onder meer vanweë die Republikeinse leiers se voortsetting van die stryd, spesifiek guerrilla-oorlogvoering, ná die besetting van die twee hoofstede in 1900, asook die magtige Britse Ryk se imperialistiese doelwitte wat selfs die Haagse Konvensie verontagsaam het. Die uiteindelijke gevolg vir Bethulie ná 31 Mei 1902 was 'n verarmde distrik met 'n ontwrigte gemeenskap en groot skuldlas nadat boere verplig was om groot verbande aan te gaan om van die oorlogskade te herstel.

Benewens die feit dat inwoners van hul welvaart gestroop is en groepe soos die bywonersklas en arbeiders nog meer verarm is, is die meeste inwoners van hul menswaardigheid en hoop gestroop. Wat steeds in Bethulie onthou word, is gesinne se wegvoer onder dwang vanaf hul plase na konsentrasiekampe; die onmenslike omstandighede in die Bethulie-kamp, en die groot aantal sterftes. Omrede inwoners na aan die natuur en grond geleef het, was die vernietiging van hul eiendom en lewensmiddele, veral hul diere, 'n baie traumatiese ervaring.

Die behandeling wat inwoners veral in die Bethulie-konsentrasiekamp ontvang het, het gesprek van harteloosheid. Dit blyk duidelik uit geskrifte dat inwoners hul omstandighede in hierdie kamp as hopeloos gesien het en van mening was dat die Britse bestuur deur hul blote versuim op talle terreine tot die verwaarlosing van inwoners bygedra het. Die optredes deur Russell Deare en sy medekampbestuur, asook die hardvotige en onsimpatieke optredes deur die meeste van die mediese personeel, het hierdie siening onder inwoners versterk.

Met die toepassing van die verskroeidaardebeleid is die gemeenskap nie slegs in armoede gedompel nie, maar kosbare kultuurgoedere soos meubels, familieportrette, musiekinstrumente en familiebybels, gewoonlik met geslagregisters daarin opgeteken, het in die slag gebly. Die verlies aan lewens, veral kinderlewens, was egter die hoogste prys wat betaal is. Die Anglo-Boereoorlog het die Bethulie-gemeenskap op soveel terreine beroof: van geliefdes, finansiële stabiliteit, kultuur, taal en identiteit – laasgenoemde nadat van die inwoners se status van welgestelde voor die oorlog, tot dié van armlastige ná die oorlog, verander het.

Die Britse owerheid het met die toepassing van die verskroeidaardebeleid en die oprigting van konsentrasiekampe die burgerlike bevolking deel gemaak van die oorlog en het op hierdie wyse die impak op die onderskeie gemeenskappe nog meer fel gemaak. Dit was


danksy die geestelike bemoediging van persone soos onder meer ds. Becker en verskeie proponente, dat inwoners daarin kon slaag om tot 'n mate berusting in hul omstandighede te vind. Ten spyte van die talle sigbare verbeteringe op maatskaplike en ekonomiese terrein ná die oorlog en selfs 'n ontwaking van wit en swart nasionalisme, sou die Bethulie-gemeenskap egter die gevolge van die oorlog nog vir dekades ná die sluiting van vrede beleef. Ná afloop van die Anglo-Boereoorlog het groot armoede onder alle bevolkingsgroepe in die twee voormalige Boererepublieke geheers, spesifiek onder Afrikaanssprekendes, en kan hierdie tydperk in die geskiedenis beskou word as een van die grootste oorsake van die uiteindelijke armblankevraagstuk. Die Bethulie-gemeenskap het tydens en ná die Anglo-Boereoorlog inderdaad 'n duur prys betaal wat vandag steeds onthou word.

Hierdie studie het van die veronderstelling uitgegaan dat die Anglo-Boereoorlog 'n veel meer omvattende, komplekse en selfs langdurige invloed op Bethulie en die distrik met sy inwoners uitgeoefen het, as wat tot dusver deur die historiografie weergegee word. Dié studie beeld die tydperk in die geskiedenis van Bethulie uit waartydens die gemeenskap geweldig ontwrig is, maar weer opgestaan het. Alhoewel die fokus van hierdie studie net op 'n enkele dorp en distrik (Bethulie) in die Suid-Vrystaat val, verskaf dit tog 'n breër insig in welke mate die Anglo-Boereoorlog ook ander dorpe kon beïnvloed het, en dus ook wat die impak van die oorlog op ander gemeenskappe kon wees. Hierdie studie belig wel 'n mikro-aspek van die oorlog se invloed op 'n dorp en distrik, maar sodoende word 'n oorlog se impak en reperkussies op 'n land se gemeenskappe ook op 'n makro-vlak beter verstaan.

Met hierdie studie word derhalwe spesifiek binne die konteks van die Anglo-Boereoorlog dieper insigte verkry in die verhouding tussen 'n land se geskiedenis en die invloed daarvan op die land se (wit en swart) inwoners; in dié geval Bethulie en sy distrik. 'n Beter kennis van die gevolge van 'n oorlog op veral 'n gewone lid van 'n gemeenskap sal die leser bemagtig met beter begrip vir die komplekse gevolge van 'n oorlog en gevolglike rolveranderinge by lede van 'n gemeenskap en land. Die waarde lê verder daarin dat dit die leser tot die besef bring dat die verhouding tussen gemeenskappe gebeurte insluit wat mekaar wedersyds ten sterkste kan beïnvloed. Die waarde van 'n deurlopende herbesinning ten opsigte van die invloed wat oorloë op alle mense het, word sodoende ook benadruk.

BYLAES – HOOFSTUK 1

1.1 BETHULIE EN DISTRIK: ONTSTAAN EN AGTERGROND



Gordon se sketse van die Bethulie-omgewing (Oranjerivier en Oranjepoort – 1777).
Bron: Rijksmuseum, Nederland.




San rotskuns (eland met leeus) uit die Bethulie-distrik (datum onbekend).
Bron: Nasionale Museum, Bloemfontein.




Eerw. J.P. Pellissier (1830).
Bron: Pellissierhuismuseum, Bethulie.

1.2 BETHULIE-DISTRIK EN SPOORROETE, 1899



1.3 BETHULIE-INFRASTRUKTUUR: GEBOUE



Die suidoostekant van Bethulie-dorp, 1896.

1. Pastorie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Markstraat).
2. Pellissiersendinghuis, erf en landery (h.v. Boven Noord- en Kerkstraat).
3. Kerkstraat, Bethulie.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.




Bethulie, met die Oranjerivier en die groot vlakte suidoos van die dorp, 1898.

1. Ou Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou (h.v. Grey- en Kerkstraat).
2. Kerkstraat, met die pad wat na die wabrug lei.
3. Eerw. J.P. Pellissier se eerste sendingkerk (h.v. Beyers- en Kerkstraat).

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

1.4 BETHULIE-INFRASTRUKTUUR: STRATE, ERWE, KERKE EN ALGEMENE ARGITEKTUUR



Bethulie-dorp, 1898

1. Nuwe Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou (onderpunt van Rouxstraat).
2. Ou Nederduitse Gereformeerde Kerkgebou (h.v. Grey- en Kerkstraat).
3. Royal Hotel (h.v. Joubert- en Kerkstraat).
4. Bethulie-hotel (h.v. Joubert- en Murraystraat).
5. Gereformeerde kerkgebou (Beyersstraat).


Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.



'n Straat in Bethulie-dorp kort ná die Anglo-Boereoorlog, 1903.


Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

1.5 BETHULIE-DISTRIK, 1899




Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog


1.6 BETHULIE-DORP, 1899



1.7 BETHULIE-INFRASTRUKTUUR – BRÛE



Die Bethulie-spoorbrug in aanbou, met die tydelike spoorbrug langs die voetstukke (1893).
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.



a. Bethulie-spoorbrug; b. Wabrug oor die Oranjerivier, 1903.
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

1.8 VUURWAPENS UITGEREIK AAN DIE BETHULIE-KOMMANDO



Burgers van die Bethulie-kommando wat lidmate van die Gereformeerde Kerk was, tydens die uitreiking van vuurwapens ingevolge Wet 36 van 1896. Die foto is voor die kerk geneem (1898).

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

1.9 UITTREKSEL: DATABASIS – BETHULIE-BURGERLYS


Titel	Van	Naam	Plaas	Wyk	Distrik	Status	Datum gevang
Burger	Adam	William	Bethulie-dorp	Bethulie-dorp	Bethulie	Joiner	
Burger	Adam	James	Roodeplaat	Bosjesspruit	Bethulie	Joiner	
Burger	Aucamp	Hendrik Bernardus	Vlakplaats	Bosjesspruit	Bethulie	Krygsgevangene	15/3/1900
Burger	Aucamp	Pieter	Cyferkuil	Bosjesspruit	Bethulie	Krygsgevangene	15/3/1900
Burger	Barlie	Willem Barend	Onbekend	Onbekend	Bethulie	Hensopper	
Burger	Baumann	C.	Bethulie-dorp	Bethulie-dorp	Bethulie	Onbekend	
Burger	Bekker	Sarel Jacobus Wilhelmus	Spreeuwfontein	Grootrivier	Bethulie	Krygsgevangene	20/11/1901
Burger	Bekker	MJP	Bethulie-dorp	Bethulie-dorp	Bethulie	Onbekend	
Burger	Beukes	Frans Jacob	Rustfontein	Onbekend	Bethulie	Krygsgevangene	20/3/1901
Burger	Beukes	Willem Johannes	Rustfontein	Onbekend	Bethulie	Krygsgevangene	20/3/1901
Burger	Bezuidenhoudt	Petrus Stephanus	Schoombeeksfontein	Grootrivier	Bethulie	Hensopper & Krygsgevangene	6/12/1900
Burger	Bezuidenhoudt	Petrus Stephanus	Wolvedraai	Bosjesspruit	Bethulie	Krygsgevangene	30/7/1900
Burger	Blackbeard	Walter	Diepfontein	Grootrivier	Bethulie	Joiner	
Burger	Bolken	Louis	Priors Stasie	Onbekend	Bethulie	Onbekend	
Burger	Booyesen	Piet Zacharias	Kalkoenkrantz	Grootrivier	Bethulie	Hensopper	
Burger	Booyesen	Zacharias	Vaalbank	Grootrivier	Bethulie	Bittereinder	
Burger	Booyesen	Petrus Johannes (Piet)	Kalkoenkrantz	Grootrivier	Bethulie	Bittereinder	
Burger	Booyesen	Hendrik	Vaalbank	Grootrivier	Bethulie	Bittereinder	
Burger	Bosman	Isaac Johannes	Bonapartefontein	Bosjesspruit	Bethulie	Krygsgevangene	30/7/1900
Burger	Bosman	Isaac Johannes	Hartbeesfontein	Bosjesspruit	Bethulie	Hensopper	
Veldkornet	Botha	Willem Jooste (Willem Jacobus)	Marsfontein	Grootrivier	Bethulie	Krygsgevangene	24/11/1901
Burger	Botha	Adriaan Jacobus Louwrens	Bethulie-dorp	Bethulie-dorp	Bethulie	Protected burgher	
Burger	Botha	Stephanus Johannes	Schoonbeeksfontein	Grootrivier	Bethulie	Onbekend	
Burger	Botha	Theunis	Schraalfontein	Bosjesspruit	Bethulie	Onbekend	
Burger	Botha	Pieter Jacobus	Schoonbeeksfontein	Grootrivier	Bethulie	Onbekend	
Burger	Bothman	Gerhardus	Schraalfontein	Bosjesspruit	Bethulie	Onbekend	
Burger	Bouwer	Frans Hendrik Johannes	Middelspruit	Onbekend	Bethulie	Krygsgevangene	11/2/1902
Burger	Breed	Johannes Augustinus	Mooidraai	Grootrivier	Bethulie	Krygsgevangene	30/7/1900
Luitenant	Breed	Dirk Christoffel	Onbekend	Onbekend	Bethulie	Gesneuwelde	
Burger	Breytenbach	Thomas Carel	Grootfontein	Grootrivier	Bethulie	Krygsgevangene	30/7/1900
Burger	Breytenbach	Jacobus Johannes	Grootfontein	Grootrivier	Bethulie	Krygsgevangene	30/7/1900

1.10 UITTREKSEL: DATABASIS – BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP (INWONERS AFKOMSTIG VAN BETHULIE)

Van	Naam	Geslag	Oud	Lewens-fase	Ouderdoms-groep	Huwelik-status	Plaas	Distrik	Aankoms in kamp	Aankoms maand
Barnard	Maria Magdalena Elizabeth	Vroulik	3	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	DePut	Bethulie	4/5/1901	Mei 1901
Barnard	Martin Samuel	Manlik	5	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	DePut	Bethulie	4/5/1901	Mei 1901
Barnard	Suzara	Vroulik	25	Volw.	21-30 Jaar	Getroud	DePut	Bethulie	4/5/1901	Mei 1901
Beukes	Anna Wilhelmina	Vroulik	20	Jong volw.	16-20 Jaar	Ongetroud	Rustfontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Beukes	Clara	Vroulik	33	Volw.	31-45 Jaar	Ongetroud	Rustfontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Beukes	Susara Aletta	Vroulik	53	Volw.	46-59 Jaar	Getroud	Rustfontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Beukes	Willem Johannes	Manlik	13	Kind	11-15 Jaar	Ongetroud	Rustfontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Booyesen	Johannes Zacharias	Manlik	10	Kind	6-10 Jaar	Ongetroud	Kalkoenkrans	Bethulie	4/9/1901	Sep 1901
Booyesen	Martha Johanna	Vroulik	57	Volw.	46-59 Jaar	Getroud	Kalkoenkrans	Bethulie	4/9/1901	Sep 1901
Booyesen	Martha Magdalena	Vroulik	16	Jong volw.	16-20 Jaar	Ongetroud	Kalkoenkrans	Bethulie	4/9/1901	Sep 1901
Booyesen	Piet Zacharias	Manlik	64	Volw.	60+ Jaar	Getroud	Kalkoenkrans	Bethulie	4/9/1901	Sep 1901
Botha	Adriaan Jacobus Lourens	Manlik	11	Kind	11-15 Jaar	Ongetroud	Onbekend	Bethulie	31/8/1901	Aug 1901
Botha	Adriaan Jacobus Lourens	Manlik	54	Volw.	46-59 Jaar	Getroud	Onbekend	Bethulie	12/9/1901	Sep 1901
Botha	Anna Johanna Maria	Vroulik	50	Volw.	46-59 Jaar	Getroud	Onbekend	Bethulie	31/8/1901	Aug 1901
De Jager	Carolus J P	Manlik	9	Kind	6-10 Jaar	Ongetroud	Glasfort	Bethulie	22/4/1901	Apr 1901
De Jager	Classina Eleanor	Vroulik	10	Kind	6-10 Jaar	Ongetroud	Glasfort	Bethulie	22/4/1901	Apr 1901
De Jager	Gert Johannes	Manlik	5	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Glasfort	Bethulie	22/4/1901	Apr 1901
De Jager	Gert Johannes	Manlik	36	Volw.	31-45 Jaar	Getroud	Glasfort	Bethulie	8/11/1901	Nov 1901
De Jager	Gideon	Manlik	2	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Glasfort	Bethulie	22/4/1901	Apr 1901
De Jager	Hendrik Christoffel	Manlik	4	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Glasfort	Bethulie	22/4/1901	Apr 1901
Fourie	Charles	Manlik	5	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Hermanus Francois	Manlik	8	Kind	6-10 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Lewis Johannes	Manlik	37	Volw.	31-45 Jaar	Getroud	Mooifontein	Bethulie	Onbekend	Onbekend
Fourie	Lewis Johannes	Manlik	13	Kind	11-15 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Maria Dorathea	Vroulik	15	Kind	11-15 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Maria Magdalena Elizabeth	Vroulik	2	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Nicolas Philippus	Manlik	4	Kind	1-5 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Petrus Jacobus	Manlik	12	Kind	11-15 Jaar	Ongetroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901
Fourie	Sophia Jacoba	Vroulik	36	Volw.	31-45 Jaar	Getroud	Mooifontein	Bethulie	23/4/1901	Apr 1901

BYLAES – HOOFSTUK 2

2.1 OPKOMMANDERING EN BEVEL



Kommandeerlys van Wyk Bosjespruit, Oktober 1899.

Bron: Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein.




Kommandant Floris du Plooy van die Bethulie-kommando en sy gade (1899).
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.




Kommandant Hans Swanepoel van die Smithfield-kommando en sy gade (1898).
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

2.2 KAART VAN BOERE SE INVALSROETE, KAAPKOLONIE, NOVEMBER 1899




Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog

2.3 KAART VAN DIE SLAG VAN STORMBERG, 10 DESEMBER 1899



2.4 BETHULIE-SPOORBRUG WORD VERNIETIG




Die verskillende komponente van 'n span van die Bethulie-spoorbrug:

a: Sypaneel.

b: Sypaneel wat onder aan die basisplaat geheg is

c: Koepelvormige stut wat die sypaneel op die basisplaat in posisie hou.

Bron: Transnetargiewe: Spoorbrûe-Bron.



Die Bethulie-spoorbrug (ná herstel - Februarie 1902) met aanduidings waar die ploffstofladings aangebring is.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.




Die beskadigde Bethulie-spoorbrug, gesien vanaf die Kaapkolonie se kant (April 1900).
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.




Die beskadigde Bethulie-spoorbrug (April 1900).
Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

2.5 KAART VAN ANDER GEVEGTE – BETHULIE-KOMMANDO




Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog

2.6 KAART VAN BRANDWATERKOM, JULIE 1900



Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog

2.7 STERFTES: BETHULIE-BURGERS



Burgers van kommandant Lötter se kommando wat krygsgevangene geneem is, met Dirk Christoffel Breedt (nr. 67) voor.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.



Die Bethulie-burghermonument in die dorpsbegraafplaas met die name van onder meer P. van Vrede, J. Venter en A. Roux wat in Maart 1900 by die Bethulie-wabrug gesneeu het.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

BYLAES – HOOFSTUK 3

3.1 BESETTING VAN BETHULIE




Generaal-majoor sir William Gatacre, 1900.




Die besetting van Bethulie op 15 Maart 1900, met die Royal Hotel op die agtergrond.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

3.2 SPOORVERVOER WORD HERSTEL



Skets van die spoorlyn wat oor die Bethulie-wabrug herlei is, 1900.



Oprigting van die tydelike laagwatertreinbrug, 1900.

- a. Beskadigde spoorbrug.
- b. Stutte van ou konstruksiebrug.
- c. Tydelike laagwatertreinbrug.



Offisiere van die Railway Pioneer Corps se “Left Wing” te Bethulie, ten tye van die bou van die tydelike laagwaterbrug en herstel van die spoorbrug, 1900.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein

3.3 BRITSE ONGEVALLE, BETHULIE EN DISTRIK: MAART TOT DESEMBER 1900

Datum	Plek	Rang	Naam	Eenheid	Ongeval	Oorsaak
11.3.1900	Bethulie-brug	Manskap	L.S. Erasmus	Cape Mounted Rifles	Dood	Geveg
11.3.1900	Bethulie-brug	Manskap	K.S. Schroeder	Cape Mounted Rifles	Dood	Geveg
11.3.1900	Bethulie-brug	Manskap	J. Kane	Royal Scots	Gewond	Geveg
11.3.1900	Bethulie-brug	Manskap	Alfred Lenton	Derbyshire	Gewond	Geveg
11.3.1900	Bethulie-brug	Lanskorporaal	Noble Henry Nichols	Derbyshire	Gewond	Geveg
3.4.1900	Plaas Kuilfontein	Manskap	William Henry Bakewell	Imperial Yeomanry	Dood	Siekte
25.4.1900	Plaas Gryskoppies	Manskap	King	Prince Alfreds Guard	Dood	Geveg
26.4.1900	Plaas Gryskoppies	Manskap	Blake	Army Service Corps	Vermis	Krygsgevangene
26.4.1900	Plaas Gryskoppies	Manskap	Harry Miles	Royal Scots	Vermis	Krygsgevangene
26.4.1900	Plaas Gryskoppies	Manskap	William Simkins	Royal Scots	Vermis	Krygsgevangene
26.4.1900	Plaas Gryskoppies	Manskap	Adam H. Jenkins	Prince Alfreds Guard	Dood	Geveg
9.5.1900	Bethulie-distrik	Manskap	John Martin	Lincolnshire	Dood	Siekte
4.6.1900	Bethulie-dorp	Manskap	Jas Golden	Chestershire	Dood	Siekte
29.9.1900	Bethulie-dorp	Manskap	Reginald G. Partridge	Gloustershire	Dood	Geveg
4.10.1900	Bethulie-brug	Sersant	J. White	Chestershire	Dood	Selfdood
13.10.1900	Plaas Spreeuwfontein	Luitenant	Edward Mansfield Hanbury	East Yorkshire Regiment	Dood	Geveg
13.10.1900	Plaas Bankjes	Manskap	T. Cantello	Onbekend	Dood	Geveg
13.10.1900	Plaas Bankjes	Manskap	J. Morrison	Onbekend	Gewond	Geveg
19.10.1900	Bethulie-dorp	Manskap	MacPherson	Orange River Colony Police	Gewond	Geveg
2.12.1900	Plaas Goedeheop	Sersant	A. Creighton	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
2.12.1900	Plaas Goedeheop	Manskap	George Pickford	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
2.12.1900	Plaas Tafelberg	Lanskorporaal	J. McCroa	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
2.12.1900	Plaas Goedeheop	Luitenant	Stanley Reavy Theobald	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
3.12.1900	Plaas Goedeheop	Manskap	Arthur William Sear	Queens 9 th Royal Lancers	Dood	Geveg
3.12.1900	Plaas Goedeheop	Manskap	J.W. Hights	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
3.12.1900	Plaas Goedeheop	Luitenant	John Gordon Stirling	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
3.12.1900	Plaas Goedeheop	Manskap	Charles Henry Frisby	Queens 9 th Royal Lancers	Gewond	Geveg
6.12.1900	Bethulie-dorp	Manskap	Jesse John Surman	Coldsteram Guards	Dood	Maagkoors


3.4 BRITSE ONGEVALLE, BETHULIE EN DISTRIK: JANUARIE 1901 TOT MEI 1902

Datum	Plek	Rang	Naam	Eenheid	Ongeval	Oorsaak
28.1.1901	Caledonfonteindrif	Korporaal	Peter McGerty	Chestershire	Dood	Maagkoors
1.2.1901	Bethulie-dorp	Manskap	W. Linton	Bethunes M.I.	Beseer	Treinongeluk
3.2.1901	Bethulie-spoorlyn	Manskap	Lars G. Ibsen	Bethunes M.I.	Dood	Treinongeluk
3.2.1901	Bethulie-spoorlyn	Manskap	William. C. O'Niell	Bethunes M.I.	Dood	Treinongeluk
3.2.1901	Bethulie-spoorlyn	Kaptein	G.V.G.F.C. Webster	Bethunes M.I.	Dood	Treinongeluk
5.2.1901	Plaas Willoughby	Sersant	J.S. Fraser	Lancaster Mounted Infantry	Dood	Weerlig
19.2.1901	Bethulie-brug	Manskap	A.G.J. Cartwright	Chestershire	Dood	Verdrink
12.3.1901	Plaas Diepfontein	Luitenant	William Michael Joseph White	Scottish Rifles	Dood	Geveg
9.4.1901	Bethulie-dorp	Manskap	H.F. (John) Sylvester	17 th Lancers	Dood	Treinongeluk
2.5.1901	Bethulie-dorp	Manskap	W. Charles Rutter	16 th Mounted Infantry	Dood	Maagkoors
6.5.1901	Plaas Meyerskraal	Manskap	David Marr	17 th Lancers	Dood	Geveg
6.5.1901	Plaas Meyerskraal	Manskap	David Ward	17 th Lancers	Dood	Geveg
6.5.1901	Plaas Meyerskraal	Lanskorporaal	R. Dunworth	Northumberland Fusiliers	Gewond	Geveg
20.5.1901	Plaas Dwarshoek	Manskap	Albert Martyn	Royal Fussiliers	Dood	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Lanskorporaal	J. Reid	Loyal North Lancashires	Dood	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Manskap	C. Roberts	Loyal North Lancashires	Dood	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Lanskorporaal	E.J. Dalley	Duke of Cornwalls	Dood	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Luitenant	H.L. Helme	Loyal North Lancashires	Gewond	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Korporaal	George Perrin	Loyal North Lancashires	Gewond	Geveg
26.5.1901	Plaas Palmietfontein	Manskap	J. Johnson	Duke of Wellington	Gewond	Geveg
20.6.1901	Plaas Springbokfontein	Manskap	William Harrold Mills	5 th Mounted Infantry	Dood	Geveg
20.6.1901	Plaas Springbokfontein	Korporaal	John Hunt	5 th Mounted Infantry	Dood	Geveg
28.6.1901	Plaas Klipkraal	Korporaal	A.B. Smith	South African Light Horse	Dood	Geveg
26.7.1901	Bethulie-brug	Manskap	James Johnstone	Highland Light Infantry	Dood	Siekte
6.8.1901	Plaas Koppieskraal	Lanskorporaal	John Harry Anning	Imperial Buschmen	Dood	Geveg

Bethulie 1896-1907, met spesifieke verwysing na die Anglo-Boereoorlog

Datum	Plek	Rang	Naam	Eenheid	Ongeval	Oorsaak
6.8.1901	Plaas Koppieskraal	Manskap	Colin Stirling	Imperial Buschmen	Dood	Geveg
6.8.1901	Plaas Koppieskraal	Manskap	William Brace	Imperial Buschmen	Gewond	Geveg
6.8.1901	Plaas Koppieskraal	Manskap	William Gellan	Imperial Buschmen	Gewond	Geveg
6.8.1901	Plaas Koppieskraal	Korporaal	James Wylie	Imperial Buschmen	Beseer	Van perd geval
18.8.1901	Bethulie-distrik	Manskap	J. McEwan	Mounted Infantry	Dood	Skietongeluk
6.10.1901	Bethulie-brug	Manskap	P. Ryan	Connaught Rangers	Gewond	Skietongeluk
7.10.1901	Bethulie-brug	Kaptein	Maskell Mackenzie Downie Morrison	Royal Garrison Artillery	Dood	Skietongeluk
10.10.1901	Bethulie-brug	Lanskorporaal	V. McBride	Connaught Rangers	Dood	Verdrink
25.10.1901	Bethulie-distrik	Manskap	W. Tynan	Irish Fusiliers	Gewond	Geveg
20.11.1901	Bethulie-brug	Manskap	T. Whyatt	Chestershire	Dood	Skietongeluk
1.12.1901	Plaas Strydfontein	Sersant	William David Smith	Royal Field Artillery	Dood	Geveg
31.12.1901	Bethulie-dorp	Manskap	A.W. Lowe	Kings Royal Rifle Corps	Dood	Siekte
20.4.1902	Bethulie-brug	Manskap	Daniel McKay	East Yorks Regiment	Gewond	Skietongeluk
20.4.1902	Bethulie-brug	Manskap	William Watson	East Yorks Regiment	Gewond	Skietongeluk

3.5 VERDEDIGINGSTRUKTURE BY DIE BETHULIE-BRÛE EN DORP



Een van die blokhuse by die herstelende Bethulie-spoorbrug, Desember 1901.



Die blokhuis van nader gesien.



Fortifikasies voor die magistraatskantoor in Kerkstraat, Bethulie, 1901.




Fortifikasies opgerig deur die Bethulie Town Guard in Bethulie-dorp.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

BYLAES – HOOFSTUK 4




4.1 SKETS VAN DIE VOORGESTELDE TERREIN VAN DIE BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP



Skets deur A.G.H. Daller van die voorgestelde terrein vir die Bethulie-kamp (April 1901).





Bron: Vrystaatse Argiefbewaarpark, Bloemfontein.

4.2 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: INWONERSTATISTIEK




Data: Grafiek 4.2.3				
Maand	Mans	Vroue	Kinders	Totaal
April 1901	44	324	749	1 117
Mei 1901	117	567	1 011	1 695
Junie 1901	380	1 048	2 012	3440
Julie 1901	449	1 412	2 620	4 481
Augustus 1901	509	1 525	2 733	4 767
September 1901	536	1 581	2 682	4 799
Oktober 1901	451	1 598	2 646	4 695
November 1901	513	1 538	2 480	4 531
Desember 1901	493	1 453	2 299	4 245


4.3 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: STERFTESTATISTIEK




Grafiek 4.3.5
Alle sterftes per lewensfase van inwoners




Grafiek 4.3.6
Alle sterftes per lewensfase van inwoners as 'n persentasie





Grafiek 4.3.7
Alle kindersterftes per ouderdomsgroep




Grafiek 4.3.8
**Vergelyking van tydperk voor en ná hervormings:
Sterftes – 1 Junie 1901 tot 31 Mei 1902**



4.4 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP IN VERGELYKING MET ANDER OMLIGGENDE KAMPE: STERFTESTATISTIEK





4.5 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP TERREIN



Die Moeraskamp met tente naby mekaar opgeslaan (Augustus 1901).

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.




Die Moeraskamp met tente verder uit mekaar opgeslaan en baksteenstrukture op die agtergrond (Maart 1902).

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

BYLAES – HOOFSTUK 5

5.1 BETHULIE-KONSENTRASIEKAMP: INWONERSTATISTIEK NÁ DIE VREDE VAN VEREENIGING



5.2 BETHULIE-DORP EN MUNISPALE GEBOU NÁ DIE OORLOG, 1903



Bethulie-dorp, 1903.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.



Munisipale gebou, 1903.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

5.3 WEESKINDERS EN VERSORGERS: BETHULIE-SKOOL



Weeskinders en versorgers in die Bethulie-kamp, kort voor die Vrede.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.



Die Bethulie-staatskool in aanbou, 1904.

Bron: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein.

BRONNELYS

A. PRIMÊRE BRONNE

1. ARGIVALE BRONNE

1.1 NASIONALE ARGIEF VAN SUID-AFRIKA (NASA)

1.1.1 Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad

KAB CCP 1/2/28: Viaduct Works Company, 1875.

KAB M 4/1746: Plan and section of Bethulie bridge, 1878.

KAB 6/9/762: Death notice of J.A Worsley – 2199, 21.8.1914.

1.1.2 KwaZulu-Natal Argiefbewaarplek (NAB), Pietermaritzburg

NAB N 01: Mediator – Bethulie, 2.2.1902.

1.1.3 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria

a. Preller-versameling (A787)

A787, 81: Kommandogeskiedenis van die Z.A.R. en die O.V.S.: Geskiedenis van Bethulie-kommando, 28.5.1939.

A787, R 7783/96: Werdmuller, Bethulie – Petisie ten faveur der leden van het Reform Comitee, 1896.

A787, R 9713/94: H. Klynveld – Re oorlogsbelasting op zyn 6 plaatsen, 1894.

b. Central Judicial Commission (CJC)

CJC 167: Claims for compensation of British subjects in the Orange Free State, Bethulie, 1903-1906.

CJC 190, 108: Carel Albrecht de Villiers – Bethulie, 26.8.1903.

CJC 195, 1130: Floris Dirk Jacobus Stephanus Coetzee – Bethulie, 19.9.1904.

CJC 245, 485: Carl Kallmann – Bethulie, 2.11.1903.

CJC 281, 9609: Robert Dunn Nicholaisen – Bethulie, 3.10.1903.

CJC 534, 31: J.B. Haasbroek, 1903.

CJC 535-540: Protected Burgers – Bethulie, 1903.

CJC 1307, 112: L.W. Boshoff (weduwee), 30.3.1904.

CJC 1308, 161: Gerhardus Stephanus Coetzee, 14.9.1903.

CJC 1308, 149: Willem Jacob Botha, 5.10.1903.

CJC 1309, 185: Bethulie Dutch Reformed Church, 16.10.1903.

CJC 1309, 192: Schalk Willem Engelbrecht, 10.11.1903.

CJC 1311, 261: H. Holm, 20.10.1903.

CJC 1316, 444: Willem Postma, 20.11.1903.

CJC 1317, 446: A.J. Peyper, 17.9.1903.

CJC 1321, 315: Emile Klynveld, 14.9.1903.

1.1.4 Vrystaatse Argiefbewaarpark (VAB), Bloemfontein

a. Renier-versameling (A119)

A119, 2877: S.T. van Vuuren, 9.2.1960.

A119, 2877: Tien Toerien, 18.6.1953.

A119, 119.124: Herinneringe van Bettie Smith, 11.11.1949.

b. Roux-versameling (A305)

A305a: Notaboek – generaal Paul Roux, 3.11.1900.

c. Registrateur van Aktes (AKT)

AKT 50, 2/1/2/2: Landregister – Bethulie, 1858-1899.

AKT 50, 2/3/2/5: Standregister – Bethulie magistrates erven register, 1864-1931.

d. Colonial Secretary, ORC (CO)

CO 1, 78/01: Miss Priors and Mr Hockley, loyal farmers Springfontein and treatment by military authority, 16.2.1901.

CO 2: Letter book – D.C. du Plessis, 15.12.1900.

CO 3, 149/01: John Schieder's stock dealings, 28.2.1901.

CO 3, 174/01: Khaki uniforms for the Bethulie Town Guard, 26.2.1901.

CO 3, 174/02: Enquiry by Dr Wohlers regarding the Queen's South Africa Medal for the Town Guards in the ORC, 15.10.1904.

CO 6, 379/01: Contract to Mrs Schieder for the Bethulie gaol, 13.3.1901.

CO 10, 777/01: William Adams – claim for compensation, 6.4.1901.

CO 10, 985/01: Quarterly report on Bethulie matters, 25.4.1901.

CO 18, 1460/01: Mr Daller's report on Springfontein, Bethulie and Aliwal North camps, 12.4.1901.

CO 29, 2668/01: Purchase of civil supplies at Bethulie by troops, 30.7.1901.

CO 32A, 3135/01: Mrs Van der Merwe in Bethulie gaol, application to be sent to Bloemfontein RC, 29.8.1901; 7.9.1901; 10.9.1901.

CO 32, 1724: Monthly report on native RC Edenburg, 3.5.1901.

CO 37A, 3093/01: Report on the Bethulie gaol, 14.10.1901.

CO 39, 3694/01: Orphans to relatives in the Cape Colony, 3.2.1902.

CO 39, 3694/01: Orphans without relatives: Bethulie, 11.10.1901.

CO 39: Despatch from High Commissioner, 11.2.1902.

CO 41, 3841/01: Petition of shopkeepers at RC at Bethulie complaining of scarcity of supplies, 22.10.1901.

CO 41, 3891/01: Teachers refugee camp schools, 9.9.1901.

CO 41, 4083/01: A.W.R. Schieder, claim for goods taken by civil authorities, 15.11.1902.

CO 46, 4262/01: J.K. Deney and the African Methodist Episcopal Church, 22.11.1901.

CO 47, 4303/01: Mrs A. Fouche, a leper in the Bethulie refugee camp, 17.11.1901.

CO 48: Despatch from High Commissioner regarding Bethulie RC, 12.12.1901.

CO 48A, 4401/01: Marriage officers appointed under the late OFS Government, 18.12.1902.

CO 53, 110/02: Election of Municipal Councillors for Bethulie, 3.1.1902.

CO 57, 964/02: Accusations against Mr Grant, 20.2.1902.

CO 59, 720/02: Letter of attorney, claim of J.P.S. Pretorius, 28.4.1902.

CO 59, 720/02: Claim of J.P.S. Pretorius, 30.5.1902.

CO 59: Complaint made by Messrs Bergh and Co. against the RM of Bethulie, 5.3.1901; 18.3.1901; 12.4.1901; 25.3.1902; 9.4.1902.

CO 61, 890/02: Death of the Hon. C.J. Rhodes – Bethulie Municipality, 27.3.1902.

CO 65, 117502: Returns of orphans in RCs at Aliwal North, Bethulie and Springfontein, 25.4.1902.

CO 68, 1374/02: Refugee camps monthly report for April 1902, 13.5.1902.

CO 70, 1527/02: Proposed visit to Bloemfontein to purchase decorations for government buildings in Bethulie, 28.5.1902.

CO 74, 1839/02: Statistics of Municipal Police and SAC, 16.12.1902.

CO 74, 1845/02: District Repatriation Boards appointment at Bethulie, 20.6.1902.

CO 74, 1855/02: ORC Civil Telegraph Services, 23.8.1902.

CO 74, 1882/02: Cattle belonging to Cold Storage running on farms near Bethulie, 21.6.1902.

CO 74, 1899/01: Doctor Dunn, RC Bethulie, application for his appointment as doctor in the district, 24.6.1902.

CO 81, 7364/02: Brothels and houses of ill-fame in the ORC, 11.7.1902.

CO 87, 2907/02: Permission to visit Bloemfontein and address to HM, 3.8.1902.

CO 87: Proclamations issued in the Orange River Colony, 23.6.1902.

CO 89, 3071/02: Reformed (Dopper) Church, Bethulie, 12.8.1902.

CO 89, 3744/02: Civil claims, 13.9.1902.

CO 91, 3388/02: SAC report on work done, 22.8.1902.

CO 93: Expropriation of land for railway purposes, 23.1.1902.

CO 95, 3526/02: Oath of Allegiance – Ref. Camp Bethulie, 1.9.1902.

CO 95, 4671/02: Bethulie Refugee Camp – buildings to be utilized by SAC, 30.10.1902.

CO 97: Sale of stock by auction at Bethulie, 7.7.1902.

CO 111, 4760/02: Emigrants to Argentina, 19.10.1902.

CO 123, 8980: Letter to the Chief Superintendent, 12.7.1902.

CO 132, 33303: A.W.R. Schieder's application to release from prison, 1.6.1902.

CO 134, 488/03: Wright and Scroeder's application to import lead for building purposes, 19.1.1903.

CO 134, 490/03: Ex-burghers serving under British – return for ending June 1903.

CO 134, 492/03: RM duties taken over – Baker, 21.1.1903.

CO 137, 775/03: Statistics of Municipal Police and SAC, 16.12.1902.

CO 139: Police Instruction E.2, 1903.

CO 155, 16640: Public auction held at Bethulie Refugee Camp, 20.1.1903.

CO 156, 4780/03: Claims of Reformed Church, 23.3.1903; 15.7.1903.

CO 157, 2303/03: Relief Camps ORC monthly report working, 21.3.1903.

CO 161, 2480/03: Appointments, 16.4.1902.

CO 161, 2497/00: Mrs Koopmans desire to forward packages of clothing received from abroad, 18.4.1903; 25.4.1904.

CO 161, 2659/03: Killing of game at Bethulie, 9.4.1903.

CO 171, 3502/03: Fencing Commission for Bethulie, 7.5.1903.

CO 176, 2288/03: Claims of churches – early consideration of request by the Algemene Vergadering of DR Churches, 15.7.1903.

CO 189, 4999/03: Relief Works Department – report on origin and objectives on work done, 16.2.1903; 29.3.1903; 7.7.1903.

CO 191, 5192/03: School Committee, Bethulie, 14.7.1903.

CO 214, 6824/03: Day of prayer and humiliation for SA, 15.9.1903.

CO 216, 6998/03: Education report 1903, 25.9.1903.

CO 216, 975B: Board of Commissioners to stop pay of native constables, 28.9.1903; 7.10.1903.

CO 219, 1130/03: The AME – Bethulie, 6.10.1903.

CO 223, 7149/13: SANAC questionnaire, 16.10.1903.

CO 240, 6831/03: Diamond drills, 11.12.1903.

CO 243, 8874/03: Leave of absence for Supt. R.A.E. Huges of Kransdraai, 29.12.1903.

CO 243, 8887/03: Circular 7183/0328, 29.12.1903.

CO 246, 195/03: Illness of RM Magistrate Baker, 11.1.1904.

CO 251: Introducing cattle in the Cape Colony 1903, 23.1.1904.

CO 257, 932/04: Escape from the Bethulie gaol, 9.2.1901.

CO 269: Letter to ORC Colonial Secretary, 26.3.1904.

CO 281, 2775/04: Relief Works Department: Permit to possess a rifle, 20.4.1904.

CO 290: Land Settlement Department – report on Relief Works Department, 6.6.1903; 25.4.1904.

CO 290, 3773/04: Progress made in the administration of the ORC, 23.5.1904.

CO 290, 3773/04: Progress made in the administration of the ORC, 6.1903-5.1904.

CO 304: Crime report for ORC for the month 1904, 6.7.1904.

CO 640: Eed van Trou – F.J. Booysen, 15.8.1902.

CO 679, 40/1222: Medical report on Marthinus Edward Fourie – relief of the poor, 1906-1909.

CO 679: Survey of war widows and orphans in ORC, 1906-1909.

e. Colonial Treasurer, ORC (CT)

CT 2: Reg. No. 1044 – Bethulie, 10.7.1900.

CT 2: Reg. No. 1044 – Bethulie, 25.7.1900.

CT 3, A111: Attack on Bethulie, 16.10.1900.

CT 16: Sale of confiscated farms – J.L. Viljoen, 13.3.1902; 24.12.1902.

CT 18: Native pass books for Bethulie, 5.1.1903.

CT 765/01: Detail issue stores, 6.4.1901.

f. Government Relief Department, Director ORC (GRD)

GRD 6, 80/02: Members of the local board approved, 20.6.1902.

GRD 6, 144/02: Sheep and cattle for Bethulie, 27.6.1902.

GRD 15, 452/02: Telegram – repatriation Bethulie, 1.9.1902.

GRD 15, 452/02: Repatriation ORC, 12.9.1902; 13.9.1902.

GRD 15: Visit to Springfontein, 2.9.1902.

GRD 21, 8979: Men required to work under the Repatriation Board, 21.7.1902.

GRD 49, 9227: List of refugees leaving Bethulie Camp for Bloemfontein, 16.7.1902.

GRD 71-72: Repatriation – Bethulie, 5.1.1903; 6.2.1903.

GRD 120, 9221: Rations supplied to refugees returning to farms, 15.7.1902; 25.7.1902.

GRD 120, 9227: Rations supplied to refugees returning to farms, 6.8.1902.

GRD 120, 9831: Rations supplied to refugees returning to farms, 9.9.1902; 15.9.1902; 17.9.1902; 1.10.1902.

GRD 120, 9227: Rations supplied to refugees returning to farms, 6.8.1902.

GRD 120, 9229: Rations supplied to refugees returning to farms, 28.7.1902; 2.8.1902.

GRD 120, 9230: Rations supplied to refugees returning to farms, 1.8.1902.

GRD 120, 9831: Rations supplied to refugees returning to farms, 9.9.1902.

GRD 122, 9858: Rations supplied to refugees returning to farms, 16.10.1902; 30.10.1902.

GRD 199-200: Bethulie treasury register – salaries, July 1902 - December 1902.

GRD 232: Monthly report – Government Relief Department: Springfontein, 9.8.1902; 24.4.1903; 28.6.1903.

GRD 233-235: Protected burgher claims, 27.6.1903; 27.7.1903.

g. Goewermentsekretaris van die Oranje-Vrystaat (GS)

GS 15: *Ordonnantie-boek*, 26.2.1861.

GS 42: Ontvangsten en uitgaven, 1899.

GS 1243: Governments kennisgeving No 289 – 1898, 18.6.1898.

GS 1423: Governments kennisgeving No 262 – 1898, 22.4.1898; No 273 – 1898, 4.5.1898.

GS 1428, 67: Bosjespruit en Grootrivier – geweren en patronen, 27.2.1898.

GS 1428: A.G. du Plooy – Mauser 5845, 3.6.1899.

GS 1428: A.J. Pienaar – Mauser 2378, 15.6.1897.

GS 1428: J.P. van der Walt – Martini-Henry 91, 21.11.1898.

GS 1428: Krijgsbehoeften in de magazijnen in de OVS, 1898-1899.

GS 1428: P.J. van Rensburg – Mauser 5819, 15.1.1899.

GS 1428: S.J. Brits – Mauser 2498, 8.2.1898.

GS 1428: S.R. Coetzee – Martini-Henry 361, 17.6.1899.

GS 1428: Certificatie van geweeren en patrones vir Februarie 1899 - Desember 1899.

GS 1428: W.J. Snyman – Martini-Henry, 29.8.1898.

GS 1501: Telegram deur P.J. Blignaut (Vrystaatse goewermentsekretaris) aan magistrate in OVS, 25.1.1896.

GS 2113: Bethulie, 1900.

GS 2191: Schutmeesters, Districts Raad, Bouwcommissies, Taxateurs, 1881-1899.

GS 2191: Testateurs voor Gouvernement en Weeskamer, 1898.

GS 2192-5a: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

GS 2192: Lyst van amptenaren, 1881-1899.

GS 2194: Naamlyst der veldkornetten in der Oranje Vrijstaat, 1.3.1888.

GS 379.685: Verslag van den Superintendent Onderwijs, 1898.

GS R6286-3: Commandeerlyst Bethulie, 1899.

h. Military Governor, ORC (MG)

MG 1: Oaths at Bethulie, 24.3.1900.

MG 1: Orphan Chambers, 1900.

MG 1: Wolhüter of Bethulie, 24.3.1900.

MG 2/276: Field Intelligence Department, Bethulie map by J. Wood, 1900.

MG 2: Ammunition discovered at Bethulie – C. Grant, 15.8.1900.

MG 2: Appointment of Mr McDonald and Visser – Justice of Peace, 2.8.1900.

MG 2: Appointment of Mrs Engelbrecht as teacher at Bethulie, 22.8.1900.

MG 2: Attack on Bethulie – letter to Major Apthorp, 15.10.1900.

MG 2: Bethulie – sanction of payment, 3.7.1900.

MG 2: Bethulie gaol, 4.6.1900.

MG 2: Bethulie RM, 9.5.1900.

MG 2: Bethulie: Appointment of F. Fleck at Bethulie, 4.5.1900.

MG 2: Civil Intelligence Department, 5.6.1900.

MG 2: Illness of RM Grant, 5.1.1901.

MG 2: Income received: Bethulie, 4.7.1900.

MG 2: Letter by Miss McIntyre regarding Mr Stuart of Klipbanksfontein, 28.1.1902.

MG 2: Letter by residential magistrate of Bethulie, 31.5.1900.

MG 2: Letter from RM at Bethulie about the PMP and gaoler, 21.12.1900.

MG 2: List of inmates in the Bethulie gaol, 28.7.1900.

MG 2: Magistrates residence at Bethulie, 29.7.1900.

MG 2: Removal of the Free State Coat of Arms, 30.5.1900.

MG 2: Report for the month of September 1900 on the district of Smithfield, Bethulie and Rouxville, 12.9.1900; 16.9.1900.

MG 2: Teachers appointed – Miss Waugh, 11.8.1900.

MG 2: Trooper Wilson to be appointed at Bethulie, 21.10.1900.

MG 2: Trooper Wilson's position at the Bethulie gaol, 27.12.1900.

MG 6: Army telegraphs – Mounted Police, 3.1.1901.

MG 6: Dirk Venter arrested at Bethulie, 21.8.1900.

MG 6: Dismissal of Mr J.C. Kruger, 14.8.1901.

MG 6: Rations for Bethulie, 17.12.1900.

MG 8: District Commissioner of Smithfield regarding Boer activities, 30.10.1900.

MG 8: Magistrate Grant of Bethulie to Military Governor requesting permission to establish a Town Guard, 15.10.1900.

MG 8: Military Governor District Commissioner of Smithfield – appointment of Lieutenant Dickenson, 25.6.1900.

MG 8: Telegram regarding Wolhüter, 8.6.1900.

i. Meester van die Hooggeregshof (MHG)

OVS Boedels, film 039 4634 03, 13 MOD. E. 1684, Rol nr 16: Schalk Willem Engelbrecht, verfilm op 3.8.1984.

MHG H1321: Hermina Gertruida Wilhelmina van Huysteen, gebore Human, 1901.

MHG H 2544: Dirk Christoffel Breedt, 1901.

j. Oranjerivierkolonie (ORC)

ORC 84: Grants of assistance to persons who were wounded during the war and also to widows of persons killed during the war.

ORC 173-194: Orange River Colony – list of government farms, 1.10.1905.

ORC 173-194: Rainfall records, 1903.

ORC 173-194: Report on the conservation of forests – ORC, 1903.

ORC 213: Police instruction – E14, 1903.

ORC 296-304: Railway property, 1904.

ORC 296-304: Conference of delegates from School Committees, 24-25.4.1906.

ORC 296-304: Departement van Landbouwen – ORC, 1905/6.

k. Provincial Mounted Police (PMP)

PMP 1: Provisional Mounted Police letterbook, 1.5.1900.

l. Publieke Werken Department (PWD)

PWD, 1/230, 5/22/3: Plan – Telegraafkantoor te Bethulie, 1881.

PWD, 2/368, 5/20/15: Plan – Schoolgebouw te Bethulie, 1899.

PWD, 10: Lyst voor applikanten voor gouvernements boor Bethulie, 10.8.1898.

m. Superintendent of Refugee Camps, Chief ORC (SRC)

SRC 3: Military must allow refugees to collect their personal belongings before removed from farms, 19.3.1901.

SRC 3, 867: General Hamilton sending 1 000 refugees: Question where to place them, 28.3.1901.

SRC 3, 1069: Appointment of Mr Deare, 4.4.1901.

SRC 3, 1069: Russel Deare, 6.4.1901.

SRC 5, 1348: White refugees cannot be accommodated at Edenburg Camp, 18.4.1901.

SRC 15, 8248: Religious services in Bethulie RC, 2.4.1902.

SRC 15, 5725: Wood supply for Bethulie Camp, 24.9.1901.

SRC 17, 8812: Blizzard at Bethulie RC, 11.6.1902.

SRC 17, 6736: Complaints by camp authorities at Bethulie RC, 19.12.1902.

SRC 21, 7943: Increase of cases of whooping cough at Bethulie RC, 2.10.1901.

SRC 21, 2992: Medical stores for Bethulie, 28.6.1901; 10.7.1901; 12.7.1901; 28.7.1901.

SRC 21, 3998: Whooping cough at Bethulie RC, 3.8.1901.

SRC 21, 4418: Dr Wohlers at Bethulie, 20.8.1901.

SRC 21, 7839: Hospital assistants, 1.10.1901.

SRC 21, 7101: Staff at Bethulie RC, 3.10.1901.

SRC 21, 6672: Outbreak of enteric at Bethulie RC, 10.12.1901.

SRC 21, 6987: C.W. Champion, 19.12.1901.

SRC 21, 7191: Scale of rations in the ORC RCs, 16.1.1902.

SRC 21, 8160: Milk needed at refugee camps, 17.4.1902; 31.12.1902.

SRC 21, 9202: Wood and coals supplies to RC, 11.5.1902.

SRC 21, 8305: Milk for refugee camps, 14.5.1902.

SRC 21, 6975: Medical comforts for hospital Bethulie RC, 10.12.1901.

SRC 22, 1309: List of white males in RC, 15.4.1901.

SRC 22, 2122: List of Boer males in various RC, 1.5.1901.

SRC 23, 7839: Bethulie Camp, 13.3.1902.

SRC 26, 2257: Death rate from death reports received, 1.6.1901.

SRC 27, 5505: Disorder at Bethulie RC, 28.1.1902.

SRC 28: Statistics for June 1901, 30.6.1901.

SRC 29, 6993: High Commissioner to Secretary of State, 27.11.1900.

SRC 29: Army Order No 1, 7.3.1901.

SRC 31, 1725: Return of refugee camps, 4.5.1901.

SRC 31, 2085: List of deaths at various RCs, 21.5.1901.

SRC 31, 1725: Total number of refugees in camps, 31.5.1901.

SRC 31, 2085: List of deaths at various RCs, 21.9.1901.

SRC 32, 1646: Deaths in RC, 1.5.1901.

SRC 33, 2104: List of requisitions for Bethulie RC, 25.5.1901.

SRC 35, A295: Appointments at Bethulie RC, 5.11.1901; 8.11.1901; 13.11.1901.

SRC 35, A420: Dismissal of Mr Deare, 9.12.1901.

SRC 35, A420: Mr Deare, 10.12.1901.

SRC 35, A446: Dr Stuart, 24.12.1901.

SRC 35, A620: Departure of Mr Deare, 28.12.1901.

SRC 36: Refugee camp, Bethulie, 31.8.1901; 3.9.1901

SRC 36, 1281: Transit of latrines and shelters for school purposes, 11.4.1901.

SRC 38: Management of Bethulie Camp, tents, 12.4.1901.

SRC 38, A934: Mr Hickley and Mr Wilson, 8.3.1902.

SRC 39, A728: Military Governor's office, Pretoria, 11.1.1902.

SRC 39, 953: Refugees for Springfontein, 1.4.1901.

SRC 39, 1036: Refugees at Bethulie, 3.4.1901.

SRC 39, 1069: Arrival of refugees at Bethulie, 9.4.1901.

SRC 39, 10/10A: Deare and tents arrived, 18.4.1901.

SRC 39, 10/11A: Arrival of more refugees, 21.4.1901.

SRC 39, 940: Transport to refugee camps, 31.3.1901.

SRC 40, A1197: Cole-Bowen, 29.4.1902.

SRC 40, ARC248-642: Medical assistants for Bethulie RC, 25.11.1901.

SRC 40, 1237: Supplies at Bethulie, 16.4.1901.

SRC 40, ARC248-673: Appointments of more medical assistants for Bethulie RC, 29.12.1901.

SRC 41: Tents required for refugee camps, 8.4.1901.

SRC 41: Ordinance Officer and tents for refugee camps, 10.4.1901.

SRC 41, 1206: Report on Edenburg, Springfontein and Bethulie with rough sketch on site for Bethulie Camp, 12.4.1901.

SRC 41, 4544: Exceedingly high death rate at Bethulie RC, 4.9.1901.

SRC 41, 8041: Returns of deaths in RC, 4.4.1902.

SRC 41: Arrival of tents for RC at Port Elizabeth harbour, 20.4.1901.

SRC 41, 4484: High death rate at Bethulie RC, 28.8.1901.

SRC 41, 4588: List of deaths at various RCs in the ORC, 8.9.1901.

SRC 42, A1601: Salary vouchers for Uitenhage RC, 30.6.1902.

SRC 43, A1652: Engine drivers, 29.1.1902.

SRC 43, 26: Urgent need for tents at Bethulie, 4.5.1901.

SRC 43, 3059: Firewood for RC, 11.7.1901.

SRC 43, 3490: Urgent need of tents at Bethulie RC, 21.7.1901.

SRC 46, 7104: Extra refugee camps, 10.1.1902.

SRC 47, 2451: Nurse Warren, 8.3.1903.

SRC 47, A2473: Captain J.R. McPherson, 3.4.1903.

SRC 48: Coast camps, 12.3.1902.

SRC 48: High Commissioner's office – transportation of refugees, 19.11.1901.

SRC 48: High Commissioner's office – rations and comforts for refugees, 1.1.1902.

SRC 48, 2661: Bethulie Camp, 18.1.1902.

SRC 48: Report on Bethulie Camp, 11.2.1902.

SRC 48: High Commissioner's office, 19.11.1901; 23.12.1901.

SRC 48, 531: High Commissioner's office, 1.12.1901.

SRC 48: Transportation arrangements, 7.4.1902.

SRC 48: Undesirable Bethulie refugees to Uitenhage, 8.4.1902.

SRC 48: Arrangements for transportation of refugees, 14.4.1902.

SRC 48: High Commissioner's office – returns for April, 1.5.1902.

SRC 48: Camp at Kabusi, 7.5.1902.

SRC 49, 8232: Report on Kabusi RC, 16.4.1902.

SRC 49, 2749: Tents for Bethulie required urgently, 22.4.1901.

SRC 49, 2751: Tents for Bethulie refugee camp, 23.4.1901.

SRC 49: Map of the Burgher concentration camp at Uitenhage, 28.4.1902.

SRC 49: Camp at Cathcart, 14.6.1902.

SRC 50: Proposed camp at Kabusi, 24.1.1902.

SRC 51: Trucks for Bethulie, 10.5.1902.

SRC 51: Removal of refugees from Bethulie to Kabusi, 21.5.1902.

SRC 51: Beds at Bethulie, 23.5.1902.

SRC 52, 7261: Bore-holes at Bethulie Camp, 22.1.1902.

SRC 52, 7261: Pump and pipes for Bethulie Camp, 27.1.1902.

SRC 52, 5340: Wood for refugee camps, 21.10.1901.

SRC 52, 2752: Tents required for Bethulie, 20.5.1901.

SRC 52, 5190: Tanks needed at all refugee camps in which to boil hospital linen, 28.9.1901.

SRC 54: Frequent desertions from Bethulie RC, 5.3.1902; 8.3.1902; 11.3.1902.

SRC 54, 7106: Escapes from Bethulie RC, 8.1.1902.

SRC 56, 2722: Tents needed at Bethulie, 15.6.1901.

SRC 56, 2726: Tents needed for the Bethulie RC, 30.6.1901.

SRC 56, 8770/1: Camp at Bethulie, 3.6.1901.

SRC 57, 4717: Tents for RC, 10.9.1901.

SRC 57, 6652: Increase of enteric at Bethulie RC, 1.12.1901.

SRC 57, 6672: Outbreak of enteric at Bethulie RC, 10.12.1901.

SRC 57, 6683: Milner regarding Bethulie RC, 11.12.1901.

SRC 58, 8531: Stocks for the supply of meat to RCs, 19.12.1901.

SRC 58, 8495: Supplying meat to the RCs, 10.5.1902.

SRC 59, 2880: Request equipment for 218 POW's at Bethulie, 24.6.1901.

SRC 59, 4065: Tents required at Bethulie, 10.8.1901.

SRC 59, 4556: Tents and dispenser for Bethulie, 14.8.1901.

SRC 64, 7707: Captain Trollope granted four months leave of absence, 11.3.1902.

SRC 64, 7986: Colonel Wilkens taking over from Captain Trollope, 29.3.1902.

SRC 68, 219: New arrivals at Bethulie Camp, 15.11.1901.

SRC 68, 7883: Medical position Bethulie RC, 21.2.1902.

SRC 72, 7124: Statistics on RCs, 24.11.1901.

SRC 72, 7945: Statistics on RCs in the ORC, 5.1.1902.

SRC 73, 1618: Coal for RC, 1.5.1901.

SRC 73, 5044: Boilers needed in refugee camps, 24.9.1901.

SRC 73, 5635: Supply of coal to burgher camps, 25.10.1901.

SRC 74, 75: Bethulie deaths, 1901-1902.

SRC 74: Coetzee-family, 4.9.1901.

SRC 74, A2462: Labour, 21.3.1903.

SRC 81, 7663: Commission on orphans, 24.2.1902.

SRC 82, 1244: Pickering tents, 29.3.1902.

SRC 83, 2692: Truck of coal, 15.6.1901.

SRC 83, 9153: Sports arrangements for Coronation Day, 9.7.1902.

SRC 83: Fuelwood for Bethulie Camp, 21.7.1902.

SRC 99, 6442: Death register – native refugee camp at Edenburg, 1901.

SRC 99, 8788: Returns on inmates and deaths, 10.6.1902.

SRC 99, 8867: Returns on inmates and deaths, 15.6.1902.

SRC 99, 8931: Returns on inmates and deaths, 24.6.1902.

SRC 99, 9071: Returns on inmates and deaths, 14.7.1902.

SRC 99, 9146: Returns on inmates and deaths, 8.7.1902; 16.7.1902.

SRC 99, 8788: Returns on inmates and deaths, 10.6.1902.

SRC 100, 9146: Returns on inmates and deaths, 16.7.1902.

SRC 102, 8885: Gifts received from committee of French Ladies, 20.6.1902; 24.6.1902; 9.7.1902; 6.8.1902.

SRC 103, 8381: Collecting refugee – families in the district, 8.3.1901.

SRC 107, 6959: Vegetables for refugee camps, 31.12.1901.

SRC 108, 6705: Rations issued to Boer refugees, 13.12.1901.

SRC 109: Index to plan of grave-yard refugee camp, Bethulie ORC, 1903.

SRC 109, 6947: Concentration Camps Commission, 23.12.1901.

SRC 129: Register of men who have taken the Oath of Allegiance in the Uitenhage refugee camp, 14.7.1902.

SRC 134, 9107: Repatriation of refugees – rations, 15.7.1902.

SRC 231, 8381: Circular 274 of 9 May 1902, 26.5.1902.

SRC 234, 8433: Compiling form for the Repatriation Board, 14.6.1902.

SRC 256, 8709: Families leaving the refugee camps to return to their farms, 15.7.1902.

SRC 292, 7663: Orphans in the various refugee camps, 27.2.1902.

n. Treasurer General, Administrator of Relief – Bethulie, 1902-1907 (TG-AB)

TG-AB 1: Letterbook of the Springfontein Government Relief Department, 11.10.1902.

TG-AB 2: Bethulie register – Government Relief Department, 3.7.1902-22.3.1907.

TG-AB 2: Government Relief Department – Bethulie, 1903.

TG-AB 3: Day books – Bethulie, 1902-1904.

o. Uitvoerende Raad, OVS (UR)

UR 39: Notulen – Klynveld insake Kimberley aan de Uitvoerende Raad, 9.1.1896.

p. Vrystaatse Volksraad, Sekretaris (VR)

VR 560: Notulen – Klynveld insake die spoorweë in die Vrystaat, 18.5.1896.

VR 1898: Notulen der verrichtingen van den HEd. Volksraad in zijne gewone jaarlijksche zitting, 4.3.1898.

q. Volunteers Repatriation Organisation, ORC (VRO)

VRO 3: Orange River Colony Volunteer Repatriation, 21.1.1903.

VRO 89: Orange River Colony Volunteer Repatriation, 30.12.1902.

1.1.5 Ander Argiewe

a. Anglican Church Records (ACR), St Georges Cathedral, Bloemfontein

Records of burials in the Parish of Bethulie of the St Peter's Church at Bethulie – division of Bloemfontein: Trooper L.G. Ibsen/47, 1.2.1901; Trooper W.C. O'Niell/46, 1.2.1901; Captain G.V.G.F.C. Webster/48, 1.2.1901; Trooper H.F. Sylvester/42, 9.4.1901; Private A.W. Lowe, 13.12.1901; Private A.H. Jenkins, 24.7.1907.

b. Archives New Zealand (ANZ), Wellington

ANZ 60-70: 1st New Zealand Mounted Rifles, 1900.

c. Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje (CNMO), Bloemfontein

CNMO: Meisieskool Oranje notulen 1905-1907.

CNMO: New code of admission register, 1907-1912.

d. Durham County Record Office (DCRO), Durham

DCRO, D/DLI 24/315 (132-136, 139): Bethulie railway bridge, following sabotage by Boers, 6-18.4.1900.

DCRO, D/DLI 24/315 (137, 138): Local men digging a railway at Bethulie bridge, 6-18.4.1900.

DCRO, D/DLI 24/315 (138, 140-141, 143-144): The Durham Light Infantry digging trenches at Bethulie Bridge, 6-18.4.1900.

DCRO, D/DLI 24/315 (149-170): At Bethulie railway bridge, 6-18.4.1900.

e. National Archives of Australia (NAA), Canberra

NAA B4418, 685345: South Australian Mounted Rifles, 1900.

f. Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagargief (SANWA), Irene

SANWA: Medalje-aansoeke deur Bethulie-burgers.

SANWA 170/11/8753: Medalje-aansoek van Pieter Grobbelaar, 12.4.1921.

SANWA 186/11/5723: Medalje-aansoek van Jacobus Hermanus Grobbelaar, 12.9.1921.

SANWA 207/1/4960: Medalje-aansoek van Barend Jacobus Engelbrecht, 10.9.1953.

SANWA 431/1/1706: Medalje-aansoek van Gileam A. Schoombie, 26.11.1941.

SANWA 525/11/8723: Medalje-aansoek van Jacobus Johannes Tromp, 25.2.1924.

g. Transnet Argief: Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS&H), Johannesburg

SAS&H, H-brugargief, Bethulie 3/111: Specifications – Bethulie bridge, 7.11.1912; 11.11.1953.

SAS&H, 19/4/75, Kantoor van die Hoofingenieur: Die Bethulie-brug oor die Oranjerivier, 1.4.1960.

h. Transnet Museum (TM), George

TM, 89 A: Orange River bridge at Bethulie railway crossing, 1896.

TM, 171 A: Orange River bridge at Bethulie, showing low level deviation, 1902.

i. The National Archives (TNA), Kew

TNA, WO, 100/180: Queen's South Africa Medal awarded to Trooper A. Jones – 3219, 15.7.1901; Trooper G. Haye – 3284, 15.7.1901.

TNA, WO, 126/162: Queen's South Africa Medal for the Town Guard at Bethulie during the war, 1901.

TNA, WO, 7747-2008-07-1 (5215): Queen's South Africa Medals awarded to the Bethulie Town Guard, 16.9.1901.

j. Vrystaatse Nederduitse Gereformeerde Kerkargief en Inligtingsentrum (VS NGKAI), Bloemfontein

VS NGKAI, GBT, 1/1/2: Bethulie-kerkregister, 1893-1914.

VS NGKAI: Bethulie-kerkraadsnotules, 30.3.1903-31.10.1910.

VS NGKAI: Brief van Oranje School, 15.5.1906.

VS NGKAI: *De Kerkbode*, 15.5.1902; 19.6.1902; 11.12.1902; 4.6.1903; 23.7.1903; 20.8.1903; 1.2.1906.

VS NGKAI: Oranje-Meisieskool notules, 1905-1907.

1.2 MUSEUMS EN ERFENIS-INSTANSIES

a. Museum Africa (Africana Museum - AM), Johannesburg

Catalogue of pictures, 5: *Frans Oerder - bridge destroyed by the Boers 1900*.

b. Aliwal-Noord Museum (ANM), Aliwal-Noord

6980: Herinneringe en ondervindinge in de jaren 1899-1903 door Simon Johannes du Plooy, Diepfontein, Bethulie, 1955.

c. Erfenisstigting (ES), Pretoria

ES, *Report on the archaeological investigation exhumation and reburial of graves related to the Kabusi Concentration Camp on Erf 531, Stutterheim, Eastern Cape, 2013*.

d. Nasionale Museum (NM), Bloemfontein

NM 3620: Dankdag vir vrede op Bethulie, 8.6.1902.

e. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OM), Bloemfontein

OM 214/8: Ontvangsten en uitgaven van de Oranje Vrijstaat voor het jaar 1899.

OM 342/2: Royal Engineers Institute: Railways in South Africa, 1899-1902.

OM 1738/1: *De Express* plakboek – De Vrijstater te velde.

OM 3145/2: Herinneringe van P.J. Fourie - Bethulie-konsentrasiekamp.

OM 3153/5: Informatie Commissie, 1899.

OM 3301/1: Verkyker, 4.5.1946.

OM 3414: List of Burghers who have surrendered their arms, Bethulie, 6.1900.

OM 3428/8: Commandeerlyst van Bethulie, 30.6.1900.

OM 3730/5(a): Aanstellingsbrief van dr. Werdmuller, 1899.

OM 3730/5(b): Herinnering van dr. Werdmuller, 27.9.1920.

OM 3730/128: Herinneringe van 'n ou medikus – dr. Werdmuller, 1940.

OM 4219/172: Herinneringe van M.J.B. Kruger, 1904.

OM 4488/1: Oorlogsdagboek, 17.11.1899.

OM 4886/16: *Report on the concentration camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War – containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony, and the Transvaal.*

OM 4899/419: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 1.

OM 4899/420: *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902*, vol. 2.

OM 4899/625: *Papers relating to the working of the refugee camps in South Africa*, 31.10.1901.

OM 4899/625: *Further papers on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal* (Cd. 853), Desember 1901.

OM 4899/628: *Reports on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, 31.12.1901.

OM 4899/1512: Letters from Private G. Hawken 6146, 2nd D.C.L.I., 13.4.1900; 4.5.1900; 18.5.1900; koerantknipsel 8.4.1927.

OM 5000/500: Lyst van artilleristen, 13.10.1899.

OM 5126/18: *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902.*

OM 5371/1: Gegewens uit die Boereoorlog deur D.M de Wet, 1910.

OM 5375/1: Gegewens uit die Boereoorlog van mev. D. Kotze.

OM 5417/1: My herinneringe aan die Bethulie-konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 – Anna Catharina Elizabeth Breedt (gebore Simkin), 10.10.1966.

OM 5710/1: *Military notes on the Dutch republics of South Africa.*

OM 5786/1: Diary of Lance Corporal Luke Gormley, 1900-1902.

OM 5890/70: Van Schoor-versameling – Hendrik Petrus Hermanus van Vrede, die held van Vrede, 1978.

OM 5890/70: Van Schoor-versameling – herinneringe van Bethulie-kampkinders: E.M. Venter, 17.12.1981.

OM 6028/1(a): *Papers on the working of the refugee camps in South Africa*, 6.9.1901.

OM 6028/1(b): *Papers on the working of the refugee camps in South Africa*, 17.2.1902.

OM 6455/1: Dagboek van Susara Johanna Roos.

OM 6546/1: Grave Trust Fund, 5.10.1905; 27.5.1919.

OM 6913/1: Uitenhage konsentrasiekamp.

OM 7194/108: *Reports on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal*, 31.10.1901.

OM 7194/148: Herinneringe van ds. Becker, 1, 1908.

OM 7194/149: Herinneringe van ds. Becker, 2, 1908.

OM 7194/151-153: Graves Epitah 1 en 2.

OM 42199/4: Dagboek van 'n onbekende artilleris, 17.4.1900-1.2.1902.

OM Databasis: Gesneuwelde Britse offisiere.

OM Databasis: Krygsgevangenes.

f. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke (OM, Kopie-argief), Bloemfontein

Groep B: Essex Volunteer Brigade, 1901.

Groep B: South Wales Borderers, 11.1900.

Groep B: Special Service Officers.

Groep C: Cole-Bowen family.

Groep C: Duke of Cornwall's Light Infantry – Private J.G. Friday, 13.4.1900.

Groep D: Herinneringe van Gert Johannes de Jager van Glassford, Bethulie, 1921.

Groep E: Records of engineer works done during the war – C.R.E. Army 8773, 11.6.1902.

Groep E: Work done by the Seventh Field Company Royal Engineers from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

Groep H: List of Farmers and others in the Colony of the Cape of Good Hope who had been absent from their farms during a portion, or the whole of the war and who are suspected of having joined the enemy – Intelligence Department, 1901.

Groep I: Imperial Yeomanry, 11.12.1900.

Groep I: “Militair Tijdschrift no 4”, *De Ingenieur*, 14-21 Julie 1900.

Groep K: Court-martial of Kritzinger.

Groep M: The Second Anglo-Boer War Military Intelligence.

Groep M: Herinneringe van Dennis McDonald.

Groep M: Herinneringe van W.H. Muller van die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902.

Groep M: Magisterial reports III, Albert Division.

Groep O: SA Field Force – list of casualties, March 1900 - July 1900.

Groep P: The suppression and punishment of certain offences, 1902.

Groep S: Brief deur burger Willem Jacobus Snyman vanaf Stormberg, 8.12.1899.

Groep S: Ongedateerde berig uit *The Graphic* insake 'n gedenksteen by Stormberg.

Groep S: Trooper T. Blake, 12.8.1901.

Groep V: Herinneringe van Susanna Venter.

Groep W: Captain Josia Wedgwood, 1943.

Lys van Britse sterftes 1899-1902.

Lys van burgersterftes 1899-1902: Belsazar Johannes Bester – 31.3.1900; Gerhardus Hubertus Goosen – 31.3.1900; Thomas Heyns – 31.3.1900; Johannes J.

van den Berg – 1.4.1900; Jozephus Johannes du Plessis – 4.4.1900; Burger A. Michiel Heyns – 4.4.1900; C.T. Nezar – 4.4.1900; Andries B.J. Kruger – 28.4.1900; Albertus Jacobus Badenhorst – 29.4.1900; F.J. du Plooy – 10.5.1900; Jan Jacobus Brooks – 20.5.1900; Christiaan P. Naude – 20.5.1900; Hamilton M. Wessels – 7.7.1900; F. Brits – 8.7.1900; A. Uys – 18.7.1900; Pieter C. de Jager – 23.7.1900; A.J. Rautenbach – 23.7.1900; Adriaan J. de Lange – 24.7.1900; A.N. Rautenbach – 25.7.1900; P.A. Olivier – 27.7.1900; Jan Godfrey Bonthuys – 30.7.1900.

1.3 PRIVAAT VERSAMELINGS

a. Du Plooy, S. – begraafplaasregister

Bethulie-begraafplaasregister: Trooper P. McGerty – 3460, 28.1.1901.

Bethulie-begraafplaasregister: Trooper J. Golden – 3600, 4.6.1900.

Bethulie-begraafplaasregister: Sergeant J. White – 5040, 4.10.1900.

Bethulie-begraafplaasregister: Trooper A.J.G. Cartwright – 6141, 19.2.1901.

b. Hocking, A. – koerantknipselboek

Aberdeen Journal, 20.3.1900.

Adelaide Advertiser, 12.4.1902.

Barry Dock News, 1.1.1904.

The Cardiff Times, 28.10.1899; 25.5.1901; 11.9.1901.

Carnarvon and Denbigh Herald, 23.11.1900.

The Chester Courant and Advertiser for North Wales, 17.10.1900; 6.12.1900; 25.1.1902; 14.5.1902.

County Observer and Monmouthshire Central Advertiser, 7.7.1900; 25.5.1901.

Derby Daily Telegraph, 1.4.1901.

Dundee Evening Telegraph, 17.1.1902.

Evening Express, 14.10.1899; 16.10.1899; 21.10.1899; 28.4.1900; 9.5.1900; 1.12.1900; 5.12.1900; 10.12.1900; 24.12.1900.

Evening News (Sydney NSW), 14.5.1900; 20.4.1901.

Evening Telegraph, 3.6.1901; 21.4.1902; 27.4.1902; 7.5.1902; 13.5.1902; 16.5.1902; 19.5.1902; 23.5.1902; 29.5.1902; 3.6.1902; 8.6.1902; 3.7.1902; 7.7.1902; 15.7.1902; 22.7.1902.

Haverfordwest and Milford Haven Telegraph, 21.11.1900.

Manawatu Standard, 30.4.1900.

Press Associated War Special, 27.5.1900.

Rock Island Argus, 12.10.1900.

The Sheffield Evening Telegraph, 12.10.1900.

Sheffield Independent, 11.4.1900.

The South Wales Daily News, 20.10.1899; 3.11.1899; 19.3.1900; 22.3.1900; 24.3.1900; 11.4.1900; 26.11.1900.

The South Wales Daily Post, 4.11.1899; 6.11.1900.

Sussex Agricultural Express, 14.4.1900.

Towyn-on-Sea and Merioneth County Times, 6.12.1900; 17.1.1901.

Walsall Advertiser, 20.4.1901.

The Western Mail, 14.12.1900.

Western Times, 25.10.1899.

Winsor and Richmond Gazette, 28.4.1900.

c. Kotze, J. – dagboek

Banneling Du Plooy – dagboek van 'n Boeresoldaat 1899-1902, 19.3.1900; 7.6.1900; 29-30.7.1900; 6.8.1900.

d. Loock, J. – verslae

Begroting van ontvangsten en uitgaven van den Oranje-Vrijstaat voor 1899.

Reports of the Commissioner of Police – King William's Town for the year 1900-1901.

e. Moolman, N. – ongeïdentifiseerde koerantknipsels

Opening of Bethulie Bridge, 9.2.1894.

- Bethulie-Stormberg blockhouse intervals, 30.10.1901.
- f. Reynolds, C. – sterfteregister**
- Bethulie-sterftelys, 2013.
- g. Van Dyk, A. – dagboek, koerantknipselboek en ongeïdentifiseerde koerantknipsel**
- Popham scrapbook on the Bethulie bridge, 1900.
- Staff diary of Sir W. Gatacre, 3 Div. South Africa, 11.12.1899; 15.12.1899; 18.12.1899; 30.11.1899-3.4.1900.
- Ongeïdentifiseerde koerantknipsel insake artilleris Lemuel Batten van die 5th Field Battery van die Royal Artillery.
- h. Van Heyningen, E. – sterfteregister**
- Bethulie-sterftelys, 2016.
- i. Van Zyl, J.J.R. – datalyste, dokumentasie en e-posse**
- Akte van die plaas Sandfontein, 1893.
- Bethulie landbou-prestasies die afgelope 50 jaar, 1956.
- Bethulie munisipale kaart, 1971.
- Brief van J. Venter aan sy ouers insake Bethulie bekendes tydens die Afrikanerbond se kongres op Burgersdorp, 5.4.1896.
- Databasisse: Bethulie-burgerlys; Britse-ongevale by Bethulie; Joiners; Krygsgevangenes; South African Constabulary; Bethulie Town Guard; Aliwal-Noord-, Bethulie-, Bloemfontein-, Norvalspont- en Springfontein-konsentrasiekampe.
- E-posse: J. Mostert – J.J.R. van Zyl, 28.4.2019; A.O. Odendaal – J.J.R. van Zyl, 10.9.2015; SA Weather Service – J.J.R. van Zyl, 17.2.2016; P. van der Westhuizen – J.J.R. van Zyl, 3.5.2019.
- j. Woodruff, R. – skets**
- Sketch by J.H. Venter of the action at the Bethulie bridge, 1900.

2. STAATSPUBLIKASIES

2.1 Gouvernements Courant

Gouvernements Courant, 19.8.1896; 23.9.1897; 29.4.1898; 19.8.1898; 13.10.1899; 20.10.1899; 27.10.1899; 2.11.1899; 3.11.1899; 10.11.1899; 17.11.1899; 24.11.1899; 19.1.1900.

2.2 Government Gazette

Government Gazette, 2.5.1900; 29.6.1900; 16.7.1900; 9.9.1900; 19.10.1900; 10.1.1901; 25.1.1901; 8.2.1901; 22.3.1901; 29.3.1901; 5.4.1901; 9.8.1901; 12.9.1901; 27.9.1901; 13.12.1901; 17.1.1902; 30.1.1902; 31.1.1902; 21.2.1902; 4.4.1902; 16.5.1902; 13.6.1902; 20.6.1902; 11.7.1902; 4.7.1902; 14.7.1902; 21.7.1902; 8.8.1902; 16.8.1902; 22.8.1902; 19.9.1902; 26.9.1902; 6.11.1902; 19.11.1902; 21.11.1902; 27.11.1902; 5.12.1902; 30.1.1903; 13.2.1903; 16.2.1903; 20.2.1903; 21.2.1903; 6.3.1903; 17.4.1903; 1.5.1903; 4.5.1903; 13.5.1903; 17.5.1903; 12.6.1903; 19.6.1903; 17.7.1903; 4.1903-4.1904; 13.6.1904; 19.6.1905; 6.7.1905; 18.8.1905; 27.10.1905; 7.11.1905; 24.11.1905; 8.12.1905; 4.8.1906; 2.11.1906; 16.11.1906; 18.1.1907; 28.1.1907; 1.2.1907; 15.2.1907; 8.3.1907; 15.3.1907; 26.4.1907; 26.5.1907; 30.8.1907; 2.9.1907; 29.11.1907.

2.3 Jaarboeke

Anon. *Donaldson and Hill's OFS directory 1899-1900*. S.I.: Geen uitgewer aangedui nie, 1899-1900.

Anon. *Het Zuid-Afrikaansche jaarboek en algemeene gids*, 1909.

Orange River Colony General Agency, *Lockhead's directory of the Orange River Colony*. Bloemfontein: Argus Printing, 1904.

2.4 Oranje-boeke (OR)

OR OVS: Wetboek 1854-1890.

OR 41-42: *OVS Wetboek 1854-1884*.

OR 45: Concep wetten 1899.

OR 45: *OVS Wetboek 1854-1899*.

OR 45: Wetten 1896.

OR 51, 21a: Statistiek van inwoners geregistreerd in dezen Staat 1896-1899.

OR 51, 21b: Statistiek van sterfgevallen geregistreerd in dezen Staat 1896-1899.

OR 62: Opgaaf van postvervoer, 1.1.1899.

OR 82-83: Lijst van stemgerechtigde burgers voor het district Bethulie voor het jaar 1899.

2.5 Verslae

Altham, E.A. *Reconnaissance reports on lines of advance through the Orange Free State: Part 1*. Intelligence Division, War Office, 1897.

Cd. 1789: *Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa*. Londen, 1903.

B. SEKONDÊRE BRONNE

1. BOEKE

Alberts, P. (red.). *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Brandfort: Kraal Uitgewers, 2005.

Amery, L.S. (red.). *The Times history of the war in South Africa 1899-1902 1-7*. Londen: Sampson Low, Marston & Company, 1900-1909.

Beak, G.B. *The aftermath of war: An account of the repatriation of Boers and natives in the Orange River Colony 1902-1904*. Londen: Edward Arnold, 1906.

Bester, R. *Small arms of the Anglo-Boer War 1899-1902: A comprehensive study of all rifles, carbines, handguns and edged weapons used by the opposing forces during the conflict*. Brandfort: Kraal Uitgewers, 2003.

Bethell, E.H. *The blockhouse system in the South African War 12*. S.l.: Geen uitgewer aangedui nie, 1904.

Blake, A. *Boereverraaiers: Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2010.

Bosman, C. *Slaan en vlug*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1946.

Breytenbach, J.H. *Die geskiedenis van die Tweede-Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902* 1-5. Pretoria: Staatsdrukker, 1969-1983.

Briggs, E.C. *The staff work of the Anglo-Boer War 1899-1901: Embodying some of the war letters sent to the 'Morning Post' from South Africa*. Londen: Grant Richards, 1901.

Brits, E. *Emily Hobhouse, beloved traitor*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2016.

Brown, H. *War with the Boers: An account of the past and present troubles with the South African Republics* 1-5. Londen: H. Virtue & Company, 1902.

Chamberlain, W.M. *The Australians in the South African War 1899-1902*. S.l: Max Chamberlain, 1999.

Collins, W.W. *Free Statia: Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State*. Kaapstad: C. Struik, 1965.

Constantine, R. et al. (red.). *Gedenkuitgawe 2: Wedervaringe van kinders gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2015.

Constantine, R. et al. (red.). *Soldiers of the Queen on the South African veld 1899-1902*, Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2017.

Cory, G.E. *The rise of South Africa 1838-1846* 4. Kaapstad: Struik, 1965.

Creswicke, L. *South Africa and the Transvaal War* 1-7. Edinburgh: T.C. & E.C. Jack, 1900.

Danes, R. *Cassell's (illustrated) history of the Boer War 1899-1901* 1-2. Londen: Cassell & Company Limited, 1901.

Davenport, T.R.H. *South Africa: A modern history* (4de uitgawe). Londen: Macmillan Academic and Professional Limited, 1991.

Davey, A.M. *Town Guards of the Cape Peninsula, 1901-1902*. Kaapstad: Castle Military Museum, 1999.

Davitt, M. *The Boer fight for freedom*. New York: Funk & Wagnalls Company, 1902.

De Jong, R.C., et al. *The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*. Pretoria: Chris van Rensburg Publikasies, 1988.

De Klerk, M. *Bethulie, sy geboue, sy mense*. Bethulie: Munisipaliteit van Bethulie, 1978.

De Kock, W.J. (red.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek 1* (2de uitgawe). Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1976.

De la Harp, W.H. *Fouriesburg en die Brandwaterkom gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. S.l. s.a.

De Swardt, B. *963 Days at the junction: A documented history of Springfontein during the Anglo-Boer War 1899-1902*. Springfontein: S.J. de Swardt (privaat uitgewer), 2010.

De Wet, C.R. *Three years war*. Johannesburg: Hans Strydom Uitgewers (Scripta Africana), 1985.

De Wet, C.R. *De strijd tusschen Boer en Brit*. Amsterdam: Höveker & Wormser, 1902.

De Wet, C.R. *Die stryd tussen Boer en Brit*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1959.

Doyle, A.C. *The great Boer War*. Londen: George Bell & Sons, 1900.

Du Cane, H. *The war in South Africa: The advance to Pretoria after Paardeberg, the upper Tugela campaign, etc.* Londen: John Murray, 1906.

Du Moulin, L.E. *Two years on trek: Being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*. Londen: Murray & Company, 1907.

Farwell, B. *The great Boer War*. S.l.: Harper & Row Publishers Incorporated, 1976.

- Ferreira, I.L. *’n Baken vir Bethulie*. Bloemfontein: N.G. Sendingpers, 1988.
- Ferreira, O.J.O. *Viva os Boers*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2000.
- Gatacre, B.W.D. *General Gatacre: The story of the life and services of Sir William Forbes Gatacre, K.C.B., D.S.O., 1843-1906*. Londen: John Murray, 1910.
- Grehan J. en M. Mace. *The Boer War, 1899-1902: Ladysmith, Magersfontein, Spion Kop, Kimberley and Mafeking*. Barnsley, South Yorkshire: Pen & Sword Military, 2014.
- Grierson, J.M. *Scarlet into khaki: The British Army on the eve of the Boer War*. Londen: Greenhill Books, 1988.
- Griesel, A.J. *’n Oudstryder kyk terug*. Bloemfontein: Nasionale Gereformeerde Sendingpers, s.a.
- Grundlingh, A.M. *Die hendsoppers en joiners: Die rasionaal van verraad*. Pretoria: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij (HAUM), 1979.
- Hamman, K. *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*. Bloemfontein: N.G. Sendingpers, 1965.
- Hattingh J. en A. Wessels. *Britse fortifikasies in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1997.
- Headlam, C. (red.). *The Milner Papers 1897-1905* 1-2. Londen: Cassell & Company, 1931-1933.
- Hobhouse Balme, J. *To love one’s enemies: The work and life of Emily Hobhouse compiled from letters and writings, newspaper cuttings and official documents*. S.l.: Coble Hill, 1994.
- Hobhouse, E. *The brunt of the war and where it fell*. Londen: Methuen & Company, 1902.
- Hole, H.M. *The Jameson Raid*. Bulawayo: Books of Rhodesia, 1973.

Jacobs, D.J.J. “Landbou en veeteelt in die Oranje-Vrystaat 1864-1888”, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 1(32), 1969.

Jones, H.M. en M.G.M. Jones. *A gazetteer of the Second Anglo-Boer War 1899-1902*. S.l.: Military Press, 1999.

Jordaan, G. *Hoe zij stierven. Mededelingen aangaande het einde dergenen aan wie gedurende den laasten oorlog, in de Kaap-Kolonie het doodvonnis voltrokken is*. Kaapstad: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij (HAUM), 1917.

Kessler, S. *The black concentration camps of the Anglo-Boer War 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 2012.

Kestell, J.D. *Christiaan de Wet: 'n Lewensbeskrywing*. Kaapstad: De Nationale Pers Beperkt, 1920.

Krüger D.W. en C.J. Beyers (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek 3*. Kaapstad: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972.

Kruger, R. *Good-bye Dolly Gray: The story of the Boer War*. Londen: Cassell & Company, 1959.

Malan, J. *Die Boereoffisiere 1899-1902*. Pretoria: J.P. van der Walt, 1990.

Malan, S.F. *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*. Durban: Butterworth, 1982.

Maurice, J.F. (red.). *History of the war in South Africa 1899-1902* 1-4. Londen: Hurst and Blanckett Limited, 1906-1910.

McDonald, R.D. *'n Terugblik op my oorlogsjare*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1995.

McDonald, R.D. *In die skaduwee van die dood*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1943.

Meintjes, J. *Molteno, dorp van drome: Molteno 1874-1974*. S.l: Munisipaliteit Molteno, 1974.

Meintjes, J. *Stormberg: A lost opportunity*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk, 1969.

Neethling, H.L. *Vergeten: Mijn ondervinding in het martelkamp te Bethulie*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1917.

Oberholster, A.G. (red.). *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers 1899-1902*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1978.

Olivier, B. *So onthou ons die oewerbewoners van Ou Grootrivier*. Bloemfontein: N.G. Sendingpers, 1973.

Oosthuizen, A. *'n Republiek vir die Stormberge 1899-1902*. Aliwal-Noord: A.V. Oosthuizen in samewerking met die Aliwal-Noord Museum, s.a.

Otto, J.C. *Die konsentrasiekampe*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1954.

Pakenham, T. *The Boer War*. Londen: Weidenfeld & Nicolson Beperk, 1979.

Panhuisen, L. *Ontdekkingsreisiger of soldaat? Die verkenningstogte van Robert Jacob Gordon (1743-1795) in Suider-Afrika* (vertaal deur W. van Zyl). Kaapstad: Africana Uitgewers, 2015.

Pellissier, S.H. *Eeufeesalbum / Centenary album Bethulie 1863-1963*. Bloemfontein: Sentrale Pers, 1963.

Pellissier, S.H. *Jean Pierre Pellissier van Bethulie*. Pretoria: J.L. van Schaik Beperk, 1956.

Pelser, A.Z. et al. *Eeufees-gedenkboek van die Gereformeerde Kerk Bethulie 1863-1963*. Bethulie: Uitgegee in opdrag van die eerwaarde Kerkraad (uitgewer onbekend), 1963.

Penning, L. *De oorlog in Zuid-Afrika: De strijd tusschen Engeland en de verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje Vrijstaat in zijn verloop geschets 1-3*. Rotterdam: DA Daamen, 1899.

Ploeger, J. *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902 1-5*. Pretoria: Staatsargiefdiens, 1990.

Postma, M.M. *Stemme uit die verlede: 'n Verklaring van beëdigde verklarings van vroue wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in konsentrasiekampe verkeer het*. Johannesburg: Voortrekkerpers, 1939.

Pretorius, F. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1999.

Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 2012.

Pretorius, F. (red.). *Scorched earth*. Kaapstad: Human & Rousseau, 2001.

Prinsloo, A. *Die geskiedenis van Smithfield en Caledonrivierdistrik 1819-1952*. Bloemfontein: N.G. Sendingpers, 1955.

Raath, A.W.G. *Die konsentrasiekamp-gedenkreëks 1: Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1991.

Rabie-Van der Merwe, H. *Onthou! In die skaduwee van die galg*. Bloemfontein: Nasionale Pers Beperk, 1940.

Reitz, D. *Commando: A Boer journal of the Boer War*. Londen: Faber & Faber Beperk, 1929.

Schoeman, K. *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1980.

Schoeman, K. *Early white travellers in the Transgariep 1819-1840*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2003.

Schoeman, K. (red.). *Die herinneringe van J.C. de Waal*. Vrijstatia-reeks Nr. 7. Kaapstad: Human & Rousseau, 1986.

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1881-1899* 4. Johannesburg: Perskor, 1977.

Scholtz, L. *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*. Pretoria: Protea Boekhuis, 2003.

Scholtz, L. *Waarom die Boere die oorlog verloor het*. Pretoria: Protea Boekhuis, 1999.

Slocum, S.L.H. en C. Reichmann. *Boer War operations in South Africa 1899-1901: Extracts from the reports of S.L.H. Slocum and C. Reichmann*. Melville: Scripta Africana, 1988.

Stirling, J. *The colonials in South Africa 1899-1902: Their record, based on the despatches*. Edinburgh: Blackwood, 1907.

Strydom, C.J.S. *Kaapland en die Tweede-Vryheidsoorlog*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk, 1943.

Swinton, E.D. *Over my shoulder*. Oxford: George Ronald, 1951.

Thurngood, T. *A fist of steel: The life and times of Sydney Edward Holm in the Orange Free State 1878-1944*. Cardiff: Ted Thurgood (privaat uitgewer), s.a.

Tylden, G. *The armed forces of South Africa: With an appendix on the commandos*. Johannesburg: City of Johannesburg Africana Museum Frank Connock Publication No. 2, 1954.

Van Heyningen, E. *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*. Johannesburg: Jacana Media (Edms.) Beperk, 2013.

Van Oudshoorn, F.P. *Gids tot grasse van Suid-Afrika*. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkers, 1991.

Van Reenen, R. (red.). *Emily Hobhouse: Boer War letters*. Kaapstad: Human & Rousseau, 1984.

Van Rensburg, A.P.J. "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1907", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 30(2), 1967. Pretoria: Staatsdrukker, 1967.

Van Schoor, M.C.E. "Gen. J.B.M. Hertzog's war experiences", *Christiaan de Wet-annale* 10. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1972.

Van Schoor, M.C.E. *Die bittereinde vrede*. Brandfort: Kraal Uitgewers, 2007.

Van Zyl, P.H.S. *Die helde-album: Verhaal en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd*. Johannesburg: Die Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1944.

Van Zyl, P.H.S. *Waar en trou*. Johannesburg: Die Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1948.

Venter, T. *Bethulie en die Anglo-Boereoorlog*. Bethulie: T. Venter (privaat uitgewer), 2011.

Venter, T. *Bethulie ... onvoltooid*. Bethulie: T. Venter (privaat uitgewer), 2018.

Walker, S. *A history of Royal Engineer operations in South-Africa 1899-1902*. S.I, S.A.

Waters, W.H.H. *The war in South Africa: Prepared in the historical section of the great general staff, Berlin*. Londen: Murray, 1904.

Watt, S. *In memoriam: Roll of honour Imperial Forces, Anglo-Boer War 1899-1902*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, 2000.

Wessels, A. *The Anglo-Boer War 1899-1902: White man's war, black man's war, traumatic war*. Bloemfontein: Sun Media, 2011.

Wessels, A. et al. (reds.). *Egodokumente: Persoonlike ervarings uit die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1993.

Wessels, E. *Veldslae: Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Pretoria: Lapa Uitgewers, 2002.

Wetton, T.C. *With Rundle's Eighth Division in South Africa: Being a volunteer's experience with the division, 1900-1902*. Londen: Ye Olde St. Bride's Presse, 1902.

Wilson, H.W. *After Pretoria: The guerilla war 1*. Londen: The Amalgamated Press Limited, 1902.

Worsfold, W.B. *Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the Peace of Vereeniging in 1902*. Londen: Murray, 1906.

2. TYDSKRIFARTIKELS

2.1 Akademiese artikels

Boje, J. en F. Pretorius. "Black resistance in the Orange Free State during the Anglo-Boer War", *Historia* 58(1), Mei 2013, pp. 1-17.

Britz, D. "The life and times of Christoph Sandrock, missionary of the Berlin Mission Society during the Anglo-Boer War (1899-1902) at Springfontein, South-Africa", *Studia Historiae Ecclesiasticae* 38(2), Desember 2012, pp. 1-13.

De Bruin, J. en A. Wessels. "Die oorlogsherinneringe van P.H. Roux: Verontskuldiging of 'n juiste verklaring van die oorgawe in Julie 1900?", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(1), April 2015, pp. 1-35.

De Bruin, J., *et al.* "The Orange Free State's strategy to continue the Anglo-Boer War in July 1900: A lost opportunity?", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(2), September 2011, pp. 112-134.

Keegan, T. "Dispossession and accumulation in the South African interior: The Boers and the Tlhaping of Bethulie, 1833-1861", *The Journal of African History* 28(2), 1987, pp. 191-207.

Le Roux, C.J.P. "Die debat rondom die politiek-grondwetlike posisie van die gekleurdes in die Oranjerivierkolonie 1900-1910", *Historia* 32(2), September 1987, pp. 76-88.

Le Roux, C.J.P. "Die plakkersvraagstuk in die Oranjerivierkolonie 1901-1910", *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 18, November 1986, pp. 169-189.

Le Roux, C.J.P. "Die politieke verteenwoordiging van swart organisasies in die Oranjerivierkolonie, 1900-1910", *Historia* 29(2), September 1981, pp. 36-45.

Le Roux, C.J.P. "Die South African Constabulary in die Oranjerivierkolonie, 1900-1908", *Historia* 37(1), Mei 1992, pp. 44-54.

Miller, S.M. en J. Miller. “Moral and legal prohibitions against pillage in the context of the 1899 Hague Convention and the South African War”, *War in History* 26(2), 2018, pp. 185-203.

Pretorius, F. “’n Buitengewone dokument uit die Anglo-Boereoorlog – die besoekersboek van die Transvaal Hotel in Pretoria”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 27(1), Junie 2013, pp. 89-113.

Pretorius, F. “Die daaglikse verpligtinge in die laer op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 5(2), April 1990, pp. 51-58.

Pretorius, F. “The Second Anglo-Boer War: An overview”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 30(2), 2000, pp. 111-125.

Scholtz, L. en I. Scholtz. “Die Britse imperialisme, die Anglo-Boereoorlog en die ontstaan van apartheid”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 137-166.

Van Aswegen, H.J. “Die verstedeliking van die nie-blanke in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 2, November 1970, pp. 19-37.

Van Aswegen, H.J. “Die posisie van die nie-blankes in die Oranje-Vrystaat, 1854-1899”, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal* 5, November 1973, pp. 41-60.

Vincent, C.E.H. “The situation in South Africa: The blockhouse system”, *Journal of the Royal United Services Institution* 46(288), Februarie 1902, pp. 153-173.

Wessels, A. “An assessment of the British military strategy during the Anglo-Boer War up to ‘Black Week’, December 1899”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(2), Mei 2002, pp. 1-21.

Wessels, A. “Die Britse militêre strategie vir oorlog in Suid-Afrika, 1899”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 36(2), September 2011, pp. 1-24.

Wilcox, C. “Australia’s South African war 1899-1902”, *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 30(1), 2000, pp. 1-12.

2.2 Ander artikels

Anon. "The completed blockhouse lines in South Africa", *Royal Engineers Journal* 31(365), April 1901, pp. 65-66.

Anon. "The Electric Light Section of the Electrical Engineer Corps", *Royal Engineers Journal* 31(361), 1900, pp. 246-248.

Black and White Budget 2(15), 10.2.1900, p. 4; 2(22), 10.3.1900, p. 3; 3(27), 14.4.1900, p. 39.

De Fakkel, 16.4.1903, p.10; 24.12.1903, p. 512; 28.4.1904, p. 27; 5.1.1905, p. 7; 8.2.1905, p. 18.

De Jong, C. "Die blanke Boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (1): Theodor Sandrock, 1882-1953", *Pretoriana: Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria* 93, April 1988, pp. 53-65.

De Jong, C. "Die blanke Boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (2)", *Pretoriana: Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria* 94, November 1988, pp. 68-80.

De Jong, R.C. "Vondsten uit het NZAV-archief – spoorbrug half vijf gesprongen", *Zuid-Afrika*, November-Desember 1983, pp. 154-155.

Gomm, N. "The Commando Act of the Orange Free State Republic", *Krygshistoriese Tydskrif* 1(5), Desember 1969, pp. 30-33.

Hagen, H.S. "The railway crossings of the Orange River at Bethulie", *South African National Railway and Steam Museum Courier (SANRASM)* 3(116), 2003, pp. 11-12.

De Huisgenoot, 12.6.1919, pp. 53-54.

Ploeger, J. "Die stigting en werksaamhede van die 'Nederlandsche Bijstandfonds voor Zuid-Afrika' 1900-1903", *Militaria, Militêr-Historiese Tydskrif van die SAW* 23(1), 1993, pp. 35-46.

Supplement to The Graphic, 19.5.1900, p. 170.

3. KOERANTE

Bloemfontein Post, 12.10.1901.

Cape Times, 3.10.1899; 27.10.1899; 8.11.1899; 13.11.1899; 15.11.1899; 3.12.1899.

Cape Times Weekly Edition, 25.3.1900; 4.4.1900; 15.8.1900; 21.11.1900; 9.1.1901; 26.6.1901; 6.9.1901; 18.9.1901.

De Express, 10.2.1893; 17.1.1896; 6.3.1896.

Evening Express, 20.11.1899; 21.11.1899.

The Friend, 17.5.1866; 30.10.1899; 24.1.1903; 30.4.1903; 24.1.1904.

Londen Gazette, 16.4.1901.

St James Gazette, 2.11.1901.

The Sunday Times, Sri Lanka, 26.10.2014.

Volksblad, 24.8.1999; 30.10.2013; 9.1.2015.

4. NUUSBRIEWE

Bethulie Nuusbrief, 18.11.1977; 2.12.1977; 13.1.1978; 7.4.1978; 15.5.1978; 19.5.1978; 2.6.1978; 16.6.1978; 30.6.1978; 4.5.1979; 19.8.1979; 12.8.1988; 14.10.1988.

Marble Koerier, 14.8.1981; 9.9.1981; 8.10.1981; 2.12.1981; 5.1.1982; 9.2.1982; 7.3.1982.

5. SKRIPSIES, VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

Boje, J.G. *Winburg's war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2009.

Botha, C.J.F. *Die krygsoptrede van Boer en Brit in Noordoos-Kaapland gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

De Bruin, J.H. *’n Regshistoriese studie van die finale oorgawe van die Oranje-Vrystaatse konvensionele magte gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)*. LL.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2009.

Delport, P.J. *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1972.

Grobbelaar, P.M. *Die vroeë geslagte Grobbelaars van Cyferfontein, distrik Bethulie in die Suidoos-Vrystaat 1861-1939*. Ph.D.-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, 2008.

Kruger, C.J.H. *Militêre bewind in die Oranje-Vrystaat, Maart 1900 - Januarie 1901*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1958.

Laufs, D. *Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp, K.P. en die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902*. M.A.-verhandeling, Potchefstroom Universiteit van die Christelike Hoër Onderwys, 1982.

Pretorius, F. *Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1975.

Van der Merwe, G.A. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1988.

Van Rensburg, S.M. *Die ontstaan en ontwikkeling van die Oranje-Vrouevereniging as vereniging vir maatskaplike werk*. M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1969.

Walters, D.E. *Wagon bridges of the Eastern Cape, c. 1840-1900: The contribution of engineering to infrastructural development*. D.Phil.-proefskrif, Rhodes Universiteit, 2018.

Wessels, A. *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*. D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986.

6. REFERATE

Britz, D. “The life and times of the Rev. Christoph Sandrock during the Anglo-Boer War at Springfontein (1899-1903)”. Referaat aangebied by die konferensie oor Christelike Sendings in die 19de en 20ste eeu Suider-Afrika en in vergelykende perspektief, Rhodes Universiteit in samewerking met die Berliner Gesellschaft für Missionsgeschichte 5, Grahamstad, 9-11 Julie 2007.

7. ELEKTRONIESE BRONNE

Yale Law School. “Laws of War: Laws and Customs of War on Land (Hague II) – July 29, 1899”, <https://avalon.law.yale.edu/19th_century/hague02.asp>, 2008 (geraadpleeg 14.8.2019).